Die professionalisering van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere: 'n vergelykende studie

Althéa Kotze

Die professionalisering van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere: 'n vergelykende studie

Althéa Kotze

BA • BA Hons • MA Afrikaans en Nederlands •
MA Toegepaste Linguistiek • NGOS

Proefskrif voorgelê vir die graad *Philosophiae Doctor* in Afrikaans en Nederlands aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleiers:	Professor Bertus van Rooy
	Professor W.A.M. Carstens
Medeleier:	Professor Kris van de Poel
Hulpleier:	Professor Johan Saayman

20 Julie 2012

I do also ingenuously confess, that in attempting this history ... I have undertaken a task much too great for my abilities the extent of which I did not so well perceive at first; but though it is not so perfect a work, as I could wish, yet such as it is, I now submit it to the public and hope, when they consider in what obscurity and confusion [language practice] in its infancy was involved, they will acknowledge that I have at least cleared away the rubbish, and furnished materials toward a more perfect structure.

~ Joseph Ames[1] ~

Vivat academia!
Vivant professores!
Vivat membrum quodlibet;
Vivant membra quaelibet;
Semper sint in flore.

~ De Brevitate Vitae ~

[1] From Dibdin, T.E. *Typographical Antiquities or the History of Printing in England Scotland and Ireland ... begun by the late Joseph Ames, augmented by William Herbert and Greatly Enlarged by the Reverend Thomas Frognell Dibdin* (4 vol. London, 1810). ix, 378. June 7, 1749 Book 1 page 12. With apology.

Dedicated to Miriam Shlesinger

... a true professional and a dear friend

מוקדש למרים שלזינגר

... אשת מקצוע אמיתית וחברה יקרה

DANKBETUIGINGS

No one who achieves success does so without the help of others.
The wise and confident acknowledge this help with gratitude.

~ Alfred North Whitehead ~

My opregte dank en erkenning aan:

- my studieleiers, prof. Bertus van Rooy, prof. Wannie Carstens, prof. Kris van de Poel en prof. Johan Zaayman vir die nodige leiding en ondersteuning
- Yvonne Engelbrecht van die Ferdinand Postma Biblioteek, (Potchefstroom-kampus, Noordwes-Universiteit), en Hester Lombard van die Ferdinand Postma Biblioteek (Vaaldriehoekkampus, Noordwes-Universiteit)
- Wannie Carstens vir die redigering en proefleeswerk; die oorblywende foute is my eie verantwoordelikheid
- Thalea Lombard vir die kunswerk
- Leon Kotze vir sy hulp met die verwerking van diagramme en tabelle
- Deidré Duvenage en Emile Kotze vir die setwerk
- Deidré Duvenage vir versorging van die bibliografie
- Marion Boers, Executive Director of the South African Translators' Institute, for providing valuable information
- prof. Miriam Shlesinger, dr. Haidee Kruger, prof. Franz Pöchhacker, prof. Rakefet Sela-Sheffy and Holly Mikkelson who provided valuable opportunities, assistance and research material
- everybody who expressed interest in and provided support during the research and writing process, especially my friends and family
- Ian Harries who listened ever so patiently

- die Navorsingseenheid: Tale en Literatuur In die Suid-Afrikaanse konteks van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en in die besonder vir prof. Wannie Carstens vir finansiële ondersteuning tydens en ook met die afronding van hierdie studie

- Finansiële steundienste van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) vir beurse tydens die studie.

Welgemeende dank en waardering ook aan:

- Inga Verreet vir haar vriendschap, hulp met de Nederlandse vertaling en haar ondersteuning tijdens mijn verblijf in Antwerpen

- de Nederlandse Taalunie – met bijzondere dank aan Marc le Clercq, Senior projectleider – voor noodzakelijke finansiele ondersteuning tijdens mijn studie

- de BKVTF-CBTIP – met bijzondere dank aan Agnès Feltkamp, Voorzitter – voor het verschaffen van noodzakelijke inlichting voor mijn projekt.

~ **A**lthéa Kotze, Julie 2012 ~

Inhoudsopgawe

bladsy

HOOFSTUK 1 Die appèl van professie

1.1 Inleiding **2**
1.2 Die appèl van professie **3**
1.3 Die professionele projek van taalpraktisyns **6**
1.4 Probleemstelling en motivering **8**
1.5 Sentrale teoretiese stelling **12**
1.6 Doelstellings **13**
1.7 Metode van ondersoek **13**
1.8 Hoofstukindeling **13**

HOOFSTUK 2 Die prototipe van professie

2.1 Inleiding en kontekstualisering **17**

2.2 Die definisieproblematiek **19**
2.2.1 Die realiteit van die definisiegeskil **19**

2.3 Redes vir die definisiegeskil **21**
2.3.1 Diachroniese ontwikkeling en herdefiniëring oor tyd **22**
2.3.1.1 Semantiese verwarring **24**
2.3.1.2 Strukturele begrensing **26**
2.3.1.3 Aanvaarding van 'n statiese model van professies **29**
2.3.2 Sinchroniese meningsverskille **30**
2.3.2.1 Kategorisering en kritiek **30**
2.3.2.1.1 Dimensies van definisies **30**
2.3.2.1.2 Kritiek op dimensies **31**
2.3.2.1.3 Eksemplaarklassifiserings **33**
2.3.2.2 Britse empirisisme **34**

2.4 Benaderings tot kategorisering **35**
2.4.1 Inleiding **35**
2.4.2 Die tradisionele (klassieke) benadering **36**
2.4.3 Kritiese benadering (konflikbenadering) **38**
2.4.4 Kognitiewe (of prototipe-)benadering **40**
2.4.5 Terugskouing en gevolgtrekking **44**

2.5 Bestaande literatuurdefinisies 45
2.5.1 Inleiding en vooruitskouing **45**
2.5.2 Definisiële rasionaal **46**
2.5.2.1 Die definisiële geskil **47**
2.5.2.2 Die dinamiese historisiteitsdimensie **48**
2.5.2.3 Die sosiale status wat gepaardgaan met beroepsprofessionalisering **49**

2.6 Oogmerke van verskillende tipes definisies 49
2.6.1 Nominale definisies **49**
2.6.2 Oorredende definisies **50**
2.6.3 Operasionele definisies **51**

2.7 Die literatuurdefinisies 52
2.7.1 Leksikografiese bronne **53**
2.7.2 Sosiologiese bronne **57**
2.7.2.1 Rasionaal en vooruitskouing **57**
2.7.2.2 'n Kognitiewe attribuutmodel vir professie **58**

2.8 Die prototipeprofessie: 'n kognitiewe model 64
2.8.1 Gestandaardiseerde opleiding **64**
2.8.2 Kennis en tegniese vaardighede, prestasievereistes **65**
2.8.3 Werksomstandighede **66**
2.8.4 Beroepsetiek **69**

2.9 Samevatting 72

2.10 Professionalisering 72
2.10.1 Vooruitskouing **72**
2.10.2 Die professionele projek **73**

2.11 Hoofstuksamevatting 78

HOOFSTUK 3 Die sosiologie van professie

3.1 Inleiding 82

3.2 Die verdeling van werk 85
3.2.1 In die begin was daar beroepe ... **85**
3.2.2 ... en toe die professies ... **86**
3.2.3 Die kompleksiteit van die professionele verskynsel **88**
3.2.4 Terugskouing **90**

3.3 Die sosiologie en die professies 91
3.3.1 Inleiding **91**
3.3.2 Rasionaal: die sosiologie en die professies **92**
3.3.3 Die sosiale aard van die professies **93**
3.3.4 Die sosiopolitieke kultuur en professionalisering **97**
3.3.5 Samevatting **98**

3.4 Sosiologiese benaderings 99
3.4.1 Inleiding **99**
3.4.2 Die funksionele benadering **100**
3.4.2.1 Inleiding **100**
3.4.2.2 Émile Durkheim en die funksionele benadering **101**
3.4.2.3 Funksionalisme: die professie van die professies **103**
3.4.2.4 Die essensie van Durkheim se nalatenskap vir professionalisering **104**
3.4.2.5 Die funksionele benadering en die taalpraktyk **106**
3.4.2.6 Kritiek op die funksionele benadering **106**
3.4.3 Interaksionisme: konflik en kompetisie **107**
3.4.3.1 Inleiding **107**
3.4.3.2 Max Weber en interaksionisme **108**
3.4.3.3 Interaksionisme: "the meanings and motives of actors" **109**
3.4.3.4 Die essensie van Weber se nalatenskap vir professionalisering **113**
3.4.3.5 Interaksionisme en die taalpraktyk **114**
3.4.3.6 Kritiek teen die interaksionisme: "... ongunstige monopolistiese praktyke" **115**
3.4.4 Die konflikbenadering **116**
3.4.4.1 Inleiding **116**
3.4.4.2 Karl Marx en die konflikbenadering **117**
3.4.4.3 Die konflikbenadering en die professies:
"... seeking scarce social goods ... power and autonomy" **118**
3.4.4.4 Die kern van Karl Marx se nalatenskap tot professionalisering **120**
3.4.4.5 Konflikteorie en taalpraktyk **122**
3.4.4.6 Kritiek teen die konflikbenadering **122**
3.4.5 Samevatting **123**

3.5 Postmodernisme 124
3.5.1 Inleiding **124**
3.5.2 Moderniteit, postmoderniteit, strukturalisme, en poststrukturalisme **125**
3.5.2.1 Moderniteit en postmoderniteit **125**
3.5.2.2 Strukturalisme en poststrukturalisme **127**
3.5.2.3 Die postmodernisme: 'n akkommoderende perspektief vir professie **129**
3.5.3 Die postmodernisme, die sosiokulturele opset en die professies **130**
3.5.4 Die postmoderne kennis- en inligtingsamelewing **133**
3.5.5 Postmodernisme, professionalisering en deprofessionalisering **135**
3.5.6 Die vooruitsigte vir die professies in die postmoderne samelewing **138**
3.5.7 Die postmodernisme en die taalpraktyk **140**
3.5.8 Kritiek teen die postmodernisme **142**
3.5.9 Terugskouing **142**

3.6 Hoofstuksamevatting 143
3.6.1 Hoofstukterugskouing **143**
3.6.2 Vooruitskouing **146**

HOOFSTUK 4 Die beroepsomgewing: die toekoms van taalpraktyk as professie

4.1 Inleiding 148
4.1.1 Die professionele status van die taalpraktisyn in perspektief **148**
4.1.2 Terugskouing en kontekstualisering **149**
4.1.3 Struikelblokke en kataliste in die professionaliseringsproses **150**

4.2 Die institusionele klimaat waarin die professionaliseringsproses afspeel 153
4.2.1 Inleiding **153**
4.2.2 Die politiek van die professionele projek in die sosiokulturele opset **153**
4.2.2.1 Professionalisering: 'n taalpolitieke en kulturele stryd **153**
4.2.2.2 Suid-Afrika en Vlaandere: multitalige kompleksiteit, konflik en komplikasies **155**
4.2.2.3 Politieke inskiklikheid **162**
4.2.2.4 Taalregte as regskonsep **163**
4.2.2.5 Samevatting **165**
4.2.3 Die nieprofessionele opset in hedendaagse burokratiese werksorganisasies **166**
4.2.3.1 Burokratisering en deprofessionalisering **166**
4.2.3.2 Burokratisering en die professionalisering van die taalpraktisyn **172**
4.2.3.3 Samevatting **173**
4.2.4 Vryskuttaalpraktyk as eietydse beroepsverskynsel **174**
4.2.4.1 Veranderde beroepsomgewings en globalisering **174**
4.2.4.2 Die tradisionele onsigbaarheid van die taalpraktisyn **176**
4.2.4.3 Die (vryskut)taalpraktisyn in die eietydse samelewing **178**
4.2.4.4 Samevatting **182**
4.2.5 Institusionele klimaat: gevolgtrekking **183**

4.3 Sosio-ekonomiese klimaat 184
4.3.1 Inleiding **184**
4.3.2 Markwanorde **185**
4.3.2.1 Inleiding **185**
4.3.2.2 Die "gereguleerde professie" **186**
4.3.2.3 Markwanorde in perspektief **187**
4.3.2.4 Samevatting **188**
4.3.3 Die veranderende beroepswêreld **189**
4.3.3.1 Inleiding **189**
4.3.3.2 Die diversifisering van markte, beroepe en professies **190**
4.3.3.3 Samevatting **197**
4.3.4 'n Gebrekkige professionele ideologie onder taalpraktisyns **199**

4.3.4.1 Inleiding **199**
4.3.4.2 Taalpraktisyns en hulle hulpbronne in die professionele projek **199**
4.3.4.3 Samevatting **203**
4.3.5 Negatiewe persepsies uit die samelewing teen die professies **204**
4.3.5.1 Inleiding **204**
4.3.5.2 Antiprofessionalisme as struikelblok in die professionele projek **206**
4.3.5.3 Konflikteorie en antiprofessionalisme **206**
4.3.5.4 Egoïstiese kontrolegroepe versus altruïstiese belangegroepe **208**
4.3.5.5 Teenkanting uit die geledere van bestaande professies **210**
4.3.5.6 Teenkanting vanuit manlike professionele elitegroepe **213**
4.3.5.7 Teenkanting vanuit die geledere van kliënte **215**
4.3.5.8 Samevatting **219**
4.3.6 Gebrek aan professionele vergoeding **220**
4.3.6.1 Inleiding **220**
4.3.6.2 Redes vir die gebrek aan professionele vergoeding **221**
4.3.6.3 Samevatting **226**
4.3.7 Sosio-ekonomiese klimaat: gevolgtrekking **227**

4.4 Persepsie van waarde **228**
4.4.1 Inleiding **228**
4.4.2 Taalpraktyk: multidissiplinêr en multifasettig **229**
4.4.2.1 Beroepsprofessionele veelsydigheid **230**
4.4.2.2 Die professionele projek **234**
4.4.2.3 Samevatting **234**
4.4.3 'n Niegestandaardiseerde teoretiese en terminologiese onderbou **235**
4.4.3.1 Standaardisering, spesialisering, tegnologie, en professionalisering **236**
4.4.3.2 'n Universeel erkende beroepstitel **238**
4.4.3.3 Samevatting **241**
4.4.4 Die rol van kliënte op die persepsie van die waarde van taalpraktisyns **242**
4.4.4.1 Altruïstiese diens **242**
4.4.4.2 Kliënte en hulle hulpbronne **243**
4.4.4.3 Samevatting **244**
4.4.5 Persepsie van waarde: gevolgtrekking **244**

4.5 Statutêre konteks waarin die professionaliseringsproses plaasvind **245**
4.5.1 Inleiding **245**
4.5.2 Taalpraktyk in 'n internasionale konteks **246**
4.5.2.1 Inleiding **246**
4.5.2.2 Taalpraktyk: 'n gefragmenteerde, onsigbare bedryf **247**
4.5.2.3 Samevatting **251**
4.5.3 Taalpraktyk in 'n multitalige konteks **252**
4.5.4 Taalpraktyk in 'n nasionale konteks: Suid-Afrika **253**
4.5.4.1 Inleiding **253**
4.5.4.2 Taal as sosiopolitiese geskilpunt **256**
4.5.4.3 Politiek en wetgewing: gebrek aan daadwerklike regeringsaksie **259**
4.5.4.4 Politiek en wetgewing: LANGTAG en die beoogde Suid-Afrikaanse Talewet **263**

4.5.4.5 Politiek en wetgewing: die Suid-Afrikaanse Talewet-hofgeding **266**
4.5.4.6 Politiek en wetgewing: die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad **268**
4.5.4.7 Politiek en taaldienste: die Nasionale Taaldiens en Taalbeleidsraamwerk **271**
4.5.4.8 Nasionalisme en taal: die rol van taalliggame in Suid-Afrika **273**
4.5.4.9 Praktyk en taaldienste: die Language Practitioners Council Bill **275**
4.5.4.10 Beroepstatus en taal: SAVI in die politieke geding **276**
4.5.4.11 Samevatting **278**
4.5.5 Taalpraktyk in nasionale konteks: Vlaandere **281**
4.5.5.1 Inleiding **281**
4.5.5.2 Taalpolitieke konflik: 'n historiese agtergrond **282**
4.5.5.3 Hedendaagse België: regionale, etniese en talige wanbalans **284**
4.5.5.4 Professionaliseringsinisiatiewe en taalpraktykberoepstatus in Vlaandere **286**
4.5.5.4.1 Die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen **287**
4.5.5.4.2 Samewerking tussen die BKVTF, die Vlaamse owerheid, die FVIB, en UNPLIB **288**
4.5.5.4.3 Die Vlaamse Radio- en Televisieomroep (VRT) **289**
4.5.5.4.4 Fosovet-Cofetis **289**
4.5.5.4.5 Die aktiwiteite van SERV en COC **291**
4.5.5.4.6 Critical Link, die de Grotius- en de Agis-projekte en EULITA **291**
4.5.5.5 Samevatting **292**
4.5.6 Statutêre konteks: gevolgtrekking **293**

4.6 Die professionele beroepsliggaam **295**
4.6.1 Inleiding **295**
4.6.2 Die oorsprong van beroepsorganisering: die Middeleeuse gildes **298**
4.6.3 'n Raamwerk vir die interpretasie van die professionele beroepsliggaam **300**
4.6.3.1 Die ontwikkeling en funksies van die professionele beroepsliggaam **301**
4.6.3.2 Die kultuur van die professionele beroepsliggaam **304**
4.6.3.2.1 Die mediese professie: die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad **306**
4.6.3.2.2 Die regsprofessie: die Balie **308**
4.6.3.2.3 Die ouditprofessie: IRBA en SAIGR **309**
4.6.3.3 Samevatting: die attribute van die professionele beroepsliggaam **311**
4.6.4 Beroepsorganisasies in Suid-Afrika en Vlaandere **313**
4.6.4.1 Proliferasie van taalberoepsliggame in Suid-Afrika **314**
4.6.4.2 Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut **316**
4.6.4.2.1 Kontekstualisering **316**
4.6.4.2.2 SAVI en die attribute van professionele verteenwoordiging **319**
4.6.4.3 Die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen **335**
4.6.5 Die professionele beroepsliggaam: gevolgtrekking **342**

4.7 Taalpraktyk in akademiese konteks **344**
4.7.1 Inleiding **344**
4.7.2 Die ontwikkeling van die taalpraktyk as akademiese dissipline **345**
4.7.2.1 Van suiwer vertaalstudies ... **346**
4.7.2.2 ... na toegepaste vertaalstudie ... **348**
4.7.2.3 ... na taalpraktykstudies **351**

4.7.2.4 Akademiese taalpraktyknavorsingsinisiatiewe **354**
4.7.2.5 Samevatting **355**
4.7.3 Taalpraktykkurrikula in hoëronderwysverband **355**
4.7.3.1 Die Suid-Afrikaanse opleidings- en kwalifikasiesraamwerk **356**
4.7.3.2 Die Hoëropleiding Kwalifikasieraamwerk in Vlaandere (België) **361**
4.7.4 Taalpraktykopleiding: kriteria en 'n model **366**
4.7.4.1 Professie en gestandaardiseerde opleiding **366**
4.7.4.2 Taalpraktyk as professie: gestandaardiseerde of (praktyk)gerigte opleiding? **368**
4.7.4.3 Bestaande opleidingsinstansies en opleidingsprogramme **373**
4.7.4.3.1 Opleidingsinstansies en opleidingsprogramme in Suid-Afrika **373**
4.7.4.3.2 Opleidingsinstansies en opleidingsprogramme in Vlaandere **376**
4.7.4.4 Gevolgtrekking: stand van opleiding **384**
4.7.4.5 Moontlike redes vir die leemtes in beroepsgerigte taalpraktykopleiding **386**
4.7.4.5.1 Die rol van kurrikulumskeppers **386**
4.7.4.5.2 Verwarrende konsepte van sertifisering, akkreditering en lisensiëring **388**
4.7.4.5.3 Gebrek aan verpligte internskap **393**
4.7.4.5.4 Gebrek aan gestruktureerde voortgesette professionele opleiding (VPO) **394**
4.7.4.6 Samevatting **399**
4.7.5 Standaardisering van opleiding in internasionale samehang **400**
4.7.5.1 Inleiding **400**
4.7.5.2 Die Europese Unie en die opleiding van die taalpraktisyn **400**
4.7.5.3 Die Afrika-Unie, VN en die "Afrikaprojek" **407**
4.7.5.4 Die African Academy of Languages (ACALAN) **411**
4.7.5.5 Samevatting **413**
4.7.6 Taalpraktyk in akademiese konteks: gevolgtrekking **413**

4.8 Hoofstuksamevatting **415**

HOOFSTUK 5 Taalpraktyk as professie: beginsels vir struktuur en dissipline

5.1 Inleiding **422**
5.2 Aanbevelings **425**
5.2.1 Die taalpraktisyns **426**
5.2.2 Interaksie tussen die beroepsliggaam, die regering en opleidingsinstansies **430**

Bylaag 1 **432**

Bibliografie **433**

LYS VAN FIGURE

		bladsy
Figuur 2.1	'n Eenvoudige diagrammatiese voorstelling van Aristoteles se klassifikasiestelsel	**36**
Figuur 4.1	'n Faksimilee van die eerste uitgawe van *Die Afrikaanse Patriot*	**155**
Figuur 4.2	'n 2007-foto sprekend van taalpolitieke oortuigings in Vlaandere	**157**
Figuur 4.3	Straataanwysings word ontsier in taalpolitieke oortuigings	**157**
Figuur 4.4	Straataanwysings word ontsier in taalpolitieke oortuigings	**157**
Figuur 4.5	Padaanwysings in Wezembeek-Oppem, 'n Vlaamse dorp naby Brussels, is duidelik in Nederlands, maar die Franse terme is ontsier	**157**
Figuur 4.6	TranslatorsCafé.com	**225**
Figuur 4.7	SAVI-akkrediteringsyfers 2011	**324**
Figuur 4.8	SAVI-akkrediteringseksamenslaagsyfers 2008-2010	**327**
Figuur 4.9	Die oorspronklike Holmes-Toury-diagram	**348**
Figuur 4.10	Chesterman (2009) se agentmodel vir vertaalpraktisyns	**351**
Figuur 4.11	Taalpraktykstudies	**354**
Figuur 4.12	België, 'n federale staat van gemeenskappe en geweste	**363**
Figuur 4.12	Die Vlaamse kwalifikasieraamwerk	**366**
Figuur 4.13	Die onderskeid en skakeling tussen universitêre en hogeskool-opleiding in Vlaandere	**367**
Figuur 4.14	Die samehang tussen sertifisering en lisensiëring van die PO	**390**
Figuur 5.1	'n Skematiese voorstelling van die verloop van die studie	**423**

LYS VAN TABELLE

		bladsy
Tabel 2.1	'n Literatuursintese van die attribute en kenmerke van professie	**62-63**
Tabel 4.1	Gemene delers: toelatingsvereistes en funksies van die statutêre beroepsliggaam	**313**
Tabel 4.2	Finale algehele slaagsyfer IRBA Publieke Praktykeksamen 2006-2010	**327**
Tabel 4.3	SAVI as professionele beroepsliggaam	**332**
Tabel 4.4	Die BKVTF as professionele beroepsliggaam	**341**
Tabel 4.5	Die Hoër Kwalifikasieraamwerk (Suid-Afrika)	**360**
Tabel 4.6	Suid-Afrikaanse opleidingsinstansies	**375**
Tabel 4.7	Opleidingsinstansies en taalpraktykopleiding in Suid-Afrika	**376**
Tabel 4.8	Vlaamse opleidingsinstansies	**379**
Tabel 4.9	Opleidingsinstansies en taalpraktykopleiding in Vlaandere	**380**
Tabel 4.10	Kriteria vir gemene delers in taalpraktykopleiding (met die fokus op BA Taalpraktyk)	**383**
Tabel 4.11	Inhoudsanalise: kurrikula- en module-uitkomste van taalpraktyk-opleiding, Suid-Afrikaanse en Vlaamse opleidingsinstansies	**384**
Tabel 4.12	'n Voortgesette professionele opleidingsprogram vir siviele Ingenieurs	**397**
Tabel 4.13	EMT-taalpraktisynsbevoegdheidsprofiel	**406**
Tabel 4.14	Struikelblokke versus kataliste	**419 i-iv**

ABSTRACT

While striving for excellence in an increasingly market-dominated, multicultural, multilingual, service-oriented, and globalised society, language practitioners – translators, text editors, interpreters, audio describers, sign language interpreters and subtitlers – in South Africa and Flanders find themselves under increasing pressure to defend the professional status of their work, and to justify the conception of their different occupations as a homogenous profession. Given the cultural and mediatory role of the language practitioner in this decentralised, dynamic, complex, and virtual market, the professionalization of language practitioners is rapidly developing into a matter that needs urgent academic consideration.

Scientific and multidisciplinary research on the occupations collectively and colloquially referred to as the "language professions", or more academic, language practice, is therefore currently of the utmost importance and relevance to ensure market-related expert language services. Unquestionably, without such research language practice cannot become a *bona fide* profession.

From the point of view of the sociology of professions, language practitioners are an extreme example of an understudied professional occupation (Sela-Sheffy & Schlesinger, 2011). By focusing attention on the marginal status of the language occupations (which persists despite the ever-increasing need for professionalized expert language services in a globalised multilingual and multicultural world), this research project aims to identify the perceived impediments to desired professional status for language practice, thereby creating a more systematic basis for future professionalization endeavour.

The sociological literature on the professions as manifest in the functional, interactional and conflict approaches of Émile Durkheim, Max Weber, and Karl Marx, as well as a critical, post-modern approach offers a body of history and theory of the development of modern professions and their attributes. The service ideal; a viable income congruous with expert status; occupational autonomy and monopoly; career oriented training and continuing education; professional training institutions; professional bodies; ethics, and jurisdiction (see for example Abbott, 1988; Barber, 1963; Freidson, 1983, 1994; Goode, 1969; Hughes, 1963; Larson, 1977; Macdonald, 1995; Torstendahl & Burrage, 1990; Wilensky, 1964) are attributes unique to the "true profession".

These characteristics served as the matrix to establish a framework for the prototypical profession whereby the current professional status of language practitioners in South Africa and Flanders could be ascertained, and a formal language practice "professional project" initiated.

Using the "professional project" (Larson, 1977) as a conceptual tool advantageously establishes the concrete, historically bounded character of the professions as empirical

entities (Witz, 1992:64) within the context of three different approaches to categorisation as described in this project: the classical model, the critical model, and the prototype model.

The identification of perceived obstacles to the professionalization of language practice as per the literature provided the context for a comparative appraisal of the current professional state of affairs of language practitioners in South Africa and Flanders. An objective investigation into the character of these obstacles revealed the catalyst opportunities inherent in the alleged barriers to professionalization. This perspective provides a rational framework for the implementation of essential measures to augment a viable professional project of language practitioners in general.

Keywords: language practitioners ◘ language practice ◘ professionalization ◘ barriers to professionalization ◘ occupations ◘ professions ◘ language occupations ◘ language services ◘ translation ◘ editing ◘ interpreting ◘ audio-visual translation ◘ attributes of profession ◘ mediation ◘ mediators

The massive emergence of the professional complex, not the special status of capitalistic or socialistic organisation is the crucial structural development in twentieth century society.

~ **Talcott Parsons** ~

Professionalization is a process by which an organized occupation, usually but not always by virtue of making a claim to special esoteric competence and to concern for the quality of its work and its benefits to society, obtains the exclusive right to perform a particular kind of work, control training for and access to it, and control the right of determining and evaluating the work is performed.

~ **Eliot Freidson** ~

Judge: Will you please state your professions.
The five men do not move or reply. Then, after a long pause, Barker says -
Barker: Anti-Communists.
Judge: Anti-Communists? (perplexed) That, sir, is not your average occupation.

~ All the President's Men[1] ~

The professions, a significant feature of middle-class culture, have inspired house histories of professional bodies, but such studies are in general so thin and lacking in critical framework as to be of almost no use to succeeding scholars.

~ Charles Rosenberg ~

[1] *All the president's men* by William Goldman. Based on the novel *All the president's men* by Carl Bernstein and Bob Woodward. The Internet Movie Script Database (IMSDb) http://www.imsdb.com/Movie Scripts/All the President's Men Script.html

HOOFSTUK 1

Die appèl van professie

Many occupations engage in
heroic struggles for professional identification; few make the grade …

~ H.L. Wilensky ~

1.1 Inleiding

Een van die mees kontroversiële en universele kwessies die afgelope twee dekades onder bespreking in die beroepswêreld van die taalpraktisyn – die taalpraktyk – is dié van erkenning van professionele status en die gepaardgaande regulering van die verskillende taalberoepe (vergelyk byvoorbeeld Bolster, 2005; Carsten, 2008; Combrink & Blaauw, 1998; Fenton, 1993; Gouadec, 2007; Larson, 1977; Law, 2010; Law & Kruger, 2008; Mackenzie, 2004; Mikkelson, 1999; Pollitt, 1997; Tseng, 1992).

Gegewe die verwikkeldheid verbonde aan die professionaliseringsproses (vergelyk onder andere Abbot, 1988; Adams, 2009a; Adams, 2009b; Etzioni, 1969; Fenton, 1993; Gouadec, 2007; Mikkelson, 1999; Noordegraaf, 2007; Pollitt, 1997; Tseng, 1992; Vollmer en Mills, 1966) poneer dié verskynsel enersyds die paradoks tussen die appèl van professionele status in die samelewing en die problematiek wat daarmee gepaardgaan, en andersyds die vermoë, al dan nie, van taalpraktisyns as beroepgroep en die taalpraktyk as beroep om hierdie gesogte sosioprofessionele ideaal te verwesenlik.

Professionele status is soos ’n Nabot se wingerd: “In our society, among the most desired and admired statuses is to be a member of a profession” (Becker *et al*., 1961:4), en dié strewe word duidelik waargeneem in die wedloop na professionele status: “The ideal of every occupational group is to achieve the status and prestige of a ‘profession’” (Sapp, 1978:20). Per slot van sake: “... to have one's occupational status accepted as professional or to have one’s occupational conduct judged as professional is highly regarded in all post-industrial societies and in at least the modernizing sectors of others ...” (Moore & Rosenblum, 1970:3).

Maar indien professies, aldus Freidson (1994:7), gewoon beroepe is waar gespesialiseerde kennis en vaardighede die onderskeiende karakteristieke eienskappe is, en onderskeidende karakteristieke eie is aan die meeste beroepe, waarin lê die appèl van “professionele status” dan? Anders gestel: Professionele aktiwiteite is niks anders nie as beroepspesifieke praktyke wat verskil in graad, maar nie as gevolg van andersoortigheid nie (Braude, 1975). In die konteks van hierdie studie: Waarom is die professionalisering van beroepe hoegenaamd so ’n kenmerkend hedendaagse gesogte sosioprofessionele verskynsel? En waarom die “... confounding aspect in attempts to professionalize an occupation ...”, of om die saak nog verder te kompliseer, “... to have a conversation about it, or early adoption and casual use of the term ‘profession’ without the structure and discipline required for wide-spread social recognition” (Rice & Duncan, 2006:2). Larson (1977:x) spreek haar baie duidelik uit omtrent die **appèl van professie**.

1.2 Die appèl van professie

In die meeste gevalle voorsien sosioloë en historici ’n kategoriese antwoord op sake wat verband hou met die appèl van die professionele ideaal (vergelyk Larson, 1977:x):

> ... professions are occupations with special power and prestige. Society grants these rewards because professions have special competence in esoteric bodies of knowledge linked to central needs and values of the social system, and because professions are devoted to the service of the public, above and beyond material incentives.

Cruess *et al*. (2004:74) praat van die sosiale kontrak tussen ’n professie en die samelewing, wat van meet af aan die allerbelangrike en inherente altruïstiese en mediërende aard van professie beklemtoon:

> An occupation whose core element is work based upon the mastery of a complex body of knowledge and skills ... is a vocation in which knowledge of some department of science or learning or the practice of an art founded upon it is used in the service of others. Its members are governed by codes of ethics and profess a commitment to competence, integrity and morality, altruism, and the promotion of the public good within their domain. These commitments form the basis of a social contract between a profession and society, which in turn grants a monopoly over the use of its knowledge base, the right to considerable autonomy in practice and the privilege of self-regulation. Professions and those served are accountable to those served and to society.

Die beslissende woorde in hierdie status is “betuig” (“profess”), “’n verbintenis” (“commitment”), “’n sosiale kontrak” (“social contract”) en “samelewingsgrasie” (“society grants”) op grond van unieke strukturele eienskappe – die attribute soos dit in Hoofstuk 2 ter sprake sal kom – van die aspirerende professie waarvan die altruïstiese diensideaal tradisioneel sentraal staan.

Die implikasie is dat die sanksionering van professionele status die prerogatief is van die groter konteks waarin die aspirerende professie funksioneer en hulle kleim probeer afpen, by wyse van spreke. As sosiale organisasiestruktuur heg die samelewing waarde aan die rol en funksie van beroepslui tot die mate wat die professies die guns, vertroue en sanksie van dié struktuur wen en behou (Atkinson, 1983; Freidson, 1983), soos in die geval van die argetipiese professies, te wete medisyne, regte en tradisionele teologie.

Larson (1977) se bedenkinge oor die relevansie van die werkspraktyke en arbeidsverhoudinge van die argetipe professies – die mediese, regs- en teologiese bedieningsberoep – as "... a rallying call for a whole set of knowledge-based occupations in very different employment conditions" (Evetts *et al*., 2006:109) kan in die konteks geplaas word van, en verklaar word aan die hand van die nosie van "anticipatory socialization" (Merton & Kitt, 1950:87-91) oftewel: "... practising or taking over the beliefs and values of a group to which one does not belong, but to which one is preparing to belong" (Forsyth & Danisiewicz, 1985:60).

Op die keper beskou, hét die argetipe professies die vermoë openbaar – in wese, die mag – om die professionaliseringsproses te deurloop, om sodoende primêre professionele eienskappe te verwesenlik, en om ander te oortuig van dié sukses (Ritzer, 1977:44).

Collins (1990a:25-26) verwys na dié navolging tot professionele erkenning as statusemulering, en bring dié strewe in verband met die vorming van supramarkte vanuit die Weberiaanse konsep van marksluiting. Binne die spesifieke domein van professies, as beroepsorganiserings wat marksluiting bewerkstellig het, geskied hierdie skepping van supramarkte deur 'n proses van statusemulering. Die sukses van professies wat privilegie vir hulleself bewerkstellig het, dien as 'n model vir aspirerende beroepe in die strewe na professionalisering. Dit gebeur veral omdat die idealetipeprofessies nie net hulle aktiwiteite monopoliseer nie, maar ook transformeer in aansien of status-eer. Dit is in die aard van 'n statusgroep om die aandag af te lei van die alledaagse beroepsaktiwiteite na die styl, die aansien, en die gesag wat lede van hierdie professionele groepe omring. Dit is presies hierdie kulturele en gesaghebbende aspekte van professies wat navolgenswaardig en makliker is vir ander aspirerende professies om te emuleer.

Forsyth & Danisiewicz (1985:60; vergelyk ook Merton & Kitt, 1950:87-91) verwys na die appèl van professie as antisiperende sosialisering, met as einddoel professionele status soos dié van die bestaande professies. Die aspirerende professie voeg dan stapsgewys in 'n sogenaamde professionaliseringsproses die kenmerke van professie by die aspirerende beroep se (bestaande) kenmerke by.

Die appèl van die professionele ideaal kan dan enersyds geleë wees in die funksionele diensideaal (Kultgen, 1988:99): 'n professie dien as 'n kohesiewe en koherente struktuur waaruit hierdie diensideaal verwesenlik kan word. Die funksionalistiese uitgangspunt word ook terselfdertyd die regverdiging vir die aanspraak op professionele status: professies verdien hierdie status omdat hulle funksies verrig wat "... krities is vir menslike welsyn ..." (Kultgen, 1988:74). Andersyds kan 'n professionele magsposisie in die samelewing die oogmerk wees vir professionele status: "...the power approach ... serves the interest of the groups that achieve it" (Begun, 1986:115).

In hierdie verband bied Foucault (1977; 1981) se konseptualisering van mag/kennis 'n boeiende perspektief op die professies, hulle gespesialiseerde kennis en praktyke en hulle mag, veral in die konteks van die mediese professie (vergelyk Armstong, 1983; Arney, 1982; Johnson, 1994, 1995; Nettleton, 1992)[1]. Foucault staan krities teenoor alle sosiologiese magsteorieë en konseptualiseer mag asof versprei in en deur 'n veelheid situasies, diskoerse, praktyke en strategieë.

[1] Nettleton (1992) fokus op die tandheelkundige professie; Aney (1982) op obstetrie; Armstrong (1983) op die mediese beroep, en Johnson (1994, 1995) op die ouditberoep.

Die uniekheid van Foucault (1980, 1981) se konseptualisering ten opsigte van mag is geleë in sy uitbreiding en toepassing van Nietzsche se hipotese van kennis as mag. Nietzsche identifiseer die wil-tot-kennis met die wil-tot-mag, en Foucault (1980) bestempel mag/kennis ("power/knowledge") insgelyks as 'n middel tot die bestudering van die sosiale en wetenskaplike praktyke wat oortuigings ("beliefs") ten grondslag lê (Foucault, 1981:56).[2]

Mag, aldus Foucault (1981:92-94), is nie geleë in individue, ekonomiese kragte of die staat nie, of in die professies nie. In die konteks van professionele groepe word mag dus nie verbind met professionele verteenwoordigers (die professie of die professionele persoon) en professionele voordeel en belange nie, maar met die onderskeie professionele praktyke. Mag (gesag) is dan eerder 'n heterogene (neutrale) verskynsel (met verskillende balanserende eienskappe) as 'n kataliserende (kontrabalanserende) verskynsel (Sarup, 1996:75).

Foucault (1977:27) gaan van die veronderstelling uit dat kennis altyd 'n vorm van (be)mag(tiging) en/of gesag is:

> Knowledge linked to power, not only assumes the authority of "the truth" but has the power to make itself true. All knowledge, once applied in the real world, has effects, and in that sense at least, "becomes true". Knowledge, once used to regulate the conduct of others, entails constraint, regulation and the disciplining of practice. Thus, there is no power relation without the correlative constitution of a field of knowledge, nor any knowledge that does not presuppose and constitute at the same time, power relations.

In die konteks van kennis as "professionele mag"/bemagtiging/gesag kan die afleiding gemaak word dat Foucault se mag/kennis-konseptualisering dus toegespits is op die uitwerking van mag in die samelewing (vergelyk Roberts, 2005). Sy konseptualisering is nie gegrond op die konvensionele benadering van mag soos gesetel in gesaghebbende individue en onderdrukkende groepe, organisasies, instansies of instellings (soos in Marxistiese sienings van die professies) nie. Dit is gerig op die ingrypende, mediërende, omvattende praktyke waardeur die invloed van die praktyke van mag/kennis van, byvoorbeeld, die geneesheer – of in die konteks van hierdie studie die taalpraktisyn – die individu bemagtig of ontmagtig, bevoordeel of benadeel; sy handelswyse en ingesteldheid beïnvloed; sy diskoerse[3], leerprosesse en alledaagse doen en late bepaal.

Kortom, die kern van die saak is hoe mag/kennis sentraal staan in die prosesse en praktyke wat die mens en sy aktiwiteite in die groter konteks van sy bestaan beheer en bemagtig of ontmagtig; aspekte wat in Hoofstuk 4 ter sprake kom in die beroepsomgewing van die taalpraktisyn. So gesien, is professionele mag wat gepaardgaan met beroepsgerigte kennis en vaardighede 'n **neutrale konsep**, 'n katalisator. Professie is nie 'n organisasie of 'n struktuur, of 'n bepaalde predisposisie of begiftiging nie; dit is 'n geïnstitusionaliseerde konsep eie aan 'n komplekse strategiese situasie in 'n spesifieke samelewing (Foucault, 1977:213).

Dit wil dan voorkom of die behoefte aan gespesialiseerde dienste (wat noodwendig gepaard-gaan met beroepsgerigte opleiding) in die samelewing 'n sentrale rede is vir die toenemende verskynsel van professionalisering: "A profession is born out of a societal need to have available certain services that require specialized knowledge and skills" (Reynolds & O'Morrow, 1985:6; vergelyk ook Abbot, 1988; Freidson, 1973:34-36; Macdonald, 1995:10); 'n

[2] Foucault se gebruik van die solidus dui daarop dat mag en kennis vir sy doeleindes nie afsonderlik bestudeer kan word nie.
[3] Foucault se konsep van diskoers: "... the production of 'things' by words" (Sarup, 1995:71).

behoefte wat, in die konteks van die bespreking van Foucault se mag/kennis-konseptualisering op bladsy 5 ten opsigte van die “gesag” van die taalpraktyk as (aspirerende) professie, as ’n katalisator in die samelewing kan funksioneer.

Aspirerende professies was altyd en is nog steeds ’n kenmerkende sosioprofessionele verskynsel in die samelewing (Goode, 1969). Die tou aspirante is aansienlik en die verskeidenheid op sigself ’n merkwaardige verskynsel: “... stadsbeplanners, besigheids-bestuurders, doodskisvervaardigers, natuurbewaringsbeamptes, onderwysers en instruk-teurs, ingenieurs, begrafnisondernemers, skoonmakers, gemeenskapsleiers ... optometriste, osteopate, ontvangsdames, proefbeamptes, openbare gesondheidsamptenare, tronkbe-waarders, polisiehoofde, skakelbeamptes, geregistreerde verpleegkundiges en maatskaplike werkers (Habenstein, 1963:239); finansiële beplanners, IT-beplanners, biotegnoloë, argitekte, joernaliste, klereontwerpers, vertalers en selfs spotprenttekenaars, tatoeëerders, lyfpriemers en troeteldieroppassers (Noordegraaf, 2007:762); rekenmeesters, elektriese ingenieurs, oftalmoloë, soöloë, motorwerktuigkundiges, brandweerhoofde, rugby-afrigters, hipno-terapeute, verloskundiges, aankopers, tegniese skrywers (Kultgen, 1988:57-58), en les bes, taalpraktisyns.

Vir Larson (1977) verteenwoordig die aktiwiteite van enige beroepsgroep ’n doelgerigte onderneming na sosioprofessionele status en gesag, ’n “professionele projek” en as sodanig (Evetts *et al.,* 2006:109) “... the processes and developments whereby a distinct occupational group both sought a monopoly in the market for its service as well as status and upward mobility (collective as well as individual) in the social order”.

Larson (1977:66) se teoretiese begronding vir die professionele projek berus op die gegewe van ’n stabiele mark en etiese geloofwaardigheid, sowel as die wisselwerking tussen markmonopolie en die proses van kollektiewe mobiliteit waarvolgens moderne beroepe sosiale status probeer bewerkstellig vir veranderende sosioprofessionele rolle en in veranderende sosioprofessionele kontekste:

> ... in order to use occupational roles for the conquest of social status, it was necessary first to build a solid base in the social division of labor. Without a relatively secure market the new pattern of mobility inaugurated by the nineteenth-century professions would have been meaningless. [...] [T]he success of the professional mobility project depended on the existence of a stable market; but also, in the process of securing a market, the professions variously incorporated ideological supports … [that] helped to guarantee on the market the professions’ ethicality.

Wat is ’n “ware professie”, ’n “true profession”? Hoe sien die “ware professie” daar uit as die kwalifiserende tipering van “professie” nie maar net ’n generiese tipe “beroep” is nie; en hoe word die ideaal van “professie” verwesenlik? Hoe gaan die taalpraktykberoep as aspirerende professie in hierdie proses uit die stryd tree? Daarmee word die geldigheid van die professionele projek van die taalpraktyk pertinent onder die soeklig geplaas.

1.3 Die professionele projek van taalpraktisyns

Reiss (1955) ontwikkel ’n klassifikasiesisteem waarin hy onderskei tussen verskillende tipes professies, wat ook die stand van beroepe in ’n moontlike professionaliseringsproses kan

weerspieël. Ander teoretici plaas metterjare hulle eie stempel op die klassifikasiesisteem sodat dit soos volg opgesom kan word:

- die klassieke, gevestigde professies soos die mediese en regsprofessie – of die "free professions" (Wilensky, 1964:138) – en ook universiteitsprofessore; Wilensky (1964:156) gebruik die terme "full profession" of "pure profession"; Carr-Saunders (1955:286) praat van "learned professions"; Hughes & Riesman (1984:377) en Forsyth & Danisiewicz (1985) praat van "true professions"; professies wat outonome status in die samelewing geniet;
- nuwe professies, soos beroepe in die natuur- en sosiale wetenskappe;
- semiprofessies, of kwasi-professies (aldus Forsyth & Danisiewicz, 1985; Wilensky, 1964:156), of ondergeskikte professies (Abbot, 1988:69-79) soos die onderwysberoep, verpleegkunde, maatskaplike werk, biblioteekwese, mediese laboratoriumtegnieke, radiografie, die parajuridiese beroepe; wat tot 'n mate al outonomie bewerkstellig het;[4]
- aspirerende professies, soos taalpraktyk – maar wat in die hedendaagse veranderende sosioprofessionele opset bykans alle beroepe kan insluit;
- marginale of "ontluikende" professies (vergelyk ook Barber, 1965:22-25; Wilensky, 1964:137), dié beroepe wat hand aan hand met, maar in die skadu van die professies werk, en dus nie die vermoë het om professionele status te verkry nie, byvoorbeeld die paramediese beroepe;
- skynprofessies ("mimic professions") (Forsyth & Danisiewicz, 1985:62-65), daardie beroepe wat 'n skynbeeld van professie opgebou het (of probeer opbou) wat alle geloofwaardigheid oorskry, en wat geen gesag in die gemeenskap kan uitoefen nie al wil hulle voorgee dat dit die geval is, soos byvoorbeeld, bestuurskonsultante (Alvesson & Johansson, 2000) en "spirituele helers". Goode (1960a:902-914) praat 'n halfeeu gelede al van die "kwakke" om na die praktisyns van hierdie beroepe te verwys. Goldacre (2009) lewer onbevange antagonisties-geformuleerde kritiek op die "mountebanks and bulshitters" van die heden-daagse populêre alternatiewe terapieë – die New Age "mediese" argetipes van "bad science" soos homeopatie en naturopatie – wat met sofistery die wetenskap misbruik en verdraai in die naam van professie.

Macdonald (1995:10) wys daarop dat die ware professie in die konteks van die professionele projek die implikasie het van "... a body of relatively abstract knowledge, susceptible of practical application, and a market, or market potential, given the social, economic and ideological climate of the time."

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die aspirasie tot professionele status die prerogatief is van enige beroepsgroep. Daar is egter 'n voorbehoud: Eers wannéér en indién die beheersers van sodanige kennisbasis en praktiese oriëntering hulleself in 'n groep organiseer wat dan die disseminasie van die groep se kennisbasis kan standaardiseer én beheer én die mark in die kennisgebaseerde diens domineer – 'n kennismonopolie en 'n markmonopolie vestig – sal hulle hulle in 'n posisie bevind om aanspraak te maak op beroepsprofessionalisering en staatsanksionering: om 'n "regulative bargain" met die staat aan te gaan (Cooper *et al.*, 1988:8 soos aangehaal deur Macdonald, 1995:10) vir professionele status en die daarmee gepaardgaande jurisdiksie en markbeheer. Dit is op hierdie vermoë om 'n kennis- en markmonopolie in die mark te vestig waarop Goldacre (2009) sy verdediging van hoofstroomgeneeskunde bo die alternatiewe van homeopatie,

[4] Hieroor is daar in die literatuur nie ooreenstemming nie: Toren (1969:143) beskryf semiprofessies as beroepe waarin tegniese vaardighede en kennis in plaas van teoretiese/intellektuele kennis en vaardighede in die praktyk beoefen word.

naturopatie, iridologie en al die ander “-patieë” en “-dologieë” van die hedendaagse alternatiewe beroepskultusse grond.

Aldus dan die professionele uitdaging wat taalpraktisyns in die gesig staar.

1.4 Probleemstelling en motivering

Waarom is die professionalisering van die taalberoepe ’n noodsaaklikheid as die problematiek van die proses duidelik uit die literatuur blyk? Waarom voel taalpraktisyns in die verskillende taalberoepe so sterk oor hierdie saak dat semi-onafhanklike professionaliseringsprosesse wêreldwyd loop?

Waarom voel akademici en praktisyns so sterk daaroor dat die saak voortdurend op kongresse bespreek word (vergelyk Blaauw & Boets, 2000:243)? Die antwoord is vervat in die noodsaaklike sosiokulturele en krities-skakelende funksie en rol (Wadensjö, 2007:1) van die taalpraktisyn – die “critical linking up” (Pöchhacker, 2007) – in die hedendaagse samelewing.

Die grotendeels swak standaard van die oormaat geskrewe en visuele tekste in omloop wêreldwyd (Kotze, 1997) weerspieël die noodsaak van professionele taaldienste. Die buitensporige vergoeding wat meestal gepaardgaan met vertaling en teksredigering, byvoorbeeld, en die swak kwaliteit van diens waarmee kliënte te doen kry as dese en gene hulle uitgee as taalpraktisyns, dien as rasionaal vir professionalisering van die taalberoepe, selfs in die hedendaagse sogenaamde postmoderne opset. Professionalisering van die taalberoepe behoort ten minste kwaliteitdiens te verseker. Ten minste sal korporatiewe instansies die waarde van kwaliteitdienste besef en inkoop op professionele geakkrediteerde status.

Soos afgelei kan word uit die bespreking hierbo, verwys “professionalisering” na die proses waardeur “’n werk” of “beroep” (“an occupation”) “’n professie” (“a profession”) word en dus professionele status verkry (Mikkelson, 1999:119). Begrip hiervoor vereis ’n sosiologies-histories begronde studie van die prosesse wat enige beroep ondergaan en die omstandighede waarin sodanige beroep gewikkel raak om te aspireer na en te onderhandel oor professionele status en outonomiteit, en om dié professionele status op die lang duur te behou. Freidson (1994:62) – na aanleiding van Vollmer en Mills (1966) – definieer professionalisering as:

> ... a process by which an organized occupation, usually but not always by virtue of making a claim to special esoteric competence and to concern for the quality of its work and its benefits to society, obtains the exclusive right to perform a particular kind of work, control training for and access to it, and control the right of determining and evaluating the work is performed.

Aan die kern hiervan lê die konsep van die **professionele projek** van Larson (1977) waardeur beroepsprofessionalisering gedefinieer word as “... an attempt to translate a scarce set of cultural and technical resources – special knowledge and skills – into another – social and economic awards” (Larson, 1977:xvii). Dit is hierdie professionele projek as prosesgeoriënteerde onderneming wat aan die studie sy empiriese aard gee. Die proses van professionalisering van taalpraktisyns kan dus gesien word as ’n strewe na die beskerming, kwaliteitsbeheer en organisering van werksaangeleentheid van praktisyns in die taalberoepe.

Die gepaardgaande werksetiek van professionele taalpraktisyns – "professionalisme" – verwys na 'n ideale praktykraamwerk eerder as 'n stel minimumstandaarde en gaan gepaard met professionele beroepserkenning. Dit manifesteer as die som van vaardighede en doeltreffendheid van werkers in die uitoefening van hulle beroep (Hodson & Sullivan, 1997:302), en die daadwerklike, aanskoulike uitlewing van die attribute van die professionele praktisyn. Die aspirasie sou wees om aan die hoogste standaarde te voldoen waarop die publiek geregtig is om van dienste in die samelewing te verwag. Die term "professionalisme" verwys in wese na die internasionaal aanvaarde standaarde wat die samelewing vereis van mense se gedrag en vaardigheidsvlakke in die werksplek. Professionalisme vergestalt as integriteit, persoonlike sowel as beroepsgebonde etiek, beroepsverwante praktyke, sowel as die erkenning, herkenning en gepaardgaande status wat te onderskei is van die leek (Cruess *et al*., 2000; Hattery, 2008).

Taalpraktyk, 'n sambreelterm vir die interlinguistiese aktiwiteite en prosesse in multifasettige samehang – vertaling, tolking, terminologie-ontwikkeling, oudiovisuele vertaling, lokalisering en teksredaksie – verwys vir die doeleindes van hierdie studie na die proses van mediëring in die mate waarin die taalpraktisyn 'n bemiddelingsrol te speel het in die kommunikasieproses tussen verskillende tale en kodes. Die taalpraktisyn tree op as 'n professionele en kulturele interlinguistiese bemiddelaar in hierdie interlinguistiese prosesse (vergelyk byvoorbeeld Bedeker & Feinauer, 2006; Beukes, 2006b; Bochner, 1981a, b; Bühler, 1989a, Bühler, 1989b; Delisle, *et al*., 1999; Hatim & Mason, 1990:236; Muylle, 2008:10; Pym, 2002a; Simeoni, 1998).

Die term "taalpraktisyn" word in hierdie studie gebruik as 'n generiese term vir individue wat daagliks werk met taal in die uitvoering van hulle pligte en spesifiek dan in die konteks van die kulturele bemiddelingsrol wat hulle speel in die kommunikasieproses tussen verskillende tale en kodes soos dit verband hou met hierdie studie.[5]

Die taalpraktisyn vervul 'n sentrale rol in die mediëring van kommunikatiewe, pragmatiese en semiotiese betekenisgewing (Hatim & Mason, 1990:236; Hatim & Mason, 1997). Muylle (2008:10) som hierdie betekenisgewing- en mediëringsproses soos volg op:

> During negotiations translators, conference interpreters and all the specialists in document processing, editing, verbatim reporting and proof-reading, play a crucial role as facilitators or go-betweens. They contribute to the inter-cultural dialogue as custodians of correct language use in the decision-making process, fostering authentic texts, agreements, contracts and possibly law-making. Trained language mediators do not transpose words into other words but rather perform an act of intercultural mediation reaching far beyond words. These highly demanding language and communication skills coupled together with thematic proficiency can only be learned through specific professional post-graduate programmes at higher education institutes and universities.

Die taalpraktisyn se kulturele mediëringsrol lê opgesluit in 'n hele spektrum unieke kulturele kommunikasienuanses soos dit in die spesifieke mediëringsproses ter sprake kom: 'n kulturele mediator is 'n individu wat kommunikasie, begrip en interaksie vergemaklik en bevorder in die mediëringsproses tussen persone of groepe wat van mekaar verskil ten opsigte van taal en kultuur. Die rol van die mediator manifesteer as die interpretering van gesigsuitdrukkings, intensies, persepsies en verwagtinge van een kultuur na 'n ander deur

[5] Die term "vertaler" word uit die literatuur toegepas in sy generiese konteks aangesien dit tot 'n groot mate verteenwoordigend is van die aktiwiteite van al die taalberoepe soos dit in hierdie studie ter sprake kom in die konteks van die taalpraktyk: "We use the term 'translator' in its broadest meaning: 'translators', for us, are all those who take care of the transmission of a message." (Herbulot, 1998:3); vergelyk ook Blaauw (2006:59).

die kommunikasie tussen hulle te vestig en te balanseer. Om hierdie brug te bewerkstellig moet die mediator as ’t ware ’n kulturele dubbelagent wees (Taft, 1981:53).

Hierdie dubbelrol – “two skills in one skull” – vereis praktykspesifieke kennis en vaardighede in beide die kulture ter sprake (Carstens & Van de Poel, 2010; Taft, 1981:73):

- kennis van die samelewings ter sprake: die geskiedenis, landeskunde, tradisies, waardes en norme, die heilige koeie, die natuurlike omgewing en sy belang, gemeenskapsleiers;
- kommunikasievaardighede: geskrewe, verbaal, luister, nieverbaal;
- tegnologiese sowel as tegniese vaardighede: mediëringsgerigte beroepsvaardighede in die onderskeie subdissiplines van tolking, teksredaksie, vertaling, oudiovisuele vertaling en die verbandhoudende tegnologiese hulpmiddele, en
- sosiale vaardighede: kennis van die protokol wat sosiale verhoudinge en interaksie in die samelewing bepaal, emosionele intelligensie en vaardighede, selfbeheer, selfrefleksie en sin vir verantwoordelikheid en aanspreeklikheid.

Hierdie vaardighede word in Hoofstuk 4 in verband gebring met die praktykgerigte opleiding van taalpraktisyns:

- algemene kennis en vaardighede: kulturele en maatskaplike wêreldkennis, kennis van die vernaamste wysgerige, historiese, taal-, letterkunde- en vertaalteorieë; kultuurfilosofiese verwikkelinge in die wêreld van moderniteit tot op hede; landeskundige kennis; ’n kulturele, geskiedkundige, maatskaplike, politieke en institusionele verwysingsraamwerk van die konteks van die bestudeerde kulture;
- taalkennis en taalvaardighede: skriftelike, mondelinge en ouditiewe kommunikasie-vaardighede in diverse, komplekse, kommunikatiewe en professionele kontekste en tekste;
- taalpraktykkennis en -vaardighede: beroepsgerigte en praktykgeoriënteerde kennis en vaardighede, en
- praktykleer en -vaardighede: praktiese toepassing van vaardighede in die bedryf en oriëntasie in die bedryfsomgewing.

Dit blyk dat daar in professionele verband verskeie praktiese probleme bestaan wat taalpraktisyns in die daaglikse uitvoering van hulle pligte in die gesig staar:

- ’n onwilligheid van die regering om beroepe te professionaliseer;
- ’n gebrek aan behoorlike opleiding in die verskillende taalberoepe;
- die kwaliteit van opleiding ter sprake;
- toelatingsvereistes tot die verskillende taalberoepe;
- kwaliteit van diens;
- omvang en verskeidenheid van take, en
- die gebruik van verskeie verwarrende professionele titels.

Uit die literatuur is dit duidelik dat daar oor die afgelope jare baie geteoretiseer is oor hierdie praktiese probleme sonder ’n plan van aksie om die probleem aan te sny. Dit wil voorkom of professionalisering van die taalberoepe die oplossing vir die huidige stand van sake is, maar dat die implementering van so ’n plan van aksie vir professionalisering nie ’n werklikheid kan word nie (vergelyk byvoorbeeld Blaauw & Boets, 2003:67; SATI, 1997:5-6).

Die navorsingsprobleem wat hom dus voordoen, is: Watter vereistes moet nagekom word om die taalpraktykberoep te professionaliseer?

Ter motivering van dié navorsingsvraag kan die volgende stelling gemaak word: Die uiteinde van die proses sal onder andere moontlik tot wetgewing lei waarin konkrete bepalings vervat is oor (byvoorbeeld) toelatingsvereistes tot die beroep. Uit hierdie navorsing behoort dit dan duidelik te word watter soort toelatingsvereistes die beste sal funksioneer in die geval van professionele taalpraktisyns; met ander woorde, die wetenskaplike meriete waarop 'n bepaalde voorstel vir konkrete bepaling berus, behoort geïdentifiseer te word.

Die terreinafbakening sien soos volg daar uit:

- ***Lande***: Suid-Afrika en Vlaandere. Die hedendaagse sosioprofessionele realiteit van die taalpraktykmark, vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief, dui daarop dat hoewel voldoende geleenthede en uitdagings voorkom in die proses van professionalisering van die taalprofessies in Suid-Afrika in die vorm van statutêre onderneming, pogings van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut en die ontwikkeling van 'n etiese kode (Blaauw, 2001; Combrink & Verhoef, 2002:320), dié proses nog grotendeels in sy kinderskoene staan. In Vlaandere word 'n soortgelyke stand van sake ten opsigte van die professionaliserings-proses van die taalberoepe ervaar (vergelyk Carstens, Verhoef & Blaauw, 1999:2).

  Sedert 1945 vind 'n dinamiese kulturele wisselwerking tussen Suid-Afrika en Vlaandere, die noordelike, Nederlandstalige deelstaat van België, plaas. Die taalverwantskap tussen die Afrikaners en Vlaminge speel 'n sentrale rol in hierdie kulturele wisselwerking. Wedersydse taal- en kulturele bande is deurslaggewende aspekte (Terblanche, 2011) vir 'n begrip vir die strewe na die bewaring en uitbouing van eie identiteit (Terblanche, 2010:449).

- ***Tale***: Die relevante tale – Afrikaans en Nederlands – in bogenoemde lande in die groter sosiomaatskaplike konteks soos wat dit in die onderskeie taalberoepe in 'n multitalige konteks funksioneer, kom ter sprake. Net soos vir Afrikaansprekende Suid-Afrikaner, is taal vir die Vlaming 'n instrument om sy identiteit te vergestalt (Scholtz, 2009:14; Eppink, 2004; Scholtz, 2001:10).

  Taalpolitieke aangeleenthede speel histories 'n pertinente geskilpunt in beide Suid-Afrika en Vlaandere, wat in die huidige sosiopolitieke opset in beide lande nuwe dimensies aanneem wat noodwendig 'n impak sal hê op die professionaliseringsproses van die taalpraktyk onder bespreking. Die Vlaamse taalbewussyn is gesmee deur 'n langdurige taalstryd teen Franstalige oorheersing gedurende die 19de en 20ste eeu, maar wat in die 21ste eeu dreig om 'n ideologiese taalstryd te word (Blommaert & van der Avermaet, 2007:13) sodat twee dinge verlore gaan: die rasionele basis van taalbeleid en die relevansie van taalbeleid, wat die professionalisering van taalpraktyk kan beïnvloed.

  Eppink (2004) beskou die taalkwessie, die stryd tussen die taalgemeenskappe België, as 'n wesenskenmerk van die Vlaamse/Belgiese politiek. In wese oorspronklik 'n stryd van die Nederlandstaliges teen die dominansie van Frans, van die Vlaams nasionalistiese beweging teen die Belgiese staat wat deur die Franstaliges gedomineer is, neem dit metterjare 'n multidimensionele taal-, politiese en sosio-ekonomiese kleur aan. 'n Wesenskenmerk van die Belgiese politiek is die feit dat "alles een communautaire

dimensie heeft" (Eppink, 2004:93-94). Die Afrikaners se taalstryd hang eweneens saam met 'n strewe na politieke en sosio-ekonomiese behoud, en in die postapartheidsbedeling in Suid-Afrika word die behoud om Afrikaans opnuut 'n kwessie.

- ***Dissiplines***: Uit die literatuur blyk dit dat verskeie navorsers Tseng (1992) se sosio-professionele model toegepas het op die proses van professionalisering van verwante taalberoepe, maar sonder om die intrinsieke aard van professie te verreken. Die model kan in die beoogde ondersoekproses egter ook van waarde wees, nie net weens die heuristiese waarde daarvan nie, maar ook omdat die sosiale makrokonteks waarin professionalisering plaasvind, verreken word – 'n aspek wat van deurslaggewende belang is in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika, gegewe die huidige maatskaplike voedingsbodem. Fenton (1993) en Mikkelson (1999) fokus op die gesproke taal in die konteks van gemeenskapstolking ("community interpreting") in verskeie lande, terwyl Pollitt (1997) die beroep van gebaretaaltolking in die Verenigde Koninkryk onder die loep neem. Bolster (2005) maak gebruik van die model in haar studie van die proses van professionalisering van gebaretaaltolking in die onderwysopset in die VSA. Daar word beoog om die dissiplines teksredigering, vertaling, tolking, gebaretaaltolking, en onderskrywing in hierdie studie te betrek soos dit in die huidige sosiale konteks in Vlaandere en Suid-Afrika as aspirerende taalprofessie funksioneer.

- ***Omvang van professionalisering***: Konsensus rakende die attribute van professie, 'n professionele titel, opleiding en kwaliteit van opleiding, toelatingsvereistes tot die onderskeie beroepe, akkreditasie en lidmaatskap aan 'n beroepsraad vir taalpraktisyns word ten doel gestel.

- ***Meganisme vir implementering***: Die daarstelling van 'n geloofwaardige professionele vereniging soos 'n beroepsraad vir taalpraktisyns en die aanvaarding van 'n etiese kode word in die vooruitsig gestel. Tseng (1992:54) is van mening die professionele beroepsliggaam is 'n sine qua non vir professionalisering. Die professionele beroepsliggaam dien as 'n instrument om die status van taalpraktisyns te vestig. Die gesag en prestige van die professionele beroepsliggaam speel inderdaad 'n deurslaggewende rol op die weg van professionalisering van enige beroep, veral ten opsigte van lojaliteit en kwaliteit van diens. Tseng (1992:49) gaan van die standpunt uit dat die etiese kode van deurslaggewende belang is "... because it functions externally as one of the bargaining chips to earn public trust and internally as an indispensable tool for internal control". Hy stel die gesag van die etiese kode ook pertinent: "It is impossible to overemphasize its importance and relevance to the overall development of the profession" (Tseng, 1992:54). Die interafhanklikheid van die etiese kode en die professionele beroepsliggaam is ook van kardinale belang.

1.5 Sentrale teoretiese stelling

Daar word van die standpunt uitgegaan dat professionalisering van die taalpraktyk die oplossing is vir die huidige stand van sake in die taalpraktykberoep en -mark en die weerstand en/of probleme wat ervaar word.

Die fundamentele kwessie wat in hierdie studie onder die loep kom, is 'n ondersoek na die huidige vermeende gebrekkige verloop en organisatoriese gang van die professionaliserings-

proses van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere. Die afwesigheid van vier kritieke attribute vir professionalisering soos vervat in Tseng (1992) se sosioprofessionele beroepsmodel (naamlik gesaghebbendheid, geloofwaardigheid, solidariteit en 'n mosie van vertroue uit die gemeenskap) wat vertaal na gebrek aan professionele outonomie en monopolie, is vervat in die probleme wat geïdentifiseer is wat die proses van professionalisering belemmer en verantwoordelik is vir die huidige toestand van disharmonie in die taalpraktykmark.

1.6 Doelstellings

Die volgende vier mylpale moes bereik word om die navorsingsprobleem – die vereistes waaraan die taalpraktyk moet voldoen om te professionaliseer – vas te stel en aanbevelings te doen vir die verdere verloop daarvan:

1. Die ontwikkeling van 'n beredeneerde stel oorwegings waarop 'n haalbare model van professionalisering gegrond behoort te wees: die attribute van professie as 'n prototipemodel.
2. 'n Ondersoek na die huidige stand van sake in die taalpraktyk in die konteks van beroepsprofessionalisering in Suid-Afrika en Vlaandere aan die hand van 'n prototipemodel van professie wat die attribute inherent aan professie beskryf.
3. 'n Ondersoek na die struikelblokke wat professionalisering in die wiele ry en moontlike oplossings in dié verband.
4. Spesifieke aanbevelings wat die professionaliseringsproses van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere kan vergemaklik voortvloeiend uit die prototipemodel en beredeneerde stel oorwegings na aanleiding van die empiriese ondersoek na die struikelblokke wat die professionaliseringsproses beïnvloed.

1.7 Metode van ondersoek

'n Omvattende literatuurondersoek is gedoen, veral met betrekking tot die sosiologie van die professies en die vraag na wat 'n professie is, waar die idee van professie vandaan kom, sowel as na die struikelblokke in die proses en problematiek van professionalisering van die onderskeie taalberoepe na aanleiding van die professionaliseringsproses van bestaande gesaghebbende beroepe, naamlik die professies.

Sodoende is die sentrale teoretiese stelling gekontekstualiseer. Alle beskikbare databasisse is deurgewerk, onder andere FerdiKat, SAKat, SAePubl, EBSCOhost (2003-2007), Nexus, en Emerald om hierdie inligting te versamel. Die omvangryke literatuur van die sosiologie van beroepe en professies bied 'n heuristiese uitgangspunt omdat dit vanuit beroepspraktyke gegrondves is. Alle ander moontlike beskikbare relevante bronne is nogtans geraadpleeg in die literatuurondersoek om inligting in dié verband te bekom.

1.8 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 bied 'n algemene oorsig oor die verdeling van arbeid in die samelewing en die appèl van beroepsprofessionele status as agtergrond tot die kontekstualisering van die probleemstelling, die sentrale hipotese, die doelstellings en die metode van ondersoek.

Die identifisering van die attribute van professie uit die literatuur vorm die sentrale tema van die bespreking in **Hoofstuk 2.** Deurlopende temas hou verband met die tipes definisies, die noodsaak van definisie, en die historisiteitsdimensie (die dinamiese konsep van professionalisering) versus die statiese konsep van professionalisering, alles verband-houdende aspekte van die definisiegeskil wat sentraal staan in die literatuur van die definisieproblematiek van die professies.

Die bespreking in hierdie hoofstuk wat handel oor die problematiek van die definiëring van die term "professie" is toegespits op:

- 'n ondersoek na die feit van die definisiële woordegeskerm, konsensus en gebrek aan konsensus;
- 'n ondersoek na die redes vir die definisieproblematiek in die literatuur: die etimologie van die woord en die aard van die konsep, die taksonomiese benadering as aanslag tot definiëring/konseptualisering, revisionistiese benaderings en strukturele invariansie (Sciulli, 2009)[6];
- 'n bespreking van drie verskillende benaderings tot kategorisering – die klassieke, benadering, die kritiese benadering en prototipebenadering – om 'n aanknopingspunt met die verskillende tradisies wat blyk uit die literatuur van die sosiologie van professies, en die definiëring van "professie" te bewerkstellig en te verreken;
- die vraag na die mate waarin die verskillende kenmerke van professie funksioneel-strukturele onveranderlikheid toon;
- 'n ondersoek na die verskillende (tipes) definisies in die literatuur – woordeboekdefinisies sowel as sosiologiese definisies – om tot 'n werksdefinisie vir die professionele projek van taalpraktyk onder bespreking te kom na aanleiding van die bespreking van die leksi-kologiese konsep van woordbetekenis soos vervat in die benaderings tot kategorisering;
- 'n ondersoek na die mate waarin die verskillende en verskeidenheid binêre kenmerke van "professie" (klassieke kategorieë) vervat kan word in 'n prototipestruktuur met tipiese attribute van 'n professie (kognitiewe kategorieë);
- 'n kontekstualisering van die term "professionalisering" om die verband te lê tussen die definisie van professie en die diachroniese proses van professionalisering.

Die rasionaal agter hierdie werkswyse impliseer dat dieselfde werklikheid op verskillende wyses gekonseptualiseer word, met ander woorde, die werklikheid self word nie verander deur die benadering wat met hierdie oplossings gebied en gevolg word nie.

Hoofstuk 3 behels 'n literatuurondersoek na die teoretiese benaderings tot die professies: die opkoms, rol en funksie van die professies in die samelewing as 'n idealetipe beroeps- en statusgroep en die diverse beroepsprofessionaliseringsprosesse wat met sodanige status gepaardgaan. Die bespreking geskied teen die agtergrond van die klassieke sosiologiese benaderings tot die verdeling van werk, die funksionele, interaksionele en konflikbenadering, asook die postmoderne benadering soos dit van toepassing is op beroepsprofessionalisering oor die algemeen en op taalpraktyk spesifiek. Die hoofstuk val uiteen in drie afdelings:

[6] Die revisionistiese benadering en strukturele invariansie word in Hoofstuk 3 in meer besonderhede behandel. In hierdie hoofstuk word daarna verwys om die definisieproblematiek in konteks te plaas om sodoende tot 'n werksdefinisie te kom vir die taalpraktyk, die professionele projek onder bespreking.

- ’n oorsig oor die literatuur van die bestaande onderbou van die sosiologieteorie van die professies om die huidige stand van sake ten opsigte van die sosiale aard en funksie van die professies te ondersoek;
- ’n motivering vir die sosiologiese benadering tot beroepsprofessionalisering teen die agtergrond van die sosiopolitieke kultuur waarteen ’n professionaliseringsproses hom afspeel;
- ’n bespreking van die verskillende sosiologiese benaderings tot die professies met die klem op die moderne benaderings, te wete die funksionele benadering, die interaksionele benadering, en die konflikbenadering soos dit verwoord word in die teorie van Émile Durkheim, Max Weber en Karl Marx, asook die hedendaagse postmoderne benadering en poststrukturalistiese kritiek.

Die doel van hierdie bespreking het ten doel die begronding van die sosiale aard van die professies en die identifisering van die verskillende klassieke benaderings onderliggend aan die sosiologie van die professies in die konteks van die strukturele inslag van die moderne teorieë, sowel as ’n kritiese beskouing van die huidige stand van die sosiologie van die professies in hierdie verband vanuit die postmodernisme.

Die kern van die probleem na die oënskynlike sukkelgang van die professionele projek van die taalpraktyk in die beroepsomgewing van die taalpraktisyn word in **Hoofstuk 4** in diepte ondersoek. Ter sprake is die verskillende moontlikhede wat as struikelblokke en/of katalisators die professionele erkenning vir taalpraktisyns benadeel of moontlik bevoordeel. Die bespreking geskied teen die agtergrond van:

- die institusionele klimaat waarin die proses hom bevind;
- die konteks waarin die proses plaasvind;
- die persepsie van waarde waarmee die proses gepaardgaan;
- die sosio-ekonomiese faktore wat die proses bepaal, en
- die stand en omvang van opleiding as deurslaggewende faktor in die model van professie.

Die kern van die vraag na die vermoedelike stagnasie in die verloop van die professionaliseringsproses van die taalberoepe kan gesien word as ’n komplekse wisselwerkring tussen die interne en eksterne gegewe van die konteks waarin die proses hom afspeel.

In **Hoofstuk 5** word ’n plan van aksie voorgestel vir ’n haalbare professionele projek vir die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere. Die analise in Tabel 4.14 van die professionele stand van die taalpraktyk toon die noodsaaklikheid aan van ’n paradigmaskuif ten opsigte van die struikelblokke van die professionaliseringsproses soos dit uit die literatuur afgelei word. Krities beskou, verteenwoordig gevestigde konsepte van “struikelblokke” in der waarheid die struikelblokke self: indien hierdie gegewes beskou word as katalisators, word dit die impetus vir ’n lewensvatbare, sistematiese en uitvoerbare professionele taalpraktykprojek.

Die studie neem vervolgens ’n aanvang met ’n bespreking van die vraag: Hoe sien die ware professie daar uit?

What's in a name? that which we call a rose
By any other word would smell as sweet;
So Romeo would, were he not Romeo call'd,
Retain that dear perfection which he owes,
Without that title. ...

~ **William Shakespeare** ~

If you wish to converse with me, define your terms.

~ **François-Marie Arouet** ~

The man who addresses himself to the problem of defining a profession should be able to say with equanimity: "It is better to light a little lantern than to curse the darkness."

~ Morris L. Cogan ~

To classify is human.

~ **Geoffrey C. Bowker** & **Susan Leigh Star** ~

Grammar is conceptualization.

~ Ron Langacker ~

HOOFSTUK 2

Die prototipe van professie

> The central insight of prototype theory is that word meanings, and the conceptual classes that the words name, are distinguished one from another not in terms of an explicit definition, but in terms of similarity to a generic or best example.
>
> ~ J.A. Hampton ~

2.1 Inleiding en kontekstualisering

Een van die mees fundamentele kwessies in die geskiedenis van die sosiologie van professies is die vraag: Hoe moet daardie beroepe wat algemeen bekend staan as “die professies” gedefinieer, bestudeer en verklaar word? Hierdie vraag is direk van toepassing op die taalpraktyk wat as beroep strewe na professionele status. In die konteks van ’n geslaagde professionele projek bied die gevolgtrekking – die definisie – die sleutel tot die integriteit van die wetenskaplike ondersoek na die aspirasies van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere na professionele status.

Die vraag na die essensie van ’n professie (en dus van professionalisering en die professionele status van beroepe) blyk uit die literatuur ’n holruggeryde kwessie met milddadige menings te wees (Becker, 1970a:87). Die soeke na die “... salient aspects of this sometimes exalted and cynical terrain ...” (Soder, 1990:38) ontaard dan in ’n doolhof van leksikologiese verwarring. Dit wil voorkom of elke skrywer oor die professionele verskynsel gedurende die afgelope 100 jaar sy hand aan die definiëring van die konsep “professie” gewaag het en stéédswaag: “Definitions of a profession multiply without end ...” (Hatch, 1988:3), ’n praktyk wat ontaard het in “... definitial exercises [that] litter the field” (Johnson, 1972:10) en “sterile definition-mongering” (Kultgen, 1988:70), met as gevolg ’n monumentale verwarring van en gebrek aan leksikologiese konsensus, sowel as professionele self-voldaanheid en onbestendige en uitgediende kritiek.

Vir die taalpraktyk – die proses van bemiddeling in die kommunikasieproses in die verskillende taalberoepe en die mate waarin die taalpraktisyn 'n bemiddelingsrol te speel het in die kommunikasieproses tussen verskillende tale en kodes – is 'n werksdefinisie egter noodsaaklik ten einde die identifisering te verseker van die beginsels van professionele praktyk en gedrag. Hierdie beginsels vorm die grondslag van die modus operandi van interaksie van taalpraktisyns met kliënte, kollegas, die algemene publiek en die professionele beroepsliggaam, die spesifieke kriteria vir algemene en gespesialiseerde professionele opleiding, die vereistes vir toelating tot die praktyk, en die standaarde vir bevoegde, gespesialiseerde diens. Al hierdie elemente moet as noodsaaklike attribute in 'n definisie vir die taalpraktyk as professie[1] verreken word.

Die identifisering van die attribute van professie vorm die sentrale tema van die bespreking in hierdie hoofstuk. Deurlopende temas hou verband met die tipes definisies, die noodsaak van definiëring, die appèl van professionele status, en die historisiteitsdimensie (die dinamiese konsep van professionalisering) versus die statiese konsep van professionalisering, alles pertinente en relevante aspekte van die definisiegeskil wat sentraal staan in die sosiologie van die professies.

Hierdie hoofstuk val uiteen in drie dele:

- 'n bespreking van die definisieproblematiek soos dit in die literatuur neerslag vind ten opsigte van die feit van die definisiegeskil en die redes vir die geskil, en die moontlike oplossing vir hierdie problematiek;
- 'n ondersoek na bestaande definisies in woordeboeke sowel as in sosiologiese bronne om tot 'n werksdefinisie vir die taalpraktyk onder bespreking te kom, en
- 'n bespreking van die professionaliseringsproses om die verband te lê vanuit die definisie van 'n professie met die verloop van die professionaliseringsproses.

Die bespreking in hierdie hoofstuk wat handel oor die problematiek van die definiëring van die term "professie" is toegespits op:

- 'n ondersoek na die feit van die definisiële woordegeskerm, konsensus en gebrek aan konsensus;
- 'n ondersoek na die redes vir die definisieproblematiek in die literatuur: die etimologie van die woord en die aard van die konsep, die taksonomiese benadering as aanslag tot definiëring/konseptualisering, revisionistiese benaderings en strukturele invariansie (Sciulli, 2009)[2];
- 'n bespreking van drie verskillende benaderings tot kategorisering – die klassieke, benadering, die kritiese benadering en prototipebenadering – om 'n aanknopingspunt met die verskillende tradisies wat blyk uit die literatuur van die sosiologie van professies, en die definiëring van professie te bewerkstellig en te verreken;
- die vraag na die mate waarin die verskillende kenmerke van professie funksioneel-strukturele onveranderlikheid toon;
- 'n ondersoek na die verskillende (tipes) definisies in die literatuur – woordeboekdefinisies sowel as sosiologiese definisies – om tot 'n werksdefinisie vir die professionele projek van

[1] "Professie" wanneer na die woord, konsep, term, kategorie, model en so meer verwys word; professie in die konteks van die idealetipeberoep.
[2] Die revisionistiese benadering en strukturele invariansie word in Hoofstuk 3 in meer besonderhede behandel. In hierdie hoofstuk word daarna verwys om die definisieproblematiek in konteks te plaas om sodoende tot 'n werksdefinisie te kom vir die taalpraktyk, die professionele projek onder bespreking.

taalpraktyk onder bespreking te kom na aanleiding van die bespreking van die leksikologiese konsep van woordbetekenis soos vervat in die benaderings tot kategorisering;
- 'n ondersoek na die mate waarin die verskillende en verskeidenheid binêre kenmerke van "professie" (klassieke kategorieë) vervat kan word in 'n prototipestruktuur met tipiese attribute van 'n professie (kognitiewe kategorieë);
- 'n kontekstualisering van die term "professionalisering" om die verband te lê tussen die definisie van professie en die diachroniese proses van professionalisering.

Die rasionaal agter hierdie werkswyse impliseer dat dieselfde werklikheid op verskillende wyses gekonseptualiseer word, met ander woorde, die werklikheid self word nie verander deur die benadering wat met hierdie oplossings gebied en gevolg word nie.

2.2 Die definisieproblematiek

'n Ondersoek na die professionalisering van enige beroep impliseer 'n begrensing van die terme wat daarmee verband hou om 'n teoretiese vertrekpunt te bied vir wetenskaplike ondersoek. Wanneer daar met 'n konsep gewerk word, wat, enersyds uit hoofde van die etimologie van die woord (Freidson, 1986:21-32), en andersyds juis in 'n poging tot konseptualisering[3], soveel semantiese verwarring en verwikkeldheid skep dat sosioloë en wetenskaplikes ná meer as 'n eeu nog nie definisiële konsensus kon bereik nie, verkry die definiëringsvraagstuk ekstra dimensie.

Vervolgens word die problematiek van definiëring van die professionele verskynsel – die professie – soos dit neerslag vind in die literatuur van die professies kortliks ondersoek. Aspekte wat ter sprake kom, is die feit van die definisiegeskil en moontlike redes daaragter, en benaderings tot kategorisering as moontlike oplossing vir hierdie problematiek.

2.2.1 Die realiteit van die definisiegeskil

Abbott (1988:7) verwys na die resultaat van die definisiële woordegeskerm in die literatuur as "naturalistiese gekibbel" met aanvegbare resultate wat vir baie jare 'n eksklusivistiese oorweging (Abbott, 1988:8) agter die bestudering van die professies ten grondslag gelê het, veral in teoreties-ondeurdagte publikasies. Die gevolg is dat die aanvanklike wesenlike vrae onderliggend aan die aktualiteit van die professionele verskynsel mettertyd in obskuriteit verval het sodat die klem op die problematiese konsep van "professionalisering" val, 'n benadering, beweer Abbott (1988:1-2), wat die sosiologie van die professies op 'n dwaalspoor geplaas het.

Papier is egter geduldig: "Much debate, going back at least as far as Flexner (1915), has centered around how professions should be defined. But ... a number of tallies have demonstrated a persistent lack of consensus about which traits are to be emphasized in theorizing" (Freidson, 1994:14) tot die mate dat "... we seem to be no nearer consencus [in 1994] than we were in 1915 ..." (Freidson, 1994:15), en nog minder in 2012, soos sal blyk uit die bespreking in 2.3. Dit spreek dus vanself dat hierdie gebrek aan konsensus in die navorsingsgemeenskap een van die grootste struikelblokke tot die professionalisering van beroepe word en werkbare modelle vir professionalisering moeilik maak (Tseng, 1992:42).

[3] Die analitiese hulpmiddele wat óf deur kognitiewe antropoloë en kognitiewe linguiste ontwikkel óf gebruik is om ondersoek in te stel na die verskynsel dat verskeie kenmerke van menslike tale gegrond kan wees in nielinguistiese en perseptuele stelsels (Sharifian, 2003). Dit sluit in die terme "kategorie", "skema" en "eksemplaar" soos dit in hierdie hoofstuk ter sprake kom.

Inderdaad, in die woorde van Freidson (1994:107): "... the word may be so hopelessly corrupted that its use is a positive handicap to the development of systematic concepts for the study of work and its organization." Die antwoord op die vraag: Wat gee aanleiding tot die definisieverwarring in die literatuur? kan dan moontlik te vinde wees in 'n ontoereikende leksikologiese konsep van woordbetekenis in die literatuur van die professies, en uiteraard dan van die konsep "professie" en "professionalisering". 'n Voorondersoek na die leksikologiese konsep van woordbetekenis (in die konteks van die kategorisering van betekenis) om 'n aanknopingspunt met die definiëring van "professie" te bewerkstellig en te verreken, sou baie daartoe kon bydra om die definisieproblematiek te verhelder. Hierdie ondersoek word in 2.4 gedoen.

Die feit van die saak is: die pogings tot definiëring van "professie" ontketen oor die afgelope dekades indringende besprekings en gebelgde onderonsies in die literatuur (vergelyk onder andere Carr-Saunders & Wilson, 1933; Parsons, 1951; Cogan, 1953; Cogan, 1955; Hughes, 1958; Habenstein, 1963; Wilensky, 1964:138; Johnson, 1972), maar ook in meer onlangse en eietydse publikasies (Sciulli, 2005a; Malatesta, 2005; Torstendahl, 2005; Sciulli, 2005b, Sciulli, 2009), waarskynlik omdat die konsep "professie" op sigself sosiaal gekonstrueer en geïnstitusionaliseer is (Abel, 1979; Larson, 1977). Volgens Freidson (1994:14) is dit juis die "... very nature of the concept of profession itself that plays a critical role in creating some of the problems addressed by metatheoretical writings," soos pertinent gestel in Foucault (1977:213) se konseptualisering van die uitwerking van mag: "Power is not an institution, and not a structure; neither is it a certain strength we are endowed with; it is the name that one attributes to a complex strategical situation in a particular society".

Voeg hierby die strewe na professionalisering kenmerkend van die industriële wêreld (Goode, 1960a:902); die appèl van professionele status in die sosioprofessionele opset gekoppel aan die verwagtinge wat aan die konsep "professionele status" geheg word (vergelyk die bespreking in Hoofstuk 1); die gebrek aan 'n begrip van die kognitiewe linguistiek, en alle pogings tot definiëring loop die risiko van kontroversie, kritiek en uiteindelike mislukking. 'n Gebrek aan 'n behoorlike verantwoordbare leksikologiese konsep van woordbetekenis lê dus aan die kern van hierdie stand van sake.

Navorsing in hierdie verband lewer nietemin 'n "gedugte" (Moore & Rosenblum, 1970:245), oorweldigende en uiteenlopende versameling definisies van 'n professie op, wat Freidson (1994:16) ook beskryf as: "... (t)he definitional problem that has plagued the field for over half a century ..." Die feit van die omvang van die definisieproblematiek dui op die nut van 'n haalbare leksikologiese konsep van woordbetekenis, aangesien die definisiële problematiek enersyds die kompleksiteit van die teoretiese begronding van die professionele verskynsel weerspieël, maar andersyds spreek dit ook van die appèl van sosioprofessionele status, eweneens vir sosioloë én beroepslui: "Die titel 'professie' is 'n aanspraak op sosiale status en erkenning" (Freidson, 1973:5).

Uit die literatuur van die sosiologie van die professies word dit duidelik: Die kategorisering (of definisie) van die woord "professie" ("profession") behels, is vir die grootste gedeelte van die twintigste eeu die onderwerp van bespreking en meningsverskil onder akademici en sosioloë (Soder, 1990:38). Die polemiek manifesteer in 'n "truly tremendous literature" (Moore & Rosenblum, 1970:245) van "definition-mongering" (Kultgen, 1988:70) met min welslae, soos blyk uit die volgende opmerkings:

- “No broad acceptance of any ‘authoritative’ definition has been observed ...” (Cogan, 1953:33).
- “... of the dozens of writers on this subject [wat ’n professie is] few seem to agree on the real determinants of professional status” (Millerson, 1964b:15)[4].
- “One might remark that the many definitions of this notion [profession] proposed in the sociological literature are far from being in agreement or without ambiguity (Jamous & Peloille, 1970:112).
- “Much of the literature on the professions is devoted to the question of what constitutes a profession. In general, the answers produced have not been illuminating” (Hatch, 1988:2).
- “Much debate, going back at least as far as Flexner (1915), has centered around how professions should be defined. ... a number of tallies have demonstrated a persistent lack of consensus about which traits are to be emphasized in theorizing” (Freidson, 1994:14).
- “... we seem to be no nearer consensus than we were in 1915 ... (Freidson, 1994:15).

’n Definisie van “professie” is egter noodsaaklik omdat dit enersyds ondersoekveld afbaken: “A word with so many connotations and denotations cannot be employed in precise discourse without definition” (Freidson, 1994:15), wat Larson (1977:xi) egter noop tot die stellige uitspraak: “In fact, the professional phenomenon does not have clear boundaries.”

Andersyds bied die keuse van ’n definisie ’n begrip van die omvang van die taakomskrywing, werksaamhede, diens en verantwoordelikheid van die beroep onder bespreking, in hierdie geval die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere. Dit bied ook insig in en agtergrond tot die strewe na professionalisering in die huidige sosioprofessionele opset in hierdie lande, en het ’n invloed op die sukses al dan nie van die professionaliseringsproses.

Die vrae wat in hierdie verband ontstaan, sluit in: Wat sou die redes wees vir die definisiegeskil wat metterjare soveel onenigheid veroorsaak dat sommige teoretici definiëring as onbelangrik beskou (Klegon, 1978:268); dat sommige weier om ’n definisie te gee (Carr-Saunders & Wilson, 1933:105; Jamous & Peloille, 1970: 111-112); dat ander die verskynsel bevraagteken of die definisiepogings afkeur (Hanlon, 1999:3); dat nog ander verkies om die kwessie bloot te ignoreer (Abbott, 1988; Hanlon, 1999), en slegs te fokus op die dinamiese proses van professionalisering eerder as die statiese konsep van struktuur en funksie (Hughes, 1958; Houle, 1980; Vollmer & Mills, 1966)?

2.3 Redes vir die definisiegeskil

Die strewe na professionalisering dra waarskynlik op sigself op die lang duur by tot die definisieverwarring omdat al hoe meer beroepe oor die jare heen begin aanspraak maak op professionele status. Die gevolg is dat addisionele beroepseie eienskappe bygevoeg word tot die bestaande taksonomiese modelle om te verseker dat die beroep onder bespreking aan “professionele” standaarde kan voldoen, wat die kwessie van definiëring nie net verder kompliseer nie, maar ook perpetueer. Die definisie van professie word gevolglik aangepas om die omstandighede van ’n spesifieke beroep in te sluit.

Die diachroniese ontwikkeling in die vorm van herdefiniëring van die begrip “professie” oor tyd gaan dus hand aan hand met die strewe van beroepe na professionele status, en, soos in die volgende afdeling aangetoon sal word, fokus op die kenmerke van professie vanuit die

[4] Soos aangehaal deur Johnson (1972:23).

klassieke benadering tot kategorisering. Die probleem word dan verder gekompliseer met pogings van teoretici "... attempting to treat professions as if it were a generic rather than a changing historic concept, with particular roots in an industrial nation strongly influenced by Anglo-American institutions" (Freidson, 1994:16; vergelyk ook Abbott, 1988; Becker *et al*., 2009; Thurk, 2004; Sciulli, 2009).

Sinchroniese meningsverskille spruit uit uiteenlopende kategorisering en kritiek – die kritiese benadering wat in die volgende afdeling bespreek word – van hierdie voortslepende definiëringskwessie.

Dit blyk dat een stel redes te doen het met die oorheersend klassieke benadering tot kategorisering wat impliseer dat álle geïdentifiseerde "kenmerke" van professie áltyd aanwesig moet wees vir 'n beroep om te professionaliseer, wat dan lei tot die debat waarin elke kenmerk getoets moet word ten opsigte van insluiting of uitsluiting van kenmerke uit hoofde van die konsep wat veronderstel dat konsensus oor 'n lys kenmerke 'n beroep klassifiseer as 'n professie. Die debat oor kenmerke gee aanleiding tot die definisieproblematiek: om kenmerke by te voeg verhoog die eksklusiwiteit van die beroep; om kenmerke weg te neem verwater die begrip van professie.

'n Ander stel redes vir die definisiegeskil lê in die kritiese benadering: 'n beheptheid met bepaalde kenmerke soos status en beroepsgerigte, gestandaardiseerde sowel as gespesialiseerde, tersiêre opleiding en vaardighede, en outonomiteit word sekere partye se regte en menswees aangetas en misken, wat weer 'n kritiek is teen 'n ander groep wat 'n klassieke benadering tot konseptualisering huldig.

Op hierdie wyse word 'n poging aangewend om die standpunte in die literatuur te bekritiseer deur te wys op die – waarskynlik onbewustelik toegepaste – verarmde en onbestendige konsep van die klassieke benadering tot betekenisgewing.

Vervolgens word moontlike redes vir die definisieverwarring soos dit in die literatuur van die professies te voorskyn tree, kortliks in oënskou geneem. Twee argumentlyne kom moontlik ter sprake: 'n diachroniese (geleidelike) ontwikkeling en herdefiniëring van 'n begrip oor tyd, en sinchroniese meningsverskille. Diachroniese ontwikkeling en herdefiniëring oor tyd het tot gevolg semantiese verwarring, strukturele begrensing, en die aanvaarding van 'n statiese taksonomiese model van "professie". Hierdie verskynsels soos hierna bespreek, is grootliks te wyte aan die beheptheid van teoretici met die klassieke benadering soos dit in die literatuur van die sosiologie van die professies neerslag vind.

2.3.1 Diachroniese ontwikkeling en herdefiniëring oor tyd

Spencer (1914 [1896]), Thomas (1903) en Flexner (1915:904)[5] identifiseer die eerste grondliggende kriteria waarvolgens 'n professie in die samelewing as 'n sosioprofessionele statusgroep geëien kan word:

- intellektuele aktiwiteite met gepaardgaande individuele aanspreeklikheid en verantwoordelikheid;
- 'n wetenskaplike en deskundige teoretiese kennisbasis;

[5] Flexner (1915) se kriteria word gebruik as die vroegste komparatief in die uiteensetting in Tabel 2.1 van die vergelykbare elemente van definisies wat verteenwoordigend is van die literatuur wat geraadpleeg is.

- praktiese toepassing van kennis en vaardighede;
- tegniese oordragvaardighede;
- selfregulering, en
- altruïstiese taakgeoriënteerdheid[6].

Metterjare (vergelyk ook die bespreking in 2.7) het verskeie skrywers, teoretici, sosioloë en wetenskaplikes oor die hele spektrum van beroepe in hulle ondersoek na professionele status die definisie uitgebrei en aangepas in ’n poging om enersyds die idealetipeprofessie te konstrueer (vergelyk onder andere Carr-Saunders & Wilson, 1933; Parsons, 1939; Cogan, 1953; Cogan, 1955; Goode, 1957; Barber, 1963; Millerson, 1964a:9-10; Elliott, 1972; Sciulli, 2005a; Sciulli, 2005b) en andersyds om sulke begrensing te kritiseer (vergelyk onder andere Johnson, 1972; Roth, 1974; Klegon, 1978; Van Maanen & Barley, 1984; Torstendahl, 2005) met die regstreekse gevolg dat die definisiële verskynsel in die literatuur as sodanig indringende ondersoek en bestudering verg, aldus Kultgen (1988:70).

Millerson (1964a:1-6) gee drie redes aan wat, diachronies beskou, moontlik aanleiding gegee het tot die aanleidende oorsake van die definisieverwarring in die literatuur:

- semantiese verwarring wat die gevolge is van die wydverspreide toepaslike sowel as ontoepaslike, onoordeelkundige, oordadige, maar moontlik ook geïnstitusionaliseerde gebruik van die woord;
- strukturele begrensing afgedwing deur pogings om fundamentele karaktereienskappe te versin, en
- aanvaarding van ’n statiese taksonomiese model van “professie” eerder as die waardering van die dinamiese konsep van professionalisering.

Die semantiese verwarring ten opsigte van die woord “professie” en verwante terme kan as simptomaties beskou word van heelwat begrippe in taal (soos ook die term “editor” of “redakteur” in die taalpraktyk, vergelyk Carstens & Van de Poel, 2010; Kotze, 1997) en verbandhoudende sosiale verskynsels wat in die brandpunt staan van die ordening van die samelewing, soos dan die verdeling, funksie en status van werk wat gedenoteer word as beroepe en/of professies.

Die kern tot die semantiese verwarring ten opsigte van die definisie van professie kan dan moontlik setel in die lukraak wyse waarop daar in die literatuur van die professies met die aard van die klassifisering van woordbetekenis omgegaan word, soos blyk uit die semantiese verwarring as gevolg van ’n gebrekkige leksikologiese begrip van die konsep “professie”. Die semantiese verwarring spruit veral uit die etimologie van die woord, die vorming van verwante konsepte deur middel van prefikse en afleidings, en die “onoordeelkundige” gebruik van die woord “professie”.

[6] In hierdie verband sou, byvoorbeeld, die rol en funksie van ouditeurs in die huidige sosioprofessionele opset onder verdenking kon staan as gevolg van twyfelagtige praktyke. Cosserat (1999) is egter oortuig daarvan dat: “.... the role of the auditor is to express an opinion as to the truth and fairness of financial statements. However, it is not always appreciated just how important that role is in modern society. The truth is that, without auditors, the modern corporate society, that produces most of the goods and services demanded by consumers, could not function.” Volgens ACCA (die Association of Chartered Certified Accountants) op http://www.accaglobal.com/about/ is “auditors advocaters of sound business practices, champions of sustainable business development and identifiers of value drivers which lead to high-performing organisations”.

2.3.1.1 Semantiese verwarring

Die eerste vorm van semantiese verwarring lê opgesluit in die etimologie van die woord "professie", wat van meet af aan die hele kwessie omtrent beroepe en beroeps-professionalisering kompliseer en wetenskaplike ondersoek in die wiele ry (Millerson, 1964a:1; vergelyk ook die definisies wat in hierdie verband in 2.5 bespreek word). Die vraag ontstaan of die semantiese verwarring spruit uit 'n klassieke benadering tot kategorisering, of die gevolg is van 'n statiese benadering wat die beginsel misken dat taal en betekenis – en gevolglik ook die definisie van professie – oor tyd verander? Verskeie teoretici blyk verskillende antwoorde en redes te gee.

Sciulli (2009:13) gee die etimologie van die woord "professie" aan as (een van) die redes vir die miskenning van die kontinentale oorsprong van die professies: "... 'profession' is uniquely an English-language term, utterly as alien to French language usage as it is to usage in every other continental language".

Freidson (1986:21-27) is oortuig daarvan dat die verwarring rakende die term te wyte is aan heelwat meer as slegs teoretiese predileksie: as 'n woord het "profession" – Afrikaans "professie" – tesame met alle ander woorde wat dieselfde stam het, verskeie oorvleuelende denotasies en konnotasies, wat moeilik van mekaar te onderskei is. Die woord "profession"/"professie" het 'n lang etimologie in al die Europese tale met Latynse stamme, 'n geskiedenis wat Freidson (1986:26) tot die slotsom bring dat die progressiewe betekenisverwarring in die gebruik van die woord oor die eeue heen 'n funksie is van die semantiese verwikkeldheid opgesluit in die etimologie van die woord. Daarbenewens het die woord verskeie negatiewe sowel as positiewe betekenisonderskeidinge bo en behalwe eietydse navorsers se beheptheid met die konnotasie van "verhewe status en prestige".

Na 'n breedvoerige bespreking van die etimologie van die woord kom Freidson (1986:27-28) tot die gevolgtrekking dat die kontradiksie en verwarring, en melioratiewe en pejoratiewe konnotasies intrinsiek is aan die woord in die Engelse gebruik daarvan: in een konteks verwys dit na verhewe status, prestige en eer, soos byvoorbeeld die mediese beroep en die regsberoep, en in 'n ander konteks na lae status en sosiale afkeur, soos in die algemeen neerhalende verwysing na prostitusie as die oudste professie (Ryan & Jethá, 2010). In een gebruik is dit algemeen inklusief aan alle beroepe, en in 'n ander algemeen uitsluitind. In een omstandigheid impliseer die woord verhewe motiewe en morele onkreukbaarheid, maar in 'n ander impliseer dit bedenklike motiewe en bedrieglikheid (vergelyk ook Elliott, 1972:2-3).

Die etimologies-semantiese dubbelsinnigheid en wydverspreide perseptuele ambivalensie loop hand aan hand, beide onder die lekepubliek én akademici (Freidson, 1986:27):

> If it is accurate ... to say that the public and those who speak for it look on the professions with some ambivalence, it is no less accurate to say that the semantic ambiguity of the word itself both encourages and reflects that ambivalence. Indeed, it is not just the public that has been confused. Scholars and intellectuals have not been immune to the heavy and diverse semantic freight of the word: some of their controversies about professions and professionalization have stemmed as much from emphasis on different connotations and denotations as from issues of fact, logical inference, or analytic concern.

In die volksmond het die woord “profession” (Afrikaans “professie”, “beroep”, “vak”, “bedryf”, “nering”, “werk”; Nederlands “bedrijf”, “beroep”, “broodwinning”, “professie”[7]) verskeie betekenisgebruike, soos die bespreking van woordeboekdefinisies in 2.7.1 bevestig. Dit kan gebruik word as ’n sinoniem vir “job” (Afrikaans “werk”, Nederlands “ambt”, “baan”, “betrekking”, “werkkring[8]), “work” (Afrikaans “werk”; Nederlands “arbeiden”, “werken”[9]), “occupation” (Afrikaans “beroep”, “nering”; Nederlands “ambacht”, “handwerk”, “vak”, “bedrijf”, “beroep”, “broodwinning”, “professie”[10]; vergelyk ook Kruyskamp, 1976:1939). Die woord “professional” word in Engels ook vereenselwig met “any and every type of black-coated and white-collar occupation” (Millerson, 1964a:1-2).

’n Tweede vorm van semantiese verwarring spruit uit die vorming van verwante konsepte deur middel van prefikse en bepalers, beide in Afrikaans en Engels: onder andere pseudo-, semi-, kwasi-, sub-, marginale, liberale, geleerde (Millerson, 1964a:2), “suiwer” en “hibriede” (“pure” en “hybrid”) van Noordegraaf (2007), of deur middel van suffikse wat verband hou met die konsep “professie”, soos “professioneel”, “professionele”, “professionaliseer”, “professionaliteit” en “professionalisme”.

Uit Millerson (1964a:2) se bespreking van die terminologiese vaagheid van die woord “professie” – tiperend van die klassieke benadering tot kategorisering van konsepte – kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die term word gebruik sonder konsepomskrywing of definiëring beide in die akademie en die media, wat sou impliseer dat die leser veronderstel is om reeds bekend te wees met die betekenis en semantiese waarde van die term.
- Teoretici is daarop uit om ’n groep se pogings om hulle beroep te professionaliseer te verkleineer as sou sulke beroepe nie die status van “professie” waardig wees nie, om watter rede dan ook al (vergelyk byvoorbeeld Noordegraaf, 2007).
- Meestal is die doel om die gegewe te omseil dat alle beroepe gelykwaardig is, al sou sommige ondersoeke wel gesaghebbend voorkom of daarop aanspraak maak om die konsep “professie” in ’n gunstige of ongunstige lig te stel.

Die implikasie is dat andersoortigheid sogenaamde “professies” differensieer van sogenaamde “nieprofessies”, die nuwe van die oue, die aanvaarbare van die onaanvaarbare, die suiwere van die hibriede (vergelyk byvoorbeeld Noordegraaf, 2007). Millerson (1964a:2) kom dan tot die slotsom dat dit in wese gaan oor taksonomiese demarkering: “If anything, these represent strivings toward *a* definition, and *the* characteristics distinguishing a profession from other occupations, without resorting to an actual definition” wat in wese ’n klassieke benadering tot kategorisering weerspieël.

’n Derde vorm van semantiese verwarring is die gevolg van **die onoordeelkundige toepassing van die woord “professie”** (Cogan, 1953:74) soos blyk uit die gebruik om andersoortige konsepte met dieselfde term te beskryf:

- om een beroep van ’n ander te onderskei, klassiek-professioneel al dan nie: die mediese professie teenoor die taalberoepe;

[7] Vergelyk: http://www.vertalen.nu/vertaal?van=eng&naar=nl&vertaal=profession
[8] Vergelyk: http://www.vertalen.nu/vertaal?van=eng&naar=nl&vertaal=job
[9] Vergelyk: http://www.vertalen.nu/vertaal?van=eng&naar=nl&vertaal=work
[10] Vergelyk: http://www.vertalen.nu/vertaal?van=eng&naar=nl&vertaal=occupation

- om na ’n formele beroepsgroepering te verwys: ’n sosioprofessionele werkkring waarvoor 'n praktisyn unieke en gespesialiseerde opleiding en bevoegdheid verkry het;
- om ’n geprofessionaliseerde beroep te beskryf: die mediese professie, en
- om ’n onjuiste beeld van byvoorbeeld ’n sportaktiwiteit te gee om sodoende status daaraan te verleen: die professionele sokkerspeler of tennisspelers, alhoewel die onderskeid tussen betaalde beroepspeler en onbetaalde nieberoepspeler in hierdie konteks die oorwegende motief is.

Daar word in Afrikaans in laasgenoemde instansie ’n onderskeid getref ten opsigte van sport met die terme “**beroep**sport” teenoor “amateursport” (“**professional** sport” teenoor “amateur sport”) wat in Engels ’n ekstra belading aan die woord “professional” gee: dit maak ook onderskeid tussen sport wat gedoen word vir ’n inkomste en sport wat vir, byvoorbeeld, ontspanning gedoen word. In Afrikaans word dit nie noodwendig in die sfeer van professionalisering gebruik nie, want die nuanse dat dit sport is wat as ’n beroep verrig word, word uitgedruk deur die term “**beroep**(sport)”, terwyl in Engels die polisemiese gebruik van “professional” die betekenis van ’n professionele persoon, maar oor ’n professionele sportmens betrek. Die woord “professional” beteken dus iets anders in die domein van sport as wat dit beteken in die domein van witkraagberoepe (professies), maar in Afrikaans behoort die term nie verwarring te skep nie.

Die onderskeid is ’n uitstekende illustrasie van die kognitiewe benadering: in Engels word daar met die woord “profession(al)” veral in die domein van sport ’n onderskeid tussen professionele sportlui en amateursportlui getref, maar daar is ook in Engels bepaalde ooreenkomste en die sportdomein en die beroepsdomein, soos salaris (die idee van “baie geld” en “verhewe status”); goeie kwaliteit (net as jy baie goed is, kan jy “professioneel” wees as bokser of gholfspeler of tennisspeler), en beheerliggame wat die reëls en toegang tot professionele sport as professie bepaal.

Met Wittgenstein (1958) se betekenismodel van familie-ooreenkomste of met die prototipe by wyse van die eksemplaarmodel kan sin gemaak word met watter ooreenkomste daar is in die betekenis van woorde, soos byvoorbeeld professioneel in sy sportkonteks en professioneel in sy beroepskonteks. Dit hou nie dieselfde betekenis in nie, maar daar is tog ooreenkomste (sien ook 2.10.2 waar hierdie konsep verder van toepassing gemaak word op beroepe wat strewe na professionalisering).

In die klassieke benadering is so ’n afleiding problematies en vandaar die oortuiging dat die woord foutief gebruik word wanneer daar verwys word na, byvoorbeeld, ’n bokser as ’n professionele persoon omdat die woord bepaalde kenmerke het wat nie anders gebruik mag word nie. In die prototipebenadering word die woord uitgebrei sodat dit verskillende nuanses bykry in verskillende domeine.

2.3.1.2 Strukturele begrensing

Strukturele begrensing afgedwing deur pogings om fundamentele karaktereienskappe te versin as die tweede aanleidende oorsaak van die definisieverwarring in die literatuur het tot gevolg die kwessie: Het strukturele kwalifisering strukturele beperking of strukturele invariansie tot gevolg?

Die soeke na 'n universele definisie lei **aan die een kant** tot 'n siening van strukturele beperkings wat tot gevolg het 'n statiese en steriele beskouing van wat 'n professionele beroep sou behels soos dit manifesteer in óf die taksonomiese benadering wat gegrond is in die klassieke benadering tot kategorisering óf die kritiese benadering tot kategorisering wat die tendens van uitsluiting en dominansie verwerp.

Millerson (1964a:4) is van mening: "... a mass of confusion stems from all analysis, which attempt to determine the occupational characteristics of a profession"; dus die pogings om "'n definisie" te gee van wat 'n professionele beroep sou behels as sou "professie" 'n statiese konsep met 'n reeks vaste kenmerke wees (vergelyk ook Houle, 1980), hetsy vanuit 'n klassieke of kritiese benadering.

Die gevaar van 'n kritiese statiese benadering kan soos volg opgesom word:

- Unieke groepaffiliasie en beroepsrolle bepaal uiteraard die keuse van definiërende elemente.
- Teoretici se menings en uitgangpunte beïnvloed mekaar in die wedloop na professionele status: Millerson (1964a:3) beweer dat Carr-Saunders & Wilson (1933), die Webb-verslag[11] (1917) en die relaas van Tawney (1920) klassieke formules geword het vir 'n taksonomie van "dié professie".
- Karaktereienskappe en definisies word aanmekaargeflans om argumente te pas, of soos Millerson (1964a:3-4) dit stel: "More accurately, special characteristics have emerged from special consideration."

Sodanige uitgangspunte sou dan lei tot onsamehangende konsensus, blinde aanvaarding en treffende ornamentiek wat dui op 'n emosionele, onwetenskaplike begronding van die onderwerp onder bespreking.

Aan die ander kant konstitueer definisiële integriteit op streng epistemologiese beginsels "*... the very field of inquiry itself*. The sociology of professions as an enterprise of empirical inquiry and theorizing is literally *constituted* by how professions are defined" (Sciulli, 2009:6; kursivering in oorspronklike bron).

Strukturele begrensing lê dus aan die kern van die sogenaamde taksonomiese benadering (die klassieke benadering van kategorisering) tot 'n bestudering van die professies wat die historiese en sosiologiese navorsing tot die middel sewentigerjare van die vorige eeu gedomineer het en spruit uit die Durkheimiaanse funksionele benadering tot die professies (vergelyk die bespreking in Hoofstuk 3).

Die taksonomiese benadering is primêr gemik op die identifisering van kenmerke van professie (vergelyk onder andere Barber, 1963; Carr-Saunders & Wilson, 1933; Elliott, 1972; Goode, 1957; Parsons, 1939) soos blyk uit die bespreking in 2.4. Hierdie teoretici en navorsers beskou professies as 'n spesiale kategorie beroepe met unieke kenmerke wat hulle kwalitatief onderskei van ander (nieprofessionele) beroepe. Hierdie tipiese kenmerke word (in 2.5) in die omskrywing van die werksdefinisie verwerk na aanleiding van 'n

[11] **Sidney James Webb, Baron Passfield** (1859-1947) en **Martha Beatrice Potter Webb** (1858-1943), die bekende kinderboekskrywer, was Britse sosialiste, ekonome, en hervormers. Saam met George Bernard Shaw, Annie Besant, Graham Wallas, Edward R. Pease, en Sidney Olivier, maak hulle van die Fabian Society die toonaangewende polities-intellektuele vereniging in Engeland in die Edwardiaanse era en daarna. Hulle sosialistiese aanslag het 'n deurslaggewende invloed op Britse politieke denke en Britse institusies. Met verskeie belangrike empiriese sosiologiese werke bied hulle die norm vir die Britse welsynstaat. As stigters van die London School of Economics rig hulle ekonomiese denke en opleidingsinstansies wêreldwyd.

definisieliteratuurondersoek, en in Hoofstuk 4 toegepas op die professionele projek van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere.

Die strukturele (taksonomiese) benadering word in die vroeë 1970s gekritiseer, veral ten opsigte van die vraag of spesifieke kenmerke wetenskaplike studies van professionele praktyk kan ondersteun (byvoorbeeld Freidson, 1970a:158-68; Klegon, 1978) en verval dan in onguns, sodat professies nie analities of empiries te onderskei is van ander eksperte of middelklasberoepe nie (Abbott, 1988; Barber, 1983; Johnson, 1972). Revisionistiese kritici (Abbott, 1988; Barber, 1983; Johnson, 1972; Larson, 1977; Macdonald, 1995) verwerp dan die kernbeginsel van die taksonomiese benadering, naamlik dat professies unieke beroepe is met sekere unieke kenmerke. Hiervolgens is professies nie te onderskei van ander beroepe nie, en professionalisme het geen sosiale impak of uitwerking nie.

Hoewel nadruklike taksonomiese aktiwiteite steeds onaanvaarbaar is, bevraagteken Sciulli (2005a, 2009) en Burrage *et al*. (1990)[12] onder andere egter hierdie revisionistiese benadering, en gaan van die standpunt uit dat definisiële integriteit en epistemologiese ondersoek hand aan hand gaan. Sciulli (2009) kom dan tot die slotsom van strukturele invariansie:

> As a result of providing expert services within structured situations on the basis of an independent socio-cultural authority and consistently with positional interests, fiducial responsibilities, occupational orientations and the other invariant qualities, only professions introduce into the larger society structurally and positionally both immediate consequences and institutional consequences.

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat al hierdie onenigheid juis berus op uiteenlopende konsepte van wat ’n definisie van “professie” behels, en nog dieper, wat die aard van kategorisering tot definiëring en betekenis behels.

Teoretici praat noodwendig by mekaar verby omdat hulle uitgangspunt tot die konseptualisering van taal en betekenis verskillend is, maar meer waarskynlik omdat hulle nie begrip toon vir die veranderende aard van taal en betekenis teen die agtergrond van veranderende sosiale kontekste nie: “It can hardly be news to anyone that we are living in a period of intense social change. But what is perhaps less obvious is how important language is within the changes that are taking place” (Fairclough, 1992:26).

Hatch (1988:2) se opmerking dat daar in ’n demokratiese kulturele opset die gevaar bestaan van talle beroepe wat nie aan die kriteria van ’n taksonomiese definisie voldoen nie, ook professionele status kan verkry, is tekenend van ’n ondertoon van die neiging van ’n geleidelike vae begrensing van en aanvaarding van ’n prototipebenadering.

Regte en die mediese beroep verteenwoordig tradisioneel twee van die argetipiese professies op grond van die formele jurisdiksie (professionele erkenning en status) wat konvensioneel in verband gebring word met professie, en bied ’n gesaghebbende model en standaard vir beroepe wat ’n professionele projek van stapel stuur (vergelyk byvoorbeeld Abbott, 1988; Etzioni, 1969; Johnson, 1972).

Ironies is dit, tradisioneel gesien, die nieprofessionele beroepe soos konsultante (Alvesson & Johansson, 2000), alle vorme van “bestuurders” (Grey, 1994; Mintzberg, 2004; Raelin, 1997), projekbestuurders (Hodgson, 2005) en tegniese kontrakteurs, die “rondreisende

[12] Burrage *et al*. (1990) se definisie word hieronder gebruik as die vergelykende vertrekpunt vir ’n werksdefinisie vir die taalpraktyk as professie.

kundiges en agente" ("itinerant experts", Kunda & Barley, 2004) wat geredelik professionele status verkry. Hierdie hedendaagse – weliswaar tipies postmoderne "professionele beroepsgroepe" – word by die tradisionele professionele konsep ingesluit hoofsaaklik omdat hierdie "nuwe professies" tot 'n groot mate in beheer is van hulle beroepsprosesse: besturende professies sowel as professionele bestuurders (Noordegraaf, 2007).

Onderwys, verpleegkunde, biblioteekwese, maatskaplike werk, psigologie, onder andere, toon die meeste van die strukturele en organisatoriese kenmerke en vereistes wat met 'n kenmerkgebaseerde benadering en model gepaardgaan, maar geniet tradisioneel minder outonomie oor hulle werk, minder kontrole oor hulle kennisbasis en swakker vorme van professionele beroepsorganisering en -beheer, swak vergoedingspatrone en laer sosiale status, en word dus inferieur aan die klassieke professie wat volle professionele status of jurisdiksie betref. Hierdie aspirerende professies kan as voorbeelde voorgehou word van beroepe wat in die praktyk as gevolg van strukturele begrensing, ten spyte van voortgesette professionele projekte, steeds as semiprofessies funksioneer (Etzioni, 1969; Devaney & Fenstermacher, 1990; Garrison, 1973; Keogh, 1997; Laurenson & Swartz, 2011; Sykes, 1988; Winter, 1983; vergelyk ook 1.3).

Ondergeskiktheid in die hiërargie van professionele status speel histories 'n belangrike rol in die ontvouing van professionele projekte (Abbott, 1988:70-72). Die vestiging en volhoubaarheid van professionele jurisdiksie behels prosesse van sosiale en beroepsluiting wat nie net toegangsbeheer impliseer nie, maar wat oor tyd heen in 'n proses van assimilasie en funksionele onmisbaarheid in die werksplek vir die professies met volle jurisdiksie van onskatbare voordeel inhou (Abbott, 1988:72): "Draftsman, nurses, managing clerks, and paralegals have become essential parts of architectural, medical, and legal practice. This combination of assimilation and necessity reaches its peak in complex professional workplaces, which usually cannot function without extensive assimilation between the subordinate and the dominant incumbent."

Geslagskwessies, klas en ras speel histories 'n belangrike rol in die ontvouing van professionele projekte (vergelyk die bespreking in 4.5.5.6 waar teenkanting vanuit spesifieke professionele elitegroepe ter sprake kom). Hierdie verskynsel kan in die konteks van hierdie bespreking ook in verband gebring word met die prosesse van sosiale (beroep)sluiting a la Max Weber (Parkin, 1974:3; vergelyk 3.5.3). As uitsluitingsmeganismes kan dit beskou word as defensiewe strategieë van diegene in institusionele mags- en gesagsposisies, tradisioneel blank, manlik en statusbehep (Davies, 1995; Davies, 1996; Parkin, 1974; Witz, 1992), wat strukturele begrensing in professies probeer afdwing.

2.3.1.3 Aanvaarding van 'n statiese model van professies

Millerson (1964a:6-7) maak die idee van die tradisionele beeld van die professionele persoon as die outonome, bevoegde (jintel)man, hoogs geskoold en geleerd; gelisensieer deur institusionele gesag; wat 'n noodsaaklike en vertroulike diens lewer volgens 'n voorgeskrewe etiese kode; wat aan 'n uitgelese professionele organisasie behoort wat gedrag dikteer en lede sertifiseer, en wat 'n hoogs besoldigde individu is, af as 'n ongegronde wanvoorstelling: die sondebok vir die teelaarde van die valse aannames omtrent die aard van die professionele beroep. Dit fungeer dan reeds teen die middel van die vorige eeu as 'n uitgediende konsep: "The notion that professions were occupations staffed by gentleman, who had an exclusive right to enter them, was a passing aberration" (Carr-Saunders & Wilson, 1933:295).

Dit wil sê, die tradisionele kenmerke van professie wat wesenlik in die negentiende eeu gesetel was in eksklusiwiteit en/of afkoms, het onder druk van sosiale transformasie verval. Die implikasies vir die oorhoofse argument is dat 'n prototipebenadering 'n inklusiewe oplossing bied wat sentreer om 'n dinamiese konsep van professie en die noodwendige proses van die professionalisering van beroepe wat strewe na professionele erkenning.

Die dinamiese proses van professionalisering – 'n prototipebenadering – in teenstelling met die statiese konsep van professie (vergelyk ook Houle, 1980) funksioneer op drie vlakke (Elliot, 1972:5):

- die vlak van algemene sosiale verandering: professionalisering as deel van die verandering van die sosiokulturele, sosioprofessionele konteks;
- die vlak van beroepsorganisering: die wyse waarop verskillende beroepe aspireer na en professionele status bereik – die professionele projek, en
- die vlak van die individuele lewensiklus van die beroepspraktisyn: die wyse waarop individue praktiserende lede van 'n spesifieke professie word.

Die definisieverwarring word dan vir alle praktiese doeleindes beskryf as die gevolg van "... writing that lacked theoretical intent" (Abbott, 1988:8), verwysende na 'n gebrek aan definiëring van die konsep. Overgesetsynde: die negentiende-eeuse simplistiese beeld van professie het uitgedien geraak, maar in die hersiening daarvan is daar nie altyd grondig oor die basis van definiëring van die konsep nagedink nie. In die konteks van hierdie bespreking sou so 'n gebrek aan teoretiese spesifikasie neerkom op 'n gebrek aan 'n prinsipiële leksikologiese konsep van woordbetekenis.

Wetenskaplike ondersoek na die professionalisering van 'n beroep noodsaak egter 'n omskrywing van die konsep "professie" en plaas akademici en teoretici onder 'n verpligting van 'n definisie.

Indien die strewe na professionele status diachroniese herdefiniëring van die konsep professie tot gevolg het, spruit sinchroniese meningsverskille uit uiteenlopende pogings tot kategorisering en kritiek op hierdie voortslepende pogings tot kategorisering en definiëring, aspekte wat vervolgens aan die bod kom.

2.3.2 Sinchroniese meningsverskille

2.3.2.1 Kategorisering en kritiek

Kategorisering en kritiek ten opsigte van sinchroniese meningsverskille val uiteen in drie breë tematiese standpunte:

- dimensies van definisies ("konstellasies");
- kritiek op dimensies, selfs op definisies, en
- eksemplaarklassifiserings of -benaderings.

2.3.2.1.1 Dimensies van definisies

Cogan (1955:106-109) onderskei in die literatuur van professie tussen drie vlakke van definiëring: nominale (historiese en leksikologiese) definisies, tweedevlak- of oorredende

definisies en derdevlak- of operasionele definisies ten opsigte van die term “professie”, wat die gevolg is van die gebruik van die term op drie verskillende definiëringsvlakke, maar word met sy konseptualisering die teiken van Habenstein (1963) se kritiek. In ’n sintese integreer hy ’n definisie, oriëntasie en ’n program van aksie vir die sosiologie van die professies.

Hatch (1988:3-4) gee toe dat die meeste definisies van professie op drie primêre algemene, universele kriteria (of dan attribute) fokus, wat ook dui op ’n meer kognitiewe benadering tot die definiëringskwessie:

- Eerstens, oor die algemeen word ’n professie in verband gebring met ’n beroep wat hom beroep op ’n definieerbare en sistematiese korpus van kennis; vakkundige kennis wat gefundeer is op uitgebreide akademiese opleiding. Professionele opleiding en universiteite gaan hand aan hand om die professionele omgewing en agtergrond te bied wat kwaliteit en bevoegdheid van opleiding waarborg.
- Tweedens behels die werksaamhede van ’n professie op die een of ander vlak ’n morele toewyding ten opsigte van diens aan die gemeenskap bo en behalwe markvereistes of die behoefte aan persoonlike voordeel. Vir die meeste beroepe is die professionele ideaal nie net bloot gesetel in finansiële gewin en aansien nie, maar in die een of ander verhewe doel, of dit die welsyn van die samelewing is, die bevordering van wetenskap, die versorging van die siekes, of die handhawing van reg en geregtigheid.
- Derdens beroep professies hulle op die outonomie van die professionele werkkring. Die implikasie hiervan is ’n groot mate van monopolie van werk. Lisensiëring en sertifikasie waarborg gewettigde erkenning van professionele status.

Bellis (2000:318-319) meen ’n vergelyking van al die definisies van professie wat ooit geformuleer is, kan geklassifiseer word volgens drie primêre universele kriteria: kognitief, normatief, en organisatories. Kognitiewe elemente dui op gespesialiseerde kennis en intensiewe en voortgesette opleiding, normatiewe elemente sluit sake in soos etiese standaarde en ’n verbondenheid tot diens vir publieke welsyn, en organisatoriese elemente soos ’n beroepsliggaam met dissiplinêre gesag onderskryf die kognitiewe en normatiewe aspekte. In die hedendaagse postmoderne samelewing kan so ’n klassifikasie as maklik haalbaar gekritiseer word vanuit ’n laat-maar-leef-houding, met die gevolg “the professionalization of everyone” soos Wilensky (1964:138; 1964) voorsien, en Noordegraaf (2007) met argwaan vervul.

Die simboliese definiëring van “professie” (Caplow, 1954) fokus op die een kwaliteit wat die professionele beroep einde ten laaste moet verteenwoordig. Vir sommige verteenwoordig professie dan byvoorbeeld altruïsme, vir ander etiese verantwoordelikheid, of gespesialiseerde kennis en waardighede, na gelang van die beroep onder bespreking.

’n Meer gesofistikeerde simboliese definiëring beskryf professie in die Durkheimiaanse sin van kollektiewe representasie. Hierdie benadering beskou “professie” meer as net ’n reeks kenmerke wat beroepe differensieer van professies. Die simboliese karakter van professie word beskou as ’n komplekse en belangrike verskynsel (Caplow, 1954).

2.3.2.1.2 Kritiek op dimensies

Habenstein (1963:292) verwerp nie net Cogan (1955) se konsep van professie as tipies van “... what should be avoided if sociological theory is to progress” nie, maar kritiseer in sy artikel

ook die taksonomiese benadering, die "simboliese" benadering, die funksionele benadering, en die "ideologiese" benadering (magsbenadering of kritiese benadering) op grond daarvan dat professie nie 'n sosiologiese kategorie is nie. Kortliks behels sy kritiek die volgende:

- Die "konstellasiebenadering" – Habenstein (1963:292) se term vir die taksonomiese benadering – versaak begrensing, rigiditeit en beheer: na gelang van persoonlike keuse is daar willens en wetens te kies en te keur tussen kenmerke van "professie", wat wissel van kenner tot kenner, en 'n "mengelmoes" kenmerke insluit, onder andere gespesialiseerde kennis en vaardighede, altruïstiese motiverings, 'n denkrigtingsmandaat, beroepskontrole, samehorigheid, integriteit, kulturele veredeling, formele assosiasies, interne beheer, lisensiëring, diens, gesag, spesiale funksies (Habenstein, 1963:292-293).
- Die "simboliese" benadering fokus op één enkele eienskap wat "professie" verteenwoordig, weereens willens en wetens, uit die "mengelmoes" kenmerke (Habenstein, 1963:293-294), wat noodwendig die unieke aard en funksie van die beroep onder bespreking sal reflekteer.
- Die struktureel-funksionele benadering is 'n afgewaterde en verbasterde vorm van Durkheim se teorie van professie as funksie (vergelyk Hoofstuk 3), en bloot 'n gesofistikeerde variant van die "konstellasiebenadering" waar radikale veranderlikes of attribute gesubstitueer word vir minder aanvaarbare attribute.
- Goode (1957) se poging om professie as 'n gemeenskap binne 'n gemeenskap te beskryf, misluk omdat dit nie duidelik is of analogies of deduktief te werk gegaan word nie (Habenstein, 1963: 294-297).
- Die ideologiese benadering[13] (magsbenadering of kritiese benadering) is 'n vertrouens-swendel waarin magsgroepe – waarvan die professies een is – die oorhand het, en wat nie erkenning gee aan die feit dat enige ander georganiseerde groep ook gespesialiseerde diens kan lewer nie (Habenstein, 1963:298-299).

Habenstein (1963:298) kom tot die slotsom dat die konsep van professie nie 'n sosiologiese kategorie is nie, dit wil sê, nie 'n analitiese, gesaghebbende konsep is met 'n beperkte, maar gesaghebbende toepaslike aantal eienskappe nie.

Die kontemporêre relevansie van Habenstein (1963) se kritiek spreek dan tog van die insig van 'n gebrek aan 'n behoorlike leksikologiese konsep van woordbetekenis in die definisie van "professie" in die literatuur van sy tyd, ofskoon hy nie onderskei tussen die terminologiese onderskeid van "kenmerke" teenoor "attribute" van die klassieke benadering tot kategorisering teenoor die kognitiewe benadering nie.

Millerson (1964a:2-3) kritiseer ook Cogan (1955) se definisie-indeling as ontoereikend aangesien min definisies as sodanig in een enkele kategorie geklassifiseer kan word juis omdat die oorheersende kategorie nie bepaal kan word nie, en bied sy eie uiteensetting aan: alle definisies word beskryf met 'n historiese komponent gebaseer op die tradisionele professies, 'n idealistiese komponent wat dien as motivering vir professionalisering, en 'n realistiese komponent wat die ideaal en tradisie van die spesifieke beroep onder bespreking in verband bring met huidige struktuur en praktyk – 'n indeling wat op die oog af slegs 'n variasie op Cogan (1955) se indeling is.

Johnson (1972:21-38) – vanuit 'n revisionistiese benadering tot die sosiologie van die professies – verwerp Cogan (1953, *Toward a definition of a profession*) se eerste poging tot

[13] Professie as ideologie impliseer 'n stel rasionaliserings omtrent die waarde en noodsaaklikheid van sekere beroepe, wat, geïnternaliseerd, die praktisyns daarvan 'n morele regverdiging bied vir privilegie en/of lisensiëring. Erkenning deur die samelewing aan die beroep impliseer 'n mandaat vir gespesialiseerde diens aan diegene wat hulp nodig het of glo hulle het hulp nodig, hetsy persoonlik of op sosiale vlak (Habenstein, 1963:297).

'n oplossing van die definisiegeskil as steriele definisiesgesmous wat bydra tot, onder andere, die gebrekkige teoretiese greep op magsverhoudinge en die professionaliseringsproses (vergelyk ook Kultgen, 1988:70).

Hanlon (1999:3) kritiseer die definisiesoeke as steriel en jeremieer die ink wat gemors word op semantiese nuanses; per slot van rekening, professionalisering is nie 'n statiese konsep nie, maar die produk van 'n dialektiese verhouding met die omgewing.

2.3.2.1.3 Eksemplaarklassifiserings

In teenstelling met Habenstein (1963:298), vir wie "professie" 'n aanspraak op status en nie 'n sosiologiese kategorie nie, is Thurk (2004) van oortuiging dat professie wel 'n sosiale en dus sosiologiese kategorie is, en maak 'n saak uit vir "boundary theory": "Profession" is a meaningful social category and to invoke it is to draw and enact a social boundary that includes some actors and excludes others ..." Die konsep leen hom tot 'n klassifiseringsfunksie verbandhoudend met die eksemplaarmodel van prototipedefiniëring. Sy beroep haar op die uitgangspunt van Gieryn (1983), Abbott (1988) en Lamont (1992) wat inhou dat "professie" 'n sosiale verskynsel is wat benader moet word as 'n klassifikasiehandeling met as rasionaal "boundary work". Sodanige benadering – die noukeurige spesifisering van "professie" van meet af aan as 'n sosiale verskynsel – maak korte mette met die definisieprobleem: 'n professie is gewoon 'n beroep ("actor") wat as professie geklassifiseer word (Becker *et al*., 2009).

Thurk (2004) stel voor 'n analise van die woord "professie": wanneer, hoe en hoekom dit gebruik word en watter betekenisse daaraan geheg word, eerder as 'n studie van die professies as 'n gedifferensieerde groep beroepe. Na aanleiding van Becker *et al*. (2009) en Freidson (1986, 1994:23-27) kan "professie" vanuit hierdie benadering as 'n sosiologiese konsep ondersoek word in die konteks van 'n sensitiserende of volkskonsep ("sensitizing or folk concept" Freidson 1994:3) en nie as 'n idealetipeberoep wat die binêre grense van professie prespesifiseer deur eie evaluerende kriteria af te dwing op die professie onder bespreking nie. So 'n benadering sou 'n wesenlike argument bied vir 'n sosiologie van professionele klassifisering in stede van 'n sosiologie van die professies. Dit kan ook van waarde wees in die ontwikkeling van 'n raamwerk vir die ondersoek na die sosiale kategorie van "professie" oor verskillende sosiale en historiese kontekste heen.

Bourgeault, Benoit en Hirschkorn (2009:475) gee te kenne dat die meeste hedendaagse wetenskaplikes die definiëringstryd gewonne gegee het ten gunste van die ondersoek na die "... work and non-work activities of professional groups and how they and allied parties use the discourse of professionalism[14] to realize their goals (vergelyk ook Aldridge & Evetts, 2003; Cohen *et al*., 2005; Hanlon, 1998).

So 'n benadering sou 'n wesenlike argument kon bied vir 'n prototipebenadering in stede van 'n klassieke benadering. Die implikasie van so 'n benadering is dat die professionele aanspraak van skoonheidsdeskundiges, haarkappers, en les bes, taalpraktisyns net so ernstig opgeneem word as, byvoorbeeld, dié van dokters en regsgeleerdes.

[14] Professionalisme is "... the competence and effectiveness of workers in their job performance" (Hodson & Sullivan, 1995:302) en is nie dieselfde as professie of professionalisering nie.

2.3.2.2 Britse empirisisme

Een van die opvallendste redes vir die definisieverwarring spruit uit die verskynsel dat die meeste van die sentrale werk oor die professies in die sosioprofessionele opset gedoen is vanuit die tradisie van die Britse empirisisme met die gevolg dat: “The different features of various occupations became a subject of historical if not sociological interest, but at the same time they became a matter of definitional dispute” (Elliott, 1972:5-6; Freidson, 1994:16) veral omdat die betiteling “professie” ’n aanspraak op sosiale status en erkenning geword het (vergelyk die bespreking in Hoofstuk 1 rakende die appèl van professionele status).

Sciulli (2009) toon aan dat die professionele projek sy oorsprong in 1680 het met die onderrig-, beroeps-, en organisatoriese professionalisering van die *Paris Visual Academie,* twee eeue vóór enige soortgelyke ontwikkelinge in Engeland of elders in Europa. Hierdie feit word oor die afgelope eeue misken, met die gevolg dat die sentrale werk oor die professies grotendeels gedoen is vanuit die konvensies van die Britse empirisisme en latere Amerikaanse hovaardigheid. Sciulli (2009:14) is dan van oortuiging: “Our case strips away the most prominent consensus underpinning of the entire sociology of professions.”

Uit die bespreking ten opsigte van die redes vir die definisiegeskil blyk dit dat die probleem sy wortels het in radikaal uiteenlopende benaderings – of ’n gebrek daaraan – tot kategorisering en gepaardgaande betekenisgewing.

Die semantiese verwarring in die literatuur van die professies rondom die definiëring van die woord “professie” soos hierna bespreek, is dan moontlik te wyte aan ’n ontoereikende leksikologiese konsep van woordbetekenis omdat definisies (moontlik onbewustelik) op verskillende beginsels, benaderings en grondslae berus, en daarom by mekaar verbypraat.

Verskillende sosioloë en teoretici gebruik dan die term om verskillende sake te beteken na gelang van die professie onder bespreking. Fox (1992:2) se in die oog lopende opmerking: Die mening dat “professionalisering verskillende dinge vir verskillende mense beteken ” is sprekend van die appèl wat die professionele verskynsel in verskillende kontekste het, en weerspieël nog duideliker die bestredenheid en omstredenheid van die begrip as gelade term. Fundamenteel is die vlieg in die apteker se salf teoretici se onkunde omtrent die noodsaak van ’n behoorlike leksikologiese konseptualisering van die woord se betekenis.

Gegewe die omvang van die literatuur oor die professies, en die losse gebruik van die woord “professie” (vergelyk byvoorbeeld Abbott, 1988:8-9, 315; Freidson, 1986:21, 26-27; Stinnett, 1962:2; Veysey, 1988:17; Veysey, 1979:60 en verder) is dit opvallend dat die diachroniese benadering tot die ontwikkeling en toepassing van die woord heelwat minder aandag geniet in die literatuur as, byvoorbeeld, die definisievraagstuk, ’n benadering wat tot gevolg het ’n wydverspreide verontagsaming van die historiese benadering (Kimball, 1992:5).

Die leksikologiese benadering word dan afgemaak as “perhaps the least valuable” (Charlton, 1969:20, 23; Freidson, 1986:21, 26-27) in hierdie geval op grond van die waninterpretasie van ’n enkele bron met oënskynlik gebrekkige, misleidende, foutiewe of onvolledige inligting, te wete die *Oxford English Dictionary* (vergelyk Cogan, 1953:34; DeLancy, 1938:2 e.v.; Russel, 1980:9); en misleide, verwarrende konseptualisering van die woord en

verbandhoudende konsepte (vergelyk Hughes, 1963, 1965; McKirdy, 1976; McKirdy, 1984:318-328; Schein & Kommers, 1972:7)[15].

Ander teoretici wat hulleself spesifiek ten opsigte van 'n voorgenome historiese benadering tot professies en professionalisering weerspreek, is Carr-Saunders en Wilson (1933:284, 294-295, 309) wat met hulle studie van arbitrêre beroepe onder die dekmantel van historisiteit juis "eenparig" (Carr-Saunders & Wilson, 1933:3) die klassieke professies uitsluit; Bledstein (1976) wat nalaat om in sy leksikologiese historiografie van professionalisme die woord "professie" in te sluit; Siskin (1990:309-321) en Graff (1987:55-118) wat hulle ondersoek na die professionalisering van werk en die gepaardgaande terminologie doen sonder 'n leksikologiese voorondersoek na die konsep "professie" as sodanig.

In bepaalde kontekste word die betekenis van 'n woord (konsep) geïnstitusionaliseer, soos "professie" en verwante konsepte in 'n multitalige en multikulturele sosioprofessionele opset. Hoe dit ook al sy, definisie van veral 'n omstrede begrip is noodsaaklik, en verkry ekstra dimensies wanneer die term institusioneel gelade is. 'n Tersaaklike beklemtoning van hierdie toedrag van sake het tot gevolg dat botsende sienings versoen kan word, en professionaliseringdispute beter verstaan kan word sodat die angel uit die gebruiks-verwarring gehaal kan word.

Die "definisieverwarring" soos dit in hierdie studie ter sprake kom, spruit uit die verwikkeldheid wat ontstaan wanneer die term "professie" gebruik word vir die denotasie van beide verwante én uiteenlopende sake, dus vir woordfamilie-ooreenkomste. Produktiewe oorweging van die definisiedilemma berus gevolglik op 'n toeligtende evaluasie van die verskillende tipe definisies in die literatuur binne die raamwerk van 'n leksikologiese konsep van woordbetekenis. Op stuk van sake: kognitiewe linguistiek berus op die onderskeiding van ooreenkoms in diversiteit, teenoor kategorieë soos foneme wat gedefinieer word in terme van kenmerke (Taylor, 1995:25).

Cogan (1955:111) bied dan vir sy tyd 'n sinvolle oplossing vir die definisieproblematiek: 'n algemeen-omvattende raamwerk van professie binne 'n leksikologies-historiese konteks wat beroepspesifieke doelwitte bied aan die hand van beroepspesifieke definisies. In 'n neutedop kom hierdie uitgangspunt neer op 'n prototipebenadering.

Vervolgens word die verskillende benaderings tot kategorisering onder oë geneem om tot 'n sinvolle benadering tot kategorisering en leksikologiese konsep van woordbetekenis te kom. Drie benaderings tot die konseptualisering van betekenis kom ter sprake: die tradisionele (klassieke) benadering, die kognitiewe benadering, en die kritiese benadering.

2.4 Benaderings tot kategorisering

2.4.1 Inleiding

'n Kursoriese ondersoek na die leksikologiese konsep van woordbetekenis bied 'n aan-knopingspunt met die verskillende tradisies wat blyk uit die literatuur van die sosiologie van professies en die definiëring van "professie" te bewerkstellig en te verreken. 'n Doeltreffende

[15] Hier ter sprake is veral problematiese aspekte ten opsigte van die wyse waarop en konteks waarin, en wanneer verbandhoudende konsepte soos "geleerde professie", "liberale professie", en "professioneel" ontstaan het (Kimball, 1992:3).

leksikologiese konseptualisering van woordbetekenis maak dit moontlik om die verskillende tradisies wat blyk uit die sosiologie van die professies in hierdie studie te verreken.

Aan die hand van Taylor (1995) kan onderskei word tussen drie benaderings tot die konseptualisering van betekenis: die tradisionele (klassieke) benadering, die kognitiewe benadering, en kritiese benaderings. Sodoende kan die betekenis van die konsep “professie” vir die doeleindes van hierdie studie gesistematiseer word.

Die tradisionele benadering tot die betekenis van “professie” fokus op ’n klassieke klassifisering met bepaalde kenmerke (professie- of nieprofessieklassifikasie), die kognitiewe benadering fokus op ’n prototipeklassifisering met die berekening van ooreenkomste (tussen attribute) in grade met die prototipiese professionele beroepe, en die kritiese benadering op die ideologiese basisse wat bestaande definisies van “professie” blootlê (vergelyk Taylor, 1995:1-75 se bespreking van die kategorisering van betekenis). Hierdie aanslag kan lei tot ’n verantwoorde leksikologiese konsep van die woordbetekenis van “professie” wat die verwarring ten opsigte van die verskillende betekenisse van die begrip “professie” soos dit in die sosiologiese literatuur neerslag vind, moontlik kan verhelder en sistematiseer.

Vervolgens word die tradisionele, kognitiewe en kritiese benadering tot woordbetekenis bespreek in die konteks van die konsep “professie” en die professionalisering van beroepe.

2.4.2 Die tradisionele (klassieke) benadering

Die “klassieke” benadering tot kategorisering van woordbetekenis het enersyds sy oorsprong in die teorieë van Aristoteles (Aristotle, 1933) en word andersyds die heersende linguistiese – strukturalisties sowel as generatief – psigologiese en filosofiese teoretiese begronding tot klassifisering gedurende die grootste gedeelte van die twintigste eeu (Taylor, 1995:22).



Klassifikasiestelsels het hul oorsprong in die werk van die Griekse filosoof en wetenskaplike Aristoteles (384 VCE-322 VCE) wat met ’n eenvoudige taksonomie alle bekende organismes van sy tyd in twee groepe verdeel het: plante en diere. Hy verdeel elk van die twee hoofgroepe in drie kleiner subgroepe, naamlik ’n diersubgroep: land, water, lug, en ’n plantsubgroep: klein, medium, groot.

Figuur 2.1: ’n Eenvoudige diagrammatiese voorstelling van Aristoteles se klassifikasiestelsel

Die klassifikasiestelsel skiet ooglopend tekort met te veel organismes wat nie binêr geklassifiseer kan word nie. Byvoorbeeld, paddas het hul genese in water en het kiewe soos visse, maar hulle ontwikkel as volgroeide organismes 'n asemhalingstelsel en hulle kan op land leef. Waar pas hulle uiteindelik in die taksonomie in?

In hierdie eenvoudige klassifikasiestelsel word voëls, vlermuise, en vlieënde insekte saamgegroepeer al het hulle min gemeen met mekaar, met die uitsondering dat hulle almal kan vlieg. Maar 'n pikkewyn is 'n voël wat nie kan vlieg nie, en sou in Aristoteles se klassifikasiestelsel nie as 'n voël geklassifiseer word nie. Selfs met die problematiek van Aristoteles se beperkte klassifikasiestelsel bly dit vir 2000 jaar die model vir die klassieke benadering tot klassifisering totdat dit in die 1700's vervang is met die stelsel van die Sweedse bioloog, Carolus Linnaeus (1707-1778).

Die basiese beginsels van die klassieke benadering tot klassifisering bestaan dan uit 'n samestelling van (binêre) veronderstellings gegrond op die Aristoteliaanse model van kategorisering sowel as twintigste-eeuse linguistiese verwikkelinge (vergelyk Taylor, 1995:22-80):

- 'n Kategorie word gedefinieer ten opsigte van 'n groepering van essensiële en toereikende kenmerke.
- 'n Kategorie se kenmerke is binêr, universeel, abstrak, en kohesief.
- Kategorieë het duidelike, vaste grense: gevestigde kategorieë verdeel 'n saak in twee afsonderlike entiteite; dit behoort tot die kategorie of dit behoort nie aan die kategorie nie.
- Alle lede van 'n kategorie het gelyke status.
- Alle nielede van 'n kategorie het gelyke status.

Taylor (1995:30) som die voordele van die "kenmerkbenadering" vir sowel fonologiese as semantiese kategorieë (woordbetekenisse) soos volg op: "... features enable the linguist to make economical and insightful statements about the structure of a language" (Taylor, 1995:29) wat neerkom op 'n grootliks deskriptief-linguistiese beskrywing van woordbetekenis. Vanuit die klassieke benadering kan die volgende deskriptief-linguistiese afleidings ten opsigte van professie as 'n kategorie – die definiëring van die konsep "professie" en die verskynsel daarvan in die samelewing – gemaak word:

- "Professie" as kategorie verteenwoordig 'n gespesialiseerde groep beroepe met spesifieke kenmerke.
- Die konsep "professie" verteenwoordig al die kenmerke van "'n professie" en hierdie kenmerke polariseer 'n professie teenoor 'n beroep.
- 'n Beroep is óf 'n professie óf dit is nie 'n professie nie.
- Slegs "al" die definiërende kenmerke van 'n professie maak van 'n beroep 'n professie sodat daar geen grade van professionalisering onderskei kan word nie.
- 'n Beroep is 'n professie slegs omdat dit uit spesifieke kenmerke vir "professie" bestaan.
- Die kenmerke van professie het vaste grense ('n "fixed finate inventory"; Taylor, 1995:29).
- Die ontologiese aard[16] van (die kenmerke van) 'n "professie" as kategorie maak 'n afgeronde geheel moontlik van 'n fenomeen soos die professies in 'n samelewing.

[16] Hier ter sprake: watter entiteite bestaan of kan veronderstel word om te bestaan, en hoe sodanige entiteite gegroepeer word, verband hou binne 'n hiërargie, en onderverdeel kan word volgens die ooreenkomste en verskille.

Millerson (1964a:3) se stelling dat Carr-Saunders & Wilson (1933), die Webb-verslag (1917) en die relaas van Tawney (1920) “klassieke formules” geword het vir die definisie van “professie” kry in bogenoemde konteks ’n ironiese strekking, maar vorm tog die basis waarop ’n generasie twintigste-eeuse sosioloë en wetenskaplikes onbewustelik die klasieke benadering tot betekeniskategorisering gehuldig het. Die vroeë literatuur skets ’n rooskleurige prentjie van vertroue in die deugsaamheid, eerbaarheid, moraliteit en die diensideaal van die professies.

Uit die bespreking van die definisieproblematiek in 2.2-2.3 is dit duidelik dat ’n hele generasie wetenskaplikes (onder andere Barber, 1963; Carr-Saunders & Wilson, 1933; Elliott, 1972; Greenwood, 1957; Goode, 1957; Habenstein 1963; Hughes, 1958; Parsons, 1939, 1951; Tawney, 1920; Wilensky, 1964:138) vasgevang gesit het in die klassieke kategoriserings-benadering ten opsigte van hulle besinning oor professie. Dit het tot gevolg ’n statiese definiëring van professie met duidelik-afgebakende grense en eienskappe in ’n taksonomiese poging om te bepaal watter beroepe die professionele paal haal en watter nie aan die klassieke eienskappe van professie voldoen nie.

Die meeste hedendaagse debatte verskuif van ’n klassieke kategoriseringsbenadering na die relevante beroepsgerigte aktiwiteite van professionele groepe en die mate waarin die diskoers van professionalisering gebruik word om ’n toepaslike professionele projek van stapel te stuur, wat ’n meer kritiese benadering impliseer.

Die kritiese benadering hou ’n relevante veronderstelling in: Watter kenmerke van professie vertoon as die betekenisvoller kenmerke in ’n professionele projek sodat, wanneer hierdie kenmerke oor tyd heen in oënskou geneem word, dit betroubaarheid, doeltreffendheid en waarde, en sodoende ’n dinamiese historisiteitsdimensie weerspieël, maar ook funksioneel kan wees in die huidige multikulturele, multitalige sosioprofessionele kontekste, soos die postmoderne samelewing met sy eietydse sosiale eise?

'n Paar kenmerke blyk moontlik ’n ononderhandelbare gegewe te wees, soos outonomiteit, gestandaardiseerde opleiding en altruïstiese diens, en kan kategories en kenmerkend van professie bly. Kenmerke het dikwels individueel ’n historiese spesifikasie.

2.4.3 Kritiese benadering (konflikbenadering)

Naas die klassieke benadering tot betekenis, hoofsaaklik meer deskriptief-linguisties soos hierbo uiteengesit, moet ’n kritiese, konflikgeoriënteerde benadering as deel van algemene sosiopolitiese klimaat ook verreken word in die leksikologiese konseptualisering van woordbetekenis in ’n poging om die woordgeskil van die verskillende tradisies wat blyk uit die sosiologie van professies te verklaar. “Kritiese teorie” word in hierdie verband aangewend in die generiese sin van ’n kritiek op ideologieë en die effek van dominansie en uitsluiting in die samelewing (Fairclough, 1995:15), enersyds vanuit ’n kognitief-linguistiese aspek en andersyds vanuit ’n sosiologiese aspek.

Enige vorm van kategorisering het ’n onderliggende magsbasis wat dikwels verswyg word om die status quo te legitimiseer en te handhaaf. So kan die bedoeling van definiëring van ’n konsep (soos “professie”) byvoorbeeld gegrond wees in ’n konserwatiewe beginsel van die handhawing van die status quo van uitsluiting, soos vergestalt in die klassieke benadering tot kategorisering. ’n Beginsel van insluiting sou dan die status quo bevraagteken en ’n vorm van kategorisering onderskryf om met ’n kritiese linguistiek (benadering) die klassieke vorme van betekenis, uitsluiting en dominansie te bevraagteken (Foucault, 1970).

Die kritiese benadering tot taal en betekenis neem die funksies van uitsluiting in 'n samelewing in oënskou en is toegespits op 'n meer direkte politiese kartering van die vorme van mag wat beoefen word in diskursiewe en ander beginsels (Foucault, 1970); in hierdie studie toegepas op die diskoers oor die definisie van professie en uiteindelik die taalpraktyk. Dit werp die soeklig op "waarheid", die bedoeling van "waarheid", en die onderskeid tussen waarheid en onwaarheid, wat die basis vorm van die wyse waarop kennis in die samelewing aangewend en toegepas word: Hoekom wil mense die waarheid weet? Wat maak mense met die waarheid as dit geïdentifiseer is? Toegepas op hierdie studie: Wat is die definisie van professie en die nut daarvan in 'n sosioprofessionele opset? Wat maak teoretici en taalpraktisyns met die definisie van "professie" en die taalpraktyk as professie?

Kritiese linguistiek word primêr geassosieer met die teoretiese beginsels van Fairclough (1989; 1992; 1995; 2001; 2003) wat veronderstel dat sosiokulturele praktyke die resultaat is van 'n verskeidenheid van sinchrone, kontrasterende en dikwels kompeterende diskursiewe praktyke, en fokus op die verband tussen, en invloed van taal (betekenis) op sosiale institusionele praktyke – soos (professionele) taalpraktyke en -dienste – en die breër politieke en sosiale strukture

Die basis van die kritiese linguistiek lê in die funksionele linguistiek van M.A.K Halliday (1978; 1985), 'n teoretiese benadering tot taal en betekenis wat van toepassing is op gekontekstualiseerde taalpraktyk soos die taaldienste onder bespreking. Die funksionele linguistiek is tot 'n mate versoenbaar met die kritiese linguistiek in die sin dat 'n kritiese benadering kan dien as 'n middel vir die diagnose van 'n omsigtige aanslag ten opsigte van die insluiting van kenmerke in die proses van kategorisering.

Hierdie benadering vertoon 'n grootliks preskriptiewe strekking, veral op grond van die magsverhoudinge wat die gebruik van sommige woorde (soos "professie" en verwante terme) reguleer, en die weerstand daarteen van tyd tot tyd (in die postmoderne samelewing). "Professie" word dan 'n vorm van geïnstitusionaliseerde kontrole (Johnson, 1972:45), 'n "... unifying, articulated idiology" (Krause, 1971:89; vergelyk ook Freidson, 1994:10) se definisie hieronder); 'n subteks, teorie, doktrine, frase of konsep (of woord AK) onderliggend aan sosiale belangegroepe (soos beroepe wat aspireer na professionele status) se konseptualisering van beroepsbeheer en beroepsgesag.

Kritiese benaderings vanuit die sosiologie is grootliks gebaseer op die Weberiaanse beginsels van sosiale sluiting (Weber, 1964) waarby 'n dominante groep kollektiewe sosiale mobiliteit en posisionele privilegie bewerkstellig en behou deur middel van die monopolisering van hulpbronne en dienste vir ekonomiese eiegewin en die uitsluiting van buitestanders.

Kritiese, konflikgebaseerde sosiologiese benaderings (vergelyk byvoorbeeld Collins, 1990b; Freidson, 1983; Johnson, 1972; Krause 1971; Larson, 1977; Macdonald, 1985; Parry & Parry, 1977; Turner & Hodge, 1970) dui daarop dat die konsep van professionele organisering – die professionele projek – as geïnstitusionaliseerde konsep in alle waarskynlikheid 'n beroepspesifieke sosiopolitiese, ideologiese proses is gemotiveer deur die strewe na monitêre vergoeding en professionele status.

Die kategorisering van die leksikologiese betekenis van woorde soos toegepas op kritiese, konflikgebaseerde benaderings, kan 'n insig bied op die omstandighede wat die institusionalisering van 'n konsep soos "professie" in die samelewing tot gevolg het, en die mate waarin die hulpbronne tot en strategieë van professionalisering van 'n (vermeende

bedreigde) beroepsgroep soos byvoorbeeld die taalberoepe in Suid-Afrika, aangewend word om die voortbestaan daarvan as 'n monopolie in die huidige postmoderne taalpraktykmark te verseker.

Hierdie (taalpraktyk)mark is in die woorde van Olvera-Lobo *et al*. (2005:132-135) 'n wêreldwye, gedesentraliseerde, gespesialiseerde, dinamiese, komplekse en virtuele mark. Die enigste wyse waarop die taalpraktisyn hom of haar in 'n globale en gediversifiseerde mark kan handhaaf, is om te verseker dat beroepsopleiding, tegniese vaardighede en diens voldoen aan die kriteria wat aan "professie" gestel word, en op hoogte te bly van heersende en veranderende tegnologie.

Tegnologie en tegnologiese vaardighede speel in so 'n globale en gediversifiseerde marksituasie die bemiddelende, maar ook deurslaggewende rol om die professionalisering van die taalberoepe te bewerkstellig, te bevorder en te handhaaf. In die postmoderne samelewing begunstig tegnologie vinnige informasievloei deur middel van elektroniese kanale om vinnige en effektiewe diens te verseker.

Vanuit die kritiese benadering verreken 'n genuanseerde definisie – 'n kategoriese uitbreiding – die Weberiaanse beginsels van sosiale sluiting (Weber, 1964) in die postmoderne sosioprofessionele opset met sy voortdurende en vinnig veranderende tegnologiese innovasie.

2.4.4 Kognitiewe (of prototipe-) benadering

Croft & Cruse (2004), onderskei drie hoofstroomhipoteses in die kognitief-linguistieke benadering tot taal as betekeniskonstruksie en kennisrepresentasie in 'n reaksie op die generatiewe en logiese (waarheidsafhanklike) semantiek:

- taal en taalgebruik is nie 'n spontane (outonome), spesifieke kognitiewe vermoë nie, maar is 'n algemene kognitiewe vermoë
- grammatika is konseptualisering, en
- konseptuele struktuur ontstaan uit en word gemotiveer deur taalgebruik in spesifieke gebruikskontekste

Alle aspekte van konseptuele struktuur is onderhewig aan vertolking ("construal") – hoe die realiteit op verskillende maniere waargeneem, verstaan en interpreteer word – insluitend die struktuur van kategorieë en die organisering van kennis, of konseptuele strukture (Croft & Cruse, 2004:3). Grammatikale infleksies en grammatikale konstruksies speel 'n deurslaggewende rol in die vertolking van die ervaring (saak of proses) wat op 'n bepaalde wyse gekommunikeer moet word.

Kategorisering veronderstel dat objekte en konsepte saamgestel is uit kenmerke wat teenoormekaargestel kan word. So word onderskei tussen objekte en die kognitiewe verwysing daarna. Sonder binêre klassifikasiestelsels (soos byvoorbeeld die primêre klassifikasie van mense as manlik of vroulik) sou dit nie moontlik wees om sin te maak uit die werklikheid nie. Omdat klassifikasie en die logies verwante kategorisering kenmerkend is van menslike kognisie, word dit uiteraard gereflekteer in taal: onderskeidende objekte word geken aan onderskeidende woorde.

Kategorisering het tradisioneel sy oorsprong in die Aristoteliaanse benadering van metafisika. Kategorieë bied 'n stel noodsaaklike, algemeen-voldoende bepalings wat as geheel voldoende is en deel uitmaak van daardie kategorie (Aristotle, 1933; Taylor, 1995:22-23):

- Kategorisering is afhangende van 'n stel noodsaaklike en voldoende voorwaardes wat in elke geval individueel essensieel en gesamentlik voldoende is.
- Die kenmerke is altyd teenwoordig in 'n binêre verhouding, byvoorbeeld indien X 'n meisie is, moet X vroulik wees. Indien X manlik is, misluk die definisie.
- 'n Kategorie het 'n vaste en duidelike grens wat beteken dat woordbetekenis eksak gedefinieer kan word sodat 'n duidelike onderskeid bestaan van ander leksikale betekenisse.
- Alle lede van 'n kategorie het gelyke status as volle lede. Indien al die kriteria van die definisie van insluiting teenwoordig is, behoort die entiteit aan die kategorie.

Die definisieproblematiek ten opsigte van die konsep "professie" in die sosiologie van die professies is sprekend van die tekortkominge van die klassieke benadering tot woordbetekenis en kategorisering.

Die kognitiewe semantiek se gebruik van die model van woordfamilie-ooreenkomste – 'n begrip oorspronklik ontleen aan Wittgenstein (1978:31-33; in Taylor, 1995:39) – kan gekontrasteer word met die tradisionele Aristoteliaanse benadering van binêre kenmerke van 'n kategorie, die enkele formele definisie. Beskryf as "prototipes" (Taylor, 1995:40) kan die "prototipemodel" dien as 'n alternatief tot die klassieke teorie van kategorisering soos hierbo uiteengesit.

Prototipeteorie bied 'n klassifiseringsbeginsel vir kategorisering wat gebaseer is op 'n kluster van attribute, of op die kriterium van ooreenkoms. Die voordele van hierdie benadering is tweërlei.

- Eerstens strook dit met bestaande kennis van die tipes inligting wat mense genereer in 'n poging om konsepte te definieer, naamlik om nie tussen eienskappe gemeen aan alle lede van 'n kategorie te onderskei nie. Wanneer mense konsepte definieer, onderskei hulle nie tussen eienskappe wat lede van 'n kategorie gemeen het en daardie wat slegs gemeen is aan baie lede nie (Hampton, 1997:84).
- Tweedens bied dit 'n pasklaar verklaring van waarom daar so baie grensgevalle in klassifisering voorkom. In enige ooreenkomsgebaseerde kategorisering is daar altyd die moontlikheid dat 'n spesifieke geval 'n ooreenkoms met die prototipe sal hê (of verskeie ooreenstemmende attribute) wat min of meer voldoen aan die kriteria vir kategorie-insluiting. Klein variasies of klein konseptuele effekte op die gewig van verskillende attribute of dimensies, of op die kriteria vir insluiting self lei tot instabiliteit in kategorisering (Hampton, 1997:85).

Prototipering impliseer die volgende:

- Seker attribute van 'n kategorie is prototipies of vertoon die prototipe.
- Attribute van die kategorie is nie almal gelykwaardig nie.
- Daar is geen vereiste dat 'n attribuut of al die attribute gemeen moet wees aan al die lede in 'n kategorie nie; daar is nie kritieke attribute nie.
- 'n Kategorie met 'n stel noodsaaklike en voldoende attribute is die uitsondering eerder as die reël.

Die definisieproblematiek in die sosiologie van die professies – wat 'n professie is – beklemtoon juis die raison d'être agter die prototipeteorie. Die impetus vir die teorie spruit uit die wydverspreide waargenome krisis in die veld van filosofie en linguistiek wat betrekking het op die definiëring van woorde. Die leek, wat hom nie eintlik steur aan die betekenis van woorde nie, maak gewoon staat op 'n woordeboeklemma- en -omskrywing vir betekenis. Die probleem met die meeste woordeboekdefinisies is dat dit in werklikheid die bedoeling (betekenis, konnotasie) slegs naastenby of ten dele weergee (Hampton, 2006:80).

Die konsep "professie" is die klas van beroepe wat sentreer om spesifieke beroepsaktiwiteite in die verdeling van arbeid in die sosioprofessionele opset waaroor almal saamstem die prototipeprofessie is. Om die punt te illustreer: Berlin en Kay (1969) toon proefondervindelik aan dat daar ten opsigte van, byvoorbeeld, die kleur rooi, groter ooreenstemming is oor die beste voorbeelde ("best examples") van kleurterme as wat daar was omtrent die grense tussen een kleur en 'n ander, soos tussen rooi en oranje. Die kategorie van rooi dinge is gevolglik die kategorie van dinge waarvan die kleur genoegsaam ooreenstem met 'n prototipiese "rooi" (en wat verskil van ander prototipes). Net so is daar konseptuele representasies vir die objekte soos "bank" en "sofa" wat elkeen geassosieer word met 'n prototipevoorbeeld van klas. Objekte en konsepte word dan geklassifiseer op grond van die basis van die prototipe waarmee hulle die meeste ooreenstemming vertoon.

Die woord "professie" soos dit in hierdie studie die hoofsaak vorm van die bespreking ten opsigte van professionalisering – as 'n eksakafgebakende beroepsgroep met bepaalde status in die samelewing – kan nie gedefinieer word deur eksakte reële karakteristieke eienskappe van die geïmpliseerde "uitverkore, enig-in-sy-soort-werksgroep" nie, maar verwys na 'n onakkurate, onjuisgedefinieerde begrip met vae grense. Die gebruik van die woord maak gevolglik in die praktyk voorsiening vir, en leen sigself by uitstek tot vae gebruikstoepassings. Die sosioprofessionele opset skep kontinu nuwe beroepe in núwe sosioprofessionele kontekste binne die verdeling van arbeid in die samelewing sodat dit dikwels onduidelik waarna in werklikheid verwys word. So word daar oor die algemeen na die taalpraktyk verwys as 'n professie sonder om in ag te neem dat dit moontlik nie aan die attribute van 'n prototipemodel van "professie" voldoen nie (soos gebruik deur onder andere Chriss, 2006; Gouadec, 2007; Hammond, 1990).

In die prototipeteorie vervaag die dwingelandy van eksakte, eksplisiete definiëring, veral soos van toepassing op die eksemplaarbenadering: "The central insight of prototype theory is that word meanings, and the conceptual classes that the words name, are distinguished one from another not in terms of an explicit definition, but in terms of similarity to a generic or best example (Hampton, 2006:80). Kategorisering word dus gedoen met verwysing na die ooreenkomste wat bestaan tussen die taalberoepe en die tipiese erkende professies.

Entiteite (soos professies) kan volgens die kognitiewe benadering deskriptief-linguisties gekategoriseer word op grond van hulle attribute, maar wat nie die binêre konstrukte is van die klassieke benadering tot kategorisering nie. 'n Terminologiese onderskeid – eienskappe of kenmerke (die abstrakte kenmerke van die klassieke benadering) teenoor attribute (die alternatiewe, nieklassieke teorieë van kategorisering) – word gemaak op grond van 'n kontinuum van optimale dimensies (Taylor, 1995:40-41). Die prototipeklassifisering vir beroepe wat aspireer na of in die proses van professionalisering is, kom dan neer op 'n rangorde van ooreenkomste van attribute met die prototipiese professionele beroepe.

Die prototipebenadering word dan die sleutel tot die oplossing van die definisieproblematiek in die sin dat dit ons begrip van die aard van die kenmerke van professie (as attribute) oor 'n ander boeg gooi:

- Kenmerke word attribute, met die implikasie dat die elemente 'n nie-eksklusiewe en gegradeerde karakter kry.
- Lidmaatskap van 'n kategorie word ook 'n kwessie van graad in terme van die mate van ooreenstemming met bekende, prototipiese voorbeelde van 'n kategorie.

In prototipeteorie kan konseptuele kategorieë op twee hoofwyses gerepresenteer word skemas ("schemas") – veral van toepassing op kategorieë met vae grense en eenvoudige konsepte soos kleur en vorm – en eksemplare ("exemplars") soos dit van toepassing is op komplekse konsepte soos (voëls of voertuie) en kategorieë met verskillende en verspreide attribute (Hampton, 1997:88), en is derhalwe nie ekwivalent nie. In beide hierdie benaderings binne die prototipeteorie staan die verwante nosies van gegradeerde sentraliteit en beste voorbeelde egter sentraal.

Langacker (1987:371) beskryf 'n skema as:

> ... an abstract characterization that is fully compatible with all the members of the category it defines (so membership is not a matter of degree); it is an integrated structure that embodies the commonality of its members, which are conceptions of greater specificity and detail that elaborate the schema in contrasting ways.

Terwyl 'n skema 'n georganiseerde abstrakte raamwerk van objekte en verhouding is, bestaan 'n prototipe uit 'n gespesifiseerde stel verwagtinge, 'n hoogs tipiese geval ("instantiation', "instance") van 'n skema. (Langacker, 1987). 'n Skema kan dan beskou word as 'n stel verbandhoudende plekhouers ("slots") wat verband hou met die konteks of aan-gevul kan word met addisionele inligting afhangende van die konteks – agtergrond, raam (Fillmore, 2006) of veld; terme wat in die literatuur uitruilbaar gebruik word (vergelyk Croft & Cruse, 2004; Hampton, 1997 en Langacker, 1987).

Die **skema van professie** met attribute word geïnstansieer deur beroepsvoorbeelde soos dokters, prokureurs en geoktrooieerde rekenmeesters en hulle professionele beroepsliggame (vergelyk 4.6). 'n Skema is dus 'n abstrakter representasie wat nie ten volle alle betekenisse van 'n woord representeer nie, net die ooreenkomste wat die verskillende voorbeelde met mekaar gemeen het. Skema geld breër, maar om breër te **kan** geld, moet dit onder-gespesifiseer wees; moet dit nie soveel detail bevat dat spesifieke voorbeelde uitgesluit word nie. In 'n skema van 'n prototipe word verwys na enkele kenmerke eerder as baie kenmerke. In die eksemplaarbenadering kan induktief gewerk word: hier is die tipiese professies; wat almal met mekaar gemeen het, is die skema met die volgende attribute, maar daarbenewens het die meeste van hulle, maar nie almal nie, ook die volgende attribute. So word onderskei en klem gelê tussen die meer sentrale kenmerke teenoor die minder sentrale kenmerke.

Die skemabenadering representeer 'n konsep in terme van 'n lys van die attribute van kategorielede. In hierdie opsig stem die benadering ooreen met 'n klassieke definisie, behalwe dat die kenmerke van 'n prototipiese representasie nie noodwendig en voldoende is nie (alhoewel nie een van die twee noodwendig uitgesluit word as individuele kenmerke nie). Die sentraliteit van 'n item in die kategorie is afhanklik van hoeveel van die relevante stel kenmerke teenwoordig is: hoe meer kenmerke teenwoordig is, hoe beter is dit as 'n

voorbeeld van die kategorie. ’n Attribuut is geregverdig indien die teenwoordigheid daarvan lei tot ’n beter “goodness of example”-gradering (Croft & Cruse, 2004:81).

’n Attribuut se gewig sal afhang van die mate waarin dit sentraal staan, wat dan ’n oorhoofse gewigsgradering vir kategorie-kwalifisering sal bepaal, met ander woorde wátter attribute en óf ’n attribuut ingesluit sal word. Dit is moontlik dat geen bestaande lid van ’n kategorie al die prototipe-attribute sal vertoon nie sodat die kern van die kategorie verteenwoordig word deur die lid of lede met die hoogste attribuuttelling; die prototipe sal dan die idealetipe wees verteenwoordig deur die volle stel attribute (Croft & Cruse, 2004:81).

In die **eksemplaarbenadering** word ’n konsep gerepresenteer deur die tipiese attribute en daar is geen vereiste dat daardie attribute verteenwoordigend (waar) sal wees van alle lede van die kategorie nie, en taalgebruikers sal nie noodwendig bewus wees van watter attribute universeel is en watter nie. In eksemplaarmodelle hoef alle attribute nie waar te wees van alle kategorielede nie (Hampton, 2006:92). ’n Beroep kan dus maar ’n professie genoem word al voldoen dit nie aan al die vereistes van “professie” nie, en omgekeerd.

Eksemplare verlaat hulle op die nosie van ooreenkoms. ’n Konsep kan voorgestel word deur ’n ideale eksemplaar, en insluiting en sentraliteit van ander items kan gedefinieer word volgens hulle ooreenkoms met die prototipe.

Hoe is prosesse van geleidelike professionalisering versoenbaar met die kognitiewe benadering?

Die geleidelike professionalisering van beroepe impliseer die toevoeging van die noodsaaklike attribute vir professie wat afwesig is, sowel as die “opgradering”, of “modifikasie” van attribute wat aanwesig is, maar nie voldoen aan die standaarde wat aan die spesifieke attribuut gestel word nie, soos byvoorbeeld gestandaardiseerde opleiding, kennis en vaardighede, wat moontlik gemodifiseer kan word na (praktyk)gerigte opleiding, kennis en vaardighede.

Die kognitiewe benadering tot die verstaan van die konsep “professie” skep die ruimte waarbinne die proses van professionalisering hierdie betekenisverruiming kan ondergaan, want “grammar reduces to the symbolization of structured conceptualization” (Langacker, 2000:203), wat een van die basiese beginsels van die kognitiewe linguistiek veronderstel.

In die kognitiewe semantiek kan ’n kategorie aangepas word deur middel van (vergelyk Van Rooy, 2006:63, voetnoot 5):

- uitbreiding (“elaboration”): die beskrywing van ’n kategorie word uitgebrei, meer spesifiek gemaak en sal dan tipies minder insluit, en
- verlenging (“extension”): die beskrywing van ’n bestaande kategorie word verleng om nog meer in te sluit.

2.4.5 Terugskouing en gevolgtrekking

In ’n professionele opset sou ’n beheptheid met ’n definisiegeskil as ’n triviale aktiwiteit beskou kon word, tog oorheers die definisieproblematiek in die literatuur van die professies tot so mate dat die gevolglike konseptuele verwarring die sukses van enige professionele projek in die gedrang bring.

In die bespreking tot dusver is ’n poging aangewend om die aanleidende oorsake tot die definisieproblematiek te identifiseer om met ’n moontlike oplossing vorendag te kom. Uit die voorafgaande bespreking is aangetoon dat die definisiegeskil opgelos kan word met ’n prototipebenadering tot die betekeniskategorisering van professie sodat daar duidelike attribute in die literatuur geëien kan word en ’n prototipedefinisie vir professie ontwikkel kan word.

Dit blyk duidelik uit die literatuur dat die redes waarom hierdie definisiegeskil so sentraal staan in die literatuur van professionalisering gesetel is in verskillende botsende en uitgediende benaderings tot die kategorisering van betekenis. Die vernaamste benaderings in die sosiologie van die professies is gebaseer óf op die klassieke benadering van kategorisering – wat impliseer dat sommige kenmerke aanwesig moet wees en sentraal staan – óf op die kritiese benadering van kategorisering, wat impliseer dat betekenis altyd tot een of meer partye se nadeel is. Hoe dit dan ook sy, betekenis is onvermydelik deel van optimale kommunikatiewe prosesse in die samelewing, en veral dan vir die taalpraktyk. Die kritiese benadering – soos die klassieke benadering – is in wese ook maar ’n vorm van verabsolutering van één dimensie van kategorisering.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die oorsaak van die definisiegeskil sy oorsprong het in die gebruik van verskillende betekeniskonsepte. Die sleutel tot die oplossing van die definiëringskwessie is om ’n kognitiewe of prototipebenadering tot kategorisering te volg. Uit die literatuur kan aangedui word dat alle sogenaamde geïdentifiseerde “kenmerke” van professie nie noodwendig, onvermydelik en/of permanent teenwoordig hoef te wees in die definisie van “’n professie” nie. As attribute kan kenmerke derhalwe beskou word as ’n kwessie van graad (vergelyk byvoorbeeld Braude (1975) en daar sal in die volgende afdeling met die bespreking van bestaande literatuurdefinisies aangetoon word dat sekere attribute meer of minder sentraal kan staan in die werksdefinisie wat vir die taalpraktyk onder bespreking ontwikkel word.

Die prototipekonsep vorm dus in die volgende afdeling, en ook in die res van die studie, die sentrale teoretiese uitgangpunt van die ondersoek na ’n model vir professie en professionalisering. Die kenmerke van professie (nie die debatte oor professionalisering nie) vorm die skering en inslag van die uiteensetting, en in die volgende afdeling word die kenmerke van professie ondersoek soos dit uit die bestaande literatuur te voorskyn tree, hoofsaaklik uit leksikografiese en sosiologiese bronne.

2.5 Bestaande literatuurdefinisies

2.5.1 Inleiding en vooruitskouing

In die vorige afdeling is aangetoon dat die redes vir die definisiegeskil in die literatuur van professionalisering gesetel is in verskillende botsende en uitgediende benaderings tot kategorisering van betekenis. In hierdie afdeling word ’n poging aangewend om die literatuur te fynkam vir bestaande definisies van professie, die rede vir definiëring en die toepassing daarvan in ’n sosioprofessionele opset.

Die doel is om “kwalitatief -maksimalisties” te werk te gaan deur middel van ’n ondersoek na elke moontlike attribuut van professie, maar met ’n attribuut-kwantitatiewe veronderstelling voor oë: oor watter van hierdie attribute is daar baie konsensus, aangesien dit hierdie attribute is wat sentraal staan in die definiëring van “professie” en die uiteindelike definisie daarvan, en watter van hierdie attribute is net vir sommige bronne van belang. Die resultaat val uiteen in twee stelle, naamlik die leksikografieliteratuur – ’n verskeidenheid relevante Engelse, Afrikaanse en Nederlandse woordeboeke – en ’n verskeidenheid sosiologiese bronne. ’n Sintese van die gevolgtrekkings van die definisies van “professie” uit beide die woordeboek- en sosiologie-ondersoek word in 2.7.1 en 2.7.2 gedoen na ’n bespreking van die rasionaal agter definiëring en die verskillende tipes definisies in 2.6.

Freidson (1994:16) kom dan tot die absolutistiese slotsom van “die verpligitng van definisie”, wat neerkom op ’n klassieke benadering van kategorisering (vergelyk 2.4) dat skrywers wat dit erns maak met die sosiologie van die professies onder ’n verpligting staan “... to display to readers what they have in mind when the word is used – that is, to indicate the definition upon which their exposition is predicated and, for even greater clarity, examples of the occupations they mean to include and those they mean to excude” (Freidson, 1994:27). Met die hieropvolgende bespreking word dan ’n poging aangewend om, in teenstelling met dié absolutistiese uitspraak, die rasionaal agter die keuse van ’n prototipebenadering tot definiëring vir hierdie studie te volg.

Vervolgens word enkele tersaaklike redes vir definiëring uit die literatuur bespreek as agtergrond tot en rasionaal vir die belang van definiëring vir die professionele projek onder bespreking.

2.5.2 Definisiële rasionaal

Definiëring dien as verifikasie dat “professie” as idealetipe sosioprofessionele verskynsel tipiese onderlinge betrekkinge met ander beroepe gemeen het, en tipies hulle eie aktiwiteite op dieselfde wyse organiseer. Hierdie hoedanighede blyk die kernaspekte te wees van die idealetipeberoep en die beroepspersoon (Elliott, 1972:4). Weber (1964:110) gebruik die ideale tipe om die aandag te vestig op kernelemente van sosiale verhoudinge om sodoende die konsekwensies daarvan op ander aspekte van die sosiale organisering te bepaal, ’n benadering tipies van die Aristoteliaanse denkwêreld van die klassieke benadering tot en definiëring van idealetipes waar abstrakte begrippe op die konkrete werklikheid toegepas probeer word.

Na ’n aanvanklik beperkende definisie wat die noodsaak van gespesialiseerde diens in die konteks van ooreenstemmende vergoeding impliseer[17], kom Carr-Saunders en Wilson (1933:284) tog tot ’n insig wat reeds die onderskeid tussen die klassieke benadering en die prototipebenadering (vergelyk 2.4) uitspel: “... the typical profession exhibits a complex of characteristics, and ... other vocations approach this condition more or less closely, owing to the possession of some of these characteristics fully or partially developed”.

Die implikasie is dat alle beroepe tot ’n mindere of meerdere mate eienskappe vertoon van professionalisering of “professie”, of hulle na professionele status strewe al dan nie, wat in verband gebring kan word met die kognitiewe benadering tot leksikologiese kategorisering.

[17] Die uitoefening van ’n beroep (soos vervat in die Engelse woord “trade”) in die proses van dienslewering vir die doeleindes van vergoeding gebaseer op gespesialiseerde intellektuele, akademiese navorsing en opleiding (Carr-Saunders, 1928:21).

Die kwessies is dan eerstens: Waarom die dwingende noodsaak van ’n onderskeid tussen beroep en professie in die literatuur in die vorm van “die definisie van professie”?, en tweedens: Waarom die strewe van taalpraktisyns na professionele status, professionele erkenning en professionele betiteling?

Die rede is te vinde in die noodsaaklike en gespesialiseerde sosioprofessionele rol en funksie wat die verskeidenheid taaldienste in die hedendaagse samelewing en sosioprofessionele opset te speel het. Taaldienste het ’n impak op die samelewing in sy geheel en op die veelvuldige belange (regte en verantwoordelikhede) van die gebruikers en verbruikers van taaldienste – die verskaffers self, die kliënte, verbruikersliggame, ander professies en regerings (Maia, Haller, & Ulyrch, 2002; Pym, 2000a).

Professionele erkenning van die taalberoepe berus op formele gesanksioneerde professionele status: die “titel van professie”. Gegewe die definisieproblematiek soos hierbo bespreek, is dit nodig dat ’n kontemporêre definisie vir die taalberoepe as professie uit die literatuur geabstraheer word. Definisiële integriteit ondersteun die ondersoekveld, maar regverdig ook die strewe van die taalberoepe na professionele erkenning.
In hierdie verband kom drie deurlopende temas soos van toepassing op die bespreking van die professionele projek van die taalpraktisyn ter sprake:

- die definisiële geskil;
- die dinamiese historisiteitsdimensie, en
- die sosiale status wat gepaardgaan met professionele beroepserkenning.

Hierdie deurlopende temas word kortliks in konteks geplaas.

2.5.2.1 Die definisiële geskil

As deurlopende tema in hierdie studie sentreer die definisiegeskil rondom die kwessie van die oorvloed van en polemiek oor die verskillende tipes definisies in die literatuur (vergelyk onder andere Abbott, 1988:7; Barber, 1963; Cogan, 1953; Cogan, 1955; Evetts, 2006; Freidson, 1994:15; Gerver & Bensman, 1954; Greenwood, 1957; Goode, 1957; Goodlad, Soder & Sirotnik, 1990; Habenstein, 1963; Hatch, 1988; Hughes, 1971; Johnson, 1972:22; Klegon, 1978; Larson, 2008; Malatesta, 2005; Millerson, 1964a, b; Pavalko, 1971:15-16; Saks, 1983; Sciulli, 2005a; Sciulli, 2005b; Sciulli, 2008 en Torstendahl, 2005) Dit blyk uit die literatuur dat daar in die strewe na die omskrywing of begrensing van “professie” – ’n definisie – verskeie motiverings opgesluit lê wat soos volg verwoord kan word:

Eerstens word nie slegs die konsep gedefinieer nie: in een opsig kom aspekte soos persoonlike integriteit en bevoegdheid, etiese standaarde en morele waardes alles ter sprake wat terselfdertyd die rasionaal bied vir beroepsverbondenheid, beroepstoewyding, en beroepsbevordering. In ’n ander opsig regverdig dit die aanspraak op professionele status: “To choose a definition is to plead a cause, so long as the word defined is strongly emotive” (Stevenson, 1944:210). “Professie” met sy morele implikasies is so ’n konsep, met die veronderstelling: “... to describe oneself as a member of a profession is to claim certain qualities, not simply to state a fact about oneself ... ” (Bellis, 2000:318).

Tweedens gee die prestige van "professie" betekenis aan die alledaagse bestaan: "'n Mens se beroep is een van die belangrikste fasette van sy sosiale identiteit, van sy self, inderdaad, van sy noodlot in die een lewe wat hy het om te leef ..." (Hughes, 1951:313-323). Sodanige aansien plaas die mens en sy werk, die sin van sy bestaan, in konteks: "... the emotion-laden identification of men with their occupation, their dependence on it for much of their daily meaning of their lives, cause them to defend it vigorously and to advance its cause where possible" (Goode, 1960a:902).

Derdens: 'n tersaaklike definisie bevorder die aanspraak op professionalisering van 'n beroep wat strewe na professionele status: "It is also true that many of the analysts who have applied themselves to the task of defining what a profession is, are at times pleading a special cause relating to the claims of an occupational group which is currently striving for professional status" (Millerson, 1964b:3). Dit beteken dat die klassieke definisie van professie bepaalde universele kenmerke sal stipuleer, terwyl 'n kritiese omskrywing op 'n sosiale konsepverruiming van professie afgestuur sal wees; 'n meer genuanseerde, uitgebreide definisie wat in die postmoderne samelewingsopset geakkommodeer kan word.

Die kognitiewe definisie veronderstel 'n prototipestruktuur ingebed in 'n dinamiese historisiteits-dimensie en vorm die grondslag vir die definisie wat vir die taalpraktyk in die vooruitsig gestel word.

Die rede vir definiëring in hierdie studie is dus om 'n roetekaart te skryf vir die professionalisering van 'n beroep – die taalpraktyk – wat moontlik reeds sommige kenmerke van professie vertoon, maar skynbaar die wind van voor kry[18] (Combrink & Verhoef, 2002). Die klem word verskuif van 'n statiese taksonomiese model van professie vanuit die klassieke benadering tot kategorisering na 'n historiese ontwikkelingsproses, en toegespits is op kenmerke wat oor tyd heen kan verander, verval, of toegevoeg kan word.

2.5.2.2 Die dinamiese historisiteitsdimensie

Hierdie dinamiese historisiteitsdimensie, as 'n volgende deurlopende tema in die studie, word as oplossing gekontrasteer teenoor die statiese model van professionalisering waarop die meeste definisies geskoei is (vergelyk onder andere Barber, 1963; Bellis, 2000; Cogan, 1953; Greenwood, 1957; Goode, 1957; Hughes, 1971; Millerson, 1964b; Stevenson, 1944), en wat vir die doeleindes van hierdie studie nie 'n bruikbare konsep is nie.

Die taalpraktyk onder bespreking is nie reeds 'n gevestigde professie in Suid-Afrika of Vlaandere nie. Die gebrek aan status is dus nie die gevolg van die feit dat dit as professie misken word omdat die samelewing die waarde, rol en funksie daarvan soos dit vergestalt word in die taalberoepe nie na waarde skat nie. Die doel van hierdie studie is dus nie om dieselfde feite oor professie soos dit uit die literatuur te voorskyn tree te herinterpreteer om 'n gewaande "professionele status" van die taalberoepe onder bespreking te regverdig nie.

Die taalpraktyk is wel (wêreldwyd) onderweg na professie, en die proses van professionalisering kom reeds 'n lang pad (vergelyk Hoofstuk 1) sodat die verskillende taaldienste soos verteenwoordig in die verskeidenheid taalberoepe wat die taalpraktyk uitmaak, reeds bepaalde professionele kenmerke vertoon (Bolster, 2005; Carstens & Van de Poel, 2010; Fenton, 1993; Gouadec, 2007:245; Katan, 2010; Law & Kruger, 2008;

[18] Die struikelblokke onderweg na professionalisering en die redes daarvoor word in Hoofstuk 4 bespreek.

Mackenzie, 2004; Mikkelson, 1999; Pollitt, 1997; Tseng, 1992), maar tog gebreke toon ten opsigte van sekere ander fasette (Katan, 2010; Bell, 2000).

Gevolglik bied die dinamiese historiese konsep ’n nuttige oplossing vir die problematiek van die professionalisering van die taalberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere: dit kan ’n model – of ten minste ’n riglyn – daarstel om die beroep wat nog nie as professie erken word nie, maar moontlik reeds sommige kenmerke vertoon, op ’n lewensvatbare proses van professionalisering te plaas.

2.5.2.3 Die sosiale status wat gepaardgaan met beroepsprofessionalisering

Nog ’n deurlopende tema – wat konsekwent in die literatuur sinoniem is met “professie” – is die gesogte gepaardgaande status wat die titel van professie inhou (vergelyk byvoorbeeld Becker *et al.*, 2009:4; Evetts, 2003:296; Sapp, 1978:20). Waarin lê die voordeel van professionele status vir taalpraktisyns? Watter nadele of voordele hou professionele status in vir vertalers en teksredakteurs in die uitgewersmaatskappy, munisipaliteite, byvoorbeeld; vir hof- en ander tolke; vir oudiobeskrywers, of vryskuttaalpraktisyns in die samelewing?

Strek ’n gebrek aan professionele status tot die nadeel van taalpraktisyns? Bes moontlik nie, maar gesien teen die agtergrond van die breër samelewingsopset, sou sigbare status gesogte voordele vir die taalpraktisyn kon inhou, hetsy moreel, finansieel of taakgerig. Een van die belangrikste voordele van professionele status vir die taalpraktisyn lê spesifiek op die vlak van taaldienspraktyke (soos vertaling, teksredaksie, oudiobeskrywing, terminologie-ontwikkeling, en so meer) en sou ’n noodsaaklike sistematiese kwaliteitskontrole van die taaldienste in die vooruitsig stel.

As konseptualiserende konstruk in enige navorsingsprojek word die definiëring van konsepte veral in verband gebring met die doel daarmee en die impak wat definiëring op die projek het (Cogan, 1955:106-109). Vervolgens word die algemene oogmerke, doel en belang van verskillende tipes definisies onderliggend aan wetenskaplike navorsing – nominale definisies, oorredende definisies, en operasionele definisies – vir die navorsingsprojek kortliks bespreek en in verband gebring met die verskillende benaderings tot kategorisering wat hierbo bespreek is.

Daarna word die “kenmerke” uit die verskillende definisies (soos verteenwoordig in die klassieke benadering tot woordkategorisering) geabstraheer tot “attribute” (soos toegepas in die kognitiewe linguistiek) om tot ’n kognitiewe model vir professie en ’n werksdefinisie vir “taalpraktyk” te kom.

2.6 Oogmerke van verskillende tipes definisies

2.6.1 Nominale definisies

Wanneer die definiëring van ’n spesifieke beroep, soos taalpraktyk, as professie ter sprake kom, moet die definisie enersyds verband hou met die algemene konsep van die betekenis van “beroep”, dit is, met die primêre konseptuele kenmerke wat dit denoteer (die klassieke benadering tot betekenis). Andersyds moet dit van ander verbandhoudende konsepte onderskei word om ’n sistematiese ondersoek van die onderwerp ter sprake moontlik te

maak (Cogan, 1955:106). Dit kom neer op 'n meer beskrywende benadering soos verteenwoordig in Wittgenstein (1958) se begrip van "familie-ooreenkomste" en verwante betekenisse (vergelyk die kognitiewe benadering soos hierbo kortliks bespreek).

Nominale (historiese en leksikografiese definisies) bied primêre, universele kenmerke in die definiëringsproses van die konsep "professie", en is verteenwoordigend van die klassieke benadering tot klassifisering van woordbetekenis.

Essensiële attribute moet egter begrens word om die taalpraktyk as professie te onderskei van verwante terme soos "nering", "beroep", "gilde", "ambag", "semi-professie", soos dit hieronder in die bespreking van die definisies ter sprake kom.

Hierdie metode van ondersoek skep 'n raamwerk waarbinne die definiëringsproses van die taalpraktyk as aspirerende professie kan geskied met die wete dat dit as professie, sy differentia ten spyt, essensieel 'n spesie van die genus "beroep" sal bly. Sodoende word die kompleksiteit van die konsep "professie" in ag geneem in 'n volgehoue poging om tussen die nuanses en die veelvuldige sekondêre betekenisonderskeidings van die konsep te onderskei, sowel as om tot 'n begrensing van die spesifieke beroep ter sprake, die taalpraktyk, te kom.

2.6.2 Oorredende definisies

'n Tweede tipe definisie – wat Cogan (1955:107) oorredende/inspirerende ("persuasive") definisies noem – het ten doel 'n paradigmaskuif, 'n verandering in houding teenoor en sienswyse ten opsigte van 'n besondere saak, in hierdie geval "professie". Hierdie tipe definisie staan al nader aan die kritiese tradisie, wat deur taal mense oproep tot bepaalde vorme van denke of optrede.

Die noodsaak van oorredende definisies vir die professies het te doen met die aard van "professionele" diens en die opofferings wat die professionele persoon in dié verband in die gesig staar: "professie" impliseer moeisame en langdurige, voortgesette opleiding, sowel as persoonlike toewyding aan 'n nougesette etiese kode (Cogan, 1955:107).

Dit verg oortuiging sowel as deursettingsvermoë van taalpraktisyns om gespesialiseerde opleiding te ondergaan en die gepaardgaande professionele gedragsbeginsels, verantwoordelikhede en werksetiek in die praktyk te handhaaf, en hierdie attribute is 'n voorwaarde vir "professie": mislukking in óf die een óf die ander impliseer 'n mislukking van taalpraktyk as professie. Wanneer dit nodig is om mense se sienswyses te verander, kan die trefkrag van oorredende definisies nie onderskat word nie. Inderdaad, konstateer Cogan (1955:107): "If profession is to remain desired and desirable, then powerful persuasive difinitions are a sine qua non."

Die beste voorbeeld van die impak van die oorredende definisie is die mate waarin die Hippokratiese Eed (Anon, 2009) wat mediese praktisyns moet aflê, vervat is in die werkwyse en gedragskode van die hedendaagse mediese beroepsorganisasies.[19] Alle gekwalifiseerde en voornemende mediese praktisyns lê die Hippokratiese Eed af waarin hulle onderneem om altyd die hoogste etiese en normatiewe gedragskodes teenoor hulle pasiënte te handhaaf.

[19] Daar bestaan tans verskillende weergawes van hierdie eed, en wel om te voorsien in die behoeftes van die moderne en postmoderne samelewing en veranderende sosiokulturele opset.

Die insig wat nominale en oorredende definisies bied, is nuttig vir die konstruksie van teoretiese modelle vir die ondersoek na, en relevante hipoteses van “professie”. Cogan (1955:108) wys egter daarop dat hierdie definisies in geheel misluk het wanneer die beginsels daarin vervat lukraak en misplaas aangewend word as operasionele kriteria vir besluite of spesifieke verskynsels professioneel, nieprofessioneel, of onprofessioneel is al dan nie. Die gevolglike mislukking van sodanige wantoepassing neig om veralgemeen te word sodat die positiewe waarde van dié stellings verontagsaam of oor die hoof gesien word.

2.6.3 Operasionele definisies

Operasionele definisies bied die basis waarop betrokke partye spesifieke besluite neem ten opsigte van die verwante gedragsverskynsels van ’n spesifieke saak soos “professie” (Cogan, 1955:108). Dit is dus die praktiese riglyne van die dag-tot-dag-besluite en aktiwiteite van byvoorbeeld, taalpraktisyns as ’n professionele entiteit, en behels die rasionaal ten opsigte van:

- professionele gedragsbeginsels;
- ’n modus operandi van interaksie met kliënte, kollegas, die breë publiek en die professionele beroepsliggaam;
- die spesifieke kriteria vir algemene en gespesialiseerde professionele opleiding;
- die vereistes vir toelating tot die beroep, en
- die standaarde vir bevoegde, gespesialiseerde diens.

Agter elke standhoudende operasionele definisie van ’n spesifieke professie strek ’n lang geskiedenis van pogings tot operasionele definiëring en toepassing, en noodsaak as voorvereiste die standaardisering van geakkrediteerde opleidingsinstansies (universiteite en skole); verbandhoudende toelatingsvereistes, kurrikula, kwalifikasies van doserende personeel, opleidingsfasiliteite (Cogan, 1955:108), asook kwalifikasies van voornemende praktisyns, voorgesette opleiding, indiensopleiding, vakleerlingskap, etiese kodes, en so meer (AK).

Operasionele definisies beperk idiosinkratiese (eiesoortige) professionele gedrag en neig om die grense tussen professionele, onprofessionele en nieprofessionele optrede en gedrag te stabiliseer (konsolideer, verbeter, versterk) (Cogan, 1955:109), maar dit wil voorkom of die meeste teoretici wat ’n definisie van professies probeer konstrueer, werk sonder ’n teoreties verantwoordbare leksikologiese konsep van woordbetekenis, of met uitgediende benaderings tot die kategorisering van betekenis. Hulle agenda is dus een van ’n program wat uitvoering gee aan ’n onderliggende klassieke benadering tot betekenis al het hierdie teoretici dit overt nie so geformuleer nie, beredeneer hulle hulle saak vanuit hierdie benadering om duidelike grense te probeer trek. Vanuit die kognitiewe benadering kan daar grade van lidmaatskap toegelaat word, sonder dat absolute grense tussen “professie” en “nieprofessie” getrek word.

Die grondliggende vraagstuk ten opsigte van die professionele projek van die taalpraktyk is: Hoe kan hierdie beroepe in Suid-Afrika en Vlaandere nader beweeg aan die kern van “professie” soos in die prototipemodel uiteengesit?

Definisies moet voorts ook gebaseer word op teoretiese vraagstukke. Die neiging om bestaande definisies te gebruik om veralgemenings ten opsigte van “professie” te genereer (Abbott, 1988:8), is die gevolg van:

> ... writing that lacked theoretical intent. There, definitions were judged by their ability to regenerate common opinions. Since those opinions were organised around the familiar examples of American law and medicine, definitions excluded things that didn't look like law and medicine ... and included things that did ...The underlying problem is that for many writers, calling something a profession makes it one...When definitions aim to distinguish groups according to ... external agenda, they are disputed. When used to answer theoretical questions, they are not.

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die rede vir die definisiegeskil die insluiting/uitsluiting van bepaalde beroepe is, wat die magsbeginsel onderliggend aan die kritiese benadering beklemtoon.

Met die bespreking hierbo is 'n poging aangewend om die rasionaal agter, en belang van definiëring vir hierdie studie te verduidelik. In die volgende subafdeling word die verskillende elemente van professie uit 'n verskeidenheid bestaande literatuurdefinisies onder die loep geneem. Die definisiële literatuur val uiteen in twee stelle: leksikologiese bronne en sosiologiese bronne.

2.7 Die literatuurdefinisies

Die doel met die wyse van aanbieding van die inligting en bespreking hierna is om grootliks vanuit die historisiteitsdimensie van die proses van professionalisering 'n sintese te maak van die verskillende kenmerke van professie soos vervat in 'n verskeidenheid bestaande definisies (vergelyk 2.5) uit relevante leksikologiese en sosiologiese literatuur. Hierdie keuse van definisies uit leksikografiese en sosiologiese bronne is verteenwoordigend van die literatuur van "professie" wat geraadpleeg is soos wat dit in hierdie studie ter sprake kom, sowel as van die kenmerke wat in die definisie van "professie" voorkom, en kan grotendeels van toepassing gemaak word op die taalpraktyk[20] as aspirerende professie.

Om die klem op die historisiteitsdimensie – 'n diachroniese ontwikkelingsproses – as 'n deurlopende tema in hierdie studie enduit te voer, is op die volgende wyse te werk gegaan om 'n werksdefinisie vir professie te abstraheer uit die seleksie van geraadpleegde definisies: Uit die verskeidenheid verteenwoordigende definisies oortyd heen – Flexner (1915) se vroeë definisie van "professie"; Goode (1960a) se integrering van die definisieteorie tot 1960; die Monopolies Commission (1970) se definisieverslag, en Burrage *et al.* (1990:205) se multifunksionele definisie soos hieronder aangehaal; die verskillende definisies uit leksikografiese en sosiologiese bronne, en die Hippokratiese Eed (uit hoofde van die mediese beroep se status as een van die eerste klassieke professies) – word die tipiese attribute as 'n prototipestruktuur van 'n professie (kognitiewe kategorieë) uit die veelheid definiërende kenmerke (klassieke kategorieë) van 'n professie afgelei en getabuleer.

Daar word in die vooruitsig gestel dat leksikografiese bronne – woordeboeke – meer ooreenstemming met die prototipemodel van betekenisgewing behoort te vertoon om met 'n "folk"-konsep vorendag te kom. Sosiologiese bronne behoort in baie meer detail oor tyd heen te werk te gaan met die toevoeging van subtiele besonderhede en nuanses tot definisies.

---

[20] Hierdie definisies dien as 'n verteenwoordigende steekproef van die menige omskrywinge wat in die literatuur voorkom, en wat van toepassing is op hierdie studie. Om herhaling te voorkom, is die definisies van Barber, 1963; Caplow, 1954; Carr-Saunders, 1955; Carr-Saunders & Wilson, 1933; Goode, 1957; Greenwood, 1957; Hughes, 1965; Lewis & Maude, 1952:1-2, 55, Hoofstuk XI; Merton, 1957; Moore & Rosenblum, 1970; Parsons, 1937; Parsons, 1951:372, 381; Parsons, 1970: 35-36 en Pavalko, 1971 nie aangehaal nie, maar hulle toon dieselfde strekking van professionele elemente van die meeste aangehaalde definisies en word vervat in die sintese en tabulering van die professionele elemente hieronder.

Hierna volg eerstens ’n bespreking van die geraadpleegde leksikologiese definisies en daarna die sosiologiese definisies van professie soos dit van toepassing is op hierdie studie. Betekenisaspekte van die woord “professie” wat ter sprake kom in die bespreking van die leksikografiese definisies, is: etimologie, kenmerke, sinonimie, en polisemie.

2.7.1 Leksikografiese bronne

Uit die **etimologie** van die woord “profession” in die *Online Etymology Dictionary*[21] is dit uit die verskeidenheid betekenisonderskeidinge op stel en sprong duidelik dat verwarring ten opsigte van die gebruik van die term van meet af aan onvermydelik is, veral as in ag geneem word dat leksikografiese bronne ook op nieprototipiese aspekte wys, soos byvoorbeeld die oorspronklike ritueel-betekenisaspek van “openlijk verklaren”, “bekennen”, “beloven”; uit Middelnederlands “profes” < Oudfrans “profess” < Latyn “professus” van “pro” [voor] + ”fateri” [“bekennen”, “belijden”] as aflegging van die kloostergelofte (Van Veen & Van der Sijs, 1991:600-601; ook Verdam, 1949) wat dateer uit die dertiende eeu, maar wat intussen verdwyn het. Die woord word steeds in Suid-Nederland in hierdie betekenis gebruik (Kruyskamp, 1976:1939).

Veysey (1988:15) spreek sy bedenkinge uit oor die gebruik van die term na aanleiding van die betekenisontwikkeling daarvan: “... one is entitled to puzzle a good deal over this vocabulary ...” wat Kultgen (1988:57) se oortuiging staaf dat dié semantiese verwarring wat spruit uit die etimologie van die woord op sigself ’n aanduiding is van ’n kortsigtige leksikologiese benadering tot woordbetekenis.

Die semantiese verwarring in die literatuur kan derhalwe geïnterpreteer word as ’n gebrek aan ’n behoorlike leksikologiese betekeniskonseptualisering van die woord “professie” wat ’n ondersoek na die benadering tot kategorisering impliseer, wat die doel van hierdie afdeling was. Dit blyk dan dat ’n kognitiewe benadering tot woordkategorisering wat uitloop op ’n prototipemodel van betekenisgewing die aangewese oplossing kan bied, soos in die voorafgaande bespreking aangetoon.

’n Etimologiese ondersoek na die term “professie” dui daarop dat dit metterjare in die Germaanse tale ’n generiese term geword het vir ’n verskeidenheid werksaktiwiteite van gemeenskaplike belang met verskeie spesifieke, algemene en minder algemene kenmerke, beoefen deur ’n groep mense in die sosiale opset, waarvoor vergoeding ontvang word (Harper, 2011; HAT, 1994:821; Labuschagne & Eksteen, 1993; WAT, 2008), maar dat die woord sy oorsprong het in die Middeleeue met die betekenis van “vows taken upon entering a religious order”, uit Oud-Frans “profession”, Latyn “professionem” (nominatief “professio”) wat beteken “public declaration” uit “professus” (“profess”).[22]

Derrida (2001:35-36) koppel hierdie “professie” of “konstatering” aan daadwerklike aktiwiteite wat neerkom op ‘n praktiese manifestering van ‘n etiese oortuiging: “The declaration of the one who professes is a performative declaration in some way. It pledges like an act of sworn faith, an oath, a testimony, a manifestation, an attestation, or a promise, a commitment. To profess is to make a pledge while committing one’s responsibility,” ’n aanspraak wat vir alle doeleindes die doen en late moet weerspieël van die praktisyns wat hulle beroep op hierdie statuur.

---

[21] Beskikbaar op: http://www.etymonline.com/index.php.

[22] early 14c., "to take a vow" (in a religious order), from O.Fr. profes, from L. professus "having declared publicly," pp. of profitieri "declare openly," from pro- "forth" + fateri (pp. fassus) "acknowledge, confess." Meaning "declare openly" first recorded 1520s.

Die betekenis van “occupation one professes to be skilled in” dateer uit 1540; die betekenis “body of persons engaged in some occupation” dateer uit 1610; as ’n eufemisme vir “prostitution” (“oldest profession”) word dit sedert 1888 opgeteken (Harper, 2011).

Dit blyk dat Engelse, Afrikaanse en Nederlandse leksikografiese definisies naas die klassieke prototipebetekenisgebruike van professie/profession as “beroep”/“occupation” met die kenmerke van gespesialiseerde opleiding, kennis en vaardighede, status, prestige en roeping wat gepaardgaan met “special training in the liberal arts or sciences, especially one of the three learned professions, law, theology, or medicine”, en “the body of people in such an occupation” (*Collins Electronic English Dictionary,* 2008; Gove, 1967, 2:1811; *American Heritage Dictionary*, 1998), ook uitgebreide semantiese gebruike en morfologiese prosesse van die woord “professie” uit Germaanse tale aangee.

“Professie” word dan as werkwoord gebruik met die betekenis van openlike (religieuse) “belydenis” uit oud-Frans “profes”, en Latyn “ professus” (Harper, 2011; *Collins English Electronic Dictionary*, 2008); “professie” as die openbare aflegging van die kloostergelofte, ook “inkleding” in Nederlands; en ’n openbare belydenis van geloof of bekentenis[23] (uit Latyn): “Deze professie vindt plaats nadat de nieuwe kloosterling(e) eerst postulante(e) en novice is geweest. Men onderscheidt de tijdelijke (kleine) en de eeuwige (grote) professie.[24] Iemand wat die kloostergelofte afgelê het, word werd “geprofest”[25], sodat konjugasie van die woord (as werkwoord) die implikasie inhou van ’n bepaalde “staat” (status).

Die elektroniese *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) verwys ook na die godsdienstige betekenis van “roeping” met positiewe én negatiewe konnotasies [26] (“broodprofeet”: skimpnaam vir iemand aan wie se voorspellings (aansprake) geen waarde geheg word nie; “kerkdienaar”: persoon wat in die kerk as voorganger diens doen; bedienaar van die godsdiens; kerklike dienaar; “hoogheerlik”: baie, in hoë mate heerlik; “godgeroepene”: iemand wat deur God geroepe is; wat ’n roeping van God ontvang het, of homself deur God geroepe ag) en die verouderde betekenis van “openbare geloofsgetuienis” soos in Latyn, Oud-Frans en Engels hierbo.

Enkele nieprototipiese kenmerke van “professie” uit leksikografiese bronne sluit in tydverdryf en afleiding (*Collins Essential English Dictionary*, 2006; AHD, 2001); blote vergoeding en lewensonderhoud (AHD, 2001), en prostitusie as die oudste “professie” (Harper, 2011). Hieruit blyk die verskynsel van die verlenging van ’n kategorie, wat in kognitiewe terme bekend staan as “extension” (vergelyk die bespreking in 2.4.4).

Engelse, Afrikaanse en Nederlandse woordeboekdefinisies onderskei nie konsekwent tussen die terme “professie” en “beroep” nie en beskou meestal die woorde as sinonieme. “Professie” as selfstandige naamwoord word gewoon omskryf as “werk” met verskillende betekenisonderskeidings: “beroep”, “professie”, “nering”, “loopbaan”, “vak”, “bedryf”, “roeping”, “werkkring”, “heenkome”, “pos”, “posisie”, “amp”, “betrekking”, “arbeid”, “onderneming” (HAT, 1994:821; Labuschagne & Eksteen, 1993; AHD, 2001; Gove, 1967(2):1811).

---

[23] Vergelyk: http://nl.wikipedia.org/wiki/Professie
[24] Vergelyk: http://www.encyco.nl/nol.php
[25] Vergelyk: http://www.loegiesen.nl/artikelen/glossa
[26] Verskillende betekenisonderskeidinge beskikbaar op:
http://www.woordeboek.co.za/NXT/gateway.dll?f=templates&fn=default.htm$vid=WAT:WATView&npusername=WATUser&nppassword=WATUser

Die prototipekenmerke van die terme “beroep” en “professie” in die woordeboekliteratuur het veral betrekking op ’n werk waarvoor 'n persoon gespesialiseerde of gevorderde opleiding ontvang het, waar gewoonlik werk van 'n intellektuele of baie spesifieke aard verrig word en wat dikwels deur bepaalde gedragskodes gereguleer word, asook die praktisyns wat in 'n bepaalde professie werksaam is (HAT, 1994:821; Labuschagne & Eksteen, 1993), maar wat ook betrekking kan hê op enige ambag of amp (EWA, 2003; *Collins Essential English Dictionary*, 2006; AHD, 1998; WAT, 2008; Labuschagne & Eksteen, 1993; HAT, 1994:821).

In Nederlands word onder beroep verstaan[27]: “ambacht”, “ambt”, “baan”, “bediening”, “bedrijf”, “beneficie”, “betrekking”, “broodwinning”, “dienst”, “functie”, “handwerk”, “métier”, “middel van bestaan”, “officie”, “positie”, “professie”, “sinecure”, “stiel”, “vak” en “werkkring”.

Professie en beroep word in Nederlandse leksikografiese bronne grootliks op ’n verskeidenheid wyses as sinonieme beskryf, maar “beroep” of “stiel” is “... in zijn algemeenheid een type bezigheid die men pleegt te doen om een inkomen te verwerven, ongeag die aard van die werk”[28]; en word opvallend beskryf om arbeid te verrig waarmee in lewensonderhoud voorsien word; die verrigting van take om den brode, dus “dat wat iemand doet om de kost te verdienen”[29]; “bezigheid waarmee men in zijn levensonderhoud voorziet”.[30,31]

Tog kom die prototipekenmerke van professie goed waarneembaar ter sprake, en wel in die onderskeid in die Nederlands tussen ’n beroep en “het vrijie beroep”. Die “vrije beroep” vertoon al die prototipe-attribute van ’n professie, maar staan nie algemeen bekend as ’n “professie” nie. Hierdie term blyk ook verwarring te veroorsaak, in teorie en in die praktyk: “Er bestaat geen universeel geldende definitie van ‘het vrije beroep’. Evenmin is een exhaustieve lijst voorhanden van betrokken beroepen.”[32]

Die Belgiese wetgewer gebruik deurgaans negatiewe ad hoc-omskrywinge:[33]

> vrij beroep = elke zelfstandige beroepsactiviteit, die dienstverlening of levering van goederen omvat welke geen daad van koophandel of ambachtsbedrijvigheid is, zoals bedoeld in de wet van 18 maart 1965 op het ambachtsregister, en die niet bedoeld wordt in de wet van 14 juli 1991 op de handelspraktijken en de voorlichting en bescherming van de consument, met uitsluiting van de landbouwbedrijvigheden en de veeteelt.

De Federatie voor Vrije en Intellectuele Beroepen (FVIB)[34] omskryf die “vrye beroep” in België as ’n beroep wat die volgende kwalitatiewe kenmerke openbaar, wat herinner aan die kenmerke van “professie” soos vervat in die definisie van “professie” in sosiologiese bronne:

- de dienstverlening bestaat hoofdzakelijk uit een intellectuele *prestatie*;
- dit vergt een belangrijke voorafgaande *opleiding en permanente vorming*;
- de beoefenaar draagt *persoonlijk verantwoordelijkheid*;

---

[27] J. Glasbergen se webblad http://home.hccnet.nl/jb.glasbergen/beroep/toelichting.html
[28] Vergelyk: http://nl.wikipedia.org/wiki/Beroep
[29] Vergelyk: http://nl.wiktionary.org/wiki/beroep
[30] Vergelyk: http://www.woorden.org/woord/beroep
[31] Vergelyk: http://www.woorden-boek.nl/woord/beroep
[32] Art. 2, 1° van de Wet van 2 Augustus 2002 betreffende de misleidende en de vergelijkende reclame, de onrechtmatige bedingen en de op afstand gesloten overeenkomsten inzake de vrije beroepen. http://www.fvib.be/viewobj.jsp?article=347786
[33] Sien voetnoot hierbo.
[34] De Federatie voor Vrije en Intellectuele Beroepen (FVIB), geassocieerd met UNIZO, is dé representatieve interprofessionele organisatie voor het vrije beroep. Uw belangen als vrije beroeper, daar draait het bij ons om. Daarnaast vindt u bij ons tal van activiteiten en krijgt u informatie op maat. 18 representatieve beroepsorganisaties zijn bij FVIB aangesloten. Daarnaast bundelt FVIB nog eens de kracht van duizenden individuele leden. http://www.fvib.be/viewobj.jsp?id=50777

- de dienstverlening gebeurt op een *onafhankelijke wijze*: de beoefenaar handelt daarbij zowel in het belang van zijn/haar opdrachtgever, cliënt of patiënt, als in het algemeen belang
- de beroepsuitoefening is onderworpen aan een *deontologie*, die in het beroepsstatuut vastgelegd is, hetzij bij wet, hetzij bij autonome beslissing van de betrokken beroeps-organisatie. Dit beroepsstatuut beoogt het garanderen en bevorderen van de professionaliteit, de kwaliteit en de vertrouwensrelatie met de opdrachtgever, cliënt of patiënt.

Die eienskap van die woord "beroep" om verskillende betekenisse te genereer (polisemie), is veral opvallend in die Afrikaanse en Nederlandse leksikografiese bronne wat geraadpleeg is, maar is ook kenmerkend van die Engelse woord. "Beroep" verwys na "baan"; (in Afrikaans veral nog in die pejoratiewe idiomatiese betekenis van "baantjies vir boeties"); "professie", "werk", "betrekking", "ambag", maar ook "de verzameling van werkzaamheden en taken die behoren tot een baan van een persoon"[35, 36] ; "bedrijf"; "handel"; "benoeming (tot hoogleeraar, predikant)"; "inroeping van" [in het rechtswezen, bij de rechtsbedeeling]"[37] ; "bijbaantje"; "broodwinning"; "kostwinning"; "metier"; "middel van bestaan"; "oproep"; "professie as rechtskundige term"; "referte"; "regres"; "vak"; "werkkring"; "uitdaging" (Suid-Nederlands); "maatschappelijke werkkring"; "handwork"; "handwerkbedrijf" [38]; "ambt"; "bezigheid", "stiel", "appèl"[39]; "het oudste beroep (van de wereld), de prostitutie"; "de vrije beroepen (beroepen die men uitoefent zonder in loondienst te zijn, bijv notaris, belastingadviseur, arts") [40] ; "professioneel, beroep- of handwerkmatig": "ex professo (Lat.) "met vlijt"; "wel overdacht"; "opzettelijk"; "professor/professeur, een openbaar leeraar op eene hoogeschool, hoogleeraar'; "in Frankrijk en België de titel van [een openbaar leeraar op eene hoogeschool]"[41].

Uit die Engelse, Afrikaanse en Nederlandse woordeboekdefinisies wat geraadpleeg is, word uit hoofde van die etimologie van die woord nie konsekwent onderskei tussen die betekenis van die woord "profession" en "occupation" nie, en gevolglik ook nie in die omgangstaal nie.

Uit bostaande definisies is dit duidelik dat die meeste woordeboekdefinisies "beroep" en "professie" as sinonieme beskryf, maar aan "professie" word soms die konnotasie van gespesialiseerde opleiding en intellektuele bevoegdheid geheg. Dit wil voorkom of die term "professie" nie algemeen gebruik word in Vlaandere of België in die konteks van gespesialiseerde diens of werk nie, maar tog in 'n mindere mate as sinoniem vir beroep as dit wat mens doen "om geld en kos te verdien". Die eienskap van die woord "beroep" as sinoniem vir "professie" om verskillende betekenisse te genereer (polisemie) is veral opvallend in die Afrikaanse en Nederlandse leksikografiese bronne wat geraadpleeg is.

Die term word skynbaar ook nie in Engels, Afrikaans óf Nederlands konsekwent in verband gebring met prestige (verhewe status of aansien) of statusgroepe nie, alhoewel die etimologie van die woord tog die prototipiese betekeniskonnotasie inhou van geroepenheid, gespesialiseerde diens, kennis en vaardighede, en tot 'n mate met geroepenheid en professionele erkenning, eerlikheid, altruïsme, en bepaalde gedragskodes.

---

[35] Beskikbaar op: http://www.amnesty.nl/encyclopedie_lemma
[36] Beskikbaar op: http://www.woordeboek.co.za/content/tuisblad.aspx
[37] Beskikbaar op: http://www.dbnl.org/tekst/cali003nieu01/
[38] Beskikbaar op: http://www.mijnwoordenboek.nl/
[39] Beskikbaar op: http://www.woorden-boek.nl/woord/beroep
[40] Beskikbaar op: http://www.woorden.org/woord/beroep
[41] Beskikbaar op: http://www.dbnl.org/tekst/weil004kuns01/

Die definisieproblematiek word dan gekompliseer omdat die konsepte “professie” en “beroep” in verskillende kontekste, en veral in die volksmond afwisselend gebruik word, sodat enige beroep wat in die oë van die praktisyns daarvan, “professioneel” is, ’n professie gaan word uit hoofde van die appèl van professionele status, en professionele erkenning moet ontvang. Omdat sommige definisies egter wel ’n onderskeiding impliseer, moet “families” van betekenisse onderskei word.

Toegepas op die prototipebegrip: beroep en professie is sinoniem, maar een gespesialiseerde gebruik van professie om te dui op ’n subtipe beroep wat sekere eienskappe vertoon wat ander beroepe nie vertoon nie. In kognitiewe semantiek word hierdie verskynsel “elaboration” genoem, wat in Afrikaans vertaal word met die term “uitbreiding” (vergelyk ook 2.4.4).

In ’n **sintese en terugskouing vertoon** leksikografiese bronne – woordeboeke – dan meer ooreenstemming met die prototipemodel van betekenisgewing om met ’n “folk”-konsep vorendag te kom. Alhoewel leksikografiese bronne dan die prototipiese aspekte van “professie”, beklemtoon, wys hulle ook op die nieprototipiese etimologiese aspekte, soos die kenmerk van die Middeleeuse godsiensritueel wat intussen verdwyn het. ’n Kenmerk wat ’n klassieke prototipiese strekking gehad het in die Middeleeue, is duidelik in die postmoderne opset minder prototipies van aard.

Woordeboeke voorsien dus dikwels aan die een kant die algemene uitgebreide betekenis van professie, maar ook aan die ander kant die allomorfe betekenis van enige beroep, wat die polisemie en sinonimie van die woord “professie”, veral in institusionele gebruike soos die taalpraktyk in die huidige sosioprofessionele klimaat in Suid-Afrika en Vlaandere, beklemtoon.

Met die prototipekonsep as uitgangspunt kan die navorser dan juis die standpunt regverdig dat daar ’n onderskeid getref kan word tussen meer sentrale beroepe met die tipiese attribute van professie en minder sentrale beroepe wat moontlik in ’n proses van professionalisering is. Dit beteken nie dat die minder sentrale beroepe noodwendig reeds as professies beskou word nie al dan nie, maar dat, ten minste dan in sekere segmente van die samelewing, hierdie beroepe, en dan spesifiek die taalpraktyk onder bespreking, op hierdie wyse as ’n professionele projek ondersoek kan word.

Waar leksikografiese bronne – woordeboeke – meer ooreenstemming vertoon met die prototipemodel van betekenisgewing om met ’n “folk”-konsep vorendag te kom, behoort sosiologiese bronne in baie meer detail oor tyd heen te werk te gaan met die geleidelike toevoeging van subtiele besonderhede en nuanses tot definisies oor tyd heen.

2.7.2 Sosiologiese bronne

2.7.2.1 Rasionaal en vooruitskouing

Die doel met die ondersoek na soveel moontlik relevant definisies uit die sosiologie van die professies was om te bepaal watter van die subtiele kwaliteite, besonderhede en bybetekenisse van professie in ’n prototipemodel van attribute sou kulmineer. Sodoende kan uit die veelheid kenmerke van professie (verteenwoordigend van die klassieke en kritiese benadering tot kategorisering) die relevante attribute (van die kognitiewe benadering) van professie as prototipe geabstraheer word ten einde ’n bruikbare werksdefinisie vir die taalberoepe in die huidige postmoderne opset te formuleer. Hieruit kan die struikelblokke tot professionalisering

van die taalberoepe geïdentifiseer word (vergelyk die bespreking in Hoofstuk 4) bepaal en met 'n empiriese ondersoek geverifieer word om te bepaal wat tans die stand van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere ten opsigte van professionele status is.

Met die bespreking hieronder word 'n verdere poging aangewend om uit die historiese ontwikkelingsgang van die definiëring van "professie" uit die sosiologiese literatuur – wat meestal vanuit die klassieke en kritiese benadering tot klassifisering geskied het – tot 'n prototipiese beskrywing van die term te kom.

Soos in 2.2.4 bespreek, kan entiteite (soos professies) volgens die prototipe- of kognitiewe benadering ook gekategoriseer word op grond van hulle "attribute" wat nie die binêre begrip van die klassieke benadering tot kategorisering inhou nie. Alhoewel 'n professie dan waarskynlik steeds 'n "high degree of a constellation of characteristics" (Ritzer, 1977:44) noodsaak, is daar noodwendig 'n historiese ontwikkelingsproses ter sprake, met die voorwaarde van voortgesette volhardingsvermoë en sosiale invloed van 'n beroep wat strewe na professionalisering om so 'n status in die samelewing te vestig en te handhaaf.

'n Terminologiese onderskeid kom nou ter sprake – abstrakte kenmerke word konkrete attribute op grond van 'n kontinuum van optimale dimensies (Taylor, 1995:40-41). Die prototipemodel vir beroepe wat aspireer na of in die proses van professionalisering is, kom dan neer op 'n rangorde van ooreenkomste van attribute met die prototipiese professionele beroepe.

2.7.2.2 'n Kognitiewe attribuutmodel vir professie

In hierdie onderafdeling word 'n poging aangewend om 'n kognitiewe attribuutmodel vir professie uit die geraadpleegde definisies in die literatuur te ontwikkel.

Vir die doeleindes van hierdie bespreking en om die historisiteitsdimensie, dit wil sê die diachroniese ontwikkelingsgang ten opsigte van modifikasie, akkommodasie, en adaptasie van kenmerke te beklemtoon word die definisies van Flexner (1915:904); Carr-Saunders (1928:21); Goode (1960a:902); Millerson (1964a:10); Millerson (1964a:5; Tabel 1-1); die verslag van die Monopolies Commission (1970); Burrage *et al*. (1990) bespreek in die konteks van die model wat in die vooruitsig gestel word.

Na aanleiding van vroëere beskrywings van Spencer (1914 [1896]), en Thomas (1903) wat fokus op die opkoms en funksies van professie in die konteks van die institusionele onwikkeling van die moderne staat, verskaf Becker (1970a:87-88) op grond van Flexner (1915:904) die volgende gestruktureerde klassiekgeoriënteerde taksonomie vir professie:

- intellektuele aktiwiteite met gepaardgaande individuele aanspreeklikheid en verantwoordelikheid;
- 'n wetenskaplike, teoretiese kennisbasis;
- praktiese toepassing van kennis en vaardighede;
- tegniese oordragvaardighede;
- selfregulering, en
- altruïstiese taakgeoriënteerdheid.

Carr-Saunders (1928:21) se elementêre omskrywing van ’n professie impliseer reeds ’n intrinsieke onderlinge samehang tussen gespesialiseerde diens (wat spruit uit gespesialiseerde kennis en vaardighede) en monitêre vergoeding: die uitoefening van ’n beroep (soos vervat in die Engelse woord “trade”) in die proses van dienslewering vir die doeleindes van vergoeding gebaseer op gespesialiseerde intellektuele akademiese navorsing en opleiding.

Goode (1960a:902) se integrasie van die definisiële teorie tot 1960 lewer die volgende taksonomie op:

- ’n Professie bepaal sy eie standaarde van opleiding.
- Die student se volwasse sosialiseringsproses is ’n meer indringende proses as dié van die leerder in ander beroepe.
- Professionele praktyk word meestal gewettig deur die een of ander vorm van lisensiëring.
- Lisensiëring en toelating word bepaal deur lede van die professie.
- Wetgewing word geïnisieer en bestuur deur die professie self.
- Die beroep verkry status, prestige, en gesag.
- Die beroep trek gevolglik studente van beter kaliber.
- ’n Professie val in ’n beter inkomstegroep.
- Die professionele praktisyn funksioneer hoofsaaklik outonoom, en is relatief vry van leke-evaluering en -beheer.
- Praktyknorme afgedwing deur die professie self is strenger as eksterne statutêre beheer.
- Affiliasie en identifikasie met die professionele beroep is sterker as in ander beroepe.
- Die professie is meestal ’n lewenslange beroep, en praktisyns voel hulle geroepe tot die spesifieke tipe werk.

’n Kritiese evaluering van die toevoegings van Goode (1960a) in die model van Flexner (1915) en dui daarop dat daar op meer spesifieke detail van bestaande temas gefokus word en nie op die byvoeging van nuwe temas nie, met ander woorde: die professionele doelpale word nog nie verskuif nie. Dit is veral die attribuut van outonomie wat uitgebrei word: die uitoefening en bevordering van die beroep, verbetering van standaarde, handhawing van praktyknorme, verantwoordelikheid vir ’n professionele projek, regulering, selfevaluering en selfregulering, en opleiding wat die aanspraak op outonomie versterk.

Millerson (1964a:5; Tabel 1-1) sintetiseer en tabuleer een en twintig definisies uit die werk van die mees gevierde skrywers van sy tyd, en toon aan dat die meeste definisies gebaseer is op bekende oorvleuelende tipies klassieke kenmerke soos die verskillende fasette van gespesialiseerde kennis en vaardighede, omvattende, langdurige beroepsgerigte opleiding, professionele outonomiteit, status, hooggeskooldheid, voltydse beroepsaktiwiteite, goed omskrewe kenniskorpus, spesialisering, praktiese toepassing van teoretiese kennis, beroepstabiliteit, en werksetiek.

Millerson (1964a:10) se eie definisie is dan steeds een van ’n statiese konsep van klassieke kategorisering wat spesifiek die “higher-grade, non-manual” aard daarvan beklemtoon. In vergelyking met die eerste modelle soos hierbo bespreek, word die eerste blyke gegee dat sommige eienskappe belangriker is as ander: die klem is op outonomie, aanspreeklikheid en verantwoordelikheid, hooggeskoolde opleiding, vergoeding, etiek

Die verslag van die Monopolies Commission (1970) fokus bevestig die aanname dat spesifieke eienskappe, soos outonomie, van 'n klassieke taksonomie belangriker is as ander:

- gespesialiseerde kennis en diens;
- intellektuele en praktykgeoriënteerde opleiding;
- groot mate van professionele outonomie en verantwoordelikheid;
- sin vir kollektiewe verantwoordelikheid vir die professie as geheel;
- 'n embargo[42] op metodes om besigheid te bekom;
- 'n vertrouensverhouding met die kliënt en sy behoeftes, en
- 'n beroepsorganisasie wat beroepstoegang beheer, beroepsbevoegdheid bepaal, standaarde stipuleer, en dissipline handhaaf.

Burrage, Jarausch en Siegrist (1990) bied 'n multifunksionele definisie van professies uit vroëere Anglo-Amerikaanse teorieë en benaderings, maar inkorporeer ook latere kontinentale teoreties-sosiologiese verwikkelinge, 'n uitgangspunt wat sommige sosioloë (vergelyk Jarausch, 1990a:7, Jarausch, 1990b:11, 21 nota 13; Malatesta, 1995:2, 9; Siegrist, 1990b:46-47; Torstendahl, 1990a:53) as 'n verblydende innoverende verwikkeling in die sosiologie van professies beskou, omdat dit professie na wense omskryf en die ondersoekveld na behore afbaken (Sciulli, 2009).

Burrage, Jarausch en Siegrist (1990:205) onderskei die volgende universele eienskappe van professie:

- Dit is 'n voltydse, hoogsgeskoolde beroep.
- Dit vestig 'n monopolie in die arbeidsmark vir gespesialiseerde (eksperte) dienste.
- Dit verkry outonomie – funksionele beheer oor eie beroepsaktiwiteite – hetsy deur sanksionering van die staat, kliënte, die algemene publiek of enige ander partye.
- Opleiding is gespesialiseerd, wetenskaplik en intellektueel van aard.
- Eksaminering, sertifisering en/of diplomering, sowel as beroepstitels beheer toetrede tot en lidmaatskap van die beroep en sanksioneer ook die monopolie daarvan.
- Materiële vergoeding, status en prestige word gekoppel aan beroepsvaardighede en werkplek-etiek, sowel as aan 'n universele oortuiging van eksperte professionele diens wat van unieke betekenis is vir en toegespits is op die welsyn van die samelewing.

Burrage, *et al*. (1990) se rasionaal agter hierdie multidimensionele definisie is te vinde in die oënskynlike gebrek aan enige algemeen aanvaarde konsekwente analitiese onderskeid; gevolglik is 'n veralgemening op die basis van wetenskaplike begronde karakteristieke determinante soos dit neerslag vind in die eietydse Anglo-Amerikaanse en kontinentale literatuur die enigste alternatief. Burrage, *et al*. (1990:205) se definisie fokus eksplisiet op die identifikasie van kenmerke eerder as op die geheelkonsep: "In the absence of any agreed supra-historical or cross-cultural definition that can be applied with a consistent meaning to various historical and cultural settings, it is probably best to work with a definition that can be disaggregated and operationalized in this manner."

Meer resente definisies van professie beklemtoon in 'n groter mate marksluiting, privilegie, status en mag (vergelyk De Vries, Dingwall & Orfali, 2009:558; Freidson, 1970a, 1970b, 2001; Johnson, 1972; Larson, 1977; Richardson, 1997:635; Salter, 2000; Savage, 1994:131).

[42] Die embargo op metodes om besigheid te bekom (soos advertering van dienste) het metterjare verslap.

Allsop *et al*.(2009:489) bied een van die min definisies wat van 'n kritiese benadering spreek en op die professionele praktisyn eerder as die professie self fokus. Professionele praktisyns is dan "…practitioners who have achieved a degree of closure around an area of work and are governed through a regulatory body and associations that exercise varying degrees of control over knowledge creation, knowledge transmission and work performance".

Diachronies beskou, kan uit die aangehaalde definisies hierbo, die verskillende definisies uit leksikografiese en sosiologiese bronne[43] oor tyd heen, sowel as die Hippokratiese Eed (uit hoofde van die mediese beroep as een van die klassieke professies), die volgende prototipestruktuur as tipiese attribute van 'n professie (kognitiewe kategorieë) uit die veelheid definiërende kenmerke (klassieke kategorieë) van 'n professie geïdentifiseer word: gespesialiseerde opleiding, kennis en tegniese vaardighede, bepaalde prestasievereistes, spesifieke werksomstandighede en kenmerkende beroepsetiek.

Die tabel hierna verteenwoordig 'n abstrahering van soveel moontlik verskillende kenmerke van professie uit al die definisies uit die geraadpleegde leksikografiese en sosiologiese bronne, en vorm die vertrekpunt vir die bespreking daarna van die attribute van professie, attribuut vir attribuut, as prototipemodel vir die professionalisering van die taalprofessies.

[43] Hierdie definisies dien as 'n verteenwoordigende steekproef van die menige omskrywings wat in die literatuur voorkom, en wat van toepassing is op taalpraktyk. Die definisies van Barber, 1963; Caplow, 1954; Carr-Saunders, 1955; Carr-Saunders & Wilson, 1933; Greenwood, 1957; Goode, 1957; Hughes, 1965; Lewis & Maude, 1952:1-2, 55, Hoofstuk XI; Merton, 1957; Moore & Rosenblum, 1970; Parsons, 1937; Parsons, 1951:372, 381; Parsons, 1970: 35-36 en Pavalko, 1971 is nie hierbo aangehaal nie, maar toon dieselfde strekking van professionele elemente van die meeste aangehaalde definisies en word vervat in die sintese en tabulering van die professionele elemente hieronder.

ATTRIBUTE	KENMERKE	BRONNE
1. OPLEIDING	1. Gespesialiseerde, gestandaardiseerde en voortgesette vak- en praktykgerigte opleiding vanuit goed-omskrewe, gestandaardiseerde teoretiese en terminologiese kennisbasis	AHD, 1998; Barker, 1995:296; Boone, 2001; Burbules & Densmore, 1991:40; Burrage *et al*., 1990:205; Carr-Saunders & Wilson, 1933; *Collins English Electronic Dictionary*, 2008; Flexner, 1915:904; Goode, 1960a:902; Gove, 1967(2):1811; Harper, 2011; Harvey, 2004; HAT, 1994:821; Hughes, 1958; Jarvis, 1983:64-79; Kearns, 2008; Larson, 1990; Millerson, 1964a:10; Monopolies Commission*, 1970*; Southern Illinois University, 2004; Ritzer, 1977:44; Tseng, 1992:65-68; Wilensky, 1964:138.
	2. Voltydse, hooggeskoolde beroep, sigbaar	Burbules & Densmore, 1991:49; Burrage, *et al*., 1990:205; Flexner, 1915:904; Wilensky, 1964:138.
2. KENNIS EN TEGNIESE VAARDIGHEDE, HOUDINGS, PRESTASIEVEREISTES	3. Gespesialiseerde teoretiese, esoteriese vak- en praktykgerigte kennis en vaardighede; sigbaarheid, kennis, vaardighede, houdings	AHD, 1998; Barber, 1963; Barker, 1995:296; Boone, 2001; Burbules & Densmore, 1991:49; Burrage *et al*., 1990:205; Cogan, 1955:10; Flexner, 1915:904; Freidson, 1994:10; Goode, 1960a:902; Greenwood, 1957; Harper, 2011; Harvey, 2004; HAT, 1994:821; Hughes, 1958; Jarvis, 1983:64-79; Kearns, 2008; Larson, 1977:x; Larson, 1990; Millerson, 1964a:10; Monopolies Commission*,* 1970; Parsons, 1939; Ritzer, 1977:44; Savage, 1994:131; Southern Illinois University, 2004.
	4. Beroepsveelsydigheid	Burrage *et al*., 1990:205; Cogan, 1953:49; Goode, 1960a:902.
3. WERKSOMSTANDIGHEDE	5. Status, outonomie, sanksionering, gesag en prestige, privilegie, sigbaarheid	Abbott, 1988; Boone, 2001; Burrage *et al*., 1990:205; *Collins English Electronic* Dictionary, 2008; De Vries *et al*., 2009:558; Goode, 1957; Goode, 1960a:902; Greenwood, 1957; Gove, 1967(2):1811; Larson, 1977:x; Millerson, 1964a:10; Parsons, 1939; Pratte & Rury, 1991:60; Richardson, 1997:635; Ritzer, 1977:44; Wilensky, 1964.
	6. Beroepsolidariteit	AHD, 1998; Barker, 1995:296; Burrage *et al*., 1990:205; *Collins English Electronic Dictionary,* 2008; Goode, 1960a:902; Hughes, 1958; Savage, 1994:131.
	7. Beroepstabiliteit	Burrage *et al*., 1990:205; Goode, 1960a:902; Millerson, 1964a:10; Savage, 1994:131; Wilensky, 1964:138.
	8. Ekslusiewe jurisdiksie of marksluiting, monopolie, sigbaarheid	Allsop *et al*., 2009:489; Burrage *et al*., 1990:205; De Vries *et al*., 2009:558; Goode, 1960a:902; Ritzer, 1977:44; Richardson, 1997:635; Savage, 1994:131; Wilensky, 1964:138; 1964a:10.
	9. Openbare en gewettigde staatsanksionering, elitegroepsanksionering, openbare sanksionering sigbaarheid	Barker, 1995:296; De Vries *et al*., 2009:558; Harvey, 2004; Millerson, 1964a:10; Ritzer, 1977:44, 55; Wilensky, 1964:138; ook Burrage *et al*., 1990:205; Freidson, 1970; Goode, 1960a:902; Lewis & Maude, 1952:1-2, 55, Hoofstuk XI; Winter, 1988:34.
	10. (Maksimale) vergoeding	AHD, 2001*;* Barker, 1995:296; Burrage *et al*., 1990:205; Goode, 1960a:902; Pratte & Rury, 1991:60.
	11. Beroepsoutonomie, sigbaarheid	Barber, 1983; Burbules & Densmore, 1991:49; Burrage *et al*., 1990:205; Flexner, 1915:904; Freidson, 1994:10; Goode, 1960a:902; Hughes, 1965; Monopolies Commission*,* 1970; Moore & Rosenblum, 1970; Pavalko, 1971; Pratte & Ritzer, 1977:44; Rury, 1991:60; Wilensky, 1964.
	12. Professionele beroepsliggaam, eksaminering, sertifisering, akkreditering, diplomering, lisensiëring, toelatingsbeheer, sanksionering	Allsop *et al*., 2009:489; Barber, 1963; Barker, 1995:296; Burbules & Densmore, 1991:49; Burrage *et al*., 1990:205; De Vries *et al*., 2009:558; Goode, 1957; Goode, 1960a:902; Greenwood, 1957; Monopolies Commission*,* 1970; Ritzer, 1977:44; Southern Illinois University, 2004; Tseng, 1992:75-81.

4. BEROEPSETIEK	13. Persoonlike werksetiek, beroepsdissipline, min ruimte vir foute, hoë standaarde, sigbaar	Allsop *et al*., 2009:489; Barker, 1995:296; Burbules & Densmore, 1991:49; Harvey, 2004; Hughes, 1958; Millerson, 1964a:10; Ritzer, 1977:44; Savage, 1994:131; Southern Illinois University, 2004; Wilensky, 1964:138; vergelyk ook Carr-Saunders & Wilson, 1933; Barber, 1963; Burrage *et al*., 1990:205.
	14. Sigbare beroepslojaliteit	Burrage *et al*., 1990:205; Goode, 1960a:902; Hughes, 1958; Savage, 1994:131;Southern Illinois University, 2004.
	15. Homogeniteit van waardes, norme, werksetiek, 'n embargo op die advertering van dienste wat manifesteer in 'n sigbare, kenmerkende professionele kultuur	Barker, 1995:296; Freidson, 1994:10; Ritzer, 1977:44; vergelyk ook Burrage *et al*., 1990:205; Carr-Saunders, 1955; Flexner, 1915:904; Goode, 1960a:902; Greenwood, 1957; Merton, 1957; Monopolies Commission, 1970; Parsons, 1937; Parsons, 1960:505-8.
	16. Etiese kode	Allsop *et al*., 2009:489; Anon, 2009; Barber, 1963; Barker, 1995:296; Burbules & Densmore, 1991:49; Burrage *et al*., 1990:205; Cogan, 1955:10; Flexner, 1915:904; Freidson, 1994:10; Goode, 1957; Goode, 1960a:902; Gove, 1967(2):1811; Harvey, 2004; Hughes, 1958; Miles, 2004; Millerson, 1964a:10; Monopolies Commission*, 1970*; Pavalko, 1971; Ritzer, 1977:44; WAT, 2008; Wilensky, 1964:138.
	17. Altruïsme of onbaatsugtige, gespesialiseerde diens, sigbaar toegespits op die behoeftes van die samelewing	Anon, 2009; Barber, 1963; Barker, 1995:296; Boone, 2001; Burbules & Densmore, 1991:49; Burrage *et al*., 1990:205; Caplow, 1954; Carr-Saunders, 1955; Carr-Saunders & Wilson, 1933; Cogan, 1955:10; Flexner, 1915:904; Freidson, 1994:10; Gove, 1967, 2:1811; Harvey, 2004; Hughes, 1965; Larson, 1977:x; Miles, 2004; Millerson, 1964a:10; Monopolies Commission, *1970;* Parsons, 1952:372, 381; Parsons, 1970:35-36; Pratte & Rury, 1991:60.
	18. Professionele geroepenheid	AHD, 2001; Barber, 1963; Caplow, 1954; Carr-Saunders & Wilson, 1933; Cogan, 1953:49; *Collins English Electronic Dictionary*, 2008; Goode, 1960a:902; Gove, 1967(2):1811; Hughes, 1965; Parsons, 1951; WAT, 2008.
	19. Sigbare sosiale verantwoordelikheid	Anon, 2009; Barker, 1995:296; Carr-Saunders, 1955; Flexner, 1915:904; Freidson, 1994:10; Harvey, 2004; Hughes, 1958; Larson, 1977:x; Miles, 2004; Monopolies Commission*,* 1970; Parsons, 1951:372, 381; Parsons, 1970:35-36; Southern Illinois University, 2004.

Tabel 2.1: 'n Literatuursintese van die attribute en kenmerke van professie

2.8 Die prototipeprofessie: 'n kognitiewe model

Die voorafgaande hantering van konseptuele verskille en uiteenlopende definisies wat ontwikkel oor tyd, ruim die "definisiële verwarring" van voortdurende kosmetiese modifikasie in die literatuur op sodat op 'n redelike gestruktureerde basis met 'n model vir 'n prototipedefinisie van professie na vore kan kom, naamlik die vernaamste attribute van professie wat hoort in 'n beroep wat tans strewe na professionele erkenning, veral in 'n multitalige, multikulturele sosioprofessionele opset.

Hierdie attribute word vervolgens kortliks in hulle interne struktuur en onderlinge samehang in die konteks van 'n prototipeprofessie bespreek. Getrou aan die kognitiewe benadering, blyk sommige kenmerke van meer waarde te wees wat 'n groter impak op professionalisering sal hê, terwyl ander van minder belang blyk te wees en nie 'n groot invloed op professionalisering behoort te hê nie.

Daar word beoog om met die bespreking van die struikelblokke tot professionalisering van die taalberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere (vergelyk Hoofstuk 5) die tipiese attribute van professie op die taalberoepe van toepassing te maak, veral in die konteks van kwaliteits-kontrole oor verbale taaldienste (soos tolking) en geskrewe taalprodukte (soos geredigeerde en vertaalde tekste, en terminologielyste).

Die attribute van die prototipemodel van professie wat vervolgens aan die bod kom, soos dit blyk uit die bespreking hierbo is beroepsgerigte, gestandaardiseerde en gespesialiseerde opleiding, kennis en tegniese vaardighede, prestasievereistes, werksomstandighede, beroepsetiek.

2.8.1 Gestandaardiseerde opleiding

Formele opleiding vanuit 'n goed-omskrewe teoretiese en praktiese kennisbasis ("body of knowledge") in die vorm van gestandaardiseerde en gespesialiseerde tersiêre of universitêre opleidingsprogramme en 'n gepaardgaande grondige opleidingsperiode veronderstel 'n opleidingsproses van gespesialiseerde kennis en inskerping in die beroepsubkultuur in die praktyk. Die nodige – dikwels langdurige en noodwendig voortgesette – gespesialiseerde opleiding is toegespits op die ontwikkeling van die tegniek en fynere kuns van alle fasette van die praktyk van die besondere beroep, vir die doeleindes van gespesialiseerde, maar meestal altruïstiese diens. Omdat die kennis van professie die potensiaal het om gesag, mag status en kapitaal teweeg te bring, word daar van die professionele praktisyn verwag om sy professionele vaardighede en status tot die voordeel van die gemeenskap aan te wend. Die kruks van die saak is**:** "Such status is attained not by going into the woods for intense, but brief, ordeals of initiation into adult mysteries, but by a long course of professional instruction and supervised practice" (Becker *et al*., 2009:4).

Toelatingsbeheer tot opleidingsprogramme en kontrole oor studente se sosialisering in die praktyk skep die teelaarde vir 'n sosioprofessionele ingesteldheid wat 'n praktykgebaseerde en altruïstiese werksetiek bevorder.

In ag genome dat die primêre kwessie ter sprake in hierdie studie die professionele mobiliteit van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere in die konteks van die prototipemodel is, is die vraag: Watter attribute manifesteer as die belangriker attribute van taalpraktyk sodat dit gelykvormigheid aan die prototipemodel weerspieël.

In alle waarskynlikheid sal sommige eienskappe steeds 'n wesenlike karakter in die prototipemodel behou: sekere eienskappe moet gewoon teenwoordig wees, anders is die beroep geen professie nie. So beskou Bell (2000:149) die nodige opleiding en gepaardgaande sertifikasie van bevoegdheid (akkreditasie) as een van die twee voorvereistes van professie; die ander is 'n statutêr-erkende professionele beroepsliggaam. Die individuele professionele taalpraktisyn is dan behoorlik gekwalifiseer en geakkrediteer, en aanspreeklik vir professionele gedrag ten opsigte van beide professie en kliënt.

Dit opper die kwessie van gestandaardiseerde opleidingsprogramme vir die taalberoepe aan tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika en Vlaandere, en die noodsaak, indien wel, en haalbaarheid van sodanige programme. In hierdie verband word die gebrek aan sodanige programme, al dan nie, en die implikasies daarvan, in Hoofstuk 4 as 'n moontlike struikelblok tot professionalisering van die taalberoepe onder bespreking geïdentifiseer en bespreek aan die hand van die bestaande literatuur.

Die aard en duur van gespesialiseerde opleiding impliseer noodwendig toewyding en deursettingsvermoë om hoogsgeskoolde aansien in 'n voltydse loopbaan te verseker. Die vryskutverskynsel in die sosioprofessionele opset van die taalpraktyk kom in Hoofstuk 4 ter sprake.

2.8.2 Kennis en tegniese vaardighede, prestasievereistes

'n Beroepsunieke, gespesialiseerde, wetenskaplik-gefundeerde, teoretiese "korpus van kennis" onderskei 'n professie van 'n beroep, en regverdig die professionele aanspraak van marksluiting en privilegie. Greenwood (1957:46) regverdig hierdie attribuut van professie soos volg:

> The crucial distinction between professions and non-professions is this: the skills that characterize a profession flow from and are supported by a fund of knowledge that has been organized into an internally consistent system, called a body of theory. A profession's underlying body of theory is a system of abstract propositions that describe in general terms the classes of phenomena comprising the profession's focus of interest.

Die klem op gespesialiseerde kennis en vaardighede in die erkenning van beroepe as professies weerspieël die feit dat gespesialiseerde opleiding 'n besondere moderne en sekulêre vorm van rituele is. Beroep wat strewe na professionalisering, en dus verhoging van status, het 'n eindelose, algemeen beskikbare bron van immer toenemende kennis in die vorm van omvangryke gespesialiseerde opleiding (Collins, 1990a:26).

Die verskil tussen die kennisbasis van professies en ander beroepe is volgens Ritzer (1977:49) egter kwantitatief en nie kwalitatief van aard nie, aangesien baie beroepe 'n gespesialiseerde teoretiese kenniskorpus het, soos gestaaf uit die magbenaderingsmodelle (vergelyk Hoofstuk 4). Die bestaande professies (soos die medies professie) neig om die

illusie te skep dat hulle oor ’n esoteriese en ontoeganklike kenniskorpus beskik (Roth, 1974:6-23) om ’n magsposisie te verseker, te handhaaf en uit te brei.

Cogan (1955:107) beklemtoon uit ’n oorsig oor die literatuur van sy tyd beroepsprofessionele veelsydigheid eerder as beroepspesialisering. Die eienskap van beroepsveelsydigheid van taalpraktisyns word weerspieël in die verskynsel dat daar toenemend van taalpraktisyns verwag word om funksies te vervul in ’n verskeidenheid werksituasies waar komplekse en professionele diens ter sprake kom. Professionele taalberoepsdienste in die taaldiensmark manifesteer in multifasettige taaldiensaktiwiteite (Carsten, 2008; Gouadec, 2007; Pym, 2002a).

2.8.3 Werksomstandighede

Beroepsgroepe met dekadeslange gevestigde professionele erkenning, die sogenaamde liberale – in die sin van kennelik waarneembaar, vry, outonoom, selfstandig – of “geleerde” professies soos die mediese en regsberoep en teologie word in die praktyk by uitstek gekenmerk deur sigbaarheid, gesag en outonomie. Die etiket “liberaal” beklemtoon die mate waarin die “die vry man” aanklank vind by die tipe beroep; “geleerd” uit hoofde van die relatief ontoeganklike, diepsinnige kenniskorpus. Hulle outonomie en status word bevestig deur die feit dat hulle “practise” eerder as “work” (Chadwick, 1997:291).

Die beginsel van professionele gesag – outonomiteit, sanksionering, status, gesag, prestige, privilegie – dui op ’n funksioneel-gedefinieerde jurisdiksie gebaseer op professionele opleiding sowel as openbare en kliëntvertroue in die praktisyns se alleenreg van oordeel. Die beginsel van gesag gaan hand aan hand met onvoorwaardelike vertroue in die praktisyn se professionele vermoë as voorwaarde vir hoëkwaliteitdiens. Die vraag is of ’n weetgierige, kritiese, ondersoekende of klant of verbruiker noodwendig die kwaliteit van professionele diens in die gedrang bring.

In hierdie verband wys Haug en Sussman (1969), en Roth (1974) op die postmoderne verskynsel van toenemende aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van, byvoorbeeld alternatiewe mediese behandeling, en die gepaardgaande bevraagtekening van professionele outoriteit.

Ritzer (1977:54) kom dan tot die slotsom: “… the uncontested authority of the professional never existed, and does not now exist; moreover, whatever authority does exist is likely to decline in the future”. Absolute professionele gesag is ’n mite wat die professies perpetueer om ’n passiewe verbruikerspubliek te verseker.

Ten opsigte van die gesag van die taalpraktisyn is dit egter opvallend dat Jan en San Alleman selde gesag en besluite van ’n mediese praktisyn ten opsigte van mediese probleme bevraagteken nie, maar omdat taal ’n instrument in die hand en mond van Jan en San is, word veral die normatiewe linguistieke gesag en besluite van ’n taalpraktisyn ten opsigte van taalprobleme in ’n teks nie as outonoom geag nie. Daarbenewens is dit verkieslik dat die taalpraktisyns hulle uit die aard van hulle werk – vertaling, teksredaksie, oudiobeskrywing – onsigbaar hou om nie die oorspronklike outeur van die roem van sy skeppingsvaardighede te ontneem nie (Bishop, 1984:10), want skrywers se werk is vir hulle heilig (Kotze, 1997).

Die gevestigde beroepsverskynsel van die taalpraktisyn in die samelewing en konvensionele werksopset (Delisle & Woodsworth, 1995:26; Fulford & Granell-Zafra, 2005:3; Kotze, 1997) sowel as sy toenemend funksionele rol in die vryskutmark (soos verder in 4.2.4.2 bespreek) dui op die onmisbare rol wat die taalpraktisyn in die veranderde en steeds veranderende samelewing en beroepsomgewing speel. Die sigbaarheid van die taalpraktisyn word 'n sleutelkonsep in, byvoorbeeld, huidige taalteoretiese diskoerse (Bassnett, 2003).

Professionele regulering – sanksionering – wat tradisioneel die meeste gewig dra, is in die post-moderne opset 'n komplekse en veranderlike saak in 'n steeds veranderende beroepsomgewing en is boonop ook afhanklik van staatsanksionering (Adams, 2009a, b; Freidson, 1994:4-6; Freidson, 2001). Uiteindelik hang alle pogings van aspirerende professies tot geslaagde professionalisering in wese af van die immer makerende (ontwykende) karakteristiek, die "elusive trait" (Winter, 1988:34) van sanksionering en regulering op alle vlakke van die samelewing: "... recognition by the community and law that the occupation is a profession" (Ritzer, 1977:55), waarna al die ander aspekte van die professionaliseringsproses in plek behoort te val.

Alhoewel dit uit die literatuur duidelik is dat regulering tot die sosiale voordeel van die gespesialiseerde dienste, openbare beskerming van professionele titels en sosiale sluiting strek, blyk dit dat professionele sanksionering en regulering so kompleks en veranderlik is dat enige enkele benadering onvoldoende is (Adams, 2009a), wat as 'n aanleidende oorsaak beskou kan word vir die wêreldwye tendens van sukkelende en onsuksesvolle professionaliseringsinisiatiewe oor die afgelope dekades (Bell, 2000).

Gesanksioneerde status impliseer regulering: sigbaarheid, outonomie, prestige en gesag; die beroep trek gevolglik studente van beter kaliber, en val dan in 'n beter inkomstegroep. Maksimale monitêre vergoeding is dus ook afhanklik van staatsanksionering, sowel as openbare erkenning van beroepsvaardighede, persoonlike, werksplek-etiek en gespesialiseerde dienste. Aan die ander kant staan regulering tog weer in fundamentele botsing met die liberale, "vry" konnotasie, 'n teenstrydigheid tipies van die verdeling en strukturering van arbeid in die postmoderne tydsgees.

Die moontlikheid bestaan dat dit juis hierdie konsep van uitsluiting van sogenaamde persona non grata as buitestanders is wat sommige regerings so skepties laat staan teenoor die professionalisering van die taalpraktykberoepe, vermoedelik veral in 'n land soos Suid-Afrika waar "nuutverworwe" demokrasie en kruipende sosialisme hand aan hand gaan; waar inklusiwiteit (verteenwoordigendheid) en diversiteit in botsing staan met die eksklusiwiteit en eliteisme van die tradisionele professie, en wat ook terugverwys na die konflikmodel van Marx (soos uiteengesit in die kontekstuele kommentaar in Hoofstuk 3). Inklusiwiteit is dié hoedanigheid waarop die voorstanders van taalregte hamer: om juis mense in te sluit in alle (beroeps)aspekte van die samelewing om diversiteit 'n realiteit te maak.

Sanksionering in die wydste sin van die woord in die sosiale opset maak dan van 'n professie "... occupations with special power and prestige ... special competence in esoteric bodies of knowledge linked to central needs and values of the social systems ... devoted to the service of the public, above and beyond material incentives" (Larson, 1977:x), hoewel winsgewende professionele praktyk nie gering geag geag word nie, inteendeel. Geldelike vergoeding en simboliese beloning word gekoppel aan beroepsvaardighede en etos, sowel as aan 'n

beroepsolidariteit van eksperte, gespesialiseerde diens wat van unieke betekenis is vir en toegespits is op die welsyn van die samelewing.

Sosiale sanksionering – openbare en gewettigde staatsanksionering en elitegroepsanksionering – verseker beroepstabiliteit en outonomiteit, en is die deurslaggewende faktor in die professionaliseringsproses wat die taalpraktisyn sigbaar maak in die samelewing sodat: “The effect of regulation will inevitably be to make the certified language practitioner the automatic preference of the serious client” (Bell, 2000:147).

Sanksionering – **beroepsregulering** – bewillig eksklusiewe regsbevoegdheid of marksluiting, monopolie, selfbeheer, en portuurevaluering binne ’n eksplisiet-afgebakende beroeps-jurisdiksie. ’n Beroepsliggaam spesifiseer bevoegdheid en sertifikasie. Om die outonomie-aanspraak te handhaaf, moet die professionele kennisbasis verwikkeld genoeg wees om eksterne bemoeienis te voorkom en die “cowboys” uit die beroepe te weer om standaarde te handhaaf.

Bell (2000:148) bevraagteken egter die aanspraak op ’n eksklusiewe taalpraktykmark in die sin dat regulering en beskerming nie sover moet strek soos ’n monopolie nie, sodat slegs diegene met volle akkreditasie die reg het om in die taaldiensmark te praktiseer nie. Die vraag of so ’n uitgangspunt nie juis professionalisering belemmer nie, word in Hoofstuk 4 van nader beskou.

Kritiek uit die magbenadering wys op verbruiker- sowel as staatsbeheer (Johnson, 1972), en die uitbuiting van die aanspraak op **outonomie**: “The history of professions ... does not really seem to support the contention that professional autonomy contributes to high standards of professional service” (Daniels, 1973:55). Toegepas op hierdie studie: beroepe, soos die taalberoepe onder bespreking, kan ook op hoë standaarde van professionele diens aanspraak maak al is hulle outonome status tans oënskynlik tans ’n holle belofte. Of omgekeerd, outonomie – in die vorm van die sertifikate wat simbolies word van regulering – waarborg nie noodwendig goeie diens nie.

’n **Statutêre professionele beroepsliggaam** wat volle beheer uitoefen oor die eksaminering, sertifisering, akkreditering, diplomering, lisensiëring, toelatingsbeheer tot en dissipline van die professie is ’n voorvereiste, ’n sine qua non vir regulering (Bell, 2000:149; Tseng, 1992:75). Die professionele beroepsliggaam speel naas gestandaardiseerde opleiding en kwalifikasies een van die deurslaggewendste rolle in die professionaliseringsproses, en is verantwoordelik vir maatstawwe van beheer oor praktisynsbevoegdheid, en in beginsel ten minste die toepassing van informele meganismes van dissipline ten opsigte van beroepstandaarde (Tseng, 1992:75-81). Metterdaad: “... professional associations are the powerhouse of all professional endeavors” (Tseng, 1992:75).

Met die professionele status van die taalberoepe in die meeste lande in die wêreld (Bell, 2000:148) in gedagte, is Bell (2000:149) se kategoriese slotsom: “The denial or dilution of any of these prerequisites leads to the degeneration of the profession into a pseudo-profession which is at best hampered and at worst rendered impotent in carrying out these responsibilities it is charged with.”

Die gestadige gang van professionele beroepserkenning van die taalberoepe in Suid-Afrika hou dan verband met die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) en die Professional Editors' Group (PEG) se oënskynlik miskende en minder effektiewe gesag, invloed en jurisdiksie, alle pogings tot die teendeel ten spyt. Die rol en funksie van die twee beroepsliggame in Suid-Afrika – SAVI en PEG – ten opsigte van pogings tot professionalisering word in Hoofstuk 4 bespreek.

2.8.4 Beroepsetiek

Die kenmerke van onbaatsugtige professionele diens en professionele geroepenheid impliseer persoonlike toewyding en diensoriëntering (altruïsme) teenoor winsoriëntering (egoïsme/individualisme) as sou professionele diens simbolies eerder as ekonomies van aard wees. Sodanige oortuiging lewer egter 'n betekenisvolle bydrae tot die groter gemeenskap ten opsigte van mediasie van staatsadministratiewe hiërargie en beheer sowel as van kommersiële hebsug (Parsons, 1951; Pavalko, 1971).

Vanuit die magbenadering word professionele geroepenheid gesien as 'n mite om mag ("power") uit te oefen (McKinlay, 1973a:67-68), en die diensideaal as 'n mite wat die professies geskep het en in stand hou "... to silence the critics of monopoly, priviledge, and power to which professionals are attempting to cling (Freidson, 1970a:82), alhoewel dit 'n hoogs effektiewe mite blyk te wees (Ritzer, 1977:52). Die "geïdealiseerde" diensideaal hou tog ook vir die taalberoepe onder bespreking 'n besondere voordeel in: hierin is nie net die plig gesetel van elke geloofwaardige professionele taaldienspraktisyn om die beste moontlike diens te lewer nie, maar ook hulle reg om teen indringers en "taal(kwak)salwers" beskerm te word (Bell, 2000:148).

'n Werkpleketos bied die sekuriteit van 'n **vertrouensverhouding** met die kliënt en sy behoeftes. Beroepspraktyknorme weeg swaarder as eksterne statutêre beheer, alhoewel 'n internasionale professionele taalberoepsliggaam soos FIT – die International Federation of Translators – in die professionele strewe van die vertalersberoep wêreldwyd 'n leidende rol speel (Arjona-Tseng, 1990). Gekodifiseerde standaarde van etiese optrede sentreer grootliks rondom professionele outonomie en die informele meganismes van sosiale beheer van die professionele beroepsliggaam.

'n Professionele deontologiese gedragskode – in die sin van 'n stel reëls byeengebring deur 'n beroepsliggaam en wat betrekking het 'n gegewe tyd en plek (Pym, 2003a) – rig tradisioneel die professionaliseringsdebat. Die etiese kode vervul verskeie funksies: dit bied 'n openbare posisie van waardes, norme en ideale; dien as dissiplinêre meganisme; verseker die algemene publiek van die standaarde van die professie; en dien as sosialiseringsmeganisme om samehorigheid onder lede van die professie te bevorder (Davis, M., 1991).

Voorstanders van die magsbenadering staan krities teenoor **etiese kodes**, wat toegespits is op die regulering van gedrag van praktisyns, aangesien dit eerder die praktisyns van 'n professie bevoordeel as die algemene publiek of die kliënt, en beweer dat sodanige kodes slegs 'n front is waaragter professies wegkruip om wanpraktyke te verbloem. Daar bestaan ook 'n groot mate van skeptisisme omtrent etiese kodes in die literatuur (Roth, 1974:10).

'n Etiese kode wat sowel as 'n stel norme en waardes deel uitmaak van die professionele subkultuur, maar ook van individuele aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en persoonlike motivering wat toewyding aan die professie rugsteun en bevorder, is van die vroegste onderskeidende kenmerke van 'n professie (Flexner, 1915:904). 'n Etiese kode het egter net soveel gesag soos die professionele beroepsliggaam wat dit moet laat geld: hoe gesaghebbender die professionele beroepsliggaam, hoe effektiewer kan die etiese beroepskode toegepas word (Tseng, 1992:76).

Homogeniteit van waardes, norme, werksetiek, wat manifesteer in 'n kenmerkende, betekenisvolle en sigbare professionele subkultuur skep 'n bewussyn van gemeenskaplike beroepsidentiteit en samehorigheid in 'n professie. Professionele verbondenheid vind plaas deur 'n sin vir identiteit, gedeelde waardes, gedeelde rol-definiëring, van sowel kollegas as kliënte, 'n gedeelde beroepsverwante teorie en terminologie, en onafgebroke of deurlopende toewyding aan die professie. Die manifestasie van 'n beroepskultuur word moontlik gemaak deur professionele opleidingsinstansies, opleiding, verteenwoordigende professionele organisasies vir die handhawing van algemene standaarde van professionele aktiwiteite en werkstrukture.

Hierdie subkultuur ontwikkel sy eie waardes, norme en simbole, soos gemeenskapsdiens, gesag, outonomiteit, teoretiese objektiwiteit, en simboliek (Ritzer, 1977:54-55) wat 'n refleksie is van die kultuur van die spesifieke professie, en uiteindelik bydra tot die bevordering van die gesogte professionele status in die samelewing.

Die vraag na 'n professionele beroepskultuur onder taalpraktisyns word in Hoofstuk 4 onder die vergrootglas geplaas, veral na aanleiding van terugvoer op 'n PEG-vraelys na die doeltreffendheid en waarde van 'n kongres vir teksredakteurs[44]: "There seems to be something about the academic approach to editing that the freelancers and publishers who have not experienced more formal theoretical input seem to be missing, and therefore have an entirely different experience of a conference such as this" (Linnegar, 2010a).

So 'n waarneming bring ook die attribuut van gespesialiseerde teoretiese tersiêre onderbou tot gespesialiseerde opleiding, kennis en vaardighede in die gedrang en impliseer 'n verdeeldheid in die geledere van taalpraktisyns – veral dan tussen taalpraktykakademici en vryskuttaalpraktisyns.

Altruïsme of onbaatsugtige diens toegespits op die behoeftes van die samelewing en vertrouensverantwoordelikheid vir of trusteeskap oor die tegniek, bekwaamheid en integriteit van praktisyns impliseer dat die belange van die kliënt en die gemeenskap vooropgestel word.

'n Persoonlike werksetiek, beroepsdissipline, en min ruimte vir foute is kenmerkend van die hoë beroepstandaarde wat aan die praktisyns van professie gestel word. Simultane tolking, byvoorbeeld, laat geen ruimte vir foute in die kommunikasieproses nie. Wanneer die vertaalde of geredigeerde teks gepubliseer is, staan enige fout in swart op wit vir tyd en ewigheid vir almal om te aanskou en te kritiseer. Televisieprogramme met onderskrifte wat die dialoog van die akteurs weerspreek, mag wel lagwekkend voorkom, maar wek kommer omdat dit sprekend is van 'n gebrek aan kwaliteitskontrole.

[44] Konferensie: Die teksversorging van fiksie en narratiewe niefiksie. Kaapstad. 13 -14 Mei 2010.

Uit Tabel 2.1 en die gepaardgaande bespreking kan die volgende werksdefinisie vir die taalpraktyk as professie onder woorde gebring word. Daar word in die vooruitsig gestel dat taalpraktyk as professie die volgende inherente strukturele attribute moet vertoon: gespesialiseerde kennis, opleiding en vaardighede, professionele status en solidariteit, altruïstiese maar professionele diens, en persoonlike en werksverwante etiek:

1. Professie impliseer **outonomiteit wat hand aan hand gaan met sanksionering**: **sigbare**, **voltydse**, **hoogsgeskoolde**, **gesaghebbende**, **diensgeoriënteerde** beroeps-aktiwiteite en -dienste met **funksionele beheer** oor eie taalberoepsaktiwiteite en **'n persoonlike professionele verantwoordelikheid** wat min ruimte laat vir foutering, hetsy in die mediasie van die kommunikasieproses as vertaling, redigering, tolking, gebaretaaltolking, oudiovisuele vertaling (onderskrywing en oudiobeskrywing), en terminologie-ontwikkeling. Dit bevestig die **identiteit** van die taalpraktisyn as professionele persoon.
2. Professie toon die vermoë om 'n **monopolie** in die taalpraktykmark te bewerkstellig en te handhaaf vir **sigbare**, **gespesialiseerde**, **intellektuele**, en **gerigte taaldienste** toegespits op die toenemend komplekse linguistiese behoeftes van multitalige, multi-kulturele gemeenskappe.
3. Professie vereis intellektuele, gespesialiseerde, intensiewe, kontinue (voortgesette), vak-, beroeps- en praktykgerigte opleiding afgestuur op beroepsgerigte kwalifikasies vanuit 'n gestandaardiseerde, goed-omskrewe, teoretiese en wetenskaplik-gefundeerde kennisbasis wat ook die titel van "taalpraktisyn" verantwoord en die sigbaarheid van taalpraktisyns bevorder. Opleiding sluit in, is gerig op en vorm as geheel die kennisbasis, vaardighede en houdings van die professionele praktisyn. Hierdie attribuut is vir alle praktiese doeleindes die enigste ononderhandelbare attribuut vir professie.
4. 'n **Professionele beroepsorganisasie** beheer **toetrede tot en lidmaatskap** van die beroep; bepaal en handhaaf **dissipline en standaarde vir beroepsbevoegdheid**; **administreer eksaminering, akkreditering, sertifisering en/of diplomering**, sowel as **beroepstitels**, en **sanksioneer** ook die monopolie van die beroep in die taalpraktykmark.
5. Taalpraktykdienste is beroepsgerig en praktykverwant, professioneel en altruïsties.
6. **Professionele vergoeding** vir professionele taaldienste is afhanklik van, en direk eweredig met, die aard en omvang van die diens, sowel as openbare erkenning van taalberoepsvaardighede, persoonlike en werksplek-etiek wat neerslag vind in die **diensideaal van gespesialiseerde, maar altruïstiese diens**.

Inherent aan hierdie definisie is die veronderstelling van staatsanksionering, beroeps-outonomie, gespesialiseerde diens gebaseer op gevorderde kennis en vaardighede wat spruit uit gespesialiseerde opleiding toegespits op die bevordering van taal, taaldienste en taalvaardighede.

2.9 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik wat die impak van 'n gebrek aan 'n verantwoordbare leksikologiese benadering tot definiëring van professie in die literatuur het: dit gee 'n grootskaalse definisieverwarring af wat dit die teoretiese begronding van 'n professionele projek bemoeilik.

In die verloop van die bespreking in hierdie afdeling is aangetoon dat die kognitiewe benadering tot kategorisering van betekenis hierdie definisieverwarring in konteks plaas, die probleem oplos, sodat 'n prototipemodel van attribute vir professie uit die bestaande geraadpleegde definisieliteratuur ontwikkel kon word.

Vanuit hierdie aanslag word vervolgens beoog om 'n verband te lê tussen professie en die proses van professionalisering van die taalberoepe onder bespreking, 'n onderlinge samehang wat noodwendig 'n invloed sal hê op die sukses van die professionalisering van die taalpraktisyn in Suid-Afrika al dan nie.

2.10 Professionalisering

2.10.1 Vooruitskouing

Die primêre kwessie ten opsigte van professionalisering van die taalberoepe onder bespreking is in werklikheid: Hoe kan hierdie beroepe in Suid-Afrika en Vlaandere naderbeweeg aan die sentrale kern van professie soos hierbo in die prototipemodel uiteengesit? Overgesetsynde: Watter "kenmerke" van professie manifesteer as die belangriker eienskappe van taalpraktyk as professie sodat, wanneer hierdie eienskappe oor tyd heen in oënskou geneem word, dit die attribute van professie wat betroubaarheid, doeltreffendheid en waarde, en sodoende 'n dinamiese historisiteitsdimensie weerspieël, maar ook funksioneel kan wees in die huidige multikulturele, multitalige sosioprofessionele opset in Suid-Afrika en Vlaandere?

Saamgestel uit dié attribute van wat 'n professie is (soos hierbo uiteengesit), kan met verloop van tyd 'n aanduiding gegee word hoe hierdie attribute ingesluit of uitgesluit word in 'n spesifieke beroep wat strewe na professionele status, sodat dit mettertyd die attribute van die prototipeprofessie begin vertoon. Attribute het dikwels dus individueel 'n historiese dimensie.

Sommige attribute is staties, ononderhandelbaar 'n gegewe, soos outonomiteit, gestandaardiseerde opleiding, praktykverwante kennis en vaardighede en altruïstiese diens, en is onvoorwaardelik en tydloos kenmerkend van professie.

Die vraag is dan: Watter attribute bied 'n mate van vryheid? Om stukrag te verleen aan die proses van professionalisering van die taalberoepe, is dit noodsaaklik om hierdie dinamika inherent aan 'n histories begronde proses van professionalisering in verband te bring met die strewe na professionele erkenning van die taalberoepe onder bespreking. Sodoende kan bepaal word waar en in watter mate die werklikheid verandering noodsaak om prosesse in

werking te stel wat die professionele projek (Larson, 1977), die ideaal na erkenning van die professionele waarde van die taalberoepe bevoordeel en begunstig.

Die dinamika van ’n historiese proses van professionalisering, in die konteks van die prototipemodel soos hierbo voorgehou, bied aan taalpraktisyns die geleentheid om ’n lewensvatbare professionele projek van stapel te stuur.

Vervolgens word die konsep van professionalisering soos dit in die geraadpleegde literatuur weergegee word, kernagtig bespreek. Daarna word die attribute van professie beskryf wat moontlik ’n mate van vryheid bied ten opsigte van die professionaliseringsproses van die taal-praktyk, sodat dit in verband gebring kan word met die struikelblokke van professionalisering wat in Hoofstuk 4 bespreek word.

2.10.2 Die professionele projek

Die argetipiese professies – die prototipe van professie – is die regsprofessie, die mediese professie en predikanteberoep wat die klassieke attribute verteenwoordig wat tradisioneel in verband gebring word met professionaliteit en bied ’n gesaghebbende model en maatstaf vir beroepe wat hulle begeef op die weg van ’n professionele projek (Etzioni, 1969; Johnson, 1972; Ritzer, 1977:44). As sodanig verteenwoordig die model definiëring deur ’n skema van attribute teenoor opnoeming, uitbreiding (ekstensie), dit wil sê deur eksemplare van die prototipe voor te hou.

Waarom veral die klassiek begronde professies soos die mediese beroep as “rallying call” (Evetts, 2006:109) tot professionele status? Die antwoord is geleë in die konsep van antisiperende sosialisering (Merton & Kitt, 1950:87-91) en statusemulering (Collins, 1990a:25-26) as die appèl van professionalisering. Die klassieke professies word die lees waarop aspirerende professies hulle ideale skoei: “... practising or taking over the beliefs and values of a group to which one does not belong, but to which one is preparing to belong (Forsyth & Danisiewicz, 1985:60), wat dan manifesteer as ’n proses van professionalisering – die professionele projek.

Freidson (1994:62; vergelyk ook Millerson, 1964a:10-13; Vollmer & Mills, 1966) beskryf professionalisering as:

> ... a process by which an organized occupation, usually but not always by virtue of making a claim to special esoteric competence and to concern for the quality of its work and its benefits to society, obtains the exclusive right to perform a particular kind of work, control training for and access to it, and control the right of determining and evaluating how the work is performed.

“Professionalisering” verwys dan na die proses waardeur “’n werk” of “’n beroep” (“an occupation”) “’n professie” (“a profession”) word en professionele beroepstatus verkry (Wilensky, 1964). As sodanig behels dit die sosiologies-histories begronde studie van die veranderinge en akkommodasie wat enige beroep ondergaan in die proses om professionele erkenning te verkry. Dit het ook betrekking op die omstandighede waarin die aspirerende professie gewikkel raak om te strewe na en te onderhandel oor en vir gesogte professionele outonomiteit, en om boonop dié professionele beroepstatus op die lang duur te behou.

Alhoewel die meeste teoretici dit eens is dat professionalisering 'n proses is (Bucher & Strauss, 1961; Freidson, 1994:62; Hickson & Thomas, 1969; Houle, 1980; Hughes, 1952, 1958, 1962, 1973; Mikkelson, 1999:119; Schott, 1976:258; Tobias, 2003:447; Tseng, 1992; Vollmer & Mills, 1966; Wilensky, 1964), is dit 'n moeisame, komplekse en dikwels onsuksesvolle projek met talle slaggate en struikelblokke.

In hierdie verband kan tussen twee goed waarneembare fasette onderskei word, naamlik professionele gelykvormigheid en professionele sanksionering:

- **Gelykvormigheid aan bepaalde attribute** impliseer ooreenstemming met die prototipe-model waar die mate waartoe aan die attribute voldoen word pertinent vooropstaande is. Verwant aan hierdie voorbehoud: Wat moet gebeur om 'n aspirerende professie nader aan die professionele ideaal te "roeteer"?
- **Sanksionering** (outonomiteit) betrek die mate waarin die professionele aanspraak aanvaar word, formeel juridies of selfs bloot informeel.

Noordegraaf (2007:784; vergelyk ook Adams, 2009a, b; Wilensky, 1964) beklemtoon die kompleksiteit van die professionaliseringsproses deur te wys op die gebrek aan aanvaarbare konseptuele raamwerk vir die studie van so 'n komplekse proses:

> Professionalization is no mere matter of step-by-step strengthening of professional control in specific occupational domains – it has become a matter of contradictory and controversial attempts to get a grip on occupational control. We lack widely available conceptual frameworks for understanding these complicated processes.

Die prototipebenadering tot professie en professionalisering kan aangebied word as 'n moontlike konseptuele raamwerk om hierdie proses te beskryf ten opsigte van die professionalisering van die taalberoepe onder bespreking, wat gestaaf word deur Evetts (2006) se veronderstelling dat die meeste hedendaagse teoretici en navorsers oor die professies die bakens versit het van 'n definisie-georiënteerde beskouing van die professies (die klassieke benadering) na die aanname **van 'n dinamiese ontwikkelingsgang van professionalisering van** professies ('n dinamiese, onvoltooide proses). Dit gaan gepaard met die herwaardering en assessering van professionalisme as 'n normatiewe waardestelsel van attribute eerder as kenmerke. So 'n benadering impliseer 'n onvoltooide, dinamiese proses, in teenstelling met die statiese taksonomiese model van klassieke begrensing, wat fokus op die ontwikkeling van prototipiese professionele attribute van professionele status teenoor binêre kenmerke.

Dié aanslag bied 'n moontlike oplossing vir die problematiek in die literatuur (vergelyk die bespreking in 2.2), ten opsigte van die kwessie van die kenmerke van 'n beroep as professie en die proses van professionalisering; wat in sosiologiese ondersoeke na die professies "... virtually nonconcepts ..." geword het (Forsyth & Danisiewicz, 1985:59), 'n gevolgtrekking wat, soos hierbo aangetoon (in 2.3 en 2.4) grootliks voor die deur gelê kan word van 'n gebrek aan 'n kognitiewe benadering tot betekenisgewing.

Die wortel van dié kwaad kan dan geleë wees in wollerige en teenstrydige gesprekke oor professionaliseringsprojekte wat, volgens Freidson (1970a:4) 'n blote statusintensie voor oë het : "... occupations to which the word has been applied are so varied as to have nothing in

common save a hunger for prestige". Kognitief gesproke word kategorieë só ver verleng dat die begrip waardeloos is, of dat daar te min gedeelde attribute oorbly sodat sosiale sanksie in die proses ondergrawe word.

Status is 'n gesogte kenmerk (Becker *et al*., 2009:4; Evetts, 2003:296; Goode, 1960a:902; Sapp, 1978:20), maar ook 'n kenmerk wat deur voorstanders van die kritiese benadering beoordeel word as sou dit grootliks tot nadeel van die samelewing as geheel strek en sekere partye misken eerder as begunstig (Abbott, 1988:1-2):

> Professionalization was at best a misleading concept, for it involved more the forms than the contents of professional life. It ignored who was doing what to whom and how, concentrating instead on association, licensure, ethics, code. In fact, not only did it miss the contents of professional activity, but also the larger situation in which that activity occurs.

Die doel heilig die middele: die vorme van professionalisering – die attribute – word die instrument waardeur sosiale aanvaarding, sanksionering en beroepserkenning ten koste van die professionele aktiwiteite.

Vanuit die kritiese benadering sou professionalisering dan twee hoofdoelwitte voor oë hê: 'n poging tot professionele beheer (vergelyk byvoorbeeld Freidson, 2001), sowel as 'n poging tot beroepsluiting (vergelyk byvoorbeeld Abbott, 1988) oënskynlik sodat professionele werkers hulleself kan bestuur en inmenging van buite beheer kan word, maar wesenlik met eiegewin voor oë in stede van diens tot voordeel van die samelewing.

Vanuit die prototipebenadering kan die statuskenmerk met al die negatiewe konnotasies wat daarmee gepaardgaan, dus herevalueer word teen die tydruimtelike agtergrond waarteen die professionaliseringsproses hom afspeel. Siegrist (1990a:178) gaan akkoord met so 'n benadering omdat die diversiteit van die kontekste en betekenis van professies en professionalisering dit vrugteloos maak vir sosioloë en akademici om 'n definisie van die idialetipe professie na te jaag. Abstrakte en histories-eietydse ongedifferensieerde konsepte van die professies het slegs heuristiese waarde in 'n spesifieke historiese konteks. Die hoofrede waarom die kategorie "professie" ideaaltipiese formulering onwyk, is dat hulle betekenis, rol en waarde in verskillende (historiese) kontekste wissel ten opsigte van attribute wat groter of minder "sosiale status" of sosiale prestige inhou (Siegrist, 2002).

Selfs die attribute van "sosiale prestige" – 'n kulturele en sosiaal-psigologiese konsep – is inherent veranderlik: "The question of what constitutes social esteem and in what ways functional, cultural, political and economic characteristics are valued depends upon the respective historical context" (Siegrist, 1990a:187). Dit impliseer dat 'n soeke na 'n statiese, strukturele definisie van professie nie die sosiologie van die professies as 'n ondersoekveld kan onderlê nie (Sciulli, 2005a:925). Dit impliseer ook dat die konsepte van "professie" en "professionele status" onderworpe is aan beroepsomgewingsveranderlikes.

Wanneer die kenmerk van professionele uitverkorenheid – sosiale status – in die sin van "a charmed circle" (Houle, 1980:28) van beroepe uit die professionele prentjie gelaat word, kan selfs sogenaamde "nieprofessionele" beroepslui aanspraak maak op professionalisering, soos kelnerinne (Lerum, 2001), vlugkelners (Hochschild, 1983), en bofbalspelers (Bledstein, 1976: 81-82), haarkappers (Kaminsky, 2009) en – tot Noordegraaf (2007:762) se misnoeë –

finansiële beplanners, inligtingstegnologie-tegnici, biotegnoloë, argitekte, joernaliste, ontwerpers, vertalers, en – behoede die samelewing – op die koop toe spotprenttekenaars, tatoeëerders, diereoppassers, en les bes taalpraktisyns. Daarom kan enige beroep, in 'n poging om sy aktiwiteite te skoei op die lees van die tradisioneel erkende professies, hulleself in professionele groepe organiseer op die patroon van die tradisioneel erkende en klassieke professies, die professies par excellence, al is dit dan net in 'n poging om kwaliteitdiens te verseker.

Die onderskeid in Engels tussen "amateur" en "professional" is in Afrikaans "amateur" en "beroep" is geïnstitusionaliseerd van toepassing op sportsoorte soos boks en gholf, maar ook op maklik op, byvoorbeeld, haarkappers. Die onderskeid "amateur" teenoor "professional" word darem in Afrikaans "amateur" versus "beroep" (vergelyk 2.3.1.1).

Vanuit die statusbeginsel is dit duidelik dat die professionele projek ter sprake – die professionalisering van taalpraktisyns – in alle waarskynlikheid binne die raamwerk van die funksionalisme en die interaksionistiese benadering (die strukturalisme) 'n beter kans op sukses het as vanuit die konflikbenadering (vergelyk die bespreking in 3.4).

Ander kenmerke wat moontlik 'n mate van vryheid in die professionaliseringsproses bied, is die verslapping van die embargo op die advertering van dienste, die onafdwingbaarheid van die etiese kode, en die vryskutverskynsel.

Die embargo op die advertering van dienste is kenmerkend van die mediese professie (as voorbeeld van die prototipeprofessie) in Suid-Afrika (HPCSA[45], 2001:1) in die sin dat professionele gesondheidspraktisyns "hulleself sal weerhou van selfbevordering" deur middel van advertering. Tans is die verbod op advertering van dienste tot so 'n mate aangepas dat enige mediese praktisyn dienste mag adverteer: "A health care professional may make information about his or her practice known by publishing notices in any medium, printed or electronic, including the Internet and television ..." (HPCSA, 2001:2) op die voorwaarde dat dit voldoen aan die vereistes wat die mediese raad in dié verband stel (vergelyk HPCSA, 2001:1). Hierdie voorwaardes het te doene met etiese aspekte van 'n dokter-pasiënt-verhouding wat gegrond is op goeie professionele praktyk van wedersydse respek.

Alhoewel die etiese kode in die klassieke taksonomie van professie hoog aangeskryf word as sigbare bewys van 'n "professionele" etos, is daar ook lank reeds die persepsie dat hierdie kodes "agter elke bos uitgeskop" word (Roth, 1974:10), moreel onverantwoordbaar is en morele dilemmas skep (Luegenbiehl, 1983:41-61), gedwonge is en dus van geen nut vir die praktisyn of die beroep nie (Ladd, 1980:154-159).

Etiese kodes en standaarde as riglyne kom onder skoot wanneer dit kom by die behoud van etiese gedrag, integriteit en kwaliteit professionele gedrag. Standpunte in die literatuur van etiese kodes polariseer die kwessie van bruikbaarheid, nuttigheid en afdwingbaarheid: enersyds is kodes waardeloos en uitgedien; blote huigelagtige etalering wat morele dilemmas skep (Ladd, 1980; Luegenbiehl, 1983). Andersyds is etiese kodes "virtue theoretics" (Groenewald, 2011) en 'n absoluut noodsaaklike stap op weg na verhoogde

[45] Health Professions Council of South Africa. HPCSA word as die algemene afkorting gebruik.

korporatiewe produktiwiteit en diens, geloofwaardigheid en wins (Miller, 2002; Rossouw & Van Vuuren, 2004:215). Etiese kodes is gevolglik ŉ kwessie wat ondersoek moet word in die konteks van die nuttigheid, wetmatigheid en afdwingbaarheid daarvan, en sal in Hoofstuk 4 in meer besonderhede bespreek word.

In die huidige sosioprofessionele opset en ook kenmerkend van die postmoderne samelewing waar individue toenemend as konsultante en vryskutpraktisyns werk (Murphy, 1990; Ritzer & Walczak, 1988), sal die kenmerk van voltydse indienspraktyke vir die taalpraktisyn nie noodwendig ŉ struikelblok tot professionalisering wees nie, soos ook bevestig word in 4.2.3.

Die raamwerk vir die bestudering van die professies het dus verskuif van die taksonomiese beheptheid met watter beroepe “uitverkore” is en watter nie die paal (ge)haal (het) nie (die statiese benadering tot professionalisering), na die histories begronde bestudering van die prosesse waardeur beroepe strewe na, en onderhandel vir professionele beroepserkenning, en wanneer suksesvol, waak oor hulle professionele beroepstatus (die dinamiese benadering tot professionalisering).

Die verskynsel dat verskillende uiteenlopende beroepe aspireer na die hoedanigheid van professionele status word dan vanuit die prototipebenadering gesien as ŉ haalbare poging tot professionele erkenning van die praktisyns van so ŉ beroep. Die vooruitsig dat sommige klassieke kenmerke moontlik weggelaat kan word verhoog die potensiaal van sommige beroepe om, indien dan nie volledig te professionaliseer nie, ten minste die geleentheid te bied om nader te beweeg aan die kern van die prototipeprofessie.

Deur bestaande, konkrete attribute gaandeweg stap vir stap te verhef, word daar al hoe nader aan die prototipe van professie beweeg; in die klassieke, statiese model geld die beginsel van absolutisme – reg of weg – en word geen ruimte gelaat vir moontlike professionalisering nie sodat geleidelike vordering eintlik van nul en gener waarde is.

Larson (1977:xvi) huldig dan vir die doeleindes van hierdie bepreking ŉ doelmatige siening van professionalisering as die proses waardeur die leweransiers van gespesialiseerde dienste probeer om ŉ mark te bewerkstellig en te beheer vir hulle gespesialiseerde kennis en vaardigheid. Omdat bemarkbare vakkundigheid ŉ deurslaggewende element is in die struktuur van die postmoderne samelewing, is professionalisering vir die kritici vanuit die Marxistiese en interaksionistiese benadering oënskynlik ook ŉ kollektiewe soeke na sosiale status, marksluiting en ŉ kollektiewe proses van opwaartse sosiale mobiliteit en eksklusiwiteit. Dit kan ook **dinamies-transformatief** beteken ŉ beroep hef sigself op, deur gespesialiseerdheid van kennis, vlakke van dienslewering, en/of kwaliteitskontrole te **verbeter**, ŉ ontwikkelingsdimensie wat moontlik deur die kritiese tradisie misgekyk word.

Indien aanvaar word dat professionalisering meestal ten doel het “… an attempt to translate one order of scarce resources – special knowledge and skills – into another – social and economic rewards” (Larson, 1977:xvi), kan hierdie poging in ŉ positiewe lig beskou word as ŉ strewe wat, indien dit op die hedendaagse postmoderne sosioprofessionele van toepassing gemaak word, tog kenmerkend is van die meeste hedendaagse beroepe, ook die taalpraktyk onder bespreking.

Die essensie van hierdie benadering is geleë in die professionele projek van Larson (1977). Witz (1992:64) is van mening dat die konsep van die "professionele projek" 'n bruikbare konseptuele raamwerk daarstel vir die konkrete histories-gebonde karakter van professionele praktisyns as empiriese entiteite.

Hierdie "empiriese entiteite" kan tot stand gebring word deur middel van beroepsaanspraak tot professionalisering selfs al realiseer so 'n aanspraak nooit nie (Freidson, 1983; Witz, 1992). Hieruit is dit duidelik dat verskillende beroepe met verskillende en wisselende attribute uit hoofde van unieke omstandighede en funksies in die samelewing deur verskillende fases en stappe van professie en professionalisering kan gaan.

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word Larson (1977) se konsep van die professionele projek as uitgangpunt vir, en dus as definisie vir die konsep van "professionalisering" aanvaar.

Hiervolgens word gespesialiseerde kennis en vaardighede omgesit in sosiale en ekonomiese vergoeding; een skaars bron word dus omskep in 'n ander. 'n Ononderhandelbare, sentrale vereiste van professionalisering vir die taalberoepe is die ontwikkeling van gestandaardiseerde opleiding, gespesialiseerde, taaldiensspesifieke kennis en vaardighede, akkreditering, staatsanksionering en lisensiëring. 'n Gestandaardiseerde korpus van kennis en gesistematiseerde opleiding is noodsaaklik anders kan die beroep nie sy huidige mark beheer nie, sodat pogings tot professionalisering onsuksesvol sal wees.

Die implikasie is ook dat daar binne enige beroep "verbeterings" en "aanpassings" plaasvind soos hierbo aangedui, wat legitimiteit verleen aan enige professionele projek.

2.11 Hoofstuksamevatting

Met die bespreking in hierdie hoofstuk is probeer om aan te toon dat die definisieproblematiek ten opsigte van die konsep "professie" en ook "professionalisering" soos dit in die literatuur neerslag vind, toe te skryf is aan 'n gebrek aan 'n haalbare konseptualisering van betekenisgewing.

'n Bespreking van drie verskillende benaderings tot kategorisering – die klassieke, benadering, die kritiese benadering en prototipebenadering – bewerkstellig en verreken 'n aanknopingspunt met die verskillende tradisies wat blyk uit die literatuur van die sosiologie van professies, sowel as die definiëring van "professie".

Die prototipebenadering word dan die sleutel tot die oplossing van die definisieproblematiek in die sin dat dit betekenis van die aard van die kenmerke van professie (as attribute) in 'n tersaaklike konteks plaas. Uit die literatuur is aangedui dat alle sogenaamde geïdentifiseerde "kenmerke" van professie nie onafwendbaar, onherroeplik en/of permanent "'n professie" konstitueer nie. As attribute word kenmerke gevolglik vir die doeleindes van die professionalisering van die taalberoepe beskou as 'n kwessie van graad.

Vanuit hierdie benadering lei ’n ondersoek na bestaande definisies in leksikografiese sowel as in sosiologiese bronne tot ’n prototipewerksdefinisie vir die taalpraktyk, en ’n bespreking van die professionaliseringsproses lê die verband vanuit hierdie definisie met die verloop van die professionaliseringsproses.

Definisiële integriteit – ’n haalbare teoretiese begronding van woordkategorisering – gee gestalte aan (konstitueer) die ondersoekveld. Daarom is die sosiologie van die professies as ’n teoretiese sowel as ’n wetenskaplike ondersoek inderdaad afhanklik van die wyse waarop professie sowel as die professies gedefinieer word.

Uit die diachroniese vergelyking van die definisies uit die literatuur is dit merkwaardig dat die strukturele kenmerke van professie soos vervat in die definisies oor die afgelope eeu opvallende strukturele ooreenkomste vertoon (vergelyk 2.7.2.2). Die abstrahering van die vergelykbare strukturele elemente van verteenwoordigende definisies van professie uit die literatuur oor die afgelope eeu soos dit van toepassing is op die taalpraktyk, lei gevolglik tot ’n werksdefinisie wat, vanuit ’n diachroniese sosioprofessionele konteks beskou, tot ’n groot mate strukturele invariansie vertoon.

Alhoewel die onderskeidende elemente daarvan op die oog af nie veel verskil van enige ander definisie nie, en ook nie van die kombinasie van elemente soos geabstraheer uit die versameling hierbo nie, en dus tot ’n mindere of meerde mate in die meeste definisies van professie voorkom, kombineer dit die mees relevante attribute van die hedendaagse taalberoepe, veral soos dit as sosiale beroepsverskynsel in die eietydse sosioprofessionele opset van multitalige, multikulturele gemeenskappe soos Suid-Afrika en Vlaandere in ’n taalpraktykmark funksioneer.

Hoewel hierdie werksdefinisie in wese ook nie veel verskil van enige ander definisie van professie nie, voldoen die beginsels daarvan wat betref die taalpraktyk as professie aan universele professionele beroepsvereistes (Curnow & McGonigle, 2006:287-289; Harvey, 2004; Macdonald, 1995:32) soos hierbo veronderstel, naamlik:

- staatsanksionering;
- professionele gedragsbeginsels;
- ’n modus operandi van interaksie met kliënte, kollegas, die breë publiek en die professionele beroepsliggaam;
- die spesifieke kriteria vir algemene en gespesialiseerde gestruktureerde professionele opleiding;
- die vereistes vir toelating tot die beroep, en
- die standaarde vir bevoegde, gespesialiseerde diens.

Die enigste kognitiewe benadering tot betekenisgewing in die professionaliseringsprojek lei tot ’n gevolgtrekking dat die relevante strukturele attribute van professionele status tot ’n groot mate konstant en invariant sal bly as gevolg van die teleologiese belang van hierdie struktuurelemente ten opsigte van professionele dienslewering en kwaliteitskontrole.

Alternatiewe en/of addisionele beroepspesifieke strukturele kenmerke sal bepaal word deur die behoeftes van die samelewing op ’n bepaalde tydstip en die mate van professionalisering van die beroep onder bespreking. Die mate van beroepserkenning – professie – is dus die gevolg van die geslaagde wisselwerking tussen ’n spesifieke beroep en die sosioprofessionele opset en sosiokulturele opset van die samelewing waarin dit funksioneer.

In Hoofstuk 3 kom verskillende relevante sosiologiese teorieë van die professies aan die bod teen die agtergrond van die unieke sosioprofessionele en sosiokulturele opset waarin elkeen ontstaan het met as doel die identifisering van die oorwegende benaderings onderliggend aan die sosiologie van die professies, sowel as kritiese beskouing van die huidige stand van die sosiologie van die professies. Hierdie bespreking bied die agtergrond tot die bespreking van verskillende modelle van professionalisering, en die struikelblokke tot die professionalisering van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere wat in die volgende hoofstukke van hierdie navorsingsprojek aan die bod kom.

Professions can serve in at least a limited way as moral *milieux*. With the right ideals they can improve the way people do their work, encourage them to consider the social consequences of that work, and cultivate a heightened and more enlightened commitment to the common good. This does not happen consistently or automatically in professions in their present form; however the moral is not to despair of these objectives but to reform the professions and their supporting institutions to achieve them more effectively.

~ Emile Durkheim ~

Within this framework, professions are viewed as providing regulatory functions for modern society … as upper-level occupations that are sufficiently inclusive so as to ensure their functioning, while at the same time contributing to an interconnectedness of the larger society.

~ Emile Durkheim ~

Only by strict specialization can the scientific worker become fully conscious, for once and perhaps never again in his lifetime, that he has achieved something that will endure. A really definitive and good accomplishment is today always a specialized act.

~ Max Weber ~

The history of all hitherto existing society is the history of class struggles.

~ Karl Marx & Friedrich Engels ~

Postmodernism an exasperating term, and so are postmodern, postmodernist, postmodernity, and whatever else one might come across in the way of derivation. In the avalanche of articles and books that have made use of the term since the late 1950s postmodernism has been applied to different levels of conceptual abstraction to a wide range of objects and phenomena in what we used to call reality. Postmodernism, then is several things at once.

~ Hans Bertens ~

HOOFSTUK 3

Die sosiologie van professie

While there have been significant changes in the evaluative and substantive emphasis of sociological writings on the professions … there has not been any significant advance in developing a theory of professions over the past decade or so that does not have as many deficiencies as past theories.

~ Elliot Freidson ~

3.1 Inleiding

Indien Hoofstuk 2 die vraag na die wese van professie beantwoord – Wat is professie? – is die bespreking in hierdie hoofstuk daarop gemik om te verklaar waar die idee van professie vandaan kom, en hoe ŉ beroep tot ŉ professie ontwikkel (in die konteks van die verkryging van attribute, soos gespesialiseerde kennis en outonomie, sowel as in die konteks van sosiale aanvaarding wat gelykstaande is aan en oënskynlik ŉ voorbehoud is vir professionele status).

Uit die bespreking in Hoofstuk 2 is dit duidelik dat die strukturele begronding van professie onderliggend aan die sosiologie van die professies ŉ komplekse saak is waaroor historici, wetenskaplikes en sosioloë oor die afgelope eeu geen eenstemmigheid bereik het nie, hoofsaaklik as gevolg van ŉ gebrek aan leksikologies begronde eenstemmigheid. Dit wil ook voorkom of leksikologiese eenstemmigheid nie noodwendig vir teoretici ŉ oplossing blyk te wees nie (vergelyk byvoorbeeld die huidige voortslepende debat oor konseptualisering en revisionisme in die professies ten opsigte van die ontstaan van die professies en die definisiewoordegeskil tussen Evetts, 2006; Larson 2008; Malatesta, 2005; Sciulli, 2005a, 2005b, 2008, 2009; Torstendahl, 2005).

ŉ Geslaagde wetenskaplike ondersoek na die professionele projek is egter onderhewig aan konseptuele integriteit. Vanuit die kognitiewe benadering tot die klassifisering van woordbetekenis as uitgangpunt is in Hoofstuk 2 deur middel van ŉ ondersoek uit leksikografiese en sosiologiese bronne ŉ prototipemodel van professie uit die oorvloed definisies en pogings tot strukturele begronding in die literatuur geformuleer. Vir die

doeleindes van hierdie bespreking vertoon die prototipeprofessie die volgende strukturele attribute: gespesialiseerde kennis en vaardighede wat spruit uit gestandaardiseerde (gerigte) beroepsverwante opleiding, professionele erkenning (beroepstatus) en solidariteit wat marksluiting en markmonopolie impliseer, en 'n persoonlike en werksverwante etiek wat 'n beroepsliggaam betrek (vergelyk 2.7).

Die doel met die bespreking in hierdie hoofstuk is 'n literatuurondersoek na die sosiologie van die professies: die opkoms, rol en funksie van die professies in die samelewing as 'n idealetipeberoepsgroep en statusgroep en die diverse beroepsprofessionaliseringsprosesse wat met sodanige status gepaardgaan. Die ondersoek geskied in die konteks van die klassieke moderne sosiologiese benaderings tot die verdeling van werk asook die postmoderne benadering soos dit van toepassing is op beroepsprofessionalisering oor die algemeen en op taalpraktyk spesifiek.

Die soeklig val op die bespreking in die literatuur van die sosiologie van (die) professies en die professionaliseringsproses(se), ook genoem die "professionele verskynsel" of "professionele kompleks" (Parsons, 1968) of die "**professionele projek**" (Larson, 1977). Hierdie ondersoek verteenwoordig enersyds 'n (noodwendig eklektiese) teoretiese voëlvlug oor, en konstruktiewe analise van die literatuur, maar bied andersyds die raamwerk vir die bespreking van die professionalisering van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere soos dit ter sprake kom in die hieropvolgende hoofstukke van hierdie navorsingsprojek.

Die hoofstuk val uiteen in drie afdelings:

- 'n oorsig oor die literatuur van die bestaande onderbou van die sosiologie van die professies om die huidige stand van sake ten opsigte van die sosiale aard en funksie van die professies te ondersoek;
- 'n motivering vir die sosiologiese benadering tot beroepsprofessionalisering teen die agtergrond van die sosiopolitieke kultuur waarteen 'n professionaliseringsproses hom afspeel;
- 'n bespreking van die verskillende sosiologiese benaderings tot die professies met die klem op die moderne benaderings, te wete die funksionele benadering, interaksionele benadering, en die konflikbenadering soos dit verwoord word in die teorie van Émile Durkheim, Max Weber, en Karl Marx, asook die hedendaagse postmoderne benadering en poststrukturalistiese kritiek.

Die doel van hierdie bespreking het ten doel die begronding van die sosiale aard van die professies en die identifisering van die verskillende klassieke benaderings onderliggend aan die sosiologie van die professies in die konteks van die strukturele inslag van die moderne teorieë, sowel as 'n kritiese beskouing van die huidige stand van die sosiologie van die professies in hierdie verband vanuit die postmodernisme.

Die bespreking van die postmodernisme en poststrukturalisme het ten doel die verdediging van die wesenlike strukturalistiese modelkonsep wat uiteindelik uit hierdie ondersoek na vore tree, teenoor moontlike postmodernistiese kritiek daarop. Die rasionaal hieragter is om 'n geldige argument uit te maak ten gunste van die strukturalistiese uitgangspunt in die konteks van professionalisering van die taalberoepe onder bespreking ten spyte van die heersende postmoderne benadering tot kultuur, sowel as kennisname van moontlike postmodernistiese kritiek teen die strukturele begronding van die professies.

Strukturele begronding veronderstel ’n spesifieke uitgangspunt en hipotese, ’n hiërargie van betekenis en ’n soliede grondslag (Jamous & Peloille, 1970:134). Strukturalisme spreek tot die kontekstualiteit van die begrip “professie” en die aard en geldigheid van die definiëring daarvan soos dit in Hoofstuk 2 na vore kom. Postmodernisme spreek tot die kulturele en sosiale konteks waarbinne sekere groepe in die samelewing ongemaklik is met streng onderskeiding tussen verskillende beroepe, tussen beroepe en professies, en die beheer, uitsluiting en mag wat gepaardgaan met professionele status.

Vir die doel van hierdie bespreking vanuit die huidige denkklimaat word modernisme en postmodernisme as historiese tydsgewrigte beskou. Eweneens word strukturalisme en poststrukturalisme beskou as intellektuele konsepte en intellektuele analisemetodes.

In die twintigste eeu oorheers die onderwerp van die ontwikkeling – én verwikkeling – van die professionele verskynsel die navorsing van veral Anglo-Amerikaanse sosioloë en historici as ’n tema-gebaseerde spesialiteitsveld (Freidson, 1994a:7; vergelyk ook Abbott, 1988; Burrage, 1990; Carr-Saunders & Wilson, 1933; Dingwalll, 1983; Hatch, 1988; Larson, 1977; Porter, 1995; Veysey, 1988; en die tersaaklik aangehaalde werke uit die omvangryke bydraes van Cyril O. Houle; Everett C Hughes; Terrence Johnson; Keith M. Macdonald en Elliot Freidson tot die literatuur van die sosiologie van die professies (vergelyk die bibliografie). Hierdie onderwerp ontlok steeds wye belangstelling (vergelyk onder andere byvoorbeeld Freidson 2004; Jóhannesson, 2006; Larson, 2008; en die bydraes van David Sciulli).

Dit ontbreek dan ook nie in dié literatuur aan breedvoerige eksegese van en kommentaar oor die aard van die sosiale verskynsel van professionalisering (gepaardgaande konsepte soos professie en professionalisme) nie, inteendeel. Die debat en onenigheid duur steeds voort in die eerste dekade van die een en twintigste eeu (vergelyk veral die polemiek tussen Malatesta, 2005; Sciulli, 2005a; Sciulli, 2005b en Torstendahl, 2005, sowel as die tussen Larson, 2008 en Sciulli, 2008a). Die wrywing gaan hoofsaaklik steeds oor die konsep “professie” wat neerkom op die identifisering van en konsensus oor die strukturele en funksionele kenmerke van ’n professie in ’n teoretiese begronding van die sosiologie van “die professie”, maar oënskynlik vanuit ’n gebrekkige taalkundig-teoretiese benadering soos dit in Hoofstuk 2 ter sprake kom.

In die eerste afdeling van hierdie hoofstuk word ’n oorsig gegee oor die literatuur van die teoretiese onderbou van die verdeling van werk om die huidige stand van sake ten opsigte van die struktuur en funksie van die professies in konteks te plaas. Daar word eerstens kortliks gewys op die ontstaan en verloop van die toenemende verskynsel van die verdeling van arbeid en verskil tussen beroep en ’n professie; tweedens op die waarde wat geheg word aan die omvang en draagwydte van die verdeling van werk veral soos gedurende die twintigste eeu in die professionele verskynsel verteenwoordig word, en derdens op die kompleksiteit van die professionele verskynsel oor die afgelope twee eeue.

Vervolgens kom die verskynsel van die verdeling van werk soos dit van toepassing is op die professionele projek aan die bod.

3.2 Die verdeling van werk

3.2.1 In die begin was daar beroepe …

"Arbeid adel", lui die spreekwoord: werk is 'n fundamentele aspek van menswees en tydgebruik wat die mens veredel. 'n Beroep of loopbaan kan binne verskillende kontekste beoefen word: dit kan gespesialiseerde kennis vereis, dit kan gespesialiseerde vaardighede vereis, of albei; dit kan 'n beroep wees wat geskoolde of ambagskennis vereis, of dit kan 'n beroep wees wat gespesialiseerde opleiding, kennis en vaardighede vereis. Verskillende individue se verskillende werksaktiwiteite vind neerslag in gevarieerde beroepe, wat in die vorm van 'n loopbaan sin en betekenis gee aan die menslike bestaan.

Na aanleiding van die bespreking in Hoofstuk 2 oor die definisiegeskil van die konsep "professie" onder bespreking en vir die doeleindes van hierdie ondersoek word "beroep" beskou as 'n generiese term binne 'n klassifikasieraamwerk van arbeid met die doel om die mens te help om sin te maak uit die skotse en skewe wêreld van werk (Braude, 1975; Dingwalll, 1983; Freidson, 1978; Haralambos, Holborn & Heald, 2000:686). Beroepe word kontinu geherstruktureer teen veranderende sosio-ekonomiese, sosioprofessionele, en sosiokulturele kontekste, veranderinge in die verdeling van werk; tegnologiese ontwikkeling en die veranderende aard van werk teen die agtergrond van veranderende sosiale kontekste. Vergelyk onder andere Haralambos *et al*. (2000:686-772), Howard (1995), Ritzer (1977), sowel as Pavalko (1971:2-11) se bespreking oor werk as 'n sosiale verskynsel) en verskuiwings in en transformasie (soos professionalisering) van die tipe werk wat die welsyn van die samelewing noodsaak (Abbott, 1988; Pavalko, 1971:28; Ritzer, 1977).

Ritzer (1977:xiii) beskryf "beroep" as "... the social role performed by adult members of society that directly and/or indirectly yields social and financial consequences and that constitute a major focus in the life of an adult."

"Beroep" in 'n sosio-ekonomiese en sosiokulturele konteks verteenwoordig dan die gesamentlike produktiewe aktiwiteite waarop samelewings ekonomiese en sosiale aktiwiteite baseer, met die potensiaal om die mikrososiologie van die alledaagse doen en late in verband te bring met die makrososiologie van produksie, klas en stand, stratifikasie, en sosiale mobiliteit (Freidson, 1994:75). Gewoonlik is dit dan 'n "... financially rewarded activity, and ... a distinct and related set of activities in a system where some division of labor prevails" (Moore & Rosenblum, 1970:7).

Beroepsport teenoor amateursport dien as 'n illustrasie: beroepsport verg nie geniale kennis en vaardighede nie, by wyse van spreke, maar beroepspelers is van die hoogs besoldigde "professionals" in die samelewing met sosiale status en erkenning wat nie deur dokters of regspraktisyns met hulle hoogs gespesialiseerde opleiding, kennis, vaardighede en altruïstiese diens geëwenaar kan word nie.

Dit word egter allerweë aanvaar dat 'n toename in die getal hoogs geskoolde werkers met gespesialiseerde kennis en vaardighede – die professionele praktisyn – kenmerkend is van ontwikkelende en industriële gemeenskappe van die afgelope twee eeue: "An industrialising society *is* a professionalising society" (Goode, 1960a:902; kursivering in oorspronklike bron). Beroepsprofessionalisering is nie alleen maar 'n statussoekende aktiwiteit nie, maar ook 'n reaksie op veranderings wat in die samelewing plaasgevind het.

Industrialisering het dan tot gevolg 'n spontane, maar onvoorsiene toename in die versameling en tipe beroepe wat tipies in industriële samelewings gevind word, met 'n gevolglike toenemende en ongekende sosiale verdeling van arbeid (Caplow, 1954:x) sodat sommige beroepe in 'n toenemende mate gespesialiseerde dienste lewer. Hierdie tipe beroepe word dan geklassifiseer as professies wat 'n bepaalde voordelige rol en funksie in 'n samelewing te speel het met attribute wat appèl uitoefen op ander beroepe.

'n Prototipemodel van professie, soos dit uit die literatuur gesintetiseer is vir die doeleindes van hierdie studie, fokus op die attribute van gespesialiseerde opleiding, kennis en tegniese vaardighede, bepaalde prestasievereistes, spesifiek werksomstandighede, en 'n kenmerkende beroepsetos (vergelyk Hoofstuk 2).

Die begrip "professie" moet dan teen 'n historiese, veranderende agtergrond verstaan word: Die bakens word versit van 'n statiese taksonomiese model van professie vanuit die klassieke benadering tot kategorisering na 'n diachroniese ontwikkelingsproses, 'n histories begronde proses van professionalisering, en word bepaal deur attribute wat oor tyd heen aangepas kan word, kan verval, of toegevoeg kan word (vergelyk 2.8)

3.2.2 ... en toe die professies ...

Die groter aanvraag in die sosio-industriële gemeenskap na 'n verskeidenheid gespesialiseerde kennis en hoëvlakvaardighede genereer 'n groter mobiliteit van die werkerskorps. Dié mobiliteit is grotendeels gebaseer op radikale grootskaalse veranderinge in die beroepstruktuur van die moderne industriële samelewing met verreikende gevolge wat nóg Marx nóg ortodokse ekonome kon voorsien, en kulmineer in: "... an expansion of the demand for professional and technical skills of a high order (Elliott, 1972:1-2; Vollmer & Mills, 1966:34).

Terselfdertyd het die wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang wat gedurende die afgelope eeu aanleiding gegee het tot immergroeiende vlakke van kennisdiversifikasie en kennisspesialisasie in die werkerskorps, ook 'n impak op die mate waarin beroepe strewe na professionalisering, sowel as op die belangstelling van sosiale wetenskaplikes in die professionele verskynsel (Elliott, 1972; Etzioni, 1969). Dié onderliggende verandering het een van die attribute (gespesialiseerde kennis en vaardighede) se manifestasie vergroot. Ontluikende beroepe aspireer na dieselfde prestige kenmerkend aan die drie tradisioneel-erkende Westerse professies: regte, medisyne, en die teologiese bediening (Kultgen, 1988:xx)[1] omdat hulle al reeds van die ander attribute verwerf het.

Die gepaardgaande teoreties-sosiologiese ywer soos dit neerslag vind in die literatuur ten opsigte van werk, beroepe, professionalisering en professies is dus die gevolg van (die waarde wat geheg word aan) die impak wat die professies gedurende die twintigste eeu op die samelewing het (Wilding, 1982:3):

> In all developed societies there are occupational groups enjoying or asserting certains claims to priveledge – autonomy, a monopoly of a particular field of work, the right to control entry to the field of work and a high level of rewards. Because of the size and importance of these groups, defining and characterising what constitutes a profession has been a major sociological industry.

[1] Vollmer & Mills (1966:2) voeg universiteitsonderrig by; Sciulli (2009:36) wetenskap ("eksperimentele natuurwetenskaplike filosofie") en ingenieurswese.

Die algemene aanvaarding van die betekenisvolle aard van die professies word egter nie altyd sinvol in die teoretiese begronding van die plek van die professies in industriële en ontwikkelende samelewing weerspieël nie.

Die hiate in die teoretisering is opvallend in die mate wat die veranderinge wat ter sprake kom nie gereflekteer word nie: veranderinge in die samelewing wat tot gevolg het dat sekere beroepe meer attribute van professie vertoon, teenoor veranderinge in konseptualisering van professie, sodat attribute bykom of wegval uit die lyste definisies.

In die sewentigerjare skryf Johnson (1972:9-11) (vanuit 'n revisionistiese benadering) dié verskynsel toe aan die feit dat sosiaal-wetenskaplikes wat die professies ondersoek die groter sosiale opset ignoreer en wegkruip agter "... the defences of more circumspect analyses of a micro-sociological or social-psychological kind" (Johnson, 1972:9) sonder dat oorweging gegee word aan die leksikologiese implikasies van die gebruik van konsepte wat mettertyd geïnstitusionaliseer word. Dit kan gesien word as een rede vir die gebrekkige aard van die teoretiese besinning in die sosiologie van die professies tot op daardie stadium: "As a result the problems and themes which informed the origins of the sociology of the professions are either ignored in recent work or remain implicit" (Johnson, 1972:10).

'n Ander rede vir die hiate in die sosiologie van die professies het te make met die "... largely sterile attempt to define what the special 'attributes' of a profession are" (Johnson, 1972:10), wat in die vorige hoofstuk geïdentifiseer is as 'n gebrek aan 'n leksikaal-teoretiese benadering en begronding.

Die bestudering van werk en beroepe fokus dan aanvanklik grotendeels op die opkoms,en veral die rol en funksie van die professies (Harper, 2007:223) as "'n idealetipeberoeps-instelling ..." (Vollmer & Mills, 1966:2) en die diverse professionaliseringsprosesse wat daarmee gepaardgaan (vergelyk byvoorbeeld Houle, 1981; Larson, 1977; Snider, 1996; Tobias, 2003; Vollmer & Mills, 1966; Wilensky, 1964).

Die professionele verskynsel is wel kenmerkend van die moderne en postmoderne samelewing, maar dit is ook duidelik dat die (sosiologie van) die professionele verskynsel as (die) "professionele kompleks" (Parsons, 1968) 'n verwikkelde sosiale verskynsel is waaroor historici, wetenskaplikes en sosioloë oor die afgelope bykans tien dekades geen eenstemmigheid bereik het nie. Die voortslepende geskil tussen Sciulli (2005a; 2005b; 2008a; 2008b; 2009), Torstendahl (2005), Larson (2008), Malatesta (2005) en Evetts (2006), skep die risiko om die meriete en sukses van enige hedendaagse professionele projek onder verdenking te plaas.

Sciulli (2005a, 2005b, 2008a, 2008b, 2009) se kritiek teen die heersende opvattings in die sosiologie van die professies en sy kleim van 'n "scoop" (Larson, 2008) van die wetenskaplik begronde "kontinentale" benadering" (vergelyk voetnoot 5) ontketen hewige polemiek in die literatuur (vergelyk Evetts, 2006, Larson, 2008; Malatesta, 2005; Torstendahl, 2005).

Dit opper die vraag na die ontstaan van die professies as 'n sosiale verskynsel en die redes agter die erudiete sowel as dilettante belangstelling in hierdie sosiale groep.

3.2.3 Die kompleksiteit van die professionele verskynsel

Die verdeling van werk blyk 'n universele verskynsel te wees wat reeds voor die Industriële Revolusie as 'n sosiale samehorigheidsverskynsel beslag vind in 'n "... corporate spirit [that] had become universal amongst all classes of dwellers in cities before the end of the fifteenth century" (Carr-Saunders & Wilson, 1964:289).

Metterjare, as gevolg van die toenemende verdeling van werk, vind hierdie verskynsel neerslag in verskillende gespesialiseerde beroepe as sosiale produkte van die pre-industriële sosiale opset van die agtiende eeu (Larson, 1977:3) tot die opkoms en ontwikkeling van die professies in die moderne, industriële en postmoderne, postindustriële opset van die negentiende eeu, veral in Engeland en Amerika.

Hierdie beroepe manifesteer as belangrike, maar komplekse sosiale verskynsels (Abbott, 1988:2-4) wat nietemin die beginsel vorm waarop die professies soos dit tans daar uitsien in die samelewing funksioneer (Abbott, 1988:3). In die twintigste en een en twintigste eeu sien sosioloë die professies as die deurslaggewende strukturele ontwikkeling van die moderne samelewing tot die mate dat Parsons (1968:545) die professionele verskynsel beskou as "... die belangrikste enkele komponent in die struktuur van die moderne samelewing", sodat die professies in die opset van die hedendaagse**,** postindustriële verdeling van werk in 'n postmoderne samelewing ons wêreld beheer en oorheers (Abbott, 1988:1).

Of dié mening allerweë onder die Anglo-Amerikaanse sosiologiese geledere aanvaar word, is te betwyfel (Burrage, 1990a:4-5), met die gevolg dat geïntegreerde sosiologiese ondersoek na die professies eers in die 1970s werklik 'n aanvang geneem het met Johnson (1972) se revisionistiese aanslag; Bell (1973) se ondersoek na die postmoderne samelewing, maar veral met die werk van Larson (1977) wat die strewe van beroepe na professionalisering beskryf as "'n professionele projek". Sciulli (2009; 2008) bevraagteken en kritiseer die revisionistiese benadering van teoretici soos Eliot Freidson[2], Collins (1979; 1990b), Abbott (1988), maar verál dié van Johnson (1972) en Larson (1977); teoretici wat in die literatuur hoog aangeskryf word (Burrage, 1990a:4-5), op grond daarvan dat:

- Johnson (1972) versuim om die tradisionele professies en hulle professionaliseringstrajek te analiseer vanuit gestruktureerde [3] situasies, en neem ook nie ook nie ander professionele dienste van prerevolusionêre staatsvorme in ag nie: "Johnson distorts the historiographic record by approaching the entire occupational order of the *ancien regime* through the lens of the four exemplars of *modern* professionalism: law and medicine, "science" (experimental natural philosophy) and engineering" (Sciulli, 2009:37; kursivering D.S).
- Larson (1977) se revisionistiese konseptualisering tot die professies nie daarin slaag om professies op enige grondslag van ander beroepe te onderskei nie, sosio-ekonomies al dan nie. Hierdie leemte in haar benadering spreek van 'n onvermoë tot wetenskaplike begronding, historiografies of vergelykend, 'n oppervlakkige beskrywing van die professies, sowel as 'n gebrek aan begrip van die beroepsopset van die *ancien régime* (Sciulli, 2008:8-11).

[2] Vergelyk die Bibliografie vir die uitgebreide bydraes van Eliot Freidson.
[3] Vergelyk die bespreking in 3.2.3.

Hoewel daar weinig konsensus in die literatuur bestaan oor die sosiologie van die professies huldig wetenskaplikes soos (onder andere) Abbott (1988), Freidson (1973), Goode (1960a, b), Parsons (1968), Macdonald (1995) en Wilding (1982) dieselfde mening ten opsigte van die dinamiek van die professies: Die afgelope twee eeue tree die professies as gesaghebbende sosioprofessionele beroepsgroepe toenemend op die voorgrond teen die agtergrond van progressief sosiale en industriële verandering en tegnologiese vooruitgang.

Die impak van dié beroepsverskynsel op die sosioprofessionele opset word gereflekteer in die belangstelling van "legio verskillende wetenskaplikes uit diverse agtergrond" (Vollmer & Mills, 1966:xi) oor dekades van "sosiologiese navorsing en pennevrug" met as produk 'n omvangryke literatuur wat die beroepe in die samelewing ondersoek (Pavalko, 1988:vii), maar veral soos dit neerslag vind in die literatuur oor die sosiologie van die professies as "a truly tremendous literature" (Moore & Rosenblum, 1970:245).

Tog is dit 'n diffuse, breedsprakige literatuur waarvan die meriete dikwels onder verdenking staan (Soder, 1990:38; Vollmer & Mills, 1966:xi), met marginale status in die sosiologie (Burrage, 1990a:1, 4); inderdaad 'n literatuur waarvan die retoriek teen die einde van die twintigste eeu steeds tot geen teoretiese begronding van die professies geraak nie. Dit noop Freidson (1994:7) om tot die somber slotsom te kom dat die leemte in die teoretiese begronding van die sosiologie van die professies klaarblyklik 'n gebrek is aan 'n doelmatige, bevredigende, doeltreffende, oortuigende en toereikende teoretiese onderbou en raamwerk:

> At present, the sociology of professions stands as a topical field, loosely affiliated with class theory by some, but essentially without any clear theoretical roots. I believe it should be grounded in a theory of occupations, for a profession is generically an occupation, and certainly not a class. What distinguishes occupations from each other is the specialized knowledge and skill required to perform different tasks in a division of labour. This is a distinctly different criterion than location in a class system …

Die sosiologie van die professies word dan hanteer as 'n temagebaseerde spesialiteitsveld sonder enige doeltreffende leksikologiese klassifikasie van die betekenis van die woord "professie" (vergelyk Hoofstuk 2).

Die hedendaagse "marginale aard" van die status van die sosiologie van die professies (Burrage, 1990a:10 sowel as die professies (Elliott, 1972:143)[4] is **enersyds** te wyte aan die benaderings van die "founding fathers" van die sosiologie – Émile Durkheim, Karl Marx en Max Weber – "because they pushed it there", en sedertdien dans die "sosiologiese broederskap" gedienstig na hulle pype (Burrage, 1990a:4). (Die mate waartoe Émile Durkheim, Karl Marx en Max Weber – as grondleggers van die sosiologie – teoretiese benaderings tot die professies beïnvloed en gevestig het, word in 3.3.3 bespreek.)

Andersyds is dié stand van sake te wyte aan die feit dat die professies nie naastenby 'n universele sosiale raamwerk het nie (Burrage, 1990a:4-5) en ook nie as 'n universele sosiale verskynsel ondersoek is of word nie: "In fact, until very recent times, they appeared to be peculiar to the English-speaking world and the subject of private Anglo-American exchanges" (Burrage, 1990a:5).

[4] In dié verband wys Elliott (1973:143) daarop dat die posisie van die professies in die sosiale opset desondanks nie meer een is van "'n aanhangsel" van die adelstand en middelklas nie, maar grootliks deel is van die beroepselite in die moderne samelewing.

In hierdie verband is Sciulli (2007; 2009) onwrikbaar in sy oortuiging dat professies en professionalisering sy oorsprong het gedurende die *anciene regime* in Europa[5] – en wel in Parys, Frankryk – en nie in die moderne Engelssprekende wêreld soos algemeen aanvaar is oor die afgelope dekades nie: die vrug van die institusionalisering van "Whiggish" historiografiese wanopvattings en waaroor hy hom ten sterkste uitspreek (Sciulli, 2009:9; klem in oorspronklike):

> There is not a single study in the sociology of professions in which it is argued explicitly that qualities or traits *constitutive* of professionalism as such *analytically* may be traced to *any* occupational and organizational developments which originated on the Continent, as opposed to the English-speaking world. There is also not a single study which seeks such analytical distinctions in any occupational fields other than law in particular, and then medicine. Even more certainly, sociologists have never endeavored seriously to trace the origins of professionalism centuries earlier in time, not only prior to industrialization but as far back as the seventeenth century.

Sciulli (2009:9) is dan oortuig daarvan dat sosioloë steeds die professies vanuit 'n dwaalbegrip bestudeer en aansien as "... quintessentially *modern* [kursivering oorspronklik] occupational and organizational developments, those which accompanied industrialization, first in Britain and then elsewhere", terwyl die professionele verskynsel reeds in Europa teen die einde van die sewentiende eeu gevestig was.

3.2.4 Terugskouing

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat 'n sosiale verskynsel soos die verdeling van werk bestudeer moet word as 'n produk van die samelewing waarin só 'n verskynsel sy oorsprong en funksie het (Evetts *et al*., 2006:105; Wilding, 1982:2).

Indien die Suid-Afrikaanse samelewing, veral ná 1994, wesenlik verander het, en dus duidelik anders daar uitsien as in Wes-Europa, kan ons verwag dat die professionele projek anders sal vertoon, soos byvoorbeeld geïllustreer word deur die erkenning van die tradisionele geneser[6] en die daaropvolgende debat by die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging ten opsigte van die tradisionele geneeshere.

Konflikterende sosiologiese diskoerse tot die professionele verskynsel bied 'n blik op die komplekse rol en posisie van die professies in die samelewing, veral in die konteks van die toenemende strewe na die professionalisering van beroepe. Dié strewe kan teruggevoer word na die funksionele waarde wat Durkheim (1933/1893:200) heg aan die verdeling van arbeid as 'n verskynsel wat solidariteit en eensgesindheid in die groter opset van die samelewing teweegbring:

---

[5] Louis XIV en Jean-Baptiste Colbert ondersteun 'n visuele Academie – die Academie Royale de Peinture et de Sculpture – naas die ietwat ouer literêre Academie, die Academie Francaise. Hierdie nuwe Academie – gestig in 1648 – professionaliseer teen 1680 die opleiding en metodiek van visuele narratiewe, die toonaangewende genre vir die volgende twee eeue tot die Impressionistiese Rewolusie van die 1860s en 1870s. Die Paris Academie in Frankryk professionaliseer dus teen 1680, en handhaaf hierdie status vir die volgende twee eeue. Dit verkry dus professionele status twee volle eeue voor enige vergelykende ontwikkelinge in die Engelse regs-, of mediese beroep, wetenskap, of ingenieurswese. Tot in die middel-sewentiende eeu is die professionele onderrig van Engelse en Franse regsberoep sowel as dié van mediese onderrig regoor Europa gebrekkig in vergelyking met dié van die sewentiende-eeuse Academie (Sciulli , 2005a, 2005b, 2008a, 2008b, 2009).

[6] Die Traditional Health Practitioners Bill, *2003*, erken en reguleer die praktykte van Suid-Afrika se "tradisionele helers": "In 2003, the South African Parliament passed the Traditional Health Practitioners' Bill, giving formal recognition to traditional health practitioners in South Africa. The Bill also provides for a regulatory framework to ensure the efficacy, safety and quality of traditional health care services and gives patients recourse in instances of malpractice. The Bill allows traditional healers to issue prescriptions for medications and give sick leave. The Bill prevents traditional healers who are not registered with the Traditional Health Practitioners' Council from offering treatment or cures for AIDS or other terminal diseases." (http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=66656).

> Social harmony comes essentially from the division of labor. It is characterized by a cooperation which is automatically produced through the pursuit by each individual of his own interests. It suffices that each individual consecrate himself to a special function in order, by the force of events, to make himself solidary with others.

Waarom 'n sosiologiese benadering tot die ondersoek na die professionele verskynsel, en wat is die nut hiervan vir die professies? Vervolgens word die rasionaal agter die sosiologiese benadering tot die professies bespreek.

Die sosiologie – 'n wetenskaplik-humanistiese dissipline wat verklarings ondersoek gegrond op strukturele, kulturele, diskursiewe en gedragsdimensionele beginsels in 'n poging om menslike aksies, oortuigings en verwagtinge te verstaan en te interpreteer (Evetts *et al*., 2006:105) – bied 'n heuristies-toeligtende vertrekpunt om ondersoek in te stel na die verskynsel van die verdeling van werk soos dit neerslag vind in die professies, sowel as die appèl van professionalisering en die (vermeende) status wat dit meebring in die moderne sosioprofessionele opset.

3.3 Die sosiologie en die professies

3.3.1 Inleiding

Die veronderstelling dat die georganiseerde professies (as strukturele produkte van die verdeling van werk) bestaan uit selfregulerende en selfdissiplinerende organisasies of intellektuele werkersgroepe kom 'n lang pad in die sosiologie (Larson, 1977:225), maar dit is eers gedurende die afgelope twee en 'n halwe dekades dat die taalpraktyk as professie 'n "sosiale wending" of "kulturele wending" neem (Gentzler, 1993, 2001; Pöchhacker, 2004:57, 87, 173, 2009; Snell-Hornby, 1990, 2006; Venuti, 1995; Wolf, 2006, 2010; vergelyk ook die bespreking in 4.3.3).

Snell-Hornby (1990:79-86) beskryf die progressie van die benadering tot vertaling as 'n blote taalhandeling na vertaling as kulturele en (gemeenskaps)politiek – om te voldoen aan die sosiale behoeftes van die openbare lewe – as "die kulturele wending in vertaling". Bassnett en Lefevere (1990:11) beskou die beskrywing as 'n metafoor vir 'n kulturele transformasie wat oor tale heen stap sodat die klem lê op die interaksie tussen taal en kultuur, sowel as op die wyse waarop kultuur vertaling impak en "breidel". Die fokus verskuif gevolglik na die breër kwessies van konteks, historiografie en konvensie (Munday, 2001:127). Hierdie benadering is inklusief van studies in die taalpraktyk as dissipline oor tydsgrense heen ten opsigte van die rol van taalpraktisyns, opleiding, hulpbronne, en die hele spektrum van sosiokulturele funksies soos dit in 4.3.3 ter sprake kom.

Taalpraktyk as georganiseerde professie (binne die konteks van die verdeling van werk) en die implikasies daarvan op die samelewing kan dus bestudeer word as 'n sosiale en kulturele gegewe wat 'n impak het op individue en individuele groepe (Durkheim, 1933/1893) in die samelewing as 'n samestelling van 'n verskeidenheid strukture, elkeen met sy eie stel implikasies vir die samelewing.

Die sosiologie – die wetenskaplike ondersoek na menseverhoudinge en sosiale interaksie – het as ondersoekfokus "... the interaction that takes place in small groups, large organizations, and whole societies ... and patterns of social behaviour within these contexts, and on the way that social context and social background influence people's actions" (Conklin, 1987:4).

Die bespreking in hierdie afdeling fokus op die volgende fasette van die professies in die samelewingsopset veral tot die mate waarin professionele beroepe gesien kan word as 'n unieke produk van die verdeling van werk in 'n samelewing:

- die rasionaal vir die sosiologiese benadering vir die professionele projek van die taal-beroepe in Suid-Afrika en Vlaandere;
- die sosiale opset waarin die professies funksioneer en die sosiale aard van die professies in hierdie opset toegepas op die Suid-Afrikaanse en Vlaamse konteks;
- die sosiale posisie van die professies en die rol wat dié groepe in die industriële en postindustriële samelewing vervul, hetsy ekonomies, maatskaplik of polities;
- die rol wat die sosiopolitieke klimaat in die professionaliseringsproses van beroepe speel.

Die rasionaal vir die sosiologiese benadering tot die professionele projek van die taalpraktyk word vervolgens bespreek.

3.3.2 Rasionaal: die sosiologie en die professies

Die sosiologie is 'n wetenskap met 'n lang en komplekse geskiedenis (Evetts *et al*., 2006:106), en is nou verweef met die sosiologie van werk en beroepe wat oor die afgelope eeu die teelaarde gebied het vir veral Anglo-Amerikaanse sosioloë se belangstelling in die differen-siasie van spesifieke beroepe (soos die regte en medisyne) uit hoofde van dié beroepe se aanspraak op diensoriëntasie en die bevordering van sosiale en morele waardes en norme, en die gevolglike uitwerking daarvan op die stabiliteit en kwaliteit van sosiale sisteme.

Die sosiologie, in teenstelling met ekonomie, psigologie of regte lewer deur die jare 'n onderskeidende bydrae tot die eietydse begrip van die professies: waarom beroepe daadwerklik strewe na professionele status; hoe die gevestigde professionele instellings in die verlede en steeds professionele gedrag onder hulle lede aanmoedig deur middel van regulering en opleiding; en hoe die institusies en hulle openbare profiel gehandhaaf word deur beroepsaktiwiteite en praktykdiskoers in die uitvoering van hulle alledaagse pligte (Neal & Morgan, 2000:11).

Greenwood (1957:44-55) beskryf die sosiologiese benadering tot die professies as 'n be-nadering waar 'n professionele beroep beskou word as 'n georganiseerde groep in konstante interaksie met die samelewing wat die voedingsbodem daarvoor vorm. Vollmer en Mills (1966:10) stel die teoreties-sosiologiese benadering tot die professies meer pertinent as:

> ... one that views a profession as an organised group which is constantly interacting with the society that forms it matrix, which performs its social functions through a network of formal and informal relationships, and which creates its own subculture requiring adjustments to it as a prerequisite for career success.

Die sosiologie van professies hou hom in dié verband besig met teoretiese besinning oor die kontekstuele omstandighede van die ontwikkeling van gespesialiseerde kennis en die funksie daarvan in moderne gemeenskappe. Vanuit die sosiologiese benadering tot die

professies is gespesialiseerde kennis en deskundiges relasionele nosies: om ’n deskundige te wees, impliseer altyd ’n polarisering van kenner teenoor leek, vakkundige teenoor onkundige (Evetts *et al*., 2004:105). Per implikasie: daar bestaan altyd ’n digotomie tussen die deskundige en die leek nie net ten opsigte van die graad van diensgeoriënteerde kundigheid nie, maar ook ten opsigte van ander sosiale dimensies soos prestige, status, mag, en gesag. Onvermydelik sal so ’n opvatting van die professionele verskynsel vanuit die belange van verskillende partye ’n verhoudingsprobleem ontketen wat spekulasie, kritiek en onenigheid tot gevolg het.

Vanuit die sosiologie word die ontstaan van, toename in en professionalisering van beroepe dan onder andere diachronies bestudeer as ’n natuurlike verskynsel, ’n vorm van spontane werksorganisering wat onstaan vanuit die behoeftes van die samelewing (vergelyk byvoorbeeld Carr-Saunders & Wilson, 1933), maar ook as ’n proses van daadwerklike pogings tot beroepsverheffing vanuit die spesifieke behoeftes van een spesifieke groep wat aanspraak maak op beroepsgespesialiseerde kennis en vaardighede, ’n proses wat Larson (1977) as ’n “professionele projek” identifiseer (vergelyk Hoofstuk 4).

Alhoewel Freidson (1994:2) na dié *littérature engagé* verwys as “a literature of considerable size”, terwyl Evetts *et al*. (2004:105) praat van “a long line of theorizing on professions ... ” wat oor die afgelope eeu heen tot min konsensus gekom het (vergelyk onder andere Forsyth & Danisiewicz, 1985:59; Vollmer & Mills, 1966:xi); wat Johnson (1972:12) beskryf as ’n “value laden controversy” en Soder (1990:38) as ’n “... lack of clarity in professionalization rhetoric ...” spreek die belangstelling in die professies van die kompleksiteit van sosiale wetenskaplike denke ten opsigte van sosiale verskynsels: “[O]ne of the joys of sociology is the richness of theoretical perspectives, which is stimulating in its own right as well as reminding us that it is rare that there is only one valid view of a social action or a social phenomenon (Macdonald, 1995:29). Andersyds herinner dit aan die (bevrydende?) perspektief van die postmodernisme ten opsigte van die waardeloosheid van die meesterverhaal.

In ag genome die “social turn” (Pöchhacker, 2004:57, 87, 173, 2009; Snell-Hornby, 2006; Wolf, 2006, 2010) van die taalpraktyk oor die afgelope dekade, word die sosiale aard, posisie, rol en funksie van die professies bespreek vanuit die benaderings van relevante teoretici wat hulle hieroor in die literatuur uitspreek. Die professionele projek is in die samelewing veral afhanklik van gelykvormigheid aan die prototipe professionele model wat betref die attribute daarvan, maar ook van sosiale sanksionering.

3.3.3 Die sosiale aard van die professies

Met die bespreking in hierdie onderafdeling word beoog om die agtergrond te verhelder waarteen die professionaliseringsproses van beroepe hulle afspeel. Die uiteenlopende diskoerse van sommige sosiologiese teoretici beklemtoon weereens die kompleksiteit van die prosessionele verskynsel, veral ten opsigte van die twee hooflyne wat ten opsigte van enige professionele projek in 2.10.2 geïdentifiseer is, naamlik die ooreenstemming aan en gelykvormigheid van bepaalde attribute en die sosiale sanksioneringsfaset.

- **Attribuutgelykvormigheid** hou direk verband met die prototipemodel en die mate waarin voldoen word, al dan nie, aan die teenwoordigheid al dan nie van die geïdentifiseerde vereistes van professie.

- **Sanksionering** behels die mate waarin die professionele aanspraak in die sosiale opset 'n werklikheid is, hetsy deur middel van wetgewing of selfs bloot informeel, as 'n "folk"-konsep (Freidson, 1994:20-27, 80,17; Macdonald, 1995:7).

Op die keper beskou, kan 'n ondersoek na hierdie uiteenlopende uitgangspunte dan moontlik lei tot 'n beter begrip vir die unieke sosiale aard en posisie sowel as die rol en funksie van die taalberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere en die gespesialiseerde dienste wat daarmee gepaardgaan, veral teen die huidige sosioprofessionele en politieke opset in Suid-Afrika soos wat dit in Hoofstuk 4 ter sprake sal kom.

Die sleutel tot die sosiale aard van die professies (Pavalko, 1988:vii) is te vinde in die vervlegting en verwikkeldheid van die "informal fabric of social life" (Vallas, Finlay & Wharton 2009:16) met sy beklemtoning van die struktuur en funksie van groepe, organisasies, en instellings ("corporations") soos dit in bepaalde samelewings gestalte gekry het. Dit is ook vervat in die kulturele norme en waardes wat enersyds die siening tot werkpraktyke definieer en andersyds bepaal hoe praktisyns van die verskillende beroepe en professies hulle rol tot mekaar en die groter sosiale opset definieer (Pavalko, 1988:1-9; Vallas *et al*., 2009:9-16).

Goode (1957:194-200) beskou die professies as gemeenskappe binne die groter samelewing waarin dit funksioneer en waarvan dit afhanklik is, en van ander sogenaamde nieprofessionele beroepe te onderskei is op grond van "a necessary relationship between the existence of a developed professional community based on shared identity, values, role definitions .... and the acceptance of professional authority by laymen" (Goode, 1957:194).

Habenstein (1963:297) kritiseer Goode (1957) se sienswyse op grond daarvan dat sy konsep van "professie" nie strook met sy voorstelling van "community" nie. Johnson (1972:27) kritiseer weer Goode (1957) se "model" van 'n professie as "an ideal one" en wel ten opsigte van die vraag of die **strukturele eienskappe** van 'n professie as gemeenskap binne 'n gemeenskap ("community within a community") steeds die definiërende element van die professionele verskynsel is, of ooit was.

Professies word beskryf as 'n ideale tipe (Turner & Hodge, 1970:25; Weber, 1968/1922), maar ook as 'n ideologie (Freidson, 1973:30; Kuhn, 1962); as kulturele verskynsels (Burrage, 1990) en as 'n eietydse strewe na eiebelang, status en sentraliteit (Porter, 1995).

Abbott (1988) wys daarop dat die literatuur oor die professies in sosiologiese konteks grotendeels fokus op professies as sosiale groepe sowel as op die rol wat die professionele persoon en professionele assosiasies in die sosiokulturele opset speel. Beroepsgrense is 'n sosiale konstruk en werksafbakening ("boundary work"; vergelyk ook Thurk, 2004) is 'n kontinue beroepsaktiwiteit. Abbott (1988) verwerp ook beide die taksonomiese en die prosesbenaderings van beroepsprofessionalisering: van oorwegende belang in die ontwikkeling van 'n professie is die skakel tussen 'n professie en die aktiwiteite daarvan, wat hy "jurisdiksie" noem. Professies kompeteer binne 'n interaktiewe sisteem om hulle respektiewelike jurisdiksies uit te brei vir markmonopolie. Die implikasie is dat slegs die één kenmerk, **mag**, al die ander kenmerk van professie troef.

Teoretici wat die professies vanuit die struktureel-funksionele benadering ondersoek, deurgrond oor die algemeen die professionele verskynsel as 'n professionaliseringsproses (byvoorbeeld Etzioni, 1969; Hoyle, 1980; Larson, 1977; Parsons, 1954; Wilensky, 1964).

Abbott (1988) meen hierdie benadering is misleidend omdat "... it involved more the forms than the contents of professional life" (Abbott, 1988:1), en wys daarop dat dié tradisionele konsep van professionalisering dusdanig nie in ag neem "… who was doing what to whom and how, concentrating instead on association, licensure, ethics code. In fact, not only did it miss the contents of professional activity, but also the larger situation in which that acitivy occurs (Abbott, 1988:1-2).

Meer resente werk (vergelyk byvoorbeeld veral Abbott, 1988; Bourdieu, 1992; De Vries *et al*., 2009; Jóhannesson, 2006; Larson, 1990; Sciulli, 2009; Seddon, 1997; Thurk, 2004) oor die professies opper kritiek teen holrug geryde teoreties-professionele retoriek.

Sciulli (2009:35-39) kritiseer Johnson (1972) se revisionistiese sosiologiese benadering tot die professies, asook die van Larson (1977) en Abbott (1988) in navolging van Johnson (1972) as 'n "foutiewe interpretasie van die geskiedenis" op grond van sy konseptuele relativering van die verband tussen professies en gestruktureerde professionele aktiwiteite: "Johnson accomplishes this by presenting three related theses which, respectively, misread the empirical record of professionalism past and present and then propose an equally faulty hypothesis about professionalism future" (Sciulli, 2009:35).

Sciulli (2009) verwerp alle sosiale, kulturele, ideologiese, eng sosio-ekonomiese en psigologiese benaderings tot die professies, hetsy dié van Abbott (1988); Johnson (1972); Parsons (1939, 1954, 1968), of die revisionistiese benaderings van Larson (1977). Vanuit die konseptuele aanvaarding van professie as 'n strukturele situasie is twee stelle oriënterings verskans: gesag, diskrete oordeel, en onpersoonlike vertroue (die professionele persoon) teenoor afhanklikheid, ontvanklikheid, kwesbaarheid, wantroue en skeptisisme (die kliënt). Sciulli (2009:16) kom dan tot die slotsom:

> Once we appreciate at a conceptual level that the relationship between structured situations and professionalism is invariant, and thus constitutive of professionalism, we arrive at an approach which is first structural ... and then institutional ... This approach allows us finally to succeed where Parsons and functionalists failed. First, it revolves around a bright-line distinction at a conceptual level between professions and all other occupations. Second, it brings into view consequences for the larger social order which stem uniquely from either successful or failed professionalism within structured situations.

Thurk (2004) maak 'n saak uit vir 'n sosiologie van professionele klassifikasie in stede van 'n sosiologie van die professies. As sodanig bied so 'n benadering 'n model of raamwerk vir die ondersoek na die sosiale kategorie van professie ("social category of profession") oor verskillende sosiale en historiese kontekste heen en doen weg met die keurslyf van definiëring (vergelyk Hoofstuk 2).

Larson (1990:25) stel voor dat 'n omvattende teorie van die professies vervang moet word met 'n teoretiese fokus op die rol, funksie en uitwerking van gespesialiseerde kennis in die sosiale opset: " ... it is less productive to work towards a general theory of professions than it is to think of questions which go beyond the professions and address the larger and more important theme of construction and social consequences of expert knowledge". So 'n teoretiese benadering van professionalisme fokus op: "the production of 'learned discourse' and its implications for the professional phenomenon" which must be considered in how that discourse legitimizes expert knowledge (Larson, 1990:25).

Die feit dat die samelewing in 'n toenemende mate staatmaak op spesifieke attribute soos **gespesialiseerde kennis van individue en groepe** wat as sodanig ervaar word deur hulself en ander (Jóhannesson, 2006), noop hedendaagse sosioloë, historici, en ander wetenskaplikes om professies as 'n sosiale, kulturele en sosioprofessionele [7] verskynsel te bestudeer (vergelyk ook Pöchhacker, 2004:87).

Die uitgangspunt van meer progressiewe sosioloë soos Bourdieu, Abbott, en Larson (aldus Jóhannesson, 2006:21-22) is 'n bydrae tot die heroorweging van 'n sosiologie van die professies deur verder te kyk as professionele aktiwiteite en beroepsliggame. Die liniêre, progressiewe proses van professionalisering moet tegelykertyd bestudeer word in 'n wyer en enger sin: enger in die sin dat die sosiale rol en politiese status van 'n spesifieke groep, sowel as die groep se diskoers (hoe hulle daaroor praat en skryf) 'n deurgronding van die kennis en vaardighede van die groep verg; wyer in die sin dat die konteks waarin die beroep funksioneer en die diskoerse plaasvind. So 'n ondersoek moet geskied teen die sosiale agtergrond en toestande waarin die spesifieke groep strewe na sosiale erkenning/status, werksprivilegie, staatsondersteuning en ander skaars hulpbronne.

De Vries *et al.* (2009) ondersoek die organisering van die professies vanuit 'n **vraagteorie** teenoor 'n **aanbodteorie** van professionalisering, gegrond op kontingente kulturele en historiese faktore[8]. 'n Vraagteorie van professionalisering impliseer dat die staat wettige en ekonomiese voordele ("privileges") toestaan in reaksie op **aandrang** ("demand") van 'n georganiseerde groep (vergelyk Freidson, 1970a, Freidson, 1970b; Johnson, 1972; Larson, 1977). Die vraagteorie slaag nie daarin om te verklaar waarom so min aspirerende professies in werklikheid professionele status verkry nie (De Vries *et al*., 2009:558) wat daarop wys dat Freidson (1986, 2001) en Johnson (1995) hulle vraagteorie van professionalisering aangepas het na 'n aanbodteorie van professionalisering.

Die aanbodteorie van professies beklemtoon grootliks die onafhanklike en deurslaggewende rol van die staat in die professionaliseringsproses. Die gewettigde intervensie wat marksluiting en markprivilegie steun en handhaaf, word slegs bewillig indien daar 'n ooreenstemmende staatsideaal bestaan. Die aanbodteorie gee erkenning aan die betekenis en gesag van deskundige kennis en vaardighede sowel as die wyse waarop wettige sanksionering 'n reaksie op mislukking in die mark mag wees eerder as 'n vorm van mislukking in die mark.

Na aanleiding van hierdie uitgangspunt, kan aanduiding van 'n suksesvolle professionele taalpraktykprojek verwag word tussen taalpraktykakademici en taalpraktisyns, maar wettige lisensiëring en sanksionering – professionele status – is hoogs onwaarskynlik tensy so 'n verwikkeling ooreenstem met die een of ander vorm van staatsvoordeel en staats(eie)belang in marksluiting (De Vries *et al*., 2009:559).

In hierdie subafdeling is die standpunte van enkele toonaangewende sosiale wetenskaplikes ten opsigte van die professionalisering van beroepe kortliks histories-diachronies bespreek: die vroeëre twintigste-eeuse sienings van byvoorbeeld Parsons (1954), Goode (1957),

[7] Pöchhacker (2004:87) verwys na Tseng (1992) se sosiokulturele prosesmodel as 'n "sosioprofessionele" model. Op 'n persoonlike navraag in dié verband reageer Pöchhacker (2008) soos volg: "Clearly, and especially in this stage of the development of Translation Studies, which many believe to have taken a 'social turn', most of what can be said about translation (and interpreting) [en dus ook van al die ander taalprofessies; AK] is of a *'social' and thus 'sociological' nature*. Whether it is analyzing interactions, or *professional prestige* (kursivering AK). My intention in the MODEL (of models of interpreting) therefore was to specify this broader sociological dimension as a sort of 'sociology of the professions' (a field which I believe does exist). This would not have made sense for Joseph Tseng himself, who was focused on precisely this aspect; but in my overview of various modeling dimensions, I wanted to give this type of approach a more specific label. After all, both the modeling approach focused on "interaction" and the one dealing with professions in society could be viewed as 'sociological', i.e. as points of view that lend themselves particularly to the application of sociological concepts and method."

[8] Resultaat van professionele aanspraak en gemoeidheid met openbare belang.

Wilensky (1964) en Etzioni (1969), waar dit bloot handel oor watter beroepe professie is sonder om die moontlikheid van ’n professionele ontwikkelingsgang in ag te neem, maar ook die van Larson (1977) wat die bakens versit het in die konteks van die professionele projek, en die meer eietydse sienings van Sciulli (2009), De Vries *et al*. (2009), Jóhannesson (2006), Thurk (2004) en Larson (1990), wat die belang van spesifieke attribute soos byvoorbeeld gespesialiseerde kennis en vaardighede en die rol van staatsanksionering beklemtoon.

Uit die bespreking in hierdie subafdeling ten opsigte van die histories-diachroniese sosiale aard, rol en funksie van die professies vanuit verskillende standpunte onder bespreking gekom. Diachronies beskou, die polemiek in die sosiologie van professionalisering ten spyt, tree daar histories steeds twee groot kwessies na vore: **gelykvormigheid aan ’n attribuutmode**l, sowel as **sanksionering**, formeel sowel as informeel.

3.3.4 Die sosiopolitieke kultuur en professionalisering

Die mate waarin sosiopolitieke kultuur (vergelyk ook 4.2.2, 4.3.5 en 4.3.6) ’n rol speel in die professionaliseringsproses, en die veronderstelling dat professies grootliks ’n produk is van staatsanksionering, word onder andere weerspieël in die werk van Berlant (1975), Parry en Parry (1976), Portwood en Fielding (1981), Johnson (1982), T.C. Halliday (1985, 1987), Macdonald en Ritzer (1988). Johnson (1982:208) meen: “... all modern professions is a product of state formation ...” wat Macdonald (1995:20) tot die gevolgtrekking laat kom: “Hence, nothing can be more crucial for a professional occupation than political culture.” Hieruit word die afleiding gemaak: Ongeag watter attribute ook al teenwoordig is, die deurslaggewende kwessie is gewoonlik staatsanksionering. Vandaar dan ook die groot taal-politieke dilemmas ten opsigte van ’n taalbeleid soos dit in Suid-Afrika en Vlaandere ter sprake kom ten opsigte van die professionele projek van die taalpraktyk (vergelyk 4.2.2, 4.3.5 en 4.3.6), en die soeke na alternatiewe prosesse van sanksionering (vergelyk 4.6).

Burrage (1988) en Burrage *et al.* (1990) se ondersoek fokus op die verskille tussen professies in verskillende kulture en die invloed van hierdie kulturele verskille in die professionaliseringsproses van professies. Die grootste impak van hierdie navorsing lê “... in drawing attention to the other protagonists in the arena in which the professions are pursuing their goals” (Macdonald, 1995:18), veral die grondige verantwoording van die mate waarin die **politieke kultuur** van die samelewingsopset waarin die professionaliserings-proses hom afspeel, ’n inwerking het op die verloop van so ’n proses.

Marxistiese sosiologie vier hoogty in Suid-Afrika in die tagtigerjare en is steeds relevant binne die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, met invloed in die regerende party (Van Wyk, 2009):

> The task of Marxists in South Africa is to reach out to the most advanced elements within ... organisations and start a serious struggle to put them on a clear socialist programme, one that is based not on some “National Democratic Revolution” but firmly on socialist revolution. If one thing has been clearly demonstrated by the last 15 years of bourgeois democracy and ANC government it is that the problems faced by the masses of workers and poor in South Africa, overwhelmingly Black, not even those related to racial discrimination or access to the land, housing, education and healthcare, cannot be solved within the limits of capitalism. Only the expropriation of the means of production, “the wealth of the land” that the Freedom Charter says should belong to the people, can lay the basis for a democratic plan of production that can start to address the problems of homelessness, poverty and unemployment which millions of South Africans still suffer from.

'n Ondersoek na die professies as 'n unieke produk van sosiale differensiasie trek dan oor die algemeen aan die kortste end, ook in Suid-Afrika, veral omdat die meeste sosioloë die probleem grootliks omskep het in 'n "definisiële" vraagstuk (vergelyk Hoofstuk 2), maar ook as gevolg van die impak van die heersende sosiopolitieke kultuur (Abel-Smith & Stevens, 1967; Berlant, 1975; Burrage, 1988; Burrage *et al.*, 1990; Halliday, T.C., 1985, 1987; Larson, 1977; Macdonald, 1995:18; Parry & Parry, 1976).

Die huidige politieke situasie in Suid-Afrika is grotendeels die produk van 'n linkse klimaat, transformasie en "politieke osmose" (Duvenhage, 2008) in Suid-Afrika na die apartheids-bestel (Van Wyk, 2009); 'n overte voortsetting van "vreedsame rewolusionêre beginsels", en nie betroubaar onder meer gematigde minderheidsgroepe nie (Duvenhage, 2008). Die ANC-regering bly bestendig aan bewind sodat die staat relatief stabiel bly, terwyl die politieke situasie in Vlaandere baie ontvlambaar, wisselvallig en wispelturig is met wisselende regerings (vergelyk die bespreking in 4.2.2, 4.5.4 en 4.5.5), 'n toenemende regse druk veral ten opsigte van taalpolitiese en ekonomiese aangeleenthede (Mair *et al*., 2004). Gegewe die komplekse politieke klimaat in beide lande is staatsanksionering vir die taalpraktyk as professie gewis nie 'n prioriteit nie.

Die implikasie van hierdie stand van sake vir die strewe na professionalisering van taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere in die konteks van die bespreking hierbo is overt veelseggend: die heersende sosiopolitieke kultuur – met 'n linkse sosialistiese oriëntasie in postapartheid Suid-Afrika en 'n regse etniese politieke ingesteldheid in Vlaandere as welsynstaat – wat ook 'n postmoderne kultuur is, werk nie gunstig mee vir die professionaliseringstrewe van die taalberoepe nie en bevoordeel nie daadwerklike betrokkenheid nie. Die aangewese oplossing is dat die belanghebbendes by die proses – taalpraktisyns, akademici en die beroepsliggaam – 'n ander opsie as staatsanksionering moet oorweeg om die proses op koers te kry.

3.3.5 Samevatting

Uit die bespreking tot dusver kan aanvaar word dat die strewe van beroepe en beroepslui na professionele erkenning 'n unieke produk is van die samelewing waarin so 'n ideaal te voorskyn tree. Dit bied die rasionaal vir 'n sosiologiese benadering in hierdie studie. In hierdie verband kan volstaan word met Pöchhacker (2008) se oortuiging dat die ontwikkeling van die taalpraktyk grootliks 'n sosiale verloop geneem het en dus sosiologies van aard is wat 'n sosiologiese begronding noodsaak.

Die waarde wat in die samelewing geheg word aan die omvang en draagwydte van die verdeling van werk veral soos gedurende die twintigste eeu in die professionele verskynsel verteenwoordig word, is waarskynlik geleë in die gespesialiseerde aard en kwaliteit van die diens wat die professies lewer, 'n attribuut wat deur ander beroepe as navolgenswaardig beskou word.

Verskillende en uiteenlopende sosioprofessionele benaderings, teorieë en professionaliserings-modelle reflekteer elk 'n spesifieke beskouing van die samehang tussen professies en die sosio-ekonomiese en sosioprofessionele opset. Die volgende afdeling van hierdie hoofstuk is dan gemoeid met 'n bespreking van die verskillende sosiologiese benaderings tot die professies met die klem op die moderne benaderings, te wete die funksionele benadering, interaksionele benadering, en die konflikbenadering soos dit verwoord word in die teorie van

Émile Durkheim, Max Weber, en Karl Marx, asook die hedendaagse postmoderne benadering en poststrukturalistiese kritiek.

Die klem in en doel van die bespreking is die genese van die idee van professie in die samelewing, die rol en funksie daarvan, en hoe 'n beroep, 'n nering wat (aanvanklik) gewoon 'n lewensbestaan verseker het, tot 'n professie ontwikkel (in die konteks van die verkryging van spesifieke attribute, soos gespesialiseerde kennis en outonomie, sowel as in die konteks van sosiale aanvaarding wat gelykstaande is aan professionele status, wat daarvan 'n gesogte ideaal gemaak het.

Vervolgens word die klassieke sosiologiese benaderingswyses tot die ondersoek na die professies en professionalisering bespreek, en daarna word 'n uiteensetting gegee van die postmoderne benadering om professionele status in die hedendaagse kulturele konteks in perspektief te plaas, veral ten opsigte van die skeptisisme teenoor "grand narratives" van die klassieke, modernistiese uitgangspunte, en toegepas op hierdie studie, 'n grootse teoretiese model vir die professionalisering van beroepe.

3.4 Sosiologiese benaderings

3.4.1 Inleiding

Sosiologiese benaderings ten opsigte van die professies en professionalisering soos dit neerslag vind in die literatuur[9], val breedweg in drie benaderingswyses uiteen, die klassieke benaderingswyses ten opsigte van werk en samelewing (Begun, 1986; Curnow & McGonigle, 2006:287; Flynn, 1999; Forsyth & Danisiewicz, 1985:60; Vallas *et al*., 2009:17):

- funksionalisme (soos verwoord in die teorie van Émile Durkheim);
- interaksionisme (vervat in die teorie van Max Weber), en die
- konflikbenadering (opgesluit in die teorie van Karl Marx);

Wat breedweg ooreenstem met onderskeidelik:

- die struktureel-funksionele benadering/taksonomiese benadering ("trait approach") en/of prosesbenadering ("process approach"; "historical approach", Abbott, 1991:357; "longitudinal approach", Kultgen, 1980:100; "constellation approach" (Habenstein, 1963:292), en
- die magsbenadering ("power approach") – interaksionisme en konflikbenadering – (Begun, 1986; Forsyth & Danisiewicz, 1985).

Dietrich & Roberts (1997) meen dat sosiologiese benaderings tot die professionele verskynsel hoofsaaklik ingedeel kan word in of taksonomiese of magsbenaderings.

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word onderskei tussen die teoretiese benaderings gegrond in die sekerhede van die Verligtingsprojek van die moderniteit – hier ter sprake die funksionele, interaksionele, en konflikbenadering – in die sosiologie van die professies, en

[9] Hughes (2006:49) identifiseer uit die sosiologiese literatuur van die professies na die middel-sewentigerjare neo-Weberiaanse, neo-Marxistiese en kritiese benaderings binne die **kontrole- en markmodelle** as teenvoeter vir die attribuut- en prosesmodelle (vergelyk ook McCauley, 2006:76). Kultgen (1980:100) beskou die prosesmodel of longitudinale model as 'n konflikmodel uit die konflikteorie.

die mate waarin die teorieë daarin vervat van toepassing is op die sosiologie van die professies. Die postmoderne benadering en poststrukturalisme staan krities teenoor die "Verligtingsprojek": die metanarratiewe van outonome epistemologiese ondersoek word gedekonstrueer, gedesentraliseer, gefragmenteer. Hierdie pluraliteit van denke word toegepas op die huidige kulturele opset waarin enige professionaliseringsproses hom afspeel.

Die ondersoek na werk in die breër konteks van die verdeling van arbeid staan midde in sosiologiese denke sedert die ontstaan van die sosiologie as dissipline: Karl Marx baseer sy makro-teorieë op die premis dat mense-arbeid die onderbou is waarop alle moderne sosiale instellings en sosiale bewussyn gegrond is. Max Weber beskou ook dominante georganiseerde sisteme – veral burokrasieë – as sleutelelemente van die moderne wêreld. Émile Durkheim fokus op die toenemende verskynsel van die verdeling van arbeid in moderne samelewings, en gaan van die standpunt uit dat beroepsassosiasies 'n sleutelneksus bied vir solidariteit (Vallas *et al.*, 2009:17-18). Die postmodernisme loods 'n protesaanval teen die "tirannie van verteenwoordigende denke en universele waarhede", die "grand narrative" van enige modernistiese teorie, en die "pelgrimstog" na "Weberiaanse roepingsbewustheid" (Bauman, 1996:24) soos vervat in die professionele diensideaal.

In ag genome dat dié teoretiese beskouinge ontstaan het in en gevoed is deur die politieke en sosiale strukture en sosiale opset van hulle tyd, word 'n kontekstuele uiteensetting gegee van die (strukturele) funksionalisme, konflikteorie en interaksionisme soos dit neerslag vind in Émile Durkheim, Karl Marx, Max Weber se benaderings tot die sosiologie van werk en professies. Daarna word die impak van die teorieë op die ontwikkeling van relevante eietydse sosiologiese modelle ten opsigte van professies en professionalisering bespreek.

Die postmodernisme met sy bevraagtekening van "grand narratives" soos hierbo uiteengesit, word daarna kortliks behandel met die doel om die wesenlike strukturalistiese modelkonsep wat in Hoofstuk 2 ontwikkel is, teenoor moontlike postmodernistiese kritiek te verdedig. Die rasionaal hieragter is om 'n geldige argument uit te maak ten gunste van die strukturalistiese uitgangspunt in die konteks van professionalisering van beroepe ten spyte van die heersende postmoderne benadering tot kultuur.

3.4.2 Die funksionele benadering

3.4.2.1 Inleiding

Funksionalisme word beskou as die heersende teoretiese perspektief in die sosiologie en baie ander wetenskappe tot die sestigerjare veral in die VSA (Giddens, 2006:21). Hierdie perspektief skarnier om 'n tweeledige onderskeiding: 'n wetenskaplike metodologiese toepassing op die objektiewe sosiale realiteit en die aanwending van 'n analogie tussen die individuele organisme en die samelewing. Die funksionele benadering spruit uit die beginsel van ekwilibrium: die harmonie van samehang wat bestaan tussen strukture en hulle funksies. Sodanige ekwilibrium kom grootliks tot stand deur die sosialisering van lede van die samelewing ten opsigte van die basiese waardes en norme van daardie samelewing sodat konsensus bereik word (Giddens, 2006:20-21, 109).

Die veronderstelling dat die georganiseerde professies (as strukturele produkte van die verdeling van werk) bestaan uit selfregulerende en selfdissiplinerende organisasies of intellektuele werkersgroepe kom 'n lang pad in die sosiologie (Larson, 1977:225). Die

verdeling van werk en die implikasies daarvan op die samelewing kan dus bestudeer word as 'n sosiale feit of gegewe wat 'n impak het op individue en individuele groepe (Durkheim, 1933/1893) in die samelewing as 'n samestelling van 'n verskeidenheid strukture, elkeen met sy eie stel implikasies vir die samelewing.

Conklin (1987:13) beskryf die funksionele benadering as "the theoretical perspective that sees each structure as serving a certain function for society" waar funksie sou dui op die "consequence or effect that an institution has on the rest of society". In die konteks van hierdie bespreking is die vraag dan: Wat is die funksie van die professies as struktuur in die gevestigde orde van samelewing? Watter doel dien die professies? In watter behoeftes van die samelewing vervul die professies? En veral: Hoe kry die professies dit reg om die samelewing te oortuig om aan hulle hierdie bevoorregte en gunstige posisie te gee en te behou?

Die antwoord op hierdie vrae word, om mee te begin, gesoek in die funksionele benadering tot die professies en vorm die basis van die vroegste modelle vir die ondersoek na die professionele verskynsel van werk, veral soos dit neerslag vind in Émile Durkheim se primêre werk *De la division du travail social* (1893) oorspronklik vertaal as *The division of labor in society* (1933)[10] waarin hy samelewings beskryf na aanleiding van die relatiewe aansien wat geheg word aan primêre en sekondêre groepe en die kompleksiteit van werksverdeling. Die mate van die kompleksiteit van werksverdeling is volgens Durkheim (1933/1893) verteenwoordigend van die kompleksiteit van 'n samelewing.

3.4.2.2 Émile Durkheim en die funksionele benadering

Durkheim (1933/1893) se siening van sosiale verandering is gebaseer op die impak van industrialisering op die solidariteit van die samelewing. Sy argument spruit uit die teenstrydigheid tussen twee tipes solidariteit wat hy in die samelewing identifiseer – meganiese en organiese solidariteit, dit wil sê van pre-industrieel tot industriële samelewing – en wat hy dan in verband bring met die verdeling van werk, of tersaaklik gestel, die progressiewe differensiasie tussen verskillende beroepe van sy tyd.

Durkheim (1933/1893) voer aan dat tradisionele kulture met 'n geringe mate van werksverdeling gekarakteriseer word deur meganiese solidariteit wat gegrond is in konsensus van gemeenskaplike beginsels, oortuiginge, norme en waardes. Die nasleep van die industrialiserings- en verstedelikingsproses in 'n progressief versnellende verdeling van werk het tot gevolg gehad die verbrokkeling van meganiese solidariteit in die samelewing. Die spesialisering van take en die toenemende sosiale differensiasie in hoogs ontwikkelde samelewings sou lei tot organiese solidariteit. Kenmerkend van 'n samelewing gebaseer op organiese solidariteit is mense se ekonomiese interafhanklikheid en samewerking, en die mate waarin sodanige aktiwiteite na waarde geag word. Met die toenemende ontwikkeling van die verdeling van werk raak mense toenemend afhanklik van mekaar in 'n onvermydelike vraag-en-aanbod-proses, met die gevolg dat konsensus as ordeningsprinsiepe in die samelewing verdring word deur verhoudinge van ekonomiese interafhanklikheid.

Durkheim (1933/1893) gaan van die standpunt uit dat die moderne samelewing 'n funksionele verdeling van werk daarstel in die vorm van geïntegreerde groepe in 'n omvattende struktuur gekarakteriseer deur organiese solidariteit. Durkheim se model van 'n

[10] Verskillende vertalings en kommentare word gebruik na aanleiding van die konteks van die bespreking.

funksionele ekonomie en samelewing vorm dan die grondslag vir sy ondersoek na die professies, wat in wese 'n ondersoek is na die disfunksionele solidariteit en anomie as die produk van die komplekse verdeling van werk. Sy analise van anomie en sy besorgdheid omtrent sosiale solidariteit en integrasie bied die teoretiese uitgangspunt vir die aanname dat werk en professies integrale elemente van die sosiale organisme, die samelewing, vorm. Professionele aktiwiteit en geïntegreerde arbeid bevorder sosiale harmonie en industriële solidariteit.

Durkheim (1957) voer ook aan dat die professies as funksionele sosiale gesaghebbende strukture 'n bemiddelingsrol kan vervul tussen individue (en dus ook tussen individuele groepe) en die staat; by implikasie: professionele groepe en individue is potensieel in staat tot bevordering van onderlinge betrekkinge tussen individuele entrepreneurs en onderskeie politieke gemeenskappe ("nation states", i.e. "distinct political communities") wêreldwyd uit hoofde van hulle ekonomiese ongebondenheid. Dit is dus duidelik (McCauley, 2006:67-68) dat Durkheim se funksionele benadering tot die professies fokus op die positiewe rol wat die professies as struktuur speel in die bevordering van die morele welsyn en welvaart en die sosiale orde in die gemeenskap:

> Within this framework, professions are viewed as providing regulatory functions for modern society … as upper-level occupations that are sufficiently inclusive so as to ensure their functioning, while at the same time contributing to an interconnectedness of the larger society.

Die professies is hiertoe in staat deurdat "a body of rules is ... assumed by spontaneously established relations ... sufficient in contact and sufficiently extensive" (Johnson, 1992:184) wat dusdoende bydra tot die kollektiewe welvaart en welsyn van die gemeenskap sowel as integrasie van struktureel gedifferensieerde gemeenskappe. Die professies is dan as mikrostrukture in staat om organiese solidariteit te genereer uit hoofde van die inherente stabiliserende karakteristieke eienskappe wat in hulle tradisionele vorm in die groter gemeenskap (die makrostruktuur) aan die afneem is (Larson, 1977:54).

Durkheim (1951/1897:379) sien die professies as "beroepsgroepe" of "corporations"; strukture met 'n inherente integrerende, behoudende potensiaal en die eienskappe van samehorigheid en harmonie; die onderbou van potensiële organiese solidariteit wat 'n sosiale model kan bied vir die etiese norme en beginsels onderliggend aan 'n komplekse verdeling van arbeid wat die moderne samelewing red van die kroniese anomie gewortel in die ekonomie (Larson, 1977:55).

Om hierdie potensiaal te verwesenlik, moet beroepsgroepe egter 'n erkende spreekbuis van die gemeenskapslewe wees, onafhanklik van die staat, maar ondergeskik daaraan, met skerp-omlynde sosiale funksies (Jones, 1986:111). Durkheim (1951/1897:381-382) gaan van die oortuiging uit dat die staat se mislukking in die uitvoering van hierdie regulerende funksie in die verlede gelei het tot die uiteindelike onderdrukking en ondergang van die Middeleeuse gildes.

Beroepsgroepe het gevolglik 'n definitiewe morele funksie om in die samelewing te verrig (Durkheim, 1951/1897:380):

> Besides the rights and duties common to all men, there are others depending on qualities peculiar to each occupation, the number of which increases in importance as occupational activity increasingly develops and diversifies. For each of these special disciplines an equally special organ is needed, to apply and maintain it.

Hoewel so 'n benadering afgemaak kan word as idealisties en 'n utopiese persepsie van die professionele verskynsel, sien Kultgen (1988:45) die wesenlike van Durkheim se teorie ten opsigte van die rol en funksie van professies soos volg:

> Professions can serve in at least a limited way as moral *milieux*. With the right ideals they can improve the way people do their work, encourage them to consider the social consequences of that work, and cultivate a heightened and more enlightened commitment to the common good. This does not happen consistently or automatically in professions in their present form; however the moral is not to despair of these objectives but to reform the professions and their supporting institutions to achieve them more effectively.

Hierdie klem op die morele aspek van professie werk ten gunste mee vir die bemiddelingsrol wat die taalberoepe in die sosioprofessionele opset van die samelewing speel.

3.4.2.3 Funksionalisme: die professie[11] van die professies

Émile Durkheim lê met sy "grootse wetenskaplike oeuvre" (Conklin, 1987:14) die grondslag vir die funksionele benadering tot die professies. *De la division du travail social* (1893) vorm die lees waarop latere sosioloë die funksionele teoretiese perspektief tot die verdeling van werk skoei.

Tot die laat sestigerjare van die vorige eeu het die **funksionalisme** as teoretiese perspektief die sosiologie van die professies oorheers, hoofsaaklik te danke aan Durkheim (1957) se klem op professionele etiek. Sy uitgangspunt dat werksverdeling en beroepsgroepe die etiese fundering vorm vir die funksionering van die moderne samelewing noop hom om te fokus op professies as entiteite waarin al die positiewe funksionele aspekte van sosiale gesag gesetel is, wat hy as moreel ag en wat die model kon bied vir wat hy noem die "corps-intermediaires" of daardie organisasies wat funksioneer op 'n vlak tussen die staat en die individu. Die funksie van sodanige organisasies is dat hulle moet optree as die bewakers en verteenwoordigers van morele gesag in die moderne samelewing. Durkheim (1966:49) beskou die professies as "an influence for social order and social solidarity, as bonding forces filling a vital gap between the family and the state, helping to link men to the social system", met die veronderstelling dat samelewings strukture ontwikkel wat sekere noodsaaklike funksies moet vervul vir die voortbestaan van die samelewing (Conklin, 1987:15).

Voorstanders van die funksionele model sien die professies as 'n positiewe krag in sosiale ontwikkeling wat 'n bolwerk vorm teen die oneerbaarheid van beide die laissez-faire-individualisme en staatskollektivisme (Johnson, 1972:12); "gemeenskappe" in die kleine wat struktuur, dissipline, en verantwoordelikheid genereer in 'n tyd waarin 'n bewustheid van dissipline en 'n gevoel van innerlike waarde in organisasies verbrokkel as gevolg van die fragmentering van werk (Durkheim, 1933/1893; 1957; Goode, 1957).

Tawney (1920), Marshall (1963) en Parsons (1954) sien die diensideaal as 'n teenkrag vir die selfgesentreerde individualisme in die wyer samelewing. Parsons (1954:34) beklemtoon die strategiese belang van die professies in die samelewing in die sin dat baie van die belangrikste kenmerke van die samelewing tot 'n groot mate afhanklik is van die gladde funksionering van die professies.

---

[11]Vergelyk 2.7.1: "openlijk verklaren", "bekennen", "beloven"; uit Middelnederlands "profes" < Oudfrans "profess" < Latyn "professus" van "pro" [voor] + "fateri" ["bekennen", "belijden"].

Die professionele struktuur in die konteks van die sosiale struktuur funksioneer as die institusionele raamwerk waarin baie van die samelewing se belangrikste sosiale funksies ten uitvoer gebring word, in die besonder die strewe na die hoogste wetenskaplike kennis en die praktiese toepassing daarvan in die gesondheidswetenskappe, tegnologie, regte, en onderwys en opleiding. Dié strewe is afhanklik van 'n institusionele struktuur waarvan die instandhouding nie 'n outomatiese gevolg is van die oortuiging van hierdie funksies as sodanig nie, maar betrek 'n komplekse balans van die aktiwiteite van verskeie rolspelers (Parsons, 1954:34-49) wat die proses goedgesind is.

Halmos (1970; 1973) sien die diensideaal inherent aan alle beroepe, maar beklemtoon die kollektivistiese funksie[12] van professies (Halmos, 1970:57-60), en Carr-Saunders en Wilson (1933:497) sien die professies, soos Durkheim as 'n stabiliserende element in die gemeenskap uit hoofde van die "weerbaarheidsrol" inherent aan professionele gesag en invloed. Dit is grootliks aan die professies te danke dat die ouer beskawings staande gebly het: "They engender modes of life, habits of thought and standards of judgement which render them centres of resistance to crude forces which threaten steady and peaceful evolution ..." (Carr-Saunders & Wilson, 1933:497).

Die professies se doeltreffendheid en waarde lê dan in hulle betrokkenheid in die alledaags gang van die lewe, "the ordinary business of life" (Carr-Saunders & Wilson (1933; 1964:3), maar veral in die konteks van wat Johnson (1972:14) beskou as die bevryders van staatsdwinglandy, die: "... major social force freeing men from a slavish dependence upon the state behemoth", die gevaar soos vergestalt in die industriële en regeringsburokrasieë wat die voortbestaan van die professies in byvoorbeeld, Brittanje bedreig het.

Lynn (1963:653) se siening van die professies as 'n stabiliserende faktor, nie net nasionaal nie, maar ook internasionaal: "... professional institutions are ... an important stabilising factor in our whole society and through their international associations they provide an important channel of communications with the intellectual leaders of other countries, thereby helping to maintain world order" is in besonder van toepassing op eietydse linguistiese bemiddelings-prosesse en die rol wat die taalpraktisyn speel as professionele linguistiese bemiddelaar in linguistiese prosesse soos vertaling, tolking, lokalisering (Pym, 2004:1), en dus ook teks-redaksie, onderskrywing, oudiobeskrywing en gebaretaaltolking oor internasionale grense heen.

Aanhangers van die funksionalisme as teoretiese uitgangspunt tot die rol en funksie van die professies gaan gevolglik van die standpunt uit dat die professies 'n sleutelrol speel in die handhawing van 'n funksionele samelewing te midde van die toenemende kompleksiteit van die verdeling van werk en gepaardgaande professionaliseringsprosesse: "The functionalist framework provides internal coherence for the idea of profession" (Kultgen, 1988:72).

3.4.2.4 Die essensie van Durkheim se nalatenskap vir professionalisering

Uit die voorafgaande bespreking het die rol en funksie van die professies in die samelewing soos opgesluit in die funksionele benadering en gepaardgaande teorie van Durkheim 'n onderskeibare morele, integrerende en behoudende potensiaal. Dit ontbreek egter enersyds in Durkheim se teorie aan 'n historiese ondersoek na die professies in Frankryk (vergelyk Sciulli, 2009), en andersyds aan 'n bewustheid van die sinkroniese ontwikkeling ten opsigte van die professies in die res van die wêreld van sy tyd (Burrage, 1990a:1).

[12] Ekonomiese stelsel wat alle onderneming en produksie toespits op gemeenskaplike belang.

Hoewel die essensie van Durkheim se teorie ten opsigte van ’n sosiologie van die professies dus geensins ten volle afgerond is nie (Giddens, 1985:103), lê dit die grondslag vir die strewe na professionele erkenning:

> They would not, however, simply be a revived form of medieval guild; while having a high degree of internal autonomy, they would be brought within the overall legal supervision of the state; they would have the authority to resolve conflicts both within their own membership and in relation to other occupational groups; and they would be the focus for a variety of educational and recreational activities.

Durkheim was, soos Marx en Weber, gemoeid met die sosiale gevolge voortspruitend uit die toenemende verdeling van arbeid in moderne samelewings. Soos Marx en Weber het hy die heersende ekonomiese teorieë in sy hipotese verdiskonteer, maar vanuit ’n benadering wat in skerp teenstelling staan met dié van sy teoretiese vakgenote. Durkheim stel in die vooruitsig dat die toenemende verdeling van werk in die samelewing, ’n verskynsel wat enersyds tradisionele vorme van samehorigheid ondermyn, andersyds instrumenteel kan wees in die daarstelling van nuwer vorme van solidariteit.

Die skering en inslag van Durkheim se nalatenskap ten opsigte van die sosiologie van die professies is dat dit:

- verteenwoordigend is van ’n poging om die makro-strukturele probleme eie aan ’n gevorderde industriële samelewing te hanteer;
- ’n alternatief bied op die sosiale en ekonomiese perspektief van Marx en Weber, en
- appèl maak op die noodwendige vertrouensverhouding tussen ekonomiese aktiwiteite en waardes en norme.

Durkheim se modernistiese benadering tot die professies strook dus met die klassieke kenmerkbenadering tot betekenisgewing (vergelyk 2.4.2) en kritiek op die kenmerksemantiek geld dus per implikasie ook vir die aanhangers van die funksionele benadering a la Durkheim.

Die aksent van ’n behoudende potensiaal in Durkheim se funksionele benadering soos vertaal na die attribuutmodel val dan op attribute soos regulering, altruïstiese diens, regulerende etiese funksies en die vertrouensverhouding tussen die professies en die samelewing tot groter voordeel en solidariteit van die gemeenskapslewe.

Die opkoms van die professies in die twintigste eeu verteenwoordig ’n herlewing van ’n beginsel vir die organisering van werk wat vir alle praktiese doeleindes sedert die Industriële Revolusie onontgin gelê het. Freidson (1994:61) noem dit die beroepsbeginsel, in wese die strewe na professionalisering en die proses waardeur ’n georganiseerde beroep aanspraak maak op gespesialiseerde kennis, opleiding en vaardighede, professionele status en solidariteit, persoonlike en werksverwante etiek. Hierdie beginsel lê opgesluit in die essensie van die nalatenskap van die sosiologie van professies soos geïmpliseer in Émile Durkheim se visie van die samelewing as ’n verdeling van arbeid, maar wat in geheel bykans onontwikkeld gebly het.

As steekhoudende en substantiewe beginsel vir die verdeling van werk in die moderne samelewing staan dit in direkte teenstelling met die administratiewe beginsel, wat prominent na vore tree in Max Weber se siening van die rasionalisering van die samelewing (vergelyk die bespreking in 4.2.3).

3.4.2.5 Die funksionele benadering en die taalpraktyk

Die funksionele benadering in die taalpraktyk sal veral op die gebied van die normatiewe taalkunde weerspieël word, die terrein waarin die taalpraktisyn hom op 'n daaglikse basis in die uitvoering van sy pligte begewe. Normatiewe taalkunde denoteer noodwendig preskriptiewe praktyke ten opsigte van sintaksis, morfologie, semantiek, spelling, uitspraak, styl, en taalsuiwerheid in taalgebruik. Normatiewe taalkunde behels oordele ten opsigte van taalgebruik wat sosiaal aanvaarbaar en polities korrek is met die doel om standaardtaal te vestig en te handhaaf, sowel as om standaarde in taal te vestig en te handhaaf (Carstens, 2011a; Botha & Sinclair, 1985). Dit het ten doel ook die standaardisering van opleiding in taal en die vestiging en handhawing van die korrekte vorme van taal – of wat tradisioneel as sodanig die persepsie is – en hoe hierdie oordele oor taalgebruik daartoe bydra om effektiewe kommunikasie te bevorder (Carstens & Van de Poel, 2010:80). Die norme van 'n taal – die beginsels, riglyne, konvensies vir die effektiewe en korrekte gebruik van taal – bied vir die taalpraktisyn die linguistiese raamwerk waarbinne ingeligte en gemotiveerde keuses gemaak kan word in die uitvoering van die mediëringstaak. Teksredigeerders is dan by uitstek tradisioneel individue wat normerend met taal te werk gaan (Carstens, 2011:84). Taalnorme is noodwendig dan gemeenskapsgebonde aangesien taal die middel is waardeur sosiale optrede verantwoord word.

3.4.2.6 Kritiek op die funksionele benadering

In 'n poging om tot 'n teoreties-beskrywende besinning van die professionele verskynsel te kom, meen Macdonald (1995:2) dat sosioloë in die middel-twintigste eeu letterlik op loop gaan met die funksionele benadering tot die professies, meestal met 'n "uncriticality that is hard to credit". Sosioloë soos onder andere Caplow (1954), Carr-Saunders en Wilson (1933), Flexner (1915), Halmos (1970), Lynn (1963), Millerson (1964), Parsons (1939), Tawney (1920) se funksionele benadering ten opsigte van die professies, grotendeels geskoei op die Durkheimiaanse model van die siening van die professionele verskynsel, word 'n beperkte, maar beskrywende, kritiese ondersoek van die rolle, strukture, en status van professies in komplekse samelewings (McCauley, 2006:68). Voorstanders van die funksionele benadering beskou die professies dan in sy geheel op sigwaarde vanuit hulle eie evaluering (T.C. Halliday, 1987; Macdonald, 1995:34).

Hoewel Parsons (1954) en Marshall (1963) meer beredeneerd te werk gaan, aldus Macdonald (1995:2), is die klem steeds op sosiaal-funksionele eienskappe soos altruïsme (Marshall, 1963:158-159) en kollektiewe oriëntasie (Parsons, 1954). Hieruit ontwikkel die beheptheid met die taksonomiese benadering waar skrywer na skrywer die idealetipe-professie beskryf na aanleiding van 'n lys eienskappe – sonder inagneming van 'n leksikologies verantwoorde benadering tot woordbetekenis – waarteen spesifieke beroepe beoordeel kan word as professioneel al dan nie (vergelyk byvoorbeeld Goode (1957) met 'n lys eienskappe; Etzioni (1969) wat beroepe klassifiseer in professies, semi-professies, en nieprofessies, en Hickson en Thomas (1969) met 'n Guttmanskaal vir professionalisme).

Hoewel Durkheim die verdeling van arbeid (die verhouding van beroepe onderling) beklemtoon het, maak hy nie erns met die prosesse – die organisering van werk – nie, maar veronderstel grootliks 'n outomatiese, funksionele interafhanklikheid tussen verskillende take en werkers (beroepe).

Die funksioneel-teoretiese benadering tot die professies fokus dus op die kenmerke en definisie van die professionele beroep en professionalisme, en die klassifikasie van die konsep "professie" sonder leksikologies begronde omskrywing van kategorisering. Hierdie benadering is volgens Macdonald (1995:3) nie wesenlik 'n wetenskaplik-sosiologiese praktyk nie, kritiek wat in die vyftigerjare al neerslag gevind het in die werk van akademici soos Merton (1957), Mills (1956) en Blau (1955) wat die minder funksionele aspekte van organisasies as sosiale verskynsels op 'n mikrososiologiese vlak interaksionisties ondersoek ten einde die makro-sosiologiese konteks van kleingroepe soos die professies te deurgrond en te beklemtoon.

Die kern van die kritiek teen die funksionele benadering – die intrinsieke eienskappe – is gesetel enersyds in die feit dat die benadering in wese 'n nieteoretiese karakter openbaar "... there is little attempt in the trait approach adopted to articulate theoretically the relationship between the elements ..." (Johnson, 1972:24), maar ook dat dit fundamenteel 'n nie-historiese karakter openbaar: "... few scholars have attemped to establish the space and time dimensions and limititions of the concepts which they use ..." (Harries-Jenkins, 1970:67) soos dit ook in die bespreking in Hoofstuk 2 ter sprake kom.

In teenstelling met die funksionele benadering tot verskynsels soos die professies in 'n samelewing soos hierbo bespreek, gaan die interaksionistiese benadering van die veronder-stelling uit dat die sosiale orde in 'n samelewing gehandhaaf word deur 'n gedeelde betekenis van die alledaagse handel en wandel. Sosiale verandering vind plaas wanneer en indien die posisie van, interaksie met en kommunikasie tussen kleingroepe (hier beroepe en professies) verander. Interaksionisme betrek in die konteks van hierdie bespreking die ondersoek na die verdeling van arbeid in die samelewing veral soos dit neerslag vind in die sosioteoretiese perspektiewe van Max Weber[13] (1976), wat in die volgende afdeling ter tafel gelê word.

3.4.3 Interaksionisme: konflik en kompetisie

3.4.3.1 Inleiding

Interaksionistiese teoretici beskou die mens as 'n aktiewe, kreatiewe deelnemer in die skepping van sy sosiale realiteit, en nie as 'n passiewe, konformerende objek van sosialisering nie. Die samelewing bestaan uit georganiseerde en patroonmatige interaksies tussen individue, groepe soos die professies (Watson, 2003:34); reëls, prosesse en kennis waarmee orde gehandhaaf word. Vir die funksionalis skep sosialisering stabiliteit in die sosiale sisteem, vir die interaksionis skep onderhandeling tussen lede en kleingroepe in die samelewing tydelike, sosiaal gekonstrueerde verhoudinge in 'n voortdurende toestand van veranderlikheid ten spyte van relatiewe stabiliteit in die basiese opset wat daardie verhoudinge beheers[14]. Interaksionisme komplementeer funksionalisme en konflikteorie ten opsigte van die interaksie tussen individue.

Interaksionisme as sosiologiese perspektief word gedefinieer as "… a theoretical perspective that focuses on the ways that individuals direct and choreograph their interactions with each other" (Conklin, 1987:22). Dié sosiologiese uitgangspunt het 'n lang geskiedenis, met sy

[13] Die konsep van 'n sosiologiese perspektief is 'n nuttige organisatoriese middel in die sin dat dit die navorser toelaat om teoretiese ooreenkomste tussen breë groepe skrywers te identifiseer (funksionaliste, Marxiste, feministe, interaksioniste en so meer). Die probleem met so 'n konsep is dat sommige skrywers nie gemaklik inpas in hierdie breë kategorieë wat gerieflikheidshalwe vir navorsing geskep word nie, en Max Weber is so 'n teoretikus. Weber word byvoorbeeld met die interaksionisme geïdentifiseer as die grondlegger van die sosiale aksieteorie, maar hy word ook beskou as 'n nie-Marxistiese konflikteoretikus. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word Weber se sosioteoretiese beskouing geplaas binne die raamwerk van die interaksionisme.
[14] Symbolic interactionism: http://web.grinnell.edu/courses/soc/s00/soc111-01/IntroTheories/Symbolic.html.

oorsprong in die navorsing van die Duitse sosioloog-ekonoom Max Weber (1864-1920), maar word gesistematiseer deur die Amerikaanse filosoof, George H. Mead (1863-1931).

Gedagtig aan sy siening van die sosiologie as "... a science which attempts the interpretive understanding of social action to arrive at a casual explanation of its course and effects ... to formulate type concepts and generalized uniformities of empirical processes"[15], lewer Weber (1947/1915) se interaksionistiese perspektief tot die nalatenskap van die verdeling van werk 'n indirekte dog betekenisvolle uitwerking op die sosiologie van die professies: alhoewel hy die bestaan van sosiale strukture (soos statusgroepe, die professies) bevestig, was sy standpunt dat hierdie strukture tot stand kom deur die sosiale aksies van individue (Giddens, 2006:3). Beroepsgroepe kan dus verantwoordelikheid neem vir hulle eie sosioprofessionele mobiliteit.

3.4.3.2 Max Weber en interaksionisme

Weber (1947/1915) onderskei tussen twee vorme van sosiale aksie: kommunale aksie, wat gerig is op die belange van individue en kleingroepe, en gemeenskapaksie, wat daarop gerig is om algemene lewensverandering van die groter gemeenskap teweeg te bring. Ten opsigte van die professionalisering van die taalberoepe kan aanvaar word dat kommunale aksie ter sprake kom. Maar, 'n groep behoort nie net kollektief bewus te wees van sy situasie nie, dit moet ook in 'n posisie wees om die waargenome probleem op te los (Grint, 2005:101).

Weber se interaksionistiese bydrae tot die sosiologie van werk is geleë in verskeie uiteenlopende terreine, wat meestal gesien word as kritiek teen hedendaagse Marxistiese perspektiewe (Grint, 2005:95):

- sy teorie van sosiale stratifikasie;
- sy interpretatiewe metodologie, en
- sy uitgangspunt rakende die opkoms van rasionalisering, die aard van burokrasie en die organisasie van burokratiese gesag.

Max Weber fokus op die verwantskap ("relationship") tussen die Protestantse etiek, veral Calvinisme, en die opkoms van burokratisering, kapitalisme en rasionalisering (die klem op bevoegdheid, "efficiency") in die Westerse wêreld, en bring die professionalisering van beroepe in verband met hierdie sosiale kragte ("forces"). Calvinisme was, volgens Weber, 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van wat hy genoem het "die gees van kapitalisme" in die Weste.

Kapitalisme was weer deel van die groter proses van rasionalisering waarin die ontwikkeling van hoogs bekwame burokrasieë vervat was om die werksaamhede van hierdie nuwe samelewing te behartig. Calvinisme dra by tot die ontwikkeling van 'n gedissiplineerde en metodiese organisering van optrede (conduct) en dit was die professionele persoon wat hierdie tipe gedrag openbaar het. Terselfdertyd het professionalisering 'n rol gespeel in die ontwikkeling en uitbreiding van rasionalisering, burokratisering, en kapitalisme. Al hierdie kragte was derhalwe betrokke in 'n wedersydse versterkende en ondersteunende proses wat aan die Westerse wêreld sy onderskeidende oriëntering gegee het (Ritzer, 1975:627-634).

[15] Vergelyk: http://ssr1.uchicago.edu//PRELIMS/Theory/weber.html

Weber se uitgangspunt tot professionalisering is in wese makroskopies van aard (Ritzer, 1977:42):

> Weber ... postulated a general process of professionalization that was related to a variety of other social changes, most generally the rationalization of the West and its corresponding failure in the rest of world. He was attuned to, and acutely interested in the relationship between the professions and the social structure of various societies.

Max Weber se konsepte van uitsluiting ("exclusion"), sosiale sluiting ("social closure") rasionalisering en burokrasie is veral van toepassing op (die sosiologie van) die professies en vind tot 'n mindere of meerder mate neerslag in die navorsing van verskeie sosioloë wat die professies vanuit hierdie perspektief bestudeer.

Weber onderskei nie radikaal tussen die gevolge van professionalisering en burokratisering nie en koppel die proses van burokratisering aan die toename in gespesialiseerde professionele opleiding. Albei prosesse hou verband met die toenemende rasionalisering van die Westerse beskawing – 'n term wat Weber gebruik om kollektief te verwys na die ontwikkeling van moderne wetenskap, tegnologie, en burokrasie – wat neerkom op die organisering van die sosio-ekonomiese lewe gebaseer op die beginsels van deskundige, gespesialiseerde en tegniese kennis (Giddens, 2006:19).

Tipies word uitsluitende sluitingstrategieë ("exclusionary closure strategies") in professionaliseringprojekte gebaseer op die daarstelling van grense ("boundaries") wat toegang tot 'n spesifieke professie verleen aan geskikte kandidate en terselfdertyd ongewenste kandidate uitsluit (Murphy, 1984; Saks, 1983; Witz, 1992). Marksluiting ("closure") word gedefinieer as "the process of mobilizing power in order to enhance or defend a group's share of rewards or resources" (Murphy, 1984:548) wat 'n monopolie en professionele status in die mark impliseer. Noodwendig is dit dan aspirerende beroepsgroepe in hulle strewe na professionalisering wat formele geskiktheidskriteria ontwerp met tot gevolg 'n eksklusief uitgesoekte elitegroep ("a self-selecting elitist group").

3.4.3.3 Interaksionisme: "the meanings and motives of actors"

Die oënskynlike verandering soos dit oor die afgelope dekade neerslag vind in die sosiologie van die professies (Evans, 2008:20-21; Johnson, 1972:17; Macdonald, 1995:xi), is stellig daarin geleë dat 'n kentering in die sosiologie van die professies ter sprake is wat apropos en krities beskou kan word as die ondergang van die funksionele benadering tot die professies en dus (Macdonald, 1995:xi):

> … a consequence of the major shift in theoretical orientation … from the structural functionalist orthodoxy of the 1960s, to a much more pluralistic scene, in which action-based theory in a variety of forms played an important part.

As sodanig was dit die begin van 'n nuwe tydvak en benadering van die sosiologie van professies: die "charmed circle of professions" (Houle, 1980:28) en die vraag na die rol wat hulle speel in die gevestigde sosiologiese orde van die samelewing word nou geplaas binne 'n Weberiaanse benadering wat fokus op die wyse waarop diegene wat beskik oor gespesialiseerde kennis te werk gaan om 'n monopolie van hulle kennis op te bou, en, op hierdie basis, 'n monopolie te bewerkstellig van die dienste wat hieruit spruit. Dit geskied slegs deur spesialisering en individuele aktiwiteit: "Only by strict specialization can the scientific worker become fully conscious, for once and perhaps never again in his lifetime,

that he has achieved something that will endure. A really definitive and good accomplishment is today always a specialized act."[16]

Max Weber se interaksionistiese konsepte van uitsluiting en sosiale sluiting ten opsigte van die professies is gemoeid met die meganismes waarop die sosiale status van 'n beroepsgroep behaal en behou word. Die soeklig word nou gewerp op die prosesse waarmee en mate waarin professionele beroepe dit bewerkstellig dat die samelewing so 'n bevoorregte posisie in die sosioprofessionele konteks sanksioneer (Macdonald, 1995:xii). Dié benadering vind veral neerslag in die konseptuele raamwerk van die professionele projek van Larson (1977), in die konsep van jurisdiksie van Abbott (1988), en Macdonald (1995) se konseptualisering van Larson (1977) se professionele projek.

Macdonald (1995:4-23) se uiteensetting van die literatuur ten opsigte van die interaksionistiese alternatiewe tot die sosiologie van die professies bring die kernaspekte in hierdie benadering te berde, naamlik: professionele mag ("professional power"), professies as sosiale instrumente ("professions as social actors") met "menings en motiewe" (Macdonald, 1995:17), en beroepsprofessionalisering as 'n professionele projek ("the professsional project"); uitgangspunte wat grootliks spruit uit die teorieë van Max Weber en/of dié van die *Chicago School of Sociology*.

Macdonald (1995:4) wys daarop dat die interaksionistiese alternatief op die ideologiese (Daniels, 1973) en mitologiese (McKinlay, 1973b:62) funksionele ideaal van die professies primêr neerslag vind in die werk van Hughes (1985, 1971), Becker *et al*. (2009) en Freidson (1970b) met as onderwerp:

> ... the actions and interactions of individuals and groups, how they constituted their social worlds as participants and how they constructed their careers. The professional principles of altruism, service and high ethical standards were ... seen as aspects of the day-to-day world within which members lived, worked and strove and which therefore appeared as less than perfect human social constructs rather than as abstract standards which characterised a formal collectivity.

Professionele mag as tema in die interaksionistiese sosiologie van die professies, vind neerslag veral in die werk van Freidson (1970a, 1970b, 1983, 1988) en ander Amerikaanse sosioloë soos Hall (1983) en Abbott (1988). Dié "new orthodoxy deriving from interactionism" (Macdonald, 1995:4) word algemeen bekend as die magsbenadering (Macdonald, 1995:5) wat ook in Brittanje in die werk van Johnson (1972, 1977, 1980) sy beslag vind, hoewel met 'n meer Marxistiese aanslag (Macdonald, 1995:5). Macdonald (1995:6) kom dan tot die slotsom: "The 'power approach', whether derived from interactionist or Marxian traditions, was undoubtedly more fruitful than the work of functionalists and the related delineation of professional 'traits'."

Die idee van professies as sosiale instrumente ("social actors") spruit uit die veronderstelling dat "... basically sociologists were asking the wrong question" (Macdonald, 1995:6), 'n interaksionistiese denkrigting wat stadig, sinvol, en radikaal sy verloop neem; sowel as 'n denkrigting wat gerig is op aksie, en nie struktuur nie. Dit is hierdie verwikkeling wat sosioloë grootliks miskyk (vergelyk Macdonald, 1995:6-7) in die werk van Hughes (1963).

[16] Vergelyk: http://www.brainyquote.com/quotes/authors/m/max_weber.html

Hughes (1971:340) verwoord die interaksionistiese verwikkeling in sy veelseggende bekentenis dat sy fokus verskuif het van die bemoeienis met die kenmerke van professie – 'n statiese klassieke benadering – na 'n meer dinamiese proses- en konteksgeoriënteerde kognitiewe of prototipebenadering: die omstandighede waardeur beroepslui hulle beroep probeer ophef tot 'n professie, en hulleself in 'n professionele groep, en die prosesse waardeur die samelewing met hulle waardestelsel identifiseer.

Hieruit spruit die werk van Becker (1970), Larson (1977) en Freidson (1983) wat stemme uitbring oor die sosiologies-teoretiese besinning ten opsigte van professies as sosiale instrumente in 'n sosioprofessionele opset. Macdonald (1995:7): "Profession" is a lay or folk term and that assessing whether an occupation is or is not a profession, is a semi-profession, or is more or less professional than other occupations, is what the *"folk"* do, and it is not the real task of sociology to try to do it for themselves scientifically."

Die implikasie is dat sosiale wetenskaplikes (en taalkundiges?) met 'n ander teoretiese konsep – 'n ekspertkonsep – ten opsigte van professies en professionalisering vorendag moet kom as wat leke met hulle "folk-konsep" in die samelewing doen. Die problematiek hiervan is opgesluit in die aanhaling wat aan die begin van hierdie hoofstuk ter sprake kom, en die vraag is dan: **Wat is dit wat sosioloë en taalpraktisyns dan moet doen om 'n teoretiese begronding vir die sosiologie van die professies te verseker**?

Vir Macdonald (1995:7-8) lê die antwoord in die interaksionistiese benadering implisiet in die werk van Becker (1970a, b) en Freidson (1970b; 1983) en veral Larson (1977) se model van professionalisering – die professionele projek – 'n verskynsel wat die strewe na koherensie en eenvormigheid ("coherence and consistency") van 'n spesifieke modus operandi van 'n bepaalde groep ten opsigte van beroepsprofessionalisering impliseer, en wat vir die doeleindes van hierdie studie uiteenval in 'n prototipebenadering as een moontlike "ekspertmodel".

Een van die doelstellings van eksperte op alle lewensterreine en werkkringe is presies die afbakening van grense (Wittgenstein, 1978:33) van vae en dubbelsinnige kategorieë (soos professie) en die formulering van kriteria wat klassifikasie bepaal (Taylor, 1995:72). Dit sou ook impliseer dat 'n konsep soos "professie" een van daardie woorde in die woordeskat van 'n samelewing is wat onderworpe is aan beide eksperte en "folk"-definisies: eersgenoemde ten opsigte van die noodsaaklike en genoegsame toestande vir kategorisering, en laas-genoemde met die kennis van perseptuele en interaktiewe attribute van prototipe-entiteite (Taylor, 1995:73) soos die professionele verskynsel (vergelyk ook die bespreking in 2.4).

Selfs al is die doelwitte en strategieë van 'n gegewe beroep nie in alle opsigte skerp te onderskei of doelgerig vir alle lede van so 'n groep nie (Larson, 1977:6), of noodwendig dieselfde is vir alle beroepe wat strewe na professionalisering nie, behoort die professionele projek onder bespreking gekenmerk te word deur 'n strewe van taalpraktisyns na die relatiewe behoud en bevordering van sekere diensgeoriënteerde beroepsattribute van gespesialiseerdheid en uniekheid ("scarcity"): "The professional project can be identified by its relative objectives of market monopoly and social status" (Larson, 1977:104) wat gemeet kan word op 'n glyskaal van attribute (vergelyk die bespreking in 2.4).

Macdonald (1995) fokus op Larson (1977) se konseptualisering van die professionele projek soos gegrond in Max Weber se siening van stratifikasie, uitsluiting, en sosiale sluiting as meganismes waardeur die sosiale status van 'n groep verwesenlik en gehandhaaf word; die integrasie van sy siening van ekonomiese en sosiale orde; die mate waarin professies

dienste kan verhandel, sowel as die idee dat gespesialiseerde kennis en spesifieke kognitiewe hulpbronne finansiële bemarkbaarheid én finansiële markvoordele inhou.

Die tema van jurisdiksie as konseptuele raamwerk vir die sosiologie van die professies in teenstelling met die klassieke benadering (vergelyk die bespreking in Hoofstuk 2 met betrekking tot definiëring, asook die bespreking in 4.2.2, 4.3.5 en 4.3.6) ten opsigte van die sosiopolitieke struikelblokke tot professionalisering) is die kernaspek in die werk van Abbott (1988) en kensketsend van die interaksionistiese benadering tot die mate waarin professies as interaktiewe gemeenskappe professionalisme bevorder.

Abbott (1988) ondersoek die mate waarin professies 'n kennismonopolie uitoefen in die samelewing en ontwikkel die nosie van die professies as 'n sisteem uit hoofde van die samehang tussen 'n beroep en die werksaamheid wat ter sake is, wat hy bevoegdheid ("jurisdiction") noem: "... the carving out and maintenance of a jurisdiction through competition as well as the requisite cultural and other work that was necessary to establish the legitimacy of a monopoly practice (Evetts *et al*., 2006:209). Abbott (1988:343) verdedig sy keuse van die modelkonsep ("system") – soos volg:

> I use it (in place of the more trendy "structure") because it suggests boundedness and necessary interaction. The idea of a chain of effects within a system entails, most importantly, a philosophy of history emphasizing contingency ... Although I fully recognize the great cultural and social forces felt by many to determine the current history of the professions, I feel their efforts on professions are idiosyncratic, mediated by the system structure discussed here.

Abbott (1988:33) stel hom dan ten doel "... a theoretical alternative to professionalization that accounts for idiosyncratic development in individual professions without invoking a social trend", wat spruit uit sy premis dat die idee van 'n algemene ontwikkelingsproses, wat metterjare as die proses van beroepsprofessionalisering sy beslag gevind het, grootliks 'n misleidende konsep is "... for it involved more the forms than the content of professional life. It ignored who was doing what to whom and how ... In fact, not only did it miss the contents of professional activity, but also the larger situation in which that activity occurs" (Abbott, 1988:1-2).

Die basiese premis van die sisteemmodel van die professies van Abbott (1988:2) berus op die aanname dat die professies as 'n interafhanklike kollektiewe sisteem sy beslag vind in die samelewing met die implikasie:

> ... each profession has its activities under various kinds of jurisdiction. Sometimes it has full control, sometimes control subordinate to another group. Jurisdictional boundaries are perpetually in dispute, both in local practice and in national claims. It is the history of jurisdictional disputes that is the real, the determining history of the professions. Jurisdictional claims furnish the impetus and the pattern to organizational developments.

Macdonald (1995:17) verwerp hierdie konseptualisering as "cut off from that aspect of sociological explanation that is at the heart of Weber's work, namely the meanings and motives of the actors".

Dit wil voorkom of Macdonald (1995) se grootste beswaar teen Abbott (1988) se konseptualisering van professie daarin lê dat dit nie die komplekse aard van Larson (1977) se konseptualisering van die professionele projek ("professional project") na waarde skat nie, 'n model wat Macdonald (1995:35) as sy "guiding principle" neem in die ontwikkeling van sy

"working theory of the professions" (Macdonald, 1995:29, 32) ten spyte van die feit dat hy van mening is dat die konsep van jurisdiksie van Abbott (1988) en dié van die professionele projek van Larson (1977) grootliks versoenbaar is.

Die kern van Weber se interaksionistiese benadering tot die professies en professionalisering – uitsluiting en marksluiting – met inagneming van die strominge binne die interaksionistiese kamp soos dit hierbo uit die geraadpleegde literatuur na vore tree, is te vinde die diverse praktyke waarop die strewe na sosiale status van 'n beroepsgroep behaal en behou word: professionele mag, professies as sosiale instrumente (Macdonald, 1995:17), en beroeps-professionalisering as 'n professionele projek (Larson, 1977), en jurisdiksie (Abbott, 1988).

3.4.3.4 Die essensie van Weber se nalatenskap vir professionalisering

Max Weber se siening van die rasionalisering van die samelewing het in der waarheid nie veel te doen met die verdeling van arbeid nie, maar sy uiteensetting van bestuursmatige gesag as die organiserende beginsel in die verdeling van werk kom neer op die administratiewe beginsel van die institusionele regulering van beroepe. Die regmatige volmag tot gesagsuitoefening was volgens Weber die primêre funksie van administratiewe gesag in die werkplek (Freidson, 1994:61-63).

Alhoewel sy argumente nie altyd baie duidelik is nie, het Max Weber heelwat te sê gehad oor die professies en die verhouding tussen professionalisering, burokratisering en rasionalisering, en wat steeds van toepassing is op die eietydse samelewing. Ritzer (1975) toon aan dat Weber oortuig was daarvan dat die professionalisering van beroepe, soos burokratisering, 'n aspek is van die rasionalisering van die samelewing sodat professionalisering en burokratisering nie 'n antitese is nie.

Weber se oortuiging dat die professionele ideaal beredeneer moet word vanuit die strukturele, prosesgeoriënteerde en magsperspektief, kan van toepassing gemaak word op die professionele projek in veranderende sosiale kontekste soos dit in hierdie studie ter sprake kom. So 'n benadering plaas die rasionaliseringsdilemma in perspektief (vergelyk ook 4.2.3), maar bied terselfdertyd speelruimte vir 'n eietydse prototipemodel van professie sodat die klassieke model van professie met die "heelmeester in privaatpraktyk" nie meer as die enigste standaard voorgehou word nie.

Weber se teorie van die burokratisering van werk maak 'n integrerende deel uit van die groter proses van rasionalisering: "... the organization of production was ... a field of formal, bureaucratic domination through elites established a subtle yet powerful system of authority relations that was increasingly immune to dissent" (Vallas *et al.*, 2009:24).

Macdonald (1995:30) bied die volgende insigte ten opsigte van die rol van die professies gegrond op Weber (1968/1922; vergelyk ook Weber, 1964) se sosiologiese benadering waarvolgens eersgenoemde sy eie professionaliseringsmodel ontwikkel:

1. Professies is belangegroepe en daarom tiperend van die komponente wat volgens Weber die samelewing saamstel. As sodanig is hulle noodwendig gewikkel in kompetisie met mekaar en met alle ander groepe – ook die staat – en vorm dus deel van die konflik wat Weber as die inherente aard van die samelewing beskou.

2. Professies strewe na die bevordering van ekonomiese belange, alhoewel ander motiewe vir kollektiewe aksie ook as dryfveer kan dien. Sodanige motiewe hou op 'n sonderlinge wyse verband met (die strewe van) professies as sosiale statusgroepe. Ooreenkomstig Weber se model van sosiale stratifikasie fungeer professies in beide die ekonomiese opset en die sosiale opset.

3. Professies beklee 'n onderskeidende posisie in die sosio-ekonomiese klassestelsel ("class system"): die geleenthede vir inkomste is gesetel in kennis sowel as kwalifikasies, wat hulle, volgens Weber, aansien gee gelykstaande aan diegene wie se kasteposisie spruit uit of hulle kapitaal of hulle arbeidsgesag/-mag ("labour power").

4. Hierdie klasseposisie word tot 'n sekere mate bepaal deur die strukturele kenmerke van die industriële samelewingsopset, maar die aktiwiteite van die lede van die samelewing, veral die kollektiewe aksie van groepe, is altyd van belang en kan as 'n bruikbare konseptualisering dien vir die strategie van sosiale sluiting (markmonopolie, of dan professionalisering).

Dit is veral laasgenoemde twee kwaliteite wat aan die kern lê van Larson (1977) se professionele projek as beroepsprofessionaliseringsmodel in die sin dat dit die ekonomiese en sosiale strewe van professies na status weerspieël. Geison (1984), Goldstein (2001), Macdonald (1984), Ramsey (1988) en Witz (1992) gebruik die model as uitgangspunt in hulle konseptualisering van professie.

Die interaksionisme fokus op die individu se gekose loopbaan en hoe hierdie loopbaan, hetsy beroep of professie, mense in staat stel om as akteurs in die samelewing te funksioneer. Beroepsaktiwiteite word beskryf tot die mate waarin individue hulle lewens- en wêreldbeskouing en loopbaanbou as alledaagse aktiwiteite konstrueer op grond daarvan dat dit die basis vorm van hulle professionalisme. Weber se interaksionistiese insigte manifesteer in die attribuutmodel van professie (soos ontwikkel in 2.7.2.2) as die beginsels van altruïsme en diens – die interaksie tussen die professies en ander groepe en individue in die samelewing – en hoë etiese standaarde. 'n Suksesvolle professionele projek impliseer ook die handhawing van skaars kennis en vaardighede en daarmee saam monopolie van kennis en status in 'n stelsel van stratifikasie. As aspekte van die alledaagse wêreld waarin lede van die professies leef en werk, is hierdie beginsels konkrete attribute van beroepsprofessionalisering.

3.4.3.5 Interaksionisme en die taalpraktyk

Interaksionisme as teoretiese perspektief het sy oorsprong in Max Weber se sosioteoretiese aanname dat individuele optrede 'n funksie is van die individu se persepsie en interpretasie van die sin van sy bestaan in die samelewing. As sodanig is die fokus op die detail van interpersoonlike interaksie en hoe daardie detail aangewend word om sin te maak uit alledaagse kontekste in die groter opset van die samelewing: "Sociologists influenced by ... interactionism ... stress the role of ... interaction in creating society and its institutions" (Giddens, 2006:23).

Interaksionisme beklemtoon dan die subjektiewe inhoud van menslike gedrag, sosiale prosesse en pragmatisme, en spruit uit 'n gemoeidheid met taal en betekenisgewing (Giddens, 2006:22).

Taalpraktyk – die proses van bemiddeling in die mate waarin die taalpraktisyn 'n bemiddelingsrol te speel het in die kommunikasieproses tussen verskillende tale en kodes – kan gesien word as sodanige interaksie, en die grense waarbinne sodanige praktisyns funksioneer, vorm professionele strukture (professies) soos uiteengesit in Hoofstuk 2.

Die kwessie is of taalpraktisyns as beroepsgroep onder bespreking hulle situasie as onregverdig en problematies ervaar, en indien wel, tot watter mate hulle in die posisie is (of bereid is) om die waargenome probleem op te los al dan nie. Die vrae wat hulle voordoen, is: Wat is die motief vir marksluiting by taalpraktisyns? Is die status quo van die taalpraktyk as beroep aanvaarbaar vir taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere? Waarom is daar so min geakkrediteerde taalpraktisyns in Suid-Afrika? Die antwoorde behoort lig te werp op hierdie kwessies wat in Hoofstuk 4 geïdentifiseer word as een van die moontlike struikelblokke tot die professionalisering van die taalberoepe onder bespreking.

3.4.3.6 Kritiek teen die interaksionisme: "... ongunstige monopolistiese praktyke"

Die Weberiaanse model van sosiale stratifikasie identifiseer professies as kollektiewe belangegroepe of statusgroepe wat deur middel van uitsluiting, eksklusiwiteit en marksluiting nie net strewe na ekonomiese bevoordeling nie, maar veral ook verhewe professionele status en aansien (Collins, 1990a:36).

As sodanig verteenwoordig die benadering 'n meer skeptiese siening van die rol van die professies in die samelewing, veral vanuit sosio-ekonomiese geledere (Johnson, 1972:15), wat die "... harmful monopolistic practices of professional associations" uitwys: professies funksioneer as burokratiese meganismes wat monopolistiese praktyke afdwing.

Kritiek teen interaksionisme is veral gerig teen die mikro-interpretatiewe aard daarvan sodat dit teoreties vanweë die bos nie die bome kan sien nie, en ook nie duidelike raakpunte vind met ander vlakke van die samelewing nie: "While the ... interactionist perspective can yield many insights into the nature of our actions in the course of day-to-day social life, it has been criticized for ignoring the larger issues of power and structure within society and how they serve to constrain individual action" (Giddens, 2006:23).

Die Weberiaanse metodologiese model lok voorts kritiek uit die geledere van teoretici soos Lee en Newby (1983) op grond daarvan dat die fokus te skerp val op die motiewe en doelstellings van individuele sosiale aksie en dus subjektiewe aktiwiteit in die samelewing oorbeklemtoon terwyl sosiale strukture en geïgnoreer word.

Alhoewel Weber sosiale strukture as belangrike teoretiese konsepte erken in die verstaan van menslike interaksie, is die kritiek teen sy benadering dat hy te veel klem lê op die wyse waarop geïsoleerde individue hulle eie konsep van die sosiale realiteit kan skep.

Die implikasie is dat terwyl dit sosiologies interessant is om menslike gedrag uit hoofde van beide die aard van sosiale strukture sowel as sosiale aksie te ondersoek, blyk dit dat Weber oënskynlik elke aspek van die samelewing as teoreties afsonderlik beskou (aan die een kant is daar sosiale strukture en aan die ander kant menslike aksies) maar ook as teoreties onskeibaar (sosiale aksie kan slegs verstaan word op grond van die strukturele konteks en sosiale strukture kan slegs verstaan word op grond van die wyse waarop dit vergestalt deur menslike aksies). Dit is gevolglik nie 'n sinergistiese benadering nie.

Soms word sosiale strukture beskou as belangrik (wanneer hulle invloed mense se verskeidenheid moontlike keuses beperk), maar soms is sosiale aksie belangrik (wanneer mense kan kies om die druk te ignoreer wat op hulle geplaas word om te konformeer al dan nie. In hierdie sin word die Weberiaanse interaksionistiese model gekritiseer as 'n arbitrêre en wisselvallige benadering.

Hoe dit ook al sy, ten opsigte van die verdeling van werk, waar die interaksionele benadering gemoeid is met betekenis, identiteit, die wisselwerking tussen sosiale strukture en sosiale interaksie, funksionalisme met die samelewing as 'n geordende, normatiewe sosiale stelsel, is die konflikbenadering, as die derde sosiologiese benadering tot die verdeling van werk wat vervolgens aan die beurt kom, gebaseer op die idee van sosiale beheer en manipulasie deur magsgroepe, waarvan die professies dan een so 'n magsgroep is.

3.4.4 Die konflikbenadering

3.4.4.1 Inleiding

Konflikteorie, as reaksie op die invloed van die struktureel-funksionele benadering van die eerste helfte van die twintigste eeu, het sy oorsprong in Karl Marx (1818-1883) se materialistiese opvatting van historiografie, sy dialektiese ondersoekmetode en 'n kritiese uitgangpunt teenoor bestaande sosiale ooreenkomste, met 'n gepaardgaande revolusionêre politieke agenda (Marx & Engels, 2002 [1888]). Karl Marx word dan beskou as die grondlegger van die konflikteorie.

Konflikteorie as makrososiologiese benadering is gegrond op die veronderstelling dat menslike interaksie in die sosiale konteks slegs na wense ondersoek en verstaan kan word vanuit die konflik en spanning wat bestaan en ontstaan tussen verskillende en veral ongelyke groepe in die samelewing as gevolg van die eksploitasie van die arm en gesaglose werkerstand. In teenstelling met die funksionele benadering van stabiliteit beskou konflikteoretici die samelewing in 'n konstante toestand van konflik en stryd, vernaamlik dan 'n magstryd (Schaefer & Lamm, 1998).

Hiervolgens word die indiwidu voortdurend gemanipuleer deur mag en gesag in 'n samelewing gedomineer deur sosiale ongelykheid en wedywerende groepe. Die sosiale orde word afgedwing en geskied nie deur samewerking nie, en sosiale verandering is nie voorspelbaar nie, maar is altyd die gevolg van konflik wat spruit uit sosiale ongelykheid.

In wese fokus konflikteorie op die negatiewe, konflikterende en voortdurend veranderende aard van die samelewing en die strukture wat dit onderlê. Een van die sprekendste Marxistiese teoretiese beginsels is dan 'n diachroniese bestaansekonomiese interpretasie. Ekonomiese faktore – die wyse waarop mense basiese lewensnoodsaaklike middele produseer – bepaal die politiese en ideologiese grondslag waarop die samelewing funksioneer.

Die invloedrykste teoretikus van die konflikteorie van belang vir die sosiologie van werk in die konteks van hierdie bespreking is Karl Marx. Die fundamentele verskil tussen die teorieë van Marx en Durkheim is geleë in Marx se uitgangpunt dat industrialisering nie die dryfveer was agter die industriële samelewing nie, maar die " ... capitalistic pattern that carries within it the seeds of its own destruction" (Grint, 2005:86).

3.4.4.2 Karl Marx en die konflikbenadering

As revolusionêrgesinde filosoof, sosiale wetenskaplike en historikus word Karl Marx (1818-1883) beskou as een van die invloedrykste sosialistiese denkers van die negentiende eeu. Sy beklemtoning van die betekenis van bestaansekonomie as bepalende faktor in die welsyn van die samelewing en sy ondersoek na klassestruktuur in klassekonflik het 'n deurtastende invloed op die geskiedenis, sosiologie en die studie van mense, strukture, groepe en kulture alhoewel sy argumente vir die leek grootliks ontoeganklik en inkoherent voorkom.

Die naaste wat Marx gekom het aan 'n algemene sistematiese kommentaar wat sy teorieë as 'n geordende geheel uiteensit, is die klassieke interpretasie daarvan in *Das Kapital* (1867-1894[17]) en in die voorwoord van *Preface to a contribution to a critique of political economy* (1859:I) en die betekenis van hierdie kommentaar is geleë in die veronderstelling dat sosiale konflik wat ontwikkel uit die ekonomiese ongelykheid tussen die werkersklas en die heersersklas negatief inwerk op die samelewing as geheel:

> The totality of these relations of production constitutes the economic structure of society, the real foundation, on which arises a legal and political superstructure and to which correspond definite forms of social consciousness. The mode of production of material life conditions the general process of social, political and intellectual life. ... [C]hanges in the economic foundation lead sooner or later to the transformation of the whole immense superstructure.

Hiervolgens is 'n doeltreffende samelewing die produk van arbeidskrag; en mense se doen en late in die skepping van hulle idee van so 'n samelewing skep in werklikheid hulle bestaanstoestande wat resulteer in, byvoorbeeld, klassekonflik, ekonomiese onderdrukking, of ekonomiese welvaart. Marxistiese teorie veronderstel 'n rasionele, progressiewe en teleologiese ontwikkeling van die geskiedenis, met die klem op menslike welsyn en 'n soeke na betekenis in die geskiedenis (Sarup, 1996:69).

Karl Marx se sosiologiese teorie ten opsigte van arbeid is gegrond in "... the existence of living human individuals who have material needs that must be satisfied through production" (Turner, Beeghley & Powers 1998:105-107); en omvat "... a moving balance of antithetical forces that generate social change by their tension and struggle. For [Marx], struggle rather than peaceful growth was the engine of progress; strife was the father of all things, and social conflict was the core of historical process" (Coser, 1977:43).

Marxistiese konflikteorie veronderstel dan dat konflik tussen die verskillende klasse in die samelewing onafwendbaar is, omdat die werkersklas altyd in 'n kapitalistiese opset deur die heersersklas uitgebuit word. Per implikasie en by uitbreiding van Marx se teorieë word konflikteorie in die sosiologie op alle aspekte van die samelewing toegepas, alhoewel Marxisme/Kommunisme en konflikteorie nie oor dieselfde kam geskeer moet word nie. Wat wel van belang is vir 'n ondersoek na die professionele verskynsel, is dat die konflikbenadering 'n alternatiewe wyse bied tot die ondersoek na verskynsels soos die verdeling van arbeid, en wel vanuit die oogpunt van diegene wat uitgesluit is van die makrofunksies in die samelewing en 'n sukkelbestaan moet voer.

[17] *Das Kapital* word tussen 1867 en 1894 na Marx se dood in 1883 met die hulp van Friedrich Engels in drie volumes in Londen gepubliseer (The New York Times Company, 2007:1198).

Konflikteorie is 'n konsep wat spruit uit die klassekonflik, ekonomiese onderdrukking, en die magstryd wat noodwendig ontwikkel uit ongelyke geleenthede: tussen diegene wat in beheer is van produksie in 'n kapitalistiese samelewing (die bourgeoisie), en diegene wat slegs instrumente is in die produksie van groter kapitaal (die proletariaat of die werkers).

In die sosiologie hou konflikteorie verband met die diepgewortelde sosiale stratifikasie wat die gevolg is van die Industriële Revolusie. Marx is gemoeid met die gevolge van uitbuiting van die werkersklas deur die kapitalistiese (beleggers-)klas, wat die kruks vorm van die Marxistiese ekonomiese konflikteorie. Werkers word so min moontlik betaal as wat die mark dit toelaat. Sonder markregulering grens hierdie vergoeding dikwels aan 'n hongerloon in teenstelling met die winste wat die bourgeoisie maak uit goedkoop arbeid.

3.4.4.3 Die konflikbenadering en die professies: "... seeking scarce social goods ... power and autonomy"

Die Marxistiese (en neo-Marxistiese) sosiologie van die professies – konflikteorie – verskil van die interaksionisme (vergelyk 3.4.4) in die mate waarop dit strukturele implikasies vir die samelewing inhou (Macdonald, 1995:23)[18]: in die hedendaagse samelewing is daar prosesse aan die werk wat die gevolge is van die kapitalistiese produksiemodus waarop die samelewing gebaseer is, en waarvoor Marx 'n ekonomiese teorie ontwikkel het wat die ontwikkeling van daardie samelewing verklaar.

In die konteks van werk en professionele aktiwiteite kan konflikteorie omskryf word as "... the theoretical perspective that stresses conflict and competition among groups of people for scarce resources, such as wealth, power and prestige" (Conklin, 1987:19). Die samelewing word beskou as 'n dinamiese organisme in 'n voortdurende toestand van labiliteit, en die oorsaak van sodanige labiliteit eerder as die basis van orde, word beklemtoon.

Twee sienings word uit die konflikteorie duidelik: die klem op eiebelang versus altruïstiese diens, en fokus op die relevansie en nut van eiebelang bo dié van funksie, norme en waardes, en die maniere waarop die strewe na eiebelang verskeie tipes konflik genereer as normale aspekte van sosiale omgang. Dit is in hoofsaak, aldus Conklin (1987:19) gemoeid met die mate waarin:

> ... some groups acquire power and maintain dominance over other groups, asking who gains and who loses from the way that society is organized. Conflict theory suggests that groups will act on the basis of self-interest and may even resort to force to achieve their goals.

Die skering en inslag van die funksionele siening van die professies is vervat in die aanspraak van dié siening dat professies altruïsties en diensgeoriënteerd is. Die perspektief vanuit die konflikmodel van die professies daarenteen is dat die professies georganiseerde belangegroepe is, afgestuur op eiebelang en eiegewin: "... seeking scarce social goods such as wealth, prestige, power, and autonomy" (Kultgen, 1988:99).

---

[18] Die wyse waarop (strukture in) enige samelewing ontwikkel, is 'n dinamiese proses, en **kollektiewe aksie het nie altyd die gewenste uitwerking nie**, maar die probleem lê, aldus Macdonald (1995:23-24), in die onwilligheid van sosiale wetenskaplikes om hierdie maatskaplike gegewe as eenheid te aanvaar en die gehele sosiale struktuur ("entire social fabric") toe te skryf aan die werking van onafwendbare prosesse ("ineluctable processes"). Macdonald (1995:24) maak ook die aantyging dat die betekenis van die term "sosiale prosesse" ("social processes") nie altyd duidelik is nie, soos veral in die werk van Johnson (1980, 1982) en Larson (1977). Macdonald (1995) verkies om te fokus op die aksies **van individue en groepe** ("collectivities") en om voortspruitende tendense in die samelewing te sien as die nasleep van sodanige aksie, bedoel of onbedoeld, en nie as die uitwerking van die samehangende eksploitatiewe produksiebetrekkinge nie.

Hiervolgens beskou voorstanders van die konflikmodel die professies as "... harmful monopolistic oligarchies whose rational control of technology would lead to some form of meritocracy" (Kultgen, 1988:62).

Die uitgangspunt dat die diensideaal van die funksionele benadering (dat die sogenaamde "professionele persoon" 'n beter diens lewer as lede van sogenaamde nieprofessionele beroepe) impliseer dat slegs die voordele van professionele status beklemtoon word en die noodwendig nadelige implikasies van markbeheer en mag misken word, wat presies Marx se standpunt is.

Marxistiese materialistiese teorie van die samelewing is gegrond op die veronderstelling dat die basis vir stratifikasie (en elke ander aspek van die samelewing) te vinde is in die produksiemiddele en die produksieverhoudinge waarop dit gebaseer is. Dit volg dus dat regeringsvorme, polarisering van sosiale klasse, en monopolisering van produksiemiddele alles prosesse is waarin die professies betrokke is.

Marxistiese teorie fokus dan op die verwantskap tussen die professies en die heersersklas, en beskou die magsposisie wat hierdie bevoorregte groep in die samelewing beklee en uitoefen as 'n eufemistiese dekmantel vir staatsmag – die mag van klas (Wilding, 1982:61). Die markbeheer en gepaardgaande mag van 'n professionele groep wat spruit uit hulle aanspraak op gespesialiseerde kennis en status, word primêr aangewend om so 'n groep te bevoordeel op wyses wat dikwels strydig is met algemene gemeenskaplike belang (Freidson, 1986).

Marxistiese teorieë van professies as "heersersklasgroepe" het uitsluitlik ten doel die beklemtoning van die ontmagtiging van die werkersklas en die bevoordeling van bevoorregte klasse in 'n ongelyke sosiale stratifikasie, en die mate waarin die professies en professionele beroepsliggame as statusgroepe in die bevoorregte klas kapitalistiese klassebelange bevorder of verskans.

Die ongelyke status en miskenning van die burgerskap en menseregte van die swart bevolking in die sosiale opset van die Suid-Afrikaanse apartheidsera word gereflekteer op alle terreine van die samelewing van daardie era: taalstatus, opleidingsgeleenthede, werkgeleenthede, gesondheidsorg, menswaardigheid, vryheid en sekerheid van die indiwidu, vryheid van bedryf, beroep en professie, arbeidsverhoudinge, eiendomsreg, en so meer[19], wat dan veral, maar nie noodwendig slegs die swart werkersklas nie, benadeel.

Oor die afgelope twintig jaar, egter, het die werkersklas in Suid-Afrika 'n dinamika en ondernemingsgees openbaar in genereer suksesvolle nuwe organisasies en 'n onderskeidende politieke kultuur van werksplekselforganisering en deelnemende demokrasie (Bundy, 1991:47). Dit wil voorkom of die werkersklas nie meer so sleg daaraan toe is nie, veral ten opsigte van mobilisasiestrategieë: "[T]here is the social weight, militancy and mobilisation of the South African working class. Here the basic balance of forces, social and political, is less favourable to capital and more promising for an organised working class" (Bundy, 1991:47).

[19] Uiteengesit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 soos op 8 Mei 1996 aangeneem en op 11 Oktober 1996 gewysig deur die Grondwetlike Vergadering.

Die ideaal van die ANC in Suid-Afrika se Nasionale Demokratiese Rewolusie-denkraamwerk[20], word in hierdie verband dan betekenisvol verwerklik: “The new South African state is one in which formal expressions of democracy and human rights should be backed up by mass involvement in policy formulation and implementation. It is a state which should mobilise the nation’s resources to expand the wealth base in the form of a growing economy” (ANC, 1997; Duvenhage, 2008).

3.4.4.4 Die kern van Karl Marx se nalatenskap tot professionalisering

Die Marxistiese sosiologie van die professies is primêr gerig op die posisie van die professionele persoon in produksiebetrekking. ’n Klassieke vraag is of die professionele beroepskorps die geledere van die proletariaat of die van die bourgeoisie sal vergroot. Le Bianic (2003) identifiseer twee sienings wat pertinent uit die literatuur te voorskyn tree: proletarisering, en geleide kapitalisme.

Teoretici soos Braverman (1974), Larson (1977) en Derber (1982) is ten gunste van die veronderstelling van ’n “proletarisering” van die professionele korps in die loop van die ontwikkeling van kapitalisme wat neerkom op ’n kommodifisering van intellektuele werk.

Geleide kapitalisme beklemtoon die professionele korps se rol in die perpetuering van die kapitalistiese sosiale orde. Die idee is dat die professies die staat help om die kapitalistiese stelsel te handhaaf (medici is byvoorbeeld ’n sleutelelement in die reproduksie van ’n gesonde werksmag). Gevolglik genereer ’n professionele werkerskorps ’n sterk staatsbeheer oor die samelewing. In ruil daarvoor is die staat gewillig om sekere beroepe by te staan in die professionaliseringsproses, omdat dit sy eie houvas op die samelewing sal verleng en verseker. Johnson (1972, 1980, 1982) en Larkin (1983) gaan byvoorbeeld van die standpunt uit dat professionalisering deel is van ’n groter proses van staatformasie: “The professions are emergent as an aspect of state formation and state formation is a major condition of professional autonomy” (Johnson, 1982:189).

Die Marxistiese benadering fokus op die mag wat die professionele rol in die samelewing aan individue en groepe oor ander in die samelewing gee. Vanuit die konflikteorie is sosiale mobiliteit, marksluiting en markmonopolie almal spesifieke attribute van die suksesvolle professionele projek. Sanksionering blyk ook wel ’n deurlopende tema in die sukses van ’n professionele projek te wees.

Marxistiese teorie ten opsigte van die professies het ’n tweeledige fokus: professies en hulle betrekking tot die staat, en die proletarisering van professionele beroepe (vergelyk die bespreking in die postmoderne benadering in 3.5). In wese hoofsaaklik ’n strukturalistiese benadering (Macdonald, 1995:22), sien Marxisme dit wat met die professies in hierdie kontekste gebeur aan as die afloop van aktiwiteite en funksies in ’n samelewing wat gebaseer is op kapitalistiese produksiebetrekkinge: “... the outcome of the workings of a society based on capitalist relations of production”, soos beskryf deur Johnson (1980).

Vanuit ’n Marxistiese konflikbenadering beklemtoon Johnson (1980) die veelheid en kompleksiteit van prosesse aan die werk in die hedendaagse samelewing, sowel as die gebrek aan koherensie tussen die doelstellings van dominante groepe en die staat sowel as

[20] ANC. 1997. ANC Strategy and tactics. As amended at the 50th National Conference, December 1997. http://www.marxists.org/subject/africa/anc/1997/strategy-tactics.htm

die “interafhanklike prosesse” in die ontwikkeling van “staatsformasie” en professionalisering; en die professionaliseringsprosesse van beroepe wat ’n integrale deel vorm in staatsorganisering (Johnson, 1982:188).

Marxistiese teorie ten opsigte van die professies gee eerstens prioriteit aan ’n prosesgeoriënteerde verklaring van die ontwikkeling van die professies met betrekking tot die staat. Hierdie prosesgeoriënteerde verklaring word van meer waarde geag as die Weberiaanse verklaring omdat laasgenoemde sy verklaring raam na aanleiding van konsepte soos die mark en ander vorme van sosiale wedywering, maar waarvan die essensie nie duidelik is nie (Johnson, 1980).

Ofskoon Marx hom nie openlik besig gehou met besinning oor die professies as sodanig nie en sy sosiologie van werk grootliks toegespits is op ekonomiese, politieke, en industriële aspekte in die werksopset, en die rol van klassestruktuur (met die professies in die heersersklas) in klassekonflik, beklemtoon sy historiografiese benadering die sosiale aard van werk en beroepe, en dus ook die professies (Grint, 2005:95):

> His illumination of the essentially political nature of the employment relationship and the material base for industrial conflict still supplies one of the elementary building blocks for an analysis of employment … In short, what Marx helped to do was stimulate the very idea of a sociological approach to work ...

Marx sien kapitalistiese produksieprosesse en -bestuur aan as outoritêr, sowel as produk-, proses-, en spesievervreemdend en as sodanig “... a system of exploitation that was inherently coercive” (Vallas *et al.*, 2009:24), wat die basis vorm van die konflikbenadering tot die professionele verskynsel.

Marx se ideologie van werk kan beskou word as ’n stimulerende bron vir innoverende denke ten opsigte van die teorie van werk; sy filosofie tegelyk die medium en impetus vir die inisiatief tot ’n gesofistikeerde sosiologie van werk en professies: “... we should treat Marx as a classic: an intermediary if we are to progress beyond him. Even if we do reject his ideas we can only go beyond him *because of them*, rather than in spite of them” (Grint, 2005:95).

As ’n bemiddelende teoretiese benadering kan Marxisme egter nie ’n “one size fits all”-oplossing bied in verskillende kontekste waar verskillende sosiale ongelykhede bestaan ten opsigte van taal, dienste, opleidingsgeleenthede, of werkgeleenthede nie, soos Suid-Afrika en Vlaandere nie.

Een model of oplossing vir die professionaliseringsinisiatiewe van die taalberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere is daarom nie die aangewese plan van aksie nie. Die verskillende sosio-kulturele ongelykhede in die Suid-Afrika en Vlaandere verg verskillende benaderings tot die professionaliseringsproses van taalpraktisyns in hierdie lande.

Oplossings en modelle vir die opheffing van beroepe bevoordeel of handhaaf dikwels die status quo van betrokke partye aan die bokant van die sosiale stratum. Dit plaas dan die onus op relevante partye aan die onderkant van die sosiale stratum om hulleself op te hef. Totdat hulle hulleself “opgehef” het, is die oplossing eintlik ’n struikelblok tot die opheffing van die betrokke party, hier dan die taalpraktisyns in die verskillende taalberoepe.

Hierdie opheffingsideaal lyk na ’n wesenlike greep op die opdraande stryd van nuwe professies wat in konflik staan met die gevestigde belange van bestaande professies.

3.4.4.5 Konflikteorie en taalpraktyk

Marx (1971) definieer die moderne produk as een wat in die ekonomiese sin slegs bestaan as 'n kommoditeit. Hy gaan van die veronderstelling uit dat moderne produksieprosesse die individu van die produk vervreem omdat die proses verborge is sodat die arbeidsproses, die praktyke onsigbaar is, sodat die produk gedevalueer word. Die nut en waarde daarvan word nie herken nie totdat dit benodig word, en die verbruiker is dan nie bereid om te betaal vir die oënskynlik verborge of versluierde produksie nie.

Die nut en waarde van die taalpraktyk lê in die altruïstiese diensideaal en die mediërende rol wat taalpraktisyns te speel het in multitalige kontekste as professionele en kulturele interlinguistiese bemiddelaars in interlinguistiese prosesse (Bedeker & Feinauer, 2006; Beukes, 2006b; Bochner, 1981a; Bochner, 1981b; Bühler, 1989a, Bühler, 1989b; Delisle *et al*., 1990:236; Muylle, 2008:10; Pym, 2004:1; Simeoni, 1998; Woodsworth, 1999).

Dit is nie te moeilik om die kloutjie by die oor te bring nie: In die taalpraktyk is praktisyns wat die taalproduk of taaldiens personifieer en personaliseer onsigbaar en die waarde wat aan die proses geheg word, gaan verlore. Hierdie gegewe word beklemtoon deur die feit dat taalpraktyk allerweë gesien word as die prerogatief van Jan en San (Kruger *et al*., 1998). Die gespesialiseerde aard van die taalpraktykprosesse gaan dus verlore in die onsigbare medium waarin dit plaasvind.

Dit is nie te vergesog om te argumenteer dat Marx (1971; 1981:323-330) in hierdie verband die tradisioneel onsigbare taalpraktisyn (Kotze, 1997; Venuti, 1995) en sy taalpraktyke as die ideale uitdrukking sou sien van sy teorie dat vervreemding van die proses die produk devalueer nie. In terme van die attribuutmodel van professie is Marx egter juis nie oortuig daarvan dat 'n gespesialiseerde kennisbasis of diensoriëntering bestaan nie.

3.4.4.6 Kritiek teen die konflikbenadering

Teenstanders van die konflikbenadering kritiseer die negatiewe wyse waarop die samelewing en die aktiwiteite van belangegroepe bejeën, beredeneer en gepresenteer word.

Le Bianic (2003) wys daarop dat die professionele verskynsel in swang was lank voordat die prosesse van staatsformasie of kapitalisme bestaan het, wat die hipotese van 'n interverwantskap tussen state, kapitaal en die professies bevraagteken. Krause (1996) postuleer 'n antagonisme tussen professionele en kapitalistiese ideologieë waar die professies voorgehou word as blote oorlewende van die prekapitalistiese era, gedoem tot ondergang in die aangesig van kapitalisme. Die grootste wanopvatting is geleë in die uitgangpunt dat die verhouding tussen die professies en die staat voorgehou word as koherente en verenigde akteurs in 'n strewe na 'n voorafgedefinieerde ideaal. Die geïmpliseerde visie is een van 'n bepaalde "onvermydelikheid" van die strukture wat die interaksie tussen die staat en die professies bepaal.

Bucher en Strauss (1961) wys daarop dat die fokus op klassekonflik wat in hierdie siening die stukrag agter die professionaliseringsproses sou wees, neig om ander belangrike problematiese dimensies binne die staatmeganisme of binne die professies self te onderskat – die politieke, multitalige, akademiese kontekste en die persepsies van waarde en wedywering in en tussen professies (vergelyk 4.2.2, 4.2.4, 4.4.3, 4.4.2, 4.5.4).

Hoewel 'n Marxistiese benadering tog heelwat waarheidsmomente het wat insig bied in die Suid-Afrikaanse sosiale en ekonomiese opset – die gevaar van markbeheer van enige bevoorregte professionele groep uit hoofde van hulle sosiale stand aangewend tot die voordeel van sekere groepe en by uitsluiting van ander – is die vraag ten opsigte van die stelling hierbo ooglopend: Is die professies (en per implikasie ook die taalberoepe) en hulle gespesialiseerde kennis, vaardighede en dienste nie ook deel van "die nasie se hulpbronne" nie? Taalpraktisyns wat dienste lewer soos vertaling, redigering, tolking, onderskrywing, oudiobeskrywing, en terminologie-ontwikkeling in 'n meertalige, tegnologies ontwikkelende land soos Suid-Afrika, het tog 'n bepaalde rol te speel, nie net vanuit 'n mediatorsrol nie (vergelyk Hoofstuk 1), maar ook vanuit 'n ekonomiese, bemagtigings en werkskeppende rol (vergelyk 4.3.5).

In die postapartheidsamelewing is gespesialiseerde tersiêre opleiding en finansiering toeganklik vir almal (Branson *et al*., 2009), ook vir diegene wat 'n loopbaan in die taaldiensberoepe sou wou volg, en nie net vir 'n "bevoorregte klas" nie. Gespesiliseerde taaldienste is dienste wat benodig en gelewer word oor die wye sosiale spektrum van taalverskeidenheid en behoeftes van al die taalgemeenskappe in Suid-Afrika en waarop al die taalgemeenskappe kan aanspraak maak.

Daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat 'n algemene verwerping van die funksionele benadering tot die professies ten gunste van 'n konflikbenadering kan lei tot grootskaalse verlaging van die standaard van dienslewering sowel as 'n grootskaalse uittog van professionele persone, wat noodwendig 'n negatiewe impak op die arbeidsmark in enige land sal hê.

3.4.5 Samevatting

Die vernaamste relevante sosiologiese teoretiese benaderings soos hierbo uiteengesit (Conklin, 1987:13, 25; Vallas *et al*., 2009:17-25) ten opsigte van die sosiologie van werk, werksverdeling en beroepsprofessionalisering in die sosiologiese literatuur – die funksionele benadering, interaksionele benadering en die konflikbenadering – vind neerslag in die werk van drie prominente negentiende en twintigste-eeuse sosioloë, te wete Émile Durkheim (1858-1917) wat as die vaderfiguur van die funksionalisme beskou word (Macdonald, 1995:xi); die konflikteorie van Karl Marx (1818-1883) waarop die sosialisme geskoei is, en Max Weber (1864-1920) se teorieë van sosiale aksie en rasionalisering.

Dié klassieke sosiale perspektiewe van die middel en laat negentiende eeu (Vallas *et al.*, 2009:17) skep die teelaarde vir die wetenskaplike studie van die aard van werk en die organisering daarvan in die gemeenskap; onder andere, in strukture, groepe, sosiale klas, komplekse organisasies, werk en werksverdeling, en ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling as deel van 'n geïntegreerde benadering van mense se aksies en interaksies in die sosioprofessionele opset.

Uit die bespreking blyk die grootse funksionele, interaksionistiese en konfliknarratiewe van die modernisme oor die afgelope eeu meer fragmentering tot gevolg het as kohesie en begrip vir individuele professionaliseringsinisiatiewe. Die doel van hierdie studie is nie die ontwikkeling van 'n statiese, uitsluitende, universeel-geldende model van beroepsprofessionalisering vanuit die klassieke, modernistiese benaderings nie, maar om 'n tipies postmoderne inklusiewe prototipebenadering vir beroepsprofessionalisering in die huidige postmoderne en sosiokulturele klimaat aan die hand te doen.

Die postmodernisme as huidige denkstroming kan aangebied word as 'n moontlike verklaring vir die bestaan van oënskynlik onoplosbare teenstrydighede in die bespreking tot dusver, veral die skynbaar onaanvaarbare attribuut van monopolie en alleenreg, kan moontlik botsende sienings inherent aan die sosiologie van die professies verhelder, en bied 'n noodsaaklike besinnende perspektief op die megalomanie van die meesterverhale van die moderne denke.

3.5 Postmodernisme

Indien aanvaar word dat die professies in die hedendaagse sosioprofessionele opset "have moved beyond monopoly" (Evetts, 2006; Halliday, T.C., 1987), bied die funksionele benadering soos wat dit op 'n kognitiewe model van die professies toegepas kan word (vergelyk Hoofstuk 2) die sleutel tot postmoderne gesprekke oor die professies.

3.5.1 Inleiding

"Postmodernisme" is die toonaangewende en omvattende teoretiese term wat in die hedendaagse kulturele konteks – die postmoderniteit – algemeen gebruik word (Lyotard, 1984:xxiii) om na die denkstroming te verwys wat sy ontstaan te danke het uit die ontnugtering wat volg ná die sogenaamde mislukking van die moderne samelewing (moderniteit) en die gepaardgaande modernisme as denkstroming (Mills, 1959:165-66; Ward, 1999:1).

Inherent aan postmoderne beginsels en toepassings is die veronderstelling dat daar noodwendig teenstrydighede en konflik tussen verskillende teoretiese benaderings bestaan – die polemiek in die literatuur oor die definisievraagstuk (vergelyk 2.2) en die onderlinge kritiek teen die klassieke teorieë van professie (vergelyk 3.4) – spreek van hierdie neiging. Die klassieke benaderings van die modernisme – die funksionalisme, interaksionisme en konflikteorie – strewe vanuit 'n tipiese modernistiese benadering om dié model vir die proses van professionalisering te skep, te midde van 'n onsekere konsep van "professie" as betekeniskategorie.

Vanuit die postmodernisme hóéf daar geen majestueuse sintese van één waarheid, één meesterverhaal, één model vir die professionalisering van beroepe geskep en gehandhaaf te word nie; 'n prototipemodel van professie as betekeniskategorie is voldoende as sinvolle vertrekpunt vir die professionele projek van die taalpraktyk onder bespreking.

"Postmodernisme" as term word sedert ongeveer 1980 toegepas op teoretiese besinnings ten opsigte van bykans alle wetenskaplike én populêre dissiplines, van argitektuur, sosiologie, kuns, filosofie, linguistiek, letterkunde en musiek, tot vermaak en die massamedia (Haralambos *et al*., 2000:16).

In ag genome dat die professionaliseringsproses van die taalpraktyk ter sprake afspeel in die huidige postmoderne samelewing, is 'n kursoriese oorsig van die postmodernisme as benadering noodsaaklik ten einde 'n geheelbeeld te gee van die sosio-kulturele agtergrond waarteen dié professionele projek hom afspeel. Aspekte van die postmoderniteit wat kortliks in hierdie afdeling aandag geniet, is:

- die verskil tussen moderniteit en postmoderniteit/strukturalisme en poststrukturalisme in die konteks van werk, beroepe, en professionalisering van beroepe;
- die impak wat die postmodernisme en poststrukturalisme as denkstrominge het op die professionalisering van beroepe, en veral op die taalpraktyk onder bespreking en
- die vooruitsigte vir professionalisering van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere teen die agtergrond van die huidige postmoderne kulturele opset.

Vervolgens word hierdie aspekte van die postmodernisme in die konteks van die professionele projek van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere onder die soeklig geplaas.

3.5.2 Moderniteit, postmoderniteit, strukturalisme, en poststrukturalisme

3.5.2.1 Moderniteit en postmoderniteit

Die term "modern(iteit)"[21], soos gekonseptualiseer deur Marx en Weber (Berman, 1982) en Durkheim (1966), is 'n historiese term wat betrekking het op die tydvak ná die Middeleeue of feodale stelsel. Moderne denke (in die moderne samelewing) word gesien as 'n reaksie op die dogmatiese denke van die Middeleeuse samelewing, en word gekarakteriseer deur innovasie, vernuwing en dinamika en grootskaalse verdeling van arbeid (Durkheim, 1966; Berman, 1982), en die kulturele veranderinge wat met hierdie proses gepaardgaan wat manifesteer in differensiëring, rasionalisering, en kommodifisering (Haralambos *et al.,* 2000:916).

In die moderne samelewing word die kulturele opset gedifferensieer van ander areas van die sosiale opset, en hoë kultuur van lae kultuur, met gepaardgaande gespesialiseerde instellings en beroepe, beheptheid met tegnologie, en die ondermyning van estetiese waardes (Crook *et al.*, 1992; Sarup, 1996:94-104). Industrialisering, kapitalisme, verstedeliking, en liberale demokrasie is kenmerkend van die diepgaande transformasie in die moderne industriële samelewing, of moderniteit.

"Modernisme" is die term wat verwys na die teoretiese benadering waarmee hierdie veranderinge ondersoek en beskryf word, met as kernbeginsels (Haralambos *et al*., 2000: 7, 1070; Sarup, 1996:94-95):

- sekerheid in en optimisme teenoor die potensiaal van menslike voortbestaan, welvaart, welsyn en tegnologiese vooruitgang;
- rasionele beplanning vir die verwesenliking van doelstellings;
- 'n vertroue in die superioriteit van rasionele, logiese, intellektuele denke in teenstelling met intuïtiewe kennis, aanvoeling, ervaring, emosie;
- geloof in die vermoë van tegnologie en wetenskap vir die oplossing van die behoeftes en probleme van die mens;
- oortuiging van die mens se vermoë om die verloop van sy lewe self te bepaal, en
- steun op industriële produklewering om lewenstandaarde te verbeter.

[21] Die terme "modern", "moderniteit", "postmodernisme"; "postmodern", "postmoderniteit", "postmodernisme" word soms afwisselend in die literatuur gebruik, en soms spesifiek gedefinieer. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word verwys na "modern(iteit)" en "postmodern(iteit)" as omvattend verbandhoudend met alle veranderinge wat die moderne of postmoderne wêreld tot gevolg het. Modernisme en postmodernisme is die kulturele beweging of denkstroming wat verband hou met die moderniteit of postmoderniteit, en kan ook gesien word as 'n kritiese refleksie hierop. Hoewel die terme dus verbandhoudend is, bestaan daar nie eenstemmigheid oor die betekenisonderskeidinge daarvan nie, en dit is nie altyd moontlik om hulle konsekwent uitmekaar te hou nie (Kumar, 2005:66-67).

Die sosiologie en sosiologiese ondersoek, wat intrinsiek vervleg is en simultaan met moderniteit ontwikkel het (Adams *et al.*, 2005:1; Haralambos *et al*., 2000:1070; Sarup, 1996:94-95), is gevolglik gebaseer op 'n ooreenstemmende tydseie paradigma sodat gepaardgaande sosiologiese teorieë – die metanarratiewe – soos funksionalisme, interaksionisme en konflikteorie van die veronderstellings uitgaan:

- dat die ontwikkeling van die mensdom 'n voldonge feit is;
- dat wetenskaplike beginsels gebruik kan word om sosiale verskynsels – soos die verdeling van werk en die professies – te ondersoek en te beskryf, en
- dat die aanwending van rasionele denke sou waarborg dat die organisering van die samelewing, ook dan veral in die konteks van werk, werksverdeling en gepaardgaande dienste toegespits is op die behoeftes van die mens tot voordeel van die hele samelewing.

In die moderne samelewing floreer die professies (Abbott, 1988; Goode, 1960a:902; Parsons, 1968:545). Moderne sosiologies-teoretiese ondersoeke na die professies en beroepsprofessionalisering as toenemende sosiale verskynsel weerspieël gevolglik hierdie wetenskaplike beginsels.

Fundamentele veranderinge in die samelewing – wat toegeskryf kan word aan veranderinge in die ekonomiese opset in die Westerse samelewing gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu – lei tot 'n breuk met die opvattings van die moderniteit (Haralambos *et al*., 2000:8-9, 1069; Hutcheon, 1988; Lyotard, 1984). Wydverspreide kulturele transformasie as gevolg van ingrypende wêreldgebeure oor die afgelope eeu het tot gevolg 'n nuwe ekonomiese en professionele bestel waaruit die postmodernisme as denkstroming te voorskyn tree.

In die hedendaagse kulturele opset konseptualiseer wetenskaplikes[22] die term "post-modern(iteit)" as 'n epogale konsep met as funksie "... to correlate the emergence of new formal features in culture with the emergence of a new type of social life and a new economic order" (Jameson, 1983:113).

Die postmoderne wêreld met sy postmoderne beginsels kan breedweg beskryf word in 'n postmodernistiese teorie – die postmodernisme – wat die tradisionele en modernistiese paradigmas wat dit voorafgaan, bevraagteken of verwerp (Connor, 1989; Crook *et al*., 1992; Foster, 1983; Haralambos *et al*., 2000:8-9, 1069; Hutcheon, 1988, 1989; Kearney, 1988; Sarup, 1996:95-96; Sarup, 1988:34-62; Trachtenberg, 1985):

- 'n fundamentele agterdog teenoor, en verlies in die naïewe optimisme van, die modernisme met sy onvervulde beloftes van wetenskaplike en tegnologiese welvaart wat gemanifesteer het in vernietigende besoedeling, gevaar van 'n kernoorlog, en risiko's van genetiese manipulering wat menslike progressie teenwerk: die professies word byvoorbeeld

[22] Nie alle sosioloë is dit eens oor die toepassing van die term op die hedendaagse samelewing nie (Sarup, 1996:101). Giddens (1990) betwis byvoorbeeld nie die veranderinge kenmerkend van die huidige samelewing nie, maar beweer dat "postmoderniteit" 'n onvanpaste term is om die hedendaagse samelewing te beskryf; die huidige verskynsel is slegs die vergestalting van die meer ekstreme toestand van ten volle ontwikkelde moderniteit, of laat-moderniteit. Die belangrikste verandering is dan die kontras tussen premoderne (tradisionele) kultuur en moderne (post-tradisionele) kultuur (vergelyk Gauntlett, 2002). Ten opsigte van die onderskeid tussen modernisme en postmodernisme en ondersoek na die verskillende vorme van postmoderne kultuur, vergelyk ook Connor, 1989; Foster, 1983; Hutcheon, 1989, Kearney, 1988; Kumar, 2005; Sarup, 1996; Trachtenberg, 1985. Dit is duidelik dat daar 'n deurlopende debat is oor wat modernisme is, of postmodernisme 'n definitiewe breuk daarmee het, en of dit 'n voortsetting daarvan is. Daar bestaan voorts geen konsensus oor die definiërende kenmerke van postmodernisme as 'n kultuurmodus nie: teenstanders (soos Eagleton, 1985; Jameson, 1983, 1984; Newman, 1985) sowel as voorstanders (Caramello, 1983) bly in gebreke om dit na wense te omskryf, maar dit is tegelykertyd ook een van die mees oor- en ondergedefinieerde terme waarmee in die huidige kulturele teoretisering gesmous word (Hutcheon, 1988:3, 37).

daarvan beskuldig dat hulle dienste slegs toegespits is op winsbejag en eiebelang, en nie op die behoeftes van die samelewing nie, en Afrika se geskiedenis bewys onteenseglik dat demokrasie en moderne ontwikkeling nie noodwendig lei tot voorspoed nie;

- ’n wesenlike skeptisisme omtrent die voordele van rasionele beplanning: groot, burokratiese, rasionele organisasies voorsien nie na wense in menslike behoeftes nie;
- ’n wantroue teenoor politieke aansprake van stabiliteit en grootse teorieë van sosiale vooruitgang en welvaart – die funksionalisme, interaksionisme, konflikteorie – wat aanspraak maak op verbetering van toestande in die sosio-ekonomiese opset wat sal lei tot die perfekte samelewing. In Suid-Afrika misluk die groot "social engineering"-projek van apartheid wel, maar ook die Marxistiese bestel slaag tot dusver nie daarin om sosiale veranderinge teweeg te bring nie, tewens, die grootste kritiek teen Marxisme klink op uit die geledere van die postmodernisme (Sarup, 1996:79);
- ’n fundamentele agterdog teenoor voorskriftelike metanarratiewe of metadiskoerse ten opsigte van denk- of lewenswyse soos byvoorbeeld konflikteorie, funksionalisme en interaksionisme wat die sosiologie van die professies onderlê; eiesoortigheid en andersheid word begunstig;
- ’n toenemende wantroue teenoor die mag van die rede, gespesialiseerde kennis en vaardighede van geleerdes, wetenskaplikes en kundiges (die professionele persoon), wat aanleiding gee tot die erkenning van emosionele oortuiging, interpretasie en intuïtiewe aanvoeling;
- 'n stem en plek vir gemarginaliseerdes: groepe wat tevore nie van belang gereken is nie (vroue, gays, geskeides, gestremdes, minderheidsgroepe, enige beroep wat homself wil ophef), kry nou 'n stem in ’n tydsgees van liberale en groepsetiek;
- 'n siening van die wêreld as ’n “global village”: massa- en kommunikasiemedia maak die wêreld klein en “plat” (Friedman, 2007);
- ’n pluraliteit van denke, waarskynlik die enkele, belangrikste onderskeidende kenmerk van postmodernisme (Crook *et al*., 1992), en fragmentasie beteken dat die mens daagliks blootgestel word aan talle uiteenlopende standpunte, sienings, waardestelsels, elkeen geldig, maar met geen alleenaanspraak op die waarheid nie: die nosie van waarheid is ’n versinde illusie wat diegene in mags- en gesagsposisies gebruik om ander te manipuleer en te beheer;
- ’n hernude respek vir tradisie, aangesien tradisie onvermydelik die mens se lewens- en wêreldbeskouing bepaal – “the presence of the past” (Hutcheon, 1988:4); en
- die verwerping van absolute sekerhede as ’n kragtige vorm van mag, gesag, kontrole, manipulasie en dominansie.

Vir die afgelope twee dekades domineer die postmoderne debat die kulturele en intellektuele verhoog in die meeste wetenskaplike dissiplines regoor die wêreld, na aanleiding van die postmoderne filosofieë van Nietzsche, Heidegger, Derrida, Rorty, Lyotard en ander, tot so ’n mate dat die postmoderne aanslag talle nuwe kulturele, sosiale en politieke teorieë, sowel as teoretiese pogings genereer om die multifasettige aspekte van die postmoderne verskynsel opsigself te definieer (Haralambos *et al*., 2000:916-921; Kellner, 1988; Lyotard, 1984).

3.5.2.2 Strukturalisme en poststrukturalisme

Die term “postmodernisme” is enersyds ’n beskrywing van die veranderende, nuwe tipe samelewing – ook genoem die mediasamelewing, verbruikersamelewing, kennissamelewing – maar verwys andersyds ook binne die geesteswetenskappe na die poststrukturalisme as denkstroming (Sarup, 1988:118).

Terwyl postmodernisme 'n eietydse kultuuropset verteenwoordig wat die modernisme afwys, 'n bepaalde tydvak identifiseer en daarbinne funksioneer, verwys poststrukturalisme na 'n meer eksplisiete kritiese beskouing, met die doel om essensialisme in verskeie dissiplines te dekonstrueer op weg na 'n meer indringende diskoers.

Strukturalistiese ondersoek en bespreking "... appeals not to the consciousness of subjects, but to structures and systems of conventions operating within the discursive field of a social practice" (Culler, 1989:222).

Poststrukturalistiese ondersoek is gemoeid met die vorm en produktiwiteit van taal (en dus ook taalpraktyk) as "... an active, transitive force which shapes and positions the "subject' (as speaker, writer, reader) which always itself remaining in process, capable of infinite adaptation" (Sarup, 1983:68). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die ondersoek na die sosioprofessionele verskynsel onder bespreking – die professionaliseringsprojek van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere – 'n poststrukturele onderbou sal aanneem in die postmoderne en -strukturele konteks waarin dit afspeel in die vorm van 'n prototipemodel (vergelyk Hoofstuk 2).

Die taalpraktyk is gemoeid met die proses van linguistiese bemiddeling in die kommunikasieproses tussen verskillende tale en kodes, en die taalpraktisyn tree op as 'n professionele (linguistiese) bemiddelaar in linguistiese prosesse soos vertaling, tolking, lokalisering (Pym, 2004:1), en ook teksredigering, onderskrywing, en oudiobeskrywing.

Gedurende die afgelope halfeeu raak wetenskaplike en tegnologiese ondersoek in 'n toenemende mate gemoeid met taal en kennis en die toepassing daarvan in die samelewing: linguistiese teorieë en prosesse, kommunikasieprobleme vertaalpraktykprobleme, inligtingsberging, databanke, kubernetika, en rekenaartaal. Tegnologiese transformasies beïnvloed die status van kennis in die postmoderne samelewing tot so 'n mate dat die aard daarvan noodgedwonge binne hierdie konteks ook 'n proses van transformasie ondergaan (Lyotard, 1984).

Binne hierdie konteks is gespesialiseerde kennis en vaardighede daarom nie meer slegs 'n doel opsigself of die vernaamste strukturele kenmerk wat 'n beroep van 'n professie onderskei nie, maar 'n verbruikerskommoditeit met verhandelbare en kapitale waarde. In die sosioprofessionele konteks van die postmoderne samelewing kan daar dus 'n toename van professionele beroepslui en professies verwag word (Sarup, 1988:118) waar die taalpraktisyn met gespesialiseerde taalkennis en taalvaardighede dan 'n definitiewe "merkantiele" rol en funksie te speel het.

Wat is kennis in die konteks van die taalpraktyk? Vir Lyotard (1984) is kennis 'n saak van opleiding, insig, geleerdheid en vaardighede wat meer is as die gewone bepaling en toepassing van waarheid: dit word omvattend van die kriteria van tegniese vaardighede, etiese norme, en ouditiewe of visuele sensitiwiteit. Lyotard (1984) wys nie kennis in die "postmoderne professie" sonder meer af nie.

Wat taalvaardigheid betref, soos dit vervat word in die taalpraktyk, kan die afleiding gemaak word dat (taal)kennis dit is: "... what makes someone capable of forming not only 'good' denotative utterances but also 'good' prescriptive' and good evaluative utterances. [...] They are judged to be good if they conform to the relevant criteria (of justice, beauty, truth and efficiency) accepted in the social circle of the 'knower's interlocutors" (Sarup, 1988:119).

Hierdie praktiese kriteria is ook vervat in die prototipedefinisie van die taalpraktyk as professie en vorm die grondslag van die profiel van die taalpraktisyn: gespesialiseerde kennis, opleiding en vaardighede, professionele status en solidariteit, persoonlike en werksverwante etiek.

Nie al die attribute is ewe relevant nie, want uit die bespreking is dit tog duidelik dat sommige attribute sentraal staan in die postmodernisme, teenoor die drie modernistiese benaderings waar ander attribute weer meer prominensie verkry. Vanuit die postmodernisme staan die attribute van die **diensaspek**, opleiding en **gespesialiseerde kennis en vaardighede**, tesame met die impetus van die **beroepsliggaam sentraal**. In die moderne benaderings is die aksent op outonomiteit, marksluiting en monopolie en 'n altruïstiese diensideaal.

3.5.2.3 Die postmodernisme: 'n akkommoderende perspektief vir professie

Die term "postmodernisme" verwys na 'n kenterende, eiesoortige, generiese, teoretiese kultuur(in)gesteldheid, maar moet in samehang met, en as reaksie op die modernisme verstaan word (Haralambos *et al*., 2000:8; Jameson, 1983:113; Ward, 1999:12).

Postmoderne teoretici soos Lyotard (1984) en Baudrillard (1988) gaan van die standpunt uit dat sigbare prosesse van verandering en transformasie in die hedendaagse hoëtegnologiese media-samelewing – soos rekenaartegnologie, die massamedia, nuwe vorme van kennis, en veranderinge in die sosio-ekonomiese opset – 'n postmoderne sosiale samestelling met 'n veranderde en steeds veranderende sosiokulturele samestelling genereer wat veranderde konsepte en teorieë vereis om sosiale verskynsels te ondersoek.

Neo-Marxistiese postmoderne teoretici soos Jameson (1984) en Harvey (1990) interpreteer die postmoderne in die konteks van die ontwikkeling van 'n gevorderde loop van die vrymarkekonomie gekenmerk deur 'n groter mate van kapitalistiese homogenisering regoor die wêreld. Hierdie prosesse het tot gevolg toenemende kulturele fragmentering, veranderinge in die tyd-ruimte-ervaring, en nuwe vorme van ervaring, subjektiwiteit, kennis, kultuur, werksomgewings en werksprosesse wat die teelaarde skep vir die sosio-ekonomiese en kulturele basis vir postmoderne teorieë.

Bogenoemde verskynsels is tekenend van die digitaaltegnologies veranderende beroeps-wêreld soos metafories beskryf in die ultrakapitalistiese sienings van die globalis Thomas L Friedman se "plat wêreld" (vergelyk die bespreking in 4.3.3).

Lyotard (1984:xxiv) beskryf die postmodernisme as 'n generiese sosiale toestand wat, simplisties gestel, manifesteer as 'n "incredulity toward metanarratives" – die teorieë en "absolute waarhede" waarop die modernisme, en dus ook die sosiologiese benaderings tot die professies gegrond is.

Die postmodernisme soos dit hierbo uiteengesit, dien in die konteks van die huidige sosio-professionele en kulturele opset as 'n heuristiese benadering tot die ondersoek van sosiale verskynsels soos die professies en die beroepstrewe na professionalisering te midde van die toenemende fragmentering van die een en twintigste-eeuse realiteit.

Poststrukturalisme as eksplisiete kritiese beskouing tot sosiale verskynsels soos taal, taal-dienste en die beroepe wat hulle hiermee besig hou, verander die wyse waarop ons ondersoek instel na mense en hulle onderlinge persoonlike en werksverhoudinge, hulle kultuur en die

groter opset waarin hulle funksioneer (Marshall, 2004:21-31). Dit bied die moontlikheid van 'n herinterpretasie van bestaande benaderings vir 'n moontlike benadering tot betekenisgewing: 'n poststrukturalistiese prototipemodel van professie wat 'n akkommoderende perspektief bied vir beroepsprofessionalisering in die hedendaagse samelewing.

3.5.3 Die postmodernisme, die sosiokulturele opset en die professies

Vanuit die postmoderne benadering kom postmoderne sosiale wetenskaplikes tot die slotsom dat "... all is culture in postmodern theory" (Delanty, 2001:149). Die taalpraktisyn en sy taalpraktyke word noodwendig deel van en opgeneem in hierdie kulturele wending (vergelyk die bespreking in 3.3.3). Die veranderinge van die sogenaamde postmoderne era op die kultuur van die mensdom is so allesomvattend dat die hedendaagse mens vertroue verloor het in "all grand plans for the future ... in all areas of social life" (Haralambos *et al*., 2000:1070); in al die "meesterverhale" van die modernisme, maar terselfdertyd weerstand bied teen nuwe "majestueuse narratiewe" waarmee sosiale verskynsels beskryf en verklaar kan word.

Die kultuur – die sosiokulturele opset – van 'n samelewing word vanuit die sosiologie omskryf as "... the way of life of its members; the collection of ideas and habits which they learn, share and transmit from generation to generation" (Linton, 1954, soos aangehaal in Haralambos *et al*., 2000:884). Kultuur word dus die artikulering van die wisselwerking tussen integrale (ver)houdings, waardes, norme en oortuigings op alle vlakke in 'n gemeenskap. Sowel Durkheim, Marx en Weber identifiseer hulle met hierdie siening van kultuur in 'n mindere of meerdere mate (Haralambos *et al*., 2000: 887-888; 889).

Vir Durkheim (1966) en die funksionele benadering (Haralambos *et al*., 2000:887) is 'n eensgesinde, solidêre kultuur analoog aan die kollektiewe bewussyn wat meganiese solidariteit bewerkstellig in pre-industriële samelewings met 'n geringe verdeling van arbeid waar mense 'n sin van solidariteit ervaar op grond van hulle samehorigheid. In industriële samelewings met 'n diverse en gespesialiseerde verdeling van arbeid, ervaar mense nie dieselfde mate van homogeniteit nie – gespesialiseerde arbeidsrolle verg differensiasie.

Vanuit die konflikteorie het vervreemding vir Marx sy oorsprong in menslike produktiewe aktiwiteite wat mettertyd ontaard in vervreemding as gevolg van die inperking van menslike vryheid wat weer die gevolg is van oneweredige verspreiding van eiendomsbesit. Die heersersklas bepaal die hoë kultuur in die samelewing. Ekonomiese en sosiale status bepaal dan waardes en lewens- en wêreldbeskouings wat'n heersersklasideologie tot gevolg het (Haralambos *et al*., 2000:889-891) sodat kultuur – en dus ook gespesialiseerde taalpraktyke – op die ou end 'n refleksie word van bestaande klasseverskille.

Vir Weber (1976) is kultuur 'n waardekonsep ("value concept") inherent aan die kompleks van spesifieke vorme van oortuiging, geloof, prestasie, tradisies, kultuur en so meer wat die ruggraat vorm van enige samelewing. Daarby is statusgroepe subkulture in die moderne samelewing wat gevorm word op grond van aspekte soos taal, ras, etnisiteit, godsdiens, beroepstatus, geslag. Hierdie groepe deel 'n lewenstyl gebaseer op bepaalde waardes en norme en vorm 'n kultuur binne 'n kultuur.

Dit is op hierdie uitgangspunte wat Marx, Weber en Durkheim hulle onderskeie teorieë tot die professies grond. Die professies – en ook die taalpraktyk as professie – sou dan op grond van die onderskeid hierbo in die konteks van die konflikbenadering, funksionele benadering, en die interaksionisme in die moderne samelewing onderskeidelik gekenskets kan word as:

- Marxistiese beheergroepe afgestem op eiegewin en monopolie;
- as invoedryke Weberiaanse subkultuurgroepe met gedeelde belange, maar ook as
- Durkheimiaanse solidariteitsgroepe wat harmonie en stabiliteit in die samelewing teweegbring, standaarde bewerkstellig en kwaliteitdienste verseker (vergelyk 3.4.2).

Taalpraktyk as professionele beroepsgroep sou dan – veral in die hedendaagse multi-kulturele opset – 'n taalpolitieke monopolie kon wees afgestuur op die onderdrukking van ander kulture, en ekonomiese eiegewin; 'n sosiokulturele statusgroep wat bepaalde voordele in die samelewing geniet, maar ook 'n normatiewe, voorskriftelike drukgroep wat standaardtaal bo alle ander variëteite verhef.

Die postmodernisme neem dan hierdie "vanselfsprekende" moderne verskynsel van verskillende sienings van die professies en verklaar dit sosiaal gekonstrueerd, wat dekonstruksie en herformulering vereis ten einde die diversiteit van die huidige sosiokulturele opset te reflekteer. Postmodernisme bevorder dus, deur die kritiese analise van dekonstruksie, die fragmentering van die ouer modernistiese raamwerk, maar terselfdertyd ook die dubbelsinnigheid, openheid, en veelvuldigheid essensieel aan 'n geglobaliseerde wêreld sodat die unieke en uitsluitende toring van die professionele verskynsel in duie stort. Die professionele elite word "grensbewoners" saam met ander "wat in transito is – swerwerwerkers, nomade, en lede van die transnasionale korporatiewe elite" (Gupta & Ferguson, 1992:7).

Almal – verbruikers sowel as diensverskaffers – word oor dieselfde kam geskeer: "The mass grows. We are more alike than ever ..." (Rosenberg, 1957:5), met as resultaat 'n enkele, homogene massakultuur (Macdonald, 1957:61-62) waar selfs die verdeling van arbeid 'n anomalie word.

Die wesenlike van die postmoderne ekonomiese aktiwiteite is die opkoms van wat soms genoem word "postmoderne goedere"; objekte wat 'n substansiële estetiese komponent inhou, soos boeke, tydskrifte, koerante, films, popmusiek, realiteits-TV (Gupta & Ferguson, 1992:14; Lash & Urry, 1994:4), en veral die sentraliteit van ontwerpintensiewe produkte en die toenemende belang van die ekspressiewe komponent in die vervaardiging en lewering van goedere en dienste (Lash & Urry, 1994:111-144).

Die massakulturele, nieprofessionele verskynsel maak sy buiging in die samelewing. Die produksie en verspreiding van massakulturele taalpraktykprodukte en -dienste – films en televisieprogramme, radioprogramme, koerante, tydskrifte, boeke – waar vertaling, teksredaksie, oorklanking, oudiobeskrywing en onderskrywing in die multitalige, multi-kulturele, multibehoeftige opset 'n onontbeerlike mediërings-, vermaaklikheids- en inligtingsrol speel. Die vervlakking wat spruit uit die appèl van 'n massakultuur in die postmoderne opset tesame met die beheer daarvan deur nieprofessionele organisasies en multinasionale korporasies wie se bona fides nie altyd bo verdenking is nie (Gupta & Ferguson, 1992:15), bevorder uniformiteit en 'n gebrek aan diversifikasie, maar bring ook die kwaliteit van die dienste ter sprake.

Op die lang duur ondermyn massakultuur die fyn netwerk van die “skering en inslag van die samelewing” (Haralambos *et al*., 2000:903) in die sin dat individue hulle slegs kan vereenselwig met gesentraliseerde sisteme en nasionale en multinasionale organisasies ten koste van interaksie in en met groepe en kleingroepe. Gespesialiseerde, georganiseerde beroepsgroepe – die professies – as kleingroepe wat strewe na professionalisering hou dan die bedreiging in van kulturele elitegroepe wat teen die stroom van massakultuur inswem.

In teenstelling met die buitengewone geprofessionaliseerde praktisyn van die klassieke professies (in die modernistiese sin van die woord) kan Jan en San Alleman as beroepspersone in ’n postmoderne bestel hulle “professionele dienste” op www.com aanbied sonder gewettigde bewyse van affiliasie, kwalifikasie, akkreditasie, lisensiëring of enige vorm van etiese of normatiewe aanspreeklikheid. Dit geld nie net taalpraktisyns nie, maar byvoorbeeld ook finansiële adviseurs en mediese raadgewers.

In die postmoderne konteks met sy kulturele pluralisme en subkulturele diversiteit wil dit dan voorkom of die professionele kompleks van Parsons (1968), die professionele projek van Larson (1977), en die aanspraak op status in die vorm van ’n professionaliseringsproses (Houle, 1980; Vollmer & Mills, 1966; Wilensky, 1964) ’n kulturele anomalie geword het. In die konteks van die ondergang van die “grand narratives” maak die strewe na gespesialiseerde kennis en vaardighede en professionele status nie sin nie.

Aan die ander kant, die postmoderne kulturele opset met sy massakultuur, veelvuldige interpretasies van die samelewing, eie ervarings, pluraliteit van denke, en “global village”-verskynsel kan dien as die impetus vir die professionalisering van die taalpraktisyn wat in die mediasie van ’n verskeidenheid taaldienste gespesialiseerde kennis en vaardighede moet toepas in die konteks van ’n geslaagde kommunikasieproses met dien verstande dat die ideologie van die taalberoepsgroep streef na ’n professie van kwaliteit en diens. Die inisiatief om wel te professionaliseer is onder druk, maar daarteenoor staan die taak en diens van die taalpraktisyn wat al hoe belangriker word (vergelyk ook 4.2):

- Die wêreldwye web maak dit moontlik vir enigiemand om enige tipe teks te publiseer wat vertaal en/of geredigeer moet word, en in baie gevalle selfs leesbaar gemaak moet word.
- Televisieprogramme en films moet oorgeklank word, of van onderskrifte in ander tale voorsien word, dikwels van swak kwaliteit. Die klem op menseregte beklemtoon die behoeftes van visueel gestremde persone aan oudiobeskrywing van ’n verskeidenheid van visuele tekste.
- Die behoeftes van gehoorgestremdes beklemtoon die noodsaak vir onderskrifte van televisieprogramme, films en ander visuele tekste.
- Doofstom individue benodig gebaretaaltolking in ’n verskeidenheid kontekste om hulle lewenskwaliteit te verbeter.
- Die gebrek aan taalvaardighede van landverhuisers na Suid-Afrika en Vlaandere skep die behoefte in hospitale, universiteite, skole en howe vir tolke, vertalers en teksredigeerders; taalpraktisyns met gespesialiseerde kennis en vaardighede.
- Internasionale kongresse en simposia benodig in ’n toenemende mate die dienste van tolke, simultaantolke en gebaretaaltolke.

Daar is dus ’n toenemende vraag na opgeleide en bekwame taalpraktisyns in die geglobaliseerde, postmoderne veranderde samelewing – soos wat dit trouens telkens in hierdie studie te berde gebring word. Bell (1973:xx) praat van die “kennissamelewing” wat

staatmaak op herskepte sosio-ekonomiese ooreenkomste, gebaseer op die produksie, organisering, en verhandeling van kennis as 'n "ekonomie van inligting" in teenstelling met 'n "ekonomie van handelsware", met die implikasie dat die postmoderne kennis en inligtingsamelewing juis die teelaarde bied vir die taalberoepe om hulle status te bevorder en te bevestig. Die implikasie is dat sosiokulturele inhoud en mediëring aan die kern lê van die nuwe ekonomiese paradigma, 'n geglobaliseerde netwerk van buigbare en appellatiewe produksieverskynsels in reaksie op 'n veranderende en veelheid van behoeftes in die sosiokulturele opset (Cronin, 2005:263).

Hierdie verskynsel word vervolgens in meer detail bespreek teen die agtergrond van die professionele verskynsel.

3.5.4 Die postmoderne kennis- en inligtingsamelewing

Vir Evetts *et al*. (2006) is dit juis die kennisgebaseerde beroepe wat as opkomende beroepskategorieë besig is om die kinderskoene uit te trek en te voorskyn tree as groeisektore in die arbeidsmark in ontwikkelde lande (Frenkel *et al*., 1995; Lyotard, 1984; Perkin, 1989; Reed, 1996); oorgangslande (Buchner-Jeziorska, 2001; Buchner-Jeziorska & Evetts, 1997), en ontwikkelende lande (Hiremath & Gudagunti, 1998; Sautu, 1998), 'n benadering wat fokus op die toename van beroepe gebaseer op kennis (Murphy, 1988), en die toenemende kapasiteit van hoëropvoedkundestelsels in die meeste gemeenskappe om hoogsgeskoolde werkers te produseer.

Evetts *et al*. (2006:107) meen dat die veranderinge in die Europese politieke en ekonomiese opset nuwe verwikkelinge inhou vir professies in die algemene/ope mark ("common market") van die Europese Unie (EU). Pogings is enersyds daarop gemik om professionele diensvoorsiening te harmoniseer, en andersyds te dereguleer. Reeds in 2003 het die Europese Unie-kommissie die Europese professionele federasies uitgenooi om deel te neem aan die proses van die omskrywing van beroepskwalifikasies vir professies in die Europese gemeenskap (Evetts, 2001; Evetts & Dingwall, 2002), wat die klem kan herfokus op die kennisgebaseerde beroepe as die "new wealth of nations".

Bell (1973) redeneer dat 'n professionele en tegniese (vakkundige) gespesialiseerde klassegroep, voorkeur vir teoretiese kennis, kontrolemeganismes vir tegnologie, en 'n "nuwe intellektuele tegnologie", kenmerkend is van 'n postindustriële samelewing, wat 'n verhoogde vermoë impliseer vir die ondersoek na menigerlei komplekse veranderlikes onder toestande van onsekerheid (soos byvoorbeeld in 'n multilinguale opset, of 'n linguistiese opset waar betrokke partye mekaar nie kan verstaan nie). Die klem is veral op die rol en taak van gespesialiseerde opleiding, en die grootste uitdaging vir die postindustriële samelewing is die benutting van menslike hulpbronne: dit is die taak van gespesialiseerde opleiding om aan hierdie saak die nodige impetus te gee.

Kenmerkend van hierdie "kennisklas" (met noodwendig gepaardgaande "kennisberoepe"), is die verskuiwing in die ekonomiese opset van verbruikersgoedere na 'n verskeidenheid uiteenlopende tipes dienste, sowel as die toenemende rol van die vrou in die ekonomie en veral in die taalberoepe (Gouadec, 2007; Kotze, 1997; Mackenzie, 2004:4) aspekte wat onderhewig is aan die uitbreiding van dienste in die ekonomiese sektor en 'n toenemende steun op die wetenskappe as instrumente tot innoverende en georganiseerde tegnologiese vooruitgang.

'n Kognitiewe verskuiwing vind plaas soos wat nuwe kennis assimileer met bestaande kulturele, institusionele en ekonomiese strukture, met 'n onvermydelike modifikasie van die ou, bekende strukture (Delanty, 2001).Hierdie veranderinge kan in 'n neutedop saamgevat word met verwysing na "die kennissamelewing", waar kennis as ekonomiese ruilmiddel aangewend word sodat dit wesenlik 'n kommoditeit word, en impliseer die verspreiding én uitbreiding van gespesialiseerde dienste gebaseer op abstrakte, ontrafelde (ontbedde?) – in teestelling met ingebedde – kennis op alle gebiede van die sosio-ekonomiese en -kulturele opset (Giddens, 1991; Knorr Cetina, 1999).

Indien die postmodernisme dan aanspraak maak op die kommodifisering van verskynsels en vermoëns word gespesialiseerde kennis en vaardighede in die konteks van die taalpraktyk bloot 'n verhandelbare kommoditeit, en waarskynlik nie so 'n gewilde of sosiaal-aanvaarbare kommoditeit nie. Die postmoderne samelewing skep wel die teelaarde vir kennisgebaseerde dienste, maar dit impliseer nie noodwendig die ruimte vir professionalisering nie, en staan in der waarheid vyandig teenoor die geïnstitusionaliseerde beheer van "hekwagters" soos byvoorbeeld taalpraktisyns, veral vanuit 'n normatiewe benadering (vergelyk 3.4.2 en 3.5.5).

Taalpraktisyns deur die eeue heen (Delisle *et al*., 1995), maar meer so in die hedendaagse geglobaliseerde samelewing met sy veranderende en toenemende multitalige taal-werksaamhede, -dienste en -behoeftes, is deurslaggewende rolspelers in die fasilitering van "global flows of wealth, power and images" reg oor die planeet (Cronin, 2005:262). Hulle is ook instrumenteel in die vestiging van etniese identiteite, nasionale tale en godsdienstige affiliasies (Cronin, 1996).

Die nuwe ekonomie verhoog die prestige en belang van alle beroepsaktiwiteite met 'n omvangryke inligtings- en kenniskomponent. Die positiewe vooruitsigte vir die toename van **besturende, professionele en tegniese** beroepe konstitueer die kern van die nuwe sosiale struktuur en die toename van professionele beroepslui (Sarup, 1988:118). Die vraag is of die taalpraktyk as kennisgebaseerde beroep dan in hierdie sosio-ekonomiese en -kulturele opset as professie die mas kan opkom?

Afgesien van die feit dat die historiese verband tussen die prosesse soos vervat in die aanvanklike postmoderne teorieë nog nie empiries geverifieer is nie, kwalifiseer Castells (2002:219-223) die algemeen-aanvaarde stellings van die postmoderne teorie wat "'n simplistiese weergawe van postindustrialisme" verteenwoordig en stel voor:

- 'n analitiese klemverskuiwing van postindustriële na "informasionalisme" sodat samelewings inligtingsgebaseer is nie omdat hulle in 'n spesifieke model van sosiale struktuur inpas nie, maar op grond van die organisering van die "... production system around the principles of maximizing knowledge-based productivity through the development and diffusion of information technologies, and by fulfilling the prerequisites for their utilization (primarily human resources and communications infrastructure)" (Castells, 2002:219).
- 'n duidelike karakterisering van die verskillende tipes dienste om in komplekse ekonomieë te onderskei tussen ekonomiese aktiwiteite, wat neerkom op die diversifikasie van konsepte waardeur ekonomiese aktiwiteite gekategoriseer word.
- 'n kritiese besinning ten opsigte van die aard van die kennisgebaseerde beroepe voordat die toekoms van die professies as "die republiek van die geleerde elite" gekenskets word.

In die konteks van die professies as kennisgebaseerde beroepe wat in die postmoderne samelewing die kern van die nuwe beroepstruktuur konstitueer, wys teoretici soos Sayer en

Walker (1992), Bluestone en Harrison (1988), Rumberger en Levin (1984), en Kuttner (1983) tog daarop dat hierdie verskynsel nie noodwendig die enigste eienskap van die postmoderne beroepstruktuur is nie.

Gelyktydig hiermee is daar ook die bestendige opkoms van die laagbesoldigde, ongeskoolde diensberoepe, wat ten spyte van hulle stadige ontwikkeling, 'n substansiële proporsie van die postindustriële sosiale struktuur kan verteenwoordig ingevolge hulle absolute getalle. Met ander woorde, vooruitstrewende inligtings- en kennisgebaseerde samelewings kan ook gekenmerk word deur 'n toenemend gepolariseerde sosiale beroepstruktuur, ten koste van die hoogaangeskrewe, gespesialiseerde middelklasberoepe soos die professies, vandaar die **deprofessionaliseringsverskynsel.**

Terselfdertyd is daar 'n wydverspreide omstredenheid in die literatuur ten opsigte van die aanname dat kennis, wetenskap en gespesialiseerde vakkundigheid die deurslaggewende komponente inherent aan die meeste van die professies en besturende beroepe is (Castells, 2002:221). Vir Castells (2002:216-217, voetnoot 2), is die sekulêre transformasie van werk- en beroepstrukture 'n onderliggende tema van die postmoderne beroeps- en werksopset wat afstuur op 'n individualisering van werk wat potensieel die professies kan destabiliseer.

Postindustriële teorie kombineer drie stellings en voorspellings ten opsigte van die post-industriële kennis- en inligtingsamelewing (Castells, 2002:218-219):

- Die bron van produktiwiteit en groei is geleë in die generering (ontginning) van kennis, en van toepassing op alle fasette van ekonomiese aktiwiteit deur middel van inligtings-prosessering.
- Ekonomiese aktiwiteite verskuif van goedereproduksie na dienslewering.
- Die toename van inligtingsryke (kennisgebaseerde) beroepe soos die professies konstitueer die kern van die nuwe beroepstruktuur.

Hierdie drie interafhanklike stellings anker die postmoderne teorie op die vlak van die sosiale struktuur (Bell, 1973), hoewel Castells (2002:221-223) waarsku teen so 'n simplistiese interpretasie van postindustrialisme.

3.5.5 Postmodernisme, professionalisering en deprofessionalisering

Die intensivering van die prosesse van sekulêre transformasie van werk- en beroepstrukture in die moderne samelewingsopset lei tot 'n postmoderne sosiokulturele opset, wat tot gevolg het hiperdifferensiëring, hiperrasionalisering, en hiperkommodifisering met die effek dat sommige van die "trends" van die moderne sosiokulturele opset omgekeer word in 'n gefragmenteerde postkultuur (Crook *et al*., 1992) waarin verandering so vinnig plaasvind dat byvoorbeeld, beroepsekerheid nie meer bestaan nie (Bauman, 1996:24):

> ... not only have jobs-for-life disappeared, but trades and professions which have acquired the confusing habit of appearing from nowhere and vanishing without notice can hardly be lived as Weberian vocations – and to rub salt into the wound, the demand for the skills needed to practice such professions seldom lasts as long as the time needed to acquire them.

Daar is dus geen sin in ’n “pelgrimstog” – jare lange teoretiese studie en praktykgerigte ervaring – op pad na ’n beroep wat tot ’n suksesvolle loopbaan en professionele status sal lei nie; dit sal nie meer bestaan teen die tyd wat die “bestemming” bereik is nie. Per implikasie: Die “pelgrimstog van die professionele projek” is ’n sinnelose onderneming.

Rekenaartegnologie en inligtingstegnologie vervang die professionele persoon met sy gespesialiseerde, verlengde teoretiese en praktykkennis en vaardighede en middelklas-beroepe soos rekenaarwetenskap (maar vergelyk 4.3.3), ontwerp, bemarking en advertensiewese; ook die onderwys, maatskaplike werk, en alle tipes “terapie” bevorder die postmoderne kultuur (Strinati, 1995), alhoewel dit alles afgestuur is op “notions of psychological and personal fulfilment and growth” en ’n postmoderne kultuur en identiteit wat nie strook met die kultuur en identiteit van die moderne en tradisionele middelklas intelligentsia – die elitegroepe of “experts” (Gouldner, 1979), kennisklas (Bell, 1973), of die tradisionele professies nie.

Per implikasie kan die afleiding gemaak word: Van modernisme na postmodernisme tree ’n verplasing in van relatief stabiele (beroeps)identiteite gebaseer op sosiale faktore soos lidmaatskap aan klas of beroepsgroepering, na gefragmenteerde (beroeps)identiteite (Bauman, 1996; Hall, 1992) gebaseer op eie ervaring en geïsoleerde, dienslewering, wat lyk na deprofessionalisering. Dit kan waarskynlik een van die redes wees waarom taalpraktisyns in ’n toenemende mate as vryskutters en taalkonsultante in die taalmark funksioneer sonder die nodige kennis en opleiding, akkreditasie of lisensiëring, Die gevaar hieraan verbonde is noodwendig ’n verlaging van standaarde.

Een van die kenmerke in postmoderne ondersoek na die professies is die toepassing van die arbeidsprosesdebat op professionele aktiwiteite, met burokratisering en die bemarkbaarheid (“market power”) van ’n kennisbasis as subtemas (Macdonald, 1995:23). Oppenheimer (1973), Braverman (1974), Derber (1982), Haug (1988), McKinlay en Arches (1985), en Murphy (1990) is enkele navorsers wat die kwessie van die proletariseringsproses of deprofessionalisering van professies onder die loep neem.

Voordat die kwessie van burokratisering aan die bod kom, is dit noodsaaklik om te beklemtoon dat die postmoderne opset hom nie tot suksesvolle professionele projekte leen nie, veral nie in die sin van die tradisionele proses van professionalisering, of die tradisionele model van professie as analogie nie. Die “professionele” dienste en die vraag na hierdie dienste tree wel steeds na vore, ook in veranderende beroeps-, talige, en politieke kontekste, maar die dienslewer aar verskuif op die agtergrond. Daarby veronderstel die konnotasie met ’n beroep soos taalpraktyk – wat per definisie die taalpraktisyn onsigbaar maak (maar nie wil hou nie) – dat die pad van professionalisering ’n erge opdraande stryd gaan word soos dit ter sprake kom in 4.2.2.2 ten opsigte van die politiek van die professionele projek in die sosiokulturele opset. Die noodwendigheid van professionalisering volg nie uit ’n toename na die vraag na taaldienste nie.

Die implikasie is dat “... the professions are being radically transformed as a result of general social change, namely a trend towards increasing bureaucracy which draws a growing number of professionals into non-professional organizations” (Murphy, 1990:82-90), wat beskryf word as die proses van proletarisering. Dié verskynsel het te doen met die professionele persoon, sy werksomstandighede en die aard van en beheer oor sy werk in groot organisasies in die samelewing, en spruit uit Marxistiese historiografiese teorie waarin hy voorspel dat die intrinsieke eienskappe van kapitalisme metterjare feitlik alle werkerstatus sal reduseer tot die

status van die proletariaat. Werkers word dus in toenemende mate gedwing om hulle meerdere kennis en vaardighede te "verkoop" vir lewensonderhoud. Die implikasie is dat hulle in so 'n opset geen beheer het oor hulle rol, taak, en werksprosesse nie, en dus van "professionele status" ontneem word (Marx, 1963; vergelyk die bespreking in 4.2.3).

Die proletariseringsprobleem word gekoppel aan die meer basiese vraag van die aard van sosiale stratifikasie in die moderne samelewing en die konflikterende sienings van Marx en Weber ten opsigte van kennis en geloofwaardigheid as basis vir sosiale klas (vergelyk Boreham, 1983; Murphy, 1988, 1990).

In hierdie verband wys Evetts *et al*. (2006:106) op die hedendaagse veronderstelling dat die professie as 'n unieke kategorie van dienssektorberoepe in die proses is om sy status te verloor:

- Die professies as kategorie word gekritiseer as sou dit nie 'n generiese beroepstipe wees nie (Crompton, 1990).
- Die professies word bedreig deur organisatoriese, ekonomiese en politieke veranderinge (Greenwood & Lachman, 1996; Reed, 1996).
- Professies word uitgebeeld asof hulle 'n afname in outonomiteit en dominansie ervaar (Allsop & Mulcahy, 1996; Freidson, 1988; Harrison, 1999; Harrison en Ahmad, 2000; Mechanic, 1991).
- Professies word uitgebeeld as sou hulle die vermoë van die uitoefening van beroeps-kontrole van werk verloor (Freidson, 1994).
- Professies ervaar 'n afname in hulle vermoë om as selfregulerende beroepsgroepe te funksioneer (Macdonald, 1995).
- Professies is nie langer in staat om regulerende kompromieë aan te gaan met die staat nie (Cooper *et al*., 1988).

Vanuit die klassieke betekenisteorie (vergelyk 2.4.2) kan die afleiding gemaak word dat professie in die postmoderne opset as 'n kategorie nie meer die duidelik afgebakende eienskappe, vaste grense en kohesie het wat klassiek daaraan toegedig is nie sodat dit struktureel 'n herdefiniëring ondergaan. So 'n strukturele herdefiniëring van professie word vir die doeleindes van hierdie bespreking gedoen vanuit die prototipebenadering, sodat professies nie in 'n proses van ondergang is nie, maar "in die teken van die tyd" staan, by wyse van spreke.

Freidson (1986:110-133) identifiseer dan twee uiteenlopende stelle oortuigings ten opsigte van die sogenaamde ondergang van die professies. Aan die een kant beweer kritici soos Haug (1973, 1975, 1977), Toren (1975), Barber (1983), Rothman (1984) dat die professies in wese 'n proses van deprofessionalisering ondergaan. Dit sou beteken dat dit voorkom of daardie beroepe wat deel was van die eens "charmed circle of professions" (Houle, 1980:28) in die proses is om hulle geloofwaardigheid en gepaardgaande status te verloor as gevolg van veranderende sosiale en openbare waardes ten opsigte van professionele kennis, gesag en gedragswyse.

Die redes hiervoor is veral te wyte aan die neiging vir groter egalitarisme (gesags-bevraagtekening), 'n al kleiner wordende kennisgaping wat professionele outoriteit in die gedrang bring, en verhoogde verbruikersaggressiwiteit en -betrokkenheid uit samelewings-

geledere wat professionele diens bevraagteken. Dit is ook hierdie aspekte wat die proses van professionalisering in die wiele ry; aspekte wat in Hoofstuk 4 onder bespreking kom.

Aan die ander kant beweer skrywers soos onder andere Oppenheimer (1973), Larson (1977), Larson (1980), Derber (1982) dat 'n proses van proletarisering voor die deur gelê kan word vir die oënskynlike verskynsel van die ondergang van die professies. Hierdie opvatting het sy oorsprong in Marxistiese teorieë wat die professies beskou vanuit die korrelaat van kapitalistiese politieke ekonomie met kapitaaleienaars. Hierdie skrywers identifiseer twee faktore wat verreikende implikasies het vir professionele outonomiteit – en dus ook potensieel vir die professionaliseringsproses van beroepe wat tans strewe na professionalisering: die neiging dat die professionele persoon 'n werknemer word, en in burokrasieë in diens geneem word: "On becoming employed, the professional cannot be independant, free to choose what work to do and how to do it. And when employed in a bureaucracy, the professional becomes subject to strict controls that routinize and ... deskill professional work" (Freidson, 1986:111).

Baie taalpraktisyns werk juis in groot burokratiese organisasies soos uitgewersmaatskappye, munisipaliteite, finansiële instellings, en onderwysdepartemente, en dit opper die vraag na die beroepstatus van die taalpraktisyn in burokratiese organisasies sowel as die toekoms van die taalpraktyk as professie in die postmoderne samelewing (vergelyk 4.2.3).

3.5.6 Die vooruitsigte vir die professies in die postmoderne samelewing

Vir Freidson (1973:34-37; 1994) berus die toekoms van die professies op professionele **outonomiteit** en gesag inherent aan **gespesialiseerde kennis en vaardighede**, tesame met die impetus van die **beroepsliggaam** (vergelyk die bespreking in 4.6). Die kenmerke wat hiervolgens in die kognitiewe attribuutmodel deurslaggewend is, is outonomiteit en gespesialiseerde kennis wat hand aan hand gaan. Die professionele projek word dus suksesvol voltooi slegs indien en wanneer hierdie twee attribute realiseer.

Freidson (1973, 1994) se uitgangspunt is, alhoewel burokratisering en proletarisering toeneem, die gevestigde professies se posisie van rykdom, prestige en invloed in die twintigste eeu tot so 'n mate 'n hoogtepunt bereik het dat " ... many other occupations have begun to struggle for the same position to such a degree and with such energy that it may not be inappropriate to consider professionalization to be the major social movement of the twentieth century" (Freidson, 1973:35-36; vergelyk ook Freidson, 1994 waarin dieselfde uitgangspunt gehandhaaf word). Overgeset synde: Die professionele projek is hier om te bly.

In die konteks van die professionaliseringsproses van die taalberoepe onder bespreking is die kwessie: Wat is die vooruitsigte vir die professie(s) en professionaliseringsproses(se) in die postindustriële sosiokulturele opset?

Freidson (1973; 1994) onderskei in hierdie verband tussen die beroepsbeginsel en die administratiewe beginsel wat in wese 'n verskil is tussen Durkheim se visie van die samelewing as 'n konstruktiewe verdeling van arbeid en Weber se siening van die rasionalisering van die samelewing.

Max Weber se uiteensetting van bestuursmatige gesag as die organiserende beginsel in die verdeling van werk kom neer op die administratiewe beginsel – rasionalisering – van die institusionele regulering van beroepe: die regmatige volmag tot gesagsuitoefening is die

primêre funksie van alleen maar die administratiewe gesag – bestuur – in die werkplek (Freidson, 1994:61-63).

Beroepsprofessionalisering verswak egter rasionalisering en die administratiewe beginsel (Freidson, 1973:22-24; Freidson, 1994:61-63) sodat die professies beheer het oor alle aspekte van hulle beroep. Die strukturele verhouding tussen beroepe en hulle werksaamhede word dus nie bepaal deur die bestuur van 'n werksorganisasie (werkgewer) nie, maar deur die beroepsbeginsel inherent aan Durkheim se siening van die rol van die professies in die sosiokulturele opset: gesagsuitoefening oor werk deur die beroep self, in baie gevalle met die ondersteuning van die staat wat uitsluitende lisensiëring en jurisdiksie positief beoordeel (Freidson, 1994:65).

Indien die aktiwiteite van die professionele persoon gerasionaliseer kan word – afgebreek kan word in 'n reeks diskrete, eenvoudige handelinge wat diegene met minimale opleiding kan uitvoer, en wanneer gekoördineer en gerekonstitueer deur administratiewe gesag, resulteer in dieselfde uitkoms of produk van die professionele persoon – sou die professies geen rol en funksie in die postmoderne samelewing kan vervul nie (Freidson, 1973:35). Die postindustriële omwenteling sou bloot 'n verlenging wees van die rasionalisering van werk van produksie tot dienste waar administratiewe rasionalisering besturende gesag versterk.

Toenemende formele en maksimale **akademiese opleiding** vir gespesialiseerde beroepe is egter kenmerkend van die sosioprofessionele opset van die twintigste eeu, wat moet lei tot gespesialiseerde kennis en vaardighede, 'n beginsel inherent aan die kennissamelewing en bied die basis vir die professionele gesag van die professies (Freidson, 1973:36; 1994). Hierdie attribuut van gespesialiseerde kennis en vaardighede wat gepaardgaan met formele, maksimale tersiêre opleiding staan dan meer sentraal in die professionaliseringsprojek in die postmoderne samelewing.

Die vraag is waar die professionele ideaal hom in die een en twintigste eeu bevind as akademiese opleiding nie sy weg in die praktyk in vind nie (Abbott, 1988:53), as die insluiting van multivaardigheidsuitkomste in kurrikula bydra tot deprofessionalisering van die vertaalberoep (Ladmiral & Mériaud [23], 2005:30, in Séguinot, 2008:15), as kennis en vaardighede wat die vertaalproses bevorder nie intrinsiek deel is van vertaalkompetensie nie (Pym, 2003b); as "laervlak"-vertaalopleiding deur regerings gesanksioneer word (Díaz-Cintas, 2009) en in Suid-Afrika bepleit word (Marais, 2010).

Gegrond op die volmag en gesag van deskundige kennis en vaardighede impliseer professionalisering van 'n beroep die grondslag van outoriteit om 'n verdeling van arbeid te koördineer (Freidson, 1973:25; Freidson, 1994:61-63) om professionele standaarde daar te stel. Dit beteken dat die werk van verskillende beroepe in enige groot organisasie, soos byvoorbeeld 'n uitgewersmaatskappy, gekoördineer word rondom 'n professionele diens, soos vertaling en teksredaksie in die produksie van boeke. Koördinasie vind nie plaas deur bestuursbeplanning van die organisasie nie, maar deur die dominante professionele persoon in die arbeidsverdelingsproses, soos die professionele vertaler of teksredakteur, al sou so 'n individu deel uitmaak van 'n redaksionele span. Of 'n postmodernistiese werkbenadering hierdie beginsel wat gebaseer is op "toegeskrewe deskundige kennis en vaardighede" in teenstelling met administratiewe gesag" (soos Freidson, 1973:26 postuleer) die behoefte na professionele, gespesialiseerde diens in die gedrang kan bring, is te bevraagteken.

[23] Slegs in Frans beskikbaar (Ladmiral, J.-R. & M. Mériaud. 2005. Former des traducteurs: pour qui? pour quoi? *Meta*, 50(1): 28-35. Mars.

Wat betref die vooruitsigte vir die professionele projek: die toekoms van die professionele projek is nie net afhanklik van die status van beroepe se kennis en vaardighede nie, maar ook van die status van hulle professionele beroepsorganisasies, wat 'n onafhanklike en noodsaaklike, waarskynlik ontoereikende veranderlike (Freidson, 1973:36) is. 'n Beroepsliggaam is een van die eerste attribute wat beroepe tradisioneel verwesenlik en staan ook sentraal in die kognitiewe attribuutmodel.

Freidson (1973:37) koester die verwagting dat die intervensies van die beroepsorganisasie op sy minste 'n bolwerk kan bied teen die burokratisering van die professies en die uitbreiding van die beroepsbeginsel (beroepsprofessionalisering) vir die beheer van die professies tot die mate dat die postmoderne/postindustriële samelewing die professionele samelewing kan word.

Indien die postmoderne benadering tot die professies tot sy volle logiese konklusie deurgetrek word in 'n multitalige konteks soos Suid-Afrika en Vlaandere en die status quo van die professionele beroepsliggame krities beskou word ten opsigte van hulle effektiwiteit in die professionele projek, is die vraag: Hoekom by 'n professionele beroepsliggaam aansluit? Hoekom akkrediteer uberhaupt? (Beukes, 2011). Of pertinent gestel: Hoekom staat maak op die beroepsliggaam om te professionaliseer?

Dit bring die kwessie van taalpraktyk as aspirerende professie in 'n postmodernistiese konteks pertinent op die voorgrond.

3.5.7 Die postmodernisme en die taalpraktyk

Uit die talle diskoerse ("language games") van die postmodernisme/poststrukturalisme maak Lyotard (1984) die afleiding dat daar geen universele riglyne vir of afleidings uit die postmodernisme gemaak kan word nie. Vir 'n ondersoek na die professies in die konteks van die professionele projek van die taalberoepe onder bespreking bied dit egter teen die sosiokulturele agtergrond van die huidige tydsgewrig perspektief en 'n verhelderende insig in en moontlike verklaring vir die impasse van die professionalisering van die taalberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere.

Die postmodernisme met sy buigsame ondernemingsgees bevraagteken die vasgelegde, en waarskynlik uitgediende konseptualisering van sosiale strukture soos die professies en bied aan losser sosiale strukture soos beroepe wat nie tradisioneel as professies gedefinieer en erken word nie, die geleentheid tot herdefiniëring en sosiale mobiliteit: "Postmodernism involves the displacement of normatively regulated, more or less unwieldy societal institutions and organizations ... by smaller value inscribed, intensively bonded, more flexible cultural forms of life" (Lash, 2002:28). Dit gee tog aan die strewe van 'n inligtings- en dienssektor soos die taalberoepe die geleentheid om 'n funksionele rol te speel in die kennis- en inligtingsdeurdrenkte postmoderne samelewing, juis omdat die taalpraktyk sigself daartoe leen om in 'n veranderende beroepsomgewing te funksioneer (vergelyk 4.3.3).

As 'n sosioprofessionele instelling het die "klassiek gedefinieerde professie" hiervolgens nie meer ongekwalifiseerde bestaansreg of – op sy minste – aanspraak tot alleenreg op 'n spesifieke tipe werk in die postmoderne opset nie, omdat dit as 'n kategorie nie meer die duidelik afgebakende eienskappe, vaste grense en kohesie het wat vanuit die klassieke

teorieë daaraan toegedig is nie. Alle pogings van beroepe om te professionaliseer vanuit so 'n klassieke paradigma, sou gevolglik 'n bykans onhaalbare ideaal nastreef.

Taalpraktisyns is eeue lank al die agente in die vestiging van sosioprofessionele identiteite, taal en kultuur (Cronin, 2005:262; Delisle *et al*., 1995). In hierdie opsig het die taalpraktisyn in die hedendaagse opset steeds 'n bydrae te lewer in en 'n verantwoordelikheid teenoor die taalpraktyk, sowel as in die samelewing wat in 'n postmodernistiese werkskonteks verder strek as die streng professionele handeling van taalpraktyk self (vergelyk Castells, 1996:3):

> In a world of global flows of wealth, power and images, the search for identity, collective or individual, ascibed or constructed, becomes the fundamental source of social meaning. This is not a new trend, since identity ... has been at the roots of meaning since the dawn of human society. Yet identity is becoming the main, and sometimes the only, source of meaning in a historical period caracterized by widespread destructuring of organisations, deligitimation of institutions, fading away of major social movements, and ephemeral cultural expressions.

Huidige diskoerse in taalpraktykteorie probeer die tradisionele onsigbaarheid van die taalpraktisyn – wat in die postmoderne opset 'n identiteitskrisis is – beredder met die fokus op die habitus van die taalpraktisyn (onder andere Dam & Zethsen, 2008; Kotze, 1997; Meylaerts, 2011; Sela-Sheffy, 2005; Simeoni, 1998; Valero-Garcés, 2007) en die klem op die taalpraktisyn se rol as agent en akteur in multilinguistiese en sosiokulturele mediëringsprosesse (Bedeker & Feinauer, 2006; Chesterman, 2009; Kotze, 1997; Munday, 2008; Séguinot, 2008; Ulrych, 1999; Valero-Garcés, 2007).

Wat ook al die verwagtinge van die sigbaarheid van die taalpraktisyn mag wees, bly die taalpraktyk 'n intervensiehandeling (Carstens & Van de Poel, 2010; Séguinot, 2008:1) wat deur sosiokulturele norme, waardes en houdings beïnvloed word en onlosmaaklik verbind is met persepsies van professionele gedrag en etiese beginsels. Die mate van linguistiese "ingrype" in die mediëringsproses is 'n funksie van die veranderende beroepsomgewing in (en) die postmoderne opset waarin die taalpraktyk as aspirerende beroep beoefen word. Die hedendaagse fokus op linguistiese intervensie is dus 'n refleksie van die postmoderne lewenswyse en lewens- en wêreldbeskouing (Séguinot, 2008:1-2; vergelyk ook Friedman, 2007, en Olvera-Lobo *et al*., 2005) en 'n reaksie op die ontheemdheid van die postmodernisme en die diaspora van globalisering (Pym, 2004).

Die strukturalistiese beginsel van "taal as betekenisgewing" as "... a science of literature ... founded not on literary works themselves but on their intelligibility, the fact that they have been understood" (Barthes, 1966[24]:62; aangehaal deur Culler, 1989:223) – word in die poststrukturalisme 'n beginsel van "taal as mediëringsproses". Die implikasie is dat wetenskaplike besinning oor die professionele rol en funksie van die taalpraktyk gegrond moet wees in die sukses van die mediëringsproses – die produk of diens – wat berus op suksesvolle betekenisgewing in die relevante konteks (vertaling, teksredaksie, tolking, onderskrywing, oudiobeskrywing): "Taking meanings as given, poetics tries to identify the system of codes responsible for these accepted and acceptable meanings" (Culler, 1989:223). 'n Suksesvolle mediëringsproses is 'n funksie van suksesvolle betekenisgewing, postmodernisme al dan nie.

[24] Slegs in Frans beskikbaar.

Hoewel huidige taalpraktykteoretiese diskoerse die rol en noodsaaklike funksie van die taalpraktisyn in die postmoderne opset beklemtoon, wys Séguinot (2008:2) op die ironie van kontrawerkende bestuurspraktyke van die postmoderne beroepswêreld waar erkenning wat gepaardgaan met identifikasie met die produk van arbeid, begrens word.

3.5.8 Kritiek teen die postmodernisme

Postmodernisme is nie "'n nuwe teorie" nie, die strekking daarvan is reeds vervat in Nietzsche se werk: "We have to admit either that postmodernism has been around for a very long time, or that modernism has contained within itself, for quite a long time, a postmodern dimension" (Sarup, 1996:103).

Vir Giddens (1990) is die postmodernisme dan 'n "geradikaliseerde moderniteit": 'n moderniteit wat tot 'n vergelyk kom met sy eie intrinsieke reflektiwiteit. Die Verligtingsprojek van die moderniteit met sy intellektuele instrumente van die rede en progressie was tot 'n mate 'n industriële, kapitalistiese, Westerse projek wat ander kulture gedomineer het.

Die postmodernisme spreek hom onomwonde uit teen die metanarratiewe – die grootse intellektuele teorieë – van die modernisme, maar is die postmodernisme nie óók so 'n teorie nie? Dit maak ook aanspraak op intellektuele en sosiale indeterminisme, maar sy selfdefinisie verleen onvermydelik 'n mate van eenheid en koherensie aan sosiale evolusie, terwyl eenheid, koherensie en sosiale evolusie juis die waardes is wat die postmodernisme wil misken.

Dekonstruksie en poststrukturalisme wil aantoon hoe die hantering van strukturalistiese betekenis ondermyn word deur die teorie wat dit onderlê, en as strukturele gegewe nie die grondslag ("foundations") is nie, maar voorwaardelike uitgangpunte ("provisional starting points"). Dit beteken egter nie dat dekonstruksie en poststrukturalisme nie ook funksioneer vanuit voorwaardelike uitgangpunte nie (Culler, 1989:224-225).

Jackson (1991:152) spreek hom as volg teen die poststrukturalisme uit:

> Post-structuralism is not a coherent theoretical position, even in the very limited sense in which structuralism was ... Structuralism at least had consious adherents, who knew precicely what they were practising and gave it that name. Post-structuralism on the other hand was not a position anybody claimed to hold. It was a name the newspapers gave to what certain famous structuralists started to do, after they had ceased to take the structuralist model seriously; and what other people did, who had never been structuralists at all.

3.5.9 Terugskouing

Postmodernisme en poststrukturalisme is inherent verweef met modernisme en strukturalisme (Hutcheon, 1988:37) en word beskryf as die "state of our culture following the transformations which, since the end of the nineteenth century, have altered the game rules for science, literature and the arts (Lyotard, 1984:xxiii, 3). Die talle diskoerse van moderniteit en postmoderniteit omvat 'n verskeidenheid onderwerpe met betrekking tot ekonomiese, politieke, sosiale, professionele en kulturele transformasies.

Die postmodernisme verdedig en motiveer die bestaansreg van 'n prototipebenadering tot professionaliseringsaktiwiteite van die taalpraktyk as beroep – soos in Hoofstuk 2 uiteengesit

– en die uitgangpunt dat sommige kenmerke van professie belangriker is as ander vir ’n aspirerende professie soos die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere, veral beskou teen die huidige postmoderne, postindustriële sosiokulturele en ekonomiese opset. Dit regverdig ook die strewe van enige beroep na professionele erkenning in die konteks van die kwaliteitskontrole van diens.

Uitgedruk in terme van attribute van professie staan die diensaspek en kennis in terme van inligtingsoordrag sentraal in die postmoderne opset (vergelyk ook Cronin, 2004:16). Die toenemende **vraag na diens** hou egter nie direk verband met ’n noodwendigheid van ’n taalpraktyk as professie nie. Die fokus van die professionele projek verskuif in die postmoderne samelewing van die geïnstitusionaliseerde karakter van professie na ’n groter klem op diens, en die toenemende wenslikheid en aanwending van diens (3.5.3; 3.5.4; 3.5.5). In teenstelling hiermee staan die demokratisering en demistifisering van kennis, verwerf deur opleiding wat oorvloedig beskikbaar is, wat tot gevolg het dat die sogenaamde esoteriese kennis van, byvoorbeeld, die mediese en regsberoep nie meer so eksklusief is nie. Die deprofessionalisering van die teologiese bedieningsberoep (soos beskryf deur Beckford & Demerath, 2007:310-312; Horii, 2006) wat konvensioneel staatgemaak het op uitsluitende kennis van die klassieke tale om die Bybel te verstaan en die Evangelie te versprei, is ’n sprekende voorbeeld van die demistifisering van kennis. Tersiêre opleiding in die hedendaagse samelewing is gewoon binne die bereik van dese en gene waar die klem nie noodwendig op hoë standaarde van kennisverwerwing lê nie.

3.6 Hoofstuksamevatting

3.6.1 Hoofstukterugskouing

In 3.2 is ’n oorsig gegee oor die literatuur van die bestaande onderbou van die teorie van die professies – die verdeling van werk – ten einde die huidige stand van sake ten opsigte van die sosiale aard en funksie van die professies te ondersoek ten opsigte van die verdeling van werk in die samelewing.

Ter opsomming die volgende opmerkings ten opsigte van die verdeling van werk en die opkoms van die professies oor die afgelope twee eeue:

- Die ontstaan en verloop van die toenemende verskynsel van die verdeling van arbeid en die onderskeid wat progressief in die sosioprofessionele opset na vore tree tussen beroep en ’n professie is ’n kenmerkende sosiale verskynsel in ontwikkelende en industriële gemeenskappe.
- Die impak wat die klassieke professies gedurende die twintigste eeu op die samelewing het, word weerspieël in die strewe van beroepe wat aspireer na dieselfde prestige kenmerkend aan die drie tradisioneel-erkende Westerse professies: regte, medisyne, en die teologiese bediening.
- Hierdie toenemende strewe van beroepe na professionele status het op sy beurt tot gevolg ’n intense belangstelling van sosiale wetenskaplikes in die professionele verskynsel as die oorwegende strukturele ontwikkeling in die twintigste-eeuse samelewing en die belangrikste enkele komponent in die struktuur van die postmoderne samelewing.

Die implikasie is dat die opkoms, belang en funksie van die professies as 'n sosiale verskynsel slegs na wense bestudeer en deurgrond kan word as 'n produk van die samelewing waarin só 'n verskynsel sy oorsprong het, wat as agtergrond tot die professionele verskynsel in 3.3 – die sosiologie en die professies – ter sprake gekom het.

Die bespreking ten opsigte van hierdie kwessie bied die rasionaal vir 'n sosiologiese benadering tot professie en professionalisering (vir die professionele projek van die taalberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere) teen die agtergrond van die sosioprofessionele en politieke opset waarin beroepe na professionele status strewe. Die sosiale posisie van die professies en die rol wat dié groepe in die industriële en postindustriële samelewing vervul, hetsy ekonomies, maatskaplik of polities is ook kortliks bepreek.

Dit blyk dat die sosiale aard van die professies wat fokus op die unieke rol en funksies van die professies in industriële samelewings grootliks van die baan geskuif word (Johnson, 1972:11). In 'n poging om die rol wat die professies in die samelewingsopset speel te deurgrond – hetsy ekonomies, maatskaplik of polities – is dié vraag beperk en afgewater tot definisiegeskille en statuskwessies. Die resultaat hiervan weerspieël die hiate in die sosiologiese teoretisering van die professies ten opsigte van die "... widening gap between research and the theoretical problems suggested by the phenomenal growth of the professions and the implications of this growth for the changing distribution of power in industrial societies" (Johnson, 1972:12).

Dit blyk ook dat die sosiopolitieke konteks waarteen die strewe na professionalisering van 'n beroep hom afspeel toenemend 'n deurslaggewende faktor word in die sukses van die professionele projek, al dan nie. Die sosiopolitieke kultuur word dan een van die vernaamste struikelblokke waarmee die professionele projek te kampe kry, 'n aspek wat in Hoofstuk 4 in meer besonderhede bespreek word.

In 3.4 het die verskillende sosiologiese benaderings ter sprake gekom ten einde die kernaspekte daarvan te koppel aan die attribuutmodel wat in Hoofstuk 2 ontwikkel is.

Die **funksionele benadering** soos vervat in Émile Durkheim se teorie beskou die samelewing as geheel en beklemtoon die bydrae van sosiale aktiwiteite (soos dié van die professies) tot die voordeel van die samelewing; **konflikteorie** fokus op die studie van uitbuiting in die konteks van Karl Marx se konsep van ongelyke klassestand; en **interaksionisme**, in die konteks van die teorie van Max Weber, beklemtoon die interaksie tussen individue in groepe, en fokus dus nie op die samelewing as geheel nie.

Vanuit die sosiologie beskryf die funksionalisme enige sosiale struktuur as 'n instelling wat ontwikkel het uit die behoeftes van die samelewing. Die essensie van dié benadering van belang vir (aspirerende) professionele groepe is die veronderstelling dat die welsyn (en welvaart) van die samelewing gebaseer is op die harmonie tussen verskillende beroepsgroepe onderling, tussen beroepsgroepe en die samelewing, hulle funksies, en die orde, organisasie en kohesie wat daarmee gepaard (sou) gaan (Giddens, 2006:20-21).

Die aksente van 'n verenigende, behoudende potensiaal in Durkheim se funksionele benadering soos vertaal na die attribuutmodel val dan op attribute soos **altruïstiese diens**, behoud van die **norme en waardes** van die samelewing – 'n **etiese** funksie wat ook 'n relevante beroepsliggaam impliseer – en die vertrouensverhouding tussen die professies en

die samelewing tot die **welsyn** en **solidariteit** in die gemeenskapslewe. In die funksionele benadering impliseer hierdie attribute professionele **outonomiteit.**

Hoewel Grint (2005:107) Weber se interaksionele benadering tot die sosiologie van werk sien as "... a flawed but innovative account of the significance of interpretative sociology", verteenwoordig hy, soos Marx en Durkheim "... a critical figure in the development of the sociology of work and his heritage of writings on rationalization, bureaucracy, and the significance of the individual as an interpretative actor whose actions often have unintended consequences, are a mainstay of contemporary approaches" (Grint, 2005:107).

Max Weber se interaksionistiese benadering tot die professies kom neer op die attribute van **uitsluiting** en **marksluiting**, 'n **markmonopolie** met gepaardgaande **toegangsbeheer** en 'n **monopolie op vergoeding**. Eksklusiwiteit in professionaliseringprojekte is gebaseer op die daarstelling van grense wat toegang tot 'n spesifieke professie verleen aan geskikte kandidate en tegelykertyd ongewenste kandidate uitsluit. Dit sou outonomiteit, **gespesialiseerde opleiding**, **kennis** en **vaardighede** as attribute impliseer.

Die konflikteorie van Karl Marx skryf in wese alle humanitêre pogings, altruïsme, siviele regte, en ander positiewe aspekte van die samelewing toe aan die bevordering van rykdom, prestige, outonomie, eie belang en magsuitbreiding ten koste van Jan en San Alleman. Die professies word dan magsgroepe daarop uit om die massas te beheer, en hulle optrede en aktiwiteite is nie toegespits op die belange en behoud van die samelewing, of die algemene sosiale orde nie.

Die konflikbenadering tot die professies vertaal dan grootliks na die attribute van **mag**, **gesag**, **uitbuiting**, **monopolie, vergoeding** en **beheer** tot die mate dat professionele dienste nadelig is vir die samelewing omdat dat sekere groepe bevoordeel ten koste van ander.

Die teoretiese beginsels van die klassieke denkers ten opsigte van die sosiologie van die professies – Durkheim, Marx, Weber – het hulle beslag gevind in tye van omvangryke sosiale, politieke en ekonomiese omwentelinge. Omvangryke sosiale, politieke en ekonomiese omwentelinge is tans ook kenmerkend van die sosiale, politieke en ekonomiese omwentelinge in Suid-Afrika en Vlaandere wat dienooreenkomstige aanpassings verg: "We are now living through a period of global transition that is probably just as profound – and is much more widely felt across the world – as any in earlier times. We need to develop new theories to understand the new developments, which are transforming our societies today." (Giddens, 2006:123-124)".

Die postmodernisme bied as heuristiese benadering die geleentheid tot 'n ondersoek na relevante teorieë vir veranderde sosiokulturele omstandighede. Vanuit die postmodernisme berus die toekoms van die professies op professionele **outonomiteit** en gesag inherent aan die **diensaspek** van **gespesialiseerde kennis en vaardighede**, tesame met die impetus van die **beroepsliggaam** (vergelyk die bespreking in 4.6). Die kenmerke wat hiervolgens in die kognitiewe attribuutmodel deurslaggewend is, is outonomiteit en gespesialiseerde kennis wat hand aan hand gaan met sertifisering en werksetiek. Die professionele projek word dus suksesvol voltooi slegs indien en wanneer hierdie attribute realiseer.

3.6.2 Vooruitskouing

Die vraag wat sigself op hierdie stadium van die bespreking voordoen, is: Watter verwagtinge rolspelers in die professionele projek van die taalpraktyk kan hê (a priori) ten opsigte van die verloop en afloop van dié ideaal.

Die attribute van professie wat op die taalpraktyk van toepassing is, is in 'n neutedop:

1. sanksionering impliseer **outonomiteit**: funksionele beheer oor hoogsgeskoolde beroepsaktiwiteite en 'n persoonlike werksetiek wat min ruimte laat vir foutering;
2. **monopolie:** bewerkstellig en handhaaf marksluiting en alleenreg in die taalpraktykmark;
3. **opleiding**: intellektueel-gespesialiseerd en praktykgerig vanuit 'n gestandaardiseerde, goedomskrewe, teoretiese en wetenskaplik-gefundeerde kennisbasis;
4. **beroepsorganisasie:** beheer toetrede tot en lidmaatskap van die beroep; bepaal en handhaaf dissipline, norme en standaarde vir beroepsbevoegdheid;
5. **vergoeding:** weerspieël die kompleksie verhouding tussen rendibiliteit die diensideaal van gespesialiseerde, maar altruïstiese diens.

Uit die samevattende bespreking van die attribute van professie soos dit in die verskillende benaderings vertaal na die prototipemodel, word dit duidelik dat die realisering van sommige van hierdie attribute, wat betref die taalpraktyk, onder druk staan, en die realisering van ander attribute moontlik 'n beter kans op sukses het. Die algemene verwagting is dat attribute soos marksluiting en monopolie, gestandaardiseerde vergoeding en gestandaardiseerde opleiding moontlik onder skoot kom, terwyl outonomie op 'n ander wyse as deur middel van tradisionele staatsanksionering bewerkstellig sal moet word, moontlik deur middel van eksaminering, akkreditering, sertifisering en/of diplomering. Die altruïstiese diensideaal en 'n persoonlike werksetiek wat min ruimte laat vir foutering raak toenemend die verantwoordelikheid van die taalpraktisyn self omdat die normerende rol van die beroepsliggaam ook omstrede raak, veral in die Suid-Afrikaanse konteks, soos dit in 4.3.7 duidelik word alhoewel die attribuut van 'n professionele beroepsliggaam sentraal staan in die kognitiewe model van professie.

Hierdie algemene verwagtinge plaas die bespreking ten opsigte van die veranderende beroepswêreld waarin die taalpraktisyn sigself bevind sentraal, sodat daar nie goedsmoeds na alle oorsake van die huidige toedrag van sake binne die taalpraktyk as sogenaamde struikelblokke gesoek moet word nie, maar meet waar die samelewing en intellektuele klimaat effekte het waaraan die taalpraktyk (ook) nie kan ontsnap nie.

Met die oog op die eise wat die huidige sosio- en taalpolitieke samelewing aan die verskaffers van taaldienste sowel as aan die verbruikers van taaldienste stel, behoort die taalberoepe opnuut hulle strewe na professionalisering en veronderstelde professionele status te herevalueer, en te herbesin oor die mate waarin hulle sowel as die relevante professionele beroepsliggame as georganiseerde beroepsorganisasies bydra tot die ontwikkeling en bevordering van dienslewering, orde, stabiliteit, menswaardigheid, vryheid van keuse en gelykheid al dan nie, in die postmoderne samelewing.

A man's work is one of the more important parts of his social identity, of his self, indeed, of his fate in the one life he has to live …

~ **Everett C Hughes** ~

The language practitioner ... fulfils a central position in the mediation of communicative, pragmatic and semiotic meaning.

~ **B. Hatim & I. Mason** ~

There are dozens of people who are doing the same thing you are doing, and they are trying to do it better…If there is a skilled person in Timbuktu, he will get work if he knows how to access the rest of the world, which is quite easy today. You can make a Web site and have an email address and you are up and running. And if you are able to demonstrate your work, using the same infrastructure, and if people are comfortable giving work to you, and if you are diligent and clean in your transactions, then you are in business.

~ Thomas L Friedman ~

There are many with diplomas on their walls who are not fit [to practice] … [T]here are as many *certified* charlatans and exploiters of people as there are uncertified… Certification is *not* equivalent to competence…, [and] tight professional standards *do not*, to more than a minimal degree, shut out the exploiters and the charlatans ...

~ Carl Rogers ~

... a powerful profession is characterized by a powerful association. Therefore the power the association are able to wield demonstrates the stage of professionalization ...

~Joseph Tseng ~

Perhaps more than other professionals, translators are feeling the long-term changes brought about by the information age. The snowballing acceleration of available information, the increase in intercultural encounters, and the continuing virtualisation of private and business life have resulted in drastic and lasting changes in the way translators work.

~ F. Austermühl ~

HOOFSTUK 4

Die beroepsomgewing: die toekoms van taalpraktyk as professie

Professionalization is not an innocent activity.
To organize as a profession is to deliberately enter politics and the culture wars.

~ Stephanie Jo Kent ~

4.1 Inleiding

4.1.1 Die professionele status van die taalpraktisyn in perspektief

Die professionele status van taalpraktisyns bly oor die afgelope dekade wêreldwyd grootliks dié van 'n ongereguleerde, ongedefinieerde, ongestruktureerde, marginale, professioneel-miskende, onsigbare beroep (Bell, 2000; Katan, 2009; Muylle, 2011; Sela-Sheffy, 2010:132; Sela-Sheffy & Shlesinger, 2011; Sela-Sheffy & Shlesinger, 2009:123; Stejskal, 2005; Venuti, 2008) ten spyte daarvan dat daar wêreldwyd 'n toenemende vraag na taalpraktisyns is (Muylle, 2008, 2011; Olvera-Lobo *et al*., 2005; Sela-Sheffy, 2010:133), vryskut al dan nie.

Die gevestigde posisie van die taalpraktisyn in die tradisionele werksopset (Kotze, 1997; A. Kruger, 2006; Law & Kruger, 2009; Muylle, 2008:10) sowel as die aktiewe rol wat die taalpraktisyn as kulturele mediator speel in die hedendaagse multikulturele, veranderde en steeds veranderende samelewing (Muylle, 2008; Olvera-Lobo *et al*., 2005; Sela-Sheffy, 2010:133), dui op die noodsaak van gewettigde professionele beroepstatus van die taalpraktisyn in die huidige samelewing.

Alhoewel daar oënskynlik 'n groot mate van bewustheid van die noodsaak van professionalisering van die taalpraktyk oor die algemeen is (Stejskal, 2005; vergelyk ook Hoofstuk 1), en die professionele projek van enkele individuele beroepe wel in sommige lande sy loop neem (Stejskal, 2005), wil dit voorkom of die proses grootliks tans op die lange baan geskuif is (Sela-Sheffy, 2010:135). Die moontlikheid bestaan dat daar verskeie struikelblokke geïdentifiseer kan word wat 'n rol te speel het in die sukkelgang van die

professionaliseringsproses van die taalpraktyk. Die moontlikheid bestaan ook dat gewaande struikelblokke soos dit uit die literatuur na vore tree in die veranderde en steeds veranderende beroepsomgewing as bemiddelende faktore kan funksioneer.

Daar word beoog om met die bespreking in hierdie hoofstuk die aard en oorsaak van moontlike struikelblokke of kataliste in perspektief te stel en te bepaal watter uitwerking dit op die beroepsomgewing en professionaliseringsproses van die taalpraktisyn het.

Terselfdertyd word beoog om die ontwikkeling op die pad na professionalisering te beklemtoon, met ander woorde om vas te stel watter struikelblokke reeds uit die weg geruim is, indien wel en hoe dit tot uitvoer gebring is. Sodoende kan bepaal word aan watter attribute van professie die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere voldoen en watter attribute gekoppel word aan struikelblokke wat die professionaliseringsproses vertraag.

4.1.2 Terugskouing en kontekstualisering

In Hoofstuk 2 is uit die retoriek van die sosiologie van die professies oor die afgelope dekades 'n prototipemodel ontwikkel vir die taalberoepe as professionele verskynsel, sowel as vir 'n professionele projek wat professionele beroepstatus vir die taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere veronderstel. Die attribuutmodel word dus 'n tipe soekenjin waarmee bestaande inligting deursoek word om vas te stel hoe ver die professionaliserings-proses van die taalpraktyk gevorder het.

Hierdie model dien dan tegelykertyd:

- as die prototipe vir die taalpraktyk as professie waarteen attribute – of die gebrek daaraan – gemeet kan word;
- as die onderbou waarvolgens die struikelblokke en/of kataliste tot professionalisering geïdentifiseer kan word, en
- as model vir die ontwikkeling van aanbevelings vir die professionalisering van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere.

Inherent aan hierdie model is die veronderstelling van attribute van outonomiteit en monopolie op dienste, gebaseer op gevorderde kennis en vaardighede en 'n professionele houding wat spruit uit gestandaardiseerde en voortgesette opleiding toegespits op die mediasie, remediëring en bevordering van dienste en produkte binne die nodige etiese beroepsraamwerk (vergelyk die bespreking in Hoofstuk 2).

Die implikasie van hierdie veronderstelling vir die taalberoepe is dat gestandaardiseerde, gerigte en gespesialiseerde opleiding, kennis en tegniese vaardighede, bepaalde prestasie-vereistes, spesifieke werksomstandighede, en 'n kenmerkende beroepsetiek 'n saak van erns in die sosioprofessionele praktyk is of behoort te wees: die kwaliteit van die kommunikasie-proses en die geslaagdheid van die kommunikasieproses, taalproduk, en boodskap ter sprake, is onderhewig aan die kwaliteit van die **taalvaardighede** van die taalpraktisyn.

Hierdie kenmerkende eienskappe van professie skep die parameters en voorwaardes vir professionele status van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere, maar presenteer terselfdertyd as (sommige van) die struikelblokke tot professionalisering. Inherent aan die attribute wat "professionele status" veronderstel, is gevolglik ook die struikelblokke vervat wat

uit die weg geruim moet word voordat die professionele erkenning en status van die taalpraktisyn 'n realiteit kan word.

Daar word vir die doeleindes van hierdie bespreking onderskei tussen die konsep "professie" en die konsep "professionele status".

"Professie" impliseer dat 'n beroep aan sekere attribute voldoen (soos dit uit die literatuur duidelik word en in Hoofstuk 2 onder die loep geneem is). "Professionele status" gaan gepaard met "professionele beroepserkenning"[1] of sanksionering, wat vir die taalpraktyk wêreldwyd op drie moontlike wyses plaasvind: erkenning en professionalisering deur 'n regering, deur 'n akademiese opleidingsinstansie, of deur 'n professionele beroepsliggaam (Burrage *et al.*, 1990; Rose, 1983; Stejskal, 2002; 2003a; 2003b; 2005:3). Hierdie verwikkelde en interaktiewe prosesse word in die loop van hierdie hoofstuk in meer besonderhede bespreek.

Die verloop van die professionele projek vir die taalpraktyk is die gevolg van 'n wisselwerking tussen verskeie rolspelers en 'n reeks besluite, stappe en gebeurtenisse in 'n gegewe institusionele klimaat en beroepsomgewing, wat 'n positiewe sowel as 'n negatiewe uitwerking het op die proses van professionalisering (vergelyk Burrage *et al.*, 1990).

Verwikkelinge wat moontlik 'n positiewe uitwerking op die professionaliseringsproses van die taalpraktyk kan hê, soos dit in hierdie hoofstuk ter sprake kom, is:

- suksesvolle uitkomste en vordering ten opsigte van professionaliseringsinisiatiewe en professionaliseringsprosesse van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere, maar ook in ander lande, wat aanleiding gegee het tot ('n mate van) erkenning van professionele status vir taalpraktisyns, indien wel;
- die klem wat die Europese Unie en die Afrika-Unie plaas op opleiding wat die professionalisering van die taalberoepe kan verhaas, veral ten opsigte van die erkenning van beroepstitels, en gestandaardiseerde, beroepsgerigte opleiding om professionele taalpraktisyns toe te rus vir die rol van taalmediators, en
- die rol wat 'n veranderende beroepsomgewing speel om impetus te verleen aan die professionele projek.

4.1.3 Struikelblokke en kataliste in die professionaliseringsproses

In die loop van hierdie hoofstuk word die volgende moontlikhede ondersoek as struikelblokke en kataliste ten opsigte van die voortslepende gebrek aan professionele erkenning vir taalpraktisyns:

- Watter rol speel die sosiopolitieke klimaat – soos byvoorbeeld die onopgeloste Belgiese taalstryd (vergelyk die bespreking in 4.5.5) en die sosiale transformasie in Suid-Afrika – in die verloop van die professionele projek en in die erkenning en ondersteuning van die professionele beroepsliggaam as statutêre liggaam en gevolglike regeringsanksionering vir professionele status vir taalpraktisyns?
- Dra die nieprofessionele aard van beroepsliggame nie by tot markwanorde en die huidige sukkelgang van die professionaliseringsproses van die taalberoepe nie?

[1] In Engels word die woord "credentialing" gebruik: die proses waardeur die werksaamhede, legitimiteit en kwalifikasies van gelisensieerde professionele praktisyns en lede van organisasies bepaal en bevestig word.

- Dra die (negatiewe of louwarm) houding van taalpraktisyns ten opsigte van die moeilike proses van professionele status soos hierbo veronderstel, nie by tot die trae gang van die professionaliseringsproses en die gepaardgaande beroeps- en praktykonverbondenheid in 'n "free for all"-, laissez-aller-mark nie? Is taalpraktisyns bereid om die toewyding aan die dag lê om van hulle beroep 'n professie te maak?
- Hoe dra ander rolspelers en/of interne sowel as eksterne sosiale, ekonomiese en politieke faktore by tot die voortslepende toestand van gebrek aan professionalisering en die gepaardgaande markwanorde?
- Wat is die impak van elektroniese kommunikasie en rekenarisering van, byvoorbeeld masjienvertaling en spelkontrolering, op die beroepspraktyke van taalpraktisyns?

Wie of wat verteenwoordig dus struikelblokke tot, weerstand teenoor, en wanopvattings ten opsigte van die taalberoepe, sowel as die strewe na professionalisering van die taalberoepe? Wat gee aanleiding tot hierdie verskynsels, en hoe en tot watter mate kan hierdie struikelblokke, weerstand en wanopvattings uit die weg geruim word?

Die veronderstelling is dat daar algemene, universele problematiese aspekte kenmerkend van enige beroepsprofessionaliseringsproses is, sowel as spesifieke aspekte uniek aan die taalprofessies in die Suid-Afrikaanse en Vlaamse sosiale opset wat die professionaliserings-proses beïnvloed, positief sowel as negatief, intern sowel as ekstern.

Die kern van die vraag na die oënskynlike "suspension of this process" (Sela-Sheffy, 2010:134) in die verloop van die professionaliseringsproses van die taalberoepe kan gesien word as 'n komplekse wisselwerking tussen die interne en eksterne gegewe van die konteks waarin die proses hom afspeel:

- Ondervind die taalberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere soveel eksterne weerstand vanuit die gesagsoorwig in die groter sosiale opset dat hierdie eksterne dinamika professionalisering onhaalbaar maak?
- Lê die probleem moontlik in die beroepsgeledere van die taalpraktyk self? Die interne dinamika van 'n beroep manifesteer in die beeld wat dit aan die samelewing voorhou. Rolspelers in hierdie proses dra kollektief die verantwoordelikheid vir die verloop en sukses al dan nie van die professionele projek. Rolspelers is:
  - die beroepsliggame en hulle greep op die professionele projek, veral ten opsigte van opleiding, verteenwoordiging en 'n afdwingbare etiese kode;
  - kurrikulumskeppers en akademici se benaderingswyse en aktiwiteite ten opsigte van beroepsgerigte en gestandaardiseerde opleiding;
  - taalpraktisyns en hulle houding ten opsigte van kollektiewe sosiale mobiliteit en die strewe na professionalisering; 'n gebrek aan kennis van marktoestande, markbehoeftes en markvereistes; leemtes in etiek; 'n onwilligheid tot en apatie teenoor professionele sertifisering, voortgesette opleiding, akkreditering en registrasie; 'n ongeërgdheid ten opsigte van kwaliteitdiens?

Die professionaliseringsproses van die taalberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere blyk 'n komplekse dinamiese proses op verskeie vlakke van benadering en daadwerklike optrede te wees, wat uiteenval in 'n eksterne sowel as 'n interne dinamika van verskillende interaktiewe faktore in die professionaliseringsproses.

Die ironie is dat taalpraktisyns beheer het oor die interne dinamika van die professionaliseringsproses én die taalpraktyk potensieel die attribute het om die eksterne dinamika te hanteer, en te professionaliseer (vergelyk Hoofstuk 2), en dus oor die "rou materiaal" beskik om professionele status te ontwikkel en te handhaaf, wat die grondslag vorm van professionele mobiliteit. Hierdie rou materiaal tot die beskikking van taalpraktisyns is veral geleë in die waarde van kwaliteit- en voortgesette opleiding, kwaliteitdiens, 'n individuele en kollektiewe etiek, erns met akkreditering, die vermoë en moed van hulle oortuiging om die veranderende beroepsomgewing tot eie voordeel sowel as dié van die beroep te gebruik.

Die struikelblokke en/of kataliste in die professionele projek van die taalpraktyk en die moontlike redes daaragter word in hierdie hoofstuk bespreek teen die agtergrond van:

- die institusionele klimaat waarin die proses hom bevind;
- die sosio-ekonomiese klimaat waarin die proses plaasvind;
- die persepsie van waarde waarmee die proses gepaard gaan;
- die sosio-ekonomiese faktore wat die proses beïnvloed;
- die statutêre konteks wat tradisioneel sanksionering bewerkstellig;
- die rol van die beroepsliggaam as kollektiewe beelddraer, en
- die stand en omvang van opleiding as deurslaggewende faktor in die model van professie.

Vervolgens word die struikelblokke en/of kataliserende faktore tot professionalisering van taalpraktisyns in Suid-Afrika van nader beskou binne die gegewe van die institusionele en sosio-ekonomiese klimaat, persepsies van waarde, die statutêre konteks, die rol wat die beroepsliggaam speel en die belang van opleiding as faktore wat 'n impak het op die proses van die professionele projek. Die bespreking geskied binne die attribuutraamwerk van die prototipemodel van professie wat in Hoofstuk 2 vir die taalpraktyk ontwikkel is.

Aan die einde van elke afdeling sal aangetoon word watter attribute van professie reeds kenmerkend is van die beroepsopset van die taalpraktisyn en watter attribute tekortskiet. In die geval van attribute wat tekortskiet, sal die redes van struikelblokke wat die realisering van die attribuut verhinder, uit beskikbare inligting in argivale bronne verklaar word.

Die doel met die bespreking is dus nie net om die (redes vir en agtergrond tot die) struikelblokke te identifiseer en te deurgrond nie, maar ook om die aanvoorwerk te doen vir die ontwikkeling van 'n professionaliseringsmodel uit die tersaaklike gevolgtrekkings in hierdie verband, om die ideaal van die professionele status van die taalpraktisyn op die radar van professie te plaas.

Die heersende institusionele klimaat in die beroepswêreld oor die algemeen bepaal die gegewe beroepsomgewing – sosioprofessioneel, sosio-ekonomies, sosiopolities, sosio-tegnologies – van die professionele projek van die taalpraktyk. Die moontlikheid bestaan dat die aktuele (taalpolities-gedrewe, burokratiese, postmoderne en tegnologies-gevorderde) beroepsomgewing die tradisionele, klassieke konsep van professie onder druk plaas, met die implikasie dat "professie" getransformeer (kan) word in 'n eietydse prototipekonstruk.

Verskynsels kenmerkend van die **institusionele klimaat** in Suid-Afrika en Vlaandere waarin die professionele projek van die taalpraktyk plaasvind, is die sosiopolitieke gegewe, die nieprofessionele opset in hedendaagse formele, burokratiese werksorganisasies en vryskut-taalpraktyk as postmoderne beroepsverskynsel.

Die deurgronding van die struikelblokke van die professionele projek van die taalpraktyk neem vervolgens 'n aanvang met 'n bespreking van die institusionele klimaat waarin hierdie proses hom afspeel, teen die agtergrond van die heersende tendens na veranderde en veranderende beroepsomgewings, 'n omgewing wat oor die algemeen bekend staan as "markwanorde" (Bell, 2000; Tseng, 1992).

4.2 Die institusionele klimaat waarin die professionaliseringsproses afspeel

4.2.1 Inleiding

Ter sprake in hierdie afdeling is die hedendaagse sosiopolitieke en kulturele gegewe, die nie-professionele opset in die formele, burokratiese werksorganisasie, en vryskuttaalpraktyk as eietydse ekonomies-verwante postmoderne verskynsel in die institusionele klimaat. Die bespreking vind plaas teen die agtergrond van die volgende sake:

- die attribute van professie ter sprake in elke onderafdeling;
- die mate waartoe die sosiopolitieke gegewe, die burokratiese opset en die vryskutverskynsel in die institusionele klimaat die ontluiking van die taalprofessie as struikelblokke belemmer of as kataliste ander geleenthede skep, en die implikasies daarvan.

Die **eerste** institusionele gegewe wat 'n invloed het op die professionaliseringsproses van die taalpraktyk, is die **sosiopolitieke en kulturele samehang** waarin die taalberoepe as geheel funksioneer. Die komplekse sosiokulturele agtergrond, 'n geskiedenis van taalpolitiese struweling in 'n multitalige samelewing, politieke inskiklikheid en (on)verdraagsaamheid, en die kwessie van taalregte, bied 'n raamwerk waarbinne die verwikkeldheid van die institusionele klimaat van die professionaliseringsproses van die taalpraktyk ter sprake vervolgens toegelig word.

4.2.2 Die politiek van die professionele projek in die sosiokulturele opset

4.2.2.1 Professionalisering: 'n taalpolitieke en kulturele stryd

Professionalisering is nie 'n projek wat ligtelik aangepak moet word nie: "To organize as a profession is to deliberately enter politics and the culture wars" (Kent, 2007:193). Die kulturele en sosiopolitieke konteks waarin die professionaliseringsproses van 'n beroep hom afspeel, kan beskou word as 'n noodwendige gegewe wat aan die professionele projek impetus gee.

In komplekse sosiale taalgemeenskappe soos Suid-Afrika en Vlaandere is dit onafwendbaar dat die taalpolitieke gegewe wat die verloop van die professionele projek van die taalpraktyk

sal bepaal. Taalpolitieke[2] ideologieë en/of bemoeienis speel gewoonlik 'n deurslaggewende rol in die professionalisering van 'n beroep, veral in die konteks van die meesterverhale en ideale van die modernisme: die funksionalisme, die interaksionisme en die Marxisme (vergelyk onder andere Abraham & Weston, 2004; Curnow & McGonigle, 2006; Durkheim, 1933/1893; Freidson, 2001; Heidenheimer, 1989; Krause, 1996; Neal & Morgan, 2000; Stejskal, 2005; Szreter, 1993; Torstendahl & Burrage, 1990).

In multitalige lande kan die taalpolitieke realiteit lei tot 'n voortslepende geding wat nie net direk die hele kwessie van die implementering van 'n funksionele taalbeleid op 'n dwaalweg stuur nie, soos tans die geval in postapartheid-Suid-Afrika, maar dié gegewe kan ook instrumenteel wees in die kwalitatiewe verloop van die professionele projek van die taalpraktyk ter sprake.

Die kwessies wat in hierdie subafdeling ter sprake kom, is:

- Watter attribute van professionalisering lê binne die sosiopolitieke en kulturele konteks?
- Hoe belemmer die gegewe sosiopolitieke en kulturele kragte die realisering van hierdie attribute?

In die konteks van hierdie bespreking hou die sosiopolitieke en kulturele konteks verband met die volgende struikelblokke:

- Suid-Afrika en Vlaandere as multitalige lande en die geleenthede wat tans bestaan vir multitalige taalbeleidsoplossings, naamlik die simboliese versus die funksionele oplossing;
- politieke inskiklikheid, en
- taalregte as 'n regskonsep.

Die komponente van professie wat verband hou met die sosiopolitieke konteks waarin beroepsprofessionalisering plaasvind, is die **attribute van outonomie** uit hoofde van **sanksionering**, hetsy deur 'n regering, beroepsliggaam of universiteit of in samewerking, en **monopolie**. Die implikasie is dat die taalpraktyk as 'n selfbesturende en selfregulerende beroep binne staatsgesanksioneerde professionele strukture moet kan funksioneer.

Outonomie behels voltydse, hoogsgeskoolde, beroepsaktiwiteite met funksionele beheer oor eie taalberoepsaktiwiteite en 'n persoonlike professionele verantwoordelikheid wat min ruimte laat vir foutering, hetsy in die mediasie van die kommunikasieproses as vertaling, redigering, tolking, gebaretaaltolking, oudiovisuele vertaling (onderskrywing en oudio-beskrywing), en terminologie-ontwikkeling (vergelyk Tabel 2.1 en die bespreking in 2.8).

Die taalpraktyk moet dan die vermoë toon om 'n **monopolie** – alleenverteenwoordiging – in die mark te bewerkstellig en te handhaaf vir gespesialiseerde, intellektuele, en unieke taaldienste toegespits op die toenemend komplekse linguistiese behoeftes van multitalige, multikulturele gemeenskappe in 'n veranderende beroepsomgewing (vergelyk Tabel 2.1; asook die bespreking in 2.8).

[2] As byvoeglike naamwoord gebruik, "politieke"; as bywoord gebruik, "polities".

4.2.2.2 Suid-Afrika en Vlaandere: multitalige kompleksiteit, konflik en komplikasies

Soos in België, is die taalsituasie in Suid-Afrika histories 'n baie komplekse verskynsel.[3] Dit blyk dat die taalpolitieke geskiedkundige situasie in België en Afrika heelwat raakpunte het: standaardisering van tale, taaloorheersing, taalfrustrasie, taalidentiteit. Net soos in België wend verskeie Afrikastate in die negentiende eeu pogings aan om die inheemse tale te standaardiseer en te kodifiseer in 'n reaksie teen die linguistiese dominansie van 'n uitheemse taal: in Vlaandere Frans, in Afrika die taal van die kolonisator, dus Engels (Van Keymeulen, 2003:332), en in Suid-Afrika, Afrikaans, die taal van die onderdrukker.[4]

Taal, taalbeleid en taalkwessies speel 'n sentrale rol in die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke geskiedenis: taal is sedert 1875 vir wit Suid-Afrikaners 'n merker van identiteit, maar nie noodwendig so belangrik vir swart Suid-Afrikaners nie (Ponelis, 1992; Scholtz, 1980).

Afrikaans as kultuurtaal word sinoniem met identiteit en nasionalisme (Ponelis, 1992; Scholtz, 1980:9), of as 'n uitingsvorm daarvan met as spreekbuis *Die Afrikaanse Patriot*, die koerant en spreekbuis van die Genootskap van Regte Afrikaners (Preller, 1918:2). Die aanhaling langs die afbeelding van die eerste uitgawe van die koerant[5] in 1876 is 'n sprekende bewys van die opbloei van nasionalisme in hierdie tydperk[6]:

DIE

Afrikaanse Patriot.

"Eert uwen vader en uwe moeder, opdat uwen dagen verlengd worden in het land dat u de Heere uw God geeft."
— Het vijfde Gebod.

DEEL 1.] SATERDAG, 15 JANUARY, 1876. [No. 1.

"DIE AFRIKAANSE PATRIOT."

Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons ei'e taal! Dit het baiang moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pêrde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei'e taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollans* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steeks pêrde te leer pronk in dié voortuig. Ons wil nou met ons "Patriot" an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.

"AFRIKAANSE PATRIOT;"

Ja, dit is die naam van ons blad! Een beter naam kan ons nooit kry nie, want een *"Patriot"* is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak:— klein, maar fluks.

Op die 15 van ider maand kan julle een besoek van die "Patriot" verwag, en ek is seker, hoe meer julle hom lees, hoe liewer julle hom sal kry. En hoe meer intekenaars julle ver hom sal besorge, hoe meer jul julle dankbaarheid sal betoon! Ek sê: *teken in! dis maar 5 sielings in die jaar! Sê an al julle vrinde, teken in ver die "Patriot," dis mar 5 sielings in die jaar!* Myn skepsels! wat is 5 sielings ver een "Afri-

> Onze bemoeiing ter opwekking van nationaliteits-gevoel waren zó voorspoedig, dat zy onder 'n vroeger doofstomme bevolking niet alleen een leeslust heeft opgewekt, maar ook zulk 'n schrijflust dat wij in de verte geen plaats hebben voor de bydragen die van alle zijden toestromen.

Taalbeleid word een van die magtigste instrumente vir die bevordering van apartheid in Suid-Afrika (Kamwendo, 2006:54) en word tussen 1948 en 1994 deur wetgewing afgedwing waarvolgens slegs Afrikaans en Engels as amptelike tale erken word. Die dominante posisies wat hierdie twee tale in Suid-Afrika gedurende die apartheidsjare ingeneem het, het die individuele menseregte misken van taalgroepe wat ander, veral inheemse tale, gebruik het.

Figuur 4.1: 'n Faksimilee van die eerste uitgawe van *Die Afrikaanse Patriot*

---

[3] Die grootste enkele groep (23,82%) Suid-Afrikaners is isiZulu-sprekers, gevolg deur isiXhosa (17,64%), Afrikaans (13,35%), Sepedi (9,39%), Engels (8,20%), Setswana (8,20%), Sesotho (7,93%), Xitsonga (4,44%), siSwati (2,66%), Tshivenda (2,28%), isiNdebele (1,59%), en ander tale (0,48%) (Sensusopname 2001; vergelyk SouthAfrica.info, 2009a). België bestaan sedert 1994 uit drie ekonomies outonome streke: Wallonië in die suide, Vlaandere in die noorde, en Brussel (in Vlaandere gesitueer); drie taalgemeenskappe: die Franse, Vlaamse en Duitse gemeenskappe, en vier linguistiese gebiede: die Nederlandstalige streek, die Franstalige streek en die Duitstalige streek, en die tweetalige Brusselse streek. Sedert 1961 is dit verbode om taalsensus te doen in Brussel sodat dit moeilik is om eksakte persentasies van Frans- en Nederlandssprekendes in Vlaandere en België te bereken (Karra, 2007).

[4] In die vorige bedeling benadeel kortsigtige Nasionale Party-politici en -beleid die beeld van Afrikaans. Politici maak daadwerklik 'n politieke kwessie van Afrikaans toe dr. Andries Treurnicht, die destydse Minister van sogenaamde Bantoe-onderwys, Afrikaans as die taal van onderrig in die destydse swart skole afgedwing het. "Afrikaans as taal van die onderdrukker" word die slagspreuk van die studente-onluste in die Struggle van die sewentigerjare en vestig hiermee die persepsievan Afrikaans as die taal van die onderdrukker, wat verder vererger word deur die voortgesette apartheidsbeleid van die destydse heersende Nasionale Party (Loader, 2010).

[5] Beskikbaar op http://commons.wikimedia.org/wiki/File%3AAfrikaanse_Patriot.jpg Die eerste Afrikaanse koerant, *Die Afrikaanse Patriot*, met C.P. Hoogenhout as redakteur, verskyn aanvanklik in die Paarl as 'n klein formaatmaandblad om Afrikaans as 'n alternatief tot Nederlands te bevorder. Twee jaar later het dit gegroei tot 'n populere weeklikse pro-Afrikaanse en anti-Britse sentimente (Potgieter, 1970:476).

[6] Die aanhaling is uit 'n brief van die redaksie van *Die Afrikaanse Patriot* wat Preller se manuskrip *Voortrekkermense na die uitgewer* A.G.C. van Duyl aanstuur nadat hulle dit nie kon plaas nie (Preller, 1918:2).

In postapartheid-Suid-Afrika delf die wit Afrikanerminderheidsgroep en veral wit Afrikaanssprekendes die onderspit ten opsigte van hulle dominante regeringsposisie, taal- en segregasiebeleid, en hulle status word gereduseer tot dié van 'n minderheidsgroep binne die landsgrense. Afrikaans word boonop uitgekryt as die taal van die oorheerser. Afrikaners moes dus noodwendig in 'n postapartheid-Suid-Afrika taalpolitieke aanpassings maak, 'n proses wat vir menige Afrikaanssprekende ontaard in 'n identiteitskrisis, aangesien taal per slot van rekening 'n vorm is van die uitdrukking van individuele sowel as van groepsidentiteit (Kamwendo, 2006; Loader, 2010).

In Vlaandere en die groter opset van België word taal gesien as 'n onvervreembare merkteken van identiteit (Blommaert, 1996b) waar taalkwessies deur die eeue 'n "verwoede"[7] voortslepende en onopgeloste taalstryd tussen die Nederlandstalige Vlaminge en die Franssprekende Wale afgee. Van 1830 tot 1970 is België 'n eenheidstaat, maar hoofsaaklik Franssprekend as gevolg van 'n Franstalige regerende elite, sodat Frans vanaf die 18de eeu domineer en Nederlands in die tweede helfte van die negentiende eeu onderdruk word (Wardhaugh, 1987:203-211).

'n Verskuiwing van die ideale van die Vlaamse Beweging van 'n beheptheid met die herwinning van 'n glorieryke Middeleeuse Vlaamse verlede na 'n sosiale en politieke stryd vir gelykberegtiging van Nederlands in Vlaandere tree as 'n reaksie teen die frankofiele dominering na vore (Van Keymeulen, 2002:334), met 'n taalstryd wat stéédsdie sosiokulturele en taalpolitieke toneel oorheers (Wardhaug, 1987:203-211; Eppink, 2004:88-95; Bollen & Baten, 2010:412) en hoegenaamd nie "nu achter de rug" is nie, soos Van Keymeulen (2002:334) beweer. Die taalkwessie, die stryd tussen die taalgemeenskappe, is 'n wesenskenmerk van die Belgiese politiek (Eppink, 2004:88-95), wat steeds aan die einde van die eerste dekade van die een en twintigste eeu in die samelewing sy kop uitsteek: "Recently, concerns about the position of Dutch in the face of French and immigrant languages have politicized the issue in the bilingual capital of Brussels and the Dutch-speaking region of Flanders (Bollen & Baten, 2010:412).

Ten spyte van die transformasie van België van 'n Franssprekende bourgeoisie-gedomineerde eenheidstaat in 'n federale staat waar Vlaandere die pas aangee (Deprez (2001b:33), is die Vlaandere samelewing verdeel in twee politieke groepe: 'n gematigde groep wat België beskou as 'n "country of liberty" waarin Vlaandere tot sy reg kom as 'n vry en welvarende politieke realiteit. Die radikale groep sien België as die verraaier van die Vlaamse volk, daarom moet Vlaams- en Nederlandssprekendes 'n buffer vorm om hulle taal en identiteit te beskerm (Deprez, 2001b:34).

Die foto's op die volgende bladsy[8] van ontsierde tweetalige inligtingsborde is sprekend van radikale oortuigings in die samelewing wat sosiokultureel manifesteer as taalkonflik as gevolg van die "complexe communautaire prolematiek" (Van Velthoven, 2011:319). Die stand van sake dui op taalpolitieke kwessies wat steeds in die lug bly hang met min sprake van 'n duidelike resolusie (Van Velthoven, 2011:319-359); moontlik ook omdat "... language users increasingly refuse to cede authority over languages or language varieties to the authorities or (state) institutions" (Cuvelier, 2006:41).

[7] Belge wil druk op SA verhoog (http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1988/05/06/9/11.html)
[8] Figuur 4.2: Spiegel Online Photo Gallery (2010).
Figuur 4.3: Morris (2005).
Figuur 4.4: BBC News (2006).
Figuur 4.5: Wielaard (2010).

Figuur 4.2: 'n 2007-foto sprekend van taalpolitieke oortuigings in Vlaandere

Figuur 4.3 en 4.4: Straataanwysings word ontsier in taalpolitieke oortuigings

Figuur 4.5: Padaanwysings in Wezembeek-Oppem, 'n Vlaamse dorp naby Brussels, is duidelik in Nederlands, maar die Franse terme is ontsier

Die taalpolitieke situasie die afgelope twee jaar in België is afdoende bewys van hierdie stand van sake. Ná meer as 'n jaar se gekibbel en toutrekkery sedert die Junie 2010-verkiesing – oor taalpolitieke en ekonomiese kwessies – word dit al hoe moeiliker om 'n nuwe federale regering te vorm (De Wever in Schlamp & Schult, 2010; Degent, 2011) sodat België tot aan die begin van Desember 2011 – vir sowat agtien maande – sonder 'n regering sit. Ná die 2007-verkiesing funksioneer België vir ses maande sonder 'n regering ten gevolge van dieselfde taalpolitieke twisappel, en in die daaropvolgende drie jaar het drie eerste ministers in die nasleep van taalpolitieke en ekonomiese kwessies bedank (Degent, 2011).[9]

Ná die Tweede Wêreldoorlog tree die Vlaamse nasionale bewussyn sterk na vore, veral onder die middelklas (Van Keymeulen, 2003), en soos in Suid-Afrika is die taalstryd ook gekoppel aan sosiale en ekonomiese vryheid. Ná vyf staatshervormings in veertig jaar (1970, 1980, 1988, 1993, 2000-2001), word België amptelik 'n federale staat met drie taalgemeenskappe (Vlaams, Frans en Duits) in die vier taalgebiede (Van Velthoven, 2011).

As 'n instrument van etnokulturele identiteit, speel taal sedert 1948 (Raidt, 1999:163) 'n sentrale partypolitieke rol in die definiëring van rassegroepe, en bevorder vir veertig jaar apartheid in die Suid-Afrikaanse sosio-ekonomiese en kulturele opset. As 'n instrument van mobilisering, dien dit om die politieke mag van die blanke Afrikaanssprekende kieserskorps te vestig. As 'n instrument wat toegang bied tot sekere regte soos onderwys en universiteitsopleiding, werkgeleenthede (Webb, 1996:139) en dus ook professionele loopbane, bevoordeel die taalbeleid in die apartheidsdispensasie slegs die blanke gemeenskap, en dien dus as 'n instrument van diskriminasie (sodat dit te verstane is waarom die ANC tans weerstand bied teen enige vorm van "taalbevordering").

Die stand van sake neem in 1994 met die ondergang van die apartheidsregime 'n ander wending (DAC, 2002a, b). Suid-Afrika se huidige (2011) postapartheidtaalbeleid, gewortel in talige pluralisme, is 'n produk van die radikale politieke transformasie wat in 1994 'n aanvang geneem het (Kamwendo, 2006:58).

Daarenteen bevorder Belgie van die laat twintigste eeu af oënskynlik 'n positiewe diskoers ten opsigte van plurilingualisme, ten spyte van 'n voortslepende taalstryd tussen Vlaams en Frans. Beide die Vlaamse regering en die Vlaminge beskou plurilingualisme as 'n professionele beroepsvoordeel (De Cock, 2006), alhoewel taalaangeleenthede in die groter opset van die konsosiatiewe[10] Belgiese demokratiese welvaartstaat met sy lang geskiedenis van etnotalige konflik 'n "major political issue" is (Deschouwer, 2004:1) en steeds bly.

Belgiese taalbeleid en taalwetgewing[11] word dan die komplekse resultaat van 'n ewe komplekse dekades lange voortgesette onderhandelingsproses tussen die verskillende taalgroepe wat in 1932 neerslag vind in 'n territorialiteitsbeginsel met heelwat subtiele kompromieë wat veral betrekking het op die twee **hooftaalgroepe**[12] – tradisioneel Franssprekende Wallonië en Nederlandssprekende Vlaandere (Karra, 2007; Ministerie van die Vlaamse Gemeenschap, 1999).

[9] Hierdie kwessie word in meer besonderhede bespreek in 4.3.5.
[10] Dit is 'n tegniek om konflik te vermy deur 'n groot mate van outonomiteit aan die konflikterende groepe te gee, en deur hulle tegemoet te kom (oblige) om saam te werk al dan nie in alle gemeenskaplike sake (Deschouwer, 2004:1).
[11] Ministerie van de Vlaamse Gemeenschap (1999)
[12] Die onderskeid word allerweë in die literatuur aangetref.

Vlaandere se amptelike monotaligheid is van toepassing op alle domeine van die openbare lewe, insluitend onderwys, opleiding en die media (Cuvelier, 2006:24). Die Vlaamse siening van taal is oorwegend etnies van aard. Nederlands word gesien as deel van Vlaams-Nederlandse identiteit, wat 'n fundamentele verskil demarkeer van die Walloniese, Frans-sprekende Belge. Taal word ook nou geassosieer met die gebied waarin dit gepraat word, wat 'n inklusivistiese en assimilatoriese houding teenoor anderstaliges op Vlaamse gebied tot gevolg het (Blommaert, 1996b; vergelyk ook voetnoot 11).

Die territorialiteitsbeginsel – wat neerkom op 'n monotalige Vlaandere en Wallonie – berus op wetgewing wat bepaal wáár en wannéér één bepaalde taal as amptelike taal funksioneer. Die territorialiteitsbeginsel doen egter geen afbreuk aan die grondwetlike beginsel van taalvryheid[13] nie.

Die territorialiteitsbeginsel geld slegs ten opsigte van 'n beperkte aantal domeine, te wete:

- die openbare bestuur;
- sosiale betrekkinge in werksverband (die betrekkinge tussen werkgewers en personeel) en amptelike dokumente wat in dié verband gebruik moet word;
- die onderwys in instellings wat die owerheid oprig, erken of subsidieer, en
- regsake.

Die taalbeleid in Vlaandere kan gesien word as 'n komplekse voorbeeld van die bevordering van etniese nasionalisme (Blommaert, 1996b) en 'n funksionele oplossing binne die beginsel van taalvryheid. Taalbeleid in die apartheidsdispensasie in Suid-Afrika kan aanvaar word as 'n voorbeeld van etniese rassisme, en in die postapartheiddispensasie as 'n voorbeeld van funksionele multitaligheid (Alexander, 2003), maar dit blyk 'n simboliese oplossing te wees.

Aan die een kant begunstig etniese nasionalisme sluiting en monotaligheid, wat volg uit monokulturaliteit, wat dus mediasie tussen tale minder nodig maak. Aan die ander kant behoort die taalbeleid in beide Suid-Afrika en Vlaandere, gebaseer op die beginsel van multitalige taalvryheid, die funksionele status van die taalpraktyk as professie te bevorder in die sin dat taalpraktykaktiwiteite soos mediëringsdienste behoort toe te neem.

Die taalpolitieke dispensasie in Suid-Afrika en Vlaandere (België), soos dit tans neerslag vind in demokratiese, multikulturele, multitalige, postmoderne, etniese gemeenskappe met unieke taalverwante behoeftes, veral in die konteks van grootskaalse Afrika-onderwys- en opleidingshervormingsinisiatiewe (Muylle, 2008) en Europese integrasie (Harrell & Cendrowicz, 2010:17), skep 'n taalpraktykmark wat die moontlikhede skep vir behoefte-georiënteerde gespesialiseerde, professionele taaldienste.

Geleenthede vir taalpraktisyns neem toe – daar is 'n toename in die vraag na (die werk van) veral vryskuttaalpraktisyns – nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd is daar 'n "growing demand for language services"[14] (vergelyk ook 4.2.4). Dit verhoog die sigbaarheid (en stimuleer die strewe na beroepsidentiteit) van taalpraktisyns ten opsigte van hulle rol en funksie in die samelewing.

---

[13] Grondwetlike taalvryheid word gewaarborg in Artikel 30 van die Belgiese Grondwet (2009:13) wat lui: "Het gebruik van de in België gesproken talen is vrij; het kan niet worden geregeld dan door de wet en alleen voor handelingen van het openbaar gezag en voor gerechtszaken."

[14] Luidens 'n ondersoek deur Common Sense Advisory, Inc., 'n Amerikaanse konsultasiemaatskappy, is die Europese taaldiensmark in 2005 meer as $3.6 miljard sterk, met projeksies van meer as $5 miljard teen 2010. Beskikbaar op http://www.commonsenseadvisory.com/members/res_cgi.php/060301_QT_top_20.php); vergelyk ook TNP 3-D Dissemination Document – Chapter 1 Language needs for the language industries andlanguage-related professions. Beskikbaar op http://www.tnp3-d.org/docs/diss_ch1_en_0.pdf

Tog is dit die algemene persepsie dat die professionalisering van die taalberoepe en gepaardgaande grondwetlike erkenning daarvan nie in Suid-Afrika realiseer na aanleiding van die verwagtinge wat geskep is met die 1993- en 1996-Grondwet en verskeie professionaliseringsinisiatiewe nie (sien byvoorbeeld Carstens, 2006b:9; vergelyk ook 4.3). Die feit van die saak is dat daar tans in Suid-Afrika 'n "free for all"-mark floreer midde in die toenemende vraag na taalpraktisyns wat die standaard van dienste onder verdenking kan bring (vergelyk 4.3).

Die toenemende **vraag na diens** moet egter nie gekoppel word aan die noodwendigheid van 'n professionele projek van die taalpraktyk nie (hierdie aspek kom pertinent na vore in 3.5.3, 3.5.4, 3.5.5 en 3.5.7 ten opsigte van die potensiaal van dienste wat die postmoderne samelewing vir taalpraktisyns skep, maar ook ten opsigte van die spanning tussen die geïnstitusionaliseerde aard van professie na 'n groter aksent op diens, en die dinamiese aanwending daarvan). Die vraag na dienste spreek tot die gebruikers van taaldienste, die kliënte, terwyl professionalisering die taalpraktisyns teiken. In Suid-Afrika het die kliënte vermeerder – die staat, en in navolging van die staat, verskeie semistaatsinstellings – sodat daar in die oper gemeenskap 'n uitkringende vraaguitwerking plaasvind.

Die sosio-ekonomiese omstandighede het wel verander, maar die faktore wat die professionaliseringsproses binne hierdie konteks beïnvloed, is 'n meer gemedieerde proses met heelwat tussenstappe: die groter vraag na taaldienste maak die beroepe aantrekliker in die mark sodat meer individue die beroepe in 'n ongereguleerde mark kan beoefen om die inkomstegolf te ry. Indien taalpraktisyns oortuig is daarvan dat beroepsgerigte opleiding hulle die kompeterende voordeel sal gee om suksesvol te wees, sal hulle die nodige opleiding ondergaan, wat die standaard van dienste sal verhoog. Indien opleiding wel die kompeterende voordeel bied en standaarde verseker, sal beroepsgerigte praktisyns die mark oorstroom en die ongekwalifiseerde individue uitstoot.

Dit is onrealisties om te verwag dat professionele erkenning van 'n tradisioneel onsigbare beroep (Venuti, 2008) ná 'n dramatiese politieke omwenteling soos die val van die Suid-Afrikaanse apartheidsbedeling en die gepaardgaande politieke bagasie binne die nuwe bedeling binne sewentien jaar sal realiseer. Die groep wat druk kan uitoefen op die professionaliseringsproses – die taalpraktisyns – moet eers 'n kritiese massa bereik, en gelyklopend daarmee moet 'n kritiese massa werkgeleenthede ontstaan, sodat dit vir universiteite lonend is om opleiding aan te bied wat standaarde van opleiding daarstel wat op sy beurt weer standaarde van diens verseker.

Die taalpraktyksituasie in Vlaandere toon heelwat ooreenkomste met die situasie in Suid-Afrika, veral ten opsigte van die effek van die taalpolitieke klimaat wat huishoudelike taalaangeleenthede kompliseer. Die taalberoepe in Vlaandere bevind hulle in 'n soortgelyke posisie as die taalberoepe in Suid-Afrika: alhoewel daar reeds in 2008 'n aanvang geneem is met die voorbereidinge vir 'n versoek aan die regering om titelbeskerming vir die beroep van tolke en vertalers van die kant van die BKVTF (BKVTF, 2008b:16), en ten spyte van die pogings van die Vlaamse radio en televisie tot die bevordering van professionele taalgebruik speel[15] is dit duidelik dat daar min vordering is.

[15] Vergelyk http://taal.vrt.be/taaldatabanken_master/algemeen/home.shtml

Dit wil tog ook voorkom of die professionaliseringskwessie nie so 'n pertinente rol speel in taalpraktyk- en taalakademiese kringe in België nie. Hierdie verskynsel bied ook 'n verklaring vir 'n oënskynlik onewewigtige behandeling van sake rakende die professionalisering van taalpraktisyns aldaar: daar is nie baie inligting in die literatuur te vinde oor hierdie aangeleentheid nie.

Die politieke onstabiliteit in België moet noodwendig 'n negatiewe impak op enige professionalisringsinisiatiewe hê, soos Feltkamp (2011) bevestig met haar vergelyking van die professionaliseringspogings van die BKVTF in samewerking met 'n (énige?) regering as 'n Echternachprosessie[16]: twee stappe vorentoe en een stap terug. Elke keer wanneer die soveelste regering in die hek duik, moet die proses van voor af begin (vergelyk die bespreking in 4.6.4.3).

Omdat die taalberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere nog nie beskermde status geniet nie, skep dié stand van sake 'n markwanorde (vergelyk 4.3.2) wat die professionaliseringsproses van die taalpraktyk verder kan verhinder en/of bemoeilik. Hierdie situasie kan slegs omgekeer word wanneer weerstand teen die heersende markwanorde uit die geledere van die taalpraktyk self van so 'n aard word dat ingrypende stappe geneem word om daadwerklik verandering te bewerkstellig en te verseker.

Daadwerklike optrede geskied in die vorm van 'n professionaliseringsinisiatief wat op drie verskillende, maar bes moontlik interaktiewe wyses, kan realiseer: deur 'n beroepsliggaam (vergelyk 4.6), deur 'n regering (vergelyk 4.5.4 en 4.5.5), en deur 'n akademiese instansie (vergelyk 4.7; Burrage *et al*., 1990:208-212; Stejskal, 2005:3) teen die agtergrond van die sosiopolitieke konteks waarin die proses hom afspeel. Die spesifieke sosiopolitieke konteks waarin die taalpraktyk as ontluikende professie funksioneer, skep die voedingsbodem vir verdere struikelblokke wat die professionaliseringsproses daarvan vertraag.

Daarom vorm gesaghebbende beroepe 'n alliansie met die staat (Alexander, 2003; Freidson, 2001; FVIB, 2006:1-7; Heidenheimer, 1989; Tseng, 1992) om die ideaal van professionalisering te bewerkstellig. Indien die staat wel van oortuiging is dat sodanige beroepe 'n diens verrig tot voordeel van die breë gemeenskap, maar veral ook vir spesialebehoefte-taalgroepe soos gesiggestremdes (in die vorm van die oudiobeskrywing van tekste, soos rolprente, televisieprogramme, skilderye, TV-programme) en gehoorgestremdes (in die vorm van onderskrifte in TV-programme en rolprente) behoort so 'n stap die verhouding tussen die staat en die beroepsmark te versterk. Dit behoort ook die professionaliseringsproses gunstig te beïnvloed.

Gesien in die konteks van die *Handves van Menseregte* van die Suid-Afrikaanse Grondwet wat menseregte so sterk beklemtoon[17], kan versterkte alliansie tussen die regering en die taalberoepsgemeenskap op sy beurt bevorderlik wees vir die vertroue van die algemene publiek in taaldienste.

---

[16] Die stad Echternach lê digby die natuurskoon van die sogenaamde Klein Luxemburgse Switserland. Die stad verwerf wêreldfaam vir sy *Sprangprëssessioun* (springprosessie), waarby tydens die Pinksterfees jaarliks tot by 10 000 pelgrims ter ere van die Heilige Willibrord springend deur die stad beweeg, tot by die Basiliek. Tradisionele musiek begelei die prosessie. Die tradisie van die prosessie gaan terug tot die laat Middeleeue, en sy springende bewegings het hulle oorsprong vermoedelik in die simptome van die epilepsie-lyers, wat tydens hulle bedevaart na genesing soek (http://af.wikipedia.org/wiki/Echternach).

[17] South African Government Information. Constitution of the Republic of South Africa, 1996. Chapter 2 Bill of Rights. Beskikbaar op http://www.info.gov.za/documents/constitution/1996/96cons2.htm

Regeringsanksionering impliseer die erkenning van die outonomiteit van taaldienste in die samelewing as gespesialiseerde dienste, en taalpraktisyns as professionele praktisyns. Hierdie diens word ook gelewer tot voordeel van die spesiale of buitengewone behoeftes in die gemeenskap. Tweedens impliseer dit 'n mark waar die kriterium vir vergoeding vasgestel kan word ooreenkomstig die mate, duur en gespesialiseerdheid van diens wat gelewer word. Derdens impliseer dit die standaardisering van beroepsgeoriënteerde opleidingsprogramme op voorgraadse sowel as nagraadse vlak, in die onderskeie taaldissiplines, soos blyk uit die definisie van professie in Hoofstuk 2.

4.2.2.3 Politieke inskiklikheid

Die Anglo-Saksiese literatuur oor professies onderskei klassiek tussen twee teenstellende sienings van die verhouding tussen die staat en die professies in die samelewing (Le Bianic, 2003); elkeen stem ooreen met 'n spesifieke politieke en institusionele agtergrond en omgewing. Hierdie sienings is dikwels gebaseer op 'n ietwat vereenvoudigde siening van die nasionale kontekste.

Aan die een kant word kontinentale lande soos Frankryk, Engeland, Italië, Duitsland oor die algemeen gedefinieer by wyse van hulle hoë graad van "stateness": in hierdie lande tree die staat hoofsaaklik op as "skeppers" van professionele groepe en professionele "jurisdiksies" (vergelyk Abbot, 1988) ten einde in die verskeie sektore van die sosiale lewe betrokke te raak. Die staat word die direkte werkgewer van 'n professionele werkerskorps en word daarmee saam die reguleerder van die betrokke professies. Sulke state, wat groot getalle professionele persone in diens neem, kan dan ook op 'n later stadium streng kontrole uitoefen oor professies in hulle institusionaliseringstadium (Le Bianic, 2003:1) wat die outonomiteit van professies onder druk plaas en lei tot burokratisering wat op sy beurt deprofessionalisering tot gevolg het (vergelyk 4.4.3).

Aan die ander kant, in Anglo-Saksiese lande met 'n lae graad van "stateness", soos die Verenigde Koninkryk, Verenigde State van Amerika, Kanada, Australië en Ierland, is state veronderstel om 'n bykans passiewe rol te speel in die professionaliseringsproses, en is intervensie beperk tot die vergunning van statutêre regte soos lisensiëring, sanksionering en monopolie (Le Bianic, 2003:1). Die staat word dan bloot die beskermer van professionele groepe, en skep die toestande vir selfregulering (Freidson, 2001; Szreter, 1993).

Indien hierdie argument tot sy logiese konklusie gevoer word, staan Suid-Afrika uit hoofde van sy historiese agtergrond en Vlaandere as 'n kontinentale land grootliks aan die twee politieke uiterstes van "stateness", alhoewel die staat in Suid-Afrika sedert 1994 tog 'n groter rol (probeer) speel in die organisering van die samelewing.

Die sukses van die professionele projek van taalpraktyk in Suid-Afrika is dan hoofsaaklik afhanklik van die mate waarin taalpraktisyns, taalpraktykakademici, opleidingsinstansies en 'n professionele beroepsliggaam met die ondersteuning van die algemene publiek, die Suid-Afrikaanse regering kan oortuig van die "professie" se outonome sosio-ekonomiese en sosiokulturele voordeel.

Ironies genoeg wend die Suid-Afrikaanse regering sedert 2008 'n daadwerklike poging aan om deur middel van 'n Decent Work Country Programme "... 'peripheral' employment in the informal sector; 'precarious' employment in the temporary-employment sector; 'casualisation'

in third-party employment relationships; atypical and non-standard employment; and outsourcing and sub-contracting" (Sharp, 2011) te beëindig ten einde "decent work" in die openbare sektor te skep. Die gevaar bestaan dat die proses as "uniefisering" ("unionization"[18]) eerder as professionalisering sy loop sal neem.

In Vlaandere is die sukses van die projek vermoedelik enersyds afhanklik van sosiopolitieke stabiliteit (wat ontwykend blyk te wees; vergelyk 4.5.5 en 4.6), sowel as daadwerklike, doelbewuste toetrede tot die professionaliseringsideaal, hetsy deur akademiese of politiese betrokkenheid (soos vir die meeste suksesvolle professionele projekte, vergelyk Burrage *et al*., 1990:208-212), aktiwiteite wat oënskynlik tans nie hier voorkeur geniet nie.

Politiese betrokkenheid, in watter staatsoriëntering ook al, loop hand aan hand met suksesvolle taal- en taalpraktykbeplanning, en gevolglik ook professionalisering van die taalpraktyk soos dit in hierdie studie ter sprake kom. Enige taalpraktykbeplanningsaktiwiteit, soos 'n professionele projek, moet gevolglik ondersoek en verstaan word binne 'n spesifieke politieke konteks (vergelyk Blommaert, 1996a).

Die probleem is dat taal, sosiokultureel gesproke, te dikwels die instrumentele magtigings-agent word vir breë samelewingskonflikte wat min te doene het met die taal wat mense praat en die taalaktiwiteite en -praktyke wat daarmee gepaard gaan: "They are the opposite of what nationalist mythology supposes them to be, namely the primordial foundations of national culture and the matrices of the national mind" (Hobsbawm, 1990:54). Die moontlikheid bestaan dat die voortslepende taalpolitieke kwessies in Suid-Afrika en Vlaandere simptomaties is van 'n kollektiewe onvermoë om die kompleksiteit van die maatskaplike gegewe en die matriks van die nasionale psige te deurgrond, maar ook van 'n kollektiewe weerstand teen noodwendige – en noodsaaklike – wedersydse begrip, samewerking en aanpassing in tye van sosiopolitieke skommeling en magsverandering.

4.2.2.4 Taalregte as regskonsep

Die bespreking omtrent taalregte word uiteraard beïnvloed deur die verwarring ten opsigte van die aard en status van "regte" wêreldwyd. Taalregte is egter nie so 'n gekonsolideerde kategorie binne 'n grondige basis in hedendaagse internasionale statutêre bepalings nie (Patten & Kymlicka, 2003:1-51) en is 'n geskilpunt waaroor daar geen universele ooreen-stemming is nie. Taalregte is nie 'n essensiële gegewe of geldige kodifikasie nie, maar plaaslike, histories-gewortelde aansprake waarvan die status in der waarheid nie veel verskil van die meeste menseregte nie; eiendomsreg is, byvoorbeeld, die onderwerp van uitgebreide beperking en regulering wêreldwyd (Loughlin, 2000:203).

Die sukses van die menseregtediskoers wat sedert die grondwetlike revolusie vanaf 1945 sy loop geneem het (Loughlin, 2000:197-214), manifesteer as 'n betekenisvolle, maar kompliserende element van die hedendaagse politieke kultuur. Indien 'n individu of 'n groep enige aansprake of eise het, word dit gewoonlik as 'n regtediskoers geformuleer, en meer dikwels as 'n menseregtediskoers.

Die idee van taalregte as menseregte is die maaksel van minderheidstaalaktiviste, juriste en wetenskaplikes, wat geneig is om hulle op "taalregte" te beroep asof dit vanselfsprekend menseregte is, of dat dit bestaansreg het sonder wetgewing. Die hele diskoers het in die

[18] Met ander woorde, dat beroepsverteenwoordiging in die proses deur 'n unie sal geskied in plaas van 'n professionele beroepsliggaam,

proses inderdaad die konsep van "taalmenseregte" gepopulariseer (Skutnabb-Kangas, 2006:273). Die aanspraak op menseregte veronderstel dan 'n uitgebreide taalregtestruktuur tot voordeel van elke mens op die planeet.

Linguistiese regte het sy oorsprong in die reg op taalregte in onderwys en opleiding waar die uitgangpunt is dat slegs die regte om in jou moedertaal onderrig te ontvang, te leer en te gebruik, en ten minste een van die amptelike landstale aan te leer, kwalifiseer as onvervreembare, fundamentele taalmenseregte. Die idee van taalmenseregte is minder duidelik buite die konteks van onderwys- en opvoedkundige regte (Patten & Kymlicka, 2003: 33-37).

Arzoz (2007:3) maak 'n saak uit vir 'n "rigorous characterization of language rights" wanneer hy argumenteer dat die algemene assimilasie of vergelyking tussen taalregte en menseregte nie net gebrekkig is in soverre dit onakkuraat is nie, maar dat dit lei tot 'n verwronge beeld van die verband tussen die reg, wetgewing en politiek: "While human rights do limit (at least, ideally) state behaviour, language rights are, more often than not, an issue devolved to the political process. The point being made ... is that recognition of language rights (as such or as part of minority rights) is based primarily on contingent historical reasons."

Alhoewel 'n nasionale taaldiensplan dan grootskaalse multitalige interaksie in die vooruitsig stel wat "... may require considerably more multilingual interaction in the future and will increase the demand for work in the official languages" (SATI, 2007), is die problematiese regstatus van "taalregte" nie na behore in die praktiese implementering van taalpraktykprosesse verdiskonteer nie.

Wat skynbaar oor die hoof gesien word, is die konstitusionele konteks van die taalbepalings in die Grondwet ten opsigte van die status en gebruik van die amptelike tale wat verband hou met die amptelike taaldomeine van wetgewing, regterlike gesag, openbare administrasie en onderwys en opleiding. Dit is dus nie direk van toepassing op nie-amptelike taaldomeine spesifiek nie (Du Plessis, 2006:88). Die taalbepalings in die grondwet maak voorsiening vir "taaldiversiteit" en nie vir 'n vae konsep soos "taalregte" nie. Dit skep die taalpolitieke konteks eerder as die geregtelike konteks vir taalbeleid in taalpraktyk (Du Plessis, 2006:88-89).

In die Suid-Afrikaanse konteks bestaan die (bes moontlik geregverdigde) oortuiging onder akademici en politici dat daadwerklike regeringsoptrede tot dusver agterwee bly: "... die verwagtinge oor tale na aanleiding van die 1993- en 1996-Grondwet realiseer nie en die geleenthede vir taalpraktisyns ... neem nie toe soos verwag is in 'n werklike veeltalige samelewing nie" (Carstens, 2006:9b). Daar is die oortuiging dat die fokus grootliks is op die (wel noodsaaklike) bestaans- en oorlewingsprobleme, soos primêre gesondheidsorg, die MIV-/vigskwessie, behuising, pogings om geweld en misdaad te bekamp, opvoedkundige aangeleenthede en werksverskaffing (Combrink & Verhoef, 2002:320), maar ook op kosmetiese veranderinge en etalering, soos die grootskaalse geografiese naamveranderinge van dorpe, strate en lughawens in die naam van "multikulturalisme en multitaligheid" (vergelyk SA, 1998:12)[19] wat spreek van 'n **simboliese** eerder as 'n **funksionele** aanwending van tale en gepaardgaande dienste.

[19] South African Government Information. 1998. South African Geographical Names Commission Bill, [B112B -1998], 01 Nov 1998 South African Geographical Names Commission Bill, [B112A - 1998], 01 Nov 1998; South African Geographical Names Commission Bill, [B112 - 1998], 01 Sep 1998 http://www.info.gov.za/view/DynamicAction?pageid=547&sdate=%201998&orderby=BNBR%20desc,BC%20desc

Taalpraktykberoepsliggame in Suid-Afrika en België wend tot dusver onsuksesvolle pogings aan om die professionaliseringsproses van die taalpraktyk deurgevoer te kry (vergelyk ook die bespreking in 4.6). Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI [20]) se taalpraktyk-akkrediteringsprogramme het tot op datum nog nie die amptelike erkenning van die Suid-Afrikaanse Regering gekry nie. Boers (2009) skryf dit toe aan: "... lack of leadership from government in the form of regulation or official recognition of SATI's accreditation programme". Vlaandere "wag nog" (BKVTF, 2008b:4; 2009c) steeds (BKVTF, 2010) op die "juiste regering" (Roggen, 2010) – seker eintlik énige regering gegewe die tempo waarteen regerings in België wissel – om erkenning te gee aan, en te reageer op die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen se versoeke tot wetgewing om titelbeskerming van die beroep van vertalers en tolke.

4.2.2.5 Samevatting

Die sosiopolitieke konteks waarin die professionaliseringsproses van 'n beroep hom afspeel, kan beskou word as die katalis in die verloop van die professionele projek van die taalpraktyk. Die huidige sosiopolitieke gegewe in beide ondersoekgebiede waarin die taalpraktyk as ontluikende professie funksioneer, gaan waarskynlik nie binne die afsienbare toekoms verander nie. Daarom bied dit as katalis aan al die rolspelers in die professionele projek, maar veral die taalpraktisyns self, om ander relevante metodes tot hulle beskikking te aktiveer om hulle doel te bereik.

Die professionele projek van die taalpraktyk word 'n politieke en kulturele stryd in lande soos Suid-Afrika en Vlaandere waar 'n komplekse, multitalige bevolkingsamestelling te kampe het met eeue lange taalpolitieke bagasie en 'n onopgeloste taalstryd, 'n gebrek aan politieke inskiklikheid en 'n sosiokulturele gegewe waar taalregte toenemend as 'n mensereg, maar 'n vae regskonsep sentraal staan.

Tradisioneel geskied erkenning van die professionele status van 'n beroep deur middel van wetgewing. Op die lang duur sou die sukses van die professionaliseringprojek vir die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere dan by politieke oortuiging en daadwerklike regeringsoptrede ten opsigte van 'n funksionele taalbeleidsimplementering sowel as sanksionering berus.

'n Oënskynlike gebrek aan politieke oortuiging om 'n taalbeleid te implementeer wat professionele taalpraktykwerksaamhede bevorder, blyk dan tans die professionaliserings-ideaal van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere te kortwiek, sodat dit onwaarskynlik is dat die **attribute van outonomie en monopolie wat met professionele erkenning gepaard gaan op hierdie wyse tereg sal kom**.

Die implikasie van die bespreking in hierdie afleiding is dat daar nie staatgemaak kan word op pluralistiese taalbeleidsimplementering, politieke inskiklikheid of taalregte wat erkenning van die professionele aansien van die taalpraktisyn en sy beroep sal verseker nie, maar dat 'n ander uitweg gevind moet word om hierdie ideaal te bewerkstellig. Die gevolgtrekking belemmer nie die voortbestaan van die taalpraktyk as beroep nie, en ook nie die verloop van die professionele projek nie, inteendeel.

[20] South African Translators' Institute (SATI). Tensy anders aangedui is alle algemene inligting omtrent SAVI/SATI beskikbaar op hulle webwerf The South African Translators' Institutewww.**translators**.org.za/; met as verwysing SATI, 2007.

Dit bied aan taalpraktisyns juis die geleentheid om, indien hulle 'n professionele projek wel as 'n prioriteit sou beskou, as 'n kritieke massa – 'n eensgesinde homogene beroepsgroep – werk te maak van die "rou materiaal" waaroor hulle beskik om daadwerklike professionele mobiliteit te aktiveer.

Vervolgens kom die nieprofessionele opset in hedendaagse formele, burokratiese werksorganisasies as die tweede gegewe in die institusionele klimaat van die professionele projek van die taalpraktyk aan die bod.

4.2.3 Die nieprofessionele opset in hedendaagse burokratiese werksorganisasies

4.2.3.1 Burokratisering en deprofessionalisering

Burokratisering – 'n georganiseerde hiërargie van sosiale stand wat in beginsel outonoom funksioneer sonder inagneming van die onderskeidende eienskappe, kwalifikasies en bevoegdhede van die individue wat die posisie op enige gegewe moment beklee (Caplow, 1954:148) – soos beskryf deur Weber (1964) het 'n diepgaande en verreikende omwenteling op organisasiestrukture en organisasiewaardes in die hedendaagse sosio-ekonomiese en sosioprofessionele opset oor die afgelope vyftig jaar teweeggebring.

Die kern van burokrasie is rasionalisering[21] en onpersoonlikheid: burokratisering word dan die geïnstitusionaliseerde opponent van **outonomiteit** en individuele diskresionêre beroepsoordeel, tradisioneel 'n attribuut van professie wat die professionele praktisyn se professionele oordeel te alle tye beskerm en waarborg.

Kapitalistiese ideologie bevorder die gesag en jurisdiksie van die arbeidsmark tesame met die voordele van privaat onderneming en administratiewe rasionalisasie. Die algemene opvatting is dat professionele outonomie en burokratiese beheer onversoenbaar is en lei tot die deprofessionalisering van die professies.

Deprofessionalisering verwys na die verval, verlies of marginalisering van die unieke professionele attribute van 'n beroepsgroep, veral hulle monopolie oor kennis, openbare vertroue in diensetos, verwagtinge van werksoutonomie en gesag oor die kliënt (Freidson, 1986:110; Haug, 1973:197; Hodson & Sullivan, 2002:305; Murphy, 1990) wat tradisioneel beroepsprestige en -status waarborg. In die literatuur word die oorsprong van deprofessionalisering veral toegeskryf aan kenmerke inherent aan die tradisionele model van professie (Toren, 1975), en minder aan die gevolg van veranderinge in die samelewing se houding en gedrag teenoor professionele praktisyns en hulle dienste.

Onderliggend aan die uitgangspunt dat professionele statuur en burokratiese werkkringe onversoenbaar is, is die dilemma van **professionele outonomie** versus burokratiese beheer (Finch, 1976; Green, 1966; Wasserman, 1971). Freidson (1986:111) som die strekking van die burokratiseringsdilemma soos dit in die literatuur na vore tree, soos volg op: "On becoming employed, the professional cannot be independant, free to choose what work to do

[21]Rasionalisering word gedefinieer as die klem op doeltreffendheid, doelmatigheid; roetinering; bedrewenheid, bekwaamheid; selfhandhawing (assertiwiteit); deeglikheid; prestasievermoë ("efficiency") (Ritzer, 1977:42). In essensie is dit die substitusie van die formele beheer van gedrag vir die informele, persoonlike en spontane wyse van optrede wat menslike aktiwiteite in onbeplande sosiale situasies reguleer. Dit lei tot 'n meer presiese spesifikasie van hoe, waar, wanneer en deur wie werk in 'n organisasie gedoen moet word. Dit lei ook tot die standaardisering van die werksomgewing en die substitusie van onpersoonlike evaluering/oordeel ten opsigte van verhoudinge wat spruit uit noodwendige persoonlike kontak in die werkplek (Caplow, 1954:24).

and how to do it. And when employed in a bureaucracy, the professional becomes subject to strict controls that routinize and ... deskill professional work."

Die attribute van professie wat in hierdie onderafdeling ter sprake kom, is die **outonomie** en **kennismonopolie** van die taalpraktisyn en die **altruïstiese diensaspek** inherent aan die aktiwiteite van die taalpraktisyn.

Murphy (1990) beskryf "deprofessionalisering" vanuit die Marxistiese konseptuele raamwerk van konflikbenadering tot die professies as die "fall of the professional" sodat pogings tot professionalisering, veral dan vanuit die klassieke benadering, negatief beoordeel, teengestaan word, en waarskynlik op die lang duur gedoem is tot mislukking.

Hierdie tendens spruit uit toenemende beskikbare kennis en selfverantwoordelikheid ten opsigte van lewensnoodsaaklikhede dienste wat tradisioneel die uitsluitlike taak en verantwoordelikheid van professionele praktisyns was (Barber, 1983; Burnham, 1998; Haug, 1973, 1975, 1977; Rothman, 1984; Toren, 1975).

Die saak het ook 'n ander kant: Omdat Weber (1964) die wisselwerking tussen professionalisering en burokratisering beskou het as aspekte van die rasionalisering van die samelewing hoef professionalisering en burokratisering nie antiteses te wees nie, maar kan as interafhanklike verskynsels funksioneer.

Burokratisering kan wel 'n impak hê op die attribute van outonomie, die kennismonopolie en die diensideaal van professie wat, onder andere, manifesteer as demistifisering van kennis en die gevolglike bemagtiging van die verbruiker as kliënt en ontmagtiging van die praktisyn ter sprake; reglementering van die professionele persoon; bestuursgesag in die hiërargiese werksopset, en veranderende praktisyn-kliënt- en praktisyn-werkgewerverhoudinge (Haug, 1975; Hodson & Sullivan, 2002:305-309; Lawson, 1979; Toren, 1975).

Om die deprofessionaliseringsteorie in konteks te plaas, word hierdie aspekte vervolgens kortliks bespreek vanuit die benaderings van konflik versus interafhanklikheid.

- **Die demistifisering van kennis**

Die bron van deprofessionalisering wat spruit uit die kennisbasis van sommige professies, hou verband met die eietydse kontinue prosesse van tegnologiese innovering en spesialisering. Die argument is dat, soos wat die kennis van 'n professie meer rasioneel, presies, en spesifiek word, professionele praktyke blootgestel word aan en vatbaar word vir standaardisering en roetinering.

Die konvensionele wyse waarop beroepe soos die mediese, regs-, en (die nou gedeprofessionaliseerde) bedieningsberoep[22] (Beckford & Demerath, 2007:310-312; Horii, 2006) aanvanklik professionele status, prestige en hoe inkomste verkry en verseker het, was deur middel van die mistifisering van kennis. "Gemistifiseerde, esoteriese kennis", die eksklusiewe prerogatief van die professies, skep 'n wanbalans in die praktisyn-kliënt-verhouding: die algemene publiek word in 'n hulpbehoewende, afhanklike posisie geplaas waar die diens van die professionele persoon 'n lewensnoodsaaklike vereiste word, wat

[22] Daar sal in 4.7.4.5.2 en die daaropvolgende bespreking aangetoon word dat die bedieningsberoep in der waardheid 'n professie is wat in die eietydse beroepsomgewing die nodige aanpassings kan maak om steeds as professie te funksioneer.

vanselfsprekend beide die status en die inkomste van daardie lede van die professies verhoog (Fenstermacher, 1990:136; Hodson & Sullivan, 2002:295, 305).

Wanneer (veral gespesialiseerde) kennis gedemistifiseer word sodat dit wydverspreide kennis word, herstel dit die wanbalans in die professionele praktisyn-kliënt-verhouding en kom sowel die monopolie op die kennisbasis van die professie as die status van die professionele praktisyn in die gedrang. Alhoewel die professionele praktisyn sy sout werd moet wees en nie (meer) kan skuil agter 'n "mistiese sluier van kennis" nie (soos die tradisionele predikant, dokter of juris nie), word kennis ook toenemend a la Friedman (2007) allemansbesit.

In die huidige postmoderne samelewingsopset word kennis deur verskillende rolspelers en op verskillende wyses gedemistifiseer: Die mediaberoepe dissemineer byvoorbeeld mediese kennis deur middel van gespesialiseerde gesondheidsnuusbriewe, tydskrifte, radio- en televisieprogramme en die Internet. Verbruikers neem toenemend verantwoordelikheid vir hulle eie gesondheid met behulp van voorkomende geneeskunde, alternatiewe gesondheidsbehandeling, en geestelike welsyn in stede daarvan om op die mediese praktisyn of tradisionele geestelike staat te maak vir gesondheidsorg of spirituele welsyn. Doen-dit-self-pakette vir testamente, egskeidings, en bankrotsake dien byvoorbeeld as stimulus vir die deprofessionalisering van sommige aspekte van die regsprofessie. Hierdie hedendaagse verskynsel bring noodwendig die outonomie van die tradisionele professies in die gedrang. Die moontlikheid bestaan natuurlik dat sodanige praktyke die verbruiker, wat nie regtig praktykkennis in hierdie verband het nie, op die lang duur benadeel; 'n verskynsel wat Goldacre (2009) met verwysing na die mediese beroepsomgewing bekragtig.

Taalpraktyk en taalprofessionele dienste hou in dat die taalpraktisyn sy kennis "weggee" of deel met sy kliënte: uit die aard van 'n beroep soos byvoorbeeld teksredigering, het die teksredakteur nie net 'n talige mediëringsrol te speel nie, maar ook 'n talige remediëringsrol sodat taalgebruikers bemagtig word om sekere take self te kan doen. Sommige van die praktykaspekte van taal in die onderskeie taalberoepe ondergaan in dié proses 'n demistifisering, maar die behoefte aan vertaalde, geredigeerde, en onderbetitelde produkte, die realiteit van tolking en oudiobeskrywing en die noodsaaklikheid van terminologie-ontwikkeling dui op die teendeel (vergelyk byvoorbeeld Carstens & Van de Poel, 2010:437-471; Kotze, 1997:62-118)[23]; dit is 'n behoefte wat 'n ononderhandelbare gegewe is in enige multitalige samelewing.

Rekenaar- en mediategnologie vergemaklik die roetinering en verpakking van die werksaamhede van mense wat minimale professionele opleiding het om die sleurwerk te doen, sodat enige persoon met die minimum opleiding byvoorbeeld 'n spelkontrole kan gebruik vir proefleeswerk of vertaalsagteware kan gebruik om 'n teks te vertaal. Die vertaalde teks het egter steeds teksredigering, versorging en kwaliteitskontrole nodig.

Friedman (2007:12-15) wys juis op die hantering van roetine-aspekte versus die professionele nuanses van verskeie beroepe – hetsy die rekenmeesters-, regs-, argitektuur-, haarkappers-, restourant-, mediese, of enige ander beroep – wat die voorsprong wil behou in 'n "leveled, flattened, global competitive playing field" (Friedman, 2007:8).

[23] Kotze (1997:62-118) bespreek ook die taal- en tipografiese (re)mediëring van die praktyk van teksredaksie aan die hand van werklike voorbeelde uit Christelike en ander tekste in die produksieproses van 'n uitgewersmaatskappy gedurende 1996-1997. Carstens en Van de Poel (2010: 437-471) bied aan die hand van 'n volledige foute-inventaris 'n oorsig van tipes probleme uit tekste wat reeds in die publieke domein verskyn het.

Uitkontraktering deur middel van hoëspoedkommunikasie, relevante opleiding, en gestandaardiseerde dokumente maak korte mette met die roetinewerk van rekenmeesters. Met behulp van 'n sagtewarepakket – Virtual Tax Room (VTR)[24] – word die sleurwerk van die belastingopgawes van Amerikaners 'n kontinent weg in Indië gedoen sodat die rekenmeester in Amerika wat seker wil wees van die behoud van sy professie (en sy werk) kan fokus op belangriker aangeleenthede soos die ontwerp en instandhouding van kreatiewe, komplekse strategieë van belastingontduiking of belastingskuiling, kliënteverhoudingbestuur, eiendoms- en boedelbestuur, trustfondse en kwaliteitdiens (Friedman, 2007:14).

Dié verwikkeling maak ook 'n appèl op die uitkontrakteerbare funksies van die taalpraktisyn en skep 'n uitdaging vir die taalpraktykberoep as geheel. Die kern van Friedman (2007) se argument is: Wat kan beroepspraktisyns doen om 'n mededingende voorsprong te behou in die veranderende beroepsomgewing? Wat is die unieke diens wat 'n beroep kan bied om 'n markmonopolie te verseker en, vir die doeleindes van hierdie studie, as 'n prototipe, postmoderne professie te funksioneer? Hierdie aspek word ten opsigte van die (vryskut)-taalpraktisyn in 4.2.4 in meer besonderhede bespreek.

Veranderinge in die kennisbasis van professies, maar ook van beroepe oor die algemeen, in die vorm van wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelinge neig om sommige van die professies se take te omskep in standaardroetineprosedures, wat op die lang duur voordelig kan wees vir die prototipemodel van professionalisering omdat professionele praktyke en take 'n beroepsverruiming ondergaan. Met ander woorde: Dit wat 'n eeu gelede gespesialiseerd was, word in die hedendaagse opset roetine. Om relevant en lewenskragtig te bly, moet die taalpraktisyn fokus op nuwe voorpunte, nuwe waardetoevoeging wat (nog) nie gestandaardiseer is nie.

- **Die bevraagtekening van die diensideaal**

Die diensideaal – in die vorm van 'n stel beroepsgeoriënteerde norme wat die altruïstiese diens van toewyding aan die gemeenskap betrek – word 'n bron van deprofessionalisering insover regerings, kliënte en die lekepubliek oor die algemeen die reg van die professionele persoon bevraagteken om die doel en voorwaardes van professionele dienste te bepaal (vergelyk Toren, 1975:332-335).

Die demistifisering van kennis tesame met die verbeterende opleidingsvlak van Jan en San Alleman herdefinieer die praktisyn-kliënt-verhouding sowel as die praktisyn-werkgewer-verhouding: die ironie is, hoe beter opgelei die kliënt en die werkgewer in die hedendaagse samelewing en werksorganisasie, hoe moeiliker is dit om hulle te oortuig daarvan dat altruïstiese dienste meestal ook gespesialiseerde dienste is (Freidson, 1986).

Die algemene opvatting onder kliënte en selfs werkgewers is dat vertaling, teksredaksie, oudiobeskrywing en onderskrywing werk is wat "enigiemand in 'n japtrap kan doen", en tolke bloot daar is om woorde in een taal in woorde in 'n ander taal om te sit (Hammond, 1994:1-2). Werkgewers en kliënte verkeer onder die wanindruk dat die lekepubliek vinnig en met gemak ingewikkelde kennis kan baasraak en ervaring kan opdoen in gespesialiseerde velde (Haug, 1975; Lawson, 1979; Toren, 1975).

[24] Ontwikkel deur werknemers van *Citigroup*, 'n rekenmeestersmaatskappy, wat hulle eie besigheid begin het (Friedman, 2007:13).

Die kwessies ter sprake in die verhouding tussen die burokratiese werkgewer en die taalpraktisyn wat hulle voordoen, setel in die vrae rakende die regte van die taalpraktisyn in die formele beroepsorganisasie: Kan die taalpraktisyn sigself die reg veroorloof om in formele werkorganisasies werksvoorwaardes te bepaal? Wie bepaal die inhoud van kwaliteitskontrole van en oor taaldienste, “professioneel” gesproke?

Ander kwessies in die formele werksorganisasie wat ’n negatiewe impak kan hê op aansprake tot tradisionele professionele status in ’n burokratiese omgewing is onredelike werksomstandighede, die verwagting van onredelike werksuitsette, dienste en lang werksure in formele werksorganisasies soos howe (spesifiek dan tolke), wat ’n aanduiding is van kliënte en werkgewers se onkunde van en/of miskenning van die professionele en mediërende aard van taaldienste (vergelyk byvoorbeeld Tseng, 1992:73).

Die realiteit van die werksomgewing in formele werksorganisasies is een van gestruktureerde werksvoorwaardes. Dit word bepaal in ’n werkskontrak wat moet voldoen aan die vereistes van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet 75 van 1997, uiteengesit in Artikel 78 van dié wetgewing, wat die regte van elke werknemer, beskerm, professioneel al dan nie. Die meeste van die kwessies wat hierbo ter sprake kom, word ondervang deur hierdie bepalings, en indien nie, het die taalpraktisyn as werknemer die reg om “... ’n opdrag te verontagsaam wat strydig is met enige sektorale bepaling of die bepalings in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes ... [en] ... om te weier om in te stem tot enige diensvoorwaarde wat strydig is met die Wet op Basiese Diensvoorwaarde of enige sektorale bepalings” (Klousule c en d van Artikel 78 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet 75 van 1997). Dit bly bowendien steeds die keuse van die taalpraktisyn om hom in hierdie werksomgewing te begeef in ’n geval van neem dit aan of laat dit staan.

Die taalpraktisyn in die uitgewersmaatskappy het waarskynlik totale beheer oor die uitoefening van teoreties-taalkundige aangeleenthede ten spyte van die onsigbaarheid van die persoon (vergelyk Kotze, 1997:28-118), en behoort uit hoofde van gespesialiseerde taal- en taalpraktykopleiding self kwaliteitskontrole in span- en maatskappyverband uit te oefen. “Professioneel” impliseer per slot van rekening ’n persoonlike professionele en etiese verantwoordelikheid wat min ruimte laat vir foutering. Die taalpraktisyn het ’n definitiewe professionele rol te speel wat nie in die werksorganisasie bevraagteken kan word nie (vergelyk Carstens & Van de Poel, 2010:231-324; Kotze, 1997:119-138).

- **Reglementering**

Reglementering – reëls en regulasies wat afgedwing word deur regeringsorganisasies, werkgewers, versekeringsmaatskappye en ander derdepartye (Hodson & Sullivan, 2002:306) – bedreig sowel die gesag as die outonomiteit van die professie en professionele praktisyn.

In die praktyk, veral in formele organisasies soos universiteite, uitgewerye en die pers, word taalpraktykhuisreëls en kliënteriglyne in werking gestel wat die taalpraktisyn in ag moet neem, dikwels ten koste van bestaande taal- en taalpraktyknorme en standaarde. Dit staan die taalpraktisyn tog egter vry, juis uit hoofde van die aard van sy beroepsgerigte opleiding, kennis en vaardighede, om hierdie praktyke te bevraagteken indien dit wel die produk of die beroepsbeeld skaad, en die nodige korrektiewe aanbevelings te doen. Daar is voldoende bronne waarop gesteun kan word (vergelyk onder andere Carstens & Van de Poel, 2010).

- **Bestuursgesag in burokrasieë**

Bestuursgesag in die burokratiese werksopset konstitueer 'n bedreiging vir die outonomiteit en gesaghebbendheid van enige professionele praktisyn.

Die taalpraktisyn as werknemer sonder bestuursgesag in 'n burokratiese werksopset funksioneer in 'n hiërargie waar individue nie noodwendig gespesialiseerde taalberoeps-opleiding het nie. Ten spyte van gespesialiseerde kennis en opleiding loop taalpraktisyns gevaar om gedegenereer te word tot 'n diensnemer wat hoogstens aanbevelings of voorstelle kan maak in die produksie-uitset (vergelyk Kotze, 1997).

Soos dokters, regspraktisyns, onderwysers en verpleegsters, werk baie taalpraktisyns vir staatsondersteunde instansies. Die aansprake van hierdie werknemers op professionele gesag kan teenstrydig wees met, en waarskynlik ook die burokratiese gesag van administratiewe besture bedreig. Die werkgewende organisasie sal veral die eise van selfbestuur gegrond op die attribuut van beroepspesifieke professionele bevoegdheid, vaardigheid en deskundigheid betwis, teëstaan en verwerp op grond daarvan dat sodanige eise die bedryfsprosedures van die organisasie sal ontwrig (Hodson & Sullivan, 2002:305). Dieselfde geld, argumentshalwe, ouditeurs, dokters en regspraktisyns in diens van die staat as sodanig; of selfs Rooms-Katolieke priesters in diens van die Chinese regering waar godsdienstige praktyke onder streng beheer van staatsgesag staan (King, 1993:80-102). Dit plaas uiteraard die outonome attribuut van die konsep van professie onder druk.

In dieselfde mate wat die algemene publiek die taalpraktisyn se aanspraak op gespesialiseerde taalkennis en diens- en konteksverwante kommunikasievaardighede met skeptisisme bejeën (Hodson & Sullivan, 2002:305; Tseng, 1992:70), sien burokrasieë hierdie aansprake op outonome status as bedreigend en ontwrigtend vir bestuurspraktyke.

Die tendens in die hedendaagse sosioprofessionele en burokratiese opset tot die sogenaamde miskenning van die outonome aard van die tradisioneel-erkende professie sou dan op die lange duur lei tot die burokratisering van professie in die eietydse beroepsopset.

In hierdie verband sou daar 'n saak uitgemaak kon word ten gunste van die aard en vlak van die opleiding, die persoonlike standaarde van die professionele praktisyn, sowel as die kollektiewe etiek van 'n professie wat genoegsame verifikasie bied vir die outonomie van werksaamhede binne ander bestaande gesagstrukture.

Uit die deprofessionaliseringsperspektief soos dit in die literatuur beskryf word, wil dit dus voorkom of burokratisering die professionaliseringsaspirasies van taalpraktisyns in die gedrang kan bring. In die huidige burokratiese samelewingsopset kan deprofessionalisering 'n kommerwekkende teenproses vir professionalisering inhou: nie net hou dit 'n bedreiging in vir die outonomie en gesaghebbendheid van die beroep nie, professionele werksetiek kom ook in die gedrang wanneer daar van die individu verwag word om in belang van die maatskappy op te tree ten koste van sy professionele beroepsbeginsels, soos genormeerde taalgebruik of tekstuele aanpassings sonder goedkeuring van die outeur.

Die professionele praktisyn sit dan op die ou end vasgevang tussen twee konflikterende werksrolle: dié van 'n professionele persoon en dié van 'n lojale werknemer (Hodson & Sullivan, 2002:306). Die universele verskynsel van 'n "nieprofessionele" opset in formele

werksorganisasies (Hodson & Sullivan, 2002:305) kan dan ook 'n impak hê op taalpraktisyns se strewe na outonome status.

4.2.3.2 Burokratisering en die professionalisering van die taalpraktisyn

Die ironie van die deprofessionaliseringsdebat is dat daar nie 'n ooreenstemmende ondergang van "professionalisme" is nie: die ideologie van professionalisme is meer prevalent as ooit tevore (Murphy, 1990:72). Hoewel Larson (1977) dan meen dat die tradisionele konsep van die geïnstitusionaliseerde professie getransformeer is van 'n "akkurate uitbeelding van professionele outonomie" na 'n "illusie", is hierdie verskynsel tekenend van die haalbaarheid van 'n losser, prototipekonsep eerder as die klassieke, rigiede, geïnstitusionaliseerde konsep van professie. Die feit van die saak is dat professionele praktisyns moet oorleef in 'n wêreld waar die beroepsomgewing voortdurend muteer, sodat alle beroepe, en nie net die professies nie, hulleself aanhoudend moet transformeer om tred te hou met die eise wat die geglobaliseerde, gekonnekteerde mark aan hulle stel (vergelyk Friedman, 2007).

Dit is ook tipies van heelwat professionele praktisyns om in diens te staan van ander (burokratiese) organisasies in die samelewing (Freidson, 1986:129-130), soos regspraktisyns in groot korporasies; dokters en predikante in diens van die weermag en universiteite; arbeidsterapeute en sielkundiges in hospitale, en taalpraktisyns in diens van universiteite, regerings, die Europese en Afrika-Unie, uitgewersmaatskappye, howe, munisipaliteite en so meer.

Die regspraktisyn van die een en twintigste eeu funksioneer in 'n (postmoderne) oorgangsberoepsklimaat wat die professie en persepsies van professionalisme hervorm (en waarskynlik rekursief daardeur hervorm word). Nasionale regsprofessies word al hoe meer gefragmenteerd as gevolg van die groeiende divergensie tussen globale, nasionale en plaaslike regspraktyke, sowel as die opkoms van nuwe vorme van regspraktyke, die veranderende inter- en intraprofessionele verdeling van arbeid en druk tot deprofessionalisering, byvoorbeeld die provokasie vanuit die geledere van forensiese kontroleurs, en die steeds ontwikkelende rolle van interne regsgeleerdes en parajuriste, en voortdurende deregulering (Webb, 2006).

Freidson (1986:128-130) gaan van die standpunt uit dat die hele deprofessionaliseringskwessie uit verband geruk word. Baie professionele praktisyns in professies wat tradisioneel slegs selfwerksaam was, betree in toenemende mate poste in groot organisasies, én handhaaf hulle professionele beroepstatus binne hierdie organisasies ten spyte van burokratiese beperkinge binne hierdie organisasies. Dit sluit in onderwysers, regspraktisyns, medici en rekenmeesters en daar is in der waarheid min bewyse van rigiede, allesomvattende begrensing op die taak van die professionele praktisyn (Freidson, 1986:160-164).

Die interne organisasie van sommige professies (soos byvoorbeeld die regsprofessie) ondergaan boonop noodwendig verandering om tred te hou met vooruitgang, maar ook onder die impak van wetgewing, regeringsreguleringbeleid, en eietydse, nuut ontwikkelde kommersiële ondernemings wat professionele dienste verkoop, soos argitektuur en die IT-bedryf.

Voeg daarby die tendens in die postmoderne opset tot vryskut professionele dienste, soos veral in die taalpraktyk ter sprake kom, en die (positiewe) afleiding kan gemaak word dat die kategorie "professie" noodsaaklike interne attribuutverskuiwinge ondergaan wat 'n impak kan

hê op die loopbaan en werkstoestande van beroepslui wat in ander beroepe strewe na professionalisering. Attribuutverskuiwing is inherent aan die kognitiewe benadering tot die professionaliseringskonsep (vergelyk 2.4.4) met die implikasie dat beroepe wat strewe na oorlewing in veranderende sosiopolitieke kontekste, tye en beroepsomgewings hulle nie blind moet staar – en nie hóéf blind te staar – teen uitgediende professionaliseringsmodelle nie. Die geldigheid van attribuutaanpassing verhoog die kanse op 'n suksesvolle professionele projek.

Freidson (1986:129) wys ten slotte daarop dat professies meer is as eksklusiewe groepe individue wat onderhandel met individuele kliënte indien selfgeëmplojeer, of met individuele werkgewers indien werksaam in 'n organisasie. Professies is organisasies of korporatiewe liggame met instellings in die samelewing wat hulle tot 'n meerdere of mindere mate in die politieke ekonomie beskerm, wat verskil van professie tot professie, maar wat alle professies tot 'n groot mate van ander beroepe onderskei: "It is their organization as professions and their sheltering institutions that make a significant contribution to the market position of their members, whether or not they are employed" (Freidson, 1986:129).

Die tradisionele siening is dat die deprofessionaliseringsinisiatief gewoonlik sy oorsprong het by die algemene publiek, by regerings of burokratiese werkgewers (Ritzer & Walczak, 1988). Toren (1975:328, 335) se mening dat die kern van deprofessionalisering gewortel is in die tradisionele model van professie. Die attribute wat gepaard gaan met die kennisbasis en die diensideaal neem in die veranderende beroepsomgewing egter 'n ander dimensie aan. Verandering in hierdie dubbelbasis-attribuut van professie, wat sy oorsaak het in eietydse wetenskaplike ontwikkeling, tegnologiese innovasie en spesialisering (vergelyk Friedman, 2007), beïnvloed wel op die lang duur die ander klassieke attribute van professie: monopolie, outonomie, gesag, eksklusiewe jurisdiksie, en hoë status, maar dien dan eerder as impetus en nie as "struikelblokke" nie; as kataliste wat die beroepsomgewing van die taalpraktisyn positief vorm, veral in 'n eietydse ontwikkelende beroep soos die vryskuttaalpraktyk soos dit in die volgende onderafdeling ter sprake sal kom.

4.2.3.3 Samevatting

Daar bestaan die opvatting in die literatuur dat die "nieprofessionele" opset in hedendaagse burokratiese werksorganisasies soos hierbo bespreek, tot burokratisering lei, wat deprofessionalisering teweegbring en professionalisering benadeel.

Die demistifisering van kennis, wat lei tot die bevraagtekening van die unieke, altruïstiese diensideaal vanuit die samelewing, reglementering en bestuursgesag in burokrasieë is aspekte wat in hierdie argument as bydraende faktore aangevoer word.

Emplojering is egter kenmerkend van professie, 'n feit wat geen intrinsieke betekenis het ten opsigte van die volmag van die diens van die professionele praktisyn in die formele werksorganisasie nie, enersyds uit hoofde van sy beroepsgespesialiseerde opleiding, kennis en vaardighede. Andersyds is die behoud van 'n professie geleë in die dinamiese aard van die inherente attribute van die beroep, of anders gestel, die mate waarin die beroep wat strewe na professionalisering veranderende beroepsomgewings en heersende mark-omstandighede tot sy professionele voordeel kan benut, maar in die proses steeds hoëkwaliteitdiens lewer wat tot voordeel van die gemeenskap strek. Attribute van professie wat moontlik bo veranderende omstandighede kan uitstyg, is:

- outonomiteit, waar funksionele beheer oor eie taalberoepsaktiwiteite, selfbestuur, etiese bemarking en 'n persoonlike professionele verantwoordelikheid sentraal staan;
- hoëkwaliteitdiens wat spruit uit 'n sin vir professionele verantwoordelikheid en etiese beginsels;
- voortgesette praktykgerigte opleiding, sertifisering of akkreditering as eie verantwoordelikheid vir beroepsbevoegdheid;
- daadwerklike toetrede tot die aktiwiteite van die professie en professionele beroepsliggaam wat 'n sin vir samehorigheid en eensgesindheid bevorder.

Die feit dat baie taalpraktisyns juis in organisasies werksaam is, hoef nie noodwendig hulle professionele status te beïnvloed nie, en dit behoort nie 'n deurslaggewende invloed op die professionaliseringsinisiatief van taalpraktisynste hê nie.

Die mate waartoe die attribute van taalpraktyk as potensiële professie in hierdie verband onder druk kom, sal bepaal word deur ander faktore, soos die houdings van taalpraktisyns self, 'n aspek wat in 4.5.4 verder ondersoek word. Die moontlikheid bestaan dat daar wel 'n kern oorbly van meer abstrakte attribute, terwyl die meer materiële tekens van die tradisionele professie onder druk geplaas word.

Die derde institusionele gegewe wat 'n impak het op die beroepsomgewing van die taalpraktisyn, en wat vervolgens aan die beurt kom, is die huidige, wêreldwye vryskut-tendens, 'n verskynsel wat juis die dinamiese aard van die attribuut van outonomie beklemtoon. Hierdie veranderende beroepstendens kan by uitstek bevorderlik wees vir die taalpraktyk as ontwikkelende beroep, en kan moontlik die professionele projek van die taalpraktisyn bevoordeel.

4.2.4. Vryskuttaalpraktyk as eietydse beroepsverskynsel

4.2.4.1 Veranderde beroepsomgewings en globalisering

Muylle (2008:10) beskryf die rol en funksie van die taalpraktisyns in enige kommunikasieproses in 'n formele werksopset as interkulturele sosialiseringsagente na beide die letter én die gees: "Trained language mediators do not transpose words into other words but rather perform an act of intercultural mediation reaching far beyond words."

Die bemiddeling van die taalpraktisyn vorm dan in die tradisionele beroepswêreld die skering en inslag van geslaagde intertalige én intratalige kommunikasieprosesse, hetsy verbaal of nieverbaal (Muylle, 2008:10):

> During negotiations translators, conference interpreters and all the specialists in document processing, editing, verbatim reporting and proof-reading, play a crucial role as facilitators or go-betweens. They contribute to the inter-cultural dialogue as custodians of correct language use in the decision-making process, fostering authentic texts, agreements, contracts and possibly law-making.

'n Veranderde beroepsomgewing binne 'n nuwe, verreikende wêreldorde skep potensieel nie-tradisionele beroepsgeleenthede waar taalpraktisyns se bemiddelende rol tot hulle reg kan kom. Teen die agtergrond van 'n globale multitalige en multikulturele opset en kompeterende markte in die postmoderne wêreld (Olvera-Lobo *et al*., 2005:133-135) wil dit voorkom of taalpraktisyns toenemend een van die beroepsgroepe word wat aan die spits staan van

beide nuwe vorme van organisering en nuwe tegnologies bemiddelde werkwyses (vergelyk Baines, 1999; Norton, 2009:xi), naamlik die vryskutberoepsomgewing.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die konsep "taalpraktisyn" in Hoofstuk 1 omskryf as 'n omvattende term vir taalberoepslui wat daagliks met taal werk in die uitvoering van hulle pligte (Carstens & Van de Poel, 2010) en spesifiek dan in die transkodering (dekodering, herkodering en enkodering; Karamanian, 2004) – die bemiddelingsrol – wat hulle op verskillende vlakke in die kommunikasieproses tussen verskillende tale en kodes speel (Cronin, 2003; Gulliver, 1979; Hatim & Mason, 1990:236; Hatim & Mason, 1997; Pym, 2002a:1; Valero-Garcés, 2007) sonder dat daar konvensionele erkenning aan hulle identiteit en werksaamhede gegee word (Venuti, 2008). Per definisie is die taalpraktisyn onsigbaar; trouens, hoe beter die taalpraktisyn se werk, hoe suksesvoller die medium en hoe onsigbaarder die mediator; ironies genoeg, effektief "selfannihilerend" (Cronin, 2003:125).

Die konsep "taalpraktyk" is eweneens omskryf as 'n sambreelterm vir vertaling, tolking, teksredaksie en proeflees, terminologie-ontwikkeling en oudiovisuele vertaling en verwys vir die doeleindes na die proses van mediëring in die mate waarin die taalpraktisyn 'n bemiddelingsrol te speel het in die kommunikasieproses tussen verskillende tale en kodes. Dit is verkieslik dat hierdie bemiddelingsproses so onsigbaar as moontlik verloop: " ... to see my job as making my work invisible" (Judd, 1982:3), sodat beroepsidentiteit bloot in verband gebring kan word met persoonlike werkstrots en -bevrediging (Berner, 1982:43).

Taalpraktisyns oor die algemeen, maar vryskuttaalpraktisyns in die besonder, het dus tradisioneel te kampe met die verskynsel van "onsigbaarheid" a la Venuti (2008), 'n attribuut wat tradisioneel nie in verband gebring word met die prototipekonsep van "professie" nie.

Die attribute van professie soos dit in Hoofstuk 2 in die prototipemodel ontwikkel is wat in hierdie onderafdeling ter sprake kom, is:

- voltydse, hoogsgeskoolde, gesaghebbende beroepsaktiwiteite en funksionele beheer oor eie taalberoepsaktiwiteite sowel as 'n persoonlike professionele verantwoordelikheid wat min ruimte laat vir foutering wat neerkom op **sigbaarheid**, **toerekenbaarheid** en **outonomiteit**, en
- die vermoë om **toegangsbeheer** te bewerkstellig en 'n **monopolie** taalpraktykmark te vestig en te handhaaf.

Dié attribute word in hierdie afdeling bespreek teen die agtergrond van die tradisionele onsigbaarheid van die taalpraktisyn as die struikelblok, maar wat in veranderende kontekste en beroepsomgewings as bemiddelende faktore deur middel van die professionele projek van die taalpraktyk van gedaante kan verander, letterlik en figuurlik gesproke.

Die hedendaagse samelewing word gekenmerk deur oop grense en koördineringsnetwerke wat nie langer die tradisionele lokale grense respekteer nie: dit word virtueel tot stand gebring. So word 'n beroepsomgewing geskep waarin rekenaarverbindings met hoëspoed-internetverbindings informele netwerke tot stand bring wat kennisuitruiling, taakuitvoering en die koördinering daarvan vergemaklik en versnel.

Die beroepsomgewing verander in so 'n mate dat dit aan die een kant 'n bedreiging inhou vir "professionele" stabiliteit en sekuriteit, maar aan die ander kant groter buigsaamheid en potensieel meer geleenthede bied wat baie beroepe aantreklik vind en die

professionalisering daarvan binne die institusionele klimaat haalbaar maak. 'n Veranderde beroepsomgewing hoef nie noodwendig die professionalisering van beroepe nadelig te beïnvloed nie, inteendeel. Die taalpraktyk is een van daardie beroepe wat die huidige "markwanorde" tot sy eie voordeel kan gebruik

Die postmoderne monetêre ekonomie met sy industriële fragmentering gebaseer op kennisuitruiling en virtuele dienste eerder as rou materiaal of fisieke arbeid bring inderdaad met hom saam 'n positiewe herdefiniëring van die self en die ander as ekonomiese akteurs. Uitkontraktering, werksvloei, inligtingstegnologie en supervinnige kommunikasieweë (Friedman, 2007) lei tot die bevryding en internasionalisering van die individu as 'n sosio-ekonomiese, eietydse professionele rolspeler en beroepspraktisyn en bied die teenvoeter vir gewraakte burokratisering.

Die hedendaagse beroepswêreld word gekarakteriseer deur 'n "de-layering" (Baines, 1999:18) van groot maatskappye en die vorming van dinamiese netwerke gebaseer op tydelike kontraktuele ooreenkomste (Kanter, 1995; Miles & Snow, 1994). Dit lei oor die afgelope dekades tot "... a rapid growth of freelance workers, self employment, partnerships and other owner-managed enterprises" (Baines, 1999:19; vergelyk ook Friedman, 2007).

Hoewel hierdie vryskutberoepsomgewing moontlik tot die voordeel van die taalpraktisyn kan strek, skep dit probleme omdat dit die onsigbaarheid van die taalpraktyk vererger, en hierdie kombinasie word 'n struikelblok vir die attribute wat die **outonomiteit in terme van sigbare identiteit** en die **monopolie** van die beroep in die mark moet bevestig.

4.2.4.2 Die tradisionele onsigbaarheid van die taalpraktisyn

Ten spyte van die wydverspreide toenemende vraag na taalpraktisyns (vergelyk byvoorbeeld Boucau, 2005, 2006; Cronin, 2003:125; Sprung, 2000:ix) en die suksesvolle vestiging van die beroep in die vryskutopset wêreldwyd (vergelyk byvoorbeeld Fraser & Gold, 2001; Gold & Fraser, 2002; Granger et *al.,* 1995; Keal, 2010; Sprung, 2000; Wooten, 2008) bly die taal-praktyk en per implikasie die verskillende taalpraktykberoepe as geheel 'n gefrag-menteerde, ongereguleerde, gemarginaliseerde en professioneel miskende beroepsfeer (Boucau, 2005, 2006; Sela-Sheffy & Shlesinger, 2009, 2011).

Hierdie paradoks kan in verband gebring word met die universele persepsie (Venuti, 2008) van professionele "onsigbaarheid" van die taalpraktisyn. Taalpraktisyns word algemeen gedenigreer tot "non-persons" (Goffman, 1990; vergelyk ook Bot, 2003:27-35; Cronin, 2003; Kotze, 1997; Venuti, 2008; Wadensjö, 1998, 2008).

Teksredakteurs is niks anders nie as "spookskrywers" (Kotze, 1997; Norton, 2009:xi); vertalers is "spirits", of "cyborgs"; die "cybernetic organism" en die "human-machine interface that relies heavily on the ghostly presences of virtuality and prosthetic sociality" (Robinson 1997c); "invisible" (Venuti, 2008); tolke is sibille (Bahadir, 2009), spoke (Kopscinscki, 1994, in Pöchhacker & Shlesinger, 2002:336); skimme (Seleskovitch & Lederer, 1989 in Valero-Garcés, 2007:90); 'n onsigbare teenwoordigheid (Torikai, 2009); 'n verborge deelnemer, taalmodem, -geleier, of taalkanaal ("modum", "conduit", "channel"; Angelelli, 2004b:20).

Die ironie is dat dit die praktykstandaard van suksesvolle mediëring (Cronin, 2003:125; Venuti, 2008) is wat die mediator – hetsy vertaler, tolk, terminoloog of teksredakteur –

onsigbaar máák, asof sonder stem, sonder liggaam, sonder gesag, sonder statuur of status sodat die taalpraktisyn op die lang duur geen erkenning kry vir óf sy sosioprofessionele posisie in die samelewing óf die sosiokulturele rol wat hy te speel het in die kommunikatiewe interaksie- en mediëringsproses nie.

Onsigbaarheid beteken "om uit die oog te wees". In 'n sosiale, ekonomiese en besigheidskonteks impliseer so 'n etiket isolasie en miskenning; om 'n lae openbare profiel of geen openbare profiel en geen openbare beroepsidentiteit te hê nie. Sigbaarheid, professionele identiteit, aan die ander kant, impliseer erkenning, positiewe beoordeling, begrip en waardering. In 'n besigheidskonteks impliseer sigbaarheid 'n goeie reputasie en 'n gedefinieerde rol in die samelewing. Gebaseer op hierdie definisie is die taalpraktisyn in die een en twintigste eeu steeds onsigbaar (Leech, 2005:12).

Hierdie persepsie van die taalpraktisyn as 'n "non-person" (Goffman, 1990) asof taalpraktyk in 'n sosiale vakuum plaasvind (Wadensjö, 1998:8), ondermyn die sosioprofessionele statuur en aansien van die taalpraktisyn ten spyte daarvan dat die taalpraktisyn deur die eeue heen 'n inherente mediërende rol in kommunikasieprosesse in die samelewing speel; van antieke beskawings (Angelelli, 2004:1; Delisle & Woodsworth, 1995:9, 16-18, 25-26, 191) tot in die hedendaagse postmoderne samelewing (Leech, 2005:12).

Taalpraktisyns kan inderdaad gesien word as onontbeerlike, pragmatiese vennote in die interkulturele kommunikasieproses (Angelelli, 2004a; Hsieh, 2007; Roy, 1989, 2000; Wadensjö, 1995, 1998) en kreatiewe medeskepper van die multitalige interaksie (Angelelli, 2003). Die taalpraktisyn is sigbaar met al die sosiale en kulturele faktore wat hom veroorloof om saam met die ander deelnemers in die interaksie 'n definisie van realiteit te skep. Dit beteken dat die taalpraktisyn met hom saambring sy beskouing ten opsigte van status en gesag plus die kulturele norme en standaarde van die sosiale faktore wat gebruik word om die werklikheid te konstrueer en te interpreteer. Die taalpraktisyn "... brings the self. The self cannot be artificially blocked" (Angelelli, 2003:17).

Professionele sigbaarheid is gelyk aan professionele identiteit in die eietydse beroepswêreld en gee betekenis aan sosiale interaksie (Castells, 2010:3):

> In a world of global flows of wealth, power and image, the search for identity, collective of individual, ascribed or constructed, becomes the fundamental source of social meaning. This is not a new trend, since identity ... have been at the roots of human society. Yet identity is becoming the main, and sometimes the only source of meaning in a historical period characterised by widespread destructuring of organisations, delegitimation of institutions, fading away of major social movements, and ephemeral cultural expressions.

Met ander woorde, die idee van die "onsigbare" taalpraktisyn is 'n illusie, 'n selfweerspreking, 'n onrealistiese benadering tot en interpretasie van 'n realistiese mediëringsgebeurtenis. Die taalpraktisyn is "... 'opaque' rather than 'transparent,' 'visible' rather than 'invisible'" (Angelelli, 2003:17). Die taalpraktisyn verteenwoordig die kulturele norme en riglyne van daardie sosiale faktore wat die realiteit konstrueer en interpreteer, en verleen gesag en geloof-waardigheid aan die mediëringsproses, maar dan uit hoofde van volwaardige professionele status.

4.2.4.3 Die (vryskut)taalpraktisyn in die eietydse samelewing

Die konsep "vryskutter", die "free lance", is (waarskynlik) 'n vroeg negentiende-eeuse neologisme vir 'n Middeleeuse beroepsverskynsel ("medieval mercenary warrior"[25]), 'n beroepskonsep wat in die eietydse postmoderne opset tot sy reg kom. Die term "freelance" is in 1903 as 'n werkwoord ("he/she freelances") deur die *Oxford English Dictionary* erken, en sedertdien word dit in die alledaagse leksikon as 'n selfstandige naamwoord, byvoeglike naamwoord, en bywoord gebruik.[26]

Die gebruik van die konsep kom volgens oorlewering in 1819 die eerste keer voor in sir Walter Scott se Middeleeuse roman, *Ivanhoe,* in 'n gesprek tussen twee karakters: "I offered Richard the service of my Free Lances, and he refused them — I will lead them to Hull, seize on shipping, and embark for Flanders; thanks to the bustling times, a man of action will always find employment" (Scott, 1901:195).

In die "bustling times", die opwindende, veranderende, tegnologies en elektronies beweeglike werksomgewing van die hedendaagse postmoderne wêreld is dit juis die "free lances" wat, hetsy noodgedwonge of uit eie keuse as dit daarop aankom, die moed van hulle oortuiging aan die dag lê om vir hulleself werkgeleenthede te skep en te handhaaf.

Die toenemende voorkoms van selfemplojering en die dinamika van die vryskutverskynsel kan toegeskryf word aan ekonomiese oorwegings, veranderende belastingstelsels, maatskappygesentreerde globalisering, gerekenariseerde, hoëspoedkommunikasiestelsels, 'n dinamiese ondernemingsgees en veranderende werkgewerstrategieë, insluitend die subkontraktering, aflandige produksie, en verskaffingsnetwerking van beroepsaktiwiteite wat tradisioneel intern plaasgevind het (vergelyk byvoorbeeld Baines, 1999:18; BBC News, 2010; Norton, 2009:xi; Friedman, 2007).

In die taalmark besnoei baie uitgewers- en ander taalpraktykgebaseerde maatskappye aan hulle taal- en teksgeoriënteerde departemente om op kernvaardighede te fokus en kostes te bespaar (Fraser & Gold, 2000:3; Locke, 2005:19). As gevolg van hierdie disinvestering kontrakteer baie maatskappye taalpraktykopdragte aan vryskuttaalpraktisyns uit, sodat burokratisering al hoe meer sy greep op professionele identiteit verloor. Organisasies in die openbare sektor huldig dieselfde benadering en die neiging is tans om op die dienste van vryskuttaalpraktisyns staat te maak tesame met 'n kerngroep interne taalpraktisyns. Die gevolg hiervan is dat die meeste vertalers in die wêreld tans op 'n vryskutbasis werk (Holland *et al*., 2004: 254; Locke, 2005:19).

Die toename in vryskutwerkers is hoofsaaklik vraag- en aanbodgebaseerd teen die agtergrond van wêreldwye kompeterende en gefragmenteerde arbeidsmarkte, 'n reaksie op toenemende rigiditeite in arbeidstelsels, verslegtende ekonomieë en burokratiese werks-omstandighede (Kirkpatrick & Hogue, 2006). Gekonfronteer met hierdie mark- en werks-toestande word individue onder druk geplaas om ondernemingsgees aan die dag te lê en proaktief hulle eie ekonomiese aktiwiteite te organiseer (Baines, 1999:19; Friedman, 2007).

---

[25]Die term "vryskut" word in Afrikaans algemeen gebruik vir 'n onafhanklike praktisyn as leenvertaling van "free lance" (1864) blykbaar 'n samestelling van "free" ("vry") en "lance" ("lans"), in verwysing na sommige ridders wat in die Middeleeue as huursoldate opgetree het (Harper, 2011).

[26] Die oorsprong van die woord dateer uit die vroeë negentiende eeu, verwys na 'n huursoldaat en word oorspronklik as twee woorde ("free lance") geskryf. Vergelyk http://oxforddictionaries.com/view/entry/m_en_gb0315270#m_en_gb0315270

Friedman (2007:51-199) bied in hierdie verband 'n positiewe entrepreneuriese interpretasie wat die vryskutverskynsel plaas in die konteks van 'n figuurlik gesproke "horisontale" wêreld, met oop grense, meer toeganklik en gekonnekteer, wat 'n legio beroepsmoontlikhede en beroepsontwikkelinge ontsluit in die hedendaagse ekonomiese opset. Herstrukturering, die Internet, werksvloeisagteware, data-oordrag, uitkontraktering, aflandige produksie, werksprosesverskaffingsnetwerke, inkontraktering, informering ("informing"), en die hele pakket van digitalisering, mobiliteit en virtualisering gekoppel aan persoonlike diens[27] word in 'n toenemende mate kenmerkend van die globale veranderende beroepsopset en skep veelvuldige nuwe vorme, hulpmiddele en geleenthede vir kreatiwiteit en benutting van geleenthede vir 'n voorsprong in die mark.

Vryskutberoepslui maak dan mutatis mutandis deel uit van 'n "exhilirating, post-modern industrial order" (Baines, 1999:19), gekenmerk deur die bevryding van rigiede, outoritêre, en dominerende beheermaatreëls van die modernistiese werkgewer. Gegewe die profiel en die aard van die werk van die taalpraktisyn (vergelyk Carstens & Van de Poel, 2010; Kotze, 1997; A. Kruger, 2006; Law, 2010:50-83), en veral dan vertalers, teksredakteurs en proeflesers, is dit 'n arbeidsmilieu waar die taalpraktisyn hom progressief in 'n hoë mate in aanvraag sowél as tuis (kan) vind.

Hierdie tendens kan beskou word as kenmerkend van 'n eietydse, aktuele arbeidsomgewing wat die vryskuttaalpraktisyn 'n tipiese produk maak van die postmoderne era waarin mense hulle eie kontekste vir produkte en dienste ontwikkel om in hulle eie veranderde en steeds veranderende behoeftes sowel as dié van die eietydse samelewing te voorsien (vergelyk byvoorbeeld ook Friedman, 2007).

Daar is wêreldwyd 'n groot markaanvraag na vryskuttaalpraktisyns (Boucau, 2005; EU Business, 2009; Jenner & Jenner, 2010; A. Kruger, 2006; Sprung, 2000: ix; Sunshine, 2009; Translatorscafe.com, 2008):

- Die meeste vertalers in die VK en VSA werk tans as vryskuttaalpraktisyns (Fraser & Gold, 2001:697; Keal, 2010; Wooten, 2008).
- Die tolkberoep word toenemend gedomineer deur vryskuttolke en min voltydse poste word geadverteer, selfs vir die openbare sektor (Keal, 2010; Wooten, 2008).
- Oudiovisuele vertalers is in groot aanvraag in alle Europese tale tot die mate dat Mostra Communication in Brussel 'n databasis vryskutpraktisyns vir die EuroparlTV-projek (die Europese Parlement se webtelevisie), in 22 Europese tale [28] in werking het (Translatorscafe.com, 2008).
- Internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies en die Wêreldbank kontrakteer die meeste van hulle proefleeswerk en teksredaksie uit aan vryskutteksredakteurs (Sunshine, 2009).
- Die "entrepreneurial pull" and "unemployment push" (Granger *et al*., 1995) kenmerkend van die postmoderne ekonomiese markte lei tot 'n toename van vryskuttaalpraktisyns in die uitgewersbedryf – vertalers, teksredakteurs en proeflesers – in die VK en ander vooruitstrewende industriële ekonomieë.
- Vryskutvertalers, 'n beroepsgroep met 'n lang geskiedenis van bedryfspraktyke buite formele organisasies, maak 'n suksesvolle transisie van emplojering na selfemplojering (Gold & Fraser, 2002).

[27] Vergelyk 4.5.3 vir 'n bespreking en gevallestudies van hierdie verskynsels soos dit van toepassing gemaak kan word op die taalpraktyk.
[28] Onder andere Bulgaars, Tsjeggies, Deens, Nederlands, Engels, Fins, Frans, Duits, Grieks, Hongaars, Italiaans, Letties, Litaus, Maltees, Pools, Portugees, Roemeens, Slowaaks, Sloweens, Spaans, Sweeds.

- Grootskaalse privatisering in die uitgewersbedryf, regeringsdepartemente en parastatale organisasies[29] in Suid-Afrika (Kruger, 2006) skep 'n baie gunstige mark vir vryskuttaal-praktisyns as gevolg van die toenemende vraag na taaldienste in 'n wêreldwye multitalige opset.

Die kwessie is enersyds of die konsepte "freelancer" en "professional" versoenbaar is? Andersyds is die vraag: Wat kan die taalpraktisyn in hierdie dinamiese mark doen om te oorleef, maar ook om die belange van die taalberoepe te bevorder? Dit is baie duidelik dat die attribute wat hier ter sprake kom, die attribute is van outonomiteit en sigbaarheid.

Die moontlikheid bestaan wel dat die prototipemodel van professie (in teenstelling met die geïnstitusionaliseerde leksikologiese konsep daarvan; vergelyk Hoofstuk 2) in 'n veranderde beroepsomgewing ruimte kan bied vir 'n semantiese herinterpretasie van die konsep van "professie" (in die konteks van die kategorisering van betekenis).

Veral die hedendaagse vryskutberoepsomgewing en gekonnekteerde beroepswêreld (Friedman, 2007) bied toenemend meer ruimte vir 'n vloeibare beroepsopset as óf die klassieke professionele beroepsomgesing óf die eng burokratiese korporatiewe beroeps-omgewing, soos blyk uit die outonome posisie van vryskutregspraktisyns wat vir regsfirmas op 'n onafhanklike, projek-vir-projek-, kontrakbasis werk (Hayes, 2009) teenoor die geëmplojeerde posisie van korporatiewe regsadviseurs. As die veranderende beroeps-omgewing binne 'n globaal veranderende ekonomie ruim geleenthede en veranderende professionele persepsies omtrent die beroepsaktiwiteite van kontrakregspraktisyns bied (Hayes, 2009:13), is dit tog moontlik dat dieselfde waarde-oordeel en denkraamwerk-verskuiwing oor taalpraktisyns gemaak kan word.

Die implikasie is dat veranderde beroepsomgewings geleenthede skep vir kreatiewe herbesinnings oor die werk, werksomstandighede en toekoms van die meeste beroeps-praktisyns wat hulle beroepsidentiteit wil bevorder en handhaaf.

Toegepas op hierdie studie: Wat kan taalpraktisyns doen om 'n mededingende voorsprong te behou in die veranderende beroepsomgewing? Wat is die unieke diens wat enige taalberoep kan bied om 'n markmonopolie te verseker en, vir die doeleindes van hierdie studie, as 'n prototipeprofessie binne die postmoderne samelewing te funksioneer?

Die taalpraktisyns wat in die toekoms gaan oorleef, is hulle wat roetinewerk kan rekenariseer eerder as om weerstand te bied teen programmatuur wat met terminologiese databasisse werk. In die veranderende beroepswêreld is die teksredakteur wat die tegnologie die beste kan gebruik om die donkiewerk van spelkontrole en proeflees te doen, om dan kan fokus op aspekte van tekstualiteit (vergelyk Carstens, 1997; De Beaugrande, 1995:636-543; De Beaugrande & Dressler, 1981) om 'n gespesialiseerde diens te lewer, die taalpraktisyn wat die voorsprong in die mark het.

Vryskutvertalers handhaaf, in die breë gesien, hoër vlakke van **outonomie** en beheer oor hulle werkstoestande as ander vergelykbare selfgeëmplojeerde groepe soos joernaliste, fotograwe en ander mediawerkers, selfs as sommige vryskutteksredakteurs en -proeflesers, veral uit hoofde van die aard van hulle kennis en vaardighede en hulle verhouding met kliënte, wat vaste parameters skep in die aanbod van dienste (Fraser & Gold, 2001).

[29] 'n Semi-owerheidsinstelling of agentskap

Die taalpraktisyn wat die uniekste taak verrig in die mediëringsproses en die beste vergoeding kry, maar ironies met die minste identiteit en die minste erkenning (Angelelli, 2004b; Bahadir, 2010), en gevolglik die beste toekoms in die mark het, is die simultane tolk. Dit is die een enkele taalberoep wat die moeilikste is om te outomatiseer: spraakherkenning staan nog in sy kinderskoene (vergelyk onder andere Juang & Rabiner, 2004; Lodato, 2002, 2005; Pezzullo *et al*., 2008).

Simultane tolking is 'n subiete en eenmalige proses waar onmiddellike, simultane reproduksie gevorderde taal- en denkvaardigheid vereis en die tolk onder hoë druk plaas. Vertalers, teksredakteurs, onderbetitelaars, terminologie-ontwikkelaars sowel as oudiobeskrywers se mediërings- en remediëringstake geskied oor 'n tydsverloop en daar is altyd die moontlikheid van korrektiewe opvolgprosesse.

Wat vertaling egter nog altyd die voorsprong kan gee, is skaars vertaalkombinasies. Wat teksredakteurs die voorsprong gee, is die uitdaging om die teksredaksie van niemoedertaal Engelssprekers se Engelse tekste te doen, binne 'n gerekenariseerde, virtuele beroepsopset. Suksesvolle taalpraktisyns kan dan hulle gunstige markposisie gebruik om substansiële beheer uit te oefen oor werksverwante aspekte soos die tipe tekste waarmee hulle werk, werksure, vergoeding, spertye, kwaliteitskontrole, netwerkvorming, bemarking en die opbou van 'n kliëntebasis. Dit is veral die gevestigde, ervare taalpraktisyn wat 'n finansiële voordeel in die mark het: Visser (2010:87) wys in hierdie verband daarop dat vertalers wat meer as vyftien jaar ondervinding in die taalpraktykmark het, in 'n hoër inkomstegroep val as vertalers wat tussen vyf en vyftien jaar ondervinding het.

Daarby impliseer die irrelevansie van 'n tradisionele beroepstruktuur dat die taalpraktisyn doelbewus 'n keuse uitgeoefen het vir 'n vryskutloopbaan: selfs diegene wat aanvanklik uit bestuursposte noodgedwonge in so 'n loopbaan gedwing is, sou dit nie verruil vir 'n permanente pos nie (Fraser & Gold, 2001).

Werkerskorpsbuigsaamheid en niestandaard-, "periodieke" werk bring met hom mee nuwe meganismes vir arbeidsmarkbemiddeling en werkerskorpsbeheer: soos enige ander professionele praktisyn kan die vryskuttaalpraktisyn deur netwerkvorming 'n goeie reputasie ontwikkel wat vooruitsigte van kollegiale aanbevelings vir kontraktuele opdragte begunstig (Osnowitz, 2006) om 'n vryskutloopbaan te vestig en te handhaaf.

Die kennelike dinamika van die taalpraktyk soos hierbo beskryf, dui op 'n besondere veerkragtigheid in die beroep, wat daarvan 'n sterk kandidaat vir professie maak: een van die attribute van professie is juis die vermoë om 'n **monopolie in die (taalpraktyk)mark te bewerkstellig en te handhaaf vir gespesialiseerde, intellektuele, en unieke (taal)dienste** toegespits op die toenemend komplekse (talige) behoeftes van multitalige, multikulturele gemeenskappe (vergelyk Hoofstuk 2), self binne veranderende omstandighede.

Dit kom daarop neer dat beroepsomgewings verander en alle beroepe tans in transformasie is in 'n geglobaliseerde wêreld (Friedman, 2007:14-15):

> Those who get caught in the past and resist change will be forced deeper into commoditization. Those who can create value through leadership, relationships and creativity will transform the industry, as well as strengthen relationships with their existing clients.

4.2.4.4 Samevatting

In hierdie onderafdeling het die bespreking gefokus op die kwessie van die uitwerking van die veranderde beroepsomgewing en vryskutberoepswêreld op die professionaliserings-projek van die tradisioneel onsigbare taalpraktisyn en in watter mate dit die ontluiking van die taalpraktyk as professie belemmer of moontlik kan bevoordeel.

Uit die bespreking hierbo kan daar beslis 'n saak uitgemaak word vir die gunstige uitwerking van die huidige beroepsklimaat, die vloeibare werksomgewing (Tseng, 1992 se "markwanorde") op die werksaamhede en toekoms van die vryskuttaalpraktisyn, nie net in Suid-Afrika en Vlaandere nie, maar wêreldwyd:

- Die beweeglike arbeidsmark hou die belofte in van periodieke tot gereelde werk buite die formele korporatiewe opset, veral as die taalpraktisyn die voorsprong kan behou deur organisatoriese vermoëns aan die dag te lê, en fokus op lokalisering, persoonlike kontak en die gespesialiseerde nuanses van die taalberoep eerder as die roetinewerk.
- Die elektroniese voordeel van die virtuele kantooromgewing bied ruimte vir die ontstaan van informele netwerke waar hoëspoedinternetverbindings kennisuitruiling, die rekenarisering van roetinewerk, uitkontraktering, en verskaffingsnetwerke die taak van die taalpraktisyn vergemaklik.

Die beweeglike arbeidsmark kompenseer dus vir 'n samelewing wat nie altyd bewus is van die waarde van die taalpraktyk nie: 'n baie groter mark kan via 'n groter vryskuttaalpraktisyns-korps bedien word.

Die aktiwiteite van die taalpraktisyn gekoppel aan die attribute van voltydse, hoogs-geskoolde, gesaghebbende beroepsaktiwiteite en funksionele beheer oor eie taalberoeps-aktiwiteite sowel as 'n persoonlike professionele verantwoordelikheid wat min ruimte laat vir foutering, en die vermoë tot alleenagentskap in die mark kan dus deur die veranderde, veral vryskut-, taalpraktykmark bevorder word.

Die veranderende beroepsklimaat en die gepaardgaande gunstige vryskutmark van die postmoderne sosiale opset waarin die taalpraktyk hom tans bevind, en waarin die taalpraktisyn grotendeels suksesvol en onafhanklik kan funksioneer, behoort gevolglik die **professionele identiteit** van die taalpraktisyn te verhoog en die professionaliseringsproses van die taalpraktisyn te bevorder. As sodanig kan toegewyde, tersaaklik opgeleide, kwaliteitsbewuste en diensgeoriënteerde taalpraktisyns wel tot groot mate **toelating tot die beroep** en 'n **monopolie** in die vryskuttaalmark bewerkstellig.

Die gevaar bestaan steeds dat die attribute rakende beheer oor toelating en monopolie in die mark tog in die vryskutmark deur die taalpraktykkasters, die "fly-by-night"-ers ondergrawe word en die reputasie van die beroep in die gedrang bring, wat veral vererger word deur die virtuele vryskutberoepsmark en die internetomgewing.

Die voordele van 'n vryskutberoepsmark kan tog meer wees as die nadele, veral as taalpraktisyns self standpunt begin inneem oor die noodsaaklikheid van sigbaarheid en die professionalisering van hulle beroep, en werk maak daarvan om hulle beeld van die tradisionele skadubeeld te omskep in 'n eietydse professionele identiteit in eie reg. Friedman (2007:97) se argument van "gemeenskapsensuur" in die vorm van portuurgroep geëvalueerde

wetenskap ("peer-reviewed science") wat ook binne die internetomgewing ontwikkel is (byvoorbeeld ten opsigte van Wikipedia se selfkorrigerende veronderstellings), maak in hierdie verband veral appèl op die professionele bewussyn van die taalpraktisyn:

> Open-source is nothing more than peer-reviewed science. Sometimes people contribute to these things because they make science, and they discover things, and the reward is reputation. Sometimes you can build a business out of it; sometimes they just want to increase the store of knowledge in the world. And the peer review part is critical – and open-source is peer review. Every bug or security hole or deviation from standards is reviewed.

Of soms is daar 'n toegewyde beroepsgroep wat die tradisionele twyfelagtige beroepsaansien van hulle beroep in 'n nuwe beroepsera wil ophef na 'n professie met geloofwaardige status. Die vraag is of taalpraktisyns hulle met so 'n ideaal wíl vereenselwig.

4.2.5 Institusionele klimaat: gevolgtrekking

In die voorafgaande afdeling het die institusionele klimaat waarin die professionele projek van die taalpraktisyn hom afspeel as struikelblok ter sprake gekom: die sosiopolitieke gegewe, die nieprofessionele opset in hedendaagse formele, burokratiese werksorganisasies en vryskuttaalpraktyk as postmoderne beroepsverskynsel.

Met die bespreking agter die rug is die vraag: Watter attribute van professie is reeds kenmerkend van die beroepsopset van die taalpraktisyn binne die institusionele klimaat? Die attribute van professie wat verband hou met die institusionele gegewe is:

- in die sosiopolitieke konteks: **outonomie** en **monopolie** sodat die taalpraktyk as 'n self-besturende en selfregulerende beroep binne staatsgesanksioneerde professionele strukture kan funksioneer;
- in die burokratiese werksopset: **outonomie**, 'n **monopolie** op kennis en die **altruïstiese diensaspek**, **sigbaarheid,** en
- in die vryskutberoepstendens: **sigbaarheid** en toerekenbaarheid om **outonomiteit** te handhaaf, en toegangsbeheer om 'n **monopolie in die** taalpraktykmark binne die veranderende beroepswêreld te vestig en te beskerm.

Die huidige sosiopolitieke opset in Suid-Afrika en Vlaandere is 'n huidig-gegewe funksie van die verloop van die geskiedenis van 'n eeue oue taalpolitieke en kulturele stryd wat verband hou met nasionalisme en kulturele identiteit. Die burokratiese beroepsopset is 'n gegewe struktuur in die samelewing wat nie gaan verander nie, en nie die taalpraktyk as beroep negatief behoort te beïnvloed nie. Eweneens is die vryskuttendens in die postmoderne samelewing 'n eietydse gegewe wat in die huidige ekonomiese toestande en globaliseringsbeweging die beroepsomgewing domineer, en in der waarheid die professionele projek van die taalpraktisyn kan bevoordeel.

Die enigste attribuut wat tot dusver reeds sigbaar word in hierdie konteks, en in der waarheid as mediëringsbeginsel per definisie inherent is aan die taalpraktyk as professie, is die konsep van die **altruïstiese diensaspek**. Die realisering van die attribute van outonomie en monopolie in die mark word ondermyn deur **taalpolitieke onstabiliteit** wat **sanksionering** verhinder (met 'n sterker impak in Vlaandere as in Suid-Afrika) wat die gebrek aan sanksionering en toelatingsvereistes perpetueer. **Partypolitieke kwessies en oorlewings-**

kwessies weeg swaarder as die professionalisering van 'n beroep wat taalpolities gesproke swaar dra aan apartheids- en identiteitsbagasie.

Die ontbrekende attribute is albei noodsaaklike attribute, wat bepalend is vir die toekoms van die taalpraktyk as professie, en in die loop van die hoofstuk sal aangetoon word dat sanksionering op 'n ander wyse kan geskied as deur wetgewing.

Die oplossing wat hom voordoen in hierdie konteks is om die sosiopolitieke opset as 'n geleentheid aan te gryp om ander professionaliseringsprosesse in plek te stel deur kreatiewe pogings aan te wend om sanksionering en outonomiteit te bewerkstellig.

Die aangewese stap sou wees om die professionele projek 'n prioriteit te maak, daadwerklik alle rolspelers as 'n kritieke massa taalpraktisyns te betrek en te motiveer om verantwoordelikheid te aanvaar vir die opheffing van hulle beroep. Dié proses kan bewerkstellig word deur van werkgewers vennote te maak in die professionele projek; hulle bewus te maak van die professionele aard van taalpraktisynsdienste, te kapitaliseer op die potensiaal van hoëspoedkommunikasiegeleenthede, die virtuele werksopset, en inligtings-tegnologiese dimensies in die vryskutmark, en deur advertensieveldtogte in die mark in samewerking met die beroepsliggaam die sigbaarheid van die taalpraktisyn te verhoog.

4.3 Die sosio-ekonomiese klimaat

4.3.1 Inleiding

Beroepsoutonomie en **beroepsmonopolie** – gesag en prestige, privilegie, marksluiting, beroepsolidariteit, beroepstabiliteit, openbare elitegroep**sanksionering**, gewettigde staat-**sanksionering**, gemeenskap**sanksionering**, gestandaardiseerde toelatingsvereistes – en **maksimale professionele vergoeding** is tradisioneel verbandhoudende *conditio sine qua non* in die sosio-ekonomiese beroepsomgewing van die professies.

Sosio-ekonomiese faktore wat óf as bemiddelende proses (katalis) tot voordeel van beroepsoutonomie van die taalpraktyk kan strek, óf as struikelblokke 'n remmende uitwerking op die verwesenliking van hierdie attribuut kan hê, is:

- markwanorde;
- die veranderende beroepsomgewing en die diversifisering van markte, beroepe en professies;
- gebrek aan 'n professionele ideologie onder taalpraktisyns wat manifesteer as apatie;
- wanopvattings uit, en weerstand teen die professies uit die samelewing, en
- 'n gebrek aan aanvaarbare en/of gestandaardiseerde vergoeding.

Die bespreking in hierdie afdeling neem 'n aanvang met die uitgangspunt dat die begrip "markwanorde" – wat allerweë beskou word as 'n struikelblok in die professionele projek van beroepe – tot voordeel kan strek vir sodanige projekte, veral indien die verskynsel aanvaar word as 'n noodsaaklike uitwerking van veranderende beroepsomgewings (wat in 4.3.3 bespreek word).

4.3.2 Markwanorde

4.3.2.1 Inleiding

"Markwanorde" is 'n konsep wat algemeen gebruik word in sosio-ekonomiese konteks om periodes te beskryf van verhoogde onsekerheid oor die veiligheid en die likiditeit van die ekonomie wat voortspruit uit 'n wye verskeidenheid van markverwante veranderlikes en hewige globale markaktiwiteite (Lesourne, 1992; Phillips, 1997). Gedurende periodes van markwanorde wend rolspelers in die mark hulle tradisioneel na staatsgesag vir openbare beleidmaking en/of regulerende strukture om die negatiewe gevolge van markwanorde te temper – of te kenter.

Wanneer hierdie konsep toegepas word op die spesifieke aspek van arbeidsverdeling in die breër ekonomie – in die konteks van spesifieke beroepaktiwiteite – is dit beskrywend van die probleme waarmee die beroep te kampe kry om 'n houvas op en beheer te kry oor die veranderlikes wat 'n impak het op beroepspesifieke werksaamhede en dienste (vergelyk Witter-Merithew & Johnson, 2005).

Markwanorde word oor die algemeen negatief beoordeel as een van die oorsake van onsuksesvolle professionele projekte, en veral in die huidige sosio-ekonomiese opset met sy progressief globaliserende en mededingende mark (Olvera-Lobo *et al.*, 2005) wat betref die professionele projek van taalpraktisyns (Bell, 2000; Boucau, 2005; Combrink & Verhoef, 2002; Law & Kruger, 2008; Liebenberg, 2007; Tseng, 1992:44-45).

In die huidige sosiokulturele en sosioprofessionele opset word markwanorde in die taalpraktykmark gedefinieer as chaoties en ongereguleerd waar min of geen statutêre beskerming van die onderskeie taalberoepe of titelbeskerming vir die praktisyns daarvan bestaan nie: Jan en San Alleman kan aanspraak maak op die titel van "taalpraktisyn", en met geen of die minimum opleiding en kwalifikasies "praktiseer". Gekwalifiseerde diensverskaffers kompeteer dan nie net met mekaar nie, maar ook met volslae "taalpraktykasters"; met "utter incompetents" (Bell, 2000:148), of die beunhase – knoeiers en amateurs wat vinnig geld wil maak.

Dié situasie is oënskynlik nie net kenmerkend van Suid-Afrika en Vlaandere (vergelyk 4.2 en 4.4.2.2) nie: die taalpraktykmark word wêreldwyd beskou as een van die mees gefragmenteerde diensmarkte in die wêreld; 'n stand van sake wat meestal in 'n negatiewe lig beskryf word met terme soos onder andere "ongeorganiseerd", "in oproer", "met 'n negatiewe beeld", "geen samewerking nie", "ongesond", "'n kwaliteitsrisiko", "onvolwasse", "abnormaal", en "'n kommoditeit" (Boucau, 2005). In hierdie onderafdeling word kortliks besin oor die konsep van "die gereguleerde professie" in die konteks van die negatiewe persepsie van "markwanorde".

Markwanorde word geïnterpreteer as een van die redes vir die gebrek aan begrip en erkenning vir die kompleksiteit van die taalberoepe en die dienste wat daarmee gepaard gaan (EC, 2009c:79) wat dan as 'n struikelblok geteiken word in die professionele projek van taalpraktisyns (Tseng, 1992:44-45). Dit is veral die attribuut van regulering – wat meestal die outonomiteit van professies verseker – wat in hierdie bespreking ter sprake kom.

4.3.2.2 Die "gereguleerde professie"

In die tradisionele model van professie staan die **attribuut van statutêre erkenning** of **regulering** sentraal tot professionele status. Die "gereguleerde professie" word soos volg in verskillende kontekste beskryf:

- In die Europese Unie[30] word 'n professie beskou as gereguleer wanneer toegang en praktyk onderworpe is aan 'n beroepskenmerkende professionele kwalifikasie.[31] Enkele lidstate se omskrywings met betrekking tot regulering het die volgende strekkings:
  - In Swede is 'n gereguleerde professie een wat die een of ander vorm van gelisensieerde of geregistreerde status het, wat normaalweg die voltooiing van 'n beroepsgespesialiseerde opleidingsprogram insluit.[32]
  - In die Verenigde Koninkryk is 'n gereguleerde professie een waar toegang tot en praktyk daarvan beperk word deur nasionale wetgewing tot diegene wat beroepskenmerkende professionele kwalifikasies het.[33]
  - In België kan gereguleerde professies slegs beoefen word op sekere voorwaardes vir verskillende beroepskategorieë (wat nie baie duidelik omskryf word nie). Vir self-werksame professionele individue is bewys van professionele vaardighede noodsaaklik, en die liberale en intellektuele professies[34] kan slegs beoefen word onder sekere reëls en regulasies.[35] In België is die gereguleerde professies die verant-woordelikheid van die federale regering, terwyl onderwys en opleiding onder die bevoegdhede van die gemeenskappe (Nederlands/Frans/Duits) val. Gevolglik moet verseker word dat daar 'n direkte samehang bestaan tussen toegang tot 'n professie en 'n gegewe kwalifikasie. Een manier om dit te doen, is om te verseker dat hierdie kwalifikasies opgeneem word in die sogenaamde federale "crossroads database"[36], waarin relevante data ten opsigte van hierdie kwessies met mekaar geïntegreer word.
- In Kanada word gereguleerde professies beheer deur provinsiale en territoriale (en soms federale) wetgewing, en bestuur deur 'n professionele beroepsliggaam of regulerende instansie,[37] 'n organisasie wat die standaarde en praktyke van 'n gereguleerde professie daarstel. Hierdie liggaam is terselfdertyd ook hier verantwoordelik vir die uitreiking van 'n lisensie.[38] Gereguleerde beroepe in Kanada vereis gewoonlik tersiêre opleiding, praktiese ervaring onder die toesig van 'n gelisensieerde praktisyn in die gekose beroep, en die suksesvolle voltooiing van 'n lisensiëringseksamen. Dit is belangrik om daarop te let dat die onderskeie Kanadese provinsies en gebiede somtyds verskillende vereistes stel aan gereguleerde professionele praktisyns. In sommige gevalle beteken dit dat 'n

---

[30] Die Europese Unie aanvaar *Directive* 2005/36/EC om professionele erkenning te bevorder in die konteks van gereguleerde professies: *Directive 2005/36/EC of the European Parliament and of the Council of 7 September 2005 on the recognition of professional qualifications*. Hierdie riglyn is in Deense wetgewing bekragtig. Vergelyk Danish legislation http://en.iu.dk/recognition/international/international-guidelines

[31] Vergelyk E.C. Regulated professions database. Regulated professions per country. http://ec.europa.eu/internal_market/qualifications/regprof/index.cfm?fuseaction=regProf.home

[32] Beskikbaar op SWEDEN.SE Regulated professions. http://www.sweden.se/eng/Home/Work/Labor-market/Regulated-professions/

[33] Die *National Contact Point for Professional Qualifications* in die Verenigde Koninkryk (UKNCP) vorm deel van 'n wyer netwerk van kontakpunte in die Europese Unie (EU), Europese Ekonomiese Area (European Economic Area, EEA), en Switserland. Vergelyk UKNCP Regulated professions. http://www.ukncp.org.uk/index.asp?page=32

[34] Te wete: boedelberedderaars, landmeters, geregistreerde rekenmeesters en belastingkonsutante, geoktrooieerde rekenmeesters en belastingadviseurs, ouditeure, sielkundiges en argitekte. Vergelyk Business.Belgium.BE. Liberal and intellectual professions. http://business.belgium.be/en/managing_your_business/regulated_professions/liberal_professions/

[35] Die skakel vir intellektuele professies lewer egter geen inligting op nie: Business.belgium.be http://business.belgium.be/en/managing_your_business/regulated_professions/

[36] Beskikbaar op Crossroads Bank for legislation http://www.belgiumlex.be/V2/belgiumlex/website/info/whatis/en/index.html / http://www.belgiumlex.be/V2/belgiumlex/website/en/

[37] Vertalers en tolke is hier 'n gereguleerde beroep. Vergelyk die lys van gereguleerd professies in Kanada op http://www.jobs4immigrant.com/forum.asp?mod=view&num=90&grp=29&thm=12&tit=List+of+regulated+professions+in+Canada

[38] Vergelyk Working in Canada. Glossary http://www.workingincanada.gc.ca/content_pieces-eng.do?cid=24#Regulated_Professions

persoon wat gelisensieer is in een provinsie, nodig het om heraansoek te doen vir 'n lisensie om in 'n ander provinsie of gebied te praktiseer.[39]
- In Suid-Afrika is 'n gereguleerde professie een waar toegang, kwalifikasies, professionele optrede en so meer, bepaal word deur statutêre spesifikasies.[40]

Uit die bespreking hierbo van die tersaaklike voorbeelde wil dit voorkom of beroepsgerigte kwalifikasies meestal lei tot wetgewing om **beroepserkenning** en **regulering** te bewerkstellig.

Markwanorde in die taalpraktykveld word gereflekteer in die huidige toestand van die ongereguleerde beroepstatus en -onstabiliteit as gevolg van minimum toegangstandaarde. Dit manifesteer in 'n gebrek aan blywende en geloofwaardige professionele beheer oor die veranderlikes wat effektiewe taalpraktykdienste verseker: die institusionele klimaat en sosiopolitieke konteks (vergelyk 4.2), die sosio-ekonomiese faktore (vergelyk 4.3), die persepsie van waarde van die taalpraktyk (vergelyk 4.4), die internasionale konteks (vergelyk 4.5.2), die multitalige konteks (vergelyk 4.5.3), die nasionale konteks (vergelyk 4.5.4 en 4.5.5), die akademiese konteks (vergelyk 4.7) soos dit in hierdie afdeling ter sprake kom.

Indien markwanorde beskou word as 'n dinamiese proses inherent aan sosio-ekonomiese en sosiopolitieke verandering, tegnologiese ontwikkeling en globalisering, beteken dit dat die beroepsomgewing van enige beroep of professie noodwendig in 'n kontinue staat van veranderlikheid sal moet funksioneer – of die onderspit delf. Markwanorde kan in hierdie sin die impetus word vir beroepsontwikkeling, en op die lang duur voordelig inwerk op die professionele projek van die taalpraktisyn.

4.3.2.3 Markwanorde in perspektief

Teen die agtergrond van veranderende sosio-ekonomiese en sosiokulturele toestande skep die toenemende behoefte aan taalmediëringsdienste in 'n progressief globaliserende en mededingende (taalpraktyk)mark (vergelyk Olvera-Lobo *et al.*, 2005) 'n skuiwergat vir ongereguleerde taalpraktykdienste.

Dit veroorsaak 'n toestand van markwanorde wat negatief bejeën word as 'n struikelblok in die verloop van die professionele projek van die taalpraktyk uit die aard van die interaktiewe en sirkulêre aard daarvan. Tseng (1992:44-45) beskryf wydverspreide disharmonie in die praktyk as simptomaties van markwanorde:

- fel mededinging tussen beoefenaars van die beroep;
- vrye toegang deur buitestanders tot die mark;
- min begrip van die beroep en vir die omvang van die dienste wat gelewer word;
- min vertroue in die dienste van die beoefenaars van die beroep;
- ongeërgdheid oor die kwaliteit van dienste;
- heersende lae vergoeding ten koste van kwaliteitprodukte en kwaliteitdiens, en
- onsekerheid oor die beskikbaarheid van gekwalifiseerde taalpraktisyns.

In so 'n situasie sou die beoefenaars van die beroep geen insentief ervaar tot gestandaardiseerde, gespesialiseerde, beroepsgerigte opleiding en kwalifikasies nie. Soos wat die

[39] http://www.gocanadausa.org/regulated-occupations.html
[40] Vergelyk The South African qualifications authority. nd. III:7 Criteria and guidelines for the evaluation of foreign qualifications. http://www.saqa.org.za/docs/critguide/foreignevaluation/intro.pdf

kompetisie in die markwanorde toeneem, word opleiding gesien as die weg na 'n kritieke massaverwesenliking wat mededingende markvoordele en sigbaarheid van die beroep kan bevorder. Op die lang duur tree ontevredenheid in: hoogs geskoolde, bekwame en beroepsgerigte praktisyns gee hulle misnoeë te kenne met die stand van sake, en eers wanneer praktisynsgetalle 'n kritieke massa bereik, tree konsensus in om kliënte te beskerm teen wanpraktyke en praktisyns teen uitbuiting; ontstaan die behoefte en strewe na professionele erkenning, wat manifesteer as die professionele projek (soos gedefinieer in Hoofstuk 1).

In Suid-Afrika het getalle nog nie hierdie kritieke massa bereik nie: Law en Kruger (2008) toon aan dat die marginale aard en minderwaardige status van taalpraktisyns in verband gebring kan word met 'n gebrek aan 'n behoefte vir praktykgerigte beroepskwalifikasies en 'n ongeërgde houding teenoor die ingewikkelde prosesse van professionele dienste en prosesse. Sodanige houdings en benaderings dra noodwendig by tot 'n voortslepende markwanorde, sowel as die marginale status van taalpraktisyns in enige opset; in 'n multitalige sosiale opset loop dit gevaar om tot die ondergang van professionele taaldienste te lei.

Combrink en Verhoef (2002:321) kom tot die slotsom dat, ten spyte van die huidige taaldinamika van die samelewingsopset, alle pogings tot professionalisering van die taalpraktyk in Suid-Afrika tot dusver skipbreuk gely het: "The nett effect is that the active pursuit of establishing a real multilingual dispensation in South Africa is lagging behind – also with regard to efforts in professionalising language practice in the country."

4.3.2.4 Samevatting

In die hedendaagse institusionele klimaat en sosio-ekonomiese konteks waarin die taalpraktyk funksioneer, bly die "professionele" status van die taalpraktisyn dan in die tradisionele sin van die woord steeds "grootliks ongereguleerd" in Suid-Afrika (SATI, 2007; Law & Kruger, 2008; Law, 2010), in België (Stejskal, 2003a:14), en in die meeste lande in die wêreld, (Bell, 2000; Stejskal, 2005). Die implikasie is dat dit enige individu vrystaan om as "taalpraktisyn" te werk. Daar is in die meeste lande geen wetgewing of statutêre afdwingbare vereiste of voorsiening vir akkreditasie of enige ander vorm van bewys van bevoegdheid (Stejskal, 2005; vergelyk 4.2 en 4.3) wat toegang tot die taalpraktykberoepe beheer nie[41].

Markwanorde is egter kenmerkend van heelwat ander beroepe, en het selfs 'n impak op die gevestigde professies. Die gevestigde kerkverband kla oor eietydse charismatiese en inheemse spirituele paradigmas, "onopgeleide predikante", lekepredikers en New Age-helers wat aanspraak maak op die kennis en vermoë om in mense se komplekse pastorale behoeftes te voorsien. Goldacre (2009:13-180) protesteer – met rede, want mense se gesondheid is op die spel – teen die kulturele "verwetenskapliking" van gesondheidprodukte en twyfelagtige terapieë en die gepaardgaande bemarkingsversinsels wat daarop aanspraak maak om tot dieselfde mate nagevors en getoets te wees as die hoofstroomgesondheidsberoepe soos medisyne en voedingskunde. Hy gee deurgaans afdoende bewys van die twyfelagtige navorsingstrategieë en metodiek wat aanspraak maak op sogenaamde "wetenskaplik bewese studies", en takseer dit as "bad science".

---

[41]Daar is wel uitsonderings soos aangedui op die Europese Kommissie se databasis; erkenning onder Voorskrif 2005/36/EC; alhoewel daar geen harmoniserende opleidingsvereistes voorkom nie – vergelyk 4.3.2 vir 'n volledige uiteensetting van gereguleerde professies in die EU-lidstate). European Commission. Regulated professions database. http://ec.europa.eu/internal_market/qualifications/regprof/index.cfm?fuseaction=profession.regProfs&profId=8015. European rules establishing mutual recognition of qualifications were introduced over the course of the last few decades. These rules have since been consolidated in a single directive (Directive 2005/36/EC on the recognition of professional qualifications).
http://ec.europa.eu/internal_market/qualifications/policy_developments/legislation_en.htm

In 'n tipiese postmoderne simptoom van mediese pluralisme (Kaptchuk & Eisenberg, 2001a) kry die gevestigde mediese beroepe toenemend te kampe met hedendaagse onkonvensionele mediese praktyke: 'n meer prominente, hoofstroom komplementere en/of alternatiewe medisyne (KAM), en 'n meer kultuurgebonde "parogiale", onkonvensionele medisyne. Die KAM-komponent kan verdeel word in 'n verskeidenheid van professionele groepe, leke-geïnisieerde populêre gesondheidshervormingsbewegings, New-Age-gesondheidsbewegings, alternatiewe psigologiese terapieë, en nienormatiewe wetenskaplike inisiatiewe. Die parogiale komponent sluit in etniese medisyne, spirituele genesing en folkmedisyne (Kaptchuk & Eisenberg, 2001b).

Indien markwanorde in dieselfde sin beskou word as professionalisering "... not an acquired state, but rather a dynamic social process in a continual state of flux" (Burbules & Densmore, 1991:41) word die potensiaal inherent aan veranderende prosesse omskep in 'n impetus in stede van 'n struikelblok wat taalpraktisyns kan aanspoor tot "kritieke getalle" om van die professionele projek 'n sukses te maak.

Hoewel dit die realiteit is dat die huidige ongereguleerde taalpraktykbedeling die skuiwergat skep vir enige individu om die taalpraktykmark te kan betree as 'n "taalpraktisyn", 'n onreëlmatigheid wat disharmonie en wanorde in die taalpraktykmark skep, kleur die veranderende beroepsomgewing soos beskryf deur Friedman (2007) hierdie prentjie anders in.

Vir die innoverende en beroepsgerigte taalpraktisyn kan "markwanorde" 'n beroepsvoordeel skep in die sin dat 'n veranderende beroepsomgewing ongekende werksvoordele en werksmoontlikhede inhou. Die veranderende beroepsomgewing van die taalpraktisyn word vervolgens bespreek aan die hand van Friedman (2007) en met enkele gevallestudies uit die eie praktyk toegelig.

4.3.2 Die veranderde beroepswêreld

4.3.2.1 Inleiding

Die veranderende beroepsomgewing is 'n funksie van invloedryke tegnologiese kragte wat gelykmakende geleenthede genereer in die vorm van 'n reeks ingrypende gebeurtenisse en voorpunt tegnologiese ontwikkelinge wat die proses van globalisering oor die afgelope twintig jaar eskaleer (Friedman, 2007), en markte, beroepe en professies diversifiseer.

Die hedendaagse "plat" (Friedman, 2007) beroepswêreld is hoogs gekonnekteer en geïntegreer sonder inagneming meer van hiërargie, tyd, afstand, organisatoriese grootte, individuele status, kultuur of taal, wat in die meeste opsigte ook van toepassing is op die taalpraktyk as aspirerende professie omdat die mededingende speelveld globaal gelykgemaak is:

> It is now possible for more people than ever to collaborate and compete in real time with more other people on more different kinds of work from more different corners of the planet and on a more equal footing than at any previous time in the history of the world – using computers, e-mail, fibre-optic networks, and dynamic new software.

Friedman (2007:51-232) skryf hierdie verwikkelinge toe aan tien kragte wat hy "flatteners" noem, wat 'n transformasie van werksaamhede in die beroepswêreld meebring. Die val van

die sogenaamde Berlynse Skandmuur, die doeltreffendheid van soekenjins[42], en die ontwikkeling van werksvloeisagteware lê die grondslag vir die diversifisering van markte, beroepe en professies, en dien as stimulus vir die ander faktore wat in alle opsigte 'n innoverende globale platform vir samewerking skep (Friedman, 2007:91). Oplading, uitkontraktering, buitelandse verplasing ("offshoring"), verskaffingskakeling, inkontraktering, inligtingsherwinning, en die "steroïdes": die digitale, mobiele, persoonlike en virtuele voordele van die eietydse tegnologie kom alles ter sprake in die veranderende beroepomgewing van die taalpraktisyn, wat in die loop van die bespreking wat volg aan die hand van twee gevallestudies geïllustreer word.

4.3.3.2 Die diversifisering van markte, beroepe en professies

1. Die val van die Berlynse muur (11 September 1989). "The walls [that] came down" en die "Windows [that] went up" (Friedman, 2007:51), by wyse van spreke, is nie net simboliese voorlopers van die einde van die Koue Oorlog of die verskuiwing van 'n kommunistiese ideologie nie; en Windows 3.0 nivelleer nie net die alternatiewe van vryemarkkapitalisme om miljoene mense in Indië, Brasilië, China, en die voormalige Sowjetunie ekonomies te bevry nie, dit noodsaak ook die samelewing om die wêreld te begin sien as 'n soomlose geheel. Dit skep geleenthede vir mense om, soos nog nooit tevore nie, nuwe inligting en kommunikasie-stelsels te skep vir algemene gebruik wat die weg baan vir veranderde beroepsomgewings (Friedman, 2007:53).

2. Netscape word universeel beskikbaar (8 September 1995) as die eerste hoofstroom-blaaier ("browser") is 'n interoperasionele tegnologiese stelsel wat die wêreldwyeweb (WWW) gebruikersvriendelik en toeganklik maak vir Jan en Alleman en saamval met die algemene ingebruikneming van Windows 95 as 'n standaardbedryfstelsel. Dit beteken dat almal, ongeag die rekenaar wat gebruik word, dieselfde webblaaie onder oë kry en toegang het tot dieselfde data.

3. Werksvloeisagteware is sagteware wat plekgebonde produksiesamewerking uitgedien maak. Die ontwikkeling van werksvloeisagtewarepakette gee gestalte aan netwerke of "meganiese gespreksvoering" – masjiene kan met mekaar kommunikeer – wat legio moontlikhede skep vir wêreldwye kommunikasie en sirkulêre verskaffingsprosesse en samewerking: die verspreiding, digitalisering, verdeling en prosessering van inligting en werksaktiwiteite in "veelvoudige werksomgewings en -situasies".

Vertaalprosesoutomatisering word toenemend deel van die beroepsapparatuur van die eietydse taalpraktisyn (aangepas uit Friedman, 2007:51-52; Hill, 2010, 2011; Web-lingo, 2011):

- Verskeie taalpraktisyns, individuele take, inhoudelike tekstipes en sagtewareprogramme maak deel uit van 'n lokaliseringsprojek.
- In die meeste organisasies verloop verskeie vertaal- of lokaliseringsprojekte simultaan, waarby tientalle interne en eksterne taalpraktisyns, projekbestuurders, taaldiens-verskaffers, en honderde tekste betrokke is.
- Dit behels komplekse vertaalprosesse wat oor virtuele kantore en kontinente heen gekoördineer moet word, wat dikwels lei tot vertraging, foute en stygende koste.

[42] Soos Netscape, 'n sagteware-applikasie vir die herwinning, aanbieding en deurkruising van inligting op die WWW.

- Die bestuur, tredhouding en verslagdoening oor verskeie simultane projekte kan kompleks, tydrowend en finansieel onhaalbaar wees, en verg doeltreffende organisatoriese en bestuursvaardighede.
- Hoërisikoprojekte is dikwels ter sprake waarin voorleggings van die produk deur verskeie rolspelers gedoen word (vergelyk die gevallestudie hieronder).
- Opleiding is noodsaaklik, en taalpraktisyns moet noodgedwonge nuwe, dikwels komplekse rekenaarsagtewareprogramme aanleer.
- Groot projekte moet in 'n relatief kort tydperk afgehandel word in 'n proses waarin alle rolspelers onder geweldige druk teen 'n sperdatum werk sodat gemoedere soms hoog loop.

'n Lokaliseringsprojek[43] wat met behulp van werksvloeisagteware ten uitvoer gebring is, kan as 'n relevante en uiters suksesvolle praktykgevallestudie, en as bewys van die nut van werksvloeisagteware, uitkontraktering, en netwerking vir die taalpraktisyn aangebied word.[44]

[43] Soos die Idiom WorldServer Localisation Project van Web-lingo, ('n Kaapstadse vertaalagentskap sedert 1997) en Rubric.com (een van die grootste lokaliseringsmaatskappye in die wêreld gebaseer in Skotland, Frankryk en die VSA) wat gesamentlik 'n vertaalprojek van 700 leerderstekste van stapel gestuur het. In totaal is tienmiljoen woorde oor 'n periode van drie maande vertaal deur ongeveer 300 vertalers. Die navorser was betrokke by hierdie projek.

[44] In 2009 het die Minister van Basiese Opvoeding 'n Ministeriële Taakspan aangestel om die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 te hersien. Die opdrag was om die uitdagings en probleemareas te identifiseer wat 'n negatiewe impak gehad het op die kwaliteit van onderwys in skole in Suid-Afrika en meganismes aan die hand te doen wat hierdie probleme uit die weg kon ruim. Die verslag van die Ministeriële Taakspan vir die hersiening van die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring (Oktober 2009), het verskeie aanbevelings gemaak om die Kurrikulum te verbeter. Daar word beoog om die núwe Nasionale Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring Graad R-12 (*National Curriculum and Assessment Policy Statement Grades R-12* – CAPS) tussen 2012 en 2014 te implementeer. Die veranderde Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring is deur die Lede van die Uitvoerende Raad (Members of the Executive Council – CEM – goedgekeur, maar is steeds onderhewig aan uitvaardiging in die Staatskoerant). Die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 word soos volg in die vooruitsig gestel: 2012: implementering in Graad R-3 en Graad 10; 2013: implementering in Graad 4-9 en Graad 11; 2014: implementering in Graad 12.Beskikbaar op die webblad van die Department of Basic Education, vergelyk http://www.education.gov.za/Curriculum/CurriculumAssessmentPolicyStatements/tabid/419/Default.aspx

Gevallestudie 1: **Die sukses van werksvloeisagteware in die veranderde beroepsomgewing**

Na die mislukking van Uitkomsgebaseerde Onderwys in Suid-Afrika poog die Departement van Onderwys opnuut om die kwaliteit van onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole te verbeter met die implementering van die veranderde Nasionale Kurrikulumverklaring, die *Curriculum and Assessment Policy Statement* (CAPS).

Uitgewersmaatskappye en vertaalagentskappe word uitgenooi om núwe leermateriaal (werkboeke, leerderboeke en onderwysersgidse) te ontwikkel vir CAPS en aan die Departement vir keuring voor te lê vir gebruik in skole.

Web-lingo, soos talle ander uitgewersmaatskappye en vertaalagentskappe in Suid-Afrika, is in hierdie proses een van die rolspelers in die voorleggingswedloop van werkboeke, leerderboeke en onderwysersgidse in die hoop om 'n bestelling van die regering te ontvang vir leermateriaal wat vir die nuwe Grondslagfase-kurrikulum en VOO-fase-kurrikulum in Suid-Afrika in die vooruitsig gestel word.

In die proses voorsien die Web-lingo-projekbestuurspan driehonderd Suid-Afrikaanse taalpraktisyns en veertig DTP-werknemers vertaal- en teksuitlegdienste van ongeveer vyftien miljoen woorde (420 boeke) in tien inheemse tale met behulp van Adobe InDesign en Idiom Desktop Workbench for WorldServer™. WorldServer™ is die ideale stelsel waarmee so 'n enorme en komplekse projek bestuur en uitgevoer kan word (Web-lingo, 2011):

> WorldServer™provides a centralised, translation process automation for control and collaboration. WorldServer™ is a translation management system that provides advanced linguistic technology, process automation, content repository integration and management services. WorldServer simplifies and accelerates localisation processes for any content – from websites to documents to software. By automating many costly and time consuming activities, it eliminates delays in the availability of translated content, improves translation quality and lowers costs.

WorldServer™ stel vertalers, teksredakteurs en proeflesers in staat om in enige formaat te werk sonder om kodes, grafiese beeldformaat, of merkerlêers in ag te neem, of vertraag te word met komplekse formatterings- en uitlegprosesse. PDF-lêers is beskikbaar vir kontekstualisering, maar die vertaling, teksredaksie en hersiening word op skerm gedoen in 'n eenvoudige tabelformaat met behulp van vertaalgeheues en glossariums wat elektronies en op skerm beskikbaar is vir eenvormigheid en konsekwensie. Werksvloeisagteware stel 'n hele span mense in staat om virtueel oor kontinente heen 'n lokaliseringsprojek ten uitvoer te bring.

Die kliënt – Oxford University Press – voorsien Web-lingo met die oorspronklik-ontwikkelde Engelse onderrigmateriaallêers. Engelse outeurs van Oxford University Press in Suid-Afrika pas die brontekste op hulle persoonlike rekenaars met relevante woordverwerkingsprogramme aan vir Suid-Afrikaanse onderrig- en leeromstandighede. Omdat die vertalers in Suid-Afrika van die Engelse konsepdokumente vertaal, moes die Engelse weergawes vir vertaling in die Suid-Afrikaanse tale opgelaai en afgelaai word, en nuwe brontekste ontwikkel word in samewerking met DTP-spanne in Indië, China en die VK.

Alle vertalers gebruik tafelrekenaarsagteware (70MB in totaal) wat hulle aflaai en op hulle rekenaars installeer ten einde hulle in staat te stel om van lyn af (ongekoppel) in 'n gebruikersvriendelike formaat te vertaal, maar wat ook Web-lingo in staat stel om die vertaalgeheues te bestuur om 'n konsekwent vertaalde, professionele, vertaalproduk te waarborg.

Met die sagteware geïnstalleer, kan vertalers op die WorldServer aanteken ("inlog") om hulle take af te laai, oop te maak, en in Idiom Desktop Workbench te vertaal met behulp van die aanlynglossarium, en dan weer hulle take op te laai. Met behulp van die vertaalgeheuesagteware moes elke dokument deur drie fases gaan aangesien vier weergawes (geïdentifiseer 1PP, 2PP, 3PP, en finalPP) in die proses betrokke was. Dit stel hulle in staat om direk in InDesign te werk om dit makliker te maak vir die DTP-span om die uitleg van die boeke te doen ten einde die tekste betyds te laat druk vir voorlegging.

Kommunikasie geskied telefonies, per e-pos en per Skype. Die uitvoerbaarheid, verloop en uiteindelike sukses van so 'n gekompliseerde lokaliseringsprojek is vanselfsprekend afhanklik van opleiding en begrip van die relevante rekenaarprogrammatuur, rekenaarprosesse, en werkvloeisagtewareprosesse.

Fakturering geskied deur relevante dataverwerkingsprogramme, en betaling geskied elektronies. Die hele proses geskied deur middel van **werksvloeisagteware** in 'n **verskaffingsnetwerk.** Die oplaag tekste word ten einde laaste gedruk waar drukkerskoste die laagste is vir massa-oplaes.

Die eerste drie kragte soos in 4.3.3.2 beskryf – die afbreek van een (verwysings)raamwerk ('n beperkende beton- en steenkonstruksie) en die opbou van 'n ander ('n deursigtige, bevrydende virtuele konstruksie) met simultane tegnologiese ontwikkelinge – lê die grondslag vir 'n totaal nuwe globale platform vir samewerking en gee aanleiding tot die ander faktore (Friedman, 2007:91). Die volgende sewe kragte het alles te doen met die gebruik en toepassing van die eietydse tegnologie in 'n virtuele beroepswêreld.

4. Oplading is die proses van oordrag van inligting van 'n persoonlike rekenaar na 'n netwerk(bediener) (in teenstelling met aflading, wanneer inligting van die netwerkbediener na 'n persoonlike rekenaar oorgedra word). Hierdie tipe inligting is gemeenskapsontwikkelde en gereguleerde inhoud en sagteware. Rekenaargemeenskappe ("communities") wat inligting oplaai, en saamwerk aan aanlynprojekte is terselfdertyd die produseerders en verbruikers van hulle eie inligting. Voorbeelde is oopbronsagteware, persoonlike webtydskrifte ("blogs"), Linux, en Wikipedia. Hierdie oopbronverskynsel, alhoewel 'n groot sukses, "hou die mees ontwrigtende potensiaal in" (Friedman, 2007:125), uit die kwantitatiewe (versus kwalitatiewe) aard van kennis en inligting, sowel as die moontlikheid van opsetlik-kwaadwillige oogmerke met die oordrag van inligting.

5. Uitkontraktering is die proses waardeur werk wat tradisioneel intern gedoen word (byvoorbeeld setwerk, vertaling van tekste uit een taal in 'n ander in 'n uitgewersmaatskappy, proefleeswerk) uitgekontrakteer word en vryskutsetters en taalpraktisyns te vergoed om dit te doen. Uitkontraktering bied maatskappye die opsie om diens en produksieaktiwiteite te skei, sodat elke taak of komponent op die omvangrykste, vinnigste, doeltreffendste en kosteeffektiefste wyse verrig kan word. Een van die gevolge van die nivellering van die wêreld is dat dit nou moontlik om die "kennisbedryf" soos die meeste teksverwante dienste wêreldwyd uit te kontrakteer met behulp van breëbandinternetverbinding, kundigheid en vaardigheid in Engels. Dit is veral die vryskuttaalpraktisyn wat reeds geruime tyd baat vind by die toenemende verskynsel van uitkontraktering.

6. Buitelandse verplasing/aflandige verplasing ("**offshoring**") vind plaas wanneer 'n maatskappy (of individu) sy produksie (werksaamhede) verplaas uit sy tuisland na die buiteland, waar massaproduksie (werksaamhede) kan plaasvind teen "goedkoper arbeid, laer belasting, gesubsidieerde energie, en laer gesondheidsorgkostes" (Friedman, 2007:137). Dit is te onderskei van uitkontraktering soos hierbo beskryf, en bied by uitstek moontlikhede vir Suid-Afrikaanse en Vlaamse taalpraktisyns om in Engels te werk.

7. Verskaffingskakeling/verskaffingsnetwerking ("**supply-chaining**") in die vorm van interaktiewe verskaffingsprosesse is die integrasie tussen kliënte, **gevorderde tegnologiese verskaffers** (werksvloeisagteware), en produsente (taalpraktisyns en ander rolspelers in die mediëringsproses), vir die intelligente hantering van prosesse en dienste, en die stroombelyning van werksvloei wat lei tot hoogs doeltreffende globale aanvullende netwerke.

In 'n wêreld waar individue toenemend die behoefte het om "self "uitgewers" te wees (Friedman, 2007:x), omdat uitgewersmaatskappye by voorkeur en oordeelkundig markgerig en winsgedrewe slegs gevestigde skrywersname publiseer, is die vryskuttaalpraktisyn ideaal gesitueer om die veranderde beroepsomgewing soos dit hierbo ter sprake kom tot sy voordeel te benut deur die mark te manipuleer met sy eie verskaffingsnetwerk.

In so ’n geïntegreerde werkprosesverskaffingsnetwerk is daar verskeie **rolspelers** in verskeie interaktiewe prosesse afgestuur op die behoeftes van ’n kliënt, wat as ’n gevallestudie gebruik word om aan te toon hoe die taalpraktisyn ’n veranderende beroepsomgewing tot sy voordeel kan manipuleer en benut.

In die werkprosesverskaffingsnetwerk ter sprake in die gevallestudie was betrokke: ’n kliënt met sy behoefte (’n teks wat ’n boek moet word as huldeblyk aan sy seun – die produk); ’n taalpraktisyn wat terselfdertyd as verskaffer en projekleier optree en die tekstuele prosesse sowel as die finansiële prosesse bestuur; die taalpraktisyn se eie verskaffers, naamlik ’n bladuitlegkunstenaar wat die bladuitleg van die teks doen, en/of ’n fotograaf wat die foto’s neem, en/of ’n kunstenaar wat die teks illustreer, ’n proefleser en ’n drukker; maar ook die taalpraktisyn met haar eie hulpbronne (ervaring, kennis en vaardighede, rekenaar-programme) wat die teksredaksie doen.[45]

Interaksie vind plaas tussen die taalpraktisyn en die spesifieke rolspelers, met die taalpraktisyn wat die verloop van die aktiwiteite bepaal en die proses bestuur tot die uiteindelike bevrediging van die kliënt. Interaksie tussen die taalpraktisyn en haar kliënt en verskaffers kan digitaal, mobiel, persoonlik en virtueel geskied.

[45] Vergelyk Bylaag 1 vir’n voorbeeld van die buiteblad van die boek. Gebruik met toestemming van die kliënt en outeur, dr.Johan de Lange ‘n vooraanstaande oftalmoloog in Vanderbijlpark, Suid-Afrika.

Gevallestudie 2: Geïntegreerde taalpraktisyn-werkprosesverskaffingsnetwerk in die veranderde beroepsomgewing



- ***Interaksie tussen die kliënt en die taalpraktisyn as verskaffer*** Die kliënt nader die taalpraktisyn (verskaffer, projekbestuurder) met 'n versoek om vir hom 'n boek te publiseer. Beplanning en bestek vind plaas tussen die kliënt en die taalpraktisyn waartydens die kliënt se behoeftes en die uitvoerbaarheid van sy vereistes en versoeke ten opsigte van die teks en buiteblad ondersoek en bespreek word. Die taalpraktisyn verskaf 'n kwotasie vir die redigering en proeflees van die teks en buiteblad, asook die kwotasie vir die bladuitleg (of indien in die proses, die fotograaf en/of kunstenaar se kwotasies vir foto's en/of illustrasies) en kwotasie vir drukkerskoste wanneer dit in die proses ter sprake kom. Kwessies rakende die buiteblad en die teks self geniet besondere aandag, en kan deur verskillende transformasies gaan. Die "transaksie" word uiteindelik kontraktueel bevestig. Fakturering en betaling geskied wanneer die finale en goedgekeurde produk afgelewer word.
- ***Interaksie tussen die taalpraktisyn en die drukker as verskaffer*** Die drukkerskoste is afhanklik van die oplaag, die grootte van die artefak, die tipe papier wat gebruik word, kleurgebruik in die teks en op die buiteblad, die tipe buiteblad (hardeband of sagteband, glans, mat, gebosseleer, die bindproses, die sperdatum en so meer. Die teksredakteur (as projekbestuurder) beding 'n aanvaarbare prys, en voorkeur word gegee aan die plaaslike drukkers om administratiewe en afleweringskostes laag te hou. Die "transaksie" word hier ook kontraktueel bevestig. Uiteindelik sal die drukker die finale verpakte oplaag vir die kliënt aflewer in opdrag van taalpraktisyn (projekbestuurder). Fakturering en betaling geskied wanneer die finale en goedgekeurde produk afgelewer word.
- ***Interaksie tussen die taalpraktisyn en die bladuitlegkunstenaar en/of fotograaf en/of kunstenaar as verskaffer*** Nadat die kliënt die redakteurskwotasie aanvaar het, kan die taalpraktisyn (as projekbestuurder) met die kliënt se versoeke en vereistes na hierdie rolspeler(s) gaan om 'n kwotasie te kry vir die werk wat ter sprake is. Die kliënt se behoeftes sal die rolspelers in hierdie verband bepaal. In hierdie geval wou die kliënt sy eie foto's gebruik, wat die bladuitlegkunstenaar digitaal moes modifiseer om in die teks te kan gebruik. Die bladuitlegkunstenaar voorsien 'n PDF-lêer – 'n draagbare dokumentformaat waarvolgens die boek gedruk word. Fakturering en betaling geskied wanneer die finale en goedgekeurde produk afgelewer word.
- ***Interaksie tussen die taalpraktisyn en die proefleser as verskaffer*** Die proefleser proeflees die teks in opdrag van die projekbestuurder (taalpraktisyn).

Wanneer die kliënt en die taalpraktisyn tevrede is met die produk, word die oplaag gedruk en in opdrag van die verskaffer by die kliënt afgelewer. Die voordeel van so 'n netwerk is dat die taalpraktisyn die projek kan bestuur, kan fokus op teksredaksie, die tydrowende proefleeswerk kan uitkontrakteer, en in die interaktiewe werkproses die rol, taak en funksie van die taalpraktyk en taalpraktisyn sigbaar maak in die mark.

8. Inkontraktering Met inkontraktering word van die dienste van 'n ander maatskappy gebruik gemaak om die verskaffingskakel(ing) te administreer; dit behels die delegering van 'n maatskappy se sleutelwerksaamhede aan 'n subkontrakteur. Bestuursbeplanning en kundigheid word verskaf deur diensverskaffers, kliënte en ander dienstemaatskappye. Staatsdiensdepartemente (soos die Departement van Onderwys in Suid-Afrika) en uitgewersmaatskappye maak van taaldiensagentskappe met taalpraktisyndatabassise en -dienste gebruik om taal- en teksprodukte uit te kontrakteer.

9. Inligtingsherwinning verwys na die dramatiese eietydse verwikkeling van die toeganklikheid van inligting, die inligtingsera. Die wêreldwye web gee gebruikers toegang tot ongekende hoeveelhede inligting: "Never before in the history of the planet have so many people – *on their own* – had the ability to find so much information about so many things and about so many other people" (Friedman, 2007:177; kursivering T.L.F.). Maar al hierdie inligting is nutteloos indien dit nie maklik ontsluit kan word nie. Soekenjins, soos byvoorbeeld Google en Yahoo, vergemaklik inligtingstoeganklikheid omdat dit verbruikers in staat stel om webblaaie met relevante inligting vinnig op te spoor. Dié "demokratisering" van inligting het 'n diepgaande impak op die samelewing. Jan en San Postmoderne Verbruiker is baie meer gesofistikeerd as hulle modernistiese eweknieë: hulle het baie vinnig universele toegang tot inligting, produkte, en dienste met behulp van soekenjins as met behulp van die tradisionele biblioteek, winkel of diensverskaffer. Inligtingsherwinning beteken vir vryskutindividue in die (taalpraktyk)beroepswêreld wat uitkontraktering, aflandige verplasing, en inkontraktering vir die formele beroepsopset beteken: "In-forming is about self-collaboration – becoming your own self-directed and *self-empowered researcher, editor*..." (Friedman, 2007:179; (kursivering A.K.).

10. Die "steroïdes": digitaal, mobiel, persoonlik en virtueel Friedman (2007:185-199) beskryf die "steroïdes" as 'n kombinasie van faktore wat die effek van uitkontraktering, aflandige verplasing, oplading, verskaffingsnetwerking, inkontraktering, en inligtingsherwinning bekragtig en verwerklik. Kommunikasie vind plaas oor mobiele netwerke met elektroniese tegnologie wat verskillende tipes inligting en samewerking ondersteun: alles, orals, blitsig, samelopend, met behulp van persoonlike digitale toestelle soos selfone, iPods, handpalmrekenaars (PDA – persoonlike digitale assistente), oombliklike kommunikasie[46], en spraakkommunikasie oor die Internet (voice-over Internet Protocol – VoIP soos Skype)[47].

Konvergensie van al hierdie faktore lei **eerstens** tot 'n globale, web-bemagtigde núwe platform vir veelvoudige vorme van samewerking. Hierdie platform kan individue, groepe, maatskappye en universiteite oral in die wêreld tegnologies bemagtig om saam te werk vir die doeleindes van innovasie, produksie, onderrig en onderwys, navorsing, en les bes, taalpraktyk, soos geen kreatiewe platform ooit tevore nie. 'n Platform wat funksioneer sonder inagneming van geografie, afstand, tyd, en selfs taal is die wesenlike van samewerking vir die toekoms op voorwaarde dat drie basiese vereistes in plek is (Friedman, 2007:205):

[46]Kitsboodskappe ("Instant messaging/IM") is 'n vorm van reële tyd, direkte teksgebaseerde kommunikasie tussen twee of meer mense wat persoonlike rekenaars of ander toestelle gebruik saam met gedeelde kliënte. Die gebruiker se teks word oor 'n netwerk, soos die Internet,oorgedra.

[47]Spraak oor Internetprotokol ("Voice over Internet Protocol /Voice over IP/ VoIP") is een van 'n groep Internettegnologieë, kommunikasieprotokols en transmissietegnologieë wat spraakkommunikasie en multimediasessies oor Internetprotokolnetwerke, soos die Internet, stuur. Ander terme wat sinoniem in hierdie konteks gebruik word, is: Internetprotokoltelefonie ("IP telephony"), Internettelefonie ("Internet telephony"), spraak oor breëband ("voice over broadband/VoBB"),breëbandetelefonie ("broadband telephony"), en breëbandfoon (" broadband phone"). 'n Normale Internetkonneksie word benut vir die oordrag van stem, baie soos 'n telefoongesprek. Met ander woorde, VoIP kan van enige persoonlike rekenaar of skootrekenaar wat Internettoegang het, 'n telefoon maak.

- die infrastruktuur om met hierdie plat wêreldplatform te konnekteer, veral breëbandnetwerk-toegang;
- die opleidingstelsels waarop meer mense opgelei kan word om op hierdie platform te innoveer, van hierdie platform af te werk, en hierdie platform te benut, en laastens,
- die effektiewe beheer en bestuur om die beste uit hierdie platform te haal en die ergste newe-effekte die hoof te bied.

Toegepas op die beroepsomgewing van die taalpraktisyn: Dit behoort dus nie te moeilik te wees vir universiteite met breëbandnetwerktoegang om kurrikula vir die opleiding van taalpraktisyns te standaardiseer nie; hulle het die infrastruktuur, die studente, die rolspelers, kan die navorsing doen, kan die onderrig doen. Wat nodig is, is die oortuiging van die voordeel van gestandaardiseerde opleidingsprogramme, en die wil tot beleidsimplementering.

Tweedens lei die konvergensie van hierdie faktore tot horisontale besigheidsproses-bestuurspraktyke wat die gekonnekteerde wêreld tot hulle voordeel kan benut. 'n Groot kader beroepsmense word tot die diensvoordeel van die samelewing betrek: maatskappy- en ander bestuurders, innoveerders, besigheidskonsultante, ontwerpers, inligtingstegnologiespesialiste, besigheidskole en opleidingsinstansies, hoof uitvoerende beamptes, interne werkers en vryskutwerkers wat gemaklik is met horisontale samewerking en waardetoevoegings-prosesse (Friedman, 2007:207). Taalpraktisyns maak deel uit op alle vlakke van kommunikasie en mediëring in hierdie kader van beroepsmense. Dis hier waar die multi-fasettige aard van die taalpraktyk en die "aliasse" van die taalpraktisyn tot sy reg kom: Taalmediators staan nie om dowe neute[48] onder andere bekend nie as: "intercultural management assistents" en "intercultural management consultants" (Vermeer, 1998:62), "language-services provider" en "cultural consultant" (Austermühl *et al*.,1998:336), "information broker" en "multitasking translator" (Austermühl, 1999:439), "crosscultural professional" (Gentzler, 2001:71), "... eclectic language professional", en 'n "linguistic and cultural mediator" (Bauer & Rodrigo, 2004:3).

Derdens lei die konvergensie van hierdie faktore tot 'n globale, opgeleide werkersmag met ongekende vak- en algemene kennis, kreatiwiteit, toepassings- en innoveringsvaardighede (Friedman, 2007:211):

> Giving so many people access to all these tools of collaboration, along with the ability through search engines and the Web to access billions of pages of raw information, ensures that the next generation of innovations will come from all over Planet Flat. The scale of the global community that is soon going to be able to participate in all sorts of discovery and innovation is something the world has simply never seen before.

4.3.3.3 Samevatting

Die implikasie van die veranderde beroepswêreld vir die taalpraktyk?

Die vryskuttaalpraktisyn wat met sukses in die hedendaagse veranderende beroeps-omgewing wil aanpas, is die taalmediator wat vertaal- en taaltegnologies vaardig is. Die eietydse vryskuttaalpraktisyn:

[48] 'n "Dove noot" in Nederlands is 'n leë neut, dus sonder inhoud. Taalpraktisyns verrig nie take vir 'n nuttelose en waardelose doel nie.

- bevorder sy eie loopbaan met die relevante kwalifikasies, voortgesette opleiding, en akkrediteer by ’n beroepsliggaam aangesien sigbaarheid op ’n beroepsliggaamdatabasis anonimiteit en onsigbaarheid hokslaan en verwysing verseker;
- bou ’n vryskutloopbaan op met die vestiging van ’n kliëntebasis, en is verantwoordelik vir sy eie bemarking met ’n webwerf en ’n e-posadres wat sigbaarheid bevorder;
- bly op hoogte van werksvloeisagtewareprogramme, gebruik woordprosessering en (ver)taal(geheue)sagteware om teksredaksie, proeflees, projekbestuur en terminologie-ontwikkeling te kombineer;
- bou eie databasisse op;
- maak van taalpraktykbestuurstelsels gebruik om produktiwiteit op te stoot;
- kontrakteer roetinewerk uit;
- bou ’n eie verskaffingsnetwerk op;
- spesialiseer in sy eie unieke vaardigheid, en
- is in staat om beroepsaktiwiteite digitaal, mobiel, persoonlik en virtueel te beoefen met die nodige, tegnologies-onontbeerlike toerusting.

Met so ’n agenda transformeer eietydse taalpraktisyns in ’n veranderende beroepsomgewing enersyds hulleself van tradisionele onsigbare gedaantes in ’n genuanseerde gestalte van taaltegnologiese en bestuursprofessionele bevoegdheid.

Aan die ander kant verrig hulle steeds hulle taak binne die raamwerk van hulle mandaat as bemiddelaars in interkulturele, intertalige prosesse (Beukes, 2006b; Delisle, *et al*., 1999; Hatim & Mason, 1990:236; Pym, 2002a:1). Muylle (2008:10) stel taalpraktisyns se taak soos volg in konteks:

> During negotiations translators, conference interpreters and all the specialists in document processing, editing, verbatim reporting and proof-reading, play a crucial role as facilitators or go-betweens. They contribute to the inter-cultural dialogue as custodians of correct language use in the decision-making process, fostering authentic texts, agreements, contracts and possibly law-making.

Hoewel dit steeds (juis!) die realiteit is dat die huidige ongereguleerde taalpraktykbedeling die skuiwergat skep vir enige individu om die taalpraktykmark te kan betree as “’n taal-praktisyn”, ’n onreëlmatigheid wat disharmonie en wanorde in die taalpraktykmark skep, kleur die veranderende beroepsomgewing hierdie prentjie anders in.

Die veranderde beroepsomgewing skep nie net nuwe werkgeleenthede om ’n monopolie in die taalmark te bewerkstellig nie, maar ook die geleentheid vir taalpraktisyns om die professionele ideaal met woord en daad uit te lééf: deur outonomiteit, daardie vereistes van **sigbare**, **hoogsgeskoolde**, **gesaghebbende**, **diensgeoriënteerde beroepsaktiwiteite; te vergestalt in funksionele beheer** oor die taalpraktyk en te bevestig met sigbare **beroeps-professionele verantwoordelikheid in ’n kritieke massa.** Aanval bly soms die beste verweer, by wyse van spreke.

Die implikasie is dat (voortgesette) gespesialiseerde **beroepsopleiding** en **verpligte lisensiëring tesame met registrasie, akkreditering en/of sertifisering by ’n beroeps-liggaam** ’n prioriteit sal moet word in die beroepsbewussyn van die taalpraktisyn. So ’n ontwikkeling kan ook die kwessie van **vergoeding**, wat tans deur die taalpraktykkasters en tekskwaksalwers gemanipuleer word, onder beheer bring (vergelyk die bespreking in 4.3.6).

Dit is juis hierdie attribute wat deur die botsende kragte tussen nuwe geleenthede in die veranderde beroepsomgewing en die ongereguleerde en onbeperkte toegang van die beunhaasbrigade bedreig word.

Die bring die vraag na die mate waarin taalpraktisyns self verantwoordelik is vir die ongereguleerde staat waarin die taalpraktyk as beroep funksioneer pertinent ter sprake. Hierdie kwessie kom vervolgens onder die loep.

4.3.4 'n Gebrekkige professionele ideologie onder taalpraktisyns

4.3.4.1 Inleiding

Een van die kommerwekkendste verskynsels in die geledere van 'n beroep, professionele projek al dan nie, is 'n swak professionele bewussyn – 'n houding van onverskilligheid, ambivalensie en apatie teenoor 'n professionele ideaal sowel as onenigheid en 'n gebrek aan samewerking tussen beroepspraktisyns – wat manifesteer in 'n gebrekkige professionele ideologie onder praktisyns van daardie beroep (vergelyk Jarvis, 1983:64-79).

'n Gebrek aan 'n professionele beroepshouding en beroepsfilosofie onder taalpraktisyns dra by tot 'n gebrek **aan interne beroepskohesie** en **beroepsolidariteit** en werk as **struikelblokke** eksterne professionele sigbaarheid en erkenning – die attribuut van **beroepsoutonomie** – teen. So 'n houding beïnvloed noodwendig ook die **altruïstiese beroepsideaal**.

'n Gebrek aan 'n professionele beroepsideologie is 'n negatiewe ingesteldheid wat professionele optrede weerspreek. 'n Eensgesinde professionele filosofie en solidariteit onder taalpraktisyns sal gevolglik 'n bepalende rol speel in die uitkoms van hulle professionele projek: hulle is per slot van sake die belangrikste akteurs in hulle eie professionele projek.

4.3.4.2 Taalpraktisyns en hulle hulpbronne in die professionele projek

Burrage, Jarausch en Siegrist (1990a:207-208) identifiseer die praktisyns van 'n aspirerende professie as die "key actors in their own development" wat nietemin staat maak op die samewerking van ander akteurs in die professionaliseringsproses, naamlik die regering (vergelyk 4.5), opleidingsinstansies (vergelyk 4.6), en die gebruikers – die kliënte in die heersende marktoestande – van die dienste wat die praktisyns lewer (vergelyk byvoorbeeld 4.3.3 en 4.4.4).

Die vernaamste hulpbronne vir beroepspraktisyns in hulle strewe na professionalisering is die professionele beroepsliggaam (vergelyk 4.6), 'n beroepsideologie en professionele houding (wat in hierdie onderafdeling aan die bod kom) binne 'n volhoudende en stabiele professionele model vir beroepsprofessionalisering, en proksimiteit, waaroor praktisyns tot 'n groot mate beheer het (Burrage *et al*., 1990:209; vergelyk Hoofstuk 2).

Volhouding, deursettingsvermoë en stabiliteit in die beroepsprofessionele ideaal hou verband met die merkwaardige (maar moontlik uitgediende) model van eenvormigheid en bestendigheid in die doelwitte van professies wat grootliks konstant gebly het, al het die strategieë om dit te bereik, en die konteks waarin die professies funksioneer, deur die jare verander (vergelyk Hoofstuk 3). Die meganisme vir hierdie kontinuïteit is die formele of

informele sosialisering van nuwe lede binne die raamwerk van 'n bestendige professionele projek. Kontinuïteit van professionele standaarde kan verseker word deur standaardisering van opleiding (Burrage *et al.*, 1990a:209; vergelyk 4.7).

Proksimiteit is, soos 'n bestendige professionele projek, 'n operatiewe hulpbron vir professionele aspirasies. Die professionele praktisyn is noodwendig altyd betrokke in en gemoeid met die welsyn van die samelewing en gepaardgaande altruïstiese dienslewering (Burrage *et al*., 1990a:209). Die veranderende beroepsomgewing is egter 'n faktor waarmee rekening gehou moet word.

"Professie" is 'n abstraksie, meer 'n persepsie as 'n realiteit, wat grootliks sy ontstaan en voortsetting te danke het aan 'n bewussyn van samehorigheid ("kinship") onder praktisyns van 'n spesifieke beroep. Dit neem vorm aan uit die aspirasies en lojaliteit van praktisyns teenoor hulle beroep en gepaardgaande dienste, en impliseer 'n beroepspesifieke, gekodifiseerde selfbeeld om professionele handel en wandel te bepaal – 'n professionele ideologie (Burrage *et al.*, 1990a:209). 'n Gebrek hieraan lei tot 'n houding van apatie onder taalpraktisyns wat nie professionele aansien regverdig nie.

'n Professionele ideologie inspireer professionele praktyke en verenig professionele praktisyns, maar regverdig ook privilegie via openbare aktiwiteite (altruïstiese diens) met betrekking tot sentrale sosiale waardes. Om professionalisering te onderskei van verwante verskynsels soos "verhewe status", is dit noodsaaklik om spesifieke professionele komponente in hierdie diensaktiwiteite te identifiseer, gebaseer op 'n afsonderlike ideologie wat strategieë dikteer wat verskillend is van die aktiwiteite van ander groepe in die samelewing. Ter sprake in die hedendaagse sosioprofessionele opset is die unieke mediëringsdiens wat die taalpraktykberoepsgroep kan lewer tot voordeel van die gemeenskap, maar om terselfdertyd die mededingende voorsprong te behou in die veranderende beroepsomgewing.

Die vraag is of taalpraktisyns enersyds werklik bewus is van hierdie hulpbronne, en oortuig is daarvan dat hulle as 'n kritieke massa hierdie hulpbronne kan benut om professionele erkenning te verkry, en andersyds of professionele erkenning tot hulle eie sowel as die samelewing se voordeel strek, en of hulle die moed van hulle oortuiging het om daadwerklik in hierdie verband op te tree.

Moontlike oorsake wat bydra tot 'n gebrek aan 'n professionele ideologie onder taalpraktisyns is middelmatigheid, 'n gebrek aan beroepsambisie, weerstand teen verpligte akkreditering, 'n gebrek aan belangstelling in of onkunde van professionele beroepsaangeleenthede, niespesifieke beroepskwalifikasies (vergelyk Boers, 2009; Katan, 2009; Law & Kruger, 2008). Die meeste taalpraktisyns sou dan hulle werk kon verloor in 'n streng geprofessionaliseerde beroepsopset.

Uit 'n meningsopname onder taalpraktisyns wêreldwyd ten opsigte van die identiteit en statusbelewenis van die taalpraktisyn, kom Katan (2009[49]:187) tot die insiggewende, maar kommerwekkende slotsom dat taalpraktisyns:

[49]Katan (2009) se vraelys is wêreldwyd oor die Internet uitgestuur, wat sowat 1 000 respondente opgelewer het.

> ... are acutely aware of the lack of public recognition, and ... interpreters and ... translators agree that translators in particular suffer from a markedly lower social status. However, only a minority of the respondents feel the need to change the status quo and satisfy trait theory criteria regarding professional recognition, possibly because the vast majority of respondents are more than satisfied with their job.

'n Gebrek aan 'n professionele bewussyn onder praktisynsgeledere, soos wat oënskynlik die geval is met taalpraktisyns, is 'n kommerwekkende verskynsel in 'n beroep, ongeag enige strewe na professionalisering. Hierdie houding wat taalpraktisyns inneem, bemoeilik die ideaal van professionele erkenning en spruit uit 'n: "... lack of a professional attitude among the practitioners themselves – many practitioners do not acknowledge the need for acting like a professional, constantly honing your skills, undertaking continuing professional development ..." (Boers, 2009).

Boers (2009) is ook van mening dat die ware professionele taalpraktisyn een is wat taalpraktyk bejeën as "... their true occupation and vocation ... Those who simply do it as a sideline are not interested in professionalization." Taalpraktisyns se louwarm houding teenoor die aktiwiteite en prosesse wat met professionalisering gepaard gaan, dra by tot die huidige onsigbaarheid en marginale status van die taalpraktisyn.

Law en Kruger (2008) se ondersoek na die professionele aspirasies van taalpraktisyns fokus op die houding van geakkrediteerde sowel as ongeakkrediteerde teksredakteurs teenoor die professionaliseringsproses, en veral **verpligte akkreditasie**. Die SAVI-akkrediteringsproses verleen tans aan taalpraktisyns in Suid-Afrika 'n mate van "professionele status" in die sin dat die akkrediteringseksamen van 'n baie hoë standaard is (Le Roux, 2006:63-64).

Resultate en afleidings uit Law en Kruger (2008) se houdingsondersoek [50] – wat 'n responssyfer van slegs vyf en vyftig na-behore-voltooide vraelyste[51] opgelewer het (Law & Kruger, 2008:482) – na die professionele behoeftes en sienings van teksredakteurs in Suid-Afrika, dui daarop dat **verpligte akkreditasie teksredakteurs afskrik.**

Daarby toon die algemene houding van teksredakteurs 'n kommerwekkende mate van ambivalensie ten opsigte van professionalisering en die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan in die sin dat verpligte professionele akkreditering nie noodwendig 'n impak op professionele aansien hoef te hê nie. Die meerderheid van respondente in 'n opname oor opleidingsbehoeftes is nie SAVI-geakkrediteer nie; die responssyfer was in elk geval 'n skamele 17% (SAVI, 2009).

Law (2010) se responssyfer na aanleiding van vraelyste wat aan 'n breëspektrum- en omvangryke taalpraktisynpopulasie uitgestuur is in 'n poging om 'n stel professionele teksredaksiestandaarde te ontwikkel, lewer in totaal slegs 92 vraelyste op, wat gesien kan word as "quite low", maar "significantly higher than similar studies that have been conducted within the field of editing in the past" (Law, 2010:99).

---

[50] In hierdie opname is vraelyste uitgestuur aan die volgende groepe taalpraktisyns:

- Alle SAVI-lede
- Alle lede van die Professional Editors' Group (PEG)
- Alle vryskuttaalpraktisyns op die databasis van 'n gevestigde vryskuttaaldiensagentskap wat voorsiening maak vir al die Suid-Afrikaanse tale
- Alle taalpraktisyns wat in die parlement werk (na aanleiding van die parlementêre webwerf (www.parliament.gov.za)
- Individuele praktisyns in verskeie uitgewersmaatskappye, koerante en tydskrifte

[51] Hierdie verskynsel is des te meer insiggewend aangesien die respondente meestal teksredakteurs is.

Alhoewel die verwagting is dat vraelyste (betroubare) inligting kan bied, is swak response (tipies 25-30%) op e-pos- en posvraelyste 'n funksie van die aard van die meetinstrument, en kan nie overt gekoppel word aan apatie van die respondente nie, in hierdie geval taalpraktisyns.

Na aanleiding van die 2010 SAVI-tariefopname spreek SAVI (2010a) sy kommer uit oor die resultaat van en gevolgtrekking uit die data en maak 'n appèl op taalpraktisyns se professionele ideologie[52]:

> Ons het die data van die 2010-tariefopname ontleed en bedank graag die 178 lede wat deelgeneem het. Ons waardeer u moeite. Ons moet egter daarop wys dat alhoewel dit ietwat meer as 20% van die ledetal verteenwoordig ... is die data nie voldoende om neigings in alle kategorieë te kan identifiseer soos ons graag sou wou nie. Ons hoop ... dat meer lede in die volgende opname sal deelneem.

Soortgelyke tendense blyk uit 'n vertalerstariefopname van Visser (2010) waar die responssyfer slegs sowat 17% was uit 'n totaal van 408 vraelyste wat uitgestuur is aan SAVI/SATI en CTrans[53] se Afrikaanse en Engelse vertalers. 'n Opname rakende opleidingsbehoeftes (SAVI, 2009) wat in Maart 2009 gedoen is, lewer 129 response op uit 'n ledetal van ongeveer 750; weereens 'n responssyfer van ongeveer 17% (SAVI, 2009).

Die kruks van die saak is: Lae responssyfers uit vraelyste wat betrekking het op professionele aangeleenthede in die taalpraktykindustrie dui op 'n gebrek aan belangstelling en betrokkenheid ten opsigte van beroepsaangeleenthede. Dit weerspieël 'n onverskillige houding van – geakkrediteerde sowel as niegeakkrediteerde – taalpraktisyns teenoor hulle beroep, **kenmerkend van 'n gebrek aan 'n professionele beroepsbewussyn**.

Gegewe die ambivalente houding van teksredakteurs teenoor die wesenlik van professionalisering (Law & Kruger, 2008:487) in die konteks van die eise van taalvaardighede van die SAVI-akkrediteringseksamen (Le Roux, 2006), sou die ontstellende afleiding gemaak kan word dat die meeste teksredakteurs in Suid-Afrika onverskillig staan oor die eise wat professionalisering – of dan ten minste professionele sigbaarheid – van hulle beroep aan hulle stel.

Niespesifieke taalpraktykkwalifikasies kan 'n moontlike leemte in die professionele ideologie van taalpraktisyns wees. Taalpraktisyns in Suid-Afrika het die formele bevoegdheid, as kwalifikasies in ag geneem word: teksversorgers is oor die algemeen hoogs gekwalifiseerd, maar nie noodwendig spesifiek taalpraktyk-beroepsgekwalifiseerd nie (Law & Kruger, 2008:483), wat moontlik die gebrek aan 'n beroepsbewussyn kan verklaar.

Die **implikasies en verantwoordelikhede** wat met professionele erkenning gepaard gaan, kan 'n verdere moontlike struikelblok wees wat bydra tot die gebrek aan 'n professionele ideologie van taalpraktisyns, soos Devaney & Sykes (1988:3) ten opsigte van die professionalisering van onderwysers opmerk:

> Certainly all ... teachers would endorse professional-level salaries, benefits, and prequisites; but professional level responsibility for decisions about ... teachers' instructional program? for setting and maintaining standards of practice among fellow practitioners? for continuous updating and upgrading of knowledge and skill? It is no slander to say that many, many

[52] SAVI beplan om vroeg in 2011 nog 'n opname doen om verwikkelinge dop te hou en "versoek alle lede om asseblief aan hierdie oefening deel te neem. Dit is baie moeilik om betroubare inligting uit net 'n handjievol response te kry" (SAVI, 2010b).
[53] Centre for Translation and Professional Language Services, North-West University, Vaal Triangle Campus.

> capable, long-experienced ... teachers upon pondering such obligations in return for professional salary and status, might decline the offer -- or would at least think twice before accepting.

Die vraag is ook: Hoe ver is taalpraktisyns bereid om te gaan om hulle beroepstatus te bevorder? Sou hulle byvoorbeeld bereid wees om 'n kontroversiële alternatiewe roete (Linnegar, 2011) met betrekking tot die behoud van professionele erkenning in te slaan in die vorm van die verwerwing van voortgesette professionele ontwikkelingepunte (CPD-punte) soos dokters, sielkundiges, regspraktisyns, mediese fonds raadgewers en so meer, deur die bywoning van kongresse, opleidingkursusse, inligtingsessies en so meer. Linnegar (2011) wys in die verband op een van die problematiese aspekte in hierdie verband, naamlik die waarde en meriete van elke "punteverwerwingsmoontlikheid" en die gewig wat daaraan geheg behoort te word.

Uit die definisie vir taalpraktyk as professie (vergelyk Hoofstuk 2) is dit duidelik: Taalpraktisyns moet die vermoë toon om 'n monopolie in die arbeidsmark te bewerkstellig en te handhaaf vir gespesialiseerde, intellektuele, en unieke taaldienste toegespits op die toenemend komplekse talige behoeftes van multitalige, multikulturele gemeenskappe. Dit verg professionele kennis en vaardighede, maar ook 'n **professionele houding**: "Knowledge, skills and attitudes together form the essentials of professional practice. The practitioner who is weak in one of these dimensions is less than a professional – each in its own way, is a vital constituent to practice" (Jarvis, 1983:79).

Die vraag is: Weerspieël 'n **apatiese** (Katan, 2009) of **ambivalente professionele houding** (Law & Kruger, 2008) die vermoë, bekwaamheid en deursettingsvermoë van taalpraktisyns om 'n monopolie in die taalpraktykmark te bewerkstellig én te handhaaf ten opsigte van gespesialiseerde, intellektuele, en unieke taaldienste toegespits op die toenemend komplekse talige behoeftes van multitalige, multikulturele gemeenskappe in 'n spreekwoordelike platter wêreld? (Friedman, 2007).

4.3.4.3 Samevatting

Wanneer die implementering van hervormingsinisiatiewe in die taalpraktyk ter sprake kom, moet taalpraktisyns hulle afvra of hulle as 'n kritieke massa en 'n **homogene beroepsgroep funksioneer** om instrumenteel te wees in die bevordering en toepassing van hierdie inisiatiewe: bevoegdheid (opleiding, kennis en vaardighede; vergelyk die bespreking in 4.7), en 'n bona fide professionele bewussyn (vergelyk 4.3.4).

Die opheffing van die sosio-ekonomiese beroep van beide vertalers en die vertalersberoep is baie nodig (Gouadec, 2007:245), en by implikasie dan die taalpraktisyn, maar diep-gewortelde benaderings en houdings is moeilik om te verander. Taalpraktyk-beroepspraktisyns is gedeeltelik self verantwoordelik vir die stand van sake omdat solidariteit makliker gesê is as gedaan: die meeste van die tyd is dit elkeen vir homself. Soos met die verwesenliking van enige groepsideaal die geval is, is die onuitgemaakte saak: Kan taalpraktisyns 'n solidêre professionele front handhaaf wanneer professionele erkenning op die spel is?

Taalpraktisyns, as mediëringseksperte in taal en kultuur, is ideaal geposisioneer om 'n beduidende bydrae te lewer in ons verstaan van die hedendaagse wêreld, ten opsigte van die kulturele impak van ekonomiese verandering (Cronin, 2005:263), en as rolspelers in 'n

beroepstegnologies “platter” wêreld met sy hoëspoedkommunkasienetwerke (Friedman, 2007). Taalpraktisyns het dus nodig om bewus te wees van hulle politieke invloed in die vorming van kulture en nasionale identiteite (Tennant, 2005a:xxv) maar ook van die invloedryke rol wat hulle kan speel om aan die tradisionele, moontlik uitgediende konsep van professie ’n eietydse, postmoderne beeld te gee.

Negatiewe persepsies uit die samelewing oor taalpraktisyns en taalpraktyk sowel as teen die professies oor die algemeen kan ook ’n remmende uitwerking hê op die verloop van die professionele projek.

In die loop van hierdie hoofstuk sal uit bestaande navorsing en argivale bronne aangedui word dat die rolspelers in die taalpraktyk self verantwoordelik is vir die huidige stand van sake in die bedryf; as ’t ware hulle self in die voet skiet met ’n apatiese houding en die bestaande prosesse van opleiding, eksaminering, toelating tot die bedryf en etiese praktyke.

4.3.5 Negatiewe persepsies uit die samelewing teen die professies

4.3.5.1 Inleiding

Die openbare beeld van die professies kom in hierdie afdeling ter sprake, waar die gemeenskap in die breë as ’n eksterne agent tot ’n groot mate deurslaggewende seggenskap het oor die rol en invloed van die professies. Dit is die moeilikste agent waaroor die taalpraktisyn beheer het, uit die aard van die “gesigloosheid” daarvan; dit is nie ’n enkel, definieerbare groep wat geteiken kan word om tot hulle deur te dring nie.

Professies is histories-spesifieke, gesaghebbende groepe met beroepspesifieke attribute betrokke in die produksie en verskaffing van gespesialiseerde dienste en produkte. Die onafhanklike professies verteenwoordig konvensioneel die voorkeurmeganisme vir Anglo-Amerikaanse moraliteit om in die samelewing se behoeftes ten opsigte van noodsaaklike bestaansmiddele, soos gesondheid, reg en geregtigheid, en spirituele welsyn te voorsien (Koehn, 1994; Moore, 2007).

Professie impliseer voltydse, hoogsgeskoolde, gesaghebbende, diensgeoriënteerde beroepsaktiwiteite met funksionele beheer oor eie taalberoepsaktiwiteite en ’n persoonlike professionele verantwoordelikheid wat onversoenbaar is met vergissings en wanpraktyke. Saam met die attribuut van gestandaardiseerde opleiding is die altruïstiese diensaspek van professie een van die tradisioneel ononderhandelbare aspekte waarmee professie in verband gebring word.

Die onafhanklike of geleerde professies – onder andere die regsprofessie, medisyne en argitektuur – maak deur die eeue wêreldwyd ’n integrale deel uit van die werkerskorps in samelewings. Alhoewel die behoefte aan en vraag na professionele dienste in die hedendaagse veranderde beroepswêreld substansieel toeneem met kennisverspreiding, kennis- en inligtingstegnologie, die Internet en hoëspoedkommunikasie, en globalisering (Hodson & Sullivan, 2002:305; vergelyk ook Friedman, 2007), wil dit voorkom of hierdie tradisioneel invloedryke en gesaghebbende beroepsgroepe tans “... less understood, less highly-valued and less secure” daar uitsien (Tseng, 1992:70; vergelyk ook BBC News, 2008; Benis, 2004:26-27; Hunt, 2008; Koehn, 1994; Lilley, 2008). Hierdie verskynsel manifesteer

progressief in die professionele projek van taalpraktisyns en die sosioprofessionele opset as ŉ oorhoofste paradoks van prosesse **van bemiddeling teenoor belemmering**.

Wanopvattings, weerstand en wantroue teenoor die professies vier oënskynlik aan die begin van die 21ste eeu hoogty (Moore, 2007), wat, bes moontlik as gevolg van onbestendige institusionele betroubaarheid en onvoldoende professionele selfpolisiëring, neerslag vind in **antiprofessionalisme** wat die altruïstiese aard van beroepe kritiseer en betwis, ten spyte van ŉ toenemende behoefte aan en vraag na professionele dienste (Hodson & Sullivan, 2002).

In hierdie subafdeling word antiprofessionalisme en anti-intellektualisme as ŉ struikelblok beskou ten opsigte van kritiek en weerstand teen die professies, en wel vanuit die sosiale gegewe van arbeidsverdeling en die impak daarvan op individue en verskillende individuele groepe (Durkheim, 1933 [1893]), soos dit van toepassing gemaak kan word op die taal-praktyk se professionaliseringsideaal. Veral ter sprake is die interaksie tussen verskillende groepe en patrone van sosiale gedrag binne die sosiokulturele en -ekonomiese konteks in die samelewing (vergelyk 3.3), wat die realisering van die attribute van **outonomie** en **monopolie** van die aspirerende taalpraktykprofessie in die gedrang bring. In hierdie konteks word dit veral in verband gebring met die **sigbaarheid** van die taalpraktisyn in die sosioprofessionele opset.

Dit is dan ironies dat: “At a time when many occupational groups argue that the public needs more experts to provide advice on more subjects, many people have come to resent the professions” (Hodson & Sullivan, 2002:305). Hierdie animositeit en wantroue teen die professies – **antiprofessionalisme** – tree deur die eeue na vore uit verskillende groepe in die samelewing, letterkundiges, skrywers en die breë publiek, bestaande professies en manlike elitegeledere, sowel as spesifiek die gebruikers van taaldienste, en het sy oorsprong in heersende sosiokulturele toestande en die gepaardgaande sosiopolitieke klimaat.

Weerstand, wantroue en wanopvattings teenoor die professies manifesteer as **antiprofessionalisme, wat as ŉ struikelblok** die professies – sosio-professioneel gesproke – op verskillende vlakke in ŉ slegte lig plaas en enige strewe na professionalisering ondergrawe. Antiprofessionalisme word beter verstaan en verklaar teen die agtergrond van die konflikteorie (vergelyk 3.4.3) en kom ŉ lang pad in die sosiologie van die professies as weerstand teen die professionalisering van beroepe.

Vervolgens word antiprofessionalisme in konteks geplaas teen die agtergrond van die bespreking van die sosiologie van die professies in Hoofstuk 2 en 3 ten opsigte van die funksionele en konflikbenadering. Ter sprake is die klassieke attribuut van altruïstiese diens en die struikelblok in die verband is **die verskynsel van weerstand, wantroue en wanopvattings** teenoor die professies wat manifesteer as **antiprofessionalisme en anti-intellektualisme**.

Aspekte van antiprofessionalisme en anti-intellektualisme wat ŉ negatiewe impak het op die professionalisering van die taalpraktyk, word daarna bespreek in die konteks van konflik-teorie soos dit te voorskyn tree uit verskillende groepe in die samelewing: die bestaande professies, manlike professionele elitegeledere, en gebruikers van die dienste van die aspirerende professie.

4.3.5.2 Antiprofessionalisme as struikelblok in die professionele projek

In die twintigste- en een-en-twintigste-eeuse ontwikkelde gemeenskappe strewe sommige sosiale groepe as altruïstiese, maar gespesialiseerde kennisgebaseerde beroepsgroepe na professionele status, waar gespesialiseerde kennis en vaardighede betekenend is van 'n unieke dissiplinêre perspektief (MacDonald, 1995). Dit is gespesialiseerde kennis en vaardighede wat die deur open na die wêreld van die professies, vergeleke met diegene in die samelewing wat nie oor hierdie kennis en vaardighede beskik nie. Die professionele praktisyn bevind hom dan in die samelewing in 'n bevoorregte posisie ten opsigte van aansien, sanksionering en finansiële inkomste.

Die professies en professionalisering is 'n onderwerp wat intensief in die sosiologie onder bespreking kom (vergelyk Hoofstuk 1 en 2). Tot die laat sestigerjare van die vorige eeu word die professies en hulle lede moreel hoog geag, en bied op grond hiervan betekenisvolle en funksionele stabiliteit in die samelewing (Durkheim, 1933 [1893]).

Dié funksionele benadering tot die professies – wat metterjare neerslag vind in 'n poging om die idealetipeprofessie deur middel van 'n lys eienskappe daar te stel waarteen beroepsgroepe gemeet kan word in die strewe na professionele status – maak plek vir die konflikbenadering of magsbenadering tot die professies wat sy oorsprong het in die teorieë van Karl Marx (Begun, 1986; Forsyth & Danisiewicz, 1985; MacDonald, 1995). "Mag" word 'n veelseggende konsep in die konteks van die strewe na professionele status.

Dié verskuiwing impliseer die volgende kwessies wat in verband gebring word met die attribute van professie soos dit in die prototipe attribuutmodel geïdentifiseer is:

- Eerstens, watter rol speel die professies in die gevestigde orde van die samelewing? Hierdie vraag plaas die etiese, **altruïstiese** ideaal van die professies in die kalklig.
- Tweedens, hoe slaag hierdie beroepsgroepe daarin om die samelewing te oortuig daarvan dat hulle hierdie **outonome** posisie verdien? Dié kwessie is verteenwoordigend van die magsbenadering en onderliggend aan die verskynsel van die professionele projek (Larson, 1979) soos dit in hierdie studie ter sprake kom.

Die negatiewe persepsies uit die samelewing kan in verband gebring word met konflikteorie soos dit ter sprake kom in Karl Marx se beskouing oor arbeidsverdeling in die samelewing (vergelyk Hoofstuk 3).

4.3.5.3 Konflikteorie en antiprofessionalisme

'n Blik op die professies deur die lens van die wêreldletterkunde deur die eeue bied genoeg sosiale en politieke refleksie, kommentaar, kritiek en karikatuurtekening om te aanvaar dat daar altyd 'n mate van 'n vertrouensgebrek teenoor die professies was (Posen, 2005; Mathiasen, 2001), die altruïstiese ideaal ten spyt, 'n verskynsel wat in verband gebring kan word met konflikteorie as kritiese teoretiese benadering (vergelyk Hoofstuk 3 en veral 3.4.4).

Hiervolgens word die individu (as kliënt) voortdurend gemanipuleer deur mags- en gesagsgroepe in 'n samelewing gedomineer deur sosiale ongelykheid en onderlinge mededinging. Professionele dienste word afgedwing en geskied nie altyd deur wedersydse samewerking nie, en diensuitkomste is nie gerig op die welsyn van die kliënt nie, maar is

altyd die uitwerking van meerdere en meerderwaardige kennis wat spruit uit sosiale ongelykheid en professionele status (vergelyk 3.4.4). Konflikteoretici lê klem op die relevansie en nut van eiebelang bo dié van professionele funksie, norme en waardes, en die maniere waarop die strewe na eiebelang verskeie tipes konflik genereer as normale aspekte van sosiale omgang.

Enkele voorbeelde van sosiale wantroue teen die professies uit die klassieke letterkunde is:

- *The satire of the trades*, 'n didaktiese werk uit die antieke Egiptiese literatuur dateer uit die begin van die tweede millennium v.C. Dit beskryf verskeie beroepe op oordrewe negatiewe wyse, maar skryf die professie van die Joodse wetsgeleerde/skrifgeleerde ("scribe"[54]) hoog aan. Dit word oor die algemeen beskou as 'n satire op die professies (Edwards, 1970:527), alhoewel Helck (1970) van mening is dat dit die ware houding reflekteer van die "scribal class" teenoor die werkersklas.
- Geoffrey Chaucer gebruik satire in *The Canterbury Tales*, 'n bloemlesing geskryf in Middelengels teen die einde van die 14de eeu om die spot te dryf met die geestelike beroepe en lede van die mediese professie.
- Hafiz (1324-1391) kritiseer die skynheiligheid van godsdiensdwepers en die tirannie van magistrate en owerhede: "... Sheikh and Sheriff, I tell, All are hypocrites, if you examine them well!" (Kashani, 1984).
- Jules Romain se komedie, *Doctor Knock* (1923), is 'n literêre werk in mediese sinisme en 'n satire oor medici en die houvas wat hulle op individue in die samelewing het.
- Anton Chekhov se drama, *Ward Number Six* (1892) lewer klassieke kommentaar op die misbruike van psigiatrie, en opper belangrike kwessies omtrent die verhouding tussen burgers en die staat, en tussen mense in gesagsposisies en diegene wie se bevoegdhede hulle inperk.
- Molière se laaste drama en 'n komedie-ballet, *Le Malade imaginaire* (*The Imaginary Invalid*, 1673) is 'n satire op die mediese professie, geskryf vir vermaak van Louis XIV.
- George Bernard Shaw se drama *The Doctor's Dilemma* (1906) word voorafgegaan deur 'n 88 bladsy lange *Preface on Doctors* waarin Shaw breedvoerig uitvaar teen die algemene ontoereikendheid van die mediese beroep in Brittanje. Sy nou reeds berugte beskuldiging dat die mediese professie 'n "conspiracy against the laity" (Shaw, 1957:115) is, lewer sosiale kommentaar en kritiek gerig teen alle professies van sy tyd, alhoewel die primêre fokus van sy gramskap die mediese professie was, veral as 'n sameswering om sy eie tekortkominge te verbloem (Shaw, 1957:17), soos ook kritiek uit baie ander literêre werke waar die mediese professie onder skoot kom (Mathiasen, 2001; Posen, 2005).
- Solzhenitsyn se roman *Cancer Ward* (1967) bied 'n kritiese beskouing op medisyne en mediese etiek in die Sowjetunie van die vorige eeu. Die paternalisme uitgebeeld as 'n gebrek aan eerbaarheid, integriteit en ingeligte toestemming in die mediese bedryf was ook karakteristiek van die Amerikaanse mediese professie in die 1950's en is steeds 'n kommerwekkende probleem in professionele etiek. Dié roman ondersoek ook die persoonlike kwaliteite en motiverings van mediese praktisyns en die kwessie van intieme verhoudinge tussen dokters en pasiënte.
- Die werke van onder andere Dickens, Kafka, Boccaccio, Camus, de Beauvoir, Sontag, Defoe, Ibsen, Plath, Nietzsche (Mathiasen, 2001; Posen, 2005) hang die tekortkominge

[54] Praktisyns wie se beroep dit was om die wet vir die gewonde mens te interpreteer. Hulle organisasie het 'n aanvang geneem met Esra, en het ten einde geloop met Simeon die Regverdige. Die oorspronklike betekenis van die Hebreeuse woord "soferim" was "mense wat weet hoe om te skryf"; die koninklike amptenare/geskiedskrywers wat betrokke was in die optekening van daaglikse aktiwiteite was bekend as skrifgeleerdes ("scribes)". Aangesien die skryfkuns slegs bekend was aan geleerdes en die intelligentsia, het die term "scribe" sinoniem geword met "verstandige en geleerde man" (vergelyk 1 Kronieke 27:32). Later, in die tyd van Esra, is die benaming toegepas op die diegene wat die wet vir die gewone man geïnterpreteer het (Singer *et al.*, 2002).

van die professies aan die groot klok, hulle gewaande gesaghebbende status ten spyt (Pellegrino, 1991). Hoewel bio-etiek en professionalisme tematies 'n integrerende deel van populêre vermaak en sosiale kommentaar in hedendaagse mediese televisiedramas (soos "House", "Grey's Anatomy", "ER", "Private Practice") uitmaak, en hofsaakdramas soos "Judge John Deed" 'n bespotting van die regsberoep maak (vergelyk ook Czarny *et al*., 2010), kom professies in die hedendaagse samelewing onder vuur van heelwat meer as sosiale kommentaar en literêre karikatuur.

Die sosio-politieke klimaat van die postmoderne samelewing en "kruipende sosialisme" in die sin van doelgerigte regeringsbeheer van die ekonomie (Newman, 2005; Weede, 1984) vind neerslag in regeringspogings om die onafhanklikheid, marksluiting, monopolie en privilegie van professies te beperk en in te perk (Reece, 2001:106-108).

"Galloping egalitarianism" wat gemik is om die potensiaal te beperk van professies om selfgenoegsame elitegroepe te word (Freidson, 1994; Illich, 1977; Rose, 1983:108) en eise van kliënt- en pasiëntoutonomiteit, en openbare, media- en sosiologiese kritiek eis alles sy professionele tol (Chadwick, 1997:292) tot die mate dat wantroue en agterdog teen die professies 'n "defining feature of contemporary society" is (Van Der Weyden, 2006:29).

Wantroue teen die "tirannie van die ekspert" (Lieberman, 1970) wat manifesteer in antiprofessionalisme is inherent aan die sosiale interaksie tussen verskillende groepe in die samelewing, dikwels dié wat baie het en dié wat niks het nie, en word deurlopend weerspieël in sosiale kommentaar deur die eeue. Die representasie van die professionele persoon en sy professie is een van mag wat nie die welsyn van die kliënt die doelwit maak nie, maar een wat gepaard gaan met sosiale ongelykheid en professionele status.

4.3.5.4 Egoïstiese kontrolegroepe versus altruïstiese belangegroepe

Die heersende wantroue, agterdog en weerstand teen die professies uit die breë publiek het dan sy oorsprong in die oortuigings van Jan en San Alleman dat die professies monopolistiese, korrupte, egoïstiese elite- en kontrolegroepe is wat 'n bedreiging vir hulle welsyn inhou eerder as om altruïsties na hulle belange om te sien.

Die professies is monopolistiese kontrolegroepe

Sosiologiese kritiek teen die professies is gerig teen hulle skynheilige beeld: die professies is nie die altruïstiese ondernemings wat hulle voorgee om te wees nie, maar is in der waarheid effektiewe monopolistiese kontrolegroepe. Die "professie" van toewyding aan etiese ideale is blote misplaaste ideologie in stede van professionele integriteit.

Illich (1977:11) beskryf die mid-twintigste eeu as die eeu van die "invalidering" van die professies vir hulle "misappropriation of knowledge, mystification of expertise, and the creation of a pervasive and persuasive culture of dependence". Verre daarvan dat professionele praktisyns hulle kennis, vaardighede en posisie gebruik om te dien, het hulle ontaard in elitistiese magsvorme wat hulle die gesag aanmatig om die samelewing se behoeftes te bepaal en te beheer.

Die professies is korrup en oneties

Korrupsie en onetiese praktyke kom algemeen in alle professies voor (Thompson, 2005; Rollin, 2006), waarskynlik vanuit hulle "onaantasbare" en "outonome" gesagsposisie in die

samelewing. Herhaaldelike hoogs openbare dispute in verskeie professies lei tot grootskaalse wantroue, agterdog en weerstand teen professies en professionele praktisyns (Reece, 2001:106-108).

Korrupsie oor 'n wye spektrum professies plaas verskeie "professionele" oortreders in die kalklig en bring beroepsgroepe in toenemende mate op die voorgrond van openbare belangstelling en kommer. Enkele voorbeelde uit die literatuur is: klerikale misbruik in die Rooms-Katolieke Kerk reg oor die wêreld (BBC News, 2010; Callaghan, 2010; Daniel, 2000), en ooglopende regeringstilswye in die saak (Daniel, 1998:97-122); die Alder Hey-skandaal[55] in kliniese navorsing (Burton & Wells, 2001); wanpraktyke in die regsprofessie (Coffee, 2006; Podgers, 1993), die mediese professie (A. Alexander, 2009; Taylor & Field, 2007:220; Van Der Weyden, 2005), psigoterapie (Doward & Flyn, 2010:18) en psigiatrie (Daniel, 1998:43-70); die Equitable Life-, Enron- and WorldCom-skandale in die finansiële sektor, en wydverspreide bedrog onder rekenmeesters en ouditeurs (Coffee, 2006; Reece, 2001); plagiaat in die akademie (Robin, 2004), sensasie in joernalistiek en (teks)redaksie (Breithaupt, 2001) en les bes, die "scandals of translation" (Venuti, 1998).

Aspirerende professies se pogings tot professionalisering staan onder verdenking

Omdat bestaande professies nie langer in staat is om aanspraak te maak op spesiale status as belangelose (onbaatsugtige) altruïstiese beroepsgroepe wat onbevooroordeeld in openbare belang optree nie (Reece, 2001), staan die professionele projek van beroepe wat aspireer na professionele erkenning onder verdenking. Tradisionele professionele waardes en lojaliteite word al hoe meer bevraagteken en die algemene publiek staan in 'n toenemende mate skepties teen professies en hulle beroepsliggame.

Professies is sameswerings wat hulle eie tekortkominge probeer toesmeer

"[All professions] are ... conspiracies against the laity" (Shaw, 2003:910) is 'n stelling wat die opvatting weerspieël dat kritiese, kontemplatiewe professionele praktisyns met outonomie oor hulle praktyke vir die leek in die samelewing 'n bedreiging inhou.

Die mediese professie word nie net gesien as "a conspiracy to exploit popular credulity and human suffering" (Shaw, 1957:75) nie, maar meer spesifiek "'n sameswering om sy eie tekortkominge toe te smeer". Hierdie nosie van verborge tekortkominge is relevant tot gebeure in die Britse Nasionale Gesondheidsdiens (NHS) gedurende 1980-2000 toe 'n reeks mediese skandale voorbladnuus in Engeland was, soms vir weke en maande aanmekaar. Die Kommissie van Ondersoek na die Bristol Children's Heart Surgery Service bevraagteken nie net die onvanpaste en gebrekkige respons op die hoë mortaliteitvoorkoms ten opsigte van hartoperasies nie, maar wys ook op 'n "klubkultuur" wat daadwerklike hantering van die probleem verhoed het (Donaldson, 2003:915-916).

Professies is deel van 'n intellektuele elitegroep wat hulle gesagsposisie uitbuit

Die wortel van skeptisisme teen die professies mag dalk geleë wees in (postmoderne) anti-intellektualisme (Ehrenreich, 1989; Hofstadter, 1964:18-19).

Wrewel teen die professionele middelklas spruit dan moontlik uit diepgewortelde gevoelens van anti-intellektualisme en antiprofessionalisme uit die geledere van die werkersklas. Die

[55] Die Alder Hey-orgaanskandaal behels die ongemagtigde verwydering, retensie, en wegdoening van menslike weefsel, insluitende die organe van kinders gedurende 1988 en 1995 waartydens die organe en liggaamsdele van ongeveer 850 babas in meer as 2 000 houers gestoor is. Dit is later by die Alder Hey Children's Hospital, Liverpool gekonfiskeer gedurende 'n openbare ondersoek in die orgaanretensieskandaal http://www.bookrags.com/wiki/Alder_Hey_organs_scandal

tipies postmoderne houding van antiprofessionalisme manifesteer as algemene anti-elitisme: professionele praktisyns is bevoorreg, geniet verhoogde status en word noodwendig 'n maklike teiken vir vyandiggesindheid (Michels, 1976).

Die intellektueel – in die sosiologiese sin van 'n professionele beroepsgroep – hou verband met die konsep van "intelligentsia" of 'n "nuwe klas" wat in die moderne samelewing na die belange van die gemeenskap omsien.

In die postmoderne – hedendaagse – samelewing word hierdie "klas" gesien as 'n bedreiging; hulle is, in die woorde van Hofstadter (1964:19):

> ... pretentious, conceited, effeminate, and snobbish; and very likely immoral, dangerous, and subversive. The plain sense of the common man, especially if tested by success in some demanding line of practical work, is an altogether adequate substitute for, if not actually much superior to, formal knowledge and expertise acquired in the schools.

'n Dik stroom anti-intellektualisme loop deesdae deur die ANC. Die huidige regering in Suid-Afrika ry die golf van onbevredigde verwagtinge en verdiepte behoeftes sedert 1994. Die assosiasies van intellektualisme – elite, verhewenheid – kom handig te pas vir die huidige regering[56] (Van der Westhuizen, 2008) as 'n politieke onderrok.

Die huidige Suid-Afrikaanse regering se anti-intellektualisme is sprekend van 'n houding wat veral sigbaar word in werkkontekste waar daar mededinging is met rasse-ondertone. Dit herinner ook aan die Afrikaner-nasionalisties geïnspireerde middelmatigheid van die apartheidsjare (Van der Westhuizen, 2008). Die reël van middelmatigheid, met 'n skoot rassisme, kan ook sy rol speel in kontekste waar beroepe (konvensioneel gesproke) strewe na professionele status en mark-eksklusiwiteit

Weerstand teen "elite-status" – professie – het in die Suid-Afrikaanse konteks waarskynlik te doen met die wanopvatting dat slegs "bevoorregte mense" hoogs bekwaam kan wees.

4.3.5.5 Teenkanting uit die geledere van bestaande professies

Teenkanting, agterdog, en bedreigdheid uit die geledere van veral die tradisionele professies in die sosiale konteks waarin 'n ontluikende professie funksioneer, is teenstand waarmee enige beroep te kampe kry in die proses van professionalisering (Braude, 1975:117; Hodson & Sullivan, 2002:304) en spruit uit prinsipiële besware wat teen die hele pakket van die tradisionele model van professie gerig is.

Uit hierdie optrede kan twee interpretasies uit die bestaande inligting gemaak word: 'n positiewe en 'n negatiewe lesing Die bestaande professies bevestig deur hulle optrede die kritiek teen die professionele konsep dat "status" eintlik maar die ding is wat hulle probeer beskerm. Die bestaande professies stel nie belang daarin of aspirerende professies, soos die taalpraktyk, kwaliteit- en altruïstiese diens kan lewer nie, of dat dit die samelewing tot voordeel kan strek nie; hulle wil werklik die buitestanders uit die "charmed circle" van klassieke professies hou. Hulle teenkanting is 'n wesenlike struikelblok, maar wat van belang is, is om die gronde van die teenkanting te probeer blootlê.

[56]Dit is byvoorbeeld in 2008 gebruik om ANC-lede aan te spoor ten gunste van die ontbinding van die Skerpioene (Van der Westhuizen, 2008).

Die vraag is: Probeer die bestaande professies werklik status met so 'n houding beskerm, wat die negatiewe lesing is? **Of is dit 'n geldige oortuiging dat aspirerende professies, soos die taalpraktyk onder bespreking, in der waarheid nie aan die tradisionele konsep van professie voldoen nie**, dus nie aan die nodige bepaalde eienskappe, kriteria (attribute) beantwoord nie, wat 'n positiewe lesing aan die verskynsel gee. Want dan is dit **standaarde van diens** wat beskerm word en nie die konsep van "status" as sodanig nie.

Hierdie teenkanting vanuit die geledere van bestaande, en veral konvensioneel manlike "professionele vestings" – die mediese, regs- en geestelike beroepe – word metterjare 'n verdedigingsmeganisme om te verseker dat hierdie elitegroepe hulle status en gepaardgaande gasie en byvoordele kan monopoliseer (Bolton & Muzio, 2007).

Die gevestigde professies monopoliseer nie net kennis, status en gepaardgaande beloning en erkenning nie, maar doen hulle ook voor as bewakers van ander funksies in die tradisionele sosioprofessionele beroepsopset. Hodson & Sullivan (2002:304) neem as voorbeeld die tradisionele volmag van mediese praktisyns om toegang te beheer tot voorskrifmedisyne, diagnose en mediese behandeling, en tot die funksies van hospitale en regeringsgesondheidsorganisasies. Hierdie bewakersfunksie betrek direkte kompetisie in dieselfde beroep, en kan die pogings kortwiek van, byvoorbeeld, alternatiewe gesondheids-praktisyns, om te professionaliseer.

Uit die aard van die produksieproses van tekste behoort direkte kompetisie nie werklik sy nek in die taalpraktyk uit te steek nie, omdat die verskillende prosesse in die uitgewersproses 'n afhanklike en interaktiewe proses is. Die oorvleueling tussen die prosesse van vertaling en teksredaksie kan noodwendig soms spanning veroorsaak, en per implikasie dan tussen die taalpraktisyn as vertaler en die taalpraktisyn as teksredakteur. In die praktyk is dit die taak van teksredakteurs om nie net oorspronklike tekste nie, maar ook vertaalde tekste te redigeer, dit is gewoon deel van die proses, en dit is ook gewoon 'n feit dat " ... die redigeerder [teksredakteur] die veiligheidsnet is vir vertalers" (Peacock, 2009:18).

So verwys die Akademiese Steundienste, Koördinering en Skedulering van die Noordwes-Universiteit alle nuwe tekste wat vertaal word (soos studiegidse) vir taalsorg (Esterhuizen, 2011), of dan teksredaksie. In die praktyk van die produksieproses spreek taalpraktisyns as teksredakteurs dikwels hulle kommer uit oor die standaard van vertaling[57], wat taalpraktisyns as vertalers as 'n aantasting op hulle professionaliteit ervaar. Uitgewers spreek ook dikwels hulle kommer uit oor die standaard van vertalers (soos indirek duidelik geword het uit H. Kruger, 2010 se vraelys aan uitgewers). Uit die aard van die prosesse ter sprake is dit eerder die samewerking wat spanning veroorsaak en nie wedywering tussen praktisyns of die geringskatting van take in die verskillende prosesse en beroepe nie.

Indien ander gesaghebbende professies die soeke na professionele erkenning van die beroep ter sprake bevraagteken, agterdogtig staan daarteenoor, of pertinent onderdruk, is 'n professionele projek gedoem, soos blyk uit die verskillende tot dusver onsuksesvolle en/of voortslepende professionele projekte: onderwysers (Goode, 1969; Hoyle, 1982; Fenstermacher, 1990; Soder, 1990; Burbules & Densmore, 1991; Pratte & Rury, 1991; Agarao-Fernandez & De Guzman, 2006; Evans, 2008); bibliotekarisse (Goode, 1969; Winter, 1983; Thomson, 2001; O'Connor, 2006); gemeenskapstolke (Mikkelson, 1999); tolke (Tseng, 1992); gebaretaaltolke (Witter-Merithew & Johnson, 2005); joernaliste (Kimball, 1965;

[57] Stawende dokumentasie kan uit die navorser se vryskutpraktyk op aanvraag voorsien word.

Banning, 1998; Pottker, 2004; Merril, 2005; Boyer, 2006); tandheelkundiges (Adams, 2003, 2004a, b); verpleegkundiges (Goode, 1969; Katz, 1969; Keogh, 1997; Stuart, 1981; Coburn, 1988; aptekers (Goode, 1969); paramedici (Mahony, 2003); fisioterapeute (House, 2001; Richardson, 1999; Heap, 1995); voetheelkundiges (Skipper & Hughes**,** 1983); pastorale terapeute (Otto, 2011).

Morris (1995a) toon aan dat die regsprofessie bedreig voel deur die outonomie of onafhanklike denke van die hoftolk, dat die hoftolk hom/haar die regter se rol van wetsinterpretasie en die prokureur se rol van getuienisaanvoering sal toe-eien. Die professionalisering van die tolkberoep is dus 'n proses wat tydsaam en soms moeisaam verloop (Tseng, 1992; Morris, 1995a; Morris, 1995b; Mikkelson, 1999; Elghezouani, 2007; Kent, 2007; Turner, 2007).

Die regsprofessie het streng beheer oor die kennis en vaardighede wat vereis word om regte te praktiseer, en bied weerstand teen die prysgawe van daardie beheer aan geallieerde beroepe. Morris (1995b:26) identifiseer intense teenkanting vanuit die regsberoep en regspraktisyns teenoor regstolke in die *traduttore traditore*-tradisie – die vertaler is 'n verraaier – "... spanning the gamut from annoyance to venom, with almost no understanding of the linguistic issues and dilemmas involved."

Die ironie van die saak is dat wetspraktisyns – wie se eie praktyke soos dié van die vertaler en die tolk staatmaak op die effektiewe gebruik en manipulering van taal – tolke dieselfde speelruimte ontsê om soortgelyke strategieë toe te pas om konseptuele mediëring te bevorder. Daar word van tolke verwag om verbatim te vertaal in die kommunikasieproses, selfs al maak die kliënt foute, en nie te interpreteer nie, aangesien hierdie aktiwiteit slegs vir wetsgeleerdes gereserveer is (Morris, 1995b:26).

Die regsprofessie ondermyn dus presies daardie aspekte van die tolkproses wat die tolk die geleentheid bied om van die kommunikasieproses 'n geslaagde mediëringsproses te maak, bloot omdat die tolk se teenwoordigheid en bydrae vanuit 'n regsoogpunt ongewens is, en potensieel die praktyk en funksie van die regsverteenwoordigers in forensiese aktiwiteite kan ondermyn.

Tog wil dit ook voorkom of die rol, funksie en status van taalpraktisyns in spesifieke komplekse multitalige kontekste 'n nuwe dimensie kan aanneem indien hierdie beroepe 'n verenigde front en 'n kritieke massa in die professionele projek kan handhaaf: die mediese tolk word byvoorbeeld 'n medediagnostikus met al die praktiese, institusionele, en etiese implikasies wat in die professionele opset van die dokter-pasiënt-verhouding ter sprake kom. Hsieh (2007) identifiseer vyf fasette van die rol van die mediese tolk as medediagnostikus in die mediese opset: toe-eiening van die verskaffer se kommunikatiewe doelwitte; redaksionele insette in die inligting vir mediese beklemtoning; inisiëring van inligtingsoekende prosedures; deelname aan diagnostiese take, en die oordrag van mediese inligting aan pasiënte.

Teenkanting van die tradisionele professies in die sosioprofessionele omgewing waarin 'n professionele projek sy loop neem, is verset wat potensieel die projek kan verongeluk en spruit veral uit pogings om die tradisionele model van professie ongeskonde te hou.

4.3.5.6 Teenkanting vanuit manlike professionele elitegroepe

Professies is histories tradisioneel manlik gedomineerde beroepe. Die term "professioneel" word gereserveer vir 'n "charmed circle of professions" (Houle, 1981); die "consiglieri of suburban prosperity" (Flood, 2011), 'n uitgesoekte groepie manlik gedomineerde beroepe, insluitend geneeskunde, tandheelkunde, die regsberoep, die rekenmeestersberoep, en ingenieurswese. Vroueprofessies is tradisioneel "non-professions" (Goode, 1966) of "qualified professions" (Bolton & Muzio, 2008:281); semiprofessies (Etzioni, 1969; Bolton & Muzio, 2008:281), ondergeskikte professies (Kinnear, 1995), of aspirerende professies (Hamilton, 1974; Bolton & Muzio, 2008:281).

Ten spyte van hierdie teenkanting is dit vroue wat die inisiatief geneem het in die verwesenliking van 'n twintigste-eeuse wetenskaplike industrie, maar weerstand en diskriminasie teen vroue in die professies blyk steeds 'n prominente verskynsel in die beroepswêreld te wees (Smythe *et al*., 1999).

Binne die **mediese beroepe en gesondheidsorg** is daar byvoorbeeld 'n lang geskiedenis van geslagskeiding van professionele beroepskrag: mans domineer in hoërstatus-, hoërbesoldigde professies soos die mediese en tandheelkundige beroepe, terwyl vrouegesondheidsorg gegroepeer is in die sogenaamde ondersteuningsberoepe, soos verpleging, fisioterapie, radiografie en so meer. Die ironie van die saak is dat (vroue)beroepe wat tradisioneel ondersteuningsdienste lewer aan die professies, voldoende teoretiese kennisbasisse en opleiding opgebou het om hulle eie professionele projekte van stapel te stuur (Chelladuri, 2006:26).

Tog vertoon tradisionele vroueberoepe wel minder van die attribute wat beskou word as definiërend van professie, naamlik outonomie, monopolie, professionele vergoeding, veral, kennis en opleiding, en statutêre beroepsverteenwoordiging in die vorm van 'n beroeps-liggaam (Bolton & Muzio, 2008:281; Eztioni, 1969; Hamilton, 1974; Kinnear, 1995).

Hoe vergelyk die opleiding van verpleegsters met dié van dokters? Verpleegsters is tradisioneel die "laagsopgeleides" in die mediese professie. Daarbenewens is hulle deesdae ten volle in unies georganiseer, wat impliseer dat hulle hulleself as "werkers" en nie as professionele praktisyns profileer nie. Die aanklag van seksisme is moontlik dan een van die monsters wat ontmasker moet word in die eietydse professionaliseringsdiskoers van manlike dominansie.

Hierdie dilemma dui tog ook op die noodsaak van die kritieke attribute van die tradisionele konsep van professie indien beroepe die pad van professionalisering wil stap. Kleinserige aanklagte van historiese seksisme vanuit die geledere van tradisionele vroueberoepe kan nie wankelrige professionele attribute wegredeneer nie.

Histories is die mediese professie manlik gedomineer sodat professionele gedrag en optrede geleidelik sinoniem geword het met die manlike geslag. Witz (1992), Davies (1995; 1996) en Adams (2003) beskryf hoe manlike dominansie histories aangewend word om professies te definieer en te struktureer, en die professionele verdeling van arbeid te vestig.

Teenkanting teen gelykwaardige professionele status vir sogenaamde "vroueberoepe" soos die verpleegkundeberoep (Witz, 1992), die fisioterapieberoep (Heap, 1995), biblioteekwese (Winter, 1983) vanuit manlike elitegeledere kom dan al 'n lang pad in die sosioprofessionele

opset (vergelyk Freidson, 1970a), en dit blyk 'n universele verskynsel te wees wat veral onderliggende seksistiese statusondertone gehad het: "In general, high status, high-power positions have been denied to females in all areas of life, not just the workplace. It should come as no surprise that female occupations are denied professional status given the power and prestige that such a label carries with it" (Ritzer, 1972:180).

Manlik gedomineerde professies het histories meer sukses ten opsigte van professionalisering en professionele bevoorregting as sogenaamde vroueberoepe. Gevestigde manlike professies is ook meer suksesvol in hulle pogings om die praktyke van vrouegedomineerde professies te subordineer, te elimineer, en te beperk (Coburn, 1994; Witz, 1992). Of tradisionele vroueberoepe enigsins "professies" kan word, is dan te betwyfel: skrywers soos Melosh (1982) en Kinnear (1995) postuleer dat "professie" per definisie manlik is en daarom kan 'n vroueberoep soos verpleging nooit "professie" word nie.

Sulke diepgewortelde sosioprofessionele beroepsvooroordeel word nie maklik die nek ingeslaan nie, en is 'n langsame sosiale proses (Smythe *et al*., 1999). Die gevestigde mediese beroep hou tradisioneel geallieerde oorwegend vroulike beroepe, soos onder andere verpleging, obstetrie, fisioterapie, en radiografie in 'n ondergeskikte posisie (Coburn, 1988, 1994; Goss, 1961; Katz, 1969; Kinnear, 1995; Melosh, 1982; Smythe *et al*., 1999; Witz, 1992). Becker (1953) en Corwin (1970) toon aan hoe die outoritêre gesag van die skoolhoof die outonomie van die vroueonderwyser in die gedrang bring, of hoe geslag, politiek, en vooropgestelde idees die identiteit en professionele rol van die vroueonderwyser bepaal (Dillabough, 1999). Dieselfde verskynsel tree na vore in ander vroueberoepe, soos die biblioteekwese en maatskaplike werk (Ritzer, 1972:182; Smythe *et al*., 1999; Winter, 1983).

Teenkanting uit bestaande, manlik gedomineerde professies, soos tandheelkunde (Adams, 2004a, 2004b), die mediese en verwante gesondheidsberoepe (Adams, 2010) en die regsberoep (Bolton & Muzio, 2007), kan ook die suksesvolle uitkoms van vroulik gedomineerde professionele projekte kortwiek – deur middel van ideologie, gemeenskaps-gebaseerde geslagsongelykheid, meerderwaardigheid en neerbuigende houdings – om vroueberoepe, soos verpleegsters, tandheelkundige assistente en hoftolke, afhanklik van hulle "meesterprofessies" te hou (Coburn, 1974; Raz *et al*., 1991; Smythe *et al*., 1999).

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat teenkanting uit bestaande professies tradisioneel as 'n belangrike rede vir onsuksesvolle vroulike professionaliseringsprojekte beskou word. Die taalpraktyk is hoofsaaklik 'n vrouegedomineerde beroep (vergelyk Carstens & Van de Poel, 2010:223-224; Gouadec, 2007:88; Kotze, 1997:154, Mackenzie, 2004:4) wat strewe na gesogte professionele beroepserkenning.

Die kwessie is: Het die teenkanting uit manlik-gedomineerde professies teen vroueberoepe wat wil professionaliseer werklik 'n onderlinggende seksistiese ondertoon? Is daar nie moontlik geldige redes, **soos die afwesigheid van kritieke attribute** wat nog nie in 'n spesifieke en oorwegend vroueberoep soos verpleegkunde of taalpraktyk gerealiseer het nie? Indien die afwesigheid van kritieke attribute wel die rede is, soos in die geval van die beroep van verpleegsters en haarkappers, en ook taalpraktisyns, is die kritiek tog dan geregverdig.

Bogenoemde twee moontlikhede vereis twee verskillende tipes oplossings:

- Indien die teenkanting uit manlike elitegeledere in der waarheid onderliggend seksisties is, is die oplossing bemarking om houdings te verander deur middel van 'n bewus-makingsveldtog om kwaliteit, gespesialiseerdheid en waardetoevoeging te beklemtoon.
- Indien die teenkanting bestaan as gevolg van wesenlike professionele kriteria waaraan nie voldoen word nie, is die oplossing om beroepstandaarde te verhoog en die kriteria te wysig, en in ooreenstemming te bring met professie. Dus: Is die ontbrekende kriteria wesenlik, moet daaraan voldoen word; en om dit te verwesenlik, moet 'n ander plan van aksie in die vooruitsig gestel word. Dit impliseer veranderde beroepspraktyke. Of: Indien die kriteria slegs virtueel is, versluierde vorme van status, moet praktisyns 'n veldtog teen die kriteria loods.

Vroulik gedomineerde professionele projekte word nietemin in die hedendaagse sosio-professionele opset 'n algemene verskynsel (Adams, 2003a:267) soos wat tradisionele geslagsberoepsverdeling toenemend onder druk geplaas word deur die feminisering van die professies in die VSA en Kanada waar vroue progressief tradisionele manlik gedomineerde professies betree (Adams, 2010).

Elitegroepsanksionering en manlike dominansie (vergelyk byvoorbeeld Burrage *et al*., 1990:205; Goode, 1960a:902; Houle, 1981; Lewis & Maude, 1952; Millerson, 1964a:10; Wilensky, 1964:138) as voorwaarde vir professionele status is bes moontlik een van die diepgewortelde wanopvattings van professionele beroepstatus wat geen bestaansreg meer het in die heersende sosioprofessionele en sosio-ekonomiese konteks en veranderende beroepsomgewing nie.

Die taalpraktyk as 'n hoofsaaklik vrouegedomineerde beroep in Friedman (2007) se platter wêreld behoort nie hierdie teenkanting vanuit manlike elitegeledere of ander gevestigde professies te ervaar nie. Die beroepsomgewing van die (vroue)taalpraktisyn het in so 'n mate verander met die toenemende neiging na en sanksionering van die vryskutverskynsel in die hedendaagse samelewing sodat voltydse ma's die meeste taalberoepe suksesvol in 'n virtuele kantoor met die nodige *state of the art*-tegnologie en persoonlike dissipline kan beoefen. Met ander woorde, tradisionele patriargie maak bepaalde beroepe, en veral dan die taalberoepe, aantrekliker vir vroue, maar daardeur word die taalpraktyk as geheel moontlik ten opsigte van die tradisionele statusbeginsel aangetas (vergelyk 4.3.3).

Hierdie veranderde en steeds veranderende beroepsomgewing van die taalpraktisyn maak 'n nog beter saak uit vir 'n aangepaste model van professionalisering (vergelyk Hoofstuk 2), veral teen die agtergrond van die mediëringsrol wat die taalpraktisyn speel in die multitalige sosiale opset.

4.3.5.7 Teenkanting vanuit die geledere van kliënte

Taal en taaldienste maak 'n onafskeidelike deel uit van elke mens en samelewing se identiteit, kommunikasie- en onderhandelingspraktyke (Muylle, 2008:8). Daarom het die professionele taalpraktisyn as taaldeskundige en taalvakkundige 'n unieke mediëringsrol te speel: "... when transparent communication and direct understanding between people is not possible due to language barriers, the language expert is brought in, the interpreter for the oral message, the translator for the written message (Muylle, 2008:8).

Publieke wanopvattings oor die (taalpraktisyn as) professionele persoon en sy dienste en die professionele en gespesialiseerde aard van die professies (Kruger *et al*., 1998; Hodson & Sullivan, 2002:305) vind neerslag in 'n gebrek aan begrip vir die gespesialiseerde rol en funksie van die taalberoepe onder die algemene publiek sodat die dienste van taalpraktisyns nie na waarde geskat en na wense benut word nie. Tseng (1992:58) beklemtoon: "When a particular service of a rising profession is not in demand, the public is not likely to recognize its importance and relevance to their lives. As a result, actions taken to persuade the public to support the professionalization of a particular occupation cannot be effective."

Vertaling, teksredaksie, onderskrywing, oudiobeskrywing, tolking, terminologie-ontwikkeling, en lokalisering is taalberoepe wat omvattende taalvermoëns impliseer en heelwat verder strek as blote gemiddelde taalbeheersing of talige vermoëns (EU, 2009c:79).

Die wanopvatting dat enige tweetalige persoon kan vertaal, tolk, onderskrifte of oudiobeskrywing kan doen, of 'n teks kan redigeer – dat taalpraktyk die prerogatief van elke mens is – werk nadelig in op die werksaamhede van die bedryf as sodanig, professionele aansprake al dan nie. Skinner (1990), Schweda-Nicholson (1994), en Kahtan (1987) wys byvoorbeeld op die mate waarin publieke sowel as professionele wanopvattings ten opsigte van die tolkbedryf dié bedryf in die tagtiger- en negentigerjare skade berokken het.

Dié wanopvatting dat Jan en San Alleman as 'n taalpraktisyn die mark kan betree sonder beroepsgerigte kwalifikasies of gespesialiseerde opleiding, skep die heersende skuiwergat vir ongekwalifiseerde, onprofessionele en moontlik onbevoegde individue om taaldienste te lewer. Kruger, Wallmach en Boers (1998:viii) koppel hierdie wanopvatting pertinent aan die gebrekkige professionele status van taalpraktisyns: "There is a widespread perception among users of language services that language practice is a profession that can be practised at will by persons of varying (or no) qualifications, varying levels of proficiency and some horrifying notions of ethical and professional behaviour."

Kliënte het dus geen of min begrip vir die werksaamhede van taalpraktisyns nie, of min vertroue in die dienste wat hulle lewer. Dit is hoogs waarskynlik dat die publiek gewoon nie omgee oor die kwaliteit van die dienste wat hulle ontvang nie. Gevolglik floreer wantroue en wanopvattings omtrent die rol en funksie van die taalpraktisyn in die mark (Tseng, 1992:44-45).

Die deurslaggewende faktor vir die kliënt, in die afwesigheid van toegangsbeheer en kwaliteitskontrole, is gewoonlik die aard van vergoeding ter sprake: "Whoever demands the lowest fees gets the job. .... When the clients need services, they simply call upon anyone who is around and asking a reasonable fee. Clients who demand quality services are usually troubled by the fact that they do not know where to get qualified practitioners for services" (Tseng, 1992:44; vergelyk ook die bespreking in 4.3.6).

Algemene wanopvattings onder die publiek ten opsigte van taalpraktykdienste blyk onder meer die volgende te wees:

- Taaldienste en taalberoepsaktiwiteite word gesien as die prerogatief van enige persoon wat taal gebruik sodat gespesialiseerde kennis en vaardighede, diens of professionaliteit nie ter sprake is nie (Law & Kruger, 2008:479).

- Kliënte weet nie hoe en waar om geskikte, gekwalifiseerde, geakkrediteerde taalpraktisyns te vind nie, met die gevolg dat dese en gene in die mark as "taalpraktisyns" optree (SATI, 2007). Boers (2009) skryf dit toe aan onkunde in die mark: "Lack of education on the part of clients, who are inclined to buy by price rather than expertise and do not understand what factors are important when buying language services."
- Enige taalberoepsaktiwiteit word bejeën as kinderspeletjies, 'n proses wat enige "(twee)talige persoon" sonder enige moeite in 'n japtrap aframmel, terwyl, byvoorbeeld, die vertaalproses 'n kreatiewe proses is, die vertaler 'n taalpraktisyn is met uitmuntende taalbeheersingsvaardighede, en die teksredakteur die veiligheidsnet vir die vertaler is (Peacock, 2009:18-19).

SATI (2007) sien ook die wanopvattings van die publiek teenoor die gespesialiseerde kennis en vaardighede van die taalpraktisyn as 'n struikelblok tot die gebruik van professionele taaldienste[58]:

> There is a great need for language services in South Africa, but the public is not well-informed about the advantages of using a language professional. Many people undervalue the work of translators and other language practitioners, and translations are often performed by people who are not suitably qualified (such as administrative personnel).

Hierdie wanopvatting ten opsigte van die gespesialiseerde aard van die dienste van die taalpraktisyn as struikelblok tot die professionalisering van die taalpraktyk kan direk voor die deur gelê word van die konsep van tradisionele onsigbaarheid (van die werksaamhede) van die taalpraktisyn in die hedendaagse samelewing.

Die tradisionele professies is hoogs sigbaar in die samelewing. Die meeste mense is bewus van die gespesialiseerde aktiwiteite van dokters, tandartse, predikante, advokate en prokureurs in die gemeenskap. Die rol en funksie in die samelewing van, onder meer, skrywers, onderwysers, verpleegsters, fisioterapeute, sielkundiges, aptekers en selfs kunstenaars en haarkappers, is ook goed gedefinieer sodat daar 'n groot mate van begrip bestaan onder die algemene publiek vir die aard van die werk wat hulle doen, al het hierdie beroepe nog nie suksesvolle professionele projekte van stapel gestuur nie. Die implikasie is dat 'n aangepaste model vir professie soos beskryf in Hoofstuk 2 ook tot die voordeel van hierdie beroepe kan strek.

Die sigbaarheid en gedefinieerde rol van professies (en moontlik ook ander herkenbare beroepe) waarborg die erkenning, waardering en respek vir die vaardighede wat nodig is om die beroep te beoefen en 'n suksesvolle professionele projek van stapel te stuur. Daar is direkte, tasbare, interaksie tussen die publiek en opsigtelike beroepspraktisyns soos mediese praktisyns en prokureurs, met die gevolg dat daar waardering en agting is vir die spesifieke en uniek noodsaaklike dienste wat in die hedendaagse samelewing gelewer word, en wat in alle waarskynlikheid steeds in die toekoms noodsaaklik sal wees.

Lede van die klassieke professies geniet dan wydverspreide erkenning vir hulle professionele aktiwiteite. In 'n samelewing gedefinieer vanuit Weber (1964, 1968 [1922], 1978) se interaksionele model as 'n arena waar klasse, statusgroepe en ander sosiale entiteite, soos politieke partye, met mekaar wedywer vir ekonomiese, sosiale en politieke voordele, het hierdie beroepsgroepe 'n monopolie in die mark geskep vir dienste gebaseer op hulle deskundige kennis en status in die sosiale stratum. Die noodsaak vir 'n beroepsgerigte,

[58]Aangehaal van http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1541

gestandaardiseerde tersiêre kwalifikasie as toelatingsvereiste vir die professies is noukeurig beskryf, praktisyns is sigbaar, en hulle geniet erkenning wat kommersiële sukses waarborg. Hulle belange word beskerm deur sigbare beroepsliggame, wat ook standaarde monitor en daarna streef om hulle lede en die publiek dienooreenkomstig te beskerm.

As professie presenteer die taalpraktyk met 'n tradisionele paradoks inherent aan die aard van die kommunikasieproses ter sprake, en 'n anomalie waarvan hulle wel deeglik bewus is en insig in het (Kotze, 1997): die sigbaarheid van professionele persoon teenoor die gladde en suksesvolle kommunikasie wat die taalpraktisyn bewerkstellig, 'n uitkoms wat afdoende gronde lewer vir die "professie van 'n professie".

Die konsep van "onsigbaarheid" van die taalpraktisyn het sy oorsprong as vertaalteoretiese konsep in die vertaalpraktyk (Venuti, 1995) en spruit uit die beginsel van ekwivalensie in die vertaalproses wat die oorspronklike konteks sowel as die oorspronklike outeur vooropstel.

Die kommunikasie in die vertaalde, geredigeerde of getolkte teks is op sy gladste wanneer die vertaler of teksredakteur, of tolk en sy aktiwiteite so onsigbaar as moontlik word, byvoorbeeld, wanneer die tolk so goed tolk dat luisteraars nie eens agterkom dat hulle na 'n tolk luister nie; volledig in tyd gesinchroniseer met die spreker by 'n kongres, sodat die kommunikasieproses optimaal verloop.[59] Teksredakteurs kwyt hulle by uitstek goed van hulle spookskrywerstaak (Kotze, 1997) om 'n homeostase te bewerkstellig ná 'n redaksionele "intervensie", maar deurlopend 'n onsigbare teenwoordigheid gehandhaaf het.

Ten opsigte van die attribuut van sigbaarheid wil dit voorkom of die taalpraktisyn moontlik 'n opdraande stryd gaan hê om hierdie attribuut 'n werklikheid te maak. In die mediese en regsberoep is dit verkieslik dat dokters en advokate as professionele praktisyns onsigbaar is na afloop van 'n behandeling, diens of intervensie, maar hulle is wel deeglik sigbaar in die **proses** van behandeling, diens of intervensie – terwyl die taalpraktisyn al in die proses van vertaling en/of teksredaksie by uitstek onsigbaar is. Dus: as sigbaarheid 'n vereiste vir professie is, lê daar 'n moeitevolle taak voor.

Hierdie anomalie kan nie weggeredeneer word nie; die implikasie is professionalisering ten spyte van die onsigbaarheid van die taalpraktisyn. Die attribuut van sigbaarheid sal afgeskryf moet word in die hoop dat die attribute wat oorbly ondersteuning genoeg is om outonomie te bewerkstellig. Anders gestel: Taalpraktisyns wil **sanksionering** bewerkstellig, nie sigbaarheid om professionele ontwil nie.

Die vraag is of die sigbaarheidskwessie 'n onoorkomelike struikelblok in die professionele projek is of word; of sigbaarheid 'n deurslaggewende attribuut van professie is. Indien wel, is haarkappers weliswaar in 'n beter posisie as taalpraktisyns om te professionaliseer: die coiffeuse maak met jou hare 'n "statement", maar 'n barbier lewer gewoon 'n diens.

Dit is dan die taak van die hedendaagse taalpraktisyn, vryskut al dan nie, in die hedendaagse veranderende beroepsomgewing om hulleself en die aard van beroepspesifieke en unieke taalpraktykdienste **wetenswaardig** te maak sonder om afbreuk te doen aan die kommunikasieproses. In die hedendaagse beroepsomgewing staan taalpraktisyns 'n goeie kans om te professionaliseer indien hulle hulleself as 'n professie kan organiseer deur die

[59] Die konteks is egter bepalend: tolke wat byvoorbeeld in amnestie-aansoeke tolk, tree namens die applikante op en word as 't ware as "advokaat" 'n sigbare verteenwoordiger.

attribute van die prototipemodel van professies soos ontwikkel in Hoofstuk 2 eie te maak aan die taalpraktykberoep.

Die mediërende aard van die taalberoepe leen hulle tot voortgesette en progressief unieke spesialiseringspraktyke in multitalige kontekste. Toenemende kontak tussen verskillende tale genereer meer teks, wat potensieel meer taalpraktykwerk skep: meer tekste vir vertaling en teksredaksie, meer tolkgeleenthede, meer terminologiedatabasisse om te ontwikkel en uit te brei, meer oudiobeskrywing om te doen, meer TV-programme wat onderbetitel moet word. En al sou Engels as wêreldtaal die noodsaak vir vertaling ondergrawe (sodat tekste meestal in Engels geskryf word ongeag die standaard van taalbevoegdheid van die skrywer), is daar noodwendig dan ŉ groter mark vir teksredigering.

4.3.5.8 Samevatting

Antiprofessionalisme en anti-intellektualisme as weerstand teen professie het ŉ negatiewe impak op die attribute wat **outonomie** en **monopolie** teweeg bring, en direk **sigbaarheid** aan die werksaamhede, dienste en persoon van die taalpraktisyn verleen. Dit hou verband met die interaksie tussen bestaande professionele groepe in die samelewing en aspirerende professies, veral vanuit die tradisionele konsep van professie.

Veral ter sprake is die interaksie tussen verskillende groepe en patrone van sosiale gedrag binne die sosiokulturele en -ekonomiese konteks in die samelewing wat die realisering van die attribute van **outonomie** en **monopolie** van die aspirerende taalpraktykprofessie in die gedrang bring. In hierdie konteks word dit veral in verband gebring met die **sigbaarheid** van die taalpraktisyn in die sosioprofessionele opset.

Weerstand, wantroue en wanopvattings teen die professies – antiprofessionalisme en anti-intellektualisme – tree deur die eeue na vore uit verskillende groepe in die samelewing – letterkundiges, skrywers en die breë publiek – maar manifesteer as ŉ “defining feature of contemporary society” as wantroue teenoor professionaliserende beroepe veral vanuit bestaande professies en manlike elitegeledere, sowel as spesifiek die gebruikers van die verskeidenheid taaldienste.

Hierdie verskynsel het sy oorsprong in heersende sosiokulturele toestande en die gepaardgaande sosiopolitieke klimaat en kan in verband gebring word met konflikteorie soos dit in Hoofstuk 3 ter sprake kom. Dit spruit uit die opvatting dat die professies egoïstiese kontrole- en elitegroepe geword het wat baatsugtig na hulle eie belange omsien in stede daarvan om onbaatsugtig in belang van die samelewing op te tree.

Teenkanting uit die geledere van bestaande professies en veral vanuit manlike professionele elitegroepe, word ŉ verdedigingsmeganisme om te verseker dat hierdie elitegroepe ŉ **monopolie** kan behou op hulle professionele status en gepaardgaande benydenswaardige vergoeding en byvoordele.

Dit is egter die teenkanting vanuit die geledere van die gebruikers van professionele dienste wat vir die taalpraktisyn die grootse struikelblok inhou. Weerstand, wantroue en wanopvattings in die samelewing teenoor die gespesialiseerde aard van die taalpraktyk en die rol en funksie van die taalpraktisyn het noodwendig 'n belemmerende impak op die professionele projek van die taalpraktyk en dit kan direk voor die deur gelê word van die tradisionele **onsigbaarheid** van die taalpraktisyn in die sosioprofessionele opset.

Dit is veral die wanopvatting ten opsigte van die gespesialiseerde aard van die dienste van die taalpraktisyn as struikelblok tot die professionalisering van die taalpraktyk wat die vergoeding van taalpraktisyns toenemend 'n willekeurige verskynsel maak.

4.3.6 Gebrek aan professionele vergoeding

4.3.6.1 Inleiding

Die toenemende behoefte aan multitalige dienste wêreldwyd as gevolg van globalisering (EC, 2009c:79; H. Kruger, 2007; Muylle, 2008) lei daartoe dat baie onbevoegde individue van die geleentheid gebruik maak om hulle tot die taalpraktykindustrie te wend. Hierdie verskynsel hang nou saam met die algemene wanopvatting dat taalpraktyk 'n beroep is wat deur dese en gene beoefen word (Kruger *et al*., 1998:viii) sonder die nodige opleiding en ervaring om 'n professionele taalproduk te verseker. Hierdie verskynsel is veral kenmerkend in 'n bloeiende vryskutmark (vergelyk 4.2.4).

Binne die ekonomiese opset word die professionele ideaal by uitstek 'n poging om kennis en vaardighede as 'n unieke en winsgewende hulpbron te omskep in sosiale en ekonomiese voordeel. Die professionele taalpraktisyn kan hiervolgens beskou word as "die eienaars van 'n territoriale markgebied waar daar 'n skaarste, en dus 'n behoefte, bestaan aan hulle kennis en vaardighede (vergelyk Larson, 1977:xvii).

'n Professionele taalproduk impliseer professionele kwalifikasies, vaardighede, diens en erkenning; professionele beroepserkenning impliseer professionele beroepsvergoeding. Dit word egter algemeen waargeneem dat die meeste taalpraktisyns wêreldwyd nie na behore en ooreenkomstig die eise van hulle take vergoed word nie (Chan, 2005; Hale, 2007; Katan, 2009; Visser, 2010). Joosen (2012:23) wys egter daarop dat beëdigde tolke in Antwerpen reeds professioneel aanvaarbaar vergoed word. Wat wel egter waar is, is dat tolke "vaak enorm lang op hun vergoeding moeten wachten" (Joosen, 2012:23).

Die algemene, suiwer evaluerende verklaring van hierdie verskynsel is dat dit die gevolg is van 'n gebrek aan toegangsbeheer tot die beroep, sowel as die onsigbare en marginale status van taalpraktisyns en hulle werksaamhede (Chan, 2005; EC, 2009c:v; Katan, 2009; Robinson, 2003:28; Sela-Sheffy & Shlesinger, 2008:80). Dit impliseer ook 'n wanbegrip vir die gespesialiseerde dienste van die taalpraktisyn in 'n hedendaagse opset waar daar 'n toenemende vraag na taaldienste as 'n kommoditeit is (EC, 2009c:79), soos wat dit in die vorige onderafdeling ter sprake gekom het. Alternatiewe verklarings is die gegewe van asimmetriese inligting wanneer dit kom by taalpraktyke sowel as die onkunde van kliënte wanneer dit kom by gespesialiseerde taaldienste.

Die attribuut van professie wat hier ter sprake is, is **gestandaardiseerde vergoeding**; die **struikelblok** is die **gebrek aan outonomie** wat toegangsbeheer tot die praktyk verhoed, en

markwanorde veroorsaak en perpetueer, waarin kliënte taalpraktykdienste kan kies en keur, professioneel al dan nie.

4.3.6.2 Redes vir die gebrek aan professionele vergoeding

Die **gebrek aan toegangsbeheer** tot die taalbedryf maak dit maklik vir 'n toenemende hoeveelheid onbevoegde individue om die mark te betree, wat tot ongesonde wedywering lei en vergoeding negatief beïnvloed omdat kliënte – hetsy uit wanbegrip, onkunde of om kostes te bespaar – die laagste pryse vir dienste wil betaal (Katan, 2009:188), en taalpraktykasters, of die "outlaws" soos Gouadec (2007:100) hulle noem, hierdie lae tariewe aanvaar, wat tot nadeel van die taalpraktyk as geheel strek (Gouadec, 2007:217). Chan (2005) gebruik die konsep van **asimmetriese inligting** om 'n alternatiewe, deskriptiewe verklaring te bied vir hierdie tendens wat die mark oorheers.

In bedryfsterme word die konsep "**asimmetriese inligting**" gebruik om interaksie te beskryf in onderlinge werksbetrekkinge waarin een rolspeler toegang het tot inligting wat die ander rolspeler nie het nie, veral waar daar die een of ander professionele diens ter sprake is (Cohen, 2003) soos in die geval van vertaling en teksredaksie.

In 'n taaldiensmark is dit moeilik vir kliënte om die vaardighede van 'n taalpraktisyn te assesseer voordat hulle die voltooide produk of -diens ontvang het. Die gegewe van asimmetriese inligting wat die verhouding tussen die kliënt en die praktisyn definieer, bestaan dus as 'n wesenlike probleem in die taalpraktyk.

Die kliënt kan, vir alle praktiese doeleindes, byvoorbeeld, 'n proefvertaling of redigering vereis van 'n klein gedeelte van die teks, maar daar is geen waarborg dat hierdie monstervertaling verteenwoordigend sal wees van die geheel nie. Omdat kliënte nie kan onderskei tussen 'n "bekwame" en "onbekwame" taalpraktisyn nie as gevolg van die asimmetriese inligtings-probleem, sou hulle argumentshalwe dan ook nie kan onderskei tussen 'n "goeie" of "slegte" taalproduk nie, en bestaan die neiging in die mark om heersende pryse te betaal wat laer is as die "billike vergoedingsvlak".

Samuelsson-Brown (2004:34-41) kom dan tot die slotsom dat **verbruikersonkunde** ten opsigte van die komplekse taak van die taalpraktisyn aan die kern lê van onaanvaarbare vergoeding in die taalpraktykmark, wat deur Visser (2010:75) bevestig word. Dit hang saam met die wanopvattings wat in die mark bestaan ten opsigte van die beroepspesifieke, gespesialiseerde aard van taaldienste (vergelyk die bespreking in die vorige afdeling).

Die taalpraktisyn wil egter geëien word as 'n professionele persoon met "multiple competencies" (EC, 2009c:79; vergelyk ook Bauer & Rodrigo, 2004:3; Carsten, 2008; Gentzler, 2001:71; Gouadec, 2007; Pym, 2002a, b; Vermeer, 1998:62) wat slegs deur gestandaardiseerde, tersiêre opleiding verkry kan word; en as een van die attribute van professie geïdentifiseer is (vergelyk Hoofstuk 2). Om hierdie veelvuldige vaardighede te reflekteer, is dit noodsaaklik dat die taalpraktisyn dienooreenkomstige vergoeding ontvang om die aansien van die beroep te verhoog (EC, 2009c:79), maar ook om die **integriteit** van die verskillende taaldienste in die samelewing te verseker.

Die saak het wel twee kante: Alhoewel taalpraktisyns komplekse, veelvuldige en gespesialiseerde dienste bied en dienooreenkomstig vergoed behoort te word om 'n

waardige bestaan te maak uit sy loopbaan, het die kliënt die reg om nie uitgebuit te word nie, en 'n "billike" tarief te betaal.

Artikel 8 van die Fédération Internationale des Traducteurs (FIT) se etiese kode lui: "The translator shall refrain from any unfair competition in carrying out his profession; in particular, he/she shall strive for equitable remuneration and not accept any fee below that which may be fixed by law and regulations"[60].

Alle SAVI-lede moet hulle onderwerp aan die etiese kode van die Instituut wanneer hulle by dié beroepsliggaam aansluit. Een van die ondernemings in daardie kode is dat "members be guided in negotiating remuneration by the principle of equitability, and in particular to refrain from charging excessive rates", en "always to uphold the highest ethical and moral standards in their dealings with their clients/employers and in the practice of their occupation as translator"[61].

Anders as die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen (BKVTF), die enigste beroepsliggaam vir taalpraktisyns in België, wat lede op 'n mark- en behoefteverwante, geïndividualiseerde wyse kan "informeert ... over hoe een prijs kan worden berekend die een dergeljk inkomen waarborg ..." (BKVTF, 2009-2010:33-35), is SAVI in Suid-Afrika nie in 'n posisie om tariewe "aan te beveel", "riglyne te gee" of "vas te stel" nie, omdat die Instituut nie 'n statutêre liggaam is nie, en deur wetgewing verbied word om hierdie funksie te vervul.

Die BKVTF (2009-2010:33-35) laat dit aan die taalpraktisyn oor om individuele vergoedings-tariewe te bereken volgens vasgestelde nasionale inkomstevlakke, in ag genome die heersende ekonomiese marktoestande, handhawing van lewensstandaard, en vergelykende vergoedingskale van persone met gelykwaardige kwalifikasies in ander beroepe. Dit kom neer op professionele verantwoordelikheid en outonomiteit sodat vertalers[62] self bepaal waar hulle hulle in die mark wil posisioneer: "We kunnen 'exclusieve' prijzen stellen, waardoor we mogelijk onze werklast wat beperken, en we kunnen kiezen om goedkoop te zijn en zuiniger te leven of meer uren te werken (BKVTF, 2009-2010:33).

Taalpraktyk is as geheel 'n ongereguleerde veld waar die **gebrek aan toegangsbeheer** beteken dat vergoeding nie gestandaardiseer kan word nie. Die taalpraktyk as beroep in Suid-Afrika (en Vlaandere) funksioneer suiwer op die vryemarkbeginsel, met die gevolg dat die tarief wat gevra word, skerp kan varieer, afhangend van verskeie faktore (Visser, 2010:75). Dit is oënskynlik 'n wêreldwye verskynsel wat bevestig word deur Kelly, Stewart en Ray (2010) na aanleiding van 'n taalpraktyktariefopname in 64 lande wêreldwyd in die periode 2008-2010.

SAVI publiseer gereeld die resultate van tariefopnames wat gedoen word, wat in alle waarskynlikheid nie die heersende posisie in die mark weerspieël nie as gevolg van 'n tendens van swak samewerking en swak response, en wat in elk geval die beroeps-ingesteldheid van taalpraktisyns in die gedrang bring (vergelyk 4.3.2). Met die handjievol resultate word nietemin telkens 'n poging aangewend om die tipe variasie aan te toon wat in die mark plaasvind, maar ook die gemiddelde en mediaantarief wat gevra word, en dit bied 'n

[60] Fédération Internationale des Traducteurs (International Federation of Translators). Section III ECONOMIC AND SOCIAL POSITION OF THE TRANSLATOR. http://www.fit-ift.org/en/charter.php
[61] SATI. Freelance tariffs in South Africa. http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/tariffs_in_sa_Engels.pdf
[62] Die term "vertaler" word vir die doeleindes van hierdie studie in sy breedste konteks gebruik. In die taalpraktyk hou dit verband met "all those who take care of the transmission of a message" (Herbulot, 1997:3). Só 'n definisie sluit alle taalpraktisyns in, soos gedefinieer in Hoofstuk 1.

mate van 'n norm aan vir die tariewe wat gevra word (SATI, 2008; SAVI, 2010a; SAVI, 2010b; Visser, 2010).

Data uit die 2010 SAVI-tariefopname (SAVI, 2010a) is dus nie voldoende om neigings in alle kategorieë in Suid-Afrika te kan identifiseer nie, omdat dit baie moeilik is om geloofwaardige afleidings te maak uit 'n handjievol response (SAVI, 2010b), wat dan in elk geval dui op die beperkte geloofwaardigheid van die opnames.

SAVI se 2008-tariefopname (SATI, 2008) oor die breë spektrum van taalpraktyk kan soos volg opgesom[63] word:

- Die gemiddelde tarief vir vertaling tussen Engels en Afrikaans is R46 per 100 woorde.
- Die gemiddelde tarief vir vertaling in en uit die Ngunitale is R61 per 100 woorde.
- Die gemiddelde tarief vir vertaling in en uit die Wes-Europese tale is R70 per 100 woorde.
- Die gemiddelde tarief vir konsekutiewe tolking (alle tale) is tussen R380 en R480 per uur of R3 000 per dag.
- Die gemiddelde tarief vir simultane tolking (Engels/Afrikaans) is R360 per uur of R2 300 per dag.
- Die gemiddelde tarief vir simultane tolking (Wes-Europese tale) is R590 per uur of R4 300 per dag.
- Die tarief vir teksredaksie is omtrent 50% minder per woord as vir vertaling.
- Die tarief vir beëdigde vertaling is hoër as die vir algemene vertaling. Gespesifiseerde tariewe wissel, maar 'n gemiddeld van 20% tot 30% meer kan verwag word.

SAVI, synde nie 'n statutêre beroepsliggaam nie (vergelyk 4.6), kan slegs riglyne bied aan kliënte wat kan dien as "… a reflection of the price of translation in the marketplace…" (SATI, 2008). Die implikasie is dat dit dan lede vrystaan om in elk geval hulle eie tariewe vas te stel, wat dit onmoontlik maak om enige vergoedingsregulering te bewerkstellig of om ontslae te raak van die beunhaasbrigade – die amateurs en die onbevoegdes – met hulle nie-kompeterende "laagste-bod-tariewe".

'n Kritieke aspek wat Visser (2010:40-41) in haar ondersoek uitwys, is die leemtes in SAVI se 2008/2010-opnamemetode:

- die neiging om vraelyste, ondersoeke en omsetverslae te hersikleer en te hersirkuleer, self al is SAVI 'n betroubare, hoogs aangeskrewe organisasie, veral uit die aard van die nie-akademiese doelwit daarvan wat relevansie in die gedrang bring (vergelyk ook Gouadec, 2007:132);
- die niespesifieke aard van SAVI se instruksies ten opsigte van die betekenis van die konsep "real tariffs" (SATI, 2008), en die gebrek aan riglyne ten opsigte van die berekening van tariewe.

Visser (2010) ondersoek dan die werklike tariewe van respondente wat ook die kognitiewe prosesse in vergoedingvasstelling van taalpraktisyns betrek, wat dan 'n verband trek tussen die werklike taalpraktisyntariewe wat ter sprake is en die denkpatrone daaragter.

[63] Die resultate hou verband met algemene vertaling. Hoe meer gespesialiseerd die opdrag, hoe hoër sal die prys wees. Die prys kan ook aangepas word vir dringende of na-uurse werk.

Visser (2010:82) kom tot die slotsom dat die gemiddelde tarief vir Afrikaans-Engelse vertaalkombinasie in Suid-Afrika 37,6 sent per woord is; 18,26% laer as die SAVI-tariefopname van 46 sent per woord soos aangedui in SAVI se 2008-tariefopname, wat daarop dui dat Suid-Afrikaanse vertalers in hierdie vertaalkombinasie onderbetaal is.

Faktore wat tariewe vir vryskutvertaling in Suid-Afrika beïnvloed, in volgorde van belangrikheid (Visser, 2010:75) is:

- onkunde van verbruikers van taaldienste (kliënte) ten opsigte van die komplekse taak van die vertaler;
- mededinging in die mark in die vorm van lae pryse en onprofessionele praktyke van die "outlaws", (Gouadec, 2007:100; Katan, 2009:188) taalprakykasters of beunhase;
- gebrek aan professionele status;
- hoe voorkoms van Afrikaans-Engels-tweetaligheid in Suid-Afrika;
- mededinging met gegradueerdes in die medisyne, regte en onderwys;
- agentskap- en makelaarskommissie;
- mededinging met ander taalberoepe soos teksredaksie;
- die onsigbaarheid van die vertaler (wat verband hou met die gebrek aan professionele status van die vertaler as taalpraktisyn);
- vertaaltegnologie;
- gebrek aan outeursreg, en
- onvermoë van kliënte om te onderskei tussen goeie en slegte vertalings.

Visser (2010:37) kom nietemin ook tot die slotsom dat die onderbetaling van vertalers 'n wêreldwye verskynsel is, en nie net beperk is tot Suid-Afrika of die Engels-Afrikaans-Engels-taalkombinasies nie. Ten spyte van die toenemende vraag na taaldienste wat die resultaat is van globalisering, bly tariewe laag, en ondergaan in sommige gevalle steeds 'n verlaging as gevolg van die toenemende voorkoms van die gebruik van vertaalgeheues en ander rekenaarprogramme, sowel as toegang tot vertaaldienste via die Internet.

Kelly, Stewart en Ray (2010:7) identifiseer Suid-Afrika, Ierland en Hongarye as lande waar 'n verlaging van tariewe (-2,59%) oor die periode 2008-2010 gerapporteer word.

Common Sense Advisory, Inc (Kelly *et al*., 2010) se tariefopname vir die periode 2008-2010 lewer 1,037 response uit 64 lande wêreldwyd van oor die wye spektrum van die taalindustrie. Vertalers en teksredakteurs verteenwoordig 'n beduidende persentasie van die response (247, dus amper 25%), maar hulle val tog in die lae groepering van die industrie-kompensasieskaal (Kelly *et al*., 2010:6).

Die verskynsel dat daar daagliks wêreldwyd op die Internet – op Translators.com – op vertaaldienste gebie kan word vir die laagste "vertaalbod" op vertaaltake spreek van die aanvaarbaarheid van lae tariewe, die bereidwilligheid om vir lae tariewe te werk, die minagting waarmee kliënte die taalpraktykberoep bejeën word, en reflekteer nie 'n professionele houding wat saam met kennis en vaardighede die wesenlike attribute van professie vorm nie (Jarvis, 1983:79). Enige "taalpraktisyn" kan by Translators.com aansluit[64] en daagliks met die laagste bod 'n transaksie beklink; die self as 't ware "verkoop":

[64] Om bewys van die praktyk te kan lewer, moes die navorser by Translators.com aansluit. Hierdie advertensie 10/10/2011 jobs1@translatorscafe.com



Figuur 4.6: TranslatorsCafé.com

Taalpraktisyns maak hulle – weliswaar om den brode – self skuldig aan en perpetueer die verskynsel van ondergeskikte beroepstatus en skamele verdienste deur lae vergoedingstariewe te aanvaar, en word as 't ware "taalpraktykprostitute"– á la die nalatenskap van die "oudste professie" ter wêreld.

4.3.6.3 Samevatting

Daar bestaan wêreldwyd die behoefte aan professionele vergoeding vir die dienste van taalpraktisyns (EC, 2009c:v). Die vernaamste redes vir die gebrek aan aanvaarbare vergoeding sentreer rondom die gebrekkige of marginale professionele status van die taalpraktisyn, wat verband hou met die onsigbaarheid van vertalers, tolke, teksredakteurs, en ander taalpraktisyns (Venuti, 2008; Visser, 2010), sowel as mededinging uit die geledere van, en onetiese, onprofessionele praktyke van taalpraktykasters, oftewel, die heersende markwanorde (Gouadec, 2007:100; Katan, 2009:188; vergelyk 4.3.2) en markonkunde (Samuelsson-Brown, 2004:34-41).

Die voor die hand liggende oplossing is statusverhoging van die taalpraktisyn: die profiel en beeld van taalpraktisyns moet verbeter word en hulle vergoeding dienooreenkomstig aangepas word (EC, 2009c:v). Dit kan op verskillende maniere gedoen word: 'n groter werkverskaffingsmakelaarsrol uit die samelewing en 'n nasionale aanbevole minimum vryskuttarief (Hewitt, 2009:5); konsolidering van die mark (vergelyk 4.3.2); bewusmaking onder kliënte (Boucau, 2005; vergelyk 4.4.4), en die ontwikkeling van 'n professionele bewussyn onder taalpraktisyns self, 'n verandering in die houding van die taalpraktisyn (vergelyk 4.3.4).

Die feit van die saak is dat daar 'n steeds vinniger groeiende mark vir taaldienste ontstaan wat kompetisie genereer met verreikende implikasies vir die kwaliteit van taaldienste, vergoeding, sowel as op die toekoms van die beroepsomgewing van die taalpraktisyn. Effektiewe markmerkers in die vorm van gestandaardiseerde opleiding (vergelyk 4.7), regulering, sertifisering, akkreditering kan daartoe bydra om hierdie probleem hok te slaan (Chan, 2005; EC, 2009c:79; vergelyk ook 4.3.2 en 4.3.3).

Taalpraktyk word (veral in die postmoderne samelewing) gesien as 'n kommoditeit (EC, 2009c:79) en die toenemende vraag na taaldienste in 'n ongekonsolideerde mark met hewige kompetisie kan daartoe lei dat prys noodgedwonge voorkeur neem bo kwaliteit. Indien dit wel die geval is, kan die swak kwaliteit van dienste 'n ernstige bedreiging inhou vir die profiel van die taalpraktisyn en moet die kwessie van vergoeding as 'n saak van dringendheid deur middel van die een of ander vorm van regulering aangepak word (EC, 2009c:79) om dié tendens hok te slaan. Al die faktore wat Visser (2010) identifiseer as struikelblokke tot professionele vergoeding vir vertalers in Suid-Afrika, kan waarskynlik in 'n mindere of meerde mate hokgeslaan word deur die **regulering** van die taalpraktyk as geheel, nie net in Suid-Afrika of Vlaandere nie, maar wêreldwyd.

Professionele taalpraktisyns moet as 'n kritieke massa hulle man kan staan teen die neiging van toenemende nieprofessionele mededinging in 'n groeiende mark na multitalige dienste (EC, 2009c:79). Die vernaamste wyse waarop dit gedoen kan word, met praktykgerigte

opleiding as voorvereiste, is kwaliteitdiens en betrokkenheid in taalpraktykaangeleenthede wat spreek van 'n professionele bewussyn (vergelyk 4.3.4).

4.3.7 Sosio-ekonomiese klimaat: gevolgtrekking

Die sosio-ekonomiese klimaat waarin die taalpraktisyn sy beroep beoefen, bied enersyds geleenthede vir professionalisering van die beroep, maar andersyds kom die beroep te staan teen eietydse ontwikkelende tendense wat nie noodwendig na wense interpreteer word nie. Vooroordele uit beroeps- en samelewingsgeledere, en die sogenaamde euwel van alle kwaad, materiële welvaart wat gekoppel word aan beroepsvergoeding, beïnvloed ook die manifestering van attribute. Die attribute wat gekoppel word aan die sosio-ekonomiese gegewe manifesteer soos volg:

- in die konsep van markwanorde: regulering, outonomiteit en markmonopolie;
- markwanorde as veranderende beroepsomgewing: regulering, outonomiteit, markmonopolie, voortgesette opleiding, sigbaarheid, wat in der waarheid die taalpraktykberoep tot voordeel strek;
- ten opsigte van 'n gebrekkige professionele ideologie onder taalpraktisyns: beroepsoutonomie, die altruïstiese beroepsideaal, met as in die oog lopende rede 'n **onbetrokke, apatiese houding van taalpraktisyns teen die professionele ideaal;**
- met betrekking tot die wanopvattings uit, en weerstand teen die professies uit die samelewing: outonomiteit, markmonopolie, vergoeding, sigbaarheid, met as redes vir die struikelblok 'n beskerming van die professionele standaard, en
- 'n gebrek aan aanvaarbare professionele vergoeding: monopolie, outonomie, met as redes 'n gebrek aan toelatingsvereistes, verpligte sertifisering en registrasie by 'n verteenwoordigende professionele beroepsliggaam.

Die sleutel tot 'n oplossing sou wees om die heersende negatiewe persepsie van markwanorde te sien as 'n veranderende beroepswêreld met legio geleenthede om gepaardgaande veranderende behoeftes – veral multitalige behoeftes – deur middel van taalpraktyk en gepaardgaande dienste te bevorder. Die multitalige konteks leen hom uitstekend tot 'n suksesvolle professionele projek indien 'n kritieke massa taalpraktisyns beroepsprofessionalisering 'n prioriteit maak en verantwoordelikheid aanvaar vir hulle eie beroepsopheffing.

Een van die grootste struikelblokke in die professionaliseringsproses van die taalpraktisyn is die **gebrekkige professionele ideologie** onder taalpraktisyns: die onbetrokke, apatiese houding van taalpraktisyns teenoor die professionele ideaal. Voordat taalpraktisyns nie hierdie houding verander nie, gaan die taalpraktyk nie as professie (die) hond haaraf maak nie, tandeloos al dan nie (vergelyk ook die bespreking in 4.6.4.2 en 4.5.4.6).

Die verloop van die professionele projek van die taalpraktyk en die uiteindelik status van die taalpraktyk as professies in die sosiokulturele en sosioprofessionele opset is tot 'n groot mate afhanklik van die persepsie van waarde van die taalpraktyk en die sigbaarheid van die taalpraktisyn in die sosioprofessionele opset. 'n Positiewe vergestalting van die waardeoordeel van die taalpraktyk behoort sy professionele projek stukrag te gee om ook op eie meriete sy loop te kan neem.

Dit strek tot voordeel van die taalpraktisyn sowel as die taalpraktykberoep indien tersaaklike hulpbronne tot beskikking ten volle benut word: beroepsgerigte opleiding, beroepsgerigte voortgesette opleiding, kennis, vaardighede, professionele houding, die beroepsliggaam, etiese beroepsbeginsels en tegnologie. Vergoeding in die vryemarkopset kan bestuur word deur die beroep se toelatingsvereistes te beheer, wat weer 'n impak het op die geloofwaardigheid van die praktisyn, etiese beroepspraktyke en die kwaliteit van diens. Die professionele beroepsliggaam het 'n deurslaggewende rol te speel in al hierdie fasette van professionalisering.

Wat betref wanopvattings uit, en weerstand teen die professies uit die samelewing – kenmerkend van die professionele verskynsel deur die eeue – is die kern van die protes geleë in die inherente aard van professie om eie behoud te verseker en standaarde te behou, en kwaliteit van diens te verseker.

Professionele vergoeding is 'n funksie van professionele diens. Mededingende vergoeding kan bepaal en gehandhaaf word deur tariewe te hef ooreenkomstig die kwantiteit, aard, tydsaspekte en moeilikheidsgraad van die diens, wat kwaliteitdiens en professionaliteit begunstig, maar ook die kliënt beskerm.

4.4 Persepsie van waarde

4.4.1 Inleiding

Die persepsie van die waarde van die taalpraktyk in die samelewing is die prerogatief van die kliënte as een van die agente in die professionele projek van taalpraktisyns. Taalpraktisyns, soos ander professionele persone, maak staat op die ondersteuning van kliënte, nie net vir praktyksukses nie, maar ook vir 'n suksesvolle professionele projek.

Die attribuut van 'n **gestandaardiseerde teoretiese korpus van kennis as basis vir gestandaardiseerde opleiding**, soos dit in die akademiese konteks ter sprake sal kom, word algemeen beskou as een van die ononderhandelbare attribute vir professionele erkenning van die taalpraktyk**.**

'n Gestandaardiseerde en gespesialiseerde wetenskaplik-teoretiese onderbou impliseer gespesialiseerde, gestandaardiseerde beroepsgerigte kennis – die "body of knowledge" – wat spruit uit gestandaardiseerde tersiêre opleiding, met inagneming van eiesoortige kulturele behoeftes (Pym, 2009), sowel as herkenbare, algemeen aanvaarde, en beskermde beroeps- en praktykverwante terminologie soos beroepstitels en beroepsbenamings (Gouadec, 2007:246-252; Tseng, 1992:66). Die wetenskaplik-teoretiese veld- (dissipline-) verwante kennis waarop gestandaardiseerde opleiding gegrond behoort te wees (vergelyk die bespreking in 4.7), is een van die ononderhandelbare attribute van "professie" (vergelyk die bespreking in 2.8).

Die onvermydelike – per definisie – **multifasettige aard** van die taalpraktyk en -dienste binne 'n **multidissiplinêre veld**, die gebrek aan gepaardgaande beroepsteoretiese en terminologiese kennisonderbou, en die rol wat kliënte in hierdie komplekse gegewe speel op

die professionaliseringproses en -strategie van taalpraktisyns, kan as struikelblokke die persepsie van die waarde beïnvloed wat taalpraktisyns oor hulleself en hulle onderskeie beroepe koester.

Ter sprake is die verskillende subdissiplines wat manifesteer as steeds ontwikkelende, unieke, maar linguisties verwante taalberoepe binne die veranderende beroepsomgewings in die eietydse samelewing.

4.4.2 Taalpraktyk: multidissiplinêr en multifasettig

Taalpraktyk verwys vir die doeleindes van hierdie studie na die proses van mediëring in die mate waarin die taalpraktisyn 'n bemiddelingsrol te speel het in verskeie kommunikasie-prosesse tussen verskillende tale en kodes soos dit in hierdie studie gedefinieer is. Die taalpraktisyn is die professionele (intertalige) bemiddelaar in enige proses waar intertalige kommunikasie ter sprake kom (vergelyk Beukes, 2006b; Delisle, *et al*., 1999; Hatim & Mason, 1990:236; Pym, 2002a:1 en verder) en bied as linguistiese tussenganger die betekenisgewende rol aan hierdie proses.

Taalpraktyk word toenemend 'n sambreelterm vir tradisionele taal- en teksverwante beroepsvelde soos byvoorbeeld vertaling, tolking, teksredaksie en proeflees; en eietydse taalpraktyk- en beroepsverwikkelinge soos lokalisering, tekskritiek, tegnologieverwante terminologie-ontwikkeling, oudiovisuele vertaling soos onderbetiteling, oorklanking, en oudiobeskrywing soos dit in die konteks van hierdie studie afgebaken is. Steeds nuut ontwikkelende tegnies-linguisties verwante velde soos outomatiese spraakherkenning (Juang & Rabiner, 2004), multitalige mediasiestelsels (Heinecke & Toumani, 2003; Sicilia & Lytras, 2009) en taalherstel ("language revitilization") (Eisenlohr, 2004) in die hedendaagse, geglobaliseerde sosiale, beroeps- en markopset met sy sosiotegno-linguistiesverwante behoeftes word ook toenemend deel van die beroepsomgewing van die taalpraktisyn.

Die inherente multidissiplinêre en multifasettige linguistiese aard van die taalpraktyk as lewensnoodsaaklike bemiddelingsproses maak daarvan 'n komplekse professionele projek binne die huidige multitalige sosioprofessionele beroepsopset. Hierdie verwikkeling kan enersyds beredder word indien beroepsprofessionele veelsydigheid as 'n kenmerkende bate in plaas van 'n nadeel beskou word, besonderlik in 'n geglobaliseerde beroepswêreld waar wêreldwye kommunikasie en samewerking sonder grense legio werksmoontlikhede vir die taalpraktisyn skep. Andersyds, hoewel daar dan noodwendig grade van sentraliteit in die verskillende vertakkinge van die taalpraktykveld bestaan (vergelyk byvoorbeeld die bespreking in 4.4.2 en 4.5.2.2), is konsensus altyd te vinde in die mediëringsfunksie as die grootste gemene deler in, én van, taalpraktykaktiwiteite.

Dit is tog noodsaaklik dat die beroepsattribuut van 'n gestandaardiseerde terminologiese en teoretiese onderbou vir die verskillende taalberoepe in hierdie beredderingsproses verdis-konteer moet word.

4.4.2.1 Beroepsprofessionele veelsydigheid

Beroepsprofessionele veelsydigheid eerder as beroepspesialisering word in die literatuur van die professies as een van die eienskappe van professie uitgesonder binne die attribuut van gestandaardiseerde teoretiese onderbou (Cogan, 1953:49; Goode, 1960a:902; Burrage *et al*., 1990:205; vergelyk Hoofstuk 2).

Die beroepsveelsydigheid van taalpraktisyns word enersyds weerspieël in die verskynsel dat daar toenemend van taalpraktisyns verwag word om funksies te vervul in 'n verskeidenheid werksituasies waar oorvleuelende take in komplekse en professionele multitalige behoeftes en dienste meestal ter sprake kom. Andersyds, en noodwendig as gevolg van veranderende, postmoderne beroepsomgewings (vergelyk byvoorbeeld Friedman, 2007; Knoke, 2001), en gepaardgaande behoeftes in komplekse multitalige samelewings, ontpop "nuwe taalberoepe" daagliks, wat nuwe beroepsmoontlikhede skep wat weer nuwe teoretiesgestandaardiseerde kennisdata en gespesialiseerde opleiding verg. Professionele mediëringprosesse in die taaldiensmark manifesteer dan as multifasettige en veelvuldige linguistiese dienste (Carsten, 2008; Gouadec, 2004; Pym, 2002a, b) as 'n funksie van multitalige sosiale kontekste en veranderende beroepsomgewings. Hier onder word enkele taalberoepe in die multidissiplinêre veld van die taalpraktyk kortliks beskryf as voorbeelde van die waarde daarvan as "professie" in 'n tegnologies gebaseerde veranderende sosiokulturele samelewing.

Oudiobeskrywing – die transformasie van beeldmateriaal na ouditiewe teks – is wêreldwyd 'n relatief nuwe taalberoep. Toegang tot oudiomateriaal en -dienste behoort so toeganklik te wees soos enige ander taaldienste, veral in die konteks van grondwetlike regte. Sommige lande doen reeds geruime tyd oudiobeskrywing vir gesiggestremde gemeenskappe, maar lande soos België (Vlaandere) is beginners (Orero, 2007:111), terwyl die beroep in Suid-Afrika nog grootliks onbekend is, opleiding nie voorkeur geniet by opleidingsinstansies nie, dienste nie 'n realiteit is nie, en produkte nie geredelik beskikbaar is nie.[65]

In die breër beroepswêreld is daar reeds 'n groot tekort aan professionele praktisyns wat die diens kan lewer (Van der Heijden, 2007:7) juis uit die gespesialiseerde, maar multifasettige aard van die beroep. Die oudiobeskrywer is tegelyk vertaler, kopieskrywer, teksredakteur, beeld- en klanktegnikus wat 'n breë kulturele agtergrond en gespesialiseerde kennis van 'n verskeidenheid visuele tekste vereis, sowel as fyn waarnemingsvermoëns en taalbeheersingsvaardighede om die subtiele nuanses van die visuele aspekte van en in beeldmateriaal te beskryf vir gesiggestremde minderheidsgroepe in die samelewing (NWU VTC, 2009).

Onderskrifproduksie – die tekstuele weergawe van dialoog in films en televisieprogramme vir 'n gehoor wat horende, hardhorende en d/Dowe[66] kykers insluit – is 'n taalpraktykhandeling wat kulturele en linguistiese grense oorbrug deur soveel as moontlik inligting van die oorspronklike teks met die teikengehoor te deel (Díaz Cintas & Remael, 2007). Alhoewel die beroep tans 'n gevestigde oudiovisuele vertaalsubdissipline is (Neves, 2008:128), is dit

[65] http://wiki.lib.sun.ac.za/index.php/Audio_Description

[66] Die term "d/Dowes" word gebruik om te onderskei tussen twee duidelik onderskeibare groepe: **dowe** individue wat wat hulle skaar by die horende sosiale meerderheid en hulle met die gesproke taal as hulle moedertaal vereenselwig; en **Dowe** individue, 'n sosiale en linguistiese minderheid wat gebaretaal as hulle eerste taal gebruik en die nasionale taal/tale as 'n tweede taal lees (Neves, 2008:129, 143).

opvallend dat die verskillende rolspelers – die kyker/kliënt/gehoor, die verskaffers (vervaardigers, regisseurs, uitsaaiers en taalpraktisyns), die politieke en sosiale magte (wetgewers, die Dowe organisasies en ander drukgroepe) en die navorsers en akademici – almal verskillende en konflikterende sienings omtrent die subdissipline het (Neves, 2008:128), wat die professionaliseringsproses van die beroep beïnvloed. Ter sprake is 'n ongestandaardiseerde terminologiese en teoretiese onderbou en 'n wydverspreide wanopvatting van "anybody who knows the language can do it" (Neves, 2008:135).

Teoretiese en praktiese geskilpunte (Neves, 2008:129-139) wentel om 'n "meestal steriele en waardelose" debat (Neves, 2008:130) – soos die tendens in alle sake professioneel maar blyk te wees – ten opsigte van:

- die afbakening van die teikengehoor en die konteks ter sprake;
- die niekohesiewe aard van die teikengehoor;
- die linguistiese profiel, leesvaardighede en hoorvermoëns van die teikengehoor;
- terminologiese omskrywing van die proses en uitkoms voor hande – "captioning" of "captions", "subtitling" of "subtitles";
- die toeganklikheid van die dienste;
- die relevansie, oorsprong, aanvaarbaarheid van standaardisering en normering van die teoretiese onderbou van die subdissipline as "beste praktyke;
- ongestandaardiseerde opleiding;
- die mate van adaptering en teksredigering in die teks;
- die weerstand vanuit die geledere van gebaretaaltolke, en
- die invloed van interaktiewe digitale media, die konvergensie van en veranderende media- en rekenaartegnologie.

Die kern van die saak is dat hierdie taalberoep, soos al die ander, die nodige wetenskaplike ondersoek en respek behoort te kry wat dit verdien: dit verdien om bestudeer te word, om onderrig te word, in ag genome al die rolspelers betrokke in die veld (Neves, 2008).

Navorsing in taal en kulturele mediëring – **gemeenskapstolking** – is 'n betreklik jong ondersoekveld wat eers in 'n multikulturele samelewing met die toenemende voorkoms van vlugtelinge, asielsoekers, haweloses, immigrante en benadeelde minderhede wêreldwyd tot sy reg kom (Krumm, 1991). Gemeenskapstolke word as mediators gebruik in gemeenskaps-organisasies en -aktiwiteite soos opleidingsinstansies, hospitale en klinieke, verkiesings, wetstoepassings, emansipasie-inisiatiewe, projekte wat vir die algemene gemeenskap van belang is en maatskaplike welsynsdienste (Krumm, 1991; Wouters, 1999: 131-132).

Gemeenskapstolke speel progressief 'n onontbeerlike rol as brugbouers wat op alle vlakke van die multitalige, multikulturele samelewing gespesialiseerde professionele dienste lewer om die taalkloof tussen mense te oorbrug deur kommunikasiemediëring. As interkulturele mediators het hierdie taalpraktisyns 'n unieke rol te speel in hedendaagse toenemend gediversifiseerde etniese minderheidsgemeenskappe (Mikkelson, 1996, 1999; Roberts, 1994:127-138).

Verwarring en wanbegrip vir die rol en taak van die gemeenskapstolk is nie ongehoord nie (Diakonie Wuppertal, 2008:5[67]): "Not only are the terms used inconsistently in the various European countries and sometimes even within the countries, but the related understanding and functions range from mere interpreting to cultural mediation or counseling in the health care, social welfare or educational sector." Die implikasie is dat hierdie beroepsektor ongereguleerd is en dat 'n gestandaardiseerde teoretiese korpus van kennis as basis vir gestandaardiseerde opleiding nog tekortskiet.

Vanuit 'n sosioprofessionele perspektief is die verskillende verwarrende beroepstitels sowel as die taakomskrywing tekenend van die ongereguleerde aard van hierdie bedryf: gemeenskapstolke is skakeltolke ("liaison interpreters"), dialoogtolke ("dialogue interpreters"), openbare dienstolke ("public service interpreters"), driehoekstolke ("triangle interpreters"), persoonlike of privaat tolke ("face-to-face interpreters"), en bidireksionele of bilaterale tolke ("bidirectional" of "bilateral interpreters").[68]

Die wêreldwye belangstelling in gemeenskapstolking gaan gepaard met die proliferasie van definisies, konsepte en taakomskrywings wat betrekking het op die beroep (Diakonie Wuppertal, 2008:5). Die Engelse terme "community interpreting", "public service interpreting" or "liaison interpreting", het verskillende toewysings in byvoorbeeld Duits binne die verskillende Duitssprekende lande. In Duitsland word verwys na "language and cultural mediation" of "language and integration mediation", in Oostenryk na "community interpreting" en in Switserland "intercultural translation". In België (Vlaandere), soos in Suid-Afrika, is die term "gemeenskapstolke" of "skakeltolke".

In hulle ondersoek kom Diakonie Wuppertal (2008:60) tot die gevolgtrekking dat die verpligtinge, take, opleiding en werksareas in die professionele veld van gemeenskaps-tolking nie fundamenteel van mekaar verskil in die verskillende Europese lande nie. Daar is egter beduidende verskille in die professionaliseringsprosesse en ontwikkeling van die beroep in België, Switserland, Spanje, Italië en Duitsland. Dit is te wyte aan verskillende sosio-ekonomiese toestande, maar ook te danke aan suksesvolle nasionale netwerking. Dit spreek dus vanself dat interaksie en samewerking op internasionale en Europese vlak van deurslaggewende belang word vir gemeenskapstolke binne die professionele projek van die taalpraktyk met die doel om 'n teoretiese kennisbasis vir gestandaardiseerde opleiding en beroepsprofiel te vestig. Die kwaliteit van die diens wat gelewer word, is immers die deurslaggewende faktor in die verbetering van die lewenskwaliteit van etniese minderheids-groepe in die gemeenskap.

Teksredakteurs voeg tradisioneel waarde toe tot die skepping van die geskrewe artefak (Berner, 1982:42-61; Kotze, 1997; Law, 2010; O'Connor, 1986:2-5). In **teksredaksie** word take in 'n verskeidenheid kontekste gedoen. Die rol en taak van akademiese en ander redakteurs in die uitgewersbedryf verskil van dié van verslaggewers, subredakteurs, koerant- en tydskrifredakteurs, verslaggewers, kopieskrywers en/of proeflesers in die

[67]Hierdie studie is gedoen binne die raamwerk van die transnasionale samewerking van die TransKom Development Partnership, wat deel uitmaak van die AIM transnasionale vennootskap van die EQUAL European Community-inisiatief. In die SpraKuM-projek, uitgevoer deur die Diakonie Wuppertal, word vlugtelinge en asielsoekers opgelei as talige en kulturele mediators vir die werksektor. SpraKuM is voorts betrokke in die vestiging van 'n werksbeskrywing vir "taal- en integreringsmediators vir immigrante" in Duitsland. Die bevinding van die studie is primer gerig op die erkenning van die proses in Duitsland. Die studie is te vinde op www.equal-tca-aim.com

[68] Interpreting for the Community: what is community interpreting?http://lrc.wfu.edu/community_interpreting/pages/community-interpreting-cont.htm

verskillende prosesse van publikasie (Kotze, 1997; Law, 2010), wat tot gevolg het dat dit nie altyd duidelik is wat 'n redakteur doen nie. Vandaar die benaming "teksredaksie" en "teksredakteur", soos dit in hierdie studie ter sprake kom, wat die uitgebreide aard van teksgebaseerde take ondervang (vergelyk ook Carstens & Van de Poel, 2010).

Vertaling is nie net meer 'n enkelvoudige linguistiese produk nie. Dit betrek **lokaliseerders, terminoloë, teksredakteurs, proeflesers** en vele ander in 'n komplekse taalpraktykprojek waar veelvuldige linguistiese rolspelers as taalpraktisyns oor die hele spektrum van die taalpraktyk betrek word om die sukses van die uiteindelike produk te waarborg (Carsten, 2008; vergelyk ook 4.4.2):

> ... in jobs classed as 'translation projects' where linguists are expected to fulfil such functions as project managers, terminologists, translators, localisers, revisers, editors and publishers. The interpreting services of international organisations talk ... about remote and 'chat room' interpreting, where interpreters reproduce a verbal exchange on a computer screen. And if subtitling used to be exclusively the job of the translator with knowledge of specialised software, nowadays subtitling agencies are keen to recruit simultaneous interpreters.

Lokalisering is 'n multidissiplinêre, multitalige proses in 'n ewe multidissiplinêre veld waarin digitale inhoude aangepas word vir bepaalde kulture, lokaliteite en linguistiese omgewings. Dit behels die aanpassing van produkte, dienste, en gepaardgaande dokumentasie sodat dit verstaanbaar, aanvaarbaar en funksioneel is in doellokaliteite. Inhoud word verstaanbaar gemaak deur akkurate vertaling, aanvaarbaar gemaak deur inagneming van die kulturele verskille, en funksioneel gemaak deur middel van postvertaling, teksredaksie en proeflees (Pym, 2004; Ryan *et al*., 2009:15).

Baie taalpraktisyns is dan ook multitalig, multivaardig, multigekwalifiseer (Gouadec, 2007) en in verskeie kategorieë geakkrediteer of ingeskryf by beroepsliggame, soos blyk uit SAVI en BKVTF se ledelyste (Boers, 2010; BKVTF, 2009-10:12); kortom, taalpraktisyns is veelsydige beroepspraktisyns.

Die nadeel van die multidissiplinêre en multifasettige aard van die taalpraktyk is dat die diversiteit van taalberoepdienste binne 'n gegewe sosioprofessionele opset (Carsten, 2008; Gouadec, 2007; Pym, 2002a, b) enersyds lei tot terreinafbakening en noodwendige beskerming van bestaande groeperinge (soos byvoorbeeld vertaling en tolking; teksredaksie en proeflees; vertaling en lokalisering) binne die taalberoepe as geheel en binne 'n taalberoep as sodanig. Andersyds skep dit oorvleueling en vae verantwoordelikheids- en werkgrense wat die uitvoering van take kan kompliseer en konflik tussen praktisyns skep, veral, byvoorbeeld, in die wisselwerking tussen vertaling, lokalisering, teksredaksie, spookskrywing, en proeflees. Hierdie probleem kan gedeeltelik oorkom word as die taalpraktyk as 'n homogene taalprofessie – in die ware sin van die woord – in die samelewing gevestig kan word. Vandaar die professionele projek van die taalpraktyk soos dit in hierdie studie te berde gebring word.

4.4.2.2 Die professionele projek

In ’n poging om die ongestandaardiseerde en verwarrende taalpraktyksituasie te beredder, en met ondersteuning van akademici wêreldwyd, word verskeie onafhanklike professionele projekte vir die verskillende taalberoepe die afgelope aantal jare van stapel gestuur (vergelyk onder andere Bolster, 2005; Combrink & Verhoef, 2002; Fenton, 1993; Gouadec, 2007; Herbulot, 1997; Law, 2010; Law & Kruger, 2008; Mackenzie, 2004; Mikkelson, 1996; Mikkelson, 1999; Pollitt, 1997; Roberts, 2002; Tseng, 1992; Valero-Garcés & Taibi, 2004).

Die vraag is of hierdie akademiese inisiatiewe enige impak op die professionele projek van die taalpraktyk gemaak het? Taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere, maar ook wêreldwyd, is steeds ’n grootliks ongereguleerde stel beroepe met min sigbaarheid en erkenning binne en buite die akademiese opset, waarskynlik omdat die professionele inisiatiewe ongekoördineerd plaasvind binne die heersende niegestandaardiseerde akademiese opset.

Hierdie verwarrende stand van sake kan die indruk skep van fragmentering binne die taalberoepe, wat gepaard gaan met markwanorde (vergelyk die bespreking in 4.3.2), wat weer belemmerend inwerk op die oogmerk van die ideaal van ’n homogene taalpraktykprofessie met gemeenskaplike belange tot voordeel van die samelewing waarin die taaldienste gelewer word. Dié multidimensionele aard van die taalpraktyk het verreikende gevolge ten opsigte van die professionaliseringsproses en bring die professionele attribute van opleiding, kennis en vaardighede in die gedrang (Law & Kruger, 2008:481). Die taalpraktykmodel wat in Figuur 4.11 ontwikkel is, bied die raamwerk waarteen die ideaal van ’n homogene taalpraktykprofessie sy loop kan kry.

Dit maak daarom sin om die verskillende beroepe wat met taal en teks te doen het, onderling met mekaar in verband te bring as “taalpraktyk”. Sodoende kan die werksaamhede van die onderskeie taaldienste beter afgebaken en onderskei word, moontlike konflikterende werksaamhede uit die weg geruim word, wat die weg kan baan vir uiteindelike standaardiseerding van die werksaamhede van die onderskeie taalberoepe.

4.4.2.3 Samevatting

Professionele taalpraktyk in ’n multitalige geglobaliseerde taalmark manifesteer in ’n veranderende beroepsomgewing in multifasettige aktiwiteite (Carsten, 2008; Gouadec, 2007; Pym, 2002a, b). Dit manifesteer ook in ’n verskeidenheid oorvleuelende take wat moontlik aanleiding kan gee tot onderlinge konflik, onsekerheid en apatie onder taalpraktisyns sowel as die breë publiek wat professionalisering van die beroepe kan bemoeilik.

Soos hierbo aangetoon, kan die **multifasettige**, en oënskynlik **gefragmenteerde aard** van die taalpraktyk dan wel oënskynlik as **interne struikelblok** een van die kompliserende faktore wees in die professionaliseringstrewe van die taalpraktisyn.

Maar: Fragmentering en die verrigting van verskeie take binne ’n beroep is deel van die postmoderne geglobaliseerde wêreld; die multifasettige aard van enige beroep is dus ’n kenmerkende eietydse verskynsel. Die gefragmenteerde aard van die taalpraktyk hoef dus

nie noodwendig 'n professionele struikelblok te wees nie, maar kan dien om die gespesialiseerde aard van die onderskeie taalberoepe te bevorder, mits die teoretiese en terminologiese onderbou kan voldoen aan ('n mate van) standaardisering.

Indien aanvaar word dat beroepsprofessionele veelsydigheid eerder as beroepspesialisering tot die voordeel van die taalpraktisyn in die eietydse multitalige sosioprofessionele opset dien, word die multifasettige aard van die taalpraktyk 'n katalis en nie 'n struikelblok in die professionaliseringsproses van die taalpraktisyn nie.

'n Vergelyk ten opsigte van die multifasettige aard van die taalpraktyk en die werksaamhede van die taalpraktisyn as gewaande struikelblok in die professionaliseringsproses is boonop geleë in:

- die definisie van die taalpraktyk as die proses van mediëring,
- die mate waartoe tersaaklik-gekwalifiseerde en ervare individue 'n bemiddelingsrol te speel het in die diverse kommunikasieprosesse tussen 'n uiteenlopende stel tale en kodes, en
- die taalpraktisyn as die tersaaklik gekwalifiseerde en ervare bemiddelaar in enige proses waar interlinguistiese kommunikasie ter sprake kom.

Die ongevestigde, ongestandaardiseerde aard van die terminologiese en teoretiese onderbou, die "body of knowledge" van die taalpraktyk in die meeste subdissiplines van die veld, plaas 'n veel groter vraagteken agter die professionaliseringsideaal. Die implikasie is dat opleiding in Suid-Afrika en Vlaandere op 'n ad hoc-basis geskied (vergelyk 4.7), wat weer beteken dat die moontlikheid bestaan dat taalpraktisyns met verskillende kwalifikasies en vaardighede die beroepsmark betree, wat noodwendig die kwaliteit van dienste sal beïnvloed en bydra tot die onstabiele marksituasie. Die ongereguleerde toegang tot die bedryf vererger die situasie verder. Hierdie stand van sake plaas die vooruitsigte op professionalisering van die taalpraktyk in die nabye toekoms op wankelrige voet, soos dit in die volgende onderafdeling ter sprake kom.

Die tweede aspek wat die persepsie van waarde van die taalpraktisyn beïnvloed, is beroepsverwante teoretiese en terminologiese onderbou, 'n faset van die attribuut van gestandaardiseerde kennis en vaardighede wat aan enige beroepspraktykaktiwiteit en beroepspraktisyn in die sosioprofessionele opset geloofwaardigheid verleen.

4.4.3 'n Niegestandaardiseerde teoretiese en terminologiese onderbou

Die tradisionele professionele beginsel (professionele standaarde) betrek verskillende dimensies wat die professionaliseringsproses van taalpraktisyn bevoordeel (Séguinot, 2008:3), onder andere gestandaardiseerde, gespesialiseerde, en gerigte opleiding (vergelyk 4.7), 'n gevestigde beroepsliggaam, regulering ten opsigte van akkrediteringstelsels en etiese kodes (vergelyk 4.6), en gewettigde erkenning vir toepaslik gekwalifiseerde taalpraktisyns soos dit in die loop van hierdie studie onder die soeklig geplaas word.

Attribuuttersaaklike aspekte van professie wat in beroepsverwante waardepersepsies ter sprake kom, is duidelikheid ten opsigte van die onderskeie **beroepbenamings en**

beroepstitels, maar ook die beroepsbenaming en -titel vir die taalpraktyk as **homogene** beroep, spesifiek in die konteks van 'n **gestandaardiseerde terminologiese onderbou** binne 'n teoretiese kennisbasies van gestandaardiseerde opleiding (soos reeds bespreek in 4.3.2). Die grootste struikelblok in hierdie verband is die interdissiplinêre en multifasettige aard van die taalpraktyk (soos dit in die vorige afdeling ter sprake gekom het) wat onduidelikheid ten opsigte van 'n professionele titel, 'n beroepsnaam sowel as die parameters van die taalberoepe kompliseer.

Die postmoderne rekenaar- en inligtingstegnologiedimensie wat roetinering bevorder, het oënskynlik "deskilling" tot gevolg, maar kan andersyds bemiddelend inwerk op die werksaamhede en beroepsomgewing van die hedendaagse taalpraktisyn.

4.4.3.1 Standaardisering, spesialisering, tegnologie, en professionalisering

In die konteks van die attribute van professie moet onderskei word tussen **gestandaardiseerde** opleiding, vakkennis en vaardighede, en **gespesialiseerde, beroepsgerigte** opleiding, vakkennis en vaardighede, wat noodgedwonge manifesteer as 'n konflik in die praktyke van professie. Opleiding en kennis kan gestandaardiseerd wees, maar nie noodwendig gespesialiseerd of beroepsgerig nie. Beide hierdie fasette van die attribuut van kennis en opleiding is noodsaaklik, maar gespesialiseerde en beroepsgerigte inhoude is die meer gesogte faset. Om 'n saak te kan uitmaak dat daar gespesialiseerdheid in die uitvoering van take aanwesig is, verleen geloofwaardigheid aan 'n aspirerende professie se aanspraak op beroepsopheffing, wat dit in 'n baie sterker posisie plaas.

Die verskil is pertinent sigbaar in die beroep van die motorwerktuigkundige, waar die hele kennisbasis sowel as die praktykprosesse ten volle gestandaardiseer is, met onderdeelkodes, reeksnommers en SABS- en ISO-prosesse in motorvervaardiging, maar nie besonder gespesialiseerd nie. Motorwerktuigkundiges het bes moontlik 'n moeiliker professionaliseringstaak as taalpraktisyns, sou hulle hulle in so 'n proses begewe (of moontlik sou professionele erkenning nie een van hulle grootste aspirasies wees nie).

ISO, die International Organisation for Standardisation, definieer 'n standaard – "standaardisering" en "gestandaardiseerde" – as formele dokumentasie "... established by consensus and approved by a recognized body, that provides, for common and repeated use, rules, guidelines or characteristics for activities or their results, aimed at the achievement of the optimum degree of order in a given context" (ISO/IEC, 2004:8; definition 3.2). Standaarde moet gebaseer wees op die gekonsolideerde resultate van wetenskap, tegnologie, kennisverwerwing en -oordrag, en tot optimale voordeel van die gemeenskap aangewend word.

Daar word algemeen aanvaar dat gespesialiseerde wetenskaplik-teoretiese kennis die outomatisering en roetinering – wat van die beroepspraktisyn 'n outomaton sou maak – "deskilling" [69] en deprofessionalisering in professionele praktyke voorkom (Freidson, 1986:111; Kendall, 2002:395). Meer pertinent beskerm gespesialiseerde opleiding en beroepspraktykkennis die relatiewe ontoeganklikheid van beroepsverwante deskundigheid

[69] Die afbreek van take in kleiner eenhede wat elkeen afsonderlik aangepak word, wat lae vlakke van vaardigheid verg virbeperkte take. Dit word in verband gebring met die monteerbane, gestandaardiseerde produksietegnieke, en outomatisering.

(Larson, 1977:32). Elliott (1972:96) beskryf professionele – gespesialiseerde kennis en die gepaardgaande vaardighede – as “broad, theoretical knowledge used in **non-routine situations** to reach unprogrammed decisions ...” afgestuur op die behoeftes van die kliënt.

’n Gestandaardiseerde terminologiese databasis binne ’n wetenskaplik-teoretiese korpus van kennis – ’n “systematic body of knowledge” – en ’n ooreenstemmende gestandaardiseerde opleidingsproses is ’n noodsaaklike **attribuut tot die professionalisering van ’n beroep** (Aguirre, 1991:4; Tseng, 1992:65; Winter, 1983:35; vergelyk ook 4.4.3) wat standaarde van beroepspraktyke in die onderskeie taalberoepe op vaster grondslag sal plaas.

Gestandaardiseerde vakkennis bied ’n basis waarop gespesialiseerde taalpraktyk-opleidingsprogramme gegrond behoort te wees om goeie taalpraktyk- en algemene vaardighede te verseker, en om professioneel en beroepsgeoriënteerd toegerus te word om gespesialiseerde taaldienste in ’n multikulturele konteks te lewer (Maia, 2002), sowel as om krities te besin oor taalpraktyke en die besluitnemingsprosesse wat daarmee gepaard gaan (Aguirre, 1991; H. Kruger, 2007:1).

Hierdie tradisionele professionele beginsel – gespesialiseerde (beroepsgerigte) opleiding, kennis en vaardighede – voeg ’n waarde toe tot professie wat nie geoutomatiseer kan word nie, sodat praktyke soos rekenaarvertaling en elektroniese spelkontroles, wat die taak van vertalers en proeflesers vergemaklik, maar nie besondere akademiese en konvensioneel-professionele vaardighede verg nie, op eie meriete in die konteks van veranderende beroepsomgewings beoordeel moet word. Dit behoort nie ’n vraagteken te plaas op hierdie praktyke as sou dit nie professie waardig wees nie.

Die konvensionele opvatting van die gestandaardiseerde praktykkennisattribuut en die toepassing daarvan in die professionele beroepswêreld moet in die konteks geplaas word van die veranderde en steeds veranderende postmoderne beroepswêreld met sy vinnig groeiende tegnologie, toenemende globale mededinging, verhoogde aanvraag na individuele en organisatoriese vaardighede en vermoëns, hoër verwagtinge van die kliënt, steeds toenemende produkontwikkeling, en veranderende personeelvereistes, in die vorm van beroepsgerigte gespesialiseerde opleiding, kennis en vaardighede (Friedman, 2007; Knoke, 2001:7-34).

Die postmoderne rekenaar- en inligtingstegnologiedimensie het ’n impak op die werksaamhede en beroepsomgewing van die hedendaagse taalpraktisyn. Taalpraktisyns wat in die toekoms gaan oorleef, is diegene wat roetinewerk kan rekenariseer om gestandaardiseerde vertaal- en teksredaksiepraktyke te verseker. Praktisyns en akademici wat weerstand bied teen elektroniese programmatuur wat vertaling en teksredaksie outomatiseer in die oortuiging dat dit hulle professionele waardigheid aantas, gaan die onderspit delf.

Die professionele aard van die omgewing van beroepe in die postmoderne beroepswêreld is besig om te verander omdat die wêreld besig is om te verander. Die taalpraktisyn wat die tegnologie (die standaard) die beste gebruik om die roetinewerk te hanteer, behoort dan die proses van spesialisering van praktyke te bevorder en nie te ondermyn nie, wat positief inwerk op ’n professionele projek omdat dit taakuitsette verhoog en konsekwentheid (van byvoorbeeld vertaalkeuses en terminologie) bevorder. Die implikasie is dat rekenarisering

van take nie noodwendig as ’n struikelblok tot professionalisering gesien moet word nie, maar as ’n hulpbron om in die professionele ideaal enersyds die markwanorde (vergelyk 4.3.2) te stabiliseer, maar andersyds ook om in die postmoderne werksomgewing te oorleef.

4.4.3.2 ’n Universeel erkende beroepstitel

Elke goed gevestigde en sosiaal erkende professie en professionele praktisyn het voorts ’n unieke, universeel aanvaarde (Tseng, 1992:63), **statutêr beskermde titel** (Bell, 2000:148) wat die beroepswerksaamhede van die professie kenskets en onomwonde daarmee in verband gebring word.

So het die gevestigde professies, soos die mediese en regsberoep, metterjare in die proses van professionalisering ’n wetenskaplike, gespesialiseerde korpus van kennis en ’n professionele praktisyns- en professionele beroepstitel ontwikkel en gevestig, gekodifiseer en oorgedra deur middel van gestandaardiseerde, beroepsgerigte opleiding en professionele praktyke; in die geval van die mediese beroepe, kliniese praktyke.

Dié gespesialiseerde, beroepsverwante teoretiese en terminologiese onderbou wat die professionele praktyk onderlê, word ’n deurslaggewende bedingingsmiddel in die sosio-politieke onderhandelingsproses wanneer ’n beroep wat strewe na professionalisering met die publiek en owerheid in gesprek tree vir professionele erkenning, beloning en outonomie (Tseng, 1992:62-63).

Dit opper die kwessie van (’n) aanvaarbare beroepstitel(s) of ’n titel vir die taalberoepe wat as sosioprofessionele gemene deler kan dien, aangesien ’n professie geëien word aan sy sosiaal-aanvaarde en sosiaal aanvaarbare titel.

In ’n beroepsprofessionele paradigma waar beroepstitels beroepstatus denoteer, is die nadeel dat ’n verskeidenheid verwarrende benaminge die beroepsbeeld van die taalpraktisyn ondergrawe, wat praktisyn én beroep net nog onsigbaarder en obskuurder maak as wat dit al reeds is, en die persepsie van die waarde van die taalpraktisyn in die gedrang bring, sy komplekse rol en funksie ten spyt:

- Vermeer (1998:62) beskryf die diversiteit van taaldienste, taalberoepverwante titels en take vanuit die sosioprofessionele en -kulturele samehang in die mark met terme soos “intercultural management assistent” en “intercultural management consultant”; Austermühl *et al*. (1998:336) gebruik die terme “language-services provider” en “cultural consultant”, en later (Austermühl, 1999:439) “information broker” en “multitasking translator”.
- Gentzler (2001:71) sien taalpraktisyns aan as “crosscultural professional[s] ... thanks to the revolution of the functionalist theory”.
- Bauer & Rodrigo (2004:3) praat van die taalpraktisyn as ’n “... eclectic language professional”, en ’n “linguistic and cultural mediator” en sien hulle dienste as mediatief en pro-aktief, met die nuutste tegnologiese vaardighede as ’n vereiste (“mediating, proactive, and technologically aware”). Die implikasie is dat taalpraktisyns bewus moet wees van die kulturele verskille in die gegewe taalsituasie waarin sy werk, in staat om die boodskap te modifiseer om die risiko van kommunikasiebreuke te minimaliseer, en

les bes "... resourceful enough and fully conversant with the technological tools of the trade" (Bauer & Rodrigo, 2004:4).

- In Vlaandere word die taalpraktisyn beskryf as 'n "tekstschrijver, redacteur, voorlichter, journalist" [70]; gemeenplasig as 'n "taaldokter" wat kopie skryf, redaksionele werk, webbladversorging en versorging van vertaalde tekste doen[71].
- Professionele tolke en vertalers is "... gekwalificeerde kenniswerkers, die hoogwaardige zakelijke diensten aanbieden. Zij zorgen ervoor dat mensen die elkaars taal niet spreken of verstaan, toch met elkaar kunnen communiceren. ... Om dat vak op een professioneel niveau te kunnen uitoefenen, is minimaal een hbo werk- en denkniveau vereist[72].
- Taalpraktisyns in België (waar die term onbekend is) word geëien as "taalprofessional" soos: "... bijvoorbeeld vertalers, tolken ... technical writers ... copywriters, correctoren en (eind)redacteurs ...", maar kan ook insluit " ... taalonderzoekers en taaldocenten aan universiteiten en hogescholen, computerlinguïsten, language engineers, taalkundigen, taaladviseurs, ontwikkelaars van taal(zelf)studieproducten en taaltoetsen, beleidsmakers op het gebied van taal en taalonderwijs enz."[73]

Die gevolg is dat kliënte dikwels nie seker is wat presies spesifieke take en titels behels nie. So 'n situasie skep verwarring onder die algemene publiek, wat weer 'n negatiewe impak het op onderlinge beroepsverhoudinge sodat onenigheid tussen taalpraktisyns bydra tot die markdisharmonie wat weer nadelig inwerk op die proses van professionalisering.

Die aliasse van die taalpraktisyn kan dan enersyds spreek van die komplekse en uiteenlopende aard van die profiel van die taalpraktisyn en andersyds dra dit by tot die verwarring wat bestaan rakende die beeld en taak van die taalpraktisyn onder die algemene publiek. Daar bestaan ook die moontlikheid dat hierdie terme bloot kunsmatig geskepte akademiese etikettering is in 'n poging om status te verleen aan die taalberoepe, of, meer positief, om die komplekse taak en profiel van die taalpraktisyn te bevorder.

Alhoewel dit blyk dat erkenning van 'n beroepstitel vir die taalpraktyk in die Skandinawiese, Latyns-Amerikaanse en sommige Europese lande regeringsbeleid is (Stejskal, 2002:13-22), is dit situasie steeds nie ideaal nie. In Denemarke, waar die "staatsgewettigde vertaler" en "staatsgewettigde tolk" wel 'n beskermde titel is (Katan, 2009:194), kan enige persoon steeds 'n vertalersbesigheid begin of vertaling doen. 'n Beskermde titel, wat argumentshalwe reeds 'n mate van professionele status sou impliseer, is gevolglik nie op sigself 'n waarborg om "onbevoegde, ongewenste persone of gewoon die buitestander" (Parkin, 1974:3; Bell, 2000:148) uit die beroepe te hou nie. Selfs al realiseer hierdie attribuut, is die professionaliseringstryd nog nie volledig gewonne nie.

Die implikasie is dat **beskermde beroepstitels** een van die minder kritiese attribute van professie is. Hoewel 'n titel voordelig en tersaaklik is, is 'n gebrek daaraan nie noodwendig nadelig nie. Min mense sal 'n apteker aanspreek as dokter, maar sielkundiges (psigoloë) en oogkundiges word oor die algemeen beskou as "dokters", en vir die meeste mense is die verskil tussen byvoorbeeld, oogkundiges en 'n oftalmoloë, 'n terminologiese kwessie, solank hulle net kan sien. 'n Titel – 'n "naam" – soos Shakespeare al probeer sê het – is 'n

[70] Vergelyk www.studeren.uva.nl/ma-tekst-communicatie
[71] Vergelyk http://www.detaaldokter.be/
[72] Vergelyk http://www.ngtv.nl/m25/p43/over_tolken_en_vertalen.html
[73] Vergelyk http://www.taalsector.be/core/index.php?option=com_content&view=article&id=25&Itemid=28

kunsmatige en betekenislose konvensie wat nie ’n uitwerking het op die inherente kwaliteite van die saak ter sprake nie (en op die ou end ook nie die geluk, die voorspoed of die status wat tradisioneel daarmee gepaard gaan, waarborg nie):

> What's in a name? that which we call a rose
> By any other word would smell as sweet;
> So Romeo would, were he not Romeo call’d,
> Retain that dear perfection which he owes,
> Without that title. ...
>
> ~ Romeo and Juliet (II, ii, 43-47) ~

Die waarborg van professionele status is bes moontlik slegs vervat in die attribuut van **professionele outonomie**, die basiese doelwit van die professionele projek (Burrage *et al*., 1990:207), wat toegangsbeheer tot die professie en die praktyk daarvan impliseer, en sowel die beskerming en bevordering van korporatiewe belange inhou, en wat alles op die ou end afhanklik is van (standaarde van) beroepsgerigte opleiding.

Die moontlikheid bestaan ook dat ’n gebrek aan ’n internasionale beroepsverwante teoretiese onderbou en gepaardgaande gestandaardiseerde opleidingsprogramme (vergelyk 4.7) “gekwalifiseerde” taalpraktisyns van wisselende “vaardighede” in die taalpraktykmark tot gevolg het. Omdat die beroepe onder bespreking taalberoepe is, word voor- en nagraadse taalpraktykopleidingsprogramme dikwels onder linguistieke kurrikula gekategoriseer (Du Plessis & Carstens, 2000:1; Tseng, 1992:67) terwyl opleiding effektief, doelmatig en produktief as deel van voorgraadse, honneurs-, en nagraadse universiteitsprogramme as ’n volle akademiese taalpraktykkursus aangebied kan en behoort te word (H. Kruger, 2007:2).

Die interdissiplinêre en multifasettige aard van die taalpraktykberoepe (vergelyk 4.4.2) skep juis verwarring ten opsigte van terme soos “taalpraktyk”, “taalberoepe”, die professionele titel “taalpraktisyn”, wat teksredakteurs, vertalers, tolke, oudiobeskrywers, terminoloë, sowel as ’n verskeidenheid ander taalpraktykverwante beroepe insluit.

Dit is hierdie verwarrende en soms onbekende beroepsterminologie wat een van die eiesoortige kenmerke is van, en unieke probleme skep in die proses van professionalisering in die taalpraktyk, en blyk verreikende negatiewe impak op professionaliseringsinisiatiewe te hê (Arjona-Tseng, 1990; 2006:2; Law, 2010).

Subjektiewe, vaag omlynde en ondeurdagte kwessies, terminologie, en konsepte kom alles tegelykertyd ter sprake (vergelyk Gouadec, 2007:246) in ’n sosioprofessionele konteks en professionaliseringsproses wat alreeds gekompliseerd is uit hoofde van die aard van die verskeidenheid taaldienste. Hierdie retoriek blyk oënskynlik ’n universele probleem te wees vir beroepe soos vertaling en teksredigering wat aspireer na professionele status (vergelyk Gouadec, 2007:246).

Dit wil voorkom of hierdie terme in taalberoeps- en gewaande “professionele” verband allerweë lukraak gebruik word sonder dat daar ’n teoreties-wetenskaplike terminologiese onderbou bestaan. Die feit van die saak is: “A vocation is not a profession because those in it choose to call it one. It must be recognised as such” (Goodlad, 1990:29). Aanvaarding as sanksionering word dus hoe langer hoe meer as ’n meer deurslaggewende attribuut relevant.

Die terme “taalberoep”, “taalprofessie”, “taalpraktyk” en “taalpraktisyn”[74] soos dit tans in akademiese kringe in Suid-Afrika gebruik word[75], blyk relatief onbekende beroepgebruiks-terme te wees in die praktyk sowel as akademiese kringe buite Suid-Afrika. Die algemene publiek in Suid-Afrika en Vlaandere is oor die algemeen onbekend met die terme sowel as met die werk wat die taalpraktisyn doen.

In akademiese sowel as taalpraktykkringe in Vlaandere blyk hierdie beroepsterme onbekend te wees, soos ook in ’n groot mate in die VSA aangesien dit selde in die literatuur voorkom. In Europa word terme soos “language profession(s)”, “language professional(s)” soms in amptelike dokumente van die EU en EC gebruik (EC, 2009a, b, c; European Parliament, 2000; Muylle, 2008), maar “language practice” en “language practitioner” is onbekend. Terme wat bekend is in België en Vlaandere (Feltkamp, 2010a), is:

- taalprofessional
- taalkundige
- terminoloog
- taaladviseur.

4.4.3.3 Samevatting

As gevolg van die gebrek ’n universeel aanvaarde konsep vir “die werk van taalpraktisyns”, en hulle kennisbasis, dit is, taalpraktyk, sowel as ’n universeel aanvaarde en **beskermde titel** vir die beoefenaars van hierdie beroepe, die taalpraktisyn, kry nie die beroepe óf die praktisyns professionele erkenning nie, nie van die publiek nie en ook nie van die onderskeie regerings nie.

Daarom is dit geen wonder nie dat professionaliseringsinisiatiewe en pogings tot professionalisering van die taalpraktisyn tot dusver wankelmoedig verloop nie (Bell, 2000; BKVTF, 2010a, 2011; Combrink & Verhoef, 2002; Katan, 2009; SATI, 2007).

Duidelikheid ten opsigte van die professionele titel vir die beroepe sowel as die onderskeie taalpraktisyns, in die konteks van gestandaardiseerde terminologie, teoretiese kennisbasies, en gestandaardiseerde, beroepsgerigte opleiding sal die huidige professionaliseringsdebat en stand van professionele status in konteks plaas en ten minste die strewe van taalpraktyk na professionele status ’n wetenskaplike inslag gee.

Gesien vanuit die doelstelling van hierdie studie is die vraag of die teoretiese opleidingsbasis van die verskillende taalberoepe, soos dit in hierdie studie ter sprake kom, ’n taalpraktyk- of linguistieke onderbou het, en of dit gepaard gaan met gerigte en gestandaardiseerde opleidingsprogramme.

[74] Die Engelse terme is “language occupation”, “language profession”, “language practice”, en “language practitioner”.
[75] As generiese terme vir aktiwiteite en dienste wat verband hou met diens en werk in, met, en oor taal, en die praktisyns wat hierdie dienste lewer en werk verrig om ’n bestaan daaruit te maak

4.4.4 Die rol van kliënte op die persepsie van die waarde van taalpraktisyns

4.4.4.1 Altruïstiese diens

Vir die meeste beroepe is die professionele ideaal nie net alleen gesetel in finansiële gewin en aansien nie, maar in 'n verhewe **doel**, hetsy die welsyn van die samelewing oor die algemeen, die bevordering van wetenskap, die versorging van die siekes, of die handhawing van reg en geregtigheid. Taalpraktisyns in die besonder is in staat om oor die grense van tale, kodes en verskillende mediums en in verskillende kontekste effektiewe kommunikasie te bevorder.

Uit hoofde van die potensiaal wat 'n gestandaardiseerde en gespesialiseerde teoretiese kenniskorpus het om beroepsgesag, sukses en aansien te verleen, word daar van professionele praktisyns verwag om hulle kundigheid tot voordeel van die gemeenskap in die breë aan te wend, om altruïstiese dienste te lewer, weliswaar teen vergoeding wat die aard en moeilikheidsgraad van die diens reflekteer.

Een van die eienskappe van professie wat die meeste in die literatuur onder bespreking kom, is dié van altruïstiese diens aan die gemeenskap (vergelyk byvoorbeeld Barber, 1963; Barker, 1995:296; Boone, 2001; Burbules & Densmore, 1991:49; Burrage *et al*., 1990:205; Caplow, 1954; Carr-Saunders, 1955; Carr-Saunders & Wilson, 1933; Cogan, 1955:10; Flexner, 1915:904; Freidson, 1994:10; Harvey, 2004; Hughes, 1965, Larson, 1979:x; Miles, 2004; Millerson, 1964a:10; Monopolies Commission, 1969:5-6; Parsons, 1951:372, 381; Parsons, 1970:35-36; Pratte & Rury, 1991:60). Hierdie **attribuut van altruïstiese** diens, tesame met **gestandaardiseerde opleiding** wat uitloop op **praktykverwante kennis** en **vaardighede** is kenmerkend van die tradisionele professie, soos dit tradisioneel verwoord word in die Hippokratiese Eed (Miles, 2004).

Altruïstiese diens dui op die idee van 'n aantoonbare voordeel, die bydrae wat die taalberoepe ín en áán die gemeenskap lewer. Dit is in die wese van die taalpraktyk dat dié beroep ook die tipe diens lewer: dokters sien om na die gesondheid van mense wanneer dit nodig is, regspraktisyns handhaaf die daaglikse wet en orde, taalpraktisyns bevorder kommunikasie in kontekste waar dit andersins nie sou kon vlot nie. Al hierdie aktiwiteite roep die idee van herstel, van homeostase, voor die gees wat dui op 'n ooreenkoms wat bestaan tussen groepe in die samelewing. Wanneer daar 'n leemte bestaan in die kommunikasieproses, 'n taalkloof is wat oorbrug moet word, tree die taalpraktisyn as deskundige en vakkundige in die bresse om altruïstiese diens te lewer. Die taalpraktisyn lééf dus hierdie attribuut uit, terwyl, byvoorbeeld, haarkappers, al is hulle coiffeurs, met 'n grootliks artistieke en estetiese bydrae nie op hierdie attribuut kan aanspraak maak nie.

Die gebruikers van taaldienste – **kliënte** – en hulle houding teenoor, en persepsie van die waarde van die dienste van taalpraktisyns, is 'n primêre rolspeler in die proses van professionalisering van die taalpraktyk en bepaal tot 'n groot mate die organisering, strategie, verloop en uitkoms van die professionele projek. Kliënte word in hierdie proses struikelblokke of kataliste.

Verwante aspekte met betrekking tot die professionele attribuut van **altruïstiese diens** wat in die verhouding tussen die kliënt en die taalpraktisyn ter sprake kom, is **erkenning uit die gemeenskap** vir die noodsaaklike bemiddelingsrol wat die taalpraktisyn speel in alle

kommunikasieprosesse tussen verskillende tale en kodes; herkenning en erkenning van die **professionele titel** van die taalpraktisyn, en gepaardgaande **gestandaardiseerde professionele vergoeding**. Die bevestiging van hierdie aspekte moet noodwendig 'n positiewe impak hê op die waardeoordeel wat taalpraktisyns oor hulleself en hulle beroepe het, of andersom.

4.4.4.2 Kliënte en hulle hulpbronne

Burrage *et al*., (1990a:212-215) onderskei verskeie tipes gebruikers van professionele dienste, elkeen met sy eie hulpbronne wat dienooreenkomstig verskillende struikelblokke en/of bemiddelende prosesse vir die professionele aspirasies van beroepe inhou en diverse verhoudinge tot stand bring met die praktisyns van wie se dienste hulle gebruik maak:

- die individuele betaal-vir-diens-kliënt;
- die georganiseerde privaat derdepartykliënt soos welwillende organisasies en vakunies;
- die staat;
- die privaat werkgewer;
- die openbare werkgewer, en
- die professionele werkgewer.

Vanuit die professionele vryskutpraktisyn se oogpunt is die **individuele-betaal-vir-diens-kliënt** die ideale gebruiker van professionele dienste (alhoewel met beperkte hulpbronne, te wete (h)erkenning, finansiële vergoeding en mondelinge aanbeveling), omdat dié tipe kliënt tot 'n groot mate afhanklik is van die professies vir dienste, soos byvoorbeeld mediese dienste, regshulp en in die konteks van hierdie bespreking, taaldienste en taal(re)mediëring.

Dit is veral die herkenning, erkenning en aanvaarding uit die (kliënte)gemeenskap van die rol en taak van die taalpraktisyn, en die mondelinge terugvoer van kliënte in sake rakende professionele diens wat op die lang duur kan bydra tot sanksionering van opkomende professies. Vryskuttaalpraktisyns maak veral staat op hierdie agting om in die taalpraktykmark te oorleef en om verseker te wees van 'n professionele waardeoordeel in die breër gemeenskap.

Die **georganiseerde privaat derdepartygebruiker** was veral verantwoordelik vir die organisering van die massabehoefte aan mediese dienste in die laat negentiende eeu, sowel as die massamark vir die Amerikaanse regs- en rekenmeestersberoep. Hierdie tipe georganiseerde kliënt se streng regime is vervang met staatsintervensie, wat oënskynlik die outonomie van dié professies verhoog het, veral in Brittanje, Frankryk en Duitsland (Burrage *et al*., 1990a:214).

Die **privaat werkgewer** het aansienlike hulpbronne omdat dit kontraktueel die totale inkomste van die indienswerknemer bepaal, maar ook ander byvoordele bied in die vorm van 'n mediese fondsskema, siekte- en jaarlikse verlof, pensioenskemas, belonings, bonusse en loopbaanbevordering. Werkgewerseise kan moontlik beroepsoutonomie in die gedrang bring, wat lei tot burokrasie en deprofessionalisering (vergelyk 4.2.3) veral indien die werkgewer nie die ideologie van die beroepspersoon respekteer nie.

Openbare indiensberoepslui bevind hulle in ’n netelige situasie aangesien hulle kliënte sowel as werkgewers het, soos onderwysers, en ook taalpraktisyns wat vir staatsdepartemente werk. Die maatreëls wat potensieel teen hierdie groepe gebruik kan word om professionele outonomie te beperk, is gevolglik oorweldigend: benewens hulpbronne wat normaalweg tot die beskikking van die staat en werkgewers is, soos wettige sanksionering en kontraktuele indiensnemingsbepalings, kan georganiseerde kliënte staatsondersteuning teen professionalisering bewerkstellig.

4.4.4.3 Samevatting

Die vraag is of die huidige samelewingsklimaat in die vorm van die individuele betaal-vir-diens-kliënt, die georganiseerde privaat derdepartykliënt, die staat, die privaat werkgewer, die openbare werkgewer en die professionele werkgewer wél die dienste van die taalpraktisyn as altruïsties en mediërend-onontbeerlik herken, erken en aanvaar.

Solank erkenning van die altruïstiese en bemiddelende taak van die taalpraktisyn as **linguistiese mediator**, gepaardgaande **erkenning van sy beroepstitel**, en die gegewe van gestandaardiseerde vergoeding nie in die kliënt en gemeenskap voorhande is nie, sal die taalpraktyk nie kan professionaliseer nie, en sal die taalpraktisyn steeds onsigbaar bly.Teenkanting vanuit die geledere van gebruikers van professionele dienste – kliënte – word ’n struikelblok in die professionaliseringsproses van taalpraktisyns. Hierdie aspek word in 4.5.5 in meer besonderhede bespreek.

4.4.5 Persepsie van waarde: gevolgtrekking

In hierdie afdeling het ter sprake gekom die persepsie van waarde van die taalpraktyk en die taalpraktisyn in die gemeenskap waarin die beroepe hulle bevind. Die multifasettige aard van die taalberoepe en -dienste, ’n beroepsverwante teoretiese en terminologiese onderbou, en die rol wat kliënte op die professionaliseringproses en -strategie van taalpraktisyns speel, beïnvloed die persepsie van die waarde wat taalpraktisyns oor hulleself en hulle beroepe koester.

Die multifasettige aard van die taalpraktyk kan positief beskou word as ’n beroepsprofessionele katalis wat die taalpraktisyn in die hedendaagse geglobaliseerde, multitalige sosioprofessionele opset as ’n veelsydige beroepsbate tot sy voordeel kan gebruik. Per definisie is taalpraktyk interdissiplinêr van aard en spruit uit die mate waarin tersaaklik-gekwalifiseerde en ervare individue ’n bemiddelingsrol te speel het in die diverse kommunikasieprosesse tussen uiteenlopende stelle tale en kodes, en betekenis gee aan hierdie prosesse.

Uit die bespreking in hierdie afdeling word dit egter duidelik dat die eienskappe wat verband hou met ’n gestandaardiseerde teoretiese kennisonderbou – (’n) professionele titel(s) vir die beroepe sowel as vir die onderskeie taalberoepspraktisyns – nog nie in die professionele projek van die taalpraktyk suksesvol verwerklik is nie.

Die attribuut **van altruïstiese** diens, tesame met gestandaardiseerde opleiding wat uitloop op praktykverwante kennis en vaardighede, is onvoorwaardelik kenmerkend van professie.

Altruïstiese diens is inherent kenmerkend van die mediërende funksie van die taalpraktyk, en dit is dié attribuut waaraan die taalpraktyk reeds as professie voldoen en in sy onderskeie velde reeds onontbeerlike dienste lewer, die ongereguleerde beroepstatus ten spyt.

Struikelblokke wat die realisering van 'n gestandaardiseerde teoretiese kennisbasis as onderbou vir gestandaardiseerde, gerigte opleiding en praktykvaardighede verhinder, is die gebrek aan samewerking tussen opleidingsinstansies, professionele beroepsliggame wat praktykgerigte doelstellings uit die oog verloor, en die logistieke probleme by die opstelling van gestandaardiseerde kurrikula by verskillende opleidingsinstansies, nasionaal sowel as internasionaal, aspekte wat in meer besonderhede in 4.7 onder die loep kom. Die taalpraktisyn sou weliswaar sy mediërende funksie kon voortsit in die konteks van die huidige beroepsopset, trouens taalpraktykdienste neem steeds toe in die veranderende beroepsomgewing van die geglobaliseerde wêreld.

Om taalpraktyk as akademiese en multidissiplinêre dissipline in eie reg, die waarde en funksie van die taalpraktyk en die sigbaarheid van die taalpraktisyn in die samelewing te vestig, te bevestig en te onderhou, is dit noodsaaklik om beroepsgerigte en gestandaardiseerde opleidingsprogramme te konsolideer. Goed begin, is half gewin: 'n professionele beroepsliggaam wat die gesag het om insette te lewer in alle fasette van opleiding en toelatingsbeheer te bestuur kan baie daartoe bydra om hierdie ideaal as attribuut van professie te verwesenlik.

4.5 Die statutêre konteks waarin die professionaliseringsproses plaasvind

4.5.1 Inleiding

In hierdie afdeling kom die statutêre konteks waarin die professionaliseringsproses plaasvind ter sprake as nóg 'n agent wat die verloop van die proses beïnvloed. Die persepsie van waarde, die institusionele klimaat en die sosio-ekonomiese klimaat is die wêreld waarin die proses plaasvind. Die statutêre konteks as agent soos dit in hierdie afdeling ter sprake kom, het vir die **allerbelangrike attribuut van sanksionering** 'n deurslaggewende rol te speel in die sin dat dit tradisioneel deur **wetgewing** aan 'n beroep in die ware sin van die woord professionele status gee.

In die omvangryke literatuur van die sosiologie van die professies word die klassieke professionaliseringsmodel oor die algemeen gesien as 'n meganisme om beroepstatus te verseker deur die **standaardisering**, **sistematisering** en **monopolisering** van (eksklusiewe), beroepsgerigte kennis, vaardighede en beroepsprosesse, **toelatingsbeheer** en **vergoeding** wat doelgerigte grense skep om **marksluiting** en **markkontrole** te bewerkstellig (vergelyk byvoorbeeld Abbott, 1988; Becker, 1962; Burrage & Torstendahl, 1990a; Carr-Saunders & Wilson, 1933;Dingwall, 1976; Freidson, 1994; Kimball, 1992; Klegon, 1978; Larson, 1977; Wilensky, 1964; vergelyk ook Hoofstuk 2 en 3).

Hierdie prosedure kan gesien word as 'n proses na **outonome beheer** soos beskryf deur Bourdieu (1986): gedryf deur kleinskaalse eliteberoepsgroepe behels dit beide 'n progressiewe dinamika van **marksluiting** en **eksklusiwiteit** in vergelyking met ander

beroepe, sowel as ’n onderskeid en hiërargie tussen verskillende groepe en akteurs in die beroepsveld – hier dan binne die raamwerk van beroepspesifieke attribute soos uit die literatuur gesintetiseer in ’n prototipemodel (vergelyk Hoofstuk 2). **Al die attribute van professie** soos beskryf in hierdie prototipemodel, kom gevolglik ter sprake in die huidig-gegewe wêreldwye konteks waarin die professionele projek plaasvind.

Die huidig-gegewe wêreldwye konteks – terselfdertyd multitalig, multikultureel en postmodern (Olvera-Lobo *et al*., 2005) sowel as demokraties, virtueel, digitaal, radiotegnies (“wireless”), onderling gekonnekteer, persoonlik en werksmobiel in die wydste sin van die woord (Friedman, 2007:194) – waarin die taalberoepe aspireer tot professionalisering, verteenwoordig die mise-en-scène van struikelblokke en kataliste in die professionele projek.

’n Ondersoek na die breër globale samehang, in ag genome die **multitalige konteks en multidissiplinêre akademiese aard van die taalpraktyk**, behoort lig te werp op die huidige stand van die professionele status van taalpraktisyns, sowel as op die ontwikkeling van die taalpraktyk as akademiese dissipline. Dié ondersoek behoort moontlike struikelblokke en/of kataliste uit te lig wat die proses op nasionale vlak kan vertraag, maar identifiseer straks ook die welslae wat die projek tot dusver behaal het. In die internasionale en multitalige konteks kom daar ook etlike breër sosiale en spesifieke taalpolitieke kwessies ter sprake wat in Suid-Afrika en Vlaandere nogal heelwat ooreenkomste vertoon.

Vervolgens word die huidige beroepstatus van taalpraktisyns in die breër internasionale taalpraktykopset bespreek, daarna die taalpraktyk in multitalige konteks, voordat die besondere situasie in Suid-Afrika en Vlaandere in 4.5.4 en 4.5.5 bespreek en met mekaar vergelyk word om te bepaal watter, indien wel – en tot watter mate – die attribute van professie soos uiteengesit in die prototipemodel in hierdie lande reeds eie is aan die taalpraktyk.

4.5.2 Taalpraktyk in ’n internasionale konteks

4.5.2.1 Inleiding

Professionele erkenning is wêreldwyd in alle beroepsfere ’n gesogte verskynsel (Becker *et al*., 2009:4; Evetts, 2003:296; Sapp, 1978:20), daarvan getuig die professionele projek van die taalpraktyk soos dit in hierdie studie ter sprake kom ook. Indien die professionaliserings-proses van die taaldiensberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere oënskynlik die kreeftegang gaan (Combrink & Verhoef, 2002; Stejskal, 2005), sou dit insiggewend wees om vas te stel watter strukture en/of prosesse op internasionale gebied in plek gestel is, of in die proses is om professionalisering van hierdie beroepe te bewerkstellig, indien wel.

Die status van taalpraktisyns, as onsigbare, gedienstige, deemoedige, gelate, en ’n hoogs onderskatte arbeidskrag in die produksie van betekenisvolle tekste en kommunikasie-prosesse, word toenemend oor die afgelope dekades ondersoek (byvoorbeeld Kotze, 1997; Simeoni, 1998; Venuti, 2008). Taalpraktisyns se vermeende onsigbaarheid is grotendeels te wyte aan hulle gebrek aan status as ’n professie (Chan, 2005; Chriss, 2000; Dam & Zethsen, 2008; Fraser & Gold, 2001; Gouadec, 2007; Hammond, 1994; Robinson, 1997c). Hierdie aspek word in 4.5.3 verder toegelig.

Die taalpraktyk se grootliks ongereguleerde aard – met die implikasie dat die bedryf nie voldoen aan die meeste van die attribute soos geïdentifiseer in die prototipemodel nie – is te wyte aan die wêreldwye gefragmenteerde aard van die bedryf, die "gesigloosheid" en "onsigbaarheid" van die taalpraktisyn, sowel as aan 'n gebrekkige waardering en begrip vir gespesialiseerde, professionele taaldienste.

Ter sprake in hierdie onderafdeling is die oënskynlik wêreldwye gefragmenteerde toestand van die taalpraktyk as beroep. Die kwessie wat beklemtoon word, is die gebrekkige vordering met die mees geformaliseerde aspek van professionalisering, naamlik **wetlike erkenning** ten einde **marksluiting** en **toegangsbeheer** tot die beroep as geheel af te dwing. In dié afdeling word ook redes aangebied vir hierdie toedrag van sake.

4.5.2.2 Taalpraktyk: 'n gefragmenteerde, onsigbare bedryf

Tans word taalpraktyk grootliks wêreldwyd nie deur wetgewing as 'n professie gereguleer nie, met die gevolg dat taalpraktisyns nie verplig is tot lisensiëring of akkreditering of selfs opleiding nie, en nie 'n **monopolie** op werk, opleiding en toelating tot die bedryf het nie. **Regulering** impliseer dat professie "... call for particular qualifications prescribed by law and one of the constraints of the economic sphere is that persons who lack such qualifications may not engage in such occupations" (De Waal *et al*., 2001:386). So mag dokters en advokate nie praktiseer tensy hulle oor nie die voorgeskrewe kwalifikasies beskik nie. Die reg om vryelik tot die ekonomie toe te tree, kan egter nie vertolk word as verlening van so 'n reg aan ongekwalifiseerde persone nie (De Waal *et al.*, 2001:386).

Die persepsie is dat professionalisering van die taaldiensberoepe oor die algemeen nie die gewenste vordering toon nie, en grootliks funksioneer binne wat Bell (2000:148) 'n dekade gelede al as 'n grootskaalse verdeeldheid beskryf. Taalpraktisyns in die meeste lande in die wêreld funksioneer in 'n chaotiese, gefragmenteerde en ongereguleerde mark waarin daar geen statutêre beroepsanksionering of beroepstitelbeskerming is nie (Bell, 2000:148):

> ... in contrast with the professions ... translation and interpreting services in most countries in the world operate in a chaotic and unregulated market in which – since there is no statutory protection of title – anyone who claims to be a translator or interpreter can provide the service and service providers find themselves in competition for business not only with each other, but with utter incompetents. Without some kind of regulation the public loses its right to be protected from charlatans and crooks, to be guaranteed a product which is not substandard and to have recourse to an authority which can provide compensation if it is neccesary.

Trouens, die taalpraktykmark word beskryf as een van die mees gefragmenteerde sektore in die wêreld, moontlik dan veral as gevolg van die toenemende hoë voorkoms van vryskutwerkers[76] (Boucau, 2005; EC, 2009a, c; Industry Canada, 2006). Per definisie[77] is die sektor dan nie in staat om 'n groot genoeg aandeel in die mark te verkry om die ontwikkeling en koers daarvan te beïnvloed nie. Anders gestel: marksluiting en monopolie kan nie bewerkstellig word nie.

---

[76] Die taalpraktyk as beroep en aspirerende professie leen hom veral tot 'n vryskutopset (Carstens & Van de Poel, 2010, Hoofstuk 3; vergelyk ook 4.2.4 vir 'n bespreking oor die rol van die vryskuttaalpraktisyn in die multitalige sosiale samelewing en postmoderne opset), wat nie noodwendig tans optimaal gestruktureer is nie.

[77] http://www.businessdictionary.com/definition/fragmented-industry.html

Hierdie gefragmenteerde toestand word noodwendig deur Internetkommunikasie en die gepaardgaande gesigloosheid van gebruikers van die WWW vererger (Friedman, 2007:191-193). Alhoewel die interaktiewe aard van rekenaarbemiddelde elektroniese kommunikasie – die wêreldwye Web, die Internet – meer werkgeleenthede skep sowel as om die werk van die taalpraktisyn roetineer en sistematiseer in die sin dat heelwat taalpraktykaktiwiteite[78] elektronies kan geskied met behulp van rekenaarondersteunde programmatuur: teksredaksie, vertaling, spellingkontrole, bladuitleg, boekontwerp, grafika, die oplaai en aflaai van dokumente en so meer, is die implikasie dat die verskillende beroepsaktiwiteite in isolasie plaasvind, wat fragmentering intensiveer.

Die realiteit van die praktyk van die taaldienssektor reflekteer hierdie stand van sake sodat professionalisering van die taaldiensberoepe wêreldwyd grootliks "under-professionalized or marginalized" is (Sela-Sheffy & Shlesinger, 2009:123). Bell (2000:174) verwys pertinent na 'n dekade van pogings tot professionalisering van die taalpraktyk, maar "... official recognition as professionals for most translators and interpreters is, in most countries, still a good way off", wat dan oor die afgelope twintig jaar manifesteer as 'n gebrek aan waardering en begrip vir professionele taaldienste en gebrek aan professionele erkenning (vergelyk ook Boucau, 2005; Chesterman & Wagner, 2002:27).

Hierdie stand van sake is moeilik te verstane en verwarrend in ag genome die potensiële invloed van taalpraktisyns as kulturele mediators (vergelyk onder andere Bedeker & Feinauer, 2006; Beukes, 2006b; Delisle *et al*., 1999:195; Hatim & Mason, 1990:236; Pym, 2002a:1; Sela-Sheffy, 2010:133), veral in die heersende multikulturele sosiale opset waar multitaligheid en multinasionalisme, tesame met 'n volgehoue toestroming van immigrante en gasarbeiders oor die afgelope sestig jaar (Duiker & Spielvogel, 2010:953-954) en 'n snelle handelsontwikkeling gebaseer op internasionale samewerking noodwendig 'n steeds groeiende vraag na vertalers, teksredakteurs, tolke en ander taalpraktisyns skep. Gegewe die markvooruitsigte wat hiermee verband hou, is dit duidelik dat die belang van multitalige mediëring – die taalpraktyk – wêreldwyd onderskat word in die konteks van ekonomiese produktiwiteit en globalisering (EC, 2009c:ii)

Stejskal (2003b) ondersoek tussen 2001 en 2003 die professionele geloofwaardigheids-beleid ("credentialing") vir taalpraktisyns in meer as 30 lande[79] in ses kontinente, en kom tot die slotsom dat die **langtermyndoelwit van** 'n **geloofwaardigheidsbeleid wat lei na 'n gereguleerde status vir die taaldiensberoepe**, **deurgaans eenvormig is**: om standaarde van professionele beroepspraktyk te vestig; om die beroepstatus van die taalpraktyk te verhoog; om beroepstandaarde te verseker, en om die "raklewe" van akademiese kwalifikasies te "verleng" deur voortgesette professionele ontwikkeling (Stejskal, 2003b:15). Hierby sou bygevoeg kon word: om die taalpraktisyn en sy werk sigbaar te maak; om opleiding beroeps- en praktykgerig te maak, en om navorsingsinisiatiewe ten opsigte van die professionele projek van die taalpraktyk te ondersteun.

[78] Met die moontlike uitsondering van tolking, maar tolking kan ook telefonies geskied (Kelly, N. 2008. A medical interpreter's guide to telephone interpreting. International Medical Interpreters Association. http://www.imiaweb.org/uploads/pages/380.pdf).

[79] Brasilië (Julie 2001), Suid-Afrika (Augustus 2001), Egipte (September 2001), Australië (Oktober 2001), die Tsjeggiese Republiek (November/Desember 2001), Kanada (Januarie en Maart 2002), Finland en Swede (Februarie 2002), Oostenryk (April 2002), V.K. en Ierland (Mei 2002), Argentinië (Junie 2002), Noorweë (Julie 2002), Denemarke (Augustus 2002), Japan (September 2002), Spanje en Portugal (Oktober 2002), Oekraïne (November/Desember 2002), Duitsland (Januarie 2003), Mexiko (February 2003), Colombië, Uruguay, en Venezuela (Maart 2003), België en Nederland (April 2003), Arabiese lande (Mei, 2003), V.S.A (Junie en Julie 2003).

Uit Stejskal (2005) se opvolgondersoek na die professionele status van taalpraktisyns wêreldwyd is dit duidelik dat die onderskeie taaldiensberoepe ook nie almal dieselfde mate van professionalisering blyk te hê nie. Law en Kruger (2008:487-490) identifiseer byvoorbeeld Australië en Kanada as lande met strukture en prosesse in plek vir die standaardisering en professionalisering van teksredaksie, alhoewel daar 'n beduidende verskil is in hulle benaderings. Dit word veral gereflekteer in die opvallende verskil in die sukses van hulle onderskeie pogings oor die afgelope dekade: Australië toon 'n mate van vordering ten opsigte van die gewettigde erkenning van professionele akkreditasie van teksredakteurs, maar Kanada, soos Suid-Afrika, Vlaandere, en oënskynlik die res van die wêreld (ook ten opsigte van taalpraktyk oor die algemeen (vergelyk Katan, 2009; Law, 2010; Stejskal, 2005:79) toon beperkte vordering.[80]

In lande soos Kanada, Argentinië, Denemarke en Noorweë word aan geakkrediteerde vertalers en teksredigeerders statutêre titelbeskerming gegee ná 'n uitgebreide proses van professionele keuring. China se vinnige opkoms as 'n hoofrolspeler in die globale ekonomie genereer 'n groot aanvraag vir vertaling en tolking. Met die ontwikkeling van formele opleiding, sertifisering en navorsingsaktiwiteite (vergelyk byvoorbeeld Tseng, 1992) tree die eerste tekens van professionalisering na vore, sowel in die vasteland as in Taiwan. Die onderskeie taalberoepe staan op verskillende stadiums van professionalisering, en tolke geniet nie-amptelik hoër status in die bedryf: "Professionalization is probably most advanced in conference interpreting, and emergent in court interpreting, but is less clearly structured in translation" (Setton & Liangliang, 2009:212).

Tans is dit Nederland, tesame met die Skandinawiese lande en Groot-Brittanje, wat in Europa 'n leidende rol speel in die regulering van die kwaliteit van tolk- en vertaaldienste, alhoewel: "Men moet zich daar echter niet te veel bij voorstellen" (Doornbos, 2008-2009). Die BKVTF in België is steeds in die proses om titelbeskerming te beding vir beëdigde tolke en vertalers (BKVTF, 2011), 'n proses wat in die huidige politieke impasse (in 2010-2011) weer van voor af moes begin het (vergelyk ook die bespreking in 4.6.4.3).

Dit wil tog voorkom of die oproep na die professionalisering van die taalpraktyk oor die afgelope tien jaar tog stadig besig is om weerklank te vind by (sommige) magte agter die skerms. Gouadec (2007:254-255) wys daarop dat taalpraktyk nie oral 'n algehele ongereguleerde bedryf is nie, en dat taalpraktisyns nie oral sonder (ten minste dan 'n mate van) professionele erkenning praktiseer nie.

Daar is wel uitsonderings ten opsigte van professionele status, soos aangedui op die Europese Kommissie se databasis[81] (erkenning onder Voorskrif 2005/36/EC)[82] alhoewel

---

[80] In Australië werp pogings tot professionalisering van teksredaksie tussen 2001 en 2007 beperkte sukses af met die finalisering van die *Australian Standards for Editing Practice* (ASEP) deur die *Council of Australian Societies of Editors* (*CASE*) wat die *Accreditation Working Group* (*AWG*) in die lewe roep, wat weer op hulle beurt die professionele beroepsliggaam *Institute of Professional Editors* (IPEd) in 2005 tot stand bring as opvolger vir *CASE*. *IPEd* bestaan uit 'n maatskappy van sewe aandeelhouers: die onderskeie verenigings van Canberra, New South Wales, Queensland, Suid-Australië, Tasmanië, Victoria en Wes-Australië. Vir 'n uiteensetting ten opsigte van die proses en ASEP-standaarde, sien Mackenzie (2004). Vir voortgesette pogings tot en vordering ten opsigte van akkrediteringsaangeleenthede in Australië, sien www.iped-editors.org. Die *Editors' Association of Canada* (EAC) is sedert 1991 die mees prominente oorkoepelende professionele beroepsliggaam vir teksredakteurs in Kanada, en hulle vervul dieselfde rol in die teksredaksiegemeenskap as wat SATI in Suid-Afrika ten opsigte van die vertalersbedryf doen. Akkreditasie is ook, net soos in Suid-Afrika, nie wetlik afdwingbaar nie. Vir 'n uiteensetting van teksredaksiestandaarde en die proses van akkreditering sien http://www.editors.ca/. Vir 'n uiteensetting van regeringsbetrokkenheid wêreldwyd ten opsigte van die professionalisering van die taaldiensberoepe, vergelyk Stejskal (2005:7).

[81] European Commission. Regulated professions database.
http://ec.europa.eu/internal_market/qualifications/regprof/index.cfm?fuseaction=profession.regProfs&profId=8015

daar geen harmoniserende opleidingsvereistes voorkom nie, en dit nie altyd duidelik is hoe die beroepe “gereguleerde status” verkry het nie. Die beroep van vertalers en tolke is wel gereguleer in:

- Swede[83]
- Spanje[84]
- Slowakye[85] (beëdigde tolke)
- Roemenië[86]
- Pole[87] (beëdigde vertaler)
- Ysland[88]
- Hongarye[89]
- Griekeland[90]
- Duitsland[91] (beëdigde vertaler; beëdigde staatserkende vertaler, beëdigde tolk)
- Denemarke.[92]

Daar is desnieteenstaande dan ook hoop op die horison van die taalpraktyk as professionele beroep: op grond van die geloofwaardigheid en betroubaarheid van data wat voorsien is in ’n ondersoek na die stand van die taalpraktykmark in die Europese Unie word België, Denemarke, Estland, Finland, Duitsland, Italië, Litaue, Roemenië, en Slowenië as “beste-praktykvoorbeelde” voorgehou in die vertaal- en tolksektor; in onderbetiteling en oorklanking speel Slowakye die leidende rol, terwyl Frankryk op die gebied van taaltegnologiese ontwikkeling die voortou neem (EC, 2009c:v).

Dit is tog uit die literatuur duidelik dat wêreldwyd baie meer aandag gegee word aan die diskoers van die professionalisering **van vertaling en tolking**, en veral aan die attribuut van gestandaardiseerde opleiding en opleidingsprogramme van hierdie twee subdissiplines (vergelyk Angelelli & Jacobson, 2009; Tennant, 2005b), en toenemend aan die opkomende beroepsveld van oudiovisuele vertaling (Bartrina & Espa, 2005), maar dat ’n veld soos teksredigering met die uitsondering van enkele inisiatiewe nie dieselfde aandag geniet in die taalpraktykdebat en professionaliseringsinisiatief nie.

Met ’n model vir taalpraktyk as professie, sowel as ’n taalpraktykmodel waarvolgens die stand van die verskillende beroepsvelde individueel ondersoek kan word in die breë konteks van die professionele ideaal, kan hierdie wanbalans moontlik uit die weg geruim word.

---

[82] European rules establishing mutual recognition of qualifications were introduced over the course of the last few decades. These rules have since been consolidated in a single directive (Directive 2005/36/EC on the recognition of professional qualifications). http://ec.europa.eu/internal_market/qualifications/policy_developments/legislation_en.htm

[83]Nasionale wetgewing: Förordning (1985:613) om auktorisation av tolkar och översättare, Tolkföreskriften KAMFS 2004:1; vergelyk http://www.kammarkollegiet.se/files/om_kammarkollegiet/KAMFS20041.pdf

[84]Nasionale wetgewing onduidelik

[85]Nasionale wetgewing onduidelik

[86] Nasionale wetgewing: http://www.cnred.edu.ro/#legislatie-pentru-recunoastere-profesionala)

[87] Nasionale wetgewing onduidelik

[88] Nasionale wetgewing: *Act No. 148/2000 on Interpreters and Translators*

[89] Nasionale wetgewing onduidelik

[90] Nasionale wetgewing onduidelik

[91] Nasionale wetgewing onduidelik

[92] Nasionale wetgewing: Consolidation Act No. 181 of 23 March 1988 as amended by section 15 of Act No. 936 of 27 December 1991, section 10 of Act No. 377 of 22 May 1996, section 16 of Act No. 386 of 22 May 1996, section 4 of Act No. 227 of 21 April 1999, section 1 of Act No. 1463 of 22 December 2004 and section 4 of Act No. 123 of 13 February 2007.http://le.iu.dk/DetailEN.aspx?aldErhverv=67

4.5.2.3 Samevatting

Teen die agtergrond van die Europese linguistiese kultuur met die klem op die praktyk, kontrole en steun ten opsigte van taaldienste en taaltegnologie; die feit dat multitaligheid 'n vakkundige – dus 'n professionele – vraagstuk geword het en nie 'n taalregprobleem nie omdat die taalbeleid van die EU nie meer onderhewig is aan taalnasionalisme nie, sowel as die rigiede benadering tot taalbestuur (Deprez, 2001a), sou daar verwag kon word dat die professionele status van die onderskeie taalpraktykberoepe wêreldwyd meer gedefinieerd, gestruktureerd en gereguleerd daar moes uitsien as wat tans die geval is.

Die gunstige omstandighede wat geskep word deur die multitalige beleid van byvoorbeeld die Europese Unie-liggame, waarvan die hoofdoel is om die waarde en moontlikhede van taal diversiteit in die EU te bevorder en struikelblokke tot interkulturele dialoog uit die weg te ruim, behoort ook bevorderlik te wees vir die professionalisering van die taalpraktisyn. 'n Inklusiewe benadering is gemik op die verruiming van multitaligheid na sosiale kohesie en voortuitgang met behulp van die bestaande hulpbronne ten opsigte van voortgesette opleiding, emplojering, sosiale insluiting, mededingende arbeidsmarkte, kultuur en samelewing, navorsing en die media (Commission of the European Communities, 2008:5).

Begrip vir die taalpraktyk ontbreek nog grootliks, en optimale aktivering en optrede om die beroep as geheel te bevorder, is 'n voorvereiste vir volhoubare ontwikkeling (EC, 2009c:vi), met ander woorde, vir 'n suksesvolle professionele projek.

Omdat bemarkbare vakkundigheid 'n deurslaggewende element is in die beroepstruktuur van die postmoderne samelewing, kan die strewe na professionalisering van 'n beroep in die sosiale konteks gesien word as 'n kollektiewe soeke na sosiale status en 'n kollektiewe proses van opwaartse sosiale mobiliteit deur die lede van 'n spesifieke beroep.

Kenmerkend is dit dan "… an attempt to translate one order of scarce resources – special knowledge and skills – into another – social and economic rewards" (Larson, 1977:xvi). Die tipiese strategie van professionalisering (van 'n beroep) is die nastrewing van absolute diskresie, ekslusiewe uitluiting of monopolie ten opsigte van kennis sowel as praktyke (Svensson, 1998), in 'n poging om "the incompetent, the undesirable, or simply the outsider" (Parkin, 1974:3) uit te sluit.

Die moontlikheid bestaan dat dit juis hierdie konsep van uitsluiting van sogenaamde persona non grata as buitestanders is wat sommige regerings so skepties laat staan teenoor die professionalisering van die taaldiensberoepe, vermoedelik veral in 'n land soos Suid-Afrika waar "nuutverworwe" demokrasie en kruipende sosialisme hand aan hand gaan; waar inklusiwiteit (verteenwoordigendheid) en diversiteit in botsing staan met die eksklusiwiteit en eliteisme van die tradisionele professie, en wat ook terugverwys na die konflikmodel van Marx (soos uiteengesit in die kontekstuele kommentaar in Hoofstuk 3). Inklusiwiteit is dié hoedanigheid waarop die voorstanders van taalregte hamer: om juis alle mense in te sluit in alle (beroeps)aspekte van die samelewing om diversiteit 'n realiteit te maak.

Dít is die problematiek wat vervolgens in die konteks van die beroepstatus van taalpraktisyns in Suid-Afrika aan die bod kom.

4.5.3 Taalpraktyk in 'n multitalige konteks

In monotalige lande waar die omvang van die werk van die taalpraktisyn minder is, sal die sigbare dienste soos teksredaksie 'n baie belangriker diens wees, moontlik ook oudiobeskrywing as opkomende diens sowel as die vertaling van statustekste na Engels. Die meer algemene, alledaagse nodigheid van vertaling en tolking is baie meer in aanvraag in die multitalige kontekste van Suid-Afrika en Vlaandere (vergelyk ook 4.5.2).

In tipes monotalige lande met 'n ongekompliseerde demografiese verspreiding, of in lande soos Kanada waar daar geen taalstryd meer is nie, en met 'n ooreenstemmende geïmplementeerde taalbeleid, is die taak van die taalpraktisyn in-die-oog-lopend: taalpraktyk is 'n gespesialiseerde bedryf gekenmerk deur skaars (ver)taalkombinasies, vertaling en redigering van tekste van hoog aangeskrewe, suksesvolle skrywers, en ongewone mediëringsprosesse wat net oor internasionale kontekste heen ter sprake kom. In die kleiner lande van kontinentale Europa is daar duidelik werk vir onderskriftaalpraktisyns van Engels na byvoorbeeld Nederlands, Sweeds, Deens, en so meer.

Meertalige kontekste soos Suid-Afrika en Vlaandere, in teenstelling met byvoorbeeld die enkeltalige Skandinawiese lande, Australië, Frankryk of die Verenigde Koninkryk, is komplekse samelewings waar taal en taalbeleid dikwels 'n tweedragsappel is, maar terselfdertyd vir die taalpraktisyn ruim werkgeleenthede skep.

Die vestiging van 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel in 'n demokratiese bestel skep sedert 2001 veelvuldige werkgeleenthede vir taalpraktisyns in Suid-Afrika. Artikel 29(2) in die Handves van Menseregte van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) lui: "Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of talevan eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is". Hierdie verwikkeling vereis uitgebreide taaldienste in al die landstale (vertaling en redigering van leermateriaal, onderrigmateriaal, onderrighulpmiddele) wat uitgewers van onderwysmateriaal noodsaak om groot hoeveelhede vertaal- en redigeerwerk aan vryskuttaalpraktisyns uit te kontrakteer.

In hierdie verband maak LAMP[93] (2011a, b) in Julie 2011 'n opname van taalpraktisynbetrokkenheid onder sy lede – vryskut en andersins – in die 2011 CAPS-leermateriaalvoorleggingsproses in Suid-Afrika.[94] Ter sprake is die volume hoeveelheid boekprojekte

[93] LAMP- die Alliansie van taal- en mediapraktisyns/Alliance of Language and Media Practitioners (vergelyk 4.6) – is 'n losse sambreel-alliansie van instellings waarvan die lede meestal op 'n vryskutbasis in die taal en media-, en kommunikasiesubsektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie funksioneer. Hierdie instellings is:

- Die Professional Editors' Group of South Africa (PEG)
- Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI)
- Die Vereniging van Suid-Afrikaanse Indekseerders en Bibliograwe (ASAIB)
- Die South African Freelancers' Association (SAFREA)
- Die Writers' Guild of South Africa (WGSA).

[94] Die DBE (Department of Basic Education) se ontwerp vir die *Curriculum Assessment Policy Statement* (CAPS) Graad R tot 3 en Grade 10 is einde 2010 aangekondig en produksie neem 'n aanvang in November-Desember 2010. Met tientalle uitgewers en vertaalagentskappe werksaam in die skoolmateriaalarena wat wedywer om aanvaarding van hulle handboeke en leermateriaal in 'n voorleggingsproses wat die skryf, vertaal en produksie van

waaraan hulle gewerk het, die aard van hulle betrokkenheid, die aantal ure spandeer aan elke projek, en die inkomste wat uit hierdie betrokkenheid verkry is om te bepaal tot watter mate die Suid-Afrikaanse regering werkskepping in die bedryf bevorder.[95] Die bevinding is dat die uitkontraktering van taalpraktykdienste, soos vertaling, kopieskryf en teksredaksie, enorme werkgeleenthede skep vir taalpraktisyns (beide vryskut en andersins) en van onskatbare waarde vir diensverskaffers in die taalpraktykbedryf is (LAMP, 2011a, b).

Wanneer multitalige kontekste ondersoek word ten opsigte van 'n spesifieke aangeleentheid soos die professionalisering van taalpraktyk, kom die volgende kwessies ter sprake:

- Enersyds: Wat word van die taalpraktisyn as sosioprofessionele mediërende agent in multitalige kontekste verwag? Anders gestel: Kan taalpraktyk as professie geëien word en wat is die attribute daarvan?
- Andersyds: Hoe lyk die beroepskonteks waarin die taalpraktisyn funksioneer? Watter eise stel die multitalige beroepsomgewing aan die taalpraktyk as professie?

Die benadering tot, stand en verloop van die professionalisering van die taalpraktyk in die breedste konteks – die internasionale multitalige konteks – kan dan enersyds moontlik lig werp op die weg wat gevolg kan word om die professionaliseringsproses in Suid-Afrika en Vlaandere te bevoordeel. Andersyds kan die vordering, indien wel, op die pad na professionele status in die internasionale konteks moontlik dien as voorbeeld en inspirasie om die trae gang van die professionaliseringsproses van die taalpraktyk in die lande onder bespreking te versnel.

4.5.4 Taalpraktyk in 'n nasionale konteks: Suid-Afrika

4.5.4.1 Inleiding

Taalpraktyk is hoofsaaklik 'n ongereguleerde beroep in Suid-Afrika, met die implikasie dat, beëdigde vertaling uitgesluit, dit wettig is vir enige persoon om as 'n taalpraktisyn te werk sonder enige praktykgerigte opleiding, akkreditasie of registrasie by 'n professionele beroepsliggaam. Tans sien die professionele status van die taalberoepe in Suid-Afrika stééds "hoofsaaklik ongedefinieerd en ongereguleerd[96] daar uit (vergelyk Law & Kruger, 2008:479; SATI, 2007).

---

ongeveer veertig leerareas teen middel-Junie 2011 vereis, word alle beskikbare taapraktisyns in Suid-Afrika opgekommandeer vir die onderskeie prosesse) (LAMP, 2011) met as opdrag:

- Skryf leermateriaal (handboeke) in ooreenstemming met die (lank vertraagde) CAPS
- Ontwerp individuele boeke (of reekse) en buitelblaaie
- Projekbestuur van proses
- Teksredaksie van die oorspronklike tekste en vertalings
- Vertaal die geredigeerde tekste in die verskillende landstale
- Kry geskikte fotografiese materiaal om die tekste te ondersteun
- Gee opdrag vir oorspronklike kunswerk (kleur en sware en wit) van boekillustreerder vir tekste
- Set tekste en doen bladuitleg ooreenkomstig die nuwer ontwerpe
- Proeflees en hersien bladuitleg om foute te verwyder
- Indekseer tekste en voorsien van glossaria indien nodig

[95] Uit 'n potensiële ledetal (respondente) van 1 500 het 58 individue die vraelyste voltooi en teruggestuur.
[96] Die uitsondering is die professionele status van beëdigde tolke en vertalers, wat deur die hoër hof in Suid-Afrika ingesweer word om wettige status te verdien. Vergelyk die inligting op die SAVI-webblad rakende beëdigde vertalers:

Verskeie professionaliseringsinisiatiewe ten opsigte van die taalberoepe in Suid-Afrika word in hierdie verband oor die afgelope twee dekades deur verskeie rolspelers van stapel gestuur. Die doel van die opgawe en bespreking in hierdie afdeling is om die onderskeie relevante prosesse te ondersoek om die sukses al dan nie, en die uitwerking daarvan op die professionele projek van die taalpraktyk te bepaal.

Daar bestaan in Suid-Afrika 'n "geartikuleerde behoefte" (Kotze & Verhoef, 2001:78) aan behoorlik opgeleide taalpraktisyns, sowel as 'n groeiende behoefte aan die professionalisering van die taalpraktyk (Carstens & Van de Poel, 2010: Hoofstuk 5; Kotze, 1997:151, 155, Law, 2010; Law & Kruger, 2008).

Alhoewel dit oor die algemeen aanvaar word dat taalpraktyk 'n professie in eie reg is, wil dit tog voorkom of daar oor die afgelope dekade min tereg kom van hierdie oortuiging in die ware sin van die woord in die onderskeie taalberoepe, soos teksredaksie (Kotze & Verhoef, 2001:77). Hierdie studie, sowel as Law (2010) se verhandeling, behoort hierdie saak opnuut onder die aandag van rolspelers te bring.

Die voortslepende professionaliseringskwessie van die taalpraktyk in Suid-Afrika moet in sy geheel gesien word as die effek van die moontlike gebrek aan al of sommige van die attribute van die taalpraktyk as professie aan die hand van die prototipe-professionaliseringsmodel (soos geïdentifiseer in Hoofstuk 2).

Die attribute van professie wat in die sosiopolitieke konteks ten opsigte van die professionele projek van die taalpraktyk ter sprake kom, is **gewettigde staatsanksionering**, wat **gereguleerde** en **outonome statuur**, erkenning van 'n **statutêre beroepsliggaam**, en **gestandaardiseerde vergoeding** impliseer.

Die professionele projek van die taalpraktyk (soos die implementering van 'n oorhoofse taalbeleid en die taalbeplanningsproses in Suid-Afrika) is in die konteks van die trae verloop daarvan die slagoffer van die problematiek van die komplekse samehang tussen die heersende sosiopolitieke konteks en die sosiolinguistiese en kulturele verwikkeldheid, breër veranderde sosiale, opleidings- en beroepskontekste, en die verpolitisering (Webb, 1994:254) van tale en kulture te wyte aan die koloniale verlede en die apartheidsbeleid, en die gedifferensieerde talige manifestasie van hierdie verpolitisering.

Taalpraktyk word verbind met taalbeleid as 'n geval van "cultural governance" (Beukes, 2007a:1-15). Die gevolg is dat taalbeplanners, taalakademici en taalpraktisyns in Suid-Afrika oor die afgelope dekade toenemend besorg raak oor die retrogressiewe aard van nasionale taalbeplanning, taalbeleid en taalpraktyk, en die verband houdende beroepstatus van die taalverwante beroepe hier te lande (Kruger *et al.*, 1998; Alexander, 2000; Moodley, 2000; Alexander, 2002; Kotze & Verhoef, 2001; Combrink & Verhoef, 2002; Heugh, 2003; Kamwendo, 2006; Law & Kruger, 2008; Beukes, 2008). Taalbeplanning handel nie net oor taal nie, maar oor die uitwerking daarvan op die sosiale bestel waarbinne taal aangewend word.

---

http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1530 en die inligtingstuk oor die proses vir beëdigde vertaling op: http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/becoming_a_sworn_translator_english.pdf. SAVI administreer en fasiliteer die proses van eksaminering, akkreditasie en sertifisering van voornemende beëdigde vertalers.

Vir die doeleindes van die bespreking in hierdie afdeling word van die standpunt uitgegaan dat die basiese beginsel agter teorieë oor taalbeplanning is dat taalbeplanning 'n sosiale proses is wat in wese sowel mense se gedrag en ontwikkeling beïnvloed as wat dit fokus op taal of taalgebruik self. Taalbeplanning behoort dan ook in die Suid-Afrikaanse konteks gerig te wees op die ontwikkeling, heropbou en transformasie van die samelewing as 'n geheel (vergelyk Webb, 2006:153).

Alhoewel die Heropbou- en ontwikkelingeprogram (HOP/RDP) ná die val van die apartheidsregime 'n "single vision of creating a people-centred society" (Mandela, 1994) in die vooruitsig gestel het, het taalkwessies nie 'n integrerende deel van die HOP-raamwerk uitgemaak nie. Tog is daar daadwerklik en met "entoesiasme" (Du Plessis, 2010:90) en aanvanklik met sukses (Beukes, 2011a) 'n aanvang geneem met verskeie deurslaggewende taalbeplanningsaktiwiteite op grond van die taal- en kultuurklousule (Hoofstuk 2 artikel 30) in die Grondwet (1996) wat taal as 'n basiese mensereg erken: "Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem, maar niemand wat hierdie regte uitoefen, mag dit doen op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie". Plurilingualisme word in die Grondwet (1996) gewettig met gelyke status verskans aan elf landstale soos uiteengesit in die Grondwet, Hoofstuk 1 artikel 6.

Die aktiwiteite van die Language Plan Task Group (LANGTAG-)proses en die instelling van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) binne die eerste twee jaar van demokrasie in Suid-Afrika (Beukes, 2008:2) skep die verwagting van die implementering van 'n taalplan met die "mees progressiewe wetgewende taalbeleidbeginsels op die Afrikakontinent" (Bamgbose, 2003:5; vergelyk ook Brock-Utne, 2002:12; Chisanga, 2002:95, 101; Englund, 2004:197; Faingold, 2004:12). Die bedoeling is ook dat hierdie taalbeleid die professionele status van die taalberoepe in Suid-Afrika sal bevestig na aanleiding van die South African Language Practitioners' Council Bill, 2000 as deel van die Raamwerk vir die Nasionale Taalbeleid (DAC, 2000a). Jordan (2006) bevestig hierdie oogmerk met spesifieke verwysing na die regering se aksieplanne vir 2006 tot 2009: "The South African Language Practitioners Bill to regulate and professionalise language work" as een van verskeie kernsake.

Saam met hierdie twee fundamentele politiese inisiatiewe tree ander rolspelers ook na vore, en word strukture in plek gestel om direk of indirek aan die professionaliseringsproses van die taalberoepe stukrag te gee.

Die onderskeie strukturele verwikkelinge relevant tot hierdie bespreking val uiteen in **politieke en wetgewende inisiatiewe** en die **herstrukturering van kwalifikasies,** teen die agtergrond van die Heropbou- en Ontwikkelingeprogram (HOP) as postapartheid sosio-ekonomiese beleidsraamwerk, spesifieke taalklousules in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996, sowel as 'n nalatenskap van komplekse taalpolitieke en sosiopolitiese geskilpunte.

Politieke en wetgewende inisiatiewe word bespreek teen die agtergrond van die volgende gegewes:

- die beoogde “Suid-Afrikaanse Talewet” (die South African Languages Bill – *SALB*) as die eindresultaat van die aktiwiteite van die Language Plan Task Group (LANGTAG) – 1995-1996;
- die “Suid-Afrikaanse Talewet”-hofgeding, 2010;
- die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad/Pan South African Language Board (PanSAT/ PanSALB) – 1997;
- Die Nasionale Taaldiens (NDT) en die Raamwerk vir die Nasionale Taalbeleid
- (National Language Policy Framework, NLPF);
- die Language Practitioners Council Bill – 2000, en
- die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut in die politieke geding[97].

Hierdie onderskeie inisiatiewe, wat ’n aanduiding gee van die suksesse en mislukkings van die professionele projek van die taalpraktyk, sowel as om die implikasies vir en effek op hierdie proses uit te wys, word vervolgens kortliks in oënskou geneem. Omdat die professionalisering van enige beroep tradisioneel **staatsanksionering** vereis, het die professionalisering van die taalberoepe in Suid-Afrika noodwendig ’n politieke wending geneem. Die feit dat taal in Suid-Afrika swaar dra aan sy historiese sosiopolitiese bagasie, maak daarvan ’n komplekse, sensitiewe, en dikwels emosionele onderwerp in die huidige sosiopolitieke en kulturele opset.

4.5.4.2 Taal as sosiopolitiese geskilpunt

Taalklousules in die postapartheid-Suid-Afrikaanse Grondwet bevoordeel die individuele regte van die multitalige bevolking: Suid-Afrika is “een van die min nasies in die wêreld wat erkenning gee aan die unieke talige behoeftes van individue en groepe” (Faingold, 2004:12). Tog is die persepsie dat taalaangeleenthede in postapartheid-Suid-Afrika – die linguisties-pluralistiese grondwet ten spyt – minder belangrik te wees as ander probleme van nasionale belang, soos werkverskaffing, misdaadbekamping, behuising, gesondheidskwessies, swak ekonomiese prestasie, grondgebiedkwessies (Beukes, 2008; Combrink & Verhoef, 2002; Wright, 2002:172).

Alle pogings tot politieke en wetgewende inisiatiewe sedert 1995, te wete die aktiwiteite van die Language Plan Task Group (LANGTAG), die Pan South African Language Board (PanSALB/PanSAT),die Language Practitioners Council Bill, en die aktiwiteite van die Nasionale Taaldiens (NTD) vind plaas in die konteks van die in die vooruitsig gestelde “Suid-Afrikaanse Talewet” (South African Languages Bill)[98] binne die breër samehang van taalbeleidsontwikkeling op nasionale vlak.

Ten einde die diepgewortelde ongelykhede in die Suid-Afrikaanse samelewing wat deur kolonialisasie, rassisme, apartheid, seksisme en onderdrukkende arbeids- en ander wetgewing daargestel is, teen te werk, het die huidige ANC-geleide regering in 1994 die

[97] Die professionaliseringsinisiatiewe en ander aktiwiteite van die **Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut** (SAVI sedert 1956) as toonaangewende beroepsliggaam vir die taalpraktyk in samehang met bogenoemde verwikkelinge word in diepte in 4.3.5 bespreek.
[98] Daar bestaan nie ’n amptelike Afrikaanse titel vir hierdie “wet” nie, omdat geen Afrikaanse weergawe van die wetsontwerp ter tafel gelê is nie. Daar bestaan ook nog nie ’n Suid-Afrikaanse taalwet nie (Du Plessis, 2010:97), maar wetgewing is tans in proses en moet een Maart 2012 in plek wees.

Heropbou- en Ontwikkelingeprogram (HOP) [99] as sosio-ekonomiese beleidsraamwerk geformuleer. Die doel was om dit deur middel van vyf programme te laat realiseer:

- Die eerste program fokus op voorsiening in die basiese behoeftes van die bevolking ten einde te sorg dat almal toegang het tot "basiese noodsaaklikhede", soos skepping van werksgeleenthede, grondhervorming, behuising en dienste, water en sanitasie, elektrisiteitsvoorsiening, telekommunikasie, vervoer, omgewingsbewaring, voeding, gesondheidsorg, en gemeenskapsorg en -welvaart.
- Die tweede program fokus op die ontwikkeling van menslike hulpbronne wat sal verseker dat elke persoon in staat sal wees om sy volle potensiaal binne die samelewing te bereik.
- Die derde program fokus op die opbou van die ekonomie sodat die sterkpunte waaronder mynbou, fabriekswese, landbou, kommersiële en finansiële dienste en die goed ontwikkelde infrastruktuur tot voordeel van almal op die volgende vlakke aangewend en uitgebou word.
- Die vierde program fokus op die demokratisering van die staat en gemeenskap waardeur gepoog word om deur demokrasie, ontwikkeling en 'n mens-gesentreerde benadering die weg vir 'n nuwe demokratiese orde in Suid-Afrika te baan.
- Die vyfde program fokus op implementering van die HOP wat die daarstelling van effektiewe HOP-strukture op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak behels wat deurentyd die vordering van die programme moet moniteer.

Taal en taalaangeleenthede is dus nie pertinent ingesluit in die **HOP-raamwerk** nie, 'n leemte wat "argumentshalwe vertolk kan word dat taal nie pertinent deel van die kern van taalbeplanning in demokratiese Suid-Afrika uit maak nie" (Beukes, 2008:2). Dit wil dus voorkom of die huidige ANC-regering in Suid-Afrika nie aanvanklik die taalonderwerp per se as 'n taalprobleem sien nie. Multilingualisme was nooit op die agenda van die demokratiese beweging van die struggle nie, en is nie 'n integrerende deel van die sogenaamde struggle-kultuur nie, veral nie in die konteks van die taalonderdrukking van die etniese skeiding van die verlede nie.

Stemme ten gunste van Engels, sowel as van die verbreding van die kennisepistomologie van die swart gemeenskap deur middel van die voordele van Europese opleiding (Beck, 1997:107, 120), en téén die verdelende gevolge van 'n verskeidenheid huistale klink al sedert die jare 1930 hoorbaar op uit die ANC-geledere as "a vision of order" (Barnett, 1983), 'n sentiment wat onafhanklik van taalpolitieke kwessies tussen Afrikaans en Engels uit die swart gemeenskap ontwikkel en sy beslag vind (Barnett, 1983:30). In die laaste dekades van die negentiende eeu tree hierdie strewe aanvanklik na vore vanuit die sendingskole uit die Tswanagemeenskap (Beck, 1997). Die leidende en gematigde invloed op die Afrika-akademiese en -politieke toneel van die legendariese ANC-leier, Z.K. Matthews, die Kontinent se mees geëerde swart akademikus tussen die jare 1920 en 1960, dra by tot die verwesenliking van hierdie ideaal (Potgieter, 1970:245; Matthews & Wilson, 1981; Verwey, 1995:163). Hierdie doelwit word voortgesit deurdat die Universiteit van Fort Hare een van die eerste multikulturele en multirassige universiteite in Afrika word om interaksie oor etniese grense heen te bewerkstellig.

[99] SA. 1994. Government Gazette, No. 16085 23 November 1994. White Paper on Reconstruction and Development http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=70427 Vergelyk ook: Heropbou- en ontwikkelingeprogram. Connexions. June 14, 2009. http://cnx.org/content/m25216/1.1/

Die integrerende rol van Engels in die samelewing as geheel oor die verskillende inheemse taalgemeenskappe heen was die oorwegende dryfkrag, en nie soseer ekonomiese voordele of politieke weerstand teen Afrikaans nie (Beck, 1997). Dit kon dien as 'n integrerende geleentheid vir 'n swart gemeenskap wat in Suidelike Afrika nie 'n ander gedeelde taal as Engels gehad het nie, anders as byvoorbeeld in Oos-Afrika waar dieselfde sentiment uitgedruk is as 'n stryd ten gunste van die gebruik van Swahili (Barnett, 1983; vergelyk ook Van Rooy, 2011).
Die huidige regering gee in die konteks van die heropbou- en ontwikkelingeprogram, om mee te begin, min prioriteit aan die taalkwessie en betree die taaldebat op 'n baie laat stadium (Du Plessis, 2000:103), met geen duidelike strategie om die "Afrikaanskwessie" te hanteer nie; enersyds vanweë politieke doelwitte[100], en andersyds as gevolg van die standpunt van die destydse Minister van Konstitusionele Sake, Gerrit Viljoen, van die "ononderhandelbaarheid van Afrikaans as amptelike taal" (Du Plessis, 2000:104). Die enigste "taalkwessie" tydens die daaropvolgende politieke onderhandelinge ter sprake word dus Afrikaans. Daar was geen kwessies ten opsigte van die ander tale nie: geen ander taalgroep het op "hoë status" vir enige ander taal aangedring nie, maar met die uitgangspunt van die "ononderhandelbaarheid" van Afrikaans as amptelike taal, moes daar noodwendig 'n vorm van gelykberegtiging plaasvind.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996 maak in Artikel 6 dus voldoende voorsiening vir die "parity of esteem", die tersaaklike "gelykheid van aansien" van die amptelike tale[101] en die billike behandeling van ander tale in Suid-Afrika met terme soos "status", "use", en "equitable treatment" wat voldoende beskerming van "taalregte" bied. Die uiteensetting in die Grondwet erken die bestaan, menswaardigheid, en taalregte van die sprekers van die amptelike en belangrikste tale in die land. Tale is nie onder druk in die huishoudelike gebruik nie, en daar is nie buitengewone of uitermatige aandrang vanuit spesifieke taalgroepe buiten Afrikaans om dit ruimer te gebruik nie[102]: die hedendaagse taal(politieke)kwessie is sedert 2003 'n Afrikaanskwessie, in wese 'n "derde Afrikaanse Taalbeweging[103] om die taalpolitieke status van Afrikaans te herstel" (Webb, 2010:106, 107).

Taal as 'n holruggeryde – en betreurenswaardige – sosiopolitiese geskilpunt wat tersaaklik oënskynlik grootliks te doene het met ongekwalifiseerde "taalregte" is blykbaar dan 'n "postapartheidsmaaksel" van die Afrikaanse (veral blanke) akademiese gemeenskap en taalvegters om die behoud van Afrikaans as amptelike taal te verseker, en berus op wanopvattings ten opsigte van die doel en funksie van 'n taalbeleid. Die feit dat Suid-Afrika tans met elf amptelike tale en – krities-negatief beskou – 'n "onuitvoerbare, onbereikbare taalbeleid" (De Kadt, 2006:53) te kampe het, is hoofsaaklik te wyte aan 'n paradigma van Afrikanernasionalisme en die etnotalige taalbeleid van die apartheidsregime (Alexander, 2001; Deprez *et al*., 2001:3; Du Plessis, 2000).

---

[100] Tydens die 1994-verkiesing in Suid-Afrika was baie ANC-ondersteuners in die Wes-Kaap Afrikaanssprekende bruin mense.
[101] HOOFSTUK 1 GRONDLIGGENDE BEPALINGS Artikel 6(4) van die Grondwet (1996).
[102] Die moontlike uitsondering is isiZulu, die grootste taalgroep in Suid-Afrika, waaronder daar tans 'n groep sprekers is wat kies om bepaalde funksies in hulle moedertaal te verrig, soos sigbaar is in die toename in sirkulasiesyfers van die twee grootse isiZulu-koerante, *Ilanga* en *Isolezwe* BrandSouthAfrica.com, 2010. Praise for new isiZulu paper. Monday 8 November 2010. http://www.brandsouthafrica.com/news/555-praise-for-new-isizulu-paper.html; vergelyk ook http://www.firstpage.co.za/isizulu-sunday-times-a-round-up-of-reactions/
[103] Die Eerste en Tweede Afrikaanse Taalbewegings in Suid-Afrika tussen 1875 en 1925 beywer hulle vir die erkenning van Afrikaans as amptelike landstaal (Steyn, 1980; Du P. Scholtz, 1980).

Alexander (2001:115-122) skryf die oorsprong van die immer broeiende (Afrikaanse) taal(akademiese)konflik in die huidige postapartheid-Suid-Afrika toe aan botsende, uiteenlopende en koverte benaderings van die onderskeie rolspelers in die taaldebat: die emosionele oortuiging uit die geledere van die – hoofsaaklik – Afrikaanssprekende verontregte partye wat verbete veg om die behoud van Afrikaans as toonaangewende landstaal, en die opkomende swart elite se instrumentele benadering van lippetaal ten opsigte van die inheemse Afrikatale, teenoor die uiteindelike en noodwendige aanvaarding van die onaantasbare posisie van Engels as regeringsvoertaal as 'n wesenlike realiteit.

4.5.4.3 Politiek en wetgewing: gebrek aan daadwerklike regeringsaksie

Sedert 1994 is slegs twee primêre taalwette uitgevaardig ten opsigte van die vestiging van 'n taalbeleid en taalinfrastruktuur:

- die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, Wet 59 van 1995; gewysig met die Wysigingswet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 10 van 1999 ooreenkomstig die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 106 van 1996), en
- die Wet op Suid-Afrikaanse Geografiese Name (SAGNR), Wet 118 van 1998.

Konsepwetgewing op die Suid-Afrikaanse Talewet wat in die vooruitsig gestel word om deur wetgewing bekragtig te word as die eerste nasionale Suid-Afrikaanse Talewet, soos gepubliseer in die Staatskoerant van 30 Mei 2003, No 24893, Kennisgewing 1514 van 2003 (DAC, 2003b), is in Julie 2007 van die wetgewende proses onttrek (Du Plessis, 2010:81, 83).

Die afleiding kan maklik gemaak word dat daar 'n gebrek aan daadwerklike regeringsoortuiging is (Alexander, 2000, 2002; Kamwendo, 2006) om Suid-Afrika se "... human rights-inspired language policy" (Kamwendo, 2006:55) op alle vlakke van sosio-kulturele en professionele praktyk deur wetgewing 'n realiteit te maak. Hierdie verwikkeling word taalsosiologies algemeen geïnterpreteer as 'n "gebrek aan politieke wil" om die grootse taalplan wat met die afskaffing van apartheid in die vooruitsig gestel word 'n realiteit te maak (Alexander, 2003; Beukes, 2011a; Carstens, 2006b; Kamwendo, 2006:62, 63), deur die postapartheidtaalbeleid na wense te implementeer; moontlik weens ontnugtering ten opsigte van die kompleksiteit van die langtermyndoelwitte (Beukes, 2008) wat spruit uit die wanpassing tussen teorie en praktyk, tussen beleid en implementering (Beukes, 2009).

Terwyl die 1996-Grondwet in postapartheid-Suid-Afrika die nege Afrikatale gelykwaardige status gee as Engels en Afrikaans, het die Afrikatale tot dusver nog geen verhoogde statusfunksie nie. Daarby het Afrikaans sy bevoorregte posisie verloor en Engels kry voorkeurstatus (vergelyk Webb, 2002; Du Plessis, 2003; Desai, 2006; Heugh, 2007).

Beleidsveranderinge gaan egter selde gepaard met ooreenstemmende veranderinge in die praktyk in die konteks van hegemonie en habitus (Gramsci, 1971; Foucault, 1977; Bourdieu, 1991; in Heugh, 2009:99). Alhoewel die eksplisiete taalbeleidsverandering nog nie die gewenste uitwerking het nie, verkry die rol wat Engels in die sosiokulturele opset speel in 'n sameloop van tydseie omstandighede toenemende prominensie, wat 'n globale verskynsel is: "English is, without a doubt, the most frequently-learned second language at the moment. It is the language used most often as a code for relations between different linguistic groups

and the most habitual in international, scientific and commercial communication" (Bastardas i Boada, 2002:3; vergelyk ook Webb, 2009:193).

Die wanpassing ("gap") tussen 'n taalbeleid en implementering daarvan in Suid-Afrika is wesenlik 'n tydseie – deels sosiokulturele deels sosiopolitieke en/of sosio-ekonomiese – verskynsel wat spruit uit 'n postapartheidtaalvoorkeur (vergelyk Heugh, 2002:130). Engels is die taalkeuse van die jong, postmoderne generasie in Suid-Afrika, nie net van die jong generasie taalpraktisyns nie: "They own English" (Beukes, 2011a; vergelyk ook Chisanga & Kamwangamalu, 1997; Van Rooy, 2011). Daar is 'n oënskynlike weerstand teen die gebruik van die inheemse tale in Suid-Afrika. Dit vermy die ingewikkelde kulturele stryd in die self en perpetueer as 't ware 'n kulturele skisofrenie wat spruit uit 'n bestaan in twee verskillende kenniswêrelde: een deel van die postmoderne Afrika-jongmens se wêreld word in die inheemse taal – die moedertaal, die huistaal – bedryf wat geen kulturele mediasie toelaat nie; geen inmenging duld nie, geen "vertaal" na die ander nie. Die ander deel van sy wêreld word in Engels bedryf, vir sosiale, pedagogiese, ekonomiese motivering en voordele (Elphick & Davenport, 1997).

Met betrekking tot multitaligheid as 'n kontemporêre verskynsel in die huidige samelewing waar globalisering 'n "equalising" potensiaal inhou (vergelyk Friedman, 2007 en die bespreking in 4.3.3), is 'n gedeelde kode nodig om kommunikasie te bevorder. Die onbetwisbare groei van Engels as wêreldwye voorkeurtaal vir kommunikasie word in verband gebring met die kragte van globalisering. Op sy minste dra die verspreiding van Engels by tot die groei van multitaligheid in die wêreld omdat dit as 'n addisionele taal aangeleer word saam met die plaaslike tale in die betrokke konteks (Coetzee-Van Rooy, 2010).

Paradoksaal het toenemende globale kontak tegelyktydig waardering vir "die plaaslike" verhoog. In die konteks van taal gee dit aanleiding tot 'n herwaardering van die waarde van plaaslike tale binne die breër beweging van individuele menseregte. Die spanning tussen die plaaslike en die globale is ook sigbaar in diskoerse oor die gebruik van Engels. Dit is 'n aanvaarde verskynsel dat "English is owned by all its users and that local and global identities are expressed in English" (Schneider, 2007:14). Alhoewel Engels dus universeel nuttig is, is dit die inheemse tale wat in plaaslike kontekste gebruik word om identiteit te bevestig, vandaar die term "glocal" van Pakir (1999). In diskoerse van plaaslike tale in saambestaan met Engels word multitalige kontekste voorgehou as die ideaal vir die breër uitwerking van die instandhouding van die inheemse tale in die teenwoordigheid van Engels (Coetzee-Van Rooy, 2010).

Wat betref die taalplan wat al die vernaamste tale in Suid-Afrika begunstig en gelyke aansien gee: enersyds word die sosiopolitiese verantwoordelikheid bevestig teenoor 'n ouer geslag van die bevolking wat onder die apartheidsbedeling op alle vlakke van die sosiale bestaan en welsyn die spit moes afbyt; en andersyds is dit 'n erkenning en 'n poging tot die bevordering van die behoud van identiteit in 'n toenemende komplekse bestaanswêreld.

Daar kan dan 'n saak uitgemaak word vir 'n ander beskouing op die trae implementering van die taalbeleid in Suid-Afrika (De Kadt, 2006), al is dit net as pleidooi vir 'n beter begrip vir verskillende, en moontlik uiteenlopende beginsels en standpunte. Die vermeende sleurende "gebrek aan politieke wil" van die huidige regering kan inderdaad enersyds meer tersaaklik toegeskryf word aan 'n bestuursmatige "gebrek aan politieke begrip" wat spreek van: "... little

or no understanding of how to manage multilingualism" (Deprez *et al*., 2001:3) vasgevang in "a gap and clear tension between the development and institutionalisation of language policy (Heugh, 2003), en manifesteer as "... a gap between 'intention' and 'performance'" (Beukes, 2009:35; Carstens, 2006).

Die probleem lê dus op wetgewende vlak ten opsigte van die implementering van die taalbeleid, en die trae vordering van die professionalisering van die taalpraktyk in Suid-Afrika is 'n sekondêre gevolg.
Andersyds: Hoekom bestaan die (persepsie) van die "gebrek aan politieke wil" – 'n populêre, maar hoogs ongedefinieerde term wat wydverspreid gebruik word (De Kadt, 2006:41) – om die taalbeleid te implementeer wat, op die keper beskou, tog in Afrikaanse kringe as 'n geldige verklaring beskou kan word uit hoofde van die verwagtinge wat geskep word na die LANGTAG-ondersoek?

Hierdie verskynsel moet nie noodwendig interpreteer word as anti-Afrikaanse sentimente of partypolitieke moedwilligheid nie. Die dinamika van sake van belang in die swart gemeenskap lyk anders en sal as sodanig in die ANC-beleid gereflekteer word: die implementering van 'n grootse taalbeleid in die politieke konteks is gevolglik nie noodwendig 'n saak van groot belang in ANC-kringe nie.

Waar die Suid-Afrikaners – en die Vlaminge waarskynlik ook – in 'n postmoderne tydvak in 'n taalpolitieke hoek vasgevang is, is die simplistiese "nasiestaat"-idee van die vroeg-moderne tydvak van sewentiende-, agtiende- en negentiende-eeuse Europa nie so maklik prakties uitvoerbaar in multitalige Suid-Afrika en Vlaandere nie, hoewel dit in 'n mindere of meerdere mate vir sommige groepe die ideaal sal bly, soos byvoorbeeld die inwoners van Orania wat die ideaal "maak werk" in 'n radikale afsonderingsbestaan, wat op die keper beskou, die enigste wyse word waarop so 'n ideaal bereik kan word.

Die idee van die tradisionele nasiestaat "vertaal" nie na 'n multitalige Suid-Afrika nie. In 'n nasiestaat soos Nederland of Duitsland of Frankryk met een taal vir een land, word minderheidstale inderdaad onderdruk sodat die oorblywende Italiese dialekte, die kleiner Romaanse tale, in die laat negentiende en twintigste eeu grootliks verdwyn (Tsunoda, 2005). In België is die situasie slegs beredder deur provinsiale taalgrense te trek.

Die ideaal van 'n nasiestaat en 'n gepaardgaande taalbeleid is leidinggewend, en dit word die templaat waarmee die Afrikaanse gemeenskap dink. Dit is 'n onrealistiese ideaal, want die ideaal pas nie in die werklikheid van postapartheid, multitalige Suid-Afrika nie. 'n Nasiestaat-idee binne die multitalige samelewing as 'n geïntegreerde oplossing binne die huidige konteks in Suid-Afrika is nie moontlik nie. Wat dan telkens uit regeringskringe na vore tree, is 'n oënskynlike onvermoë om die taligbenadeelde ervaring van Afrikaanssprekendes te peil. Engelssprekendes en sprekers van die inheemse tale voel nie "talig benadeel" soos wat die Afrikaanssprekende gemeenskap talig benadeel voel in die huidige postapartheid multitalige dispensasie nie.

Met die verlies van politieke mag in 1994 ervaar baie wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, akademici en gemeenskapsleiers die devaluering van Afrikaans in die openbare domein as simbolies van hulle marginalisering en ontmagtiging. Die verlies van beheer oor kwessies soos onderwys en opleiding, insluitend die reg op moedertaalonderwys en enkel-

medium Afrikaanse skole, ontkenning van toegang tot sosio-ekonomiese geleenthede deur regstellende aksie, die toenemende oorheersing van Engels in die openbare lewe wat op hulle afgedwing word, lei tot 'n devaluering van Afrikaneridentiteit, en word 'n bedreiging vir basiese taalmenseregte. Die verlies van mag en hulle verlies van beheer oor die kulturele hulpbronne wat hulle voorheen gehad het: onderwys, die regeringinfrastruktuur, radio en televisie, lei tot 'n "Afrikanerervaring van beduidende trauma en identiteitsontwrigting" (Webb, 2010:105-107).

Die gevolg is: "Afrikaans thus once again became a site of struggle, an instrument with which community leaders wish to obtain control over what they consider to be their own, and to obtain recognition for their perceived ethno-linguistic distinctiveness. A third Afrikaans language movement seems to have started" (Webb, 2010:107).

Hierdie ervaring kan wel regverdig word in die historiese konteks van die stryd van Afrikaans teen Engels in die eerste helfte van die twintigste eeu toe die staatsdiens ten volle Engels was, en 'n nasionale aandrang ontstaan het om gelykberegtiging van Afrikaans met Engels. Hierdie historiese bewussyn struktureer die denke oor die ideale rol van Afrikaans sodat 'n paradigmaskuif moeilik is in 'n konteks waar die sosiopolitieke dinamika verander het. Die persepsie onder die Afrikaanse gemeenskap is dus nie van 'n stryd om Afrikaans tussen elf ander tale nie, maar een van Engels as die voorkeurtaal met nuwe "aanhangers" en 'n bedreiging vir die status van Afrikaans, wat vertaal word as 'n herlewing van dieselfde taalstryd, met die verskil dat daar nou 'n multitalige sous oorgegooi word. Die gevaar bestaan dat die Afrikaanssprekende gemeenskap namens al die ander tale die stryd opneem met die idee van taalregte vir anderstaliges as 'n beginselsaak – wat die ANC en die swart gemeenskap nie ervaar of aanvaar nie.

Gesien in hierdie konteks en met die oog op oplossings vir die professionele projek van die taalpraktyk kan die huidige heersende persepsie van "gebrek aan politieke wil" om 'n taalbeleid te implementeer met 'n groter mate van begrip en insig verklaar en verstaan word onder diegene wat die huidige situasie as 'n bedreiging sien. Dan kan dit vir die bedreigde Afrikaanstalige gemeenskap duidelik word dat – metafories gesproke – 'n Afrikaanstaal- en Afrikaansoorlewingsoorlog die gemeenskap as geheel niks in die sak gaan bring nie. Die imperatief van die ANC is 'n integrerende imperatief wat swaarder weeg as die uniekheid van die individuele tale; dit is nie 'n stryd teen tale nie, maar 'n stryd om sosiale geleenthede en sosiale integrasie te bewerkstellig.

So 'n siening beteken egter nie dat taalregte nie bevorder behoort te word nie, dit bied net 'n beter verklaring van die huidige regering se vermeende "voetegesleep".

Taal en taalpraktyk het geen intrinsieke mag nie, maar dit kan omskep word in ekonomiese en sosiale kapitaal (Bourdieu & Wacquant, 1992:51, 55-57; vergelyk ook Larson, 1977; en Hoofstuk 3). Indien die deelnemers aan die taaldebat, insluitend die debat oor Afrikaans, daarop aanspraak maak dat die bevordering van 'n spesifieke taal behandel moet word binne die konteks van multitaligheid – of dan linguistiese pluralisme – moet dit geskied binne die volgende raamwerk (Webb, 2010:115):

- Die stryd teen armoede, ongelykheid en nasionale ontwikkeling en bemagtiging is direk gekoppel aan die doeltreffende en sinvolle vestiging van veeltaligheid.

- Die oorlewing van elke taal (spesifiek die tien kleiner tale van Suid-Afrika) is afhanklik van die voortbestaan van die ander.
- Veeltaligheid moet gesien word as 'n hulpbron ('n instrument tot werksverskaffing, hoër lone, sosiale prestige, en, in die konteks van hierdie studie, taalpraktyk).
- Alle individue moet in staat wees om te kommunikeer in ten minste drie Suid-Afrikaanse tale.
- Die formele studie van elke taal op skool moet geskied binne die konteks van meertaligheid, en moet kennis van die sprekers, en 'n gesindheid van verdraagsaamheid teenoor sprekers van ander tale bevorder.
- Die Afrikaanse taalgemeenskap sal moet vrede maak met die dominansie van Engels in 'n geglobaliseerde sosio-kulturele opset (maar nie noodwendig met die hegemonie daarvan nie), en aanvaar dat Engels funksioneer as die taal van die openbare lewe en hulle doen en late beplan met hierdie gegewe as die werklikheid.

4.5.4.4 Politiek en wetgewing: LANGTAG en die beoogde Suid-Afrikaanse Talewet

LANGTAG is in 1995 as 'n adviserende liggaam vir die destydse tussentydse Regering van Nasionale Eenheid in die lewe geroep met die opdrag om die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie te adviseer ten opsigte van 'n nasionale taalbeleidsplan vir Suid-Afrika gebaseer op die konstitusionele taalvoorsieningsbeginsels oor alle sosiale sektore en taalgrense heen wat as vertrekpunt sou kon dien vir die daarstel van norme en standaarde vir taalbeleid (Du Plessis, 2010:77).

Die LANGTAG-taakgroep verteenwoordig 'n fundamentele breuk met vorige taalbeleid-praktyke in die sin dat dit 'n noodsaaklike raakpunt skep en voorsien tussen die regering en taalrolspelers, kundiges en belangstellendes oor die wye sosio-ekonomiese en sosio-kulturele spektrum heen. Sake wat onder sewe subkomitees in die deelnemend-toerekenbare proses onder die soeklig kom, en bevindings wat in die verskillende hoofstukke van die verslag vervat is, is taalgelykheid, taal en taalontwikkeling in Suid-Afrika, taal as 'n ekonomiese hulpbron, taal in opleiding, geletterdheid, taal in die publieke diens, die Erfenistale, gebaretaal en versterkende kommunikasiestelsels (DACST, 1996).

Die LANGTAG-komitee onder voorsitterskap van dr. Neville Alexander voorsien die Minister in Augustus 1996 met die taalbeplanningsverslag getiteld *Towards a National Language Plan for South Africa: Final report of the Language Plan Task Group* (DACST, 1996), wat Alexander beskryf as "... indeed one of the more significant developments in the second half of the 20th century (DACST, 1996:11).

Die LANGTAG-verslag (1996) bied 'n omvattende uiteensetting van Suid-Afrika se taalverwante behoeftes en prioriteite wat 'n duidelike raamwerk bied vir die ontwikkeling van 'n taalbeleid en -plan (Beukes, 2004a:8). Dit word verwelkom as "... a visionary document that builds on validating all the languages of South Africa, and links language needs and strategies to the economy, education, cultural change and democratisation" (Skutnabb-Kangas *et al*., 2001:146). Die magtiging van 'n konsultatiewe benadering tot die ontwerp en implementering van 'n taalbeleid gedurende die eerste jare van demokrasie spreek van daadwerklike regeringsteun tot die bevordering van konstitusionele veeltaligheid en die beskerming van taalregte as 'n middel tot sosiale transformasie (Beukes, 2004a:8).

Die LANGTAG-verslag bied uiteindelik dan die positiewe alternatief van die beleidsmoontlikhede wat bestaan tussen taal en gemeenskapsontwikkeling. Die rasionaal agter 'n verskeidenheid tale is die potensiaal wat dit bied vir ontwikkelingegeleenthede om die ekonomiese en maatskaplike omstandighede van mense te verbeter deur meer toeganklike sinvolle inligting wat nie vreemd of vervreemdend voorkom nie (vergelyk De Kadt, 2006).
In hierdie verband beklemtoon Webb (2010) die feit dat die argumentasie ten gunste van Afrikaans in juridiese terme, as 'n aandrang op 'n "reg", as 'n doel op sigself en nie 'n middel tot 'n doel nie, nie die gewenste uitwerking sal hê nie. In die konteks van die LANGTAG-verslag lewer Webb (2010) 'n pleidooi vir die aanwending van 'n taalbeleid as 'n middel tot gemeenskapsontwikkeling wat betekenisvol binne 'n politieke sisteem gerig op pluralisme geïmplementeer kan word.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 bevat taalbepalings wat al die tale in Suid-Afrika bevorder en gelyke status gee, en word beskou as 'n "progressiewe" (Brock-Utne, 2002:12), "ambisieuse" (Englund, 2004:197), "revolusionêre" en die "mees demokratiese" taalbeleid in Afrika. In die konteks van die verwagtinge wat hiervolgens in die vooruitsig gestel word (Chisanga, 2002:95, 101), die aanbevelings van die LANGTAG-verslag (1996) en die daaropvolgende omslagtige proses en onsuksesvolle pogings om die taalbeleid te implementeer (Du Plessis, 2010), bevestig Kamwendo (2006:63) die bestaande leemteprobleem dat taal in werklikheid nie gesien word as 'n ontwikkelinge- en bemagtigingsagent nie, maar as 'n doel op sigself, 'n reg om af te dwing:

> ... that whilst there is a recognition of the critical role of language in national development, there is no meaningful attempt to incorporate the language factor into national, regional and continental socio-economic development plans. In South Africa ... the language question was not adequately taken on board the Reconstruction and Development Programme.

Dit kan dalk moontlik die rede wees hoekom die implementering van die taalplan in Suid-Afrika nie tot sy volle konklusie kan kom nie: Wanneer sosiale ontwikkeling ter sprake kom, is dit nie kommunikasiestrategieë wat belangrik is nie, of die beste keuse van tale om die nodige inligting aan die gemeenskap bekend te stel om hulle lojaliteit te verseker nie. As die struikelblok uit die weg geruim wil word, moet die diskoers verander word weg van taalregte na taal as bemiddelingsagent vir ontwikkeling. Indien taal dié doel is, impliseer dit dat taal 'n reg is; word taal 'n míddel tot 'n doel, word dit 'n funksionele instrument om mense te oortuig om 'n gemeenskaplike doelwit tot voordeel van die samelewing te verwesenlik.

Uit Du Plessis (2010) se kritiese inhoudsontleding van die wetsontwerp wat in 2003 bestem was om as die Suid-Afrikaanse Talewet (SAT) gepromulgeer te word, word dit ook egter duidelik dat die SAT, ten spyte van ernstige leemtes, in bepaalde opsigte voldoen aan die vereistes van 'n nasionale taalwet. Met die nodige wysigings is daar 'n saak uit te maak vir die herindiening van die konsepwet ten einde die Suid-Afrikaanse regering in staat te stel om sy wetlike mandaat betreffende die regulering en monitering van sy gebruik van die ampstale deur te voer (Du Plessis, 2010:65).

Die impasse sloer oënskynlik voort alhoewel die DAC as "voorvegter van multitaligheid" hom steeds ten doel stel om beleid (wetgewing?) te gebruik om dit as doelwit te bevorder: "The Minister had advised that the Department already had the legislation in draft form and that

the Department should refer it to the Cabinet for a decision on how to deal with it. This was a very important and high priority matter. However, Bills had to be presented through the various processes" (DAC, 2010).

Die aanbevelings van die LANGTAG-verslag loop op 'n langdurige, ingewikkelde, verwikkelde, verwarrende en uiteindelik oënskynlik vrugtelose proses om 'n konseptaalbeleid en taalplan – die "Suid-Afrikaanse Talewet" (South African Languages Bill – SALB) te formuleer en in werking te stel (Combrink, 2006; Du Plessis, 2010; Kamwendo, 2006). Eers op 2 Junie 2011 na die "betreurenswaardige hofsaak" (DAC, 2011) tussen Lourens en die President van die Republiek van Suid-Afrika en andere om die regering te sensitiseer omtrent "... the need to honour the Constitution and cater for the linguistic needs of all … communities (DAC, 2011; loop dit uit op die verklaring dat die DKK "... would, this year, submit the South African Languages Bill to Parliament for processing (DAC, 2011).

Na aanleiding van hierdie hofgeding (Lourens/President van die RSA, Saaknommer 49807/09, wat op 16 Maart 2011 in die Noord-Gautengse Hooggeregshof, Pretoria met die hierna-gemelde bevel gelewer is) is die SA Talewet op 12 Oktober 2011 amptelik in die Staatskoerant, nr. 34675 gepubliseer (SA, 2011).

Die Wetsontwerp (gebruik van amptelike talewet, GATW) dien op 14 Junie 2012 in die Nasionale Vergadering en is 'n poging om te voldoen aan die vereistes gestel in artikel 6(4) van die Grondwet, naamlik dat die nasionale regering die gebruik van amptelike tale moet reguleer en monitor deur middel van wetgewende en ander maatreëls. Dit is egter steeds 'n baie vae wetsontwerp wat eintlik niks doen vir die bevordering van veeltaligheid en die gelykwaardige behandeling van al die amptelike tale nie (Brand, 2012).

Lourens (2012) wys daarop dat verskeie taalorganisasies onder leiding van die Afrikaanse Taalraad omvangryke en sinvolle grondwet-getroue voorstelle gemaak en kommentaar gelewer het. Ten spyte hiervan het die ANC egter hierdie insette van die tafel gevee, trouens, die talewet is "ongrondwetlik" deur die Parlement gejaag. Van die uitmuntende voorleggings wat op 17 en 18 Januarie 2012 voor die portefeulje-komitee van die Departement Kuns & Kultuur van gedoen is, is min of niks gebruik nie. Dit bly dus "'n swak wet" (Lourens, 2012): die wortelbepaling van die Grondwet, 1996 vir die taalwet, synde artikel 6(4) vereis dat die Nasionale Regering sy gebruik van die amptelike tale deur wetgewing moet reël (reguleer/voorskryf) en monitor. In die GATW is wel van monitering sprake, maar nie van regulering nie.

Die voorskrywende bepalings ontbreek; daar is hoogstens 'n herhaling van die grondwetlike taalartikel wat nie voldoening daarstel nie: byvoorbeeld, waar, onder watter omstandighede en wanneer is die publiek geregtig op kommunikasie, vorms, byvoorbeeld aansoekvorms vir lisensies, tenderdokumente, belastingvorms, ensovoorts, in hulle amptelike taal? Die Minister kry 'n diskresie sonder perke, hoewel sub-artikel 6(3)(a) van die Grondwet beperkinge daarstel, maar dit moet in beleide, wat klaarblyklik nog opgestel moet word, en waarvoor 'n ekstra 18 tot 24 maande grasie gegee word, daargestel word (Lourens, 2012).

Volgens Lourens (2012) dit is nie wat artikel 6(4) van die Grondwet vereis nie; daar is geen voorsiening gemaak vir afdwingingsmaatreëls nie; die klagteprosedure, wat nie in die wet vervat is nie, maar nog in beleidstukke ingevoeg moet word, sal waarskynlik eers uitgeput

moet word voordat ’n hof genader kan word. Lourens (2012) voorspel, soos dit reeds met die Gelykheidswet gebeur het, waarvolgens die Parlement ’n aanvanklike drie jaar gegee het om gemelde wet te laat vertaal en met twee jaar verleng het, en ’n hofaansoek na twaaf jaar deur Lourens (vergelyk hier bo) om dit af te dwing, weer uitstelle van die Minister met verlengingsversoeke. Die huidige konsep-taalwet blyk gevolglik ongrondwetlik te wees.

Die duidelik omslagtige en langsame proses gaan sy gang: die regering van die Wes-Kaap wil die talewet hof toe neem; Lourens is voornemens om dit na die Noord Gauteng se Provinsiale Afdeling te neem weens minagting van die hofbevel. Hoe meer howe uitsprake hieroor kan gee, hoe beter en hoe meer regsekerheid kan so geskep word. Dit is veral indien daar oor die terme “amptelikheid”, “gelyke aansien” en “billike behandeling” in artikel 6(4) uitsluitsel gegee kan word. Die wet kan tans slegs as ’n eerste treetjie in die regte rigting beskryf word. Die vraag bly steeds of die wet die taalbedeling vir die Nasionale Regering reguleer? (Lourens, 2012).

4.5.4.5 Politiek en wetgewing: die Suid-Afrikaanse Talewet-hofgeding

Die beoogde Suid-Afrikaanse Talewet stel hom ten doel om die gebruik van die amptelike tale te monitor ooreenkomstig Artikel 6(2) en 6(3) van die Grondwet om die grondwetlike vereistevan veeltaligheid te bevorder. Opgestel in 2004 is die Wetsontwerp deur die Kabinet aan die Departement teruggestuur met die versoek om multitaligheid deur “non-legislative means” te bewerkstellig (DAC, 2010). Die uitspraak van regter Ben du Plessis na aanleiding van die Suid-Afrikaanse Talewet-hofgeding (Lourens vs. Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a. Uitspraak. 49807/09. Noord-Gautengse Hooggeregshof, 16 Maart 2010) gee aan die voortslepende taalwetgewing ’n núwe impetus.

In ’n deurslaggewende beleidsbepalende verwikkeling is die Suid-Afrikaanse regering op 16 Maart 2010 in ’n sogenaamde “waterskeidingsuitspraak” deur die hooggeregshof beveel om binne twee jaar sy grondwetlike plig met betrekking tot die gebruik van die amptelike tale na te kom en sy eie gebruik van amptelike tale te reël en te monitor. Die uitspraak kom in ’n hofaansoek wat Cerneels Lourens, ’n prokureur van Brits, teen die regering ingedien het (Versluis, 2010).

Versluis (2010) voer aan dat die President, Minister van Kuns en Kultuur en die Minister van Grondwetlike Ontwikkeling (die “Minister van Justisie”) gesamentlik en afsonderlik versuim het om ’n Nasionale Taalwet, soos vereis in subartikel 6(4) van die Grondwet, saamgelees met item 21 van Skedule 6 van die Grondwet, saamgelees met artikel 237 van die Grondwet, binne ’n redelike tyd te finaliseer en te laat promulgeer (Lourens, 2010; Versluis, 2010).

Indien Suid-Afrika werklik “one of the rare nations in the world that recognise as fundamental the linguistic rights of individuals and groups” is (Faingold, 2004:12), laat die huidige regering, aldus Lourens (2010) en Versluis (2010) na om kragtens Artikel 6(4) van die Grondwet deur wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale te reël en te monitor.

Du Plessis (2010:90-91) beklemtoon die feit dat die opdrag nie is dat die Suid-Afrikaanse Talewet (SAT) as nasionale taalwet gepromulgeer word nie, wat die vraag laat ontstaan oor watter “wetgewende apparatuur” die betrokke minister kan aktiveer om aan die bevel gehoor te gee. Ander lande wat die waarde van ’n nasionale taalwet as sentrale wetlike intervensie

ingesien het en waar sukses behaal word met die daarstel van nuwe taalregimes sou as inspirasie kon dien vir oplossings: “Naas die simboliese belang van ’n nasionale taalwet is dit wetgewing wat sigbare veranderinge ooreenkomstig die nasionale ideale van die land kan bewerkstellig” (Du Plessis, 2010:90).

Wetlike intervensie by taal word meestal geassosieer met taalwetgewing, ’n konsep wat Turi (1993:6) omskryf as “legal language obligations and language rights” wat daargestel word met die doel om aangewese tale te beskerm, verdedig of bevorder. Die feit is egter dat die Grondwet reeds per verklaring simboliese gelykheid waarborg, ’n gegewe wat vir die Suid-Afrikaanse regering as voldoende “wetgewing” kan dien tot die erkenning van waardigheid van en respek vir die nasionale ideale van die land.

Die belang van die uitspraak in die saak tussen Lourens en die regering is dat daar ’n afsny-datum gestel is vir wetgewende en ander maatreëls waaraan die nasionale regering móét voldoen om praktykgerigte meertaligheid in die openbare sektor ’n realiteit te maak (Versluis, 2010). Die algemene siening onder die meeste rolspelers is dat hierdie verwikkeling opnuut die onus plaas op die Suid-Afrikaanse regering en sy uitvoerende gesag, die Nasionale Taaldiens in die Departement van Kuns en Kultuur, om die politieke wil aan die dag sal lê om die nodige maatreëls te tref om gestalte te gee aan Suid-Afrikaners se grondwetlike reg om die billike gebruik van die amptelike tale en verwante taaldienste te verseker.

Dit skep ook weereens die verwagting onder taalpraktykgeledere dat ’n taalbeleid wat die taalprofessies positief kan beïnvloed, binne die volgende twee jaar die lig kan sien. Dit sou dan ook die professionaliseringsproses van die taalpraktyk momentum te gee.

Die promulgering van ’n nasionale taalwet is egter nie ’n grondwetlike vereiste nie, aldus die hofuitspraak van regter Ben du Plessis (Versluis, 2010), en die idee van ’n “taalreg” so ongewoon dat dit juridies ’n onvaste begrip is en nie ’n afdwingbare beginsel nie (Alexander, 2001:116-117; 120).

Of ’n nasionale taalwet sukses behaal as wetlike intervensie by die implementering van ’n taalbeleid, en onder watter omstandighede sodanige sukses behaal word (Du Plessis, 2010)? Die verengelsingsbeleid wat Somerset in die negentiende eeu in die Kaapkolonie deur middel van wetlike intervensie deurgevoer het, was onsuksesvol: Afrikaans en IsiXhosa het nooit verdwyn nie; maar ’n soortgelyke beleid in Wallis en Ierland was wel nadelig vir Iers en Wallies. Die tweetaligheidsbeleid van België (Vlaandere) soos dit in 4.3 ter sprake kom, is ook sprekend van ’n praktyk-geïmplementeerde taalbeleid, en kan voorgehou word as ’n voorbeeld van ’n funksionele oplossing vir die oënskynlik moeilik implementeerbare taalbeleid in Suid-Afrika. Die moontlikheid van die afdwingbaarheid van ’n viertaalbeleid in Suid-Afrika bestaan ook wel. Indien die regering inderdaad ’n verpligting op hulleself neem om altyd in vier taalgroepe te kommunikeer, kan die situasie ook tot ’n mate beredder word.

Historiese voorbeelde van taalwette wat metterjare wel suksesvol geïmplementeer is, is die Walliese, Kanadese en Baltiese taalwette en dit is duidelik dat “die opstellers van die *SAT* inderdaad kers gaan opsteek het by ander lande waar nasionale taalwette suksesvol geïmplementeer word” (Du Plessis, 2010:70-76).

Uit Du Plessis (2010:6-73) se vergelyking van Walliese, Kanadese en Baltiese taalwette na aanleiding van 'n tipologie van beginsels by taalwetgewing is dit duidelik dat die *SAT* as wetsontwerp oorwegend voldoen aan die vereistes van 'n nasionale taalwet. Die leemtes wat wel bestaan, sou in 'n hernieude beraadslagingsronde reggestel kon word. 'n Saak kan uiteindelik dus uitgemaak word vir die heroorweging van die *SAT* as nasionale taalwet vir Suid-Afrika ten einde uitvoer te gee aan die grondwetlike opdrag dat die regering sy gebruik van amptelike tale sal reël en monitor deur middel van wetgewende en ander maatreëls (Du Plessis, 2010:91).

Indien bepaalde taalbeleidswetgewing wel deurgevoer word, is die vraag of dit die struikelblokke tot die professionalisering van die taalberoepe uit die weg sal ruim? Is 'n taalbeleid in beginsel dus dié instrument wat die omgewing gaan skep waarbinne die professionalisering van die taalpraktyk sy loop kon neem en deurgevoer kan word? Indien die implementering van 'n talewet nie gaan bydra tot die sukses van die professionalisering van die taalberoepe nie, dan hoef die implementering van 'n taalbeleid nie soveel gewig te dra om vir die professionaliseringsinisiatief deur te voer nie. Die implikasie is dat professionalisering op 'n ander wyse deurgevoer moet en kan word.

4.5.4.6 Politiek en wetgewing: die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT – Pan South African Language Board – PanSALB[104]) is in die lewe geroep ingevolge die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad Wet 59 van 1995, gewysig as die as PanSAT Wysigingswet van 1999 ooreenkomstig die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 106 van 1996).

Die deurvoering van hierdie Wet is op sigself 'n mylpaal, en alhoewel PanSAT grotendeels as "taalwaghond" funksioneer, loop dit tans toenemend gevaar om bloot 'n sigbare vergestalting van 'n simboliese funksie te word.

In die Departement Kuns en Kultuur, belas met die opdrag vir die implementering van taalbeleid in Suid-Afrika, is dit PanSAT se taak en verantwoordelikheid om veeltaligheid te begunstig (PanSALB, 2010b:8) deur:

- voorwaardes te skep vir die ontwikkeling van en die gelykwaardige gebruik van al die amptelike tale;
- respek te kweek vir die gebruik en bevordering van ander tale in die land, en
- die optimale gebruik van die land se taalhulpbronne ondersteun, ten einde Suid-Afrikaners in staat te stel om hulself te bevry van alle vorme van talige diskriminasie, dominansie en verdeeldheid en hulle in staat te stel om hulle gepaste taalkeuses uit te oefen vir hulle eie welsynsowel as vir nasionale ontwikkeling.

PanSAT is hoofsaaklik verantwoordelik vir die taalkorpusbeplanning, uitgevoer via sy elf leksikografiese eenhede, wat woordeboeke vir die amptelike tale ontwikkel, sowel as deur sy veertien nasionale taalliggame, wat verantwoordelik is vir die standaardisering en die bevordering van die amptelike tale, die ontwikkeling en bevordering van die Khoi- en San-tale en Gebaretaal, en vir die bevordering van die sogenaamde Erfenistale. Dit is egter ook

[104]Alle inligting beskikebaar op PanSALB-webblad http://www.pansalb.org.za/pansalbhistory.html Vergelyk ook die bespreking in 4.5.4.5.

betrokke by taalstatusbeplanning deur middel van sy taalbeleidsadviserende rol en ook deur middel van sy bemiddeling van taalregte (vergelyk Carstens, 2006).

Uit 'n ontleding van PanSAT se aktiwiteite tussen 1996 en 2004 kom Beukes (2004b:6; vergelyk ook Carstens, 2006) tot die slotsom dat PanSAT hom op daardie stadium in periode van konsolidasie bevind. Die substrukture soos vereis deur die PanSAT Wet, soos gewysig, is onder moeilike omstandighede tydens die eerste vyf jaar van die Raad se bestaan in plek gestel. Hierdie jong strukture is nou, sommige tot 'n groter en ander tot 'n mindere mate, funksioneel. Groot taalnavorsingsprojekte, insluitende 'n nasionale sosiolinguistiese baanbrekersopname van taalgebruik in Suid-Afrika, is voltooi. Die PanSAT-substrukture wat ingestel is, is sonder twyfel deurslaggewende instrumente in die verwesenliking van die Raad se mandaat. Hierdie strukture is potensieel die sleutel tot die effektiewe implementering van grondwetlike meertaligheid (Provinsiale Taalkomitees) en die volhoubare ontwikkeling van die amptelike tale (Nasionale Taalliggame en Nasionale Leksikografiese Eenhede).

Beukes (2004b:6) maak 'n appèl op die kritiese verantwoordelikheid van die Raad om Suid-Afrika se veeltalige toekoms te verseker:

> However, delivering through this basic infrastructure, partnering with government's National Language Service (NLS) and creating the necessary incentives for *growth* over the next decade is critical if the stature and legitimacy of the Board as a pivotal language management agency in South Africa is to be secured. This is arguably the major challenge facing the Board. South Africa's multilingual future could be dependent upon this.

Hoewel PanSAT as 'n statutêre liggaam in die lewe geroep is ooreenkomstig Wet 59 van 1995, gewysig deur Wet 10 van 1999 in Artikel 6 van die Grondwet van Suid-Afrika met 'n mandaat om die elf landstale te ontwikkel en veeltaligheid in Suid-Afrika te bevorder, word dit allerweë aanvaar dat die hele PanSAT-inisiatief uitloop op 'n mislukking: "Die grondwetlike belofte dat tale gelyke behandeling kry en ontwikkel word, loop op niks uit nie" (Leon, 1998:3). Met sy abrupte bedanking as ondervoorsitter uit PanSAT lê Neville Alexander, een van die voorste stryders vir taalgelykheid en die ontwikkeling van inheemse tale in Suid-Afrika in die taalpolitieke geding, die blaam vir die mislukking vierkantig voor die deur van die Regering met die aantyging dat "die politieke wil [wat] ontbreek om veeltaligheid te verwerklik" PanSAT so aan bande lê dat die liggaam nie behoorlik sy werk kan doen nie (Thompson & Kotzé, 1998; vergelyk ook Beukes, 2011a; Carstens, 2006b:12-13; Heugh, 2003; Mwaniki, 2004:88-89; Perry, 2003:195).

Die kwessie is: Waarom is 'n regeringsliggaam belas met een van die deurslaggewendste take in 'n nuwe bedeling op die lang duur nie in staat om sy mandaat uit te voer nie? Ten opsigte van die verband met die statutêre erkenning van die taalberoepe: Indien die eerste stap nie geneem kan word nie, is dit onwaarskynlik dat 'n tweede stap ten uitvoer gebring kan word. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word, en enkele tersaaklike verwikkelinge word vervolgens uitgelig.

"Territoriale gevegte" binne die Departement Kuns en Kultuur tussen verskillende individue met verskillende, verskuilde en minder verskuilde politieke agendas dra onder meer daartoe

by dat die aanvanklike entoesiasme waarmee die Raad begin om sy mandaat uit te voer oor die afgelope jare sigbaar verflou (Perry, 2003; Heugh, 2003; Beukes, 2011a).

Hierdie "territoriale gevegte" tussen amptenary het betrekking op onderlinge politieke magsgeskille in die Departement na die aanstelling van partypolitieke verteenwoordigers oor die hele politieke spektrum na die ontbinding van die Regering van Nasionale Eenheid. Die verskillende opeenvolgende administratiewe veranderinge en party-politieke aanstellings in die uitvoerende arm van die regering na die ontbinding van die RNE[105], gee direk aanleiding tot hierdie territoriale gevegte, politieke verdagmaking van sommige rolspelers en politieke magspeletjies. Die proses sou moontlik anders verloop het indien daar nie opeenvolgende politieke aanstellings in die amptenary binne die Departement Kuns en Kultuur was nie, omdat daar aanvanklik goeie samewerking was tussen lede wat deur daadwerklike optrede die plan in werking wou stel.

In die ANC staan hierdie verskynsel bekend as 'n "targeted cadre development programme" gemik op "building minimum standards for deployment in government structures" (ANC, 2010); en wat Mbeki (2002) beskryf as "the need for a concerted programme of cadre development to raise the level of political development of all our members". Dit is 'n beleid wat impliseer dat lojaliteit aan die party swaarder weeg as bevoegdheid vir die taak wat verrig moet word.

Enkele voorbeelde uit mediaverslae, en kritiek uit opposisie- en selfs portuurgeledere teen "cadre development", bevestig die breër strekking van die negatiewe persepsies en kommentaar teenoor en teen PanSAT soos hierbo beskryf:

- Lorimer (2011)[106] beskryf die voortgesette bevordering van 'n ANC "cadre" ten spyte van 'n "consistent record of failure", en kritiseer dit as 'n prioriteitsbeleid wat op die lang duur ondoeltreffend en ondoelmatig is, en munisipale regerings tot mislukking doem.
- Trollip (2009)[107]wys op die impak van die beleid op die standaard van dienste aan die gemeenskap: "The ANC's cadre development policies have compromised service delivery standards and needs (sic) for the good of the country to be reconsidered."
- Ditshego (2010) meen die optrede van 'n ANC-jeugleier verongeluk die ANC-visie: "If the ANC is trying to be an organisation that encourages a culture of grooming young educated cadres, intellectual debates, a healthy political discourse, politics that address our national challenges and a non-racial society, then the current ANCYL [108] must epitomise such an aspiration. If we want to groom leaders who can bring a nation together ... we must emphasise the need to modernise cadre development."

Swepu (2010:5)[109] skryf die mislukking van die uitvoering van die PanSAT-mandaat toe aan die gebrek aan befondsing en veral aan die gebrek aan 'n taalwet (in PanSALB, 2010b:5):

> PanSALB welcomed the ruling by the High Court that government must pass a Language Act for South Africa within a specified timeframe. One of the most challenging impediments

[105] Die heel eerste Minister was 'n Inkatha Vryheidspart-lid (dr. Ben Ngubane) en sy Adjunkminister was uit die ANC (Winnie Mandela). Daarna is dr. Ngubane weggeskuif KwaZulu-Natal toe en vervang met Mtshali (ook IFP) totdat dr. Ngubane na 'n jaar of twee weer as minister aangestel is. Dus, die Inkatha Vryheidsparty was 'n hele paar jaar aan die stuur, maar die DG's was deurentyd ANC-lede.
[106]Verklaring van James Lorimer MP, DA skaduminister van *Co-operative Governance and Traditional Affairs*.
[107] Athol Trollip, parlementêre leier van die Demokratiese Alliansie.
[108] *ANC Youth League*
[109]Huidige HUB van PanSALB

> to the execution of our mandate is the fact that our country has not yet adopted a Language Act. PanSALB hopes such legislation will put us in a position to enforce compliance. We currently experience many instances where public institutions do not even respond to our queries about linguistic human rights violations. Apart from publishing the names of such institutions in the Government Gazette, we have little recourse.

PanSAT is nie by magte om daadwerklik teen taalskending op te tree nie, deels as gevolg van die afwesigheid van toepaslik afdwingbare wetgewing. Die feit dat PanSAT reeds oor jare onvoldoende befonds is (en steeds word), dra daartoe by dat dié liggaam geen sinvolle projekte kan aanpak en afhandel nie. Dit is tans in wese 'n werkverskaffingsburo vir amptenare en nie veel meer as dit nie. Dit is dan ook geen wonder nie dat reeds oorweeg word om PanSAT tot niet te laat gaan en in die artikel 185-kommissie[110] te laat opgaan nie (Carstens, 2011b).

Perry (2003:195) lê die blaam vir PanSAT se ex facie-mislukking weereens voor die deur van regeringsgedragskodes:

> PanSALB ... has shown itself to be largely ineffective, primarily as a result of its inability to enforce recommendations against recalcitrant duty-bearers. It must be said, however, that government bears some of the blame for its very resistance to the spirit of PanSALB's mandate. PanSALB also shows itself to be a manufacturer of docile bodies, in that it has encouraged the belief that language rights are protected to a degree much greater now than in the past, when in fact they are not. PanSALB thus threatens to suffocate vigilance on the question of language rights protection by lulling civil society organisations into a false sense of security, co-opting their purpose without effectuating their ends.

Uit die PanSAT-Jaarverslag 2009-2010 (PanSALB, 2010a) is dit duidelik dat die Raad ook te kampe het met administratiewe probleme en wanbestuur[111], besorg is oor klagtes oor die skending van taalmenseregte vanuit "een taalgroep" (Ngubane, 2010:3) wat 'n gebrek aan taalmenseregte demonstreer vanuit inheemse taalgroepe. Hierdie saak geniet "aandag-voorkeur en word pro-aktief behandel".

Bykomend tot PanSAT bestaan daar die Nasionale Taaldiens wie se funksies vervolgens ter sprake kom in die konteks van die professionele projek van die taalpraktyk in Suid-Afrika.

4.5.4.7 Politiek en taaldienste: die Nasionale Taaldiens en Taalbeleidsraamwerk

Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk is die resultaat van uitgebreide onderhandelinge tussen verskeie rolspelers sedert 1995, en die Nasionale Taaldiens speel 'n leidende rol in die formulering van 'n nasionale taalbeleid en in die verskillende fases van wetgewing. Dit beplan die totstandkoming van die South African Language Practitioners' Council wat die taalpraktyk in Suid-Afrika as taalprofessie moet reguleer, waarvan daar in Januarie 2012 egter nog niks tereg gekom het nie.

---

[110] Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe [artikel 185] en [artikel 186] van die Grondwet van SA. http://www.fwdeklerk.org/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news&cat=1694&cause_id=2137

[111] Op 20 Februarie 2009 het die Raad sy uitvoerende hoof, mev. Ntombenhle Nkosi, geskors hangende 'n forensiese ondersoek. Bewerings vanwanbestuur teen haar is ondersoek (Ngubane, 2010:3), en sy is intussen afgedank.

Die NTD se primêre verantwoordelikheid ten opsigte van taal en taalsake in Suid-Afrika is geleë in statusbeplanning, uit hoofde van sy funksie in die Departement Kuns en Kultuur (DKK). Voor 1994 was die NTD verantwoordelik vir taaldienste aan die regering (vertaling en teksredaksie). Die NTD is ook betrokke in korpusbeplanning, veral ten opsigte van terminologie-ontwikkeling. Daarbenewens bied die NTD ook sekretariële bystand aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name (Alberts, 2000; Alberts, 2011; Carstens, 2006a; Cluver & Scheffer, 1984; PanSALB, 2011).
Alberts (2011) bied in die hieropvolgende bespreking noodsaaklike agtergrond tot die ontstaan en werksaamhede van die huidige Nasionale Taaldiens van die DKK.

Die Staatstaaldiens (vertalers) wat onder die Kuns en Kultuurafdeling van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DKKWT) geressorteer het, en die Nasionale Terminologiediens (NTD) (terminoloë) wat onder die Wetenskap en Tegnologieafdeling van die DKKWT geressorteer het (omdat wetenskapstaal se terminologie gedokumenteer is), is saamgevoeg as die Nasionale Taaldiens van die DKK.

Bo en behalwe die taaldiens van die staat was daar in die vorige regeringsbedeling verskeie terminologiekantore, byvoorbeeld by die Spoorweë, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Poskantoor, munisipale kantore, SAUK, Weermag, en so meer, wat almal in die Koördinerende Vaktaalraad (KOVAK) gedien het. KOVAK het die verskillende vaktaal-skeppende instansies saamgesnoer ten einde werksaamhede te koördineer en duplikasie uit te skakel. Dié liggaam is vervang deur die Nasionale Taaldiens wat tans die Terminologiekoördineringsafdeling by die DKK is.

Die aanbevelings in die RGN-verslag van Cluver en Scheffer (1984) het KOVAK opgehef tot die NTD wat veronderstel was om alle terminologiedienste te koördineer. Dit gebeur egter nie, grootliks as gevolg van te min opgeleide terminoloë. Boonop het talle instansies hulle eie taaldienste wat hulle eie instansies se terminologie versamel, byvoorbeeld StatsSA, Government Communication and Information System-kantoor van die Staatsregsadviseur (Departement van Justisie), munisipaliteite, provinsiale taalkantore, en so meer. Daar is ook verskeie privaat inisiatiewe, soos die Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale (SRTAT); die Sentrum vir Politieke en Verwante Terminologie (CEPTSA), en Prolingua (Alberts, 2000; Alberts, 2011; Cluver & Scheffer, 1984).

Voor die dertien nasionale taalliggame van PanSAT tot stand gekom het (ongeveer Desember 2001) was daar vir die meeste van die huidige amptelike Afrikatale ook Taalrade (Language Boards). Hierdie Taalrade het onder die destydse Departement van Bantoesake/Departement Onderwys en Opleiding gefunksioneer. Hulle lede was hoofsaaklik in die destydse tuislande gestasioneer en sommige tale, byvoorbeeld isiXhosa, het twee taalliggame gehad vanweë die tuislandbeleid. Vir Afrikaans was die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die standaardiseringsliggaam. Toe die nasionale taalliggame ontstaan het, is die bestaande taalrade in die nuwe nasionale taalliggame opgeneem – so het die lede van die Taalkommissie byvoorbeeld lede van die NTLA (Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans) geword. Nie al die lede van taalrade het egter outomaties lede van die nasionale taalliggame geword nie. Hulle moes genomineer word.

Daar is tans dertien nasionale taalliggame – een vir elk van die amptelike tale en een vir Khoi- en Santale en een vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL). Die SASL ontwikkel ook

terminologie. Hulle skep 'n gebaar vir 'n bepaalde konsep en dié word dan op 'n video geplaas en na instansies gestuur wat gebaretaal gebruik om die terme/gebare te standaardiseer (Alberts, 2002; Alberts, 2003:127-161).

Die Nasionale Taaldiens (NTD), wat in 'n postapartheidsbedeling ideaal gesitueer behoort te wees om die doelwit van funksionele multitaligheid te bevorder, word in 2001 'n hoofdirektoraat binne die Departement Kuns en Kultuur (Department of Arts and Culture – DAC) en stel hom ten doel om kommunikasie oor tale en kulture heen in postapartheid-Suid-Afrika te begunstig en te organiseer.

Die kern van die NTD se werksaamhede (DAC, 2003a, b) is om aan die taalvereistes van die Suid-Afrikaanse Grondwet te voldoen deur 'n vertaal- en nasiendiens in al die amptelike te verskaf ten einde kommunikasie oor tale heen te fasiliteer en te bevorder, en deur taaldiversiteit deur middel van taalbeplannings- en terminologieprojekte te bestuur. Die NTD fungeer as die regering se professionele taalsteunstelsel deur amptelike dokumente in al die amptelike tale te vertaal. Die terminologiediens van die NTD verleen hulp met die ontwikkeling en modernisering van die tegniese woordeskat van die amptelike tale. Die taalbeplanningswerksaamhede omvat die advisering van die regering oor die ontwikkeling van taalbeleid en oor implementeringstrategieë.[112]

Alhoewel die NTD eerstens die Suid-Afrikaanse regering se taaldiens is, is die oorhoofse taak van dié instansie die nakoming van konstitusionele obligasies ten opsigte van alle aspekte van multitaligheid en dus ook die taalpraktyk. Dit behels die bestuur van alle taalaangeleenthede in Suid-Afrika, en die ideaal is dat die beslissings van die direktoraat die status van taalpraktisyns in Suid-Afrika oor die algemeen behoort te verhoog sowel as om te verseker dat taalpraktykdienste van 'n aanvaarbare standaard is (DAC, 2007:2-3), 'n rol wat tradisioneel deur taalliggame in Suid-Afrika deur die eeue vervul is.

4.5.4.8 Nasionalisme en taal: die rol van taalliggame in Suid-Afrika

Taalliggame in Suid-Afrika speel in die twintigste eeu in Suid-Afrika 'n deurslaggewende rol in die sosiopolitiese kultivering en standaardisering van Afrikaans as nasionale taal. Etnolinguistiese vitaliteit word bevestig deur die totstandkoming en bevordering van taalbevorderingsliggame soos die Afrikaanse Taalgenootskap (1905), die Afrikaanse Taalvereniging en Onze Taal in 1908, en die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (1909) as teenvoeter vir die verengelsingsbeleid en die bevordering van Afrikanernasionalisme (Beukes, 2007b:245, 251). Hierdie taalliggame skep strategiese geleenthede vir vertalers in hierdie tydvak om as taalingenieurs – in die konteks van hierdie studie, kulturele taalmediators – 'n buitengewone rol te speel in die bevordering en mobilisering van Afrikaanssprekendes se nasionalistiese en politiese ideale in die loop van die daaropvolgende halfeeu.

[112] Alle terminologie is tans veronderstel om deur die nasionale taalliggame van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) se tegniese komitees vir Standaardisering nagegaan en goedgekeur te word in 'n poging om te verseker dat die spel- en skryfreëls en woordvormingsreëls van die betrokke taal nagekom word. Die NTLe en dus ook die standaardiseringskomitees kom egter slegs een maal per jaar byeen, met die gevolg dat al die werk nie behartig kan word nie. PanSAT is onder die wanindruk dat die NTLe die terminologie standaardiseer: 'n term word egter slegs gestandaardiseer as die meerderheid vakkundiges en taalkundiges dit gebruik om 'n bepaalde konsep te benoem (en dus te verteenwoordig), want slegs deur herhaalde gebruik penetreer die term en raak gevestig en sodoende gestandaardiseer. Geen instansie kan besluit dat 'n term gestandaardiseer is nie – al waaroor 'n komitee 'n waardeoordeel kan uitspreek, is of die term aan die besondere taal se woordvormingsbeginsels en spel- en skryfreëls voldoen (Alberts, 2011).

Beukes (2007b) gaan dan van die standpunt uit dat die respek vir die persoon van die vertaler en die welslae van hulle pogings om die strukturele beperkinge van hulle tyd die hoof te bied, as 'n riglyn kan dien vir die volstrek noodsaaklike uitbreiding van die sosiokulturele domeine van die inheemse tale in postapartheid-Suid-Afrika. Trouens, dit word so in die vooruitsig gestel in die visie van die NTD: "... om die Suid-Afrikaanse kultuur te ontwikkel en te bewaar en om sosiale kohesie en nasiebou te verseker"[113].

Dit is juis hier waar die probleem moontlik tans geleë is: Taal en volk/nasie was in die grootste gedeelte van die twintigste eeu in Suid-Afrika nou verweef. Die opkoms van Afrikaans as 'n literêre sowel as die amptelike taal van geletterdheid en opleiding was in die dekade na die Anglo-Boere-oorlog die segetog van Afrikanernasionalisme. In die woorde van D. F. Malan: "Raise the Afrikaans language to a written language, let it become the vehicle of our culture, our history, our national ideals, and you will also raise the people who speak it … The Afrikaans Language Movement is nothing less than an awakening of our nation to self-awareness and to the vocation of adopting a more worthy position in world civilization (Adam & Giliomee, 1979:106; Pienaar, 1964:175).

Taalliggame soos die De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Lettere en Kuns (gestig in 1909) en die Afrikaner Broederbond (1918) het in die na-oorlogse en postdepressiejare in Suid-Afrika almal 'n nasionalistiese, Afrikaanse ondertoon gehad. Taal word ook vir die wit, Afrikaanssprekende Afrikaner 'n bemagtigingsagent in die dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu, veral om die armblankevraagstuk op te los. Binne die konteks van 'n "blanje" Afrikaanssprekende Afrikanernasionalisme het dit sin gemaak: die geteikende groep wat bevoordeel moes word, kon almal gelyk binne die Afrikaanse taal bemagtig word.

Retrospektief gesien, was Afrikanernasionalisme aan Afrikanerontwikkeling gekoppel, dit was nie slegs 'n simboliese insentief nie. 'n Relatiewe ongeletterde en monotalige gemeenskap is die geleentheid gebied om die arbeidsmark te betree, om besighede te skep, om hulleself op te hef. Terminologie is ontwikkel om Afrikaans tot wetenskapstaal te verhef.

Tans is "die (Suid-Afrikaanse) volk" egter nie meer in terme van taal definieerbaar nie. Nasionalisme het 'n gedaanteverwisseling ondergaan, en ontwikkelingeagendas het verander. In die huidige Pan-Afrikanistiese nasionalisme, het taal 'n ander rol te speel in die huidige ontwikkelingeagenda en is boonop 'n nasionalisme wat nie taal insluit nie terwyl Afrikanernasionalisme taal in sy definisie ingesluit het. Hierdie uitgangspunt was nie slegs van toepassing op apartheid nie, die moderne Europese tale het almal gestandaardiseer en verhewe funksies bereik in die laat-Renaissance in die sestiende en sewentiende eeu as deel van 'n nasionalistiese opbloei (vergelyk ook die bespreking in 4.5.4). Taalnasionalisme loop saam met die opkoms van die Goue Eeu in Nederland – byvoorbeeld opstand teen die gebruik van Frans en Latyn; druk op akademici aan die Universiteit van Leiden om Nederlands in akademiese geskrifte te gebruik in stede van Latyn; druk op die kerk en vanuit die kerk vir die gebruik van die volkstaal, Nederlands, in die Protestantse Kerke met die Statenvertaling (1637) van die Bybel as uitvloeisel. Ooreenstemmende en naastenby simultane gebeure vind plaas in Frankryk, Engeland en Duitsland.

[113] Vergelyk http://www.dac.gov.za/vision_mission.htm

Die dilemma is dat taalontwikkeling dikwels met 'n opbloei van nasionalisme gepaard gaan (vergelyk Van Keymeulen, 2003), en as dit die geval is, gaan dit moeilik wees om spoedig resultate in hierdie verband in Suid-Afrika te verwag uit hoofde van die "anderse nasionalisme": nasionalisme wat Engels as instrument gebruik, maar wat nie spesifieke ander tale as embleme kan gebruik nie.

As Afrikaans kon ontwikkel, kan die Afrikatale dit ook doen (De Kadt, 2006). Vanuit die Afrikaanse taalorganisasies word dié gegewe voorgehou as 'n positiewe rolmodel, die wegbereider vir die ander tale in die proses van gemeenskapsontwikkeling.

De Kadt (2006) bied dan bepaalde, genuanseerde insigte uit "die storie van Afrikaans" as voorbeeld van die potensiaal van die Afrikatale om instrumenteel te wees in die kulturele ontwikkeling van die sprekers daarvan. Dit vermy ook die gevaar van 'n moontlike onbegrip vir die denke van ander partye in die huidige taalgeding, en voorkom 'n misrepresentasie van die Afrikaanssprekende partye se standpunt. Wat nodig is om die huidige onuitvoerbare taalbeleid te omskep in 'n potensiële sosiokulturele bemagtigingsagent is:

- 'n nasionaal-polities toegewyde regering;
- taalbetrokke provinsiale regerings wat die provinsiaal dominante tale bevorder (vergelyk ook Webb, 2009);
- polities-neutrale kulturele groepe en universiteite wat daadwerklik betrokke is in taal-ontwikkeling, en
- gerigte doelwitte van opleiding in die inheemse tale in die grondslag-, sekondêre en tersiêre fase.

4.5.4.9 Praktyk en taaldienste: die Language Practitioners Council Bill

'n Konsep vir 'n Language Practitioners Council Bill word in 2000 opgestel as deel van die Raamwerk vir die Nasionale Taalbeleid[114], 'n sentrale taalbeleidsdokument in Suid-Afrika (DAC, 2000a; DAC, 2002a, b), met die doel om 'n taalpraktykraad – die Language Practitioners' Council of South Africa – tot stand te bring: "To establish the Language Practitioners' Council of South Africa; to provide for control over the training, accreditation, and registration of language practitioners; and to provide for matters incidental thereto" (die sogenaamde South African Language Practitioners' Council Bill, SA, 2000; DAC, 2000a).

Hierdie Raad word in die vooruitsig gestel om die opleiding, akkreditering, en registrasie van taalpraktisyns te bestuur; standaarde te stel en te handhaaf; professionalisering van die taalberoepe te bevorder om die kwaliteit van taalprodukte te verbeter en te waarborg DAC, 2000a; DAC, 2003a, b). Hier was 'n egte sleutel waarmee 'n oplossing gesoek kan word na sinvolle oorreding om die Taalpraktisynswet deurgevoer te kry.

Die potensiaal van so 'n bestuursliggaam skep hoë verwagtinge onder taalakademici en taalpraktisyns, veral ten opsigte van sanksionering van die taalpraktyk as 'n professie in eie reg. Hierdie proses, waardeur die deelnemers beplan het om 'n taalberoepsliggaam/ bestuursliggaam/Raad vir die taalpraktyk te vestig met die Suid-Afrikaanse Talewet (South African Languages Bill – SALB) as die magtigingswet (om die noodsaak van verdere

[114]Die Raamwerk vir die Nasionale Taalbeleid (DAC, 2002a, b) vloei voort uit die LANGTAG-verslag.

wetgewing uit te skakel), word metterjare 'n spanningsvolle en frustrerende proses (Combrink, 2006:24-25) en dit is nie altyd duidelik wat die stand van sake is nie (vergelyk DAC, 2010).

Die feit van die saak is dat die "proses" reeds tien jaar aan die gang is, dat wetgewing ten opsigte van 'n taalberoepsliggaam tot op datum nog nie gerealiseer nie, waarskynlik omdat dit afhanklik is van die nasionale taalbeleid en dienooreenkomstige wetgewing wat sloer en "... because of the shortened parliamentary programme the Department wished to give priority to the Cultural Laws Third Amendment Bill and the Community Libraries Bill" (DAC, 2010). Die proses luier voort: "The Department was completing the business case for the council in consultation with the National Treasury. It would be the responsibility of the Department to nominate a council" (DAC, 2010). Dit help egter nie om 'n wet in te voer sonder om daarvoor te begroot nie, anders bly dit slegs vasgevang in 'n simboliese greep van wettiging.

Die allerbelangrike raadplegingsproses wat reeds in 1997 deur PanSAT begin is, die insette van die verskillende rolspelers wat hierby betrokke was (vergelyk Golele, 1998) en die daaropvolgende wetskryfproses, lewer nie die gewenste uitkoms nie en verander nie (aan) die huidige stand van sake nie.[115]

4.5.4.10 Beroepstatus en taal: SAVI in die politieke geding

Die Suid-Afrikaanse regering stel hom sedert 1994 ten doel om 'n professionele raad vir taalpraktisyns in die lewe te roep, 'n proses wat oënskynlik nie op dreef kom nie (vergelyk die bespreking hierbo). Taalpraktisyns wat in die taalpraktykmark hulle dienste wil lewer, sal verplig word om by die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI)[116] te registreer of te akkrediteer (SATI, 2007).

SAVI is die enigste beroepsliggaam wat 'n poging aanwend om 'n leidende rol te speel in die professionaliseringsinisiatief van taalpraktisyns – trouens, synde die enigste taalpraktykberoepsliggaam wat akkreditering bied vir praktisyns, wil dit voorkom of die Instituut allerweë aanspraak maak op en aanvaar word as dié beroepsliggaam vir taalpraktisyns – en stel hom ten doel om hoë standaarde van professionalisme te verseker deur akkreditasie en die aanname van 'n etiese kode[117]:

> **SATI is a professional association for language practice professionals in South Africa** ... **with the aim of giving the translator professional status and pride**, **and offering protection to both language practitioners and clients**. Although voluntary, its accreditation system is tightly controlled and widely recognised; accredited members can be expected to provide work of high quality. SATI members subscribe to a code of ethics that protects all parties involved. Members have assisted at numerous major international events and conferences.

[115] Met die afronding van hierdie studie kom die positiewe vewikkeling dat die Kabinet by sy vergadering van 17 Julie 2012 ingestem het dat die Wetsontwerp op die Raad vir Taalpraktisyns in die Parlement ter tafel gelê kan word. Die amptelike mediaverklaring lui dat die wetsontwerp onder meer voorsiening maak vir 'n raad wat die opleiding, akkreditasie en registrasie van taalpraktisyns sal hanteer. Die raad sal verseker dat standarde en norme in plek gesit word, en dat die kwaliteit en doeltreffendheid van vertaaldienste verbeter. (Oktober, A. 2012. Wet gaan kom om vertaalwerk te reguleer. *Die Burger*, 2012-07-20 03:00. http://www.dieburger.com/Suid-Afrika/Nuus/Wet-gaan-kom-om-vertaalwerk-te-reguleer-20120720).

[116] Vir 'n volledige bepreking oor die aktiwiteite van SAVI as taalpraktykberoepsliggaam in Suid-Afrika, vergelyk 4.3.5.

[117] *SA Conference Newsletter*. 05 Apr 2012. Editor"s pick of the week: Services. The South African Translators' Institute. http://3smedia-host2.pmailer.net/public/webversion/HAvZRrH5eSHDUEvp/EC3ySoowQJDaotKn/4716/123290/3241513. Vergelyk ook die inligting in hierdie verband op SAVI se webblad op http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1651

> SATI has been a member of the International Federation of Translators (FIT) since 1993 and has served on its council since 1996. A SATI member is the current president of FIT, reflecting SATI's international standing.

Gedurende die afgelope tien jaar intensiveer hierdie doelstelling veral, ten opsigte van die ontwikkeling en grondige vestiging van 'n akkrediteringstelsel, die ontwikkeling van 'n etiese kode en "... the whole laborious and in many ways unrewarding exercise of the PanSALB initiative to establish a professional council" (Combrink, 2006:25). Dié mislukking van die PanSAT-SAVI-inisiatief spreek van die konflik en/of botsende belange tussen PanSAT en SAVI.
SAVI se pogings om sedert 1997 in samewerking met PanSAT 'n proses te inisieer (vergelyk Golele, 1998) om 'n professionele beroepsliggaam vir taalpraktisyns tot stand te bring, stuur egter op die lang duur op 'n mislukking af (Combrink, 2006:25):

> This process, through which the participants thought a regulatory body could be established with the PanSALB Act as the enabling legislation (to obviate the need for introducing further legislation), has been a fraught and ultimately frustrating process. The process, which started in 1997, went through a large number of iterations and stages, and seems at the moment to have languished ... It is unfortunate that an initiative that could lead to the establishing of a professional body that could really see to the interests of the members could not get off the ground at least partly as a result of language politics.

Combrink (2006:25) skep moontlik in hierdie konteks 'n geïdealiseerde beeld van SAVI met die stelling: "SATI has continued to fulfil the role of champion of language practitioners [in South Africa] ..." deur met 'n beleid van funksionele multitaligheid 'n pad met taalpraktisyns in 'n die veeltalige sosiokulturele van hedendaagse Suid-Afrika te stap. Om 'n revisionistiese oorinterpretasie van die geskiedenis te vermy, is dit noodsaaklik om te bepaal waarom SAVI dit tot dusver nog nie reggekry het om statutêre erkenning te verkry nie.

Nietemin, dit is "betreurenswaardig" (Combrink, 2006:25) dat 'n inisiatief wat kon lei tot die vestiging van 'n professionele beroepsliggaam wat die belange van taalpraktisyns in Suid-Afrika kon behartig in die strewe na professionalisering, nie van die grond af kon kom nie, deels as gevolg van taalpolitiek in Suid-Afrika.

Die PanSAT-SAVI-inisiatief was 'n daadwerklike poging om aan SAVI professionele status te gee wat misluk het.Die vernaamste rolspeler in hierdie inisiatief was die regering en SAVI is uit hoofde van sy pogings tot beroepsregulering in hierdie onderhandelingsproses betrek (Beukes, 2011a). SAVI het nie die inisiatief geneem nie, en was nie die leidende vennoot nie. Die afleiding kan gemaak word dat dit 'n PanSAT-inisiatief was wat misluk het. Die oorhoofse verhouding het ontspoor tussen twee agente van die regering, naamlik NTD en PanSAT, die taalbeplanningsagent van die regering, en daarna berus die onderhandelings-inisiatief – of gebrek daaraan – by PanSAT waarvan daar dan tot dusver niks tereg gekom het nie (vergelyk in hierdie verband ook die bespreking oor PanSAT in 4.5.3).

Gegewe die historiese agtergrond waarin SAVI sy ontstaan het (gestig as 'n organisasie om Afrikaans te bevorder in die konteks van Afrikaans se strewe na gelykberegtiging met Engels) en die moontlikheid bestaan dat 'n negatiewe openbare beeld in die breër gemeenskap (vergelyk ook die bespreking in 4.5.4), bestaan die moontlikheid dat daar onder die groter taalpraktisyngemeenskap 'n ander persepsie van SAVI bestaan, ten regte of ten

onregte, as die missie van die Instituut[118]. Indien SAVI se openbare beeld wel die rede is vir hulle onsuksesvolle ideaal, moet dit in die geheelbeeld van struikelblokke tot die professionalisering van die taalberoepe in Suid-Afrika tereg kom. As dit in feite nie die persepsie onder die taalpraktisyngemeenskap is nie, soos uit die literatuur duidelik behoort te word, is die struikelblok kwaadwillige verdagmaking van 'n groep mense wat uit voeling is met die realiteit. Taalpraktisyns in 'n gevestigde beroepsomgewing (in die finale instansie die Engelse en Afrikaanse taalpraktisyns) bevind hulle op 'n beroepsontwikkelingetrajek wat sal baat vind by die professionele projek, anders as die praktisyns wat in die ongevestigde Afrikataalpraktyk werk, en wat op hierdie stadium nie sal baat vind by akkreditering aan 'n beroepsliggaam nie. Die gevestigde belange word dan as konserwatief gewaan, elitisties en uitsluiting, en die voortgesette uitsluiting van minderhede (in hierdie geval die meerderhede).

Tot op datum het SAVI nog nie statutêre status nie en akkreditering by SAVI is ook nie verpligtend of afdwingbaar nie, met die gevolg dat daar in 2011 230 (Boers, 2010) geakkrediteerde taalpraktisyns in Suid-Afrika is sonder enige beroepstatus of beskermde titel.

Die ongelukkige gevolgtrekking is dan dat die ideaal van professionalisering van die taalberoepe in Suid-Afrika deur middel van die statutêre erkenning van SAVI nie binne die afsienbare toekoms gaan realiseer nie. Wat egter in die vooruitsig gestel kan word met die professionaliseringsinisiatief en wat die taalpraktykagensie oënskynlik in isolasie moet probeer regkry, is enersyds kwaliteitpraktyke, professionele tariewe, beroepsgerigte opleiding, en prakties uitvoerbare etiese kodes. Andersyds kan 'n informele registrasieproses die tweede beste opsie wees: 'n proses waarin taalpraktisyns kiés om by 'n professionele beroepsliggaam (vergelyk die bespreking in 4.6) te akkrediteer omdat hulle sélf hulle professionele status wil erken.

SAVI se mediaverklaring[119] ter ondersteuning van die Hooggeregshofsuitspraak in die SALB-hofgeding op 16 Maart 2010 waarin die regering beveel is om binne die volgende twee jaar sy grondwetlike verpligtinge met betrekking tot die gebruik van die amptelike tale na te kom[120] (vergelyk ook die bespreking hierbo), is enersyds sprekend van die Instituut se voortgesette ondersteuning vir die Suid-Afrikaanse regering om 'n taalbeleid vir die billike gebruik van die amptelike tale te implementeer. Andersyds is dit tekenend van die dinamiese rol wat SAVI kan speel in die professionaliseringsproses van die taalpraktyk, en die belang wat die Instituut heg aan professionele taaldienste, mits dit die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid van 'n professionele beroespliggaam kan aanvaar.

4.5.4.11 Samevatting

Indien in ag geneem word dat daar in die Langtagverslag (LANGTAG, 1996:191) tot die gevolgtrekking gekom is dat die opheffing en verskaffing van taaldienste in die onderskeie Suid-Afrikaanse tale 'n rol speel in die standaardisering en uitbreiding van die multitalige postapartheidsbestel wil dit voorkom of die klem oor die afgelope tien jaar te sterk fokus op die diskoers van taalregte in stede van op oorleg om van taal die bemiddelingsagent tot hierdie ideaal te maak.

---

[118] In die lig van sy leuse, *Per interpretes pons conditur*, is die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut daartoe verbind om 'n bydrae te lewer in 'n veranderende gemeenskap deur te help om brûe tussen mense en groepe te bou en in die gemeenskap 'n bewustheid van die behoefte aan doeltreffende kommunikasie te kweek (SATI, 2007. Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut: SAVI se missieverklaring. http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1651)

[119] SAVI Bulletin X/3, 2010. Beskikbaar op http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/bulletin_03_2010_afrikaans_english.pdf

[120] Na aanleiding van 'n regsaansoek wat mnr. Cerneels Lourens, 'n prokureur van Brits, teen die Suid-Afrikaanse regering ingestel het.

Hoewel die LANGTAG-verslag uiteindelik dan die positiewe alternatief bied van die beleidsmoontlikhede wat bestaan tussen taal en gemeenskapsontwikkeling, is die algemene opvatting dat die aanbevelings van LANGTAG uitloop op 'n langdurige, ingewikkelde, verwikkelde, verwarrende en uiteindelik oënskynlik vrugtelose proses om 'n konseptaalbeleid en taalplan – die Suid-Afrikaanse Talewet – te formuleer en in werking te stel (Combrink, 2006; Du Plessis, 2010; Kamwendo, 2006).

PanSAT, Suid-Afrika se enigste taaltoegewysde liggaam, bied geen insentief tot etniese mobilisasiestrategieë nie, slaag nie daarin om tale of sogenaamde taalregte te beskerm nie, maar dien bloot as 'n arbitrêre regeringstruktuur wat die samelewing koöpteer en die man in die straat sosiaal ontmagtig in plaas van bemagtig (Perry, 2003).

Beide die South African Language Practitioners' Council Bill en die Suid-Afrikaanse Talewet is vir die afgelope elf jaar hangend, kwynend. Die Suid-Afrikaanse Talewet is in 2004 ter tafel gelê, waarna die Kabinet die Konsepwetgewing terugverwys het na die DAC met die versoek om multitaligheid by wyse van niewetgewende maatreëls in werking te stel (DAC, 2010). Of die "Suid-Afrikaanse Talewet"-hofgeding van 2010 en die beslissing van regter Ben du Plessis in hierdie verband die voortsleurende taalwetgewing 'n núwe impetus gaan gee, bly 'n ope vraag. Per slot van rekening: Die Suid-Afrikaanse Regering wil nie meertaligheid per se bevorder nie, want dit is nie die werklike doelstelling nie. Die huidige ANC-regering maak daarop aanspraak om taal funksioneel te gebruik om mense in te sluit en nie deur middel van Afrikaans mense uit te sluit nie. Meer ingewikkelde verwagtinge moet nie voor die deur van die regering gelê word nie.

Dus: Is die suksesvolle implementering van 'n taalbeleid in die afsienbare toekoms enigsins moontlik om hierdie spesifieke struikelblok uit die weg te ruim onderweg na professionalisering van die taalpraktyk in Suid-Afrika? Indien wel, hoe kan die beleid deurgevoer word? Die vraag of beleid dit op hierdie stadium überhaupt kan regkry, is te betwyfel: "Part of the despair surrounding discusssions of language policy in South Africa may simply be the result of expecting too much too soon – it took decades for Afrikaans to rival English in any sector, and the modern case is far too complex" (De Kadt, 2006:53). Eers wanneer die relevante opbou- en regeringsontwikkelingeinsentiewe van onderwys en opleiding, werkskepping en bemagtiging, en politieke en gemeenskapsdeelname in Suid-Afrika in plek is en deurgevoer kan word, sou hierdie ideaal verwesenlik kon word.

'n Veronderstelde "politieke onwilligheid" om 'n taalbeleid te implementeer wat ook die professionalisering van die taalpraktyk in Suid-Afrika sal begunstig, kan egter nie gesien word as die enigste of vernaamste rede vir die gebrek aan vordering van die taalpraktykprofessionaliseringsprojek nie. 'n Praktykgerigte, prakties uitvoerbare, algemeen nuttige, eietydse/postmoderne benadering tot die professionalisering van die taalpraktyk het hoofsaaklik sy wortels in die bona fides van die taalpraktyk as beroep en die beoefenaars van die beroep self, die taalpraktisyns, wat in 4.5.4 aan die bod kom.

Die huidige en heersende (wan)opvatting van die onwilligheid van die regering om 'n gekoördineerde taalbeleid te implementeer wat die gebruik van die amptelike tale reël en monitor, het 'n gerieflike skuiwergat geword vir die sukkelende gang van die professionalisering van die taalpraktyk, terwyl ander bydraende aspekte soos persepsies

van waarde, onder andere die weerstand onder taalpraktisyns teen verpligte akkreditering (Law & Kruger, 2008:840, 486); sosio-ekonomiese faktore, sowel as die kwessie van gerigte beroepsopleiding ook in die proses verreken moet word; alles ook deurslaggewende sake in die professionaliseringsdebat wat nie deur taalbeleidswetgewing gaan verander nie.

Hoewel daar dus op statutêre vlak 'n definitiewe leemte is wat die professionele projek van die taalpraktyk knelter, vervang dit nie die ander attribute wat op eie stoom hulleself nader aan die professionele ideaal moet werk nie. Die probleem is groter as net 'n regering wat taalpolities gesproke voete sleep met die implementering van 'n taalbeleid wat kwansuis onmiddellik die professionalisering van die taalpraktyk in Suid-Afrika tot gevolg sal hê. Self al sou die kabinet binne die volgende jaar die gewenste taalbeleid aanvaar en deur wetgewing bekragtig, is dit 'n goeie vraag of so 'n stap wel die professionaliseringskwessie van die taalberoepe in Suid-Afrika volledig oplos?

Dit is wel duidelik dat die entoesiasme wat ná 1994 die taalbeleidsdiskoers in Suid-Afrika oorheers het om 'n nuwe taalbestel te vestig sedert die oorname van die nasionale taalportefeulje deur 'n ANC-minister sigbaar aan die taan is, wat impliseer dat 'n definitiewe diskoersverandering sedertdien plaasgevind het (Du Plessis, 2010:90) as gevolg van politieke onderonsies.

Verskeie belangrike beleidsdimensies benodig dringende, daadwerklike aandag en deurtastende ondersoek (Beukes, 2008:22) om tot die kern van die probleem te kom:

- Duidelikheid omtrent die wenslikheid van wetgewende maatreëls, soos die toekoms van die lang verwagte South African Languages Act en die South African Language Practitioners' Council Act.
- Huidige organisatoriese herskikkings tussen die Nasionale Taaldiens (gesetel in die Departement van Kuns en Kultuur as die regering se uitvoerende been in taalaangeleenthede) en PanSAT (Suid-Afrika se enigste taaltoegewysde statutêre liggaam), moet ondersoek word (territoriale geveg al dan nie).
- Die verwikkelde institusionele en belangeskikkings tussen hierdie twee vernaamste taalbeleid- en taalbeplanningsagente, wat tot gevolg het 'n oorvloed van teenstellende en kontraproduktiewe (mag)strukture, moet as 'n saak van dringendheid ondersoek word.

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat die voortslepende impasse van die professionele projek van taalpraktisyns in Suid-Afrika – kontekstueel gesproke – nie 'n gebrek aan 'n skaarste aan relevante strukture, voorgestelde wetgewing en gepaardgaande professionaliseringsinisiatiewe is nie, maar moontlik te wyte is aan verskeie komplekse en interaktiewe faktore, waarvan 'n verwarrende konsep van 'n gebrek aan politieke wil en die wanpassing tussen beleid en implementering die sondaar is en die huidige Suid-Afrikaanse regering die gerieflike sondebok geword het. Dit is waarskynlik te verstane, in ag genome 'n beloofde taalwet wat sloer, "taalpolitieke territoriale gevegte", onbevoegde taalliggame, die ongedefinieerde politieke/regsposisie van taalkwessies en taalregte, sowel as SAVI se nie-statutêre posisie in die konteks van die Afrikaanse apartheidsnalatenskap waarmee SAVI moontlik vereenselwig word.

Die professionaliseringsdebat van die taalberoepe in Suid-Afrika behoort in die interim op eie verdienstelikheid – én tekortkominge – te geskied, en nie op die byvoordele wat 'n ideale taalbeleid bied nie. Die ANC-regering se sogenaamde "politieke onwilligheid" om 'n taalbeleid te implementeer, kan nie as 'n gerieflike sondebok voorgehou word as die grootste struikelblokke tot professionalisering moontlik in die relatiewe doenbaarheid en haalbaarheid van 'n voordelige eksterne taalbeleid, veilige konvensies, uitgediende tradisies en tasbare artefakte eerder as in die oortuiging van die meer abstrakte, interne oortuiging van bevoegdheid lê nie: "Perhaps the safety, the prestige, the vestments of traditionalism that can be earned through certification and licensure may not be worth the cost. I have wondered aloud if we would dare to rest our confidence in the quality and competence we have as persons, rather than the certificates we can frame on our walls" (Rogers, 1973:374).

Die oplossing doen hom voor dat die professionele projek van die taalpraktyk in Suid-Afrika juis gesitueer móét word en deurgevoer kán word ongeag 'n (gebrek) aan 'n taalbeleid (hetsy as 'n struikelblok of as 'n bemiddelende faktor).

Vervolgens kom die onderskeie professionaliseringsinisiatiewe in die taalpraktyk in Vlaandere onder bespreking.

4.5.5 Taalpraktyk in nasionale konteks: Vlaandere

4.5.5.1 Inleiding

Die Vlaamse taalgeskiedenis in die afgelope 150 jaar moet gesien word in die konteks van die herlewing van middelklasnasionalisme en taalpolitieke weerstand teen die oorheersing van Frans in die ontwikkelingegeskiedenis van België. Daarby is die opkoms en vestiging van Vlaams as kultuurtaal ook grootliks te danke aan die ekonomiese opbloei in Vlaandere in hierdie tydperk (Van Keymeulen, 2003:339) wat indirek aan die taalpraktyk – soos dit in hierdie studie ter sprake kom – bestaansreg gee.

Taalpraktyk – en die (gebrek aan) beroepstatus van taalpraktisyns – in Vlaandere vind oor die afgelope sowat twee eeue sy beslag teen die agtergrond van 'n eeue lange proses van taalongelykhede in die groter opset van 'n politieke ontwikkelingeproses in België vanaf 'n onafhanklike konstitusionele monargie tot 'n federale staat. Die historiese dimensie van taalbeleid in België beklemtoon hoe volgehoue omstandighede van taalongelykhede gelei het tot die huidige federale bedeling; maar bevestig en beklemtoon die geleenthede en struikelblokke vir taalmediëringsprosesse in die huidige institusionele klimaat en sosiopolitieke konteks in die groter internasionale konteks.

Soos in die geval van die beroepstatus van taalpraktisyns in Suid-Afrika wat in die vorige afdeling bespreek is, is dit die noodsaaklike attribuut van **outonomie** van die taalpraktyk deur middel van **regeringsanksionering** teen die agtergrond van die groter opset van die huidige België wat in hierdie afdeling ter sprake kom.

Indien die konsep van "staatsanksionering" (soos bespreek in 4.2.2) tot sy volle konklusie deurgevoer word, wil dit voorkom of professionele status vir taalpraktisyns nie alleen maar deur die Vlaamse regering toegeken kan word nie, maar juis op die tafel van die Federale

regering tuishoort. Nietemin, hier blyk juis 'n struikelblok te wees. Dit is duidelik dat taal in België 'n Vlaamse en Waalse kwessie is onder taalgebruikers, en nie 'n federale kwessie is nie. Die erkenning van professionele attribute, soos byvoorbeeld die professionele titel vir die taalpraktisyn, vergoeding, etiese kodes, is dalk juis 'n saak wat nasionaal moet geld?

Struikelblokke wat bydra tot die huidige gebrek aan outonome beroepstatus van al die dissiplines van die taalpraktyk in Vlaandere is, soos in Suid-Afrika, die **taalpolitieke konteks** – politieke verdeeldheid, taalpolitieke kwessies en struwelinge en sosio-ekonomiese verskuiwings – en die **gebrek aan wetgewing** vir taalpraktyk as beroep in sy geheel), wat sy oorsprong het in 'n **sosio-ekonomiese wanbalans** tussen die twee grootste gemeenskappe in België, die Vlaminge en die Wale, ten spyte van professionaliserings-pogings van veral die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen (BKVTF)[121], en enkele ander rolspelers soos dit in hierdie afdeling ter sprake kom.

Struikelblokke wat in hierdie afdeling ter sprake kom in die konteks van hierdie professionaliseringsinisiatiewe in Vlaandere, word bespreek teen die historiese agtergrond van politieke verdeeldheid, taalpolitieke ongelykheid en sosio-ekonomiese verskuiwings in die groter opset van België vanaf 'n agtiende-eeuse konstitusionele monargie tot die federale staat van die een en twintigste eeu.

4.5.5.2 Taalpolitieke konflik: 'n historiese agtergrond

Die geskiedenis van België verloop deur die eeue heen as 'n komplekse verskynsel van onderwerping en inlywing en oorheersing. In die derde eeu v.C. beweeg die Keltiese en Germaanse stamme oor die Ryn wat lei tot die ontstaan van die "Belgae" wat 'n gebied bekend as Gallia Belgica bewoon het. Hierdie "Belgae" is in die jaar 57 v.C. daar aangetref deur Julius Caesar tydens sy inval in 51 v.C. Vanaf die derde eeu v.C. tot in 1815 word België deur die eeue agtereenvolgens deel van die Romeinse Ryk, die Frankiese Ryk (waartydens die taalgrens ontstaan het); deel van die Middeleeuse vorstedomme waartydens die grondslag van die magtige Middeleeuse vorstedom Vlaandere gelê word deur die distriksgrawe Boudewijn I en II (negende tot veertiende eeu). Vervolgens maak die gebied deel uit van die Boergondiese tydperk en die eerste Habsburgers (1384-1555); word onderwerp aan die Spaanse bewind (1555-1700), die Oostenrykse bewind (1700/1713-1792) en Franse inlywing (1792/1794-1814) (Boulger, 1902; Arblaster, 2006).

Ná die Spaanse Opvolgingsoorloë (1702-1713), wat die hele Europa by die konflik betrek het, kom die suidelike Belgiese gebiede (die hedendaagse Vlaandere) onder bewind van die Oostenrykse Habsburgse koningshuis. Gedurende die agtiende eeu vind die konsolidering van Frans plaas as die meer sosiaal aanvaarde taal sodat Nederlands min amptelike status geniet in hierdie gebiede (Willemyns, 2006:1758) sonder dat dit werklik onderdruk word.

Die status quo verander egter drasties met die Franse anneksasie in 1794 van die Suidelike Nederlande en die daaropvolgende grootskaalse onderdrukking van die Nederlandse taal (Willemyns, 2006:1758) gedurende die Napoleontiese oorheersing van 1794-1815.

[121] Die BKVTF is 'n oorkoepelende taalpraktykberoepsligaam in België en die enigste beroepsliggaam wat taalpraktisyns registreer.

Die kortstondige hereniging van die huidige België en Holland[122] as die Verenigde Koninkryk van die Nederlande (1815-1830) het tot gevolg die herontdekking van die Vlaamse identiteit en taal – en die gepaardgaande funksies daarvan in administratiewe aangeleenthede, die politiek, die howe, en onderwys en opleiding – wat vir bykans twee eeue onderdruk is (Willemyns, 2006:1758).

Teen 1830 is België 'n onafhanklike konstitusionele monargie met 'n parlementêre stelsel gedomineer deur die bourgeois-elite. Die vorige vyftien jaar was dit deel van die Koninkryk van die Nederlande (Alen, & Meersschaut, 1997; Alen & Suetens, 1993; Craeybeckx, Meynen & Witte, 1993; Falter, 1994). Frans was die natuurlike keuse vir 'n amptelike taal. Slegs Fransprekendes word as staatsamptenare aangestel en die diskriminasie teen Nederlands reg deur die 19de eeu is wydverspreid en geskied met voorbedagte rade (Willemyns, 2003:185 e.v.) en skep die toneel vir die voortslepende taal- en magstryd tussen die Wale en die Vlaminge wat Belgiese politiek sedert 1830 oorheers (vergelyk ook Van Velthoven, 2011).

Hierdie historiese verwikkelinge speel op die lang duur 'n deurslaggewende rol in die sukses van die Vlaamse Beweging – oorspronklik 'n kulturele beweging wat gaandeweg 'n politieke en maatskaplik-ekonomiese beweging geword het – wat geleidelik daarin sou slaag om die linguistiese struktuur van België op sy kop te draai. In 1889 word Nederlands en Frans as die twee amptelike tale van die land erken, en eers in 1930 word die sogenaamde "vernederlandsing" van die Universiteit van Gent 'n werklikheid, wat beteken dat Nederlandssprekende studente onderrig in hulle eie taal kon ontvang (Willemyns, 2006:1759).

Die etnotalige "fout" wat België se taalpolitieke verlede, hede en toekoms bepaal, is tasbaar in die huidige gebrek aan politieke eenheid. Die land is tans 'n federasie wat hoofsaaklik bestaan uit Nederlandssprekende Vlaandere in die noorde, Frans-sprekende Wallonië in die suide wat 'n klein Duitssprekende area in die ooste insluit, en Brussel, wat amptelik tweetalig is. Sedert die uitvaardiging van die Belgiese Konstitusie van 1831 is België 'n konstitusionele monargie en 'n parlementêre demokrasie. Ná die staatshervorming van 1993 en bykans dertig jaar van politieke aanpassings en institusionele hervorming, is die eenheidstaat formeel getransformeer in 'n federale staat bestaande uit drie gebiede (Brussel, Vlaandere en Wallonië) en drie gemeenskappe (Nederlands-, Frans- en Duitssprekend soos uiteengesit in Artikel 1 van die Grondwet[123]. Die Belgiese Federasie is uniek in die sin dat geen ander federasie saamgestel is uit twee oorvleuelende politieke stelsels of geografiese entiteite nie (Dandoy *et al*., 2009).

Die spanning en konflik tussen Vlaandere en Wallonië eskaleer egter metterjare as gevolg van voortgesette teenkanting uit Fransprekende Wallonië teen 'n amptelike tweetalige taalbeleid, sodat België hom op die lang duur tot die territorialiteitsbeginsel wend om die linguistiese diversiteit in die land te akkommodeer (Willemyns, 2006:1759) wat beteken dat aanvaarde taalgrense die taal(praktyk)aktiwiteite in 'n bepaalde gebied sal bepaal.

[122] Die Noordelike en Suidelike Nederlande, en die prinsdom van Liège onder die heerskappy van Willem I, Prins van Oranje.
[123] http://www.fed-parl.be/constitution_uk.html

Daarbenewens spruit die tweestryd tussen Vlaandere en Wallonië toenemend ook uit sosiale verwikkelinge te wyte aan grootskaalse binnelandse en ekonomiese omwentelinge in die twee lande onderskeidelik: welvarende Wallonië ondergaan in die tweede helfte twintigste eeu 'n reeks katastrofiese industriële terugslae en ineenstortings wat uitloop op 'n rampspoedige ekonomiese resessie waarvan dit tans nog nie herstel het nie. Hierdie gebeure verplaas die kulturele, talige en ekonomiese magsbalans na Vlaandere, met noodwendige en steeds verergerende vyandige staatkundige, maar veral taalpolitieke en ekonomiese betrekkinge.

4.5.5.3 Hedendaagse België: regionale, etniese en talige wanbalans

Die oorsprong van die talige verdeeldheid en spanning – gesetel in historiese geografiese en taalrelikte (Brans *et al*., 2009)[124], Franse taaloorheersing tot 1883 (Karra, 2007), toenemende etniese diversiteit (Deschouwer, 2004) en 'n regionalistiese entoesiasme wat die gevolg is van toenemende Europese integrasie (Harrell & Cendrowicz, 2010:17) – lei metterjare tot regionale en talige pluraliteit (Deprez & Du Plessis, 2000:1-62; Deschouwer, 2004:5), en vind uiteindelik neerslag in vier taalgebiede met territoriale taalwette.

Ten spyte van die konstitusionele hervormings in 1970, 1980, 1988-1989, 1993, 2001[125], en "weer in 2007, sowel as die gepaardgaande uitgebreide taalwetgewing[126] bring dit nie die oplossing vir die voortslepende en onderliggende taal- en sosio-ekonomiese kwessies nie, en na die Junie 2010-verkiesing slaag die betrokke politieke partye in België aan die

---

[124] Onder andere die Verdrag van Versailles (1918), die Kongres van Wene (1814-1815).

[125] Inligting beskikbaar op http://www.belgium.be/en/; *The first and second State reforms*http://www.belgium.be/en/about_belgium/country/history/belgium_from_1830/formation_federal_state/first_and_second_reform_of_state/ *The third and fourth State reforms*http://www.belgium.be/en/about_belgium/country/history/belgium_from_1830/formation_federal_state/third_and_fourth_reform_of_state/ *The Fifth State Reform* http://www.belgium.be/en/about_belgium/country/history/belgium_from_1830/formation_federal_state/fifth_reform_of_state/

[126][126] België se taalbeleid is in besonderhede gedefinieer in die volgende artikels van die Grondwet van 1994: 2, 4, 30, 43, 54, 67, 68, 99, 115, 118, 121, 123, 127, 128, 129, 130, 135, 136, 137, 138, 139, 175, 176, 178 en 189, sowel as in uitdruklike taalwette, onder andere die volgende (Vande Lanotte, J. & Goedertier, 2007: 21-25):

- 1830 – Taalvryheid en linguistiese inperking: Na afloop van die Belgiese Revolusie waarborg die Belgiese Grondwet die algemene vryheid van taal. In die praktyk het dit nie beteken dat burgers deur die owerhede in hulle eie taal behandel word nie, maar dat die owerhede die reg tot taalgebruik voorbehou; oor die algemeen Frans. Die Vlaamse beweging begin wetgewing invoer oor die gebruik van tale wat ook Nederlands as 'n amptelike taal insluit
- 1873 – Eerste wet: Die eerste wet oor taalgebruik reguleer die gebruik van tale in die howe in Vlaandere. Nederlands word die hooftaal in Vlaandere, maar Frans was nog die hoftaal
- 1878 – Tweede wet: Reguleer die gebruik van taal in die owerhede inVlaandere en Brussel. Kennisgewingsaan die publiek deur staatsamptenare moes in Nederlands of in beide tale gedoen word. Die korrespondensie met munisipaliteite of persone geskied in Nederlands, behalwe indien 'n persoon in Frans aangespreek wou word. In werklikheid is die wet in die praktyk selde toegepas: Vlaamse burgers is steeds gedwing om Frans te gebruik in hulle kommunikasie met die administrasie, omdat die meeste amptenare net Frans magtig was
- 1883 – Derde wet: Wetgewing om moedertaalonderrig in sekondêre skole in te voer.
- 1898– Nederlands en Frans word gelyke amptelike tale: Franse weerstand teen die aanleer van Nederlands kompliseer sake.
- 1921 – Taalgebiede: Keuse vir die territorialiteitsbeginsel; bevestig in1930 en 1962. Die taalgebiede is uiteengesit ooreenkomstig die beginsel van die taal van die meerderheid van die bevolking in 'n gebied.
- 1962 – Vestiging van munisipaliteite en fasiliteite deur wetgewing om te bepaal watter munisipaliteit behoort tot watter taalarea.
- 1970 – Opneming van die taalareas in die Grondwet: Na die voltooiing van die eerste staatshervorming, is vier taalareas ingestel volgens Artikel4 van die Grondwet. Sedertdien kan taalaffiliasie van munisipaliteite slegs gewysig word deur 'n spesiale wet. Terselfdertyd is taalgemeenskappe gestig, met die Vlaamse en Franse Gemeenskap as die gesag vir die regulering van die gebruik van tale in hulle eie taalgebied ten opsigte van administrasie, onderwys en interaksie tussen werkgewer en werknemer.
- Teenswoordig – Taalvryheid en linguistiese inperking: Hoewel taalgebruik volgens die territorialiteitsbeginsel gewettig is, is grondwetlike vryheid van taal nog steeds absoluut gewaarborg in die privaat sektor.

Desember 2011 eers weer daarin om tot 'n vergelyk te kom en op 6 Desember 2011 'n nuwe regering in te sweer.[127]

Daar is gevolglik vir dekades lank geen ware politieke nukleus in Belgiese politiek nie. Federale politiek word hanteer deur regionale partye wat ook 'n rol speel op die regionale vlak. Daar is geen sentrale openbare forum vir politieke debat nie. Daar is twee monotalige taaldispute. Federale beleidsimplementering moet die verskillende sensitiwiteite van die onderskeie gebiede van die land in ag neem in 'n politieke verdeeldheid waar welsynskwessies hoog op die prioriteitslys van politiese aangeleenthede staan (Deschouwer, 2004:11). Soos in Suid-Afrika, weeg sosiomaatskaplike vraagstukke vir die regering swaarder as taalvraagstukke en gepaardgaande kwessies, soos die professionele rol en funksie van taalpraktyke.
Die hedendaagse sosiale en ekonomiese wanbalans tussen Nederlandssprekende Vlaandere en Franssprekende Wallonië word as potensieel ontwrigtend beskou ten opsigte van die voortbestaan van die Belgiese federasie, omdat, in die woorde van Willemyns (2006:1760), hierdie eenheidstaat afhanklik is van "a considerable amount of so-called 'solidarity transfers' from Flanders to Wallonia and Brussels in the field of social security financing".

Boonop dompel die Junie-2010-verkiesingsuitslag in België die land in 'n uitgerekte nasionale, sowel as internasionale politieke en ekonomiese krisis. Die verkiesingsuitslag stem breedweg ooreen met die neiging in Europa, naamlik 'n swaai na regs. Hier het dit egter binne 'n eie konteks gebeur die sterkste party (van nege setels na 27), is die separatistiese Nieuw-Vlaamse Alliantie (NVA) wat afstuur op 'n skeuring van België en 'n onafhanklike Vlaandere. Die sentrum, bestaande uit die sosialiste, liberale en sosiaal-demokrate, is aansienlik weggekalwe. Ook die ekstreem regse Vlaamse Blok het teruggesak. In teenstelling met die Vlaamse Blok streef die NVA geen revolusie nie na, maar 'n evolusionêre skeidingsproses wat vreedsaam en binne die beskermende arms van die Europese Unie moet gebeur.

In Wallonië het die tradisioneel sterk Sosialistiese Party opnuut die grootste politieke party geword. Saam met die Vlaamse sosialiste vorm hulle nou die grootste blok in die parlement, wat kan beteken dat België vir die eerste keer in dekades 'n Franssprekende premier sal kry. Daarmee is die uiteenlopende ekonomiese benaderings van Vlaandere (vrye mark) en Wallonië (sosialisties) herbeklemtoon. Dit versterk 'n Vlaamse separatistiese argument dat Vlaandere ekonomies welvarend is en dat net Vlaamse geldinspuitings die armlastige Wallonië aan die gang hou. Dié ekonomiese aspek vererger die taalstryd, wat met die 2010-verkiesing nuwe hoogtes bereik het. Die Vlaminge verwyt die Wale dat hulle steeds meer taalregte in die Nederlandssprekende gebiede opeis as wat hulle aan die Vlaminge in die Franssprekende dele van die land gun. Die Wale beskou die Vlaamse aandrang op die streng nakoming van die taalwette as wraak teenoor die destyds dominante Wale (E. Kruger, 2010).

Die Belgiese Grondwet stipuleer dat belastinginkomste gelykop verdeel moet word tussen Waalse en Vlaamse Gemeenskappe. Die huidige onenigheid word dan in wese 'n "taalekonomiese" konflik met 'n gekrenkte Vlaamse ego-individualistiese inslag (Degent, 2011):

[127] "New Belgian government sworn in." Artikel beskikbaar op http://www.iol.co.za/news/world/new-belgian-government-sworn-in-1.1193421

> The rub for the Flemish is that their population is larger, at about 57,7 percent compared to 31,6 percent in Wallonia, and their economy much stronger. Thus many in Flanders resent the billions of euros that annually flow from their pockets to the French side. In the lead-up to the 2010 vote, Flemish pride had been irked by Wallonia trying to gain regional benefits. For example, some French politicians wanted to see the official language of some Flemish counties around Brussels changed to French.

Of die professionele status van die taalberoepe in 'n linguisties-regionalistiese pluralistiese, etnies-georiënteerde politieke welsynstaat met 'n geskiedenis van etniese taalpolitiek en sosio-ekonomiese wanbalans hoegenaamd enige gewig dra, is te bevraagteken, die groeiende en diverse media- en taalpraktykmark in België[128] en die betekenis wat die EU koppel aan die opleiding, die professionalisering van die taalberoepe en die kwaliteit van taaldienste (vergelyk 4.7.5) ten spyt.
Die chroniese impasse in regeringsformasie ná verkiesings in België lei tot langdurige politiekery en stabiele koalisieregerings blyk raar te wees in 'n land waar slegs die hoofstad, Brussel, amptelik tweetalig is. Hierdie stand van sake beloof ook nie bevorderlik te wees vir enige professionaliseringsinisiatiewe vir taalpraktyk van federale (óf plaaslike?) regeringskant nie.

In België, waar Vlaams en Frans nie net min of meer dieselfde aantal sprekers het nie, maar ook hoofsaaklik in twee afsonderlike streke – Vlaandere en Wallonië – gekonsentreer is, is daar dan eerder van **parallelle eentaligheid** as van tweetaligheid sprake (Deprez, 2000; Wynants, 2001). Vlaandere is amptelik eentalige (Nederlands); eentaligheid wat van toepassing is op alle areas van die openbare lewe, insluitend opleiding, regerings-aangeleenthede en die media (Cuvelier, 2006:24).

4.5.5.4 Professionaliseringsinisatiewe en taalpraktykberoepstatus in Vlaandere

Soos in naburige Nederland[129] geniet die beroepe van die taalpraktisyn (vertaler en tolk) in Vlaandere nie regeringsanksionering nie, trouens die taalverwante beroepe geniet geen gewettigde erkenning in België nie (Van de Velde, 2005:6-7), alhoewel die proses van wettiging tans reeds verder gevorder is as die proses in Suid-Afrika (vergelyk die bespreking in 4.5.4 en 4.5.5). Stejskal (2003a:13) se bevinding dat daar in Vlaandere op daardie stadium geen nasionale register van tolke of vertalers is nie, dat die titel van vertaler en tolk nie gewettigde beskerming het nie, en dat daar geen wet of amptelike status vir die beroep van vertaler of tolk is nie, is in 2011 steeds die geval (Feltkamp, 2011). Die BKVTF se pogings tot **federale staatserkenning** van die taalpraktyk (wat reeds in 2008 van stapel gestuur is), is tans hangende na die verkiesing in 2010 wat eers teen die einde van 2011 op die vorming van 'n nuwe Belgiese koalisieregering uitloop.

Dieselfde geld die stand van sake rakende wetgewing ten opsigte van beëdigde vertalers en tolke in België wat sedert 2004 "door de snelheid waarmee de verschillende regeringen elkaar in korte tijd opvolgen, bleef het hele wetsvoorstel dode letter" (Joossen, 2011:20). Op

[128] Media: Belgium Industry Guide. 2010. http://rajyadav.com/2010/06/media-belgium-industry-guide/
[129] Nederlands Genootschap van Tolken en Vertalers: Over tolken en vertalen en vereniging. Beskikbaar op http://www.ngtv.nl/m25/p43/over_tolken_en_vertalen.html

14 Oktober word die wetsvoorstel weereens ingedien[130], en die proses is oënskynlik steeds in proses of hangende.

Die taalpraktyk is 'n gefragmenteerde en ongereguleerde beroep in Vlaandere, waar die term "taalpraktyk"en "taalpraktisyn" nie algemeen bekend is nie. Daarom beywer die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen "... ze ook dag in dag uit voor een verdere professionalisering van het beroep",[131] en veral om "... het prestige te verhogen van de beroepen ... en inzonderheid het nastreven van de wettelijke bescherming van die beroepen"[132], oënskynlik dan op federale vlak.

In Nederland bied die Wet vir Beëdigde Tolken en Vertalers wat op 1 Januarie 2009 in werking getree het ná 'n parlementêre hantering van byna drie jaar[133] wel professionele erkenning aan hierdie groep taalpraktisyns.

Dit wil voorkom of daar tot dusver in Vlaandere geen formele regeringsinisiatiewe tot die professionalisering van die taalberoepe van stapel gestuur is nie. Professionaliserings-inisiatiewe ten opsigte van taalpraktyk is gevolglik grootliks beperk tot die professionaliseringsinisiatiewe van die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen (BKVTF; vergelyk bespreking in 4.6), samewerking tussen die BKVTF, die Vlaamse owerheid en die Federatie van Vrije en Intellectuele Beroepen (FVIB), die Vlaamse radio- en televisieomroep (VRT), en Fosovet-Cofetis[134], en die aktiwiteite van die Sociaal-Economische Raad van Vlaandere (SERV) en die Vlaams Minderhedencentrum se ondersteuningsel vir gemeenskapstolke en -vertalers; Critical Link; die de Grotius- en Agisprojekte, en EULITA (Joossen, 2011:16-21).

Die aktiwiteite van hierdie rolspelers in die professionaliseringsproses van taalpraktisyns in Vlaandere word vervolgens bespreek.

4.5.5.4.1 Die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen

Die aktiwiteite van die BKVTF as beroepsliggaam word in meer besonderhede in 4.5.5 bespreek. Hier kom dit ter sprake in die konteks van voortgesette pleidooie aan die Belgiese Regering ten opsigte van gewettigde erkenning van die beroepstatus van taalpraktisyns in België.

Met die ondersteuning van lede rakende die behoefte van titelbeskerming word in 2008 'n aanvang geneem met 'n versoek om titelbeskerming van die beroep van vertaler en tolk in samewerking en onder beskerming van die Federatie van Vrije en Intellectuele Beroepen (FVIB) aan die Belgiese regering (BKVTF 2008b:16). Die proses duur tans voort (BKVTF, 2009a:10) in samewerking met FVIB en UNPLIB, die FVIB se Waalse eweknie.

---

130 Te vinde op http://www.dekamer.be/FLWB?PDF/53/0322/53KO322001.pdf

131 De Belgische vertalers en tolken vertegenwoordigd op wereldniveau. Persberig BKVTF. Brussel, 10 Augustus 2008. Beskikbaar op http://www.translators.be/images/stories/Persbericht%20-%20FIT%202008.pdf

132 Vergelyk die **Statute van die BKVTF op** http://www.translators.be/index.php?option=com_content&task=view&id=89&Itemid=112&lang=nl#

133 Staatsblad van het Koninkrijk der Nederlanden. 2007. 2007 (375):1-11. Wet van 11 oktober 2007, houdende regels inzake de beëdiging van tolken en vertalers en de kwaliteit en de integriteit van beëdigde tolken en vertalers (Wet beëdigde tolken en vertalers) http://www.bureaubtv.nl/pdf/Wet%20be%C3%ABdigde%20tolken%20en%20vertalers.pdf

134 Die federale regering vestig 'n sambreelorganisasie, die *Federal Consultative Body for Community Interpreting and Translation(FOSOVET/COFETIS).*

Hierdie versoek gaan dan na die Belgiese Regering, Ministerie van Ekonomie, wat sal besluit of die versoek “ontvankelijk” is. Daarna gaan dit aan die “Raad van Ministers, de Hoge Raad van de KMO en zelfstandigen” (waarin die BKVTF) verteenwoordiging het, en die FVIB en UNPLIB prominent teenwoordig is. Dit gaan ook na “de Raad voor de Verbruikers” (Council of Consumers). FVIB en UNPLIB staan die BKVTF by in die opstelling van die versoekdokument (Feltkamp, 2010b).

Die proses moet **telkens van meet af aan ’n aanvang neem** met elke regering wat nie kan staande bly nie.

4.5.5.4.2 Samewerking tussen die BKVTF, die Vlaamse owerheid, die FVIB, en UNPLIB[135]

FVIB, die Federatie van Vrije en Intellectuele Beroepen, is Vlaandere se grootste sambreelorganisasie vir die “vrije beroepe” wat sewentien beroepsliggame verteenwoordig[136], waarvan een betrekking het op die taalberoepe, die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen. Medewerking tussen die FVIB en die Vlaamse regering kulmineer in ’n samewerkingsooreenkoms tussen die “vrije beroepe” en die Vlaamse owerheid (FVIB, 2006:3) met die oog op beleidsimplementering ten opsigte van “vrije” beroepe:

> De vrije beroepe kunnen via een moderne aanpak hun kennis en expertise nog beter ten dienste stellen van overheid, burgers en ondernemingen. Zij vormen vanuit hun maatschappelijke verantwoordelijkheid een brug van de overheid naar de burgers en ondernemingen voor de uitvoering van het beleid, maar ook vanuit hun vertrouwensrelatie met burgers en ondernemingen een brug naar de overheid door de opwaardering van hun terreinervaring via hun studiecentra naar de beleidsvoorbereiding.

In die posisiestelling van die FVIB (2006:3) soos hierbo aangehaal, kan, in die konteks van die attribuutmodel, definitiewe elemente raakgesien word van die attribute van professie soos dit in hierdie studie ter sprake kom:

- outonomiteit: diensgeoriënteerde beroepsaktiwiteite met funksionele beheer oor eie beroepsaktiwiteite en ’n persoonlike professionele verantwoordelikheid; gespesialiseerde en beroepsgerigte dienste toegespits op die toenemend komplekse behoeftes van multitalige, multikulturele gemeenskappe, en
- staatsanksionering, sowel as openbare erkenning van beroepsvaardighede, persoonlike en werksplek-etiek wat neerslag vind in die diensideaal van gespesialiseerde, maar altruïstiese diens.

Die BKVTF is tans ’n volle lid van beide die FVIB en UNPLIB. Hulle bevorder die BKVTF se belange op verskillende wyses, veral ten opsigte van steun by die pers en televisie, en deur samewerking aan verskeie projekte om die aandag en steun van die publiek te kry (Feltkamp, 2010b).

---

[135]FVIB en UNPLIB versoek die owerheid ernstig om die beleidsaanwysing vir die vrye beroep via ’n aparte sektorale wet te bekragtig. Ook pleit hulle vir ’n aparte algemene stel riglyne vir die vrye beroep, wat beide die beroepsbeoefenaar as die verbruiker tot voordeel sal strek.FVIB en UNPLIB tevreden over omzetting richtlijn handelspraktijken. http://www.fvib.be/viewobj.jsp?id=407944).

[136]Vergelyk die webwerf van die FVIB http://www.fvib.be/ vir relevante inligting

Die Vlaamse owerheid stuur in 2006 'n besigheidsinisiatief – Vlaanderen in Actie – van stapel met doelstellings van algemene belang wat neerkom op 'n vennootskap tussen die owerheid en die "vrije beroepe"[137]. Alhoewel "vrije beroepe" en professies nie sinoniem is nie, blyk die beroepe oënskynlik die naaste aan "professie" te kom, en die ooreenkomste tussen die "vrije beroep" en die attribute van "professie" is opvallend, soos dit in die posisiestelling van die FVIB (2006:3) hierbo uitgelig word.

Tolke val in die kategorie "dienstverlenend intellectueel beroep", wat onder dieselfde wetgewing as "vrije beroepe" val [138].Die Vlaamse owerheid is positief oor die rol van die "vrije beroepe" in die optimalisering van diensverlening aan die publiek en ander relevante organisasies en projekte in die samelewing (FVIB, 2006:1-7):

- Die "vrije beroepe" het 'n unieke en gespesialiseerde diens om te lewer.
- Die "vrije beroepe" het 'n ekonomiese en maatskaplike rol te vervul.
- Die "vrije beroepe" het 'n maatskaplike verantwoordelikheid.
- Die "vrije beroepe" het 'n bemiddelingsrol te speel in die samelewing.
- Die "vrije beroepe" is markgeoriënteerd.
- Die "vrije beroepe" is vennote van die regering.

Die Vlaamse owerheid beskou dan die "vrije beroepe" as 'n funksionele brug tussen burger en owerheid (FVIB, 2006:1-7), wat sterk ooreenkomste toon met die Durkheimiaanse benadering tot die professies in die samelewing (vergelyk Hoofstuk 2), 'n verskynsel wat seldsaam is in 'n postmoderne opset: "Bovendien genieten vrije beroepers nog steeds een aanzienlijk vertrouwen, een zeldzaamheid in onze maatschappij. Vrije beroepers adviseren in vertrouwen en zoeken samen met hun cliënten naar goede oplossingen" (FVIB, 2006:4).

Die "vrije beroepen"[139] is die ideale vennote van die owerheid om die doelstelling van Vlaanderen in Actie te verwesenlik, naamlik die realisering van 'n koste-effektiewe beleid om aan die behoeftes van die samelewing voldoen (FVIB, 2006:7).

4.5.5.4.3 Die Vlaamse Radio- en Televisieomroep (VRT)

Die Vlaamse Radio- en Televisieomroep is 'n openbaar befondsde uitsaaier van radio en TV in Vlaandere. Die rol wat die VRT in die bevordering van professionele taalgebruik speel, kan beskou word as 'n pragmatiese professionaliseringsinisiatief (Feltkamp, 2010b). Die VRT strewe met hulle "Taalcharter" om 'n professionele diens te lewer in 'n "aantrekkelijke, duidelijke en correcte standaardtaal die rekening houdt met en afgestemd is op het publiek" [140] ; 'n beleid wat argumentshalwe 'n professionele aanslag tot taaldienste ondersteun.

4.5.5.4.4 Fosovet-Cofetis

[137] Die "vrije" beroepe is die mediese beroepe, die juridiese beroepe, die ekonomiese beroepe, die bou-tegniese beroepe.
[138] TENUTO voor tolken Vlaamse Gebarentaal (http://tenutovzw.be/about/ Toegang tot die intellektuele beroepe word bepaal deur wetgewing (kaderreglementeringen) betreffende die beskerming van die beroepstitel en van die uitoefen van bepaalde diensverlenende intellektuele beroepe (http://www.hrzkmo.fgov.be/Default.aspx?tabid=1640).
[139]Vergelyk 2.7.1 en 4.5.5.4.2
[140]Vergelyk http://taal.vrt.be/taaldatabanken_master/taalbeleid/beleid.shtml

Fosovet-Cofetis is die nasionale sambreelorganisasie vir gemeenskapstolke en -vertalers met die doelstelling van 'n gestandaardiseerde werksprofiel in 'n netwerk van ongeveer tien Nederlandssprekende en nege Duitssprekende plaaslike en regionale plasingsagentskappe (Diakonie Wuppertal, 2008:58).

As die federale beroepsforum vir gemeenskapstolk- en vertaaldienste in België beywer hulle vir 'n kwaliteitsvolle aanbod insake die aktiwiteite van hierdie taalpraktisyns en streef daarna om aan die behoeftes van gemeenskapsvertaal- en tolkdienste en hulle gebruikers te beantwoord. **Die liggaam se vernaamste doelstelling is om 'n platform te skep vanwaar samewerking kan geskied tussen die Franse en Vlaamse gemeenskapstolk- en vertalers vertaaldienste in België[141].**

Gemeenskapstolking en -vertaling is 'n noodsaaklike instrument vir 'n opvangs- en integrasiebeleid vir nuwelinge, asook vir inwoners van vreemde oorsprong wat reeds geruime tyd in 'n land gevestig is, maar wat 'n geïsoleerde lewe lei. In 'n multikulturele samelewing soos België is gemeenskapstolking en -vertaling 'n noodsaaklike funksie vir:

- toegang tot lewensnoodsaaklike kollektiewe diensverlening (opvoeding, gesondheid, integrasie, justisie), en
- die uitoefening van ekonomiese, sosiale en kulturele regte (onderwys en opleiding, werk, behuising).

Gemeenskapstolkhulp behels die professionele mediëring van mondelinge boodskappe van bron- na doeltaal op 'n neutrale en getroue wyse in sosiale kontekste, veral in die welsyn- en gesondheidsektor, onderwys, indiensneming en sosiale behuising, begeleiding van asielsoekers en in die openbare dienste van die owerhede in die raamwerk van hulle maatskaplike mandaat in die samelewing.

Lannoy en Van Gucht (2006) toon hoe mediëringsdienste vir immigrante, vreemdelinge en anderstaliges in byvoorbeeld, openbare hospitale, toenemend in Vlaandere aandag geniet. Suksesvolle taal- en kommunikasieprosesse in hierdie opset het tot gevolg sosio-professionele en sosio-ekonomiese voordele, wat die professionele aard van die diens, maar ook die uiteindelike koste van mediese behandeling beïnvloed. Professionele kommunikasie en mediëring lei tot professionele mediese behandeling wat weer 'n verminderde koste-implikasie het.

Die implikasie is dat 'n dergelike terugverdieningseffek op finansiële vlak ook in ander sektore sal plaasvind: geslaagde mondelinge mediëring verg minder prestasie-insette en verhoog doeltreffendheid (Bischoff *et al*., 2003; Lannoy & Van Gucht, 2006).

Fosovet-Cofetis[142] se "Arbeidsbemiddeling Taalprojek" stel hom ten doel (Fosovet-Cofetis, 2005:3, 5; TVGent, 2008:29):

---

[141]Vergelyk FOSOVET-COFETIS http://www.fosovet.be/?setLanguage=1

[142]FOSOVET-COFETIS koördineer twee federale EQUAL-projekte. Die eerste projek, Arbeidsbemiddeling Taal (EQUAL BEnl-10), word uitgevoer in samewerking met verskeie Vlaamse vennote. Die tweede project, Une réponse aux nouveaux besoins de la société multiculturelle (EQUAL BEfr-74), word uitgevoer saam met Franstalige organisasies. Die twee EQUAL-projekte[142] het 'n federale karakter binne die transnasionale vennootskap "TRIALOG", 'n projek wat daarop gemik is om die burgerlike samelewing te versterk en 'n bewussyn te kweek vir ontwikkelingekwessies in die EU (http://www.trialog.or.at/start.asp?ID=96).

- om die betrokke owerhede te voorsien met voorstelle omtrent die strukturering en die voortgesette professionalisering van gemeenskapsvertalers en -tolke,
- die standaardisering (harmonisering) van die opleiding, registrasie, basistariewe, deontologiese kodes en praktyk van hierdie taalpraktisyns;
- om die publiek, die gebruikers en die politieke owerhede ontvanklik te maak vir erkenning van professionele status;
- die bekendstelling van die beroep en 'n oproep na erkenning van die ("sociaal") statuut van die gemeenskapstolke en gemeenskapsvertaler;
- om samewerking te fasiliteer tussen die verskillende owerheidsinstansies met die oog op die strukturele verankering van die sektor.

4.5.5.4.5 Die aktiwiteite van SERV en COC

Soos vir ander taalpraktisyns in Vlaandere is nóg die beroep van die gemeenskapstolk, nóg dié van die gemeenskapsvertaler tans 'n beskermde beroep (Leunis, 2010), maar die SERV – die Sociaal-Economische Raad van Vlaandere – ontwikkel in 2008 die "beroeps-competentieprofiel" vir gemeenskapstolke [143], wat die vaardighede uiteensit waaroor gemeenskapstolke in Vlaandere moet beskik, om sodoende hierdie taalberoepe 'n hupstoot gee op die pad van professionalisering.

Die COC – Centrale Ondersteuningscel voor sosiaal tolken en vertalen – van die Vlaams Minderhedencentrum, 'n professionele liggaam wat multikulturele samelewingsvraagstukke hanteer en die Vlaamse owerheid in die verband adviseer (Vlaams minderhedencentrum, 2009b:30), beywer die Vlaamse regering om gemeenskapstolke en -vertalers[144] verder te professionaliseer deur aan hulle 'n "een redelijke vergoeding en een aangepast sociaal statuut" (Vlaams Minderhedencentrum, 2009a:24) te gee.

In 2009 keur die Vlaamse regering die integrasiedekreet goed, waarin gemeenskapstolke en -vertalers vir die eerste keer as 'n beskermde beroep erken word. Die noodsaaklike uitvoerende besluite waardeur die dekreet in werking sal tree, word in 2012 verwag (Vlaams Parlement, 2009:18-21).
Die verwesenliking van hierdie beleid vervul aan die behoefte van beter samewerking tussen die betrokke partye, en die skepping van 'n wetlike raamwerk vir die sektor van gemeenskapstolke en -vertalers beloof om die doeltreffendheid en effektiwiteit van hierdie taalpraktisyns te verbeter (SERV, 2009:8).

4.5.5.4.6 Critical Link, Die de Grotius- en de Agis-projekte en EULITA

Critical Link[145], 'n internasionale, niewinsgewende organisasie, ondersteun sedert 1992 die professionaliseringsaktiwiteite van gemeenskapstolke, veral deur middel van kongresse en publikasies. Die de Grotius- en de Agis-projekte tussen 1998 en 2006 is spesifiek gerig op die professionalisering van beëdigde tolke en vertalers, maar die inisiatief misluk op die ou end (Hertog & Van Gucht, 2008:1).

[143] http://www.serv.be/sites/default/files/STSociaalTolkDEF.pdf
[144] www.sociaaltolkenenvertalen.be
[145] Inligting beskikbaar op http://criticallink.org/

Die totstandkoming van EULITA (European Legal Interpreters and Translators Association) in November 2009 in Antwerpen, wat die belange van beëdigde vertalers en tolke binne die Europese Unie bevorder, is 'n verdere stap in die professionaliseringsproses van taalpraktisyns wêreldwyd. EULITA beywer hom vir professionele status, en veral vir standaardisering van opleiding vir beëdigde vertalers en tolke.

4.5.5.5 Samevatting

In die bespreking van die huidige beroepstatus van taalpraktisyns in Suid-Afrika (vergelyk 4.2.2) het die problematiek van sosiale inklusiwiteit-ekskusiwiteit ter sprake gekom in die konteks van Suid-Afrika se apartheidsbagasie waar 'n groot gedeelte van die bevolking vir die grootste gedeelte van 'n eeu letterlik persona non grata in die groter opset van die samelewing as geheel was. In België is die inklusiwiteit-ekskusiwiteitsverskynsel grotendeels deur die jare – en nog steeds – vervat in taalpolitieke weerstand teen die oorheersing van Frans oor Nederlands.

Die territoriale talige kultuur in België is die gevolg is van 'n taalbeleid wat die politieke kompromie reflekteer om 'n demokratiese, vooruitstrewende en vreedsame samelewing te bewerkstelling. Hierdie taalbeleid, tesame met toenemende globalisering, behoort op die oog af aansienlike multitalige interaksie te genereer wat die vraag na mediëringsprosesse in die amptelike tale sal verhoog.

Voortslepende taalkwessies, partypolitiek, etniese politiek, sowel as ekonomiese en maatskaplike ongelykheid tussen die onderskeie taalgebiede oorheers sedert 1830 die komplekse politieke arena in die huidige federale België (Deprez & Du Plessis, 2000:1-62; Deschouwer, 2004; Brans *et al*., 2009) wat onvermydelik 'n impak sal hê op 'n professionele projek van die taalpraktyk, ongeag die demokratiese taalpolitieke kompromie.

Huidige wetgewing wat die taalpraktyk as sodanig in Vlaandere beskerm, is beperk tot die Wet vir Beëdigde Tolken en Vertalers wat op 1 Januarie 2009 in werking getree het, en die verwagte wetgewing ten opsigte van gemeenskapstolking en -vertaling as 'n beskermde beroep wat in 2012 verwag word (Vlaams Parlement, 2009:18-21). Gebrekkige geïntegreerde en gerigte taalpraktykwetgewing kan tans gevolglik as 'n struikelblok geëien word in die professionaliseringsproses van die taalpraktyk in Vlaandere wat die realisering van die attribute van staatsanksionering (outonomiteit) en monopolie in die gedrang bring (maar vergelyk ook die bespreking in 4.6 en 4.7).

Die herstruktureerde Nasionale Kwalifikasieraamwerk vir Hoër Opleiding in Vlaandere skep 'n raamwerk waarbinne gerigte taalpraktykprogramme aan die verskillende universiteite en opleidinginstansies ontwikkel kan word, veral omdat dié Raamwerk riglyne en leeruitkomste reflekteer vanuit die oorkoepelende Framework for Qualifications of the European Higher Education Area soos vervat in die Bologna-verklaring van 1999 (vergelyk 4.5.3).

Wanneer die professionaliseringsinisiatiewe ten opsigte van die taalpraktyk in Vlaandere onder die soeklig kom, soos in die voorafgaande bepreking, wil dit voorkom of sodanige taalpraktykprofessionaliseringsinisiatiewe tot dusver nog nie prioriteit geniet in die akademie nie, en meestal vanuit die geledere van enkele taalpraktykberoepsliggame en hulle medewerkers geskied.

Hoftolke, en gemeenskapstolke en-vertalers vaar tot dusver die beste wat erkenning van beroepsprofessionele status betref. Gebrekkige geïntegreerde taalpraktykwetgewing is tans ook een van die struikelblokke in die professionaliseringsproses van die taalpraktyk in Vlaandere, maar soos in Suid-Afrika, is daar ander struikelblokke wat bydra tot die nie-professionele beroepstatus van die taalpraktyk, maar wat ook kataliste kan wees wat die proses kan bevoordeel.

'n Ondersoek na die tersaaklike fasette van persepsie van waarde en sosio-ekonomiese faktore, sowel as die stand van gerigte tersiêre onderrig wat in die volgende afdelings aan die bod kom, sal 'n geheelbeeld gee van verdere struikelblokke, kataliste en/of reeds gerealiseerde attribute van die taalpraktyk wat die huidige stand van sake reflekteer.

In die konteks waarin die professionele projek van enige aspirerende beroep sy loop neem, blyk die rol van die professionele beroepsliggaam tradisioneel sedert die Middeleeue van deurslaggewende belang te wees.

Die rol en betekenis van die professionele beroepsliggaam word in die volgende onderafdeling bespreek as 'n "kragstasie" vir aspirerende professies in die professionaliseringsproses. Die tradisionele rol van die professionele beroepsliggaam word hoog aangeskryf in die professionele projek: "... professional associations are the powerhouse of all professional endeavors" (Tseng, 1992:75); 'n rol wat moontlik óf oorskat word óf nie tot sy reg kom in die huidige taalpolitieke konteks in, byvoorbeeld, Suid-Afrika nie.

Die status van 'n professie word dus tradisioneel gereflekteer in die doeltreffendheid en vermoë van sy verteenwoordigende beroepsliggaam (Knoke, 2001) om regulering te beding en professionele status te bewerkstellig. Die beroepsliggaam word dan beskou as een van die grootste rolspelers in die sukses van die professionele projek al dan nie.

4.5.6 Statutêre konteks: gevolgtrekking

In hierdie afdeling is die statutêre konteks ondersoek waarin die professionele projek van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere (in die groter Belgiese federale konteks) sy loop neem. Ter sprake was die rol en insette van die regerings en regeringstrukture in interaksie met ander betrokke agente in die professionaliseringsproses van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere.

Die sosiopolitieke opset in Suid-Afrika is 'n gekompliseerde aangeleentheid waarvan 'n demokratiese, demografiese multitalige, maar 'n oënskynlik idealistiese en onuitvoerbare, taalbeleid, waar 'n oormaat van politieke apartheidsrelikwieë 'n impak het op die professionele projek van die taalpraktyk. Verdagmaking van taalorganisasies om aanspraak

te maak op 'n demokratiese beginsel van taalregte of om dit af te dwing, skep voorts 'n politieke verwagting van 'n niejuridiese gegewe.

Die probleem is: Ten spyte van die postapartheidsrealiteit en die bevrydende ideologie van die postmodernisme (of juis as gevolg daarvan?) sit SA nog steeds vasgevang in die tronk van twee konflikterende "grand narratives". Du Preez (2011) som die situasie netjies op na aanleiding van 'n werfjoernaalartikel van De Vos (2011):

> Die een sien Afrika as 'n flop en swart mense as geneig tot korrupsie, onbetroubaarheid en luiheid en lê klem op Westerse prestasies; die ander konsentreer op die onreg van die koloniale en apartheidsgeskiedenis en die trotse bevrydingstryd en wil alles in vandag se Suid-Afrika in terme van ras en rassisme verstaan. Die meeste Suid-Afrikaners glo in die een of ander variasie van een van dié narratiewe en probeer wat in die land gebeur in terme daarvan verduidelik. Elkeen van ons se narratief bepaal hoe ons die gedrag van die "ander" verstaan, en dit laat die meeste van ons soos slagoffers voel.

Soos Suid-Afrika is Vlaandere eweneens 'n komplekse gemeenskap met 'n eeue lange onopgeloste Nederlands-Franse taalstryd binne 'n huidige multitalige taalbeleid, sowel as voortslepende bestaansgeskille tussen die taalgemeenskappe (wat histories nooit regtig nét 'n taalkwessie was nie) en metterjare ontaard in toenemende politieke en maatskaplike vyandiggesindheid tussen die Nederlandssprekende Vlaandere en Fransprekende Wallonië. 'n Territoriale taalgrens word ook 'n sosiale grens as gevolg van grootskaalse maatskaplike en ekonomiese verval in die eens welvarende geïndustrialiseerde Wallonië en die industrialisering van agrariese Vlaandere gedurende die twintigste eeu wat die magsbalans omkeer (Willemyns, 2006:1760), met sosio-polities en linguisties gesproke, 'n antagonistiese gegewe wat die voorbestaan van die federasie bedreig. Die statutêre gegewe in Vlaandere word gekompliseer deur die groter sosio-politieke opset in federale België, waar die land na die Junie 2010-verkiesing vir 535 dae sonder 'n regering sit[146].

In Suid-Afrika is die statutêre gegewe – veral 'n onstabiele, prikkelbare, sosio- en taalpolitieke opset, 'n taalpraktykwet wat sloer, die vae politieke of regsposisie van taalkwessies en -regte territoriale politieke, taalstruktuur- en taalbeleidonderonsies – 'n trefseker resep vir 'n professionele projek wat, onder andere, alreeds mank gaan aan 'n gebrekkige professionele ideologie onder sy vernaamste rolspelers, die taalpraktisyn self.

Die ondersoek dui daarop dat die professionaliseringsproses van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere op verskillende vlakke verloop, met 'n ooglopend beduidender regerings- sowel as akademiese inisiatief in Suid-Afrika, al wil dit voorkom of hierdie proses oënskynlik, maar hopelik tydelik, in 'n doodloopstraat beland het.

Die "politieke wil" tot 'n taalbeleid wat die taalpraktyk se professionele status sal bevorder, het oënskynlik in Vlaandere 'n baie meer "antagonistiese" taalkleur, wat moontlik wel ten gunste van die professionalisering van die taalberoepe werk.

Die feit van die saak is: die bevordering van 'n kontekstuele kultuur van professionele taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere deur die erkenning en professionalisering van taalpraktisyns as mediators in multitalige konteks, is tradisioneel weliswaar afhanklik van

[146] Euronews, 2011. 1 December 2011. Belgium set to approve new government http://www.euronews.net/2011/12/01/belgium-set-to-approve-new-government/

doelbewuste regeringsinsette, sanksionering en wetgewing. Die proses behoort ook op eie meriete sy loop te kan neem deur middel van daadwerklike ondersteuning van die professionele beroepsliggaam (vergelyk 4.6), en groter sigbaarheid en erkenning van die rol en funksie van die vryskuttaalpraktisyn in 'n postmoderne konteks (vergelyk 4.2.4.3).

Indien professionalisering nie deur die tradisionele proses van wetgewing realiseer nie, of daar oënskynlik geen vooruitsig is op so 'n verwesenliking nie, word die beroepsliggaam die aangewese kandidaat om die funksie te vervul. Rose (1983:103-104) beklemtoon die inherente gesag van professionele selfregulering deur die eeue, gesetel in gevestigde en tradisionele aanvaarding daarvan wat terugdateer tot die Middeleeuse gildes toe die professies privaat professionele groepe gevorm het om hulle gedeelde belange te bevorder. In die huidige beroepsomgewing implementeer die professionele beroepsliggaam as nieregeringsliggaam beheer deur:

> ... influencing professional education accreditation and curriculum; maintaining membership rules and ethical standards that define competence and prescribe behaviour norms; and influencing nongovernment third parties ... whose activities are complementary to the provision of professional services. In reality, the professions have a system of self-regulation that substantially influences whether the consuming public receives services, what individuals may offer the services, the nature of the services received, and the methods in which they are provided.

Die professionele beroepsliggaam word as die tradisionele "power house" (Tseng, 1992:75-81) van bestaande professies die aangewese agent in die professionele projek ter sprake wat, vir alle praktiese doeleindes, beroepsanksionering kan bewerkstellig, mits dit oor die vermoë beskik om so 'n rol en funksie te vervul.

In die volgende afdeling word aangetoon tot watter mate 'n gesaghebbende en gesofistikeerde beroepsliggaam sanksionering kan bewerkstellig vir die taalpraktyk.

4.6 Die professionele beroepsliggaam

4.6.1 Inleiding

Stejskal (2004:8; 2003b:15) onderskei drie moontlike en aanvaarbare wyses waarop beroepe 'n "credentialling"-proses kan bewerkstellig (wat kan bestaan uit verskeie stappe[147], en hier gelees as 'n poging tot beroepsregulering of beroepoutonomie):

- deur 'n professionele beroepsliggaam;

[147] Shaw (2004:9-10) onderskei soos volg tussen die onderskeie prosesse:

- **Sertifisering: '**n Vrywiillige proses waarby 'n organisasie (soos 'n opleidingsinstansie) erkenning gee aan 'n individu wat voldoen aan sekere voorafbepaalde kwalifikasiestandaarde.
- **Akkreditasie:** 'n Proses waardeur 'n entiteit openbare erkenning gee aan 'n organisasie soos 'n skool, instituut, kollege, program, fasiliteit, of maatskappy wat aan die voorafbepaalde standaarde voldoen.
- **Registrasie:** 'n Proses waardeur die besitting van spesifieke geloofwaardigheidsvereistes relevant tot die uitvoering van take en verantoowordelikhede binne 'n gegewes professie of veld geverifieer word.
- **Lisensiering: 'n** Verpligte erkenningsproses waardur 'n regering toestemming verleen aan persone om 'n spesifieke beroep te beoefen deur te attesteer dat die gelisensieerde persoon die minimumgraad van kennis en vaardighede behaal het wat vereis word om daardie beroep te beoefen.

- deur ’n regering, en
- deur ’n akademiese instelling.

Burrage *et al*., (1990:208) onderskei vier idealetipe beroepsorganisasies – beroepsliggame – wat in wese grootliks gegrond is op die funksies van die Middeleeuse gildes (Krause, 1996; Renard, 2000) waar die beroepsgildes die gesag gehad het om standaarde te stel,opleiding bepaal en verseker het, toegang tot die beroepe gebied en beperk het, en produksie en dienste bepaal en gereguleer het:

- die verteenwoordigende, statutêre beroepsliggaam wat primêr gemoeid is met verteenwoordiging en statutêre wettiging van beroepe;
- die regulerende beroepsliggaam of die kwalifiserende beroepsliggaam wat die sertifisering, regulering en eksaminering van beroepe behartig wat staatsondersteuning geniet al dan nie;
- die akademiese beroepsvereniging wat fokus op die kennisveld en akademiese aktiwiteite van professies, en
- die onderhandelende beroepsliggaam wat namens beroepslede optree en onderhandel en nie te onderskei is van die vakunie nie.

Die regulerende of kwalifiserende beroepsliggaam is veral gemoeid met die praktisyns en praktykaangeleenthede van ’n beroep, hoofsaaklik met die proses van professionalisering, aktiwiteite waarin SAVI en die BKVTF as primêre beroepsliggame vir taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere ’n leidende rol behoort te speel, alhoewel die regulerende beroepsliggaam tot ’n mindere of meerdere mate al bogenoemde funksies van beroepsverteenwoordiging (kan) vervul.

Indien beroepserkenning dan nie deur middel van die tradisionele sanksionerende maatreëls bewerkstellig kan word nie – wat oënskynlik tans die geval is met die professionele beroepsaspirasies van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere – bied die regulerende of kwalifiserende beroepsliggaam ’n moontlike alternatief waardeur beroepsanksionering op die lang duur beding en teweeggebring kan word.

Dit is dus wenslik (en heeltemal moontlik) dat ’n beroepsliggaam ’n modus operandi van professionalisering moet hê om professionele attribute te bewerkstellig voordat dit as ’n professionele beroepsliggaam kan optree. Dit is in hierdie konteks dat die funksies van ander suksesvolle beroepsliggame wat die toets van die tyd deurstaan het, as **voorbeelde** ter sprake kom, om te bepaal watter meganismes ontwikkel kan word om die nodige funksies van suksesvolle(r) taalberoepsverteenwoordiging te bewerkstellig.

Die invalshoek in die bespreking wat volg, is die mate waarin die beroepsliggaam se persepsies van hulleself, hulle (gebrek aan) statutêre erkenning en hulle interaksie met die politieke gegewe in Suid-Afrika en Vlaandere óf as struikelblok óf as bemiddelende faktore dien in die professionele projek van die taalpraktisyn. Dit is daarom nodig dat die selfpersepsie van die beroepsliggame getoets word teen die algemene persepsies van rolspelers (taalpraktisyns, akademici, die algemene publiek, die regering) ten opsigte van die rol van die onderskeie beroepsliggame tot die mate waartoe dit (binne) die selfopgelegde

taak van beroepsliggame om die weg tot professionalisering te baan, en die mate waarin hierdie taak binne die take van ander rolspelers inpas.

In hierdie afdeling is die kern van bespreking gelee in die vermoë – of onvermoë – van die bestaande taalberoepsliggame in Suid-Afrika en Vlaandere om professionele outonomie te bewerkstellig vir hulleself en die taalberoepe wat hulle verteenwoordig, teen die agtergrond van hulle oorsprong, ontwikkeling en funksie. Die doel is om te bepaal wat die ooreenkomste en/of verskille tussen die werksaamhede van SAVI en die BKVTF as die verteenwoordigendste taalberoepsliggame in Suid-Afrika en Vlaandere is, en hierdie stand van sake te vergelyk met die werksaamhede van erkende, gevestigde beroepsliggame soos die Mediese en Tandheelkundige Beroepsraad van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters, en die Balie in Suid-Afrika. So 'n benadering slaan terug op die prototipemodel, waar eksemplare as voorbeelde dien en fokus op 'n eksterne beoordeling van attribute (vergelyk 2.4.4).Met so 'n benadering word beoog om:

- 'n eksterne beoordeling deur tekortkominge in vergelyking met gevestigde beroepsliggame te hanteer, en
- terselfdertyd die gesprek aan die gang te sit en die voorbereiding te doen vir die moontlikheid dat beroepsliggame sanksionering buite regeringswettiging om kan bewerkstellig

Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut – SAVI – is die toonaangewendste taapraktykberoepsliggaam in Suid-Afrika, maar slaag oor die afgelope sowat 50 jaar nie daarin om statutêre status te bewerkstellig vir die Instituut of die taalberoepe wat dit verteenwoordig nie. Die feit is dat hersiklering van die heersende standpunte oor die pogings van 'n lanterfanterende beroepsliggaam soos SAVI nie die impasse van die professionalisering van die taalpraktyk in Suid-Afrika gaan verander nie en nog minder die proses daarvan bevorder.

Die kernvrae is: Waar loop die professionaliseringspogings wat SAVI as beroepsliggaam van stapel stuur, skeef? Wat doen die organisasie verkeerd, indien wel? Kan die Instituut sy plan van aksie wysig om die gewenste status te bewerkstellig? Bevind die beroepsliggaam sigself werklik op die verkeerde tyd op die verkeerde plek – 'n veranderde taalpolitieke en postmoderne situasie – in 'n ongelukkige sameloop van omstandighede wat ongunstig verloop vir hulle? Dit is een gevolgtrekking, maar is daar nie 'n ander weg wat SAVI of die BKVTF as leidende taalpraktykberoepsliggame in die professionaliseringsproses van die taalberoepe kan inslaan nie?

Die bedoeling in hierdie ondersoek is dus nie om die beroepsliggame te bekritiseer of in 'n ongunstige posisie te plaas nie, maar om die struikelblokke te vind op weg na ondersoekende oplossings omdat hierdie liggame die substitute kan word vir regeringsanksionering, en sodanige oplossings die weg kan baan om die professionaliseringimpasse te beëindig. Dié kritiese benadering word beredeneer teen die agtergrond van die oorsprong van beroepsorganisering – die Middeleeuse gildes – en die doel en funksie van die regulering en sanksionering van beroepe in die huidige postmoderne, komplekse taalpolitieke opset.

Daarna word die attribute van die statutêre professionele beroepsliggaam bespreek aan die hand van drie beroepsliggame wat die toets van die tyd deurstaan het, wat die raamwerk

bied vir ’n vergelyking met die bestaande Suid-Afrikaanse en Vlaamse beroepsliggame wat tans aanspraak maak op professionele verteenwoordiging van die taalberoepe in hierdie lande. Sodoende word beoog om te bepaal wat die funksies is wat die taalberoepsliggame in Suid-Afrika en Vlaandere tans vervul, en of, indien wel, hulle enige attribuutooreenstemming toon met die eksemplaarmodel van die tradisioneel-erkende (statutêre) professionele beroepsliggaam. Sodoende kan riglyne gebied word vir moontlike aanpassings in werkwyse waarby die professionaliseringsproses baat kan vind.

Om die verskynsel van die beroepsliggaam in konteks te plaas, word vervolgens ’n oorsig gegee van die Middeleeuse gildes as die oorsprong van beroepsorganisering in die sosioprofessionele konteks.

4.6.2 Die oorsprong van beroepsorganisering: die Middeleeuse gildes

Die oorsprong van die huidige beroepsliggaam lê sedert 1170 in die gelisensieerde Middeleeuse gildes wat oënskynlik georganiseer was in iets tussen ’n hedendaagse unie, ’n kartel en ’n geheime organisasie (Krause, 1996:1-28).Die hedendaagse vakunies toon tot ’n mate ’n ooreenstemming met die Middeleeuse gildes in die sin dat die gildes standaarde stel vir die beroepsaktiwiteite van die destydse professies en die belange van hulle lede beskerm.

Epstein en Prak (2008) beklemtoon die gildes se doelstelling en funksie van die plasing van meester en leerjonge (klerk, ingeboekte persoon; nuweling, vakleerling) met as doel gemoniteerde leer en praktykervaring. Terwyl die aanleer van ambagsvaardighede wel ervaringsgebaseerde kennis vereis het, het hierdie proses ’n uitgebreide langdurige praktykgebaseerde vakleerlingskap genoodsaak.

Oorspronklik was die doel van die gildes die beskerming van hulle lede teen uitbuiting in die feodale stelsel van die Middeleeue, sowel as beskerming vir die gebruikers van goedere en dienste, maar mettertyd word die gildes prestigeliggame wat ook as intermediêre instansies tussen die staat en die individu funksioneer. Die gildes was voorts betrokke in openbare dienslewering, soos die polisiëring en beskerming van die omgewing, oprigting van kerke en ander geboue, en daar is van lede verwag om hoë morele standaarde te handhaaf.

Die Middeleeuse beroepsorganisering soos dit gestalte vind in die gildes waaruit die eietydse professies en hulle verteenwoordigende beroepsliggame vorm aanneem, skarnier op die tweeledige harmoniërende beginsels van funksie en balans in die samelewing (Krause, 1996:2; Durkheim, 1957; vergelyk ook 3.5.2 vir die bespreking van die Durkheimiaanse funksionalisme as heersende teoretiese perspektief)in die sosiologie en baie ander wetenskappe tot die sestigerjare). Die gilde-organisering bied ’n struktuur vir beroepselfgenoegsaamheid binne die samelewing, gemeenskappe binne die groter gemeenskap, Goode (1957) se “communities within a community”. Uitsluiting en privilegie word metterjare noodwendig deel van die statusbeginsel van professie: “The place of honour was reserved for those crafts in which brainwork took precedence over manual work” (Renard, 2000:56).

Die staat was altyd betrokke in beroepsorganisering tussen die Middeleeue en die negentiende eeu, en die gildes funksioneer as ’n intermediêre liggaam tussen die staat en

die individu (Krause, 1996). Vanuit die perspektief van ekonomiese organisering neem die gildes sedert die Middeleeue twee uiterste vorme van betrokkenheid aan: "... a period of State supremacy in which the State assumed the supreme direction of industrial affairs, and a period of State abdication in the nineteenth century, during which there was no collective organization, and economic matters were left to the free play of economic forces working in a milieu of competition (Renard, *2*000:16). In die een en twintigste eeu beroep die hedendaagse staat hom ook meer geredelik op die vryemarkbeginsel van ongereguleerde markte (en beroepe). Die staat speel ideaal 'n neutrale rol in die administrasie en wetgewing van ekonomiese aktiwiteite, hetsy deur beperking (regulering van aktiwiteite of beskerming van interne/eksterne markdruk), of deur die aktiewe bevordering daarvan.

Die Algemene Balieraad in Suid-Afrika (vergelyk die bespreking in 4.6.2 en 4.6.3.2.2) kan voorgehou word as 'n voorbeeld van 'n eietydse gilde aan die werk. Die georganiseerde advokatuur in Suid-Afrika bestaan uit tien konstituente liggame (balies) van praktiserende advokate, een in die setel van elke provinsiale en plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika[148] onder gesag van die Algemene Balieraad (The General Council of The Bar – GCB) wat die kriteria vir toelating en praktisering van die professies bepaal. Om tot die professie toegelaat te word moet 'n advokaat 'n lid wees van 'n Balie in die provinsie waar hy praktiseer. Staatswetgewing verbied enige persoon om wederregtelik die regsberoep te beoefen en praktiserende advokate is onderworpe aan die reëls en regulasies van professionele gedrag wat deur die Hooggeregshof afgedwing word.

Die struktuur en funksie van die Mediese en Tandheelkundige Raad (vergelyk die bespreking in 4.6.3.2.1) kan ook vergelyk word met dié van die Middeleeuse gildes, asook die professionele beroepsliggame van professies van geoktrooieerde rekenmeesters (4.6.3.1.3), argitekte en ingenieurs wat wisselende periodes van "vakleerlingskap" vereis voordat 'n kandidaat "professionele" sertifisering kry vir toelating tot die relevante beroep. Hierdie **sertifisering** vorm die deurslaggewende faktor vir toelating tot die praktyk.

Op die lang duur bewerkstellig die gildes egter hulle eie ondergang juis as gevolg van (onder andere) die privilegie en eksklusiwiteit wat metterjare die onderskeidende vereistes word: "The guilds were denounced as opposed to the general interest of producers in that they stood for privilege and exclusiveness and prevented numbers of people, who could neither enter them nor set up beside them, from earning an honest livelihood" (Renard, *2*000:98-99).

Dit is juis hierdie aantyging wat tans ook die voortbestaan van die professies en hulle beroepsliggame bedreig (Krause, 1996). Daarom bied die prototipemodel van professionalisering wat in Hoofstuk 2 ontwikkel is vir die taalpraktyk sowel as aan 'n groot verskeidenheid ander beroepe in **veranderende sosiokulturele en taalpolitieke kontekste** die geleentheid tot optimum funksionering.

Die Middeleeuse gildes vorm dus aanvanklik intern 'n **selfregulerende** eenheid wat **voorwaardes** bepaal waaronder beroepsdienste met 'n erkende status in die gemeenskap plaasvind en is gebaseer op bepaalde kommunale, **altruïstiese funksies** (Renard, *2*000:11) onderliggend aan die beeld van die professies, en bevorder professionalisering.

[148] KwaZulu-Natal Balie; Bisho Balie, Bisho; Kaap Balie, Cape Town; Oos-Kaap Balie, Grahamstad en Port Elizabeth; Vrystaat Balie, Bloemfontein; Johannesburg Balie, Johannesburg; Noordwes Balie, Mafeking; Noord-Kaap Balie, Kimberley; Pretoria Balie, Pretoria; Transkei Balie, Umtata.

Die prototipe-attribute van professie word dan reeds sigbaar in die Middeleeuse gildes in die vorm van **uitsluiting** en **privilegie**, **outonomie**, **altruïstiese** diens, **etiese gedrag** en optrede en tot 'n groot mate, **opleiding**, wat in die gegewe Middeleeuse konteks afgestuur is op vakleerlingskap en indiensopleiding.

In 4.6.3 word beoog om 'n raamwerk vir die interpretasie van die huidige taalberoepsliggame in Suid-Afrika en Vlaandere daar te stel. Die raamwerk word bewerkstellig deur die doel en funksie van die regulering en sanksionering van beroepe in die huidig-veranderende kontekste te bespreek met verwysing na statutêre beroepsliggame. Sodoende word aangetoon hoe die suksesvolle professionele beroepsliggaam tans daar uitsien, waarmee beroepsliggame wat aspireer na statutêre status 'n ooreenkoms moet vertoon om enigsins geloofwaardig voor te kom in die moeilike proses van die professionele projek.

4.6.3 'n Raamwerk vir die interpretasie van die professionele beroepsliggaam

Regulering ("credentialling") en sertifisering van beroepe – professionele erkenning – is 'n verwikkelde, uitsluitings- maar verenigende meganisme wat verskillende uiteenlopende vorme aanneem, en dit is bykans onmoontlik om hierdie komplekse onderwerp na wense in algemene terme in die konteks van professionalisering te behandel (Freidson, 1986:63, 87). In sy mees fundamentele vorm sinjaleer regulering markmerkers, dit is konvensionele seine omtrent die opleiding, kennis, bekwaamheid, vaardigheid en houding van 'n praktisyn wat sy dienste in die beroepsmark aanbied (Spence, 1974).

Dit is primêr die effek van regulering op die posisie van die professionele praktisyn in die samelewing wat daarvan 'n belangrike kwessie maak: aan die een kant het regulering tot gevolg **marksluiting**, wat die professionele status van die posisie van die praktisyn ter sprake (in hierdie geval die taalpraktisyn) bevoordeel en versterk. Aan die ander kant het beroepsregulering ten doel om die algemene publiek te beskerm, wat uitvoering gee aan die attribuut van **altruïstiese en mediërende diens** in die volste sin van die woord.

Hieruit spruit egter die volgende probleme: Eerstens hou marksluiting die persepsie van professionele mag en **monopolie** in (MacDonald, 1995), wat op sigself vir die professionaliseringsinisiatief 'n struikelblok word. Tweedens wys Rogers (1973:364, 365; sy kursivering) op die ongeldigheid van die aanname dat regulering die publiek beskerm, en sy aantyging kan die oortuiging van en rede vir baie ongeakkrediteerde taalpraktisyns wees: "... there are many with diplomas on their walls who are not fit [to practice] … [T]here are as many *certified* charlatans and exploiters of people as there are uncertified… Certification is *not* equivalent to competence ... [and] tight professional standards do not, to more than a minimal degree, shut out the exploiters and the charlatans."

Daarom word dit noodsaaklik om die essensiële attribute van professionele praktyke te beklemtoon en te bevorder, veral in veranderende beroepskontekste, ten einde optimale diens te verseker, teenoor blote voldoening aan 'n reeks voorskriftelike, veridealiseerde, tradisionele "professionele" kenmerke (voldoende kenmerke). Die implikasie is dat sekere "vereistes" of attribute as professionele kenmerke in veranderende kontekste meer of minder sentraal kan (en gaan) staan as ander (vergelyk die bespreking in Hoofstuk 2). So 'n benadering stel ook meer 'n suksesvolle professionele projek in die vooruitsig.

Relevant tot die taalberoepe geskied regulering van beroepe op drie verskillende wyses: privaat en/of institusionele beroepsertifisering[149] (Freidson, 1986:69-73), byvoorbeeld nie-statutêre akkreditering deur 'n beroepsliggaam soos dit in hierdie afdeling ter sprake kom; sanksionering deur 'n regering deur middel van beroepslisensiëring waardeur eksklusiewe amptelike toestemming ondersteun deur wetgewing aan gewenste individue gegee word om in 'n spesifieke beroep te werk (vergelyk 4.6.3.2; Freidson, 1986:65-69), en deur 'n akademiese instansie (Burrage *et al*., 1990a:208-212; Stejskal, 2005b:3).

Die stigting, posisionele verstewiging van 'n beroepsliggaam, of konsolidering van beroepsliggame is tradisioneel een van die eerste stappe in 'n strukturele en prosesgeoriënteerde model van professionalisering van enige beroep (Allsop *et al*., 2009:489; Barber, 1963; Barker, 1995:296; Becker *et al*., 2009; Burbules & Densmore, 1991:49; De Vries *et al*., 2009:558; Goode, 1957; Goode, 1960a:902; Greenwood, 1957; Herbulot, 1997:3-5; Hodson & Sullivan, 2002:302; Hughes, 1958; Millerson, 1964a:10; Ritzer, 1977:44; Tseng, 1992:75-81; Wilensky, 1964:138), 'n verwikkeling wat tradisioneel deur statutêre erkenning verskans moet word.

Die rol wat die **beroepsliggaam** in die professionaliseringsproses speel, aldus die literatuur, kan nie genoeg beklemtoon word nie (Tseng, 1992:75-81). Dit word baie pertinent gestel: "... it is quite obvious that a powerful profession is characterized by a powerful association. Therefore the power the association are able to wield demonstrates the stage of professionalization ..." (Tseng, 1992:81).

Die bate van die attribuut van 'n **statutêr-erkende professionele beroepsliggaam** vir die taalpraktyk, soos dit ter sprake kom in die prototipemodel, is geleë in die voordele van beroepsorganisering: **opleidingsvoorwaardes vir verpligte registrasie wat mark-monopolie en toegangsbeheer tot die taalmark, gestandaardiseerde vergoeding, en 'n afdwingbare etiese kode bewerkstellig.**

Die oënskynlike onvermoë van die beroepsliggame, veral van SAVI in Suid-Afrika, om die gesogte "powerful" posisie te bewerkstellig, bring dan die status van die beroepsliggaam in die gedrang.

4.6.3.1 Die ontwikkeling en funksies van die professionele beroepsliggaam

In Afdeling 4.2 is die institusionele en taalpolitiese klimaat bespreek waarbinne die beroepsliggaam ook moet funksioneer, ook vanuit 'n postmodernistiese konteks (vergelyk 3.5), wat moontlik 'n komplekser omgewing is vir die tradisionele beroepsliggaam is om te funksioneer as 50 jaar gelede toe SAVI en die BKVTF tot stand gekom het. Die probleem doen hom veral voor dat SAVI as beroepsliggaam oor die afgelope vyftig jaar alles in sy vermoë doen om as regulerende taaberoepsliggaam te funksioneer en erken te word, maar die onderneming lei nie tot die verwagte of gewenste gunstige uitslag of noemenswaardige vordering nie.

[149] Privaat beroepsertifisering geskied deur die beroepsliggaam, in die vorm van akkreditering, ná graduering en/of die aflegging van 'n akkrediteringseksamen, ongeag die feit dat die beroepsliggaam nie 'n statutêre liggaam is nie, soos in die geval van SAVI in Suid-Afrika. Met institusionele beroepsertifisering is dit die organisasie wat geloofwaardigheid kry wat daaraan statutêre gesag verleen om beroepsertifisering te magtig (soos 'n hospitaal). (Beroeps)organisasies word dan gelisensieer, geoktrooieer, of deur wetgewing gelegitimeer om aan praktisyns professionele status te gee (Freidson, 1986:71-72).

'n Beroepsliggaam is die verpersoonliking van 'n gemeenskaplik gedefinieerde professionaliseringsdoel: "... [W]hen clearly expressed and defined, it will take on reality in the eyes of others, instead of being considered merely as something anyone can do" (Herbulot, 1997:4). Dit verenig beroepslede wat bereid is om saam te werk vir 'n gemeenskaplike doel, en tree vir lede in die bresse.

'n Beroepsliggaam, soos reeds gemanifesteer in die Middeleeuse gildes, gee status aan 'n professie, bevorder samehorigheid onder lede, vorm 'n buffer teen moontlike opposisie, en vorm die intermediêre skakel met die staat. Die beroepsliggaam moet verkieslik tot stand kom in ooreenstemming met sanksionering, of nasionale wetgewing, met duidelik gedefinieerde reglemente en regulasies, met 'n duidelike en goed gedefinieerde doel (Herbulot, 1997:4), soos dit ook in die attribuutmodel sentraal staan.

Taalpraktykbehoeftes en werksgeleenthede in die taalmark en onder die algemene publiek gee bestaansreg aan 'n taalberoepsliggaam; so 'n organisasie word nie slegs diskursief geskep nie; algemene aanvaarding deur die samelewing as geheel en sanksionering word attribute wat meer sentraal staan in die professionaliseringsuitkoms.

Daadwerklike professionele, maar "gesanksioneerde optrede", van die beroepsliggaam speel daarom 'n deurslaggewende rol in die suksesvolle uitkoms van 'n professionaliserings-inisiatief, intern sowel as ekstern. Die professionele beroepsliggaam is onder andere verantwoordelik vir interne reguleringsaspekte soos (vergelyk Tseng, 1992:75):

- die definiëring van die inhoud en parameters van alle aspekte van taalpraktyk van die taalberoep(e);
- die toelatingskontrole tot die taalberoep(e) en beskerming van die beroepstitel;
- navorsingsinisiatiewe vir die bevordering van professionele standaarde;
- simposia en seminare vir die interaksie tussen akademici, die mediapubliek en die bevordering van professionele standaarde;
- die sanksionering van opleidingsinstellings vir gestandaardiseerde en beroepsgerigte opleiding; en
- die sanksionering van 'n etiese kode om die gedrag van taalpraktisyns te reguleer sowel as om die regte van kliënte te beskerm.

Eksterne aspekte wat ter sprake kom in die rol van die professionele beroepsliggaam is veral geleë in die mandaat wat hulle verkry van die lede van die professie om in onderhandeling te tree met die relevante owerhede ten opsigte van geskikte professionele werksomstandighede, vergoeding, erkenning en die uiteindelike beskerming van lede teen buitestanders en onvoldoende gekwalifiseerde of ongeakkrediteerde "praktisyns".

In die huidige beroepsomgewing word die attribuut van die sanksionerende rol van die professionele beroepsliggaam uitgebrei en gediversifiseer: Hodson en Sullivan (2002:302) benadruk die oorredingsrol van die professionele beroepsliggaam, die voorspraak wat hulle namens hulle lede doen by die algemene publiek: "The most important job of the professional association is probably convincing the general public, the state legislature, and ... other professions that its claims to professional status are legitimate." Winter (1983:11-12) beskou die belangrikste rol van die professionele beroepsliggaam as een van regulering,

gefokus op die bevordering van die attribuut van standaardisering van teoretiese opleiding: "... governance, standard-setting ... and ... in the promotion of scholarships leading to theoretical development in the field."

'n Belangrike veranderlike in die assessering van die gesaghebbendheid van die professionele beroepsliggaam blyk te wees die kontrole wat dit (kan) uitoefen oor lede (Winter, 1983:12). Wilensky (1964:143) se waarneming dat die stigting van 'n beroepsliggaam dikwels die implementering van gestandaardiseerde sekondêre opleidingsprogramme voorafgaan vir beroepe wat geen professionele status het nie, in 'n proses van professionalisering is, of semiprofessionele status het, dui op die mate van invloed wat so 'n beroepsliggaam kan hê in die proses van professionalisering.

Wêreldwyd is daar in afsonderlike lande talle verskillende nasionale professionele taalpraktykberoepsliggame wat daarop aanspraak maak om die belange van die onderskeie taalberoepe in 'n land te behartig[150], en die vraag is wat die funksie konstitueer van verskeie nasionale beroepsliggame wat verskillende doelwitte nastreef, en nie noodwendig almal die ideaal van professionele status vir hulle lede voor oë het nie? (Hodson & Sullivan, 2002:302).

In Suid-Afrika is dit hoofsaaklik die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut[151] (en tot 'n mindere mate die Professional Editors' Group[152]) wat onderling daarop aanspraak maak om 'n leidende rol te speel in taalverwante beroepsdienste, beroepsprofessionalisering en die bevordering van die taalberoepe. In Vlaandere vervul die BKVTF hoofsaaklik hierdie rol, terwyl FIT daarop aanspraak maak om internasionaal die leidende rol in taalpraktyk-aangeleenthede te speel.

Vervolgens word SAVI en die BKVTF as leidende beroepsliggame onder die vergrootglas geplaas, en vergelyk met bestaande en suksesvolle beroepsliggame in Suid-Afrika om te bepaal of die rol wat hulle speel in die taalberoepsmark en -professionaliseringsproses professionele bemagtiging bevoordeel of benadeel. Die vraag is: Waarom is die twee beroepsliggame oënskynlik grootliks onsuksesvol om die professionalisering van die taalpraktyk na wense deur te voer ten spyte van die feit dat hulle hulle beywer om professionele status vir die taalberoepe in Suid-Afrika en Vlaandere 'n werklikheid te maak? (vergelyk die webwerf van elkeen van hierdie beroepsliggame[153]).

Aspekte wat ter sprake kom in die bespreking van die taalpraktykberoepsliggame, is die agtergrond en redes vir die ontstaan van die beroepsliggaam, samestelling en administrasie, doelwitte, professionaliseringsinisiatiewe, akkreditering, opleidingsinisiatiewe, die etiese kode en vergoeding.

Uit die geraadpleegde literatuur sowel as persoonlike onderhoude en e-posse is soveel moontlik inligting omtrent hierdie "komplekse saak" (Freidson, 1986:63, 87) probeer verkry.

---

[150] http://www.kwintessential.co.uk/translation/associations.html
[151] Vir verdere besonderhede, sien http://translators.org.za/
[152] PEG: http://www.editors.org.za/. Waar die ander beroepsliggame wel 'n rol te speel het, sal daar in die bespreking daarna verwys word.
[153] SAVI: http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1; PEG: http://www.editors.org.za/; SAFREA: http://www.safrea.co.za/join/; BKVTF: http://www.fvib.be/viewobj.jsp?id=231106; FIT: http://fit2011.org/

Kwessies wat dit vir die beroepsliggame moeilik maak om hulle professionaliseringsinisiatief te verwerklik as redes wat realisering verhinder, is:

- politieke/wetgewende probleme (wat reeds in 4.2 onder die soeklig gekom het en oor uitsluitsel gegee is);
- persoonlike botsings tussen individue in die organisasies (wat reeds in 4.2 onder die soeklig gekom het en oor uitsluitsel gegee is);
- administratiewe probleme;
- samewerking tussen die verskillende beroepsliggame, en
- moontlike wedywering tussen beroepsliggame.

Om oplossings vir hierdie kwessies te deurgrond, is dit nodig om enersyds die status quo van bestaande statutêre beroepsliggame vas te stel om te probeer vasstel waar die taalberoepsliggame tekort skiet, indien wel, en andersyds, of hieruit moontlike oplossings aan die hand gedoen kan word. In hierdie verband word vervolgens 'n oorsig gegee van die ontwikkeling van enkele beroepsliggame, waarna die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad, Die Suid-Afrikaanse Balie, en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters as voorbeelde van geslaagde en langdurende geïnstitusionaliseerde professionele beroepsliggame voorgehou word.

4.6.3.2 Die kultuur van die professionele beroepsliggaam

Hoe lyk die suksesvolle professionele beroepsliggaam en wat is die funksies daarvan? Die "professionele beroepsliggaam" word gedefinieer as "... any body of expert practitioners in an occupational field, and includes an occupational body" (SAQA, 2011b:1).

SAQA (2011b:4, punt 28) [154] se kriteria en voorwaardes vir die registrasie van 'n professionele beroepsliggaam in Suid-Afrika word soos volg geformuleer:

- **statutêre status** – bevoegdheid wat voorsiening maak vir die nodige **menslike** en **finansiële hulpbronne** wat dit in staat stel om sy funksies uit te voer, bestuur en geadministreer deur 'n **bestuursmeganisme** (statuut, handves of grondwet) ooreenkomstig met en getrou aan goeie korporatiewe bestuurspraktyke;
- **sosiale verantwoordelikheid** – beskerming van die publiek met betrekking tot die dienste wat gelewer word deur die lede;
- **professionele outonomiteit** – ontwikkel die nodige parameters vir professie;
- **sigbaarheid** en **deursigtigheid** – openbare ledelyste;
- **voortgesette opleiding** – stel die kriteria vir, bevorder, en monitor voortgesette professionele opleiding om aan die relevante professionele parameters te voldoen;

[154] i. Be a legally constituted entity with the necessary human and financial resources to undertake its functions, governed either by a statute, charter or a constitution and compliant with and adhere to good corporate governance practices.
ii. Protect the public interest in relation to services provided by its members and the associated risks.
iii. Develop, award, monitor and revoke its professional designations in terms of its own rules, legislation and/or international conventions.
iv. Submit a list of members in a form acceptable to SAQA.
v. Set criteria for, promote and monitor continuing professional development CPD for its members to meet the relevant professional designation requirements.
vi. Publish code of conduct and operate a mechanism for investigating members who are alleged to have contravened the code.

- **etiese kode** – van verantwoordelikheid en optrede in openbare belang wat neerkom op 'n afdwingbare meganisme om stappe te neem teen oortreders van relevante beroepsprofessionele praktyke.

Bestaande statutêre beroepsliggame [155] as voorbeelde van suksesvolle beroeps-organiserings waarmee die taalberoepsliggame vir die doeleindes van beroepsregulering vergelyk word, is:

- die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad[156];
- die Suid-Afrikaanse Balie[157], en
- die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure (ORO, maar beter bekend as die IRBA[158]) en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters – SAIGR.[159]

Nie een van hierdie beroepsliggame of hulle eweknieë in Europa of Amerika het egter oorspronklik in hulle huidige vorm deur wetgewing tot stand gekom nie, maar oor die loop van eeue heen, soos in die geval van die mediese professie, in 'n moeisame professionaliseringsproses vanuit die geledere van die beroep self (Raach, 1944; Shortt, 1983) om die beroepsgesag uit die hande van die Kerk te neem. Net soos die Gildes in die Middeleeue – wat nie staatsgesanksioneer was nie – het die ontluikende professie die mag in eie hande geneem om regulering op die lang duur te bewerkstellig (Raach, 1944).

Die professionalisring en regulering van die mediese professie neem eers sy loop in die negentiende eeu met 'n konsolidering van "Royal Colleges", "Societies" en "Associations" in die Anglo-Amerikaanse mediese wêreld. Voor Britse parlementêre wetgewing met die Medical Act of 1858 in die VK die Algemene Mediese Raad (General Medical Council) in die lewe roep om die mediese beroepe te reguleer, kon sertifisering verkry word van enige van negentien Britse lisensiëringsliggame (Shortt, 1983:62).

Die vroegste verwysing na mediese regulering in die VK dateer uit 1421 (Raach, 1944:274) toe "the profession itself petitioned for some measure of State control and definition of its duties." Eers teen die einde van die negentiende eeu kan die mediese beroep begin aanspraak maak op opleidingsinstansies, standaardisering van opleiding, lisensiëring-standaarde 'n mediese beroepsliggaam en mediese tydskrifte wat die egtheidstempels van professie begin aanneem. Die Medical Act 1983 bied die huidige statutêre basis vir die funksies van die Algemene Mediese Raad in die VK (General Medical Council).

Die oorsprong van die HPCSA dateer uit 1928 toe dit in ooreenstemming met Wet 13 van 1928 as die South African Medical and Dental Council (SAMDC) in die lewe geroep is om die mediese professie te reguleer.

---

[155] Die Suid-Afrikaanse beroepsliggame van hierdie professies word as voorbeelde gebruik, maar ooreenstemmende internasionale beroepsliggame bestaan met dieselfde kriteria en beginsels, vergelyk byvoorbeeld die Orde van Geneesheren, *die* **Orde van Vlaamse Balies, die** *Instituut van*de *Accountants* en de Belastingconsulenten in België/Vlaandere. Daar is ook 'n lys beskikbaar van professionele beroepsliggame wat by die FVIB aangesluit is op http://www.fvib.be/beroepssectors.jsp

[156] Inligting beskikbaar op http://www.hpcsa.co.za

[157] Inligting beskikbaar op http://www.sabar.co.za

[158] Inligting beskikbaar op http://www.irba.co.za/index.php/component/content/284?task=view

[159] *South African Institute of Chartered Accountants* – SAICA. Inligting beskikbaar op https://www.saica.co.za/Default.aspx

'n Goeie voorbeeld van die ontwikkeling van 'n professionele beroepsliggaam van 'n blote ledevereniging na 'n professionele beroepsliggaam is die Instituut van Rekenmeesters en Ouditeurs (Institute of Accountants and Auditors), die voorloper van SAIGR wat in 1894 in die RSA tot stand gekom het met 'n skamele vyf en sestig lede. 'n Jaar later kom die Institute of Accountants in die destydse Natal tot stand. Die dringende behoefte om die beroep te reguleer, lei tot die totstandkoming van verskeie provinsiale instansies. Standaardisering neem 'n aanvang met die eerste ingeskrewe klerkskap in 1905 en die eerste ouditeurs-tydskrif word in 1909 gepubliseer. Reeds van meet af aan word pogings aangewend uit die aspirerende professie om 'n nasionale beroepsliggaam op die been te bring.

Die eerste betekenisvolle stap in die vorming van 'n nasionale beroepsliggaam vind plaas op 6 Mei 1921 met die stigting van die South African Accounting Societies' General Examining Board om die eksamineringsproses namens die verskillende verenigings te behartig. Die tweede betekenisvolle mylpaal op weg na eenheid en professionalisering vind in 1927 plaas met die promulgering van die Chartered Accountants Designation (Private) Act deur die Parlement van die dag. Dié Wet bied die nodige beskerming vir die titel van GR(SA) waardeur slegs lede van die destydse provinsiale verenigings die reg verkry het om die beroep te beoefen.

Eietydse plaaslike en wêreldwye politieke toestande belemmer pogings tot die vorming van 'n nasionale beroepsliggaam en dit is eers in 1945 dat die Joint Council of the Societies of Chartered Accountants (SA) tot stand kom wat 'n forum bied vir samewerking tussen die verskillende verenigings.

In 1950 word alle teoretiese onderrig en eksaminering in die hande geplaas van die universiteite, maar die professie behou die reg om die kwalifiserende eksamen op te stel. Met die promulgering van die Public Accountants and Auditors Act in 1951 word die regulering van rekenmeesters en ouditeurs in openbare praktyk 'n realiteit. Die kwalifiserende eksamen bly tot 1957 in die hande van die Algemene Eksamenraad (General Examining Board) waarna dit oorgeneem word deur die Public Accountants' and Auditors' Board (PAAB), wat die voorloper van die IRBA is.

In 1966 kom die National Council of Chartered Accountants tot stand met sy eie sekretariaat wat ten einde laaste lei tot samestelling van 'n professionele beroepsliggaam, die South African Institute of Chartered Accountants met 9 012 lede.

Aldus die pad wat 'n beroepsliggaam moet stap na statutêre status.

4.6.3.2.1 Die mediese professie: die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad

Die Health Professions Council of South Africa (HPCSA of "the Board"; die Raad) is 'n statutêre liggaam, in die lewe geroep ooreenkomstig die Health Professions Act No. 56 of 1974[160] wat tans alle aktiwiteite van die Raad beheer en waarby die gesondheidsprofessies kan registreer. Dit bestaan uit twaalf[161] koördinerende liggame (of rade) wat die verskillende

[160] Vergelyk http://www.hpcsa.co.za/downloads/health_act/health_act_56_1974.pdf
[161] Die samestelling, werksaamhede en vereistes van toelating tot die verskillende Rade word uiteengesit op http://www.hpcsa.co.za/index.php as

gesondheidsberoepe in Suid-Afrika verteenwoordig. Hierdie rade bestaan uit lede wat aangestel word deur die Minister van Gesondheid, lede uit opleidingsinstansies en genomineerde lede.
Die registrasieriglyne wissel van gesondheidsberoep tot gesondheidsberoep, waarvoor daar gedetailleerde riglyne bestaan. Die HPCSA stel hom ten doel beter kontrole oor opleiding, registrasie en die praktyke van die gesondheidsberoepe, en om in sake in verband hiermee leiding te gee.

Al hierdie rade het ten minste een professionele titel vir elke beroep (en sy praktisyns) wat by die onderskeie rade geregistreer is en deur wetgewing beskerm word. Dit word beskou as 'n kriminele oortreding indien 'n persoon aanspraak maak op registrasie of die beroepstitel onwettig gebruik, en sodanige individue sal deur die Raad vervolg word. Die Raad voer sy mandaat van die regulering van die gesondheidsberoepe in Suid-Afrika uit in terme van[162]:

- registrasie;
- onderrig en opleiding;
- professionele optrede en etiese gedrag;
- die bevordering van voortgesette professionele ontwikkeling, en
- die nakoming van gesondheidsorgstandaarde.

Die Mediese en Tandheelkundige Raad registreer praktisyns vir die mediese, tandheelkundige en mediese wetenskap ten einde[163]:

- 'n generiese raamwerk van kernvaardighede en leeruitkomste vir die opleiding en onderrig van mediese en tandheelkundige praktisyns en mediese wetenskaplikes te vestig;
- deurslaggewende inspraak op kurrikulumontwikkelingeprosesse te lewer, en die prosesse te stuur en te bestuur**;**
- te verseker dat opleidinginstansies voldoen aan die kernvaardighede, leeruitkomste en opleidingsraamwerke wat van die professie vereis word;
- effektiewe kommunikasie met rolspelers te verseker en te bevorder, en
- om 'n relevante, eietydse etiese kode, gedragsreëls te implementeer wat professionele besluitnemingsprosesse bevorder.

Die Vereistes om by die Mediese en Tandheelkundige Raad as mediese dokter in 'n privaat praktyk te registreer word in detail uiteengesit op die webblad van die Raad (HPCSA, 2009:9-10, 12, 16, 28), waarvan die deurslaggewende vereistes die volgende is[164]:

- Dietetics
- Emergency Care
- Environmental Health
- Medical & Dental (and Medical Science)
- Medical Technology
- Occupational Therapy, Medical Orthotics / Prosthetics & Arts Therapy
- Optometry & Dispensing Opticians
- Dental Therapy & Oral Hygiene
- Physiotherapy, Podiatry & Biokinetics
- Psychology
- Radiography & Clinical Technology
- Speech, Language & Hearing Professions

[162]HPCSA. Professional Boards.http://www.hpcsa.co.za/board_overview.php
[163]HPCSA. Professional Boards Medical & Dental (And Medical Science) http://www.hpcsa.co.za/board_meddent.php

- die voorgeskrewe, relevante mediese kwalifikasies (vyf jaar) by 'n geakkrediteerde opleidingsinstansie;
- die voorgeskrewe internskap van twee jaar by 'n geakkrediteerde mediese instansie
- een jaar gemeenskapsdiens, en
- geen hangende klagtes teen die aansoeker nie. Die aansoeker word voorsien van 'n lys van die nodige dokumentasie, en inligting moet op voorgeskrewe vorms ingevul en ingegee word.

Alle individue wat enige van die gesondheidsberoepe praktiseer wat binne die raamwerk val van die HPCSA, is verplig om ingevolge die Health Professions Act, No 56 of 1974 by die Raad te registreer. Die versuim om dit te doen, is 'n kriminele oortreding. Die voordele van registrasie by die HPCSA is:

- verlening van professionele status aan die praktisyn, met inbegrip van die reg om die beroep uit te oefen waarvoor 'n persoon gekwalifiseer is;
- die versekering dat geen ongekwalifiseerde persoon hierdie beroep mag beoefen nie, en
- geloofwaardigheid as 'n bevoegde praktisyn wat 'n beloning vir sy dienste kan eis.

4.6.3.2.2 Die regsprofessie: die Balie

Wat struktuur en organisasie betref, is die advokaatsberoep se belangrikste attribuut dié van onvoorwaardelike outonomie. Die outonomie wat die Balie[165] as professionele regsberoeps-liggaam geniet, is iets waarop die beroepsliggaam 'n hoe premie plaas en wat ander professies hom beny.

Die onafhanklikheid van die Balie manifesteer hom in verskeie aspekte van die organisasie en etiek van die beroep (Botha, 1989:23-24). Die regsprofessie (advokatuur) in Suid-Afrika[166] is verdeel in advokate ("advocates", Nederlands "advocate", in Brittanje bekend as "barristers", is die spesialiste in die regsprofessie), en prokureurs ("attorneys", Nederlands "procureurs"; in Brittanje bekend as "solicitors", wat algemene regswerk doen), en dubbelpraktyk ("dual practice") word nie toegelaat nie.

Die Wet stel hoofsaaklik opleidingsvereistes en laat dit origens aan die hof oor om te bepaal of 'n persoon 'n geskikte en gepaste persoon is om as advokaat toegelaat te word[167]:

- dat 'n persoon ouer is as een en twintig en in staat en geskik is om toegelaat en gemagtig word om as advokaat te praktiseer;
- dat 'n persoon dienooreenkomstig die vereistes gekwalifiseer is;[168]

---

[164] Mediese praktisyns wat die vereiste opleiding in Suid-Afrika aan 'n geakkrediteerde opleidingsinstansie gedoen en gekwalifiseer het, hoef nie die Raadseksamen te skryf nie.
[165] 'n Vereniging van Advokate wat as die Balie (in Engels "the Bar" bekend staan. Advokate se professie behels meestal die voer van litigasie in howe; dit wil sê verskyning in die hof namens 'n kliënt om sy saak te bepleit, gee van advies en opstel van hofstukke.
[166] *The General Council of the Bar of South Africa*: inligting beskikbaar op http://www.sabar.co.za/legal-career.html
[167] 'n Wetteregtelike beperking wat wel die vrye toegang tot die professie aan bande lê, is die bepaling in die Wet op Binnelandse Veiligheid, 74 van 1982, dat gelyste persone en persone wat sekere misdrywe van 'n politieke aard gepleeg het, nie as advokate mag praktiseer nie. Getalsgewyse is die uitsluiting deur die beperking veroorsaak miskien gering. Dit wys egter dat die advokaatsberoep nie immuun is teen owerheidsinmenging nie (Botha, 1989:23).
[168] Sommige universiteite vereis van matrikulante om "punte" te verwerf om toegang tot die Regsfakulteit te verkry. Vergelyk www.universities.co.za vir 'n lys van regsfakulteite in Suid-Afrika waar relevante inligting verkry kan word.

- dat 'n persoon 'n Suid-Afrikaanse burger is of wettige permanente Suid-Afrikaanse burgerskap het en woonagtig is in die Republiek;
- indien die persoon in enige hof in Suid-Afrika of enige ander land as prokureur geregistreer was en gepraktiseer het, sy naam op eie versoek verwyder is van die prokureursrol.

Die Algemene Balieraad (The General Council of The Bar – GCB) is 'n federale beroepsliggaam wat die georganiseerde advokatuurprofessie in Suid-Afrika verteenwoordig en bestaan uit tien konstituente liggame (balies) van praktiserende advokate, een in die setel van elke provinsiale en plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika[169]. Die samestelling van die Algemene Balieraad word uiteengesit in sy Grondwet (GCB, 2010, Artikel 3 en 4) en is sprekend van die kompleksiteite van geloofwaardige verteenwoording van die lede van 'n waardige outonome professionele beroepsraad.

Die opleidingsvereistes as voorwaardes vir toelating tot die Balie soos deur die Wet bepaal, is[170]:

- 'n LLB-graad (vier jaar) of 'n BA-, BCom-, of BSc-graad plus twee jaar LLB-opleiding aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit;
- 'n een jaar lange pupilskap – 'n onbetaalde leerervaring – onder leiding van 'n ervare advokaat tussen 15 Januarie en 31 Desember waartydens 'n leerlingadvokaat die geleentheid kry om eerstehandse kennis op te doen van praktiese hofpraktyke, wetteregtelike dokumentêre formuleringsvaardighede ("legal document drafting skills") en prosedurele wet ("procedural law"), 'n klassieke voorbeeld van die professie se vermoë om die attribuut van outonomiteit uit te oefen, en
- die suksesvolle aflegging van die Nasionale Balie-eksamen.

Daarbenewens:

- is lidmaatskap tot die Balie beperk tot advokate in privaat praktyke;
- is lede van die Balie verplig "to occupy chambers" en word gebind deur die etiese kode van die individuele balies;
- is etiese gedragskodes[171] van toepassing op elke individu wat tot die Balie toetree en dit word afgedwing deur die Balierade. 'n Advokaat wat die wet oortree of hom skuldig maak aan wangedrag in die konteks van die etiese gedragskode, kan uit die professie geskors word by magte van hoërhofaansoek;
- reguleer die etiese kodes die etiese hantering van sake, verantwoordelikhede teenoor die hof, prokureurs, kliënte en ander advokate sowel as die regsgelde wat redelik moet wees met betrekking tot die finansiële kapasiteit van die kliënt en die kompleksiteit van die saak, en
- geniet die advokaat 'n finansiële vryheid wat enig is in die professionele wêreld deurdat hy aan geen tarief onderworpe is nie, en ofskoon hy eties verplig is om billike tariewe te vra, is dit sy eie professionele liggaam wat in die laaste instansie moet bepaal of dit redelik is al dan nie (Botha, 1989:23).

---

[169] KwaZulu-Natal Balie; Bisho Balie, Bisho; Kaap Balie,Kaapstad n; Oos-Kaap Balie, Grahamstad en Port Elizabeth; Vrystaat Balie, Bloemfontein; Johannesburg Balie, Johannesburg; Noordwes Balie, Mafeking; Noord-Kaap Balie, Kimberley; Pretoria Balie, Pretoria; Transkei Balie, Umtata.
[170] *General Council of the Bar of South Africa*. http://www.sabar.co.za/legal-system.html
[171] *General Council of the Bar of South Africa*. http://www.sabar.co.za/GCB-UniformRules-of-Ethics-updated-July2010.pdf

4.6.3.2.3 Die ouditprofessie: IRBA en SAIGR

In 1966 kom die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad (OROR) tot stand – wat intussen verval het en in 2005 vervang is met die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure (ORO, maar tans beter bekend as die IRBA) en in 1980 die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) geword het.

Die ouditprofessie word tans beheer deur die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure – ORO (Engels: Independent Regulatory Board for Auditors – IRBA[172]) ingevolge die Wet op die Ouditprofessie, Wet 26 van 2005. Lede word aangewys deur die Minister van Finansies, wat professionele persone moet aanstel, insluitende geregistreerde ouditeurs, om die aktiwiteite van die Raad te bestuur en te lei gebaseer op hulle kennis en ervaring. Die Raad bestaan uit nie minder nie as ses lede, maar nie meer nie as tien lede, en enige vakature buite rekening gelaat, mag nie meer nie as 40% van die lede van die Raad geregistreerde ouditeurs wees nie. Die IRBA rapporteer jaarliks aan die Minister van Finansies wat dan die verslag voor die Parlement ter tafel lê.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat alle deelnemers aan die rekenmeestersprofessie konsekwent onderhewig is aan eenvormige standaarde. Na formele afstudering word daar van ouditeurs wat die openbare praktyk betree, vereis om by die IRBA te registreer en aan die bepalings van registrasie te voldoen. Gekwalifiseerde ouditeurs in ander dissiplines wat lede is van 'n provinsiale gemeenskap van geoktrooieerde rekenmeesters, is nie onderhewig aan die jurisdiksie van die IRBA nie, maar is onderhewig aan die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters[173].

Lede van die SAIGR en IRBA is daarop geregtig om die hoog aangeskrewe en baie gesogte benamings van 'n GO (SA) en PO (SA) agter hulle naam te gebruik. Die professionele beroepstitels word in verband gebring met beroepspraktisyns wat aansienlike kennis en vaardighede in die teorie en praktyk van die onderskeie rekenmeestersberoepe opgedoen het.

Om as 'n geoktrooieerde ouditeur te kwalifiseer en by die SAIGR te registreer, moet 'n voornemende GR die volgende vermag:

- Aan die nodige kwalifikasies voldoen[174].

---

[172] Met as doelstellings wat grootliks ooreenstem met dié van die ander statutêre beroepsliggame. Aalle inligting beskikbaar op http://www.irba.co.za/index.php/component/content/284?task=view.

[173]Inligting beskikbaar op http://www.irba.co.za/index.php/home-mainmenu-1

[174]Vir 'n volledige uiteensetting van die opleidingsvereistes van geoktrooieerde ouditeurs vergelyk SAICA (2008) wat duidelikheidshalwe in Engels weergegee word.

- a Bachelor of Accounting (B.Acc/B.Acc.Sci/B.Rek/B.Compt);
- or a specialised Bachelor of Commerce or Bachelor of Business Science recognised for this purpose;
- an additional Honours degree in Accounting;
- a "Certificate in the Theory of Accounting" (CTA) in conjunction with the Honours degree (only awarded if all Honours degree courses are passed in one sitting);
- completion of a three year training contract ("internship") selecting either of two routes:
  ~ training Inside Public Practice ("TIPP"): "Articles" with a Registered Training Organisation (RTO), a firm of Chartered Accountants in public practice (such as Deloitte, PriceWaterhouseCoopers, KPMG, or Ernst & Young);
  ~ training Outside Public Practice ("TOPP"): "Articles" with an Approved Training Organisation (ATO) in commerce and industry, typically at a large bank or corporate (excludes practice as an auditor).

- ’n Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde (STR) behaal. Sekere Suid-Afrikaanse universiteite is deur die SAIGR geakkrediteer om ’n STR uit te reik wanneer ’n spesifieke honneursgraad in rekeningkunde behaal word.
- Beide Deel 1 van die professionele eksamen van die SAIGR en Deel 2 van die professionele eksamen van die IRBA of die SAIGR slaag. Studente kan in Ouditkunde of in Finansiële Bestuur spesialiseer. Deel 2 kan slegs aangepak word indien die kandidaat reeds Deel 1 geslaag het en 18 maande se opleiding as geregistreerde leerling-rekenmeester voltooi het.
- Die Hons BRek-graad (Rekeningkundige vakke) of die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde is ’n toelatingsvereiste vir Deel 1. Vir toelating tot Deel 2 met spesialisering in Finansiële Bestuur, wat afgeneem word deur die SAIGR, moet ’n student Deel 1 van die eksamen suksesvol aflê, minstens agtien maande leerling-rekenmeesterskap by ’n erkende opleidingsinstansie buite openbare praktyk voltooi en ’n voorbereidende kursus vir die spesialisasierigting Finansiële Bestuur aan ’n goedgekeurde opvoedkundige instansie slaag.
- ’n Driejarige opleidingskontrak voltooi by ’n firma van geoktrooieerde rekenmeesters in openbare praktyk, of by ’n goedgekeurde maatskappy in die handel en nywerheid.

IRBA [175] se doelwitte is gegrond in die ondersteuning en beskerming van bekwame geregistreerde ouditeurs:

- ontwikkel en handhaaf internasionaal vergelykbare ouditstandaarde;
- ontwikkel en handhaaf internasionaal vergelykbare etiese standaarde;
- bied die toepaslike raamwerk vir onderwys en opleiding van behoorlik gekwalifiseerde ouditeur sowel as die raamwerk vir voortgesette opleiding;
- inspekteer en evalueer die werk van geregistreerde ouditeurs en hulle praktyke om uitvoering van professionele standaarde te monitor;
- ondersoek en neem die gepaste aksie teen geregistreerde ouditeurs ten opsigte van verbreking van standaarde en onbehoorlike gedrag;
- bedryf besigheid op ekonomies praktiese en effektiewe wyse in ooreenstemming met die relevante regulatiewe raamwerke.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat ’n professionele beroepsliggaam ’n komplekse organisasie is, wat soos ’n professie, ’n komplekse struktuur met die relevante professionele attribute vereis.

4.6.3.3 Samevatting: die attribute van die professionele beroepsliggaam

Die vernaamste gemene delers ten opsigte van toelatingsvereistes en funksies van die beroepsliggaam as attribuut vir professie soos hierbo uiteengesit – die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad, die Suid-Afrikaanse Balie en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters – kan ten slotte soos volg getabuleer word om ’n aanduiding te gee van die attribute van ’n eksemplaarmodel[176]:

- pass, in sequence, the two "board examinations" set by the IRBA. The Qualifying Examination (QE) has two parts, and the second may only be written after passing Part 1 and after the candidate has undergone at least 18 months' training: the first in accountancy, auditing, tax and financial management; the second in auditing for TIPP candidates, and in financial management for TOPP candidates.

[175] Vir ’n grafiese voorstelling van die roete na registrasie by IRBA, vergelyk 4.7.

[176] Soos volg uit die beskikbare data en bespreking hierbo afgelei:

BEROEPSLIGGAME	HPCSA/SAMTR	DIE BALIE	SAIGR/IRBA	SAQA-VEREISTE
GEMENE DELERS				
Verteenwoordigende interne struktuur	✓	✓	✓	✓
Bied parameters vir outonomiteit[177] (soos beskermde beroepstitel, registrasielidmaatskaprol, vryskutpraktyke)	✓ ✓ Vryskutpraktyk toegelaat	✓ ✓ Vryskutpraktyk verbode	✓ ✓ Vryskutpraktyk toegelaat	✓ ✓
Toelatingseksamen	Verplig slegs vir nie-SA-burgers	✓Verpligte nasionale eksamen	Verpligte toelatings-eksamen	✓Relevant tot professie
Vereis erkende beroepskwalifikasies	✓	✓	✓	✓
Stel parameters vir voortgesette opleiding[178]	✓	✓	✓	✓
Afdwingbare etiese kode (beskerm publiek)	✓	✓	✓	✓
Vereis internskap/ pupilskap/opleidingskontrak	✓	✓	✓	✓
Vereis vorm van gemeenskapsdiens	✓	✓	✓	✓
Registrasie slegs nadat aan toelatingsvoorwaardes voldoen word	✓	✓	✓	✓
Professionele tariewe	Riglyne	Billike tariewe (GCB, 2010, Artikel 7)	Riglyne	Geen inligting nie
ANDER[179]				
Ouderdomsbeperking	Geen inligting nie	✓ouer as 21	Geen inligting nie	Geen inligting nie
Wettige SA burgerskap	✕ (moet toelatings-eksamen slaag)	✓	Geen inligting nie	NVT

- die statutêre erkenning van die beroepe ter sprake;
- 'n verteenwoordigende interne samestelling;
- die vereiste van gestandaardiseerde en gevorderde onderrig en opleiding: tersaaklike, beroepsgerigte opleiding aan geakkrediteerde tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika;
- deurslaggewende inspraak op kurrikulumontwikkelingeprosesse**, en die stuur en bestuur van die prosesse;**
- **die aflegging van 'n registrasie- of nasionale eksamen;**
- **wettiging van 'n unieke beroepstitel;**
- 'n afdwingbare beroepsprofessionele optrede en etiese kode en dissiplinering van lede wat hulle skuldig maak aan wangedrag;
- die nakoming van beroeppraktykstandaarde;
- internskap/pupilskap/opleidingskontrak/gemeenskapsdiens:
- registrasie nadat aan die toelatingsvereistes voldoen word;
- voortgesette opleiding.
- wettige Suid-Afrikaanse burgerskap;
- mondige ouderdomsbeperking;
- lidmaatskap tot die Balie beperk tot advokate in privaat praktyke;
- lede van die Balie mag nie as vryskutters praktiseer nie.

[177]Gestandaardiseerde, beroepsgerigte opleiding aan geakkrediteerde instansies, inspraak op kurrikula, sy eie eksamens daarstel en administreer.
[178]Slegs geakkrediteerde programme aan geakkrediteerde instansies
[179] Soos uiteengesit op die webwerwe van die tersaaklike beroepsliggame.

Tabel 4.1: Gemene delers: toelatingsvereistes en funksies van die statutêre beroepsliggaam

Die vernaamste attribute is gesetel in die struktuur van die beroepsliggaam, beroepskwalifikasies, toelatingsvereistes en -eksamens ten opsigte van vereiste opleiding, die parameters vir voortgesette opleiding en outonomiteit, internskap/pupilskap, gemeenskapsdiens, die afdwingbaarheid van die etiese kode en professionele tariewe.

Die kontrolelys van attribute vir 'n professionele beroepsliggaam wat die parameters vir outonomiteit bied, sien uit die analise hierbo soos volg daar uit:

- ✓ 'n organisatoriese struktuur wat die metodiek van 'n professionele beroepsliggaam reflekteer;
- ✓ geloofwaardige beroepsgerigte kwalifikasies as basiese toelatingsvereiste;
- ✓ 'n tersaaklike, opleidingsverwante nasionale, of registrasie-, en/of akkreditasie-eksamen;
- ✓ beroepsverwante indiensopleiding;
- ✓ beroepsverwante gemeenskapsdiens;
- ✓ duidelike parameters vir voortgesette beroepsopleiding;
- ✓ 'n beroepsverwante etiese kode met die nodige meganismes om dit af te dwing;
- ✓ riglyne vir billike, maar professionele tariewe, en
- ✓ die beskerming van die beroepstitel.

Dít is die attribute waaraan die taalberoepsliggame in Suid-Afrika en Vlaandere – soos hulle hierna ter sprake kom – moet voldoen om as professionele beroepsliggame erkenning te kry om sodanig te kan funksioneer.

4.6.4 Beroepsorganisasies in Suid-Afrika en Vlaandere

Wêreldwyd is daar in afsonderlike lande talle verskillende nasionale professionele taalpraktykberoepsliggame wat daarop aanspraak maak om die belange van die onderskeie taalberoepe in 'n land behartig en daarna strewe om die taalpraktyk as professie te bevorder en te vestig[180].

In hierdie onderafdeling word besin oor die aansprake, doelstellings en aktiwiteite van tersaaklike taalpraktykberoepsliggame in Suid-Afrika en België en die mate waarin hierdie doelstellings die professionaliseringsproses bevoordeel het – of moontlik benadeel het – en (moontlik) steeds doen. Anders gestel: Hoe gaan hierdie organisasies te werk as beroepsliggame en slaag hulle daarin om hulle doelstellings te verwesenlik?

Die taalberoepsliggame ter sprake is:

- die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI), en
- die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen (BKVTF).

As rasionaal vir die keuse van hierdie twee beroepsliggame word vervolgens eerstens 'n bespreking gegee van die proliferasie van taalberoepsliggame, wat 'n idiosinkratiese verskynsel in Suid-Afrika blyk te wees. Daarna word die rol en funksie van SAVI en die BKVTF as beroepsliggame bespreek, met verwysing na 'n ander aanspraakmaker op beroepverteenwoordiging in Suid-Afrika, die Professional Editor's Group (PEG), waar van toepassing.

Die doel is om te bepaal hoe hierdie beroepsliggame se attribute vergelyk met die attribute van die gevestigde beroepsliggame soos dit uit die analise in 4.6.3.3 na vore tree.

[180] Vir 'n oorsig vergelyk http://www.kwintessential.co.uk/translation/associations.html

4.6.4.1 Proliferasie van taalberoepsliggame in Suid-Afrika

Daar is verskeie beroepsliggame in Suid-Afrika wat daarop aanspraak maak om 'n rol in die professionalisering van die taalpraktyk in Suid-Afrika te speel, naamlik PEG (Professional Editor's Group)[181], die Southern African Freelancers Association (SAFREA), en LAMP, die Alliansie van Taal- en Mediapraktisyns in Suid-Afrika (Alliance of Language and Media Practitioners in South Africa)[182].

Terwyl PEG tot 'n mindere mate 'n impak op die professionaliseringsinisiatief kan hê,[183] het SAFREA en LAMP ('n alliansie tussen SAVI, PEG, LAMP en die Writers Guild of South Afrika – WGSA)[184] nog geen rol te speel nie: hulle is hoogstens belangegroepe (sien ook voetnote hieronder). Hierdie verenigings wend tans geen daadwerklike individuele pogings aan om professionele attribute te bewerkstellig nie, of om professionele funksies te vervul nie, behalwe in die samewerkingsooreenkoms (LAMP) waar SAVI in elk geval die leidende rol (behoort te) speel.

In die huidige taalpolitieke bestel in Suid-Afrika is die proliferasie van beroepsliggame binne dieselfde praktykgemeenskap (professie/beroep) opvallend, maar nie die aangewenste roete om te volg nie tensy dit gesonde kompetisie en vryheid van assosiasie bevorder, en indien dit die uitkoms is van breë konsultasie met die praktykgemeenskap sowel as die breër gemeenskap en duidelik van mekaar te onderskei is (SAQA, 2011b:4, Artikel 17). Drie beroepsliggame – SAVI, PEG en LAMP – wat duidelike oorvleueling toon met betrekking tot hulle doelstellings en werkwyse, en boonop "geallieer" is in 'n vierde organisasie – LAMP – sou dan vir 'n aspirerende taalpraktykprofessie 'n struikelblok in die professionaliserings-ideaal kon word.

LAMP maak dan daarop aanspraak om die beroepe wat hulle verteenwoordig se belange te versterk en te bevoordeel, deur 'n openbare bewustheid te kweek van die rol wat taalpraktisyns in 'n multikulturele Suid-Afrika vervul (SATI, 2011). Die voordele van 'n strategiese alliansie tussen organisasies in die algemeen (Mowery *et. al.,* 1996) blyk hoogstens die organisasies self tot voordeel te strek:

---

[181]PEG maak daarop aanspraak om sedert 1993 'n nasionale beroepsliggaam te wees wat (meestal Engelse) teksredakteurs, subredakteurs, proeflesers en verwante taalpraktisyns in die publikasiebedryf, die media en korporatiewe kommunikasiebedryf in Suid-Afrika verteenwoordig[181] en tans oënskynlik 'n poging aanwend om hulle nie-statutêre status aan te pas na meer as net dié van 'n belangegroep.

[182] SA Conference Newsletter. 05 Apr 2012. Editor"s pick of the week: Services. The South African Translators' Institute. Http://3smedia-host2.pmailer.net/public/webversion/HAvZRrH5eSHDUEvp/EC3ySoowQJDaotKn/4716/123290/3241513. Vergelyk ook in hierdie verband die inligting in hierdie verband op SAVI se webblad op http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1651, en die inligting in die voetnote hierna ten opsigte van SAFREA, PEG en LAMP.

[183]SAFREA, 'n ontwikkelingevereniging met takke in die meeste provinsies in Suid-Afrika, beywer hom vir die bevordering van die belange van vryskutmediaspesialiste en vir die professionele status van hierdie beroepe. Lotter (2010) se persoonlike oortuiging is dat SAFREA kan funksioneer as 'n geakkrediteerde opleidings- en verteenwoordigende beroepsliggaam, 'n verwikkeling wat in die vooruitsig gestel word met LAMP, 'n alliansie tussen SAVI, PEG en WGSA, wat in 2011 tot stand kom. SAFREA het tans egter nie 'n akkrediteringsproses in plek nie, speel geen rol in opleidingsaangeleenthede nie, is nie lid van FIT (Fédération Internationale des Traducteurs/International Federation of Translators, 'n internasionale beroepsliggaam, hoofsaaklik vir vertalers wat daarop aanspraak maak om die belange van "vertalers in die wydste sin van die woord" te verteenwoordig) nie, en het geen etiese kode nie, maar beywer hom daarvoor om standaarde te stel en riglyne te verskaf aan mediapraktisyns om 'n suksesvolle vryskutpraktyk te vestig en te administreer. Belangrike inligting en praktyke ten opsigte van relevante kopieregwette, standaardbriewe en -kontrakte word ook aan lede beskikbaar gestel. Toelating geskied deur middel van die indien van 'n CV, 'n werksportefeulje, en verwysings wat dan gekeur word deur senior praktisyns in die betrokke veld. Indien daar klagtes teen lede gemaak word, word dit ondersoek en leiding in die verband gegee. Indien nodig, word die lid gedissiplineer en in uiterste gevalle geskors.

[184]Die informele interaksie tussen SAFREA, SATI en PEG oor die afgelope jare kulmineer met die LAMP in 2011 in 'n samewerkingsooreenkoms wat in die vooruitsig stel 'n verenigde front in die bedryf ten opsigte van bedryfsaangeleenthede, relevante bedryfsliggame, verenigings en ander forums, en om lede se belange te verteenwoordig met die doel om die regte, vaardighede en algemene erkenning van taal- en mediapraktisyns te steun en wyer bekend te maak (Boers, 2011b).

- Dit stel elke lid in staat om te konsentreer op aktiwiteite wat hulle vermoëns die beste benut.
- Dit stel lede in staat om van mekaar te leer en vaardighede te ontwikkel wat wydverspreid ontwikkel en aangewend kan word.
- Dit stel lede in staat om geskikte hulpbronne en beskikbare vaardighede van die individuele organisasie op so 'n wyse aan te wend dat dit in bestaande sosio-ekonomiese omstandighede kan oorleef.

.

Die proliferasie van beroepsliggame kon moontlik gesien word as 'n obstruksie in die professionaliseringsproses in die sin dat taalpraktisyns op die lang duur nie 'n keuse vir akkreditering en/of lidmaatskap sou kon uitoefen nie. Gegewe die weerstand teen, sowel as apatie en besluiteloosheid van taalpraktisyns ten opsigte van die akkrediteringsproses (vergelyk 4.3.4), kom die proliferasie van "beroepsliggame" vreemd voor. Lidmaatskap aan 'n verskeidenheid beroepsliggame het voorts finansiële implikasies vir taalpraktisyns, wat alreeds te kampe het met die probleem van behoorlike geldelike vergoeding.

Dus, die voordele van strategiese alliansie ten spyt, opper dit steeds die vraag na die wenslikheid van 'n "nuwe" taalberoepsliggaam saamgestel uit verskeie bestaande beroepsliggame wat dieselfde belange deel en dieselfde doelwitte het in 'n opset waar taalpraktisyns reeds oënskynlik 'n weerstand het teen lidmaatskap aan bestaande beroepsliggame.

Die vraag is of hierdie doel nie in die praktyk die weerstand onder taalpraktisyns teen beroepsliggame in Suid-Afrika (vergelyk Law & Kruger, 2008) oor die algemeen en veral teen akkreditering kan verhoog en nog groter twyfel en teenkanting tot gevolg sal hê nie; affiliëring van beroepsliggame het nog nie in Vlaandere die gewenste uitwerking gehad nie.

In België bestaan daar 'n alliansie tussen die FVIB – die Federatie van Vrije en Intellectuele Beroepen wat Vlaandere se grootste sambreelorganisasie is vir die "vrije beroepe" – UNPLIB, die FVIB se Waalse eweknie, en die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen, en verskeie ander beroepsliggame (vergelyk 4.6.4.3). Die doelwit van sulke alliansies wat hulpbronne saamvoeg om 'n groter invloed in die mediasektor uit te oefen, die beroepe wat verteenwoordig word se openbare profiel te verbeter en vakkennis te deel, bewerkstellig teoreties gesproke samehorigheid en die bevordering van die oorhoofse doel van professionalisering.

Hodson & Sullivan (2002:302) se argument is juis dat sommige beroepe se gebrek aan konsensus rakende die beste wyse tot statusverheffing, tot gevolg het 'n proliferasie van beroepsliggame, waarvan nie almal professionalisering as 'n beroepsbemagtigingstrategie tot statusverheffing as uitgangspunt aanvaar nie. Alliansies en samesmeltings van beroepsliggame kan moontlik verwarring skep onder die publiek sowel as praktisyns ten opsigte van die keuse van 'n beroepsliggaam, die doel en funksie daarvan, sowel as die voordeel wat dit aan die individuele taalpraktisyn bied.

Wat betref die taalberoepsliggame is die vernaamste kwessies enersyds die rol en funksie wat hulle binne die taalpraktyk vervul: Wat sien beroepsliggame as hulle take? Hoe stel hulle hulleself op om hierdie take te verrig? Verrig SAVI en die BKVTF hierdie take? Wat is

rolspelers – taalpraktisyns, die regering, die publiek – se persepsies van beroepsliggame oor die algemeen?

Indien taalpraktisyns 'n suksesvolle professionele projek in die vooruitsig stel, is dit nodig dat die beroepsliggaam rekening hou met die kompleksiteite van professionele bestuur, as 't ware beliggaam in die attribute van professie. Vervolgens word SAVI as die toon-aangewendste taalberoepsliggaam in Suid-Afrika in die kalklig geplaas.

4.6.4.2 Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut

4.6.4.2.1 Kontekstualisering

Teen die agtergrond van 'n wêreldwye verhoogde toename van en belangstelling in die veld van vertaling en tolking as intellektuele beroepe, sowel as die dringende noodsaaklikheid van die organisering van hierdie beroepe in die konteks van die bevordering van professionele belange, kom SAVI tot stand op 25 Augustus 1956 in Johannesburg, Suid-Afrika (Beukes, 2006a:6).

Hoewel SAVI – tans die enigste beroepsliggaam in Suid-Afrika wat vir taalpraktisyns enige vorm van erkenning bied – reeds meer as vyftig jaar die belange van taalpraktisyns op die hart dra, moet die aktiwiteite van die Instituut in die beginjare van sy bestaan gesien word teen die agtergrond van die eiesoortige sosiohistoriese en sosioprofessionele opset. Die apartheidsopset waarbinne die beroepsliggaam ontstaan het, was 'n conditio sine qua non wat die struktuur en die aard van die Instituut en sy werksaamhede bepaal het.

Alhoewel die doelstelling van hierdie beroepsvereniging op die oog af destyds oënskynlik bo verdenking is – om "oor die belange en status van die land se vertalers te waak (SATI, 1956) – wys Beukes (2006a:6-7) op die addisionele impetus vir die totstandkoming van hierdie organisasie as " ... a desire to support the promotion and support of Afrikaans ... to advance the cause of Afrikaans in the public service and in government structures".

Hierdie subteks – kenmerkend van die makrostrukturele konteks van apartheid-Suid-Afrika – het 'n verreikende negatiewe impak op die werksaamhede van SAVI in die daaropvolgende veertig jaar. Enersyds word SAVI tot 1993 uitgesluit van gesogte lidmaatskap van die invloedryke internasionale organisasie FIT (Fédération Internationale des Traducteurs/ International Federation of Translators) wat reeds in 1953 tot stand gekom het met die ondersteuning van UNESCO (Beukes, 2006a:7). Andersyds wil dit voorkom of hierdie apartheidserfenis 'n struikelblok word wat SAVI se statutêre erkenning in die wiele ry – 'n attribuut van die beroepsliggaam wat juis dié voorwaarde is vir die jurisdiksie om professionalisering van die taalpraktyk as professie teweeg te bring.

Ten spyte van 'n makrostrukturele konteks wat Suid-Afrika in hierdie tydvak op alle terreine kortwiek, neem SAVI in die vroeë vyftigerjare die leidende rol in 'n sosiale proses om veral die Afrikaanse taal te bevorder, en wat – in retrospeksie – oor die volgende dekades veral met betrekking tot vertaling geleidelik beskou kan word as "die professionalisering van die taalberoepe". Die hele sosiale taalprojek was daarop toegespits om Afrikaans op te hef tot gelyke status met Engels, en SAVI se agenda word ook hierdeur gedomineer. Hoe

bewonderenswaardig dit ook al mag klink, kon dié verwikkeling slegs die blanke taalpraktisyn bevoordeel omdat dit gedurende die apartheidsbestel per definisie uitsluitlik die prerogatief van die wit mens was om “professioneel” te wees.

Hier was twee historiese prosesse aan die werk wat waarskynlik tóé al die gang van die professionaliseringsproses van die taalpraktyk begin kompliseer: afsonderlike ontwikkeling wat geïntegreerde organisasies onmoontlik maak, en Afrikanernasionalisme wat taal beklemtoon om die posisie van Afrikaans teenoor Engels te versterk totdat hulle gelyke status verkry.

Die postapartheidsdispensasie berei die weg voor vir die uitbreiding van SAVI se lidmaatskapdatabasis oor taalgrense heen sowel as vir die uitbreiding van die allerbelangrike akkrediteringstelsel wat in 1990 begin is. Met die belofte van ’n nuwe, multitalige politieke bedeling wat in 1994 in werking tree, word SAVI in 1993 lid van FIT en word tans beskou as ’n “internasionale swaargewig” in die bedryf[185].

Taalpraktyk het in die nuwe politieke konteks na die apartheidsbestel die potensiaal om ’n deurslaggewende rol te speel in die bevordering van die status van die inheemse tale in ’n land met elf amptelike tale, veral indien Engels as voer-, onderrig en besigheidstaal verkies word bo die ander tale (Sachs, 1994; Deprez *et al*., 2001:3) en SAVI kapitaliseer op hierdie postapartheidrealiteit deur ’n núwe sosiale projek sy eie te maak.

Benewens die feit dat SAVI tans akkreditering bied aan taalpraktisyns in al elf die landstale, is dit ook die doel van die beroepsliggaam om die aansien en gebruik van die Afrikatale te bevorder, soos gemotiveer in die beleid van toekenning van vertaalpryse vir uitstekende vertaling (SATI, 2007):

> SATI believes that language practitioners, in translating into and from these languages, are pivotal "mechanisms" in fostering the process of indigenous language development. As far back as 1993 SATI decided to implement strategies to facilitate the use and development of the indigenous languages of South Africa.

Om die aansien van die inheemse tale in Suid-Afrika te verhoog en om die Suid-Afrikaanse samelewing te oortuig van sy toewyding aan die ideaal van ’n multitalige taalpraktyk, is SAVI gemoeid met ontwikkelingswerk oor die taalspektrum in Suid-Afrika heen. SAVI is in die sewentigerjare instrumenteel in die vestiging van opleidingsprogramme aan verskillende Suid-Afrikaanse universiteite (Beukes, 2006c:65), bied sedert 1993 finansiële ondersteuning beskikbaar aan belowende Afrikataalvertaalstudente en stel in 2000 die SAVI-prys vir voortreflike vertaling en woordeboeke[186] in, wat alle tale in Suid-Afrika as teikengroep het

---

[185] Met die verkiesing by die 18de Wêreldkongres van FIT in Sjanghai van Marion Boers, Tesourier en Kantoorbestuurder van SAVI, as President vir ’n periode van drie jaar (SATI, 2007. Aankondigings 2008-09-03: Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut word ’n internasionale swaargewig. http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=announcements&menu_item_id=332).; en in 2011 as FIT-president herkies (Raadsbrokkies. Beskikbaar op http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/briefs_2011_08_31_afrikaans_english.pdf).

[186] Dit was voorheen net een prys, die Prys vir voortreflike vertaling. Dit is in 2009 verander en bied nou ’n prys in elke kategorie, te wete die SAVI-prys vir:
1. voortreflike literêre vertaling van literêre werk (romans, kortverhale, poësie en drama)
2. die voortreflike vertaling van niefiksie (outobiografieë, motiveringsboeke, godsdiensboeke en tegniese handleidings
3. die voortreflike vertaling van kinderliteratuur (kinderboeke)
4. voortreflike diensvertaling (korporatiewe publikasies, jaarverslae, wetgewing en skoolboeke)
5. voortreflike vertaalwoordeboeke (twee- of veeltalige woordeboeke in gedrukte of elektroniese formaat).

(Beukes, 2006c:65-67). In die strewe om mettertyd praktykgerigte multitaligheid te bevorder is SAVI ook in die proses om 'n Afrikataal-afdeling[187] te vestig (Khulu, 2010:19).

SAVI se pogings in die bevordering van multitalige gemeenskappe spreek uit die feit dat die 1956-doelstellings van SAVI as professionele liggaam wat die belange van (weliswaar blanke) vertalers behartig in 'n Suid-Afrika onder 'n verdagte politieke, sosio-kulturele en professionele bedeling behartig, dekades later van toepassing gemaak word op die belange en behoeftes van taalpraktisyns in 'n demokratiese, multikulturele, multitalige, postmoderne, postapartheid-Suid-Afrikaanse gemeenskap met sy unieke taalverwante behoeftes. Hierdie strewe is vervat in die vyftien doelstellings opgeteken in die statute van SAVI en aangehaal deur Boers (2006b:11-12) met as rol en taak die bevordering van die professionele belange van taalpraktisyns in Suid-Afrika.

Die kwessie is of SAVI wel daarin geslaag het, of in die postapartheidsdispensasie ooit daarin kán slaag om taalpraktisyns, die gemeenskap sowél as die regering te oortuig van die bona fides van sy doelwit. Dit mag wel wees dat dit juis die apartheidserfenis is wat, tesame met ander meer organisatories verwante redes (soos blyk uit die bespreking hieronder), voor die deur gelê kan word van die louwarm persepsies uit taalpraktykgeledere en die onvermoë om (tot dusver) statutêre status te verseker vir 'n volmagposisie tot die sertifisering van taalpraktisyns.

Die feit van die saak is: Ten spyte van jare lange, goed bedoelde professionele ideale slaag SAVI nie daarin om regulering en wettige beskerming vir taalpraktisyns onder die apartheidsdispensasie te bewerkstellig nie (Combrink & Blaauw, 1998:10-11), en ook tot op datum – nog nie – in die postapartheidsbedeling nie; sy goedbedoelde inisiatiewe, aksies, uitsprake en prestasies ten spyt, soos blyk uit die akkrediteringsyfers hieronder. Wat sou die redes hiervoor wees? Hoe lyk die beeld wat SAVI aan die gemeenskap voorhou? Met ander woorde, voldoen SAVI aan die attribute van 'n professionele beroepsliggaam om outonomiteit van die beroep in die vooruitsig te stel? Uit die bespeking hierna word die volgende attribute van die professionele beroepsliggaam gemeet aan die beeld wat SAVI aan die gemeenskap voorhou:

- Vertoon die Instituut 'n organisatoriese struktuur wat die metodiek van 'n professionele beroepsliggaam reflekteer?
- Verlang dit geloofwaardige beroepsgerigte kwalifikasies as basiese toelatingsvereiste vir lidmaatskap?
- Is daar tersaaklike, opleidingsverwante, geakkrediteerde nasionale, registrasie-, en/of akkreditasie-eksamens in plek?
- Stel die Instituut beroepsverwante indiensopleiding en beroepsverwante gemeenskaps-diens as vereistes vir toelating?
- Word duidelike parameters vir voortgesette beroepsopleiding gestel?
- Is daar 'n beroepsverwante etiese kode in plek met die nodige meganismes om dit af te dwing?
- Bied dit riglyne vir billike, maar professionele tariewe?
- Bied lidmaatskap beskerming van die beroepstitel?

[187] Afdelings is formele strukture van die Instituut en funksioneer ooreenkomstig 'n stel reëls goedgekeur deur lede van die Instituut. Afdelings bied aan lede die geleentheid vir netwerkvorming en professionele ontwikkeling wat meer geredelik op 'n plaaslike as 'n nasionale vlak kan plaasvind.

4.6.4.2.2 SAVI en die attribute van professionele verteenwoordiging

Die Instituut is saamgestel uit en word **bestuur** deur 'n Raad wat uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, drie raadslede en 'n uitvoerende direkteur bestaan. Behalwe vir die uitvoerende direkteur werk SAVI se ampsdraers en komiteelede as vrywilligers[188]. Lede van die Raad word tydens 'n algemene jaarvergadering vir 'n tydperk van drie jaar verkies, in teenstelling met, byvoorbeeld, die verskillende mediese rade wat bestaan uit lede wat aangestel word deur die Minister van Gesondheid, opleidingsinstansies en genomineerde lede. IRBA se lede[189] word aangewys deur die Minister van Finansies wat tersaaklik bevoegde persone moet aanstel, insluitende geregistreerde ouditeurs, vir die effektiewe bestuur van die aktiwiteite van die Raad gebaseer op hulle kennis en ervaring in die bedryf. SAVI het nie 'n permanente kantoor nie, maar word bestuur deur die uitvoerende direkteur vanuit 'n virtuele kantoor vir die Instituut[190].

Toelatingsvereistes tot die beroepsliggaam bestaan in sy geheel uit die suksesvolle aflegging van 'n **akkrediteringseksamen** (sonder enige beroepsgerigte kwalifikasies) en die betaling van **jaarlikse ledegeld**. Om 'n algemene lid te word, moet die relevante vorms ingevul word en die nodige jaarlikse ledegeld betaal word.

SAVI speel oor die afgelope vyftig jaar 'n deurslaggewende rol in pogings tot regulering van die taalbedryf (Boers, 2006a). As **professionaliseringsinisiatief** bied die huidige akkrediteringstelsel tans aan taalpraktisyns (slegs) die opsie vir akkreditasie in die hoop dat dit die weg sal baan vir outonomie en staatsanksionering deur middel van die lisensiëring van taalpraktisyns (Le Roux, 2006:63-64; SATI, 2007)[191].

In Suid-Afrika kan taalpraktisyns in der waarheid by verskeie "professionele" – maar nie-statutêre – beroepsliggame aansluit, onder andere PEG en SAFREA (vergelyk die bespreking in 4.6.4.1), maar diegene wat beroepserkenning vir hulle vaardighede verlang, kan slegs by SAVI vir akkreditering aansoek doen in verskillende vertaal- en tolkkombinasies, beëdigde vertaling en tolking, en teksredaksie.

In teenstelling met SAVI het PEG tans geen formele akkrediteringstelsel in plek nie, maar is in die proses om 'n akkrediteringstelsel vir Engelstalige lede te ontwikkel juis om "... incidents of less than competent practitioners operating under PEG's umbrella ..." (PEG, 2009:1) te voorkom. Die "detailed and challenging" akkrediteringseksamen, hoofsaaklik in die vorm van 'n eksamen ekwivalent aan SAVI se teksredaksie-eksamen (Linnegar, 2011) is steeds in die loodsproses (Blight, 2010; Linnegar, 2011) en "should serve to confirm the candidate's professional readiness" (Blight, 2010:4).

---

[188] SATI, 2007. http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1662
Twee van die bestuurslede is betrokke by Suid-Afikaanse universiteite,

[189] Nie minder nie as ses, maar nie meer nie as tien waarvan nie meer nie 40% van die Raad Geregistreerde Rekenmeesters mag wees nie.

[190] Inligting beskikbaar op http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1662

[191] Inligting op die webblad van die South African Translators' Institute/Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut: http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1. Akkreditasie is egter nie verpligtend om as 'n taalpraktisyn te werk nie hoewel sommige kliënte verkies om gebruik te maak van geakkrediteerde taalpraktisyns. Die Noordwes-Universiteit vereis byvoorbeeld dat taalpraktisyns wat die vertaling en teksredaksie van studiegidse en navorsingstekste van die Universiteit doen, geakkrediteer moet wees. Dit impliseer egter nie dat vergoeding vir hierdie dienste erkenning van professionele status reflekteer nie.

PEG bied steeds aan lede die geleentheid om by SAVI te akkrediteer. Sodanige akkreditering het weliswaar geen statutêre of akademiese status nie, maar SAVI maak daarop aanspraak dat sukses in die eksamen wel bewys van 'n taalpraktisyn se bevoegdheid reflekteer en ten minste aan kliënte die versekering bied dat 'n taalpraktisyn oor die nodige kennis en vaardighede beskik om 'n mediëringstaak te verrig.

Die kompleksiteit van die proses om 'n geloofwaardige akkrediteringstelsel in plek te stel word duidelik uit Linnegar (2011) se taksering in die verband:

> We've been trying to implement steps towards accreditation for two years now ... [and] got hopelessly bogged down ... So much so, that of the ... ten seasoned PEG members who were called upon to pilot it, only one completed the whole test, and did so cum laude, as it were. Comments were that it was generally too long and too overwhelming to be completed within the allotted seven days (as opposed to SATI's 24 hours (another story, of course!). The upshot is that the editing accreditation test has not been released for our members yet.

Die samestelling van 'n proefleeseksamen as een van verskeie modules vir volle akkreditering is in proses, met die idee dat lede kan spesialiseer in proeflees, die akkrediteringseksamen daarvoor kan skryf en daarby kan volstaan, of dit kan beskou as een van meer modules op weg na volle akkreditering in teksredaksie.

'n Betekenisvoller ontwikkeling (Linnegar, 2011) is die inplekstelling van 'n stelsel van gegradeerde lidmaatskapkategorieë wat in November 2009 van stapel gestuur is: alle nuwe lede (by gebrek aan bewese ervaring of getuigskrifte ("testimonials") sluit aan as "medelede" ("associates"). Met getuigskrifte, bewese relevante ervaring, of 'n toepaslike "kwalifiserende" graad, diploma of ekwivalente kwalifikasie kan individue onmiddellik volle ledestatus kry, of medelede kan promoveer word tot volle lede. Lede kan dan óf 'n "gevorderde lid" word (meer kwantitatiewe ervaring, meer getuigskrifte) óf die akkrediteringseksamen slaag om 'n "geakkrediteerde lid" te word.

"Gegradeerde lidmaatskapkategorieë" wil terugslaan op die Middeleeuse gildestelsel met sy rigiede gradering van sosiale rang wat hewig onder Marxistiese kritiek deurloop (Marx & Engels, 2002), wat moontlik 'n rede is vir die populariteit van vakunies onder die werkersklas en die weerstand teen die idee van die professionele beroepsliggaam (soos SAVI) as 'n tipiese organisasie wat privilegie bewerkstellig en perpetueer.

Die toelatingsvereistes tot bestaande professionele beroepsliggame maak nie voorsiening vir gegradeerde "lidmaatskapkategorieë" nie. Die Raad vir Gesondheidsberoepe (RGB) vereis wel voortgesette opleiding om lidmaatskap te behou: dat elke mediese dokter se **voortgesette professionele ontwikkeling** dertig voortgesette opvoedkundige eenhede, wat neerkom op dertig uur se opleiding, nie ouer nie as twee jaar, deurentyd tot sy beskikking moet hê. Dit moet vyf eenhede in etiek, menseregte en mediese reg insluit (Afrikaanse Geneeshere Vereniging, 2011).

Vir geoktrooieerde rekenmeesters, byvoorbeeld, word die bepalings van voortgesette professionele opleiding (VPO) in detail op SAICA se webblad[192] uiteengesit:

[192] https://www.saica.co.za/Members/ContinuingProfessionalDevelopment/CPDRecordingSystem/tabid/755/language/en-ZA/Default.aspx

- 120 uur in ’n driejaarsiklus (wat neerkom op byvoorbeeld sestig verifieerbare en sestig onverifieerbare voortgesette opleidingspunte).[193]
- ’n Minimum van twintig uur moet elke jaar opgeteken word (verifieerbaar of onverifieerbaar).
- Lede wat ouer is as sestig, kry vrystelling van voortgesette opleidingspunte. Indien die lid wel nog professioneel aktief is, berus die onus op die lid om SAICA in te lig.
- Lede wat by SAICA registreer gedurende ’n siklus moet voldoen aan hulle VPO in die jaar wat volg op die registrasie.

Taalpraktisyns – alle vertalers, tolke, teksredigeerders, proeflesers, teksresensente, terminoloë, kopieskrywers en enigiemand wat by die taalbedryf betrokke is (**sonder enige beroepsgerigte kwalifikasies**), kan by SAVI aansluit en na drie maande se lidmaatskap ná die suksesvolle aflegging van ’n akkrediteringseksamen geakkrediteer word as ’n taal-praktisyn. Die crux van die saak is: Enige individu kan **sonder om enige bewys van beroepsgerigte kwalifikasies te lewer** by SAVI akkrediteer; gerigte kwalifikasies is dus nie ’n vereiste vir toelating tót, of akkreditering bý die Instituut nie. Hierdie proses behels ’n eenmalige praktiese eksamen en is tans die enigste formele erkenning van professionele “status” beskikbaar vir vertalers, tolke, hoftolke, teksredakteurs en terminoloë in Suid-Afrika (SATI, 2007).

SAVI se “suksesvolle akkrediteringsisteem” (Combrink, 2006:25-26) word tot ’n groot mate gesien as die sigbare vergestalting van die geslaagdheid van pogings tot professionalisering van taalpraktisyns. Die akkrediteringsproses is die één onderskeidende stap in die professionaliseringsproses van taalpraktisyns in Suid-Afrika wat SAVI se reputasie as die enigste professionele beroepsliggaam vir taalpraktisyns verstewig het: “... [B]rief incursions into the arena by other bodies have not dented the SATI image in any real way”(Combrink, 2006:26). Waarom is ’n affiliëring van beroepsliggame – LAMP – dan noodsaaklik?

Hierdie enkele “suksesvolle” stap as professionaliseringsinisiatief onderskei dit dan wel van ander taalpraktykberoepsliggame in Suid-Afrika, en het ’n groot mate van geloofwaardigheid onder akademici (Alberts, 2006; Beukes, 2006a; Beukes, 2011a; Blaauw, 2006; Combrink, 2006; Combrink & Verhoef, 2002; Le Roux, 2006; Liebenberg, 2007:9) en bied genoegsame rede waarom SAVI ’n sterker aanspraakmaker is om ’n verteenwoordigende beroepsliggaam te word as ander vir taalpraktisyns in Suid-Afrika, en daarvoor moet hulle die erkenning kry.

Die vraag is of hierdie geloofwaardigheid deurgetrek kan word na die breër publiek en veral na taalpraktisyns self. Gemeet aan die geakkrediteerde ledetal oor die afgelope drie jaar, wil dit voorkom of dit nie die geval is nie (sien Figuur 4.7).

Die voorbehoud vir die volgehoue geloofwaardigheid sou dan tog wees dat die akkrediteringstelsel in alle opsigte gesog en suksesvol moet wees, nie net in terme van die

---

[192]**Voorbeelde van verifieerbare voortgesette ontwikkelingeopleiding** is: werkswinkels, kursusse; konferensies; tegniese vergaderings;dieontwikkelingvannuwestelselsof prosesse; die aanbieding van inligtingaan ander;indiensopleiding, mentorskap ofword gementor; beroepsverwante gepubliseerde artikels; komiteewerkinsluitenddievoorbereiding vandiedireksie-vergaderings, ouditkomitees ofander finansiële dienste of handelsorganisasies; interne aanbiedingsop produkte;die voorbereidingvanvoordragte en bydraes op tegniesevergaderings;aksiegebaseerde leer(navorsing van probleme); verdere kwalifikasies, soos CFA, web-gebaseerdeonderrigof opleiding;VGO-klubs of besprekingsgroepe, kyknaTV-programmeopSummit-TV; kyknadietegnieseDVD'sin'n groep of in 'n besprekingsessie.**Voorbeelde van nie-verifieerbare voortgesette ontwikkelingeopleiding is:** Lees van sake-afdelings van koerante, vaktydskrifte, soos *Accountancy SA*, *Financial Mail*, *Finweek*, *The Economist*, en webblaaie; kyk tegniese DVD’s op hulle eie, en doen selfstudie wat nie lei tot ’n formele assessering of navorsingsartikel nie.

graad van aansien onder akademici en taalpraktisyns nie, maar ook in vergelyking met ander suksesvolle beroepsliggame oor die algemeen. SAVI vergelyk tans ongunstig met gevestigde beroepsliggame ten opsigte van swak slaagsyfers en die lae vlakke van deelname, soos blyk uit Figuur 4.8[194].

Hoog gesogte statusberoepe se toelatings-, registrasie-, en/of akkrediteringseksamens vertoon meer kompleks, verg maksimale kwalifikasies en verloop meer praktykgeoriënteerd en "beroepsprofessioneel". SAVI se akkrediteringsproses soos dit tans daar uitsien, word oënskynlik 'n struikelblok in die professionaliseringsproses van taalpraktisyns, veral ten opsigte van die passing tussen opleiding en akkreditering: geen opleiding word vereis om die akkrediteringseksamen te skryf nie.

Registrasie by die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad, die Suid-Afrikaanse Balie, en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters vereis **benewens** die voorgeskrewe, relevante, beroepsgerigte opleiding by geakkrediteerde opleidings-instansies met relevante leeruitkomste en kernvaardighede ook vasgestelde slaagsyfers in die relevante registrasie en/of nasionale toelatingseksamens **alvorens** registrasie oorweeg word (vergelyk die uiteensetting ten opsigte van hierdie opleidings- en eksamenvereistes in 4.6.3.2.1-4.6.3.2.3).

Die oplossing vir hierdie struikelblok kom heel hanteerbaar voor:

- Hersien die vorm wat die eksamen tans aanneem sodat dit groter geloofwaardigheid onder die algemene publiek kan geniet.
- Hersien die passing tussen die eksamen en die opleiding sodat die opleiding 'n roete bied tot akkreditering.
- Beding vir groter betrokkenheid en insette by opleidingsinstansies ten opsigte van die aard en inhoud, standaardisering en spesialisering van opleidingsprogramme.

Tans bied SAVI akkreditering vir vertalers, teksredakteurs, beëdigde vertalers (en die gepaardgaande fasilitering van die proses van toelating in die Hoë Hof), akkreditering vir gebaretaaltolke, simultane (konferensie-) tolke, en terminoloë, sowel as korporatiewe akkreditasie (Combrink, 2006:25-26; SATI, 2007). Al SAVI se akkrediteringstoetse is gebaseer op praktiese toetsing van die kandidaat se bevoegdheid in die dissipline en taal ter sprake**.** Met die historiese benadeling van spesifieke groepe in Suid-Afrika in gedagte geskied akkreditering nie op formele of akademiese kwalifikasies nie, maar suiwer op bewys van praktykvaardigheid. Dit verseker dat alle kandidate op 'n gelyke grondslag meeding (SATI, 2007), in 'n poging om die angel uit die persepsie van sogenaamde apartheids-nalatenskap te haal, en is daarop gemik om 'n kollektiewe beroepsbewussyn te begunstig.

Algemene akkreditering hou die vertaling of teksredaksie van drie tekste in (beëdigde vertaling moontlik meer). Die eksamenvraestel word nagesien volgens 'n stelsel van "ernstige en minder ernstige foute": twee ernstige foute of een ernstige fout en sewe minder ernstige foute in enige enkele teks het tot gevolg dat die kandidaat die algehele eksamen druip. Twee uit drie eksaminatore se besluit is finaal.

[194]Data voorsien deur Marion Boers van SAVI in 'n ongetitelde dokument (Boers, 2011a).

Die proses van die akkrediteringseksamen self is egter nie bo verdenking nie**.** Die akkrediteringsproses verloop soos volg: Individue word 24 uur toegelaat om sonder toesig die vertaal- en teksredaksie-akkrediteringseksamen te skryf met dien verstande dat die werk hulle eie is, dit sonder die hulp van enige ander persoon voltooi is, en waarvoor slegs 'n getekende verklaring voldoende is.

Uit 'n opname oor opleidingsbehoeftes wat nét onder SAVI-lede gedoen is (SAVI, 2009), blyk dit dat die meerderheid van die respondente nie SAVI-geakkrediteerd is nie en alle nielede is per definisie ook nie geakkrediteer nie. Die gebrek aan belangstelling in akkreditering kan negatief inwerk op die professionele projek van taalpraktisyns. Die vraag is: Wat gee aanleiding tot hierdie verskynsel: weerstand teen die aflê van die akkrediteringseksamen, of weerstand teen die beroepsliggaam wat die akkreditering bied?

Akkreditering in die verskillende taalkombinasies sien in 2011 soos volg daar uit (SATI, 2007[195]):



Die **terminologieberoep** toon die kleinste akkrediteringsyfer waar slegs drie taalpraktisyns in die taalkombinasies Engels-Afrikaans en Afrikaans-Engels geakkrediteer is; gevolg deur taalpraktisyns in **beëdigde vertaling** met twee geakkrediteerde beëdigde vertalers in die taalkombinasies Engels-Afrikaans, en onderskeidelik ses, sewe, en vyf geakkrediteerde

[195]SATI. 2007. SATI accreditees ordered by type of accreditation (as at end April 2011) http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/accreditees_by_type_of_accreditation__2011_english.pdf Date of access: 30 September 2011.

beëdigde vertalers in die taalkombinasies Afrikaans-Engels, Europese-Engels, en Engels-Europese tale. Daar is dus tans geen geakkrediteerde terminoloë in die Afrikatale nie en ook geen beëdigde vertalers in enige van die Afrikataal-vertaalkombinasies nie.

Daar is twee en twintig geakkrediteerde Afrikaanse **teksredakteurs** en nege en twintig Engelse geakkrediteerde teksredakteurs in Suid-Afrika. Daar is geen geakkrediteerde lede in die Europese of Afrikatale in teksredaksie nie.

Die akkrediteringsyfers in die **tolkberoep** vertoon soos volg:

- nege taalpraktisyns is geakkrediteer om uit Engels in Afrikaans te tolk;
- tien taalpraktisyns is geakkrediteer om uit Afrikaans in Engels te tolk;
- negentien taalpraktisyns is geakkrediteer om uit Europese tale in Engels te tolk;
- vyf taalpraktisyns is geakkrediteer om uit Engels in die Afrikatale te tolk, en
- twintig taalpraktisyns is geakkrediteer om uit Engels in die Europese tale te tolk.

Die **vertaalberoep** toon die hoogste aantal geakkrediteerde taalpraktisyns: drie en sewentig in die taalkombinasie Engels-Afrikaans, gevolg deur sewe en vyftig in die taalkombinasie Afrikaans-Engels, vyftig in die kombinasie Europese tale-Engels, agt en twintig in die kombinasie Engels-Afrikatale (daar is geen geakkrediteerde vertalers in die taalkombinasie Afrikaans-Afrikatale of omgekeerd nie), drie en twintig in die kombinasie Engels-Europese tale, vier in die kombinasie Europese tale-Engels, en twee in die kombinasie Afrikaans-Europese tale.

Die feit dat daar uit ’n totale ledetal van 723 tans slegs 221 taalpraktisyns by SAVI geakkrediteer is (SATI, 2007), waarvan slegs drie en dertig in die Afrikatale (agt en twintig in die vertaalberoep en vyf in die tolkberoep), dui daarop dat SAVI se ideaal van insluiting van benadeelde taalpraktisyns van die Apartheidsera nie realiseer nie. Daar bestaan moontlik ’n weerstand onder Afrikataalpraktisyns ten opsigte van akkreditasie, maar dit kan ook wees dat hierdie groep taalpraktisyns nie die noodsaak van akkreditering insien nie, om watter redes dan ook al.

Die klein ledetal kan ook te wyte wees aan enige van die volgende redes:

- weerstand teen ’n akkrediteringseksamen (Law & Kruger, 2008; Le Roux, 2006:64); en die proses van eksaminering oor die algemeen (Rogers, 1973:364, 365);
- akkreditering is nie afdwingbaar nie, en is hoogstens ’n vorm van selfregulering (Law, 2010:48);
- die feit dat SAVI-akkreditering oor die algemeen nie ’n vereiste in die formele uitgewersbedryf in Suid-Afrika is nie (Barnard, 2011; Erasmus, 2011);
- uitgewersmaatskappye in Suid-Afrika nie noodwendig waarde heg aan SAVI se akkrediteringseksamen nie (Law & Kruger, 2008);
- werkgewers self die een of ander bevoegdheidseksamen of -toets stel aan voornemende taalpraktisynwerknemers (Erasmus, 2011), of van bekende, ervare of oudwerknemers as vryskuttaalpraktisyns gebruik maak (Barnard, 2011);
- die “moeilikheidsgraad” van die onderskeie SAVI-eksamens (Le Roux, 2006) té moeilik is omdat dit nie ’n passing met opleiding inhou nie;

- die “hoë standaard” van die SAVI-eksamen (Le Roux, 2006) moontlik oor die algemeen te hoog is om die “oop toelatingsbeginsel” teë te werk;
- die akkrediteringseksamen skiet tekort omdat die standaarde van bevoegdheid wat dit stel, beperk is (Law, 2010:48);
- geakkrediteerde status in die taalpraktykbedryf taalpraktisyns niks in die sak bring nie (Law & Kruger, 2008; Visser, 2010);
- besonder hoë kwalifikasies, sertifisering en SAVI-akkreditering vir die taalberoepe in die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf is nie belangrik nie (vergelyk die taalpraktyk-advertensies in 4.7.4.2);
- indiensopleiding word verskaf (Barnard, 2011; Erasmus, 2011) wat in veranderende beroepskontekste meer relevant is;
- die aspek van “verteenwoordigendheid” wat dikwels demografies gedefinieer word en nie in terme van werklike deelnemers binne die taalsektor nie, of, les bes,
- daar is fout met die evalueringsproses van SAVI se akkrediteringseksamen.

Dit wil ook voorkom of die taalpraktykberoepsligaam oor die algemeen nie gewild is onder taalpraktisyns nie en beperkte gesag dra (Chan, 2009; Law & Kruger, 2008; Monzó, 2009; Setton & Liangliang, 2009:234) wat moontlik te wyte wees aan enige van die volgende verskynsels:

- “geakkrediteerde” (taal)praktisyns is nie hulle sout werd nie (Rogers, 1973:364, 365) al behoort hulle aan ’nberoepsliggaam;
- ’n universele apatiese, louwarm houding van taalpraktisyns wat professionele beroepserkenning betref, wat oënskynlik ’n universele verskynsel is (Katan, 2009; Law & Kruger, 2008; Setton & Liangliang, 2009:210, 234)**;**
- ’n universele apatiese, louwarm houding van taalpraktisyns teen beroepsliggame, wat ook ’n universele verskynsel blyk te wees (Chan, 2009; Katan, 2009; Law & Kruger, 2008; Setton & Liangliang, 2009:210, 234);
- taalpraktisyns verkies om nie professionele status te hê nie, want dit beteken hulle hoef nie verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle taalpraktykoptrede en -besluite nie (Katan, 2009; Metzger, 1999), en
- taalpraktisyns moet tradisioneel (verkies om?) in elk geval anoniem (te) bly sodat professionele status irrelevant is (Katan, 2009; Venuti, 2008);

Law en Kruger (2008) se ondersoek na die professionalisering van teksredakteurs as taalpraktisyns dui daarop dat teksredakteurs ten gunste is van professionalisering, en hulle meen dat akkreditering nodig is, maar dat daar ’n ambivalente houding is tot verpligte akkreditering. Terwyl die resultate van die ondersoek dui op ’n positiewe houding teenoor ’n beheerliggaam, is hulle wel van mening dat SAVI se akkrediteringstelsel onvoldoende is (Law & Kruger, 2008:486-487). Die akkreditering wat in teksredaksie aangebied word, byvoorbeeld, word nie aangevul deur ’n stel algemeen erkende en duidelike standaarde nie, wat daarop dui dat die akkrediteringsproses, wat betref die bepaling van standaarde van bevoegdheid, beperk is (Law, 2010:48).

Die jongste SAVI-akkrediteringseksamenslaagsyfers oor die tydperk 2008-2010 (Boers, 2011a) word grafies soos volg weergegee:



Figuur 4.8: SAVI-akkrediteringseksamenslaagsyfers 2008-2010

Uit 'n totaal van agt en sestig aspirantvertalers wat die vertaaleksamen in hierdie tydperk geskryf het, slaag slegs twee en twintig kandidate. Van die negentien kandidate wat die teksredakteursakkrediteringseksamen skryf, slaag slegs ses. Slegs vier van die twaalf kandidate wat die tolk-akkrediteringseksamen skryf, lê die eksamen suksesvol af.

Die swak slaagsyfers verklaar moontlik die klein geakkrediteerde ledetal aangesien dit algemeen bekend is dat die akkrediteringseksamen "baie moeilik" is (Le Roux, 2006:63-64). 'n Vergelykende analise van die finale algehele slaagsyfer van kandidate wat IRBA se Publieke Praktykeksamen (Public Practice Examination – PPE) tussen 2008 en 2010 geskryf het, word soos volg op die IRBA-Learning-webwerf weergegee[196]:

JAAR	**2010**	**2009**	**2008**	**2007**	**2006**
Getal kandidate wat die eksamen skryf	1 952	2 798	2 566	2 479	2 451
Getal kandidate wat slaag	1 585	2 320	1 545	1 766	1 744
Slaagsyfer	81%	83%	60%	71%	71%

Tabel 4.2: Finale algehele slaagsyfer IRBA Publieke Praktykeksamen 2006-2010

Die slaagsyfers van geoktrooieerde rekenmeesters in die tydperk 2008-2010 wat die SAIGR se kwalifiserende eksamen[197] geskryf het, sien soos volg daar uit:

[196] http://www.irbalearning.co.za/content/?cid=16
[197] Statistiek van *SAICA*, die *South African Institute of Chartered Accountants*, die hoogaangeskrewe rekenmeestersberoepsliggaam in Suid-Afrika is. Vergelyk die inligting op https://www.saica.co.za/LearnersStudents/Examinations/ExamStatistics/tabid/491/language/en-ZA/Default.aspx

- Deel 1 van die kwalifiserende eksamen 2008-2010: uit ’n totaal van 10 196 kandidate wat die eksamen skryf, slaag 5 560 (54,5%).
- Deel 2 van die kwalifiserende eksamen: uit ’n totaal van 528 kandidate wat die eksamen skryf, slaag 383 (72,5%).

Uit die gekombineerde data van SAVI-akkrediteringseksamenslaagsyfers van 2008 tot 2010 kan afgelei word: daar is mín kandidate wat (kiés om) die eksamen (te) skryf, en die slaagsyfer is laag in vergeleke met die aantal kandidate wat in die ooreenstemmende periode die verskillende ouditeursseksamens (móét) skryf om registrasie te verdién, en wel die eksamen slaag.

Wanneer taalpraktisyns, soos baie ander professionele praktisyns of beroepsmense, lede word van ’n professionele beroepsliggaam, word hulle verplig om ’n **etiese kode** of ’n kode van professionele gedrag te onderskryf met die doel om te verseker dat alle lede ’n gemeenskaplike stel etiese beginsels aanvaar in die uitoefening van hulle beroep. ’n Professionele etiese kode met deontologie word hier verstaan as ’n stel reëls van die beroepsliggaam in ’n spesifieke tydruimte (Pym, 2003a) as simbool van die professie se strewe en toewyding om die belange van die gemeenskap op die hart te dra. Tradisioneel word baie waarde geheg aan die inwerking en uitwerking van die etiese kode op individuele, sowel as groepsgedrag, beroepsvaardighede, praktykaktiwiteite en ’n suksesvolle beroepsloopbaan: “Adherence to this code is normally just as essential for one’s career in the occupation as technical competence or training” (Berger, 1979:92).

In die konteks van die definisie van taalpraktyk as professie is elke taalpraktisyn persoonlik verantwoordelik vir die handhawing van beroepsverwante optrede (vergelyk Hoofstuk 2) en sou ’n etiese kode per se nie noodwendig professionele gedrag bevorder nie. Omdat die taalpraktykbedryf tans nie gereguleer is nie en SAVI se etiese kode nie afdwingbaar is nie (alhoewel lede wat hulle nie daarby hou nie, by die Instituut aangemeld kan word), kom die idee van die Instituut se etiese kode ietwat ornamenteel voor. ’n Oulap se rooi maak inderdaad mooi, waarskynlik omdat etiese kodes in die huidige beroepsopset die “in-ding” blyk te wees wat ’n beeld van objektiwiteit, verantwoordelikheid en optrede in openbare belang – die beeld van altruïsme – voorhou.

Daar bestaan ook die persepsie dat etiese kodes agter elke bos uitgeskop word as “worthless exercises in vagueness, *irrelevance*, and mere window dressing” (Heath, 2005:139; vergelyk ook Roth, 1974), en nie regtig afdwingbaar is nie, tensy die beroepsliggaam wel statutêre status het – en per implikasie wel kontroleringsmeganismes en dissiplinêre prosesse in plek het – wat beteken dat daar nie werklik teen beroeps-oortreders opgetree (kan) word nie. Dit bring die hele kwessie van persoonlike etiese optrede van die taalpraktisyn in die gedrang: As taalpraktisyns verantwoordelikheid vir hulle beroepsaktiwiteite aanvaar, impliseer dit ’n professionele beroepsbewussyn (vergelyk 4.3.4) wat, argumentshalwe, sou manifesteer in ’n positiewer en geesdriftiger houding teenoor SAVI-akkreditering, wat tans die enigste vorm van ’n mate van professionele erkenning vir taalpraktisyns bied – die gebreke daarvan ten spyt. Die implikasie? Niegeakkrediteerde taalpraktisyns, veral in die huidige beroepsmark waar ’n appel en ’n ei die loonstandaard is (vergelyk 4.3.6), skram weg van die verantwoordelikhede wat met professie gepaard gaan.

Voorstanders van die magsbenadering staan veral krities teenoor etiese kodes, wat toegespits is op die regulering van gedrag van praktisyns, aangesien dit eerder die praktisyns van 'n professie bevoordeel as die algemene publiek of die kliënt, en beweer dat sodanige kodes slegs 'n front is waaragter professies wegkruip om wanpraktyke te verbloem. Daar bestaan ook in die literatuur 'n groot mate van skeptisisme omtrent etiese kodes oor die algemeen en die uitvoering daarvan in die besonder (Roth, 1974:10).

In 'n vergelyking van sewentien etiese kodes[198] (waaronder ook die etiese kode wat SAVI tans gebruik sowel as dié van FIT) wat betrekking het op taalpraktisyns (en dan spesifiek vertalers) wys McDonough-Dolmaya (2011) op verskeie tekortkominge in hierdie kodes.

Wanneer hierdie kodes vergelyk word, wil dit voorkom of professie-georiënteerde netwerke dit nie eens is oor etiese of professionele praktyke nie. Trouens, slegs twee beginsels word deur al sewentien kodes gestipuleer: vertroulikheid en bekwaamheid. Ander beginsels, soos onpartydigheid, akkuraatheid, konflikoplossing, professionele ontwikkeling, reklame, vertalersregte en werksomstandighede,word deur slegs 'n paar van die kodes gespesifiseer en boonop is hulle riglyne soms in konflik met mekaar (McDonough-Dolmaya, 2011:30).

Die mees algemene beginsels in die kodes is dié wat van toepassing is op alle diensverskaffingsberoepe eerder as net vir vertaling (taalpraktyk) in die besonder. Wanneer die kodes wel kwessies spesifiek tot vertaling stipuleer (akkuraatheid, werkstale en onsedelike of onwettige tekste), is die riglyne soms in konflik met mekaar en is dikwels nie baie duidelik nie (byvoorbeeld slegs twaalf kodes stipuleer akkuraatheid, en vyf definieer nie eerlikheid ("fidelity") of trou/lojaliteit ("faithfulness") nie. Verder word baie van die spesifieke probleme wat vertalers ondervind as deel van hulle taalpraktyk nie behandel nie. Slegs die helfte bespreek vergoeding en professionele ontwikkeling, maar hierdie kwessies word wel meestal bespreek in die TranslatorsCafe.com-forum[199]. Geeneen stipuleer hoe vertalers etiese keuses kan maak met betrekking tot die tegnologie wat hulle moontlik in die praktyk mag benodig nie, maar baie vertalers maak van vertaalsagteware gebruik, en daar word boonop toenemend van vertalers verwag om nuwe tegnologie te gebruik. Daarbenewens is

[198] Die etiese kodes is (McDonough-Dolmaya, 2011:46-47):

- American Translators Association (ATA). Code of ethics: http://www.atanet.org/certification/eligibility_requirementsform.php
- Asociación Argentina de Traductores e Intérpretes (AATI). Code of ethics: http://www.aati.org.ar/codigo_etica.htm
- Asociación Española de Traductores, Correctores, e Intérpretes (ASETRAD). Code of ethics: http://www.asetrad.org/index.asp?op=9
- Asociación Guatemalteca de Intérpretes y Traductores (AGIT). Code of ethics: http://agitguatemala.org/etica.htm
- Association of Translators and Interpreters of Ontario. (ATIO). Code of ethics: http://www.atio.on.ca/info/ByLaws/Code_Ethics_EN.pdf
- Association suisse des traducteurs, terminologues et interprètes. (ASTTI). Code of ethics: http://www.astti.ch/joomla/images/stories/Statuts/code%20de%20d%E9ontologie_form at%E9.pdf
- Australian Institute of Interpreters and Translators (AUSIT). Code of ethics: http://www.ausit.org/eng/showpage.php3?id=650
- Colegio de Traductores Públicos del Uruguay (CTPU). Code of ethics: http://www.colegiotraductores.org.uy/Codigo%20Deontologico.pdf
- Indian Translators Association (ITA). Code of professional conduct: http://www.itaindia.org/information_set.pdf (see pages 2-3).
- Institute of Translation & Interpreting (ITI). [UK]. Code of professional conduct for individual members: http://www.iti.org.uk/pdfs/newPDF/20FHConductIn_(04-08).pdf
- International Federation of Translators (IFT). The translator's charter: http://www.fitift. org/en/charter.php
- Irish Translators' and Interpreters' Association (ITIA). Code of practice and professional ethics: http://translatorsassociation.ie/component/option,com_docman/task,cat_view/gid,11/Ite mid,16/
- Israel Translators Association (ITA). Code of professional conduct and business practices: http://www.ita.org.il/uploaded/Recognition%20Application%20Form%202010.doc
- Jednota tlumočníků a překladatelů (JTP) [Czech Republic]. Ethical code http://www.jtpunion.org/spip/article.php3?id_article=472
- New Zealand Society of Translators and Interpreters (NZSTI). Code of ethics: http://www.nzsti.org/assets/uploads/files/codeofethics.pdf
- Ordre des traducteurs, terminologues et interprètes agréés du Québec (OTTIAQ). Code of ethics: http://www2.publicationsduquebec.gouv.qc.ca/dynamicSearch/telecharge.php?type=3&file=/C_26/C26R178_2_1_A.HTM
- South African Translators' Institute (SATI). Code of ethics for individual members: http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/sati_ethics_individual_english.pdf

[199] http://www.translatorscafe.com/cafe

riglyne oor etiese advertering nie uitgebreid en gedetailleerd genoeg om nuwer, elektroniese formate, soos e-pos, besprekingsforums en soekenjinlemmas te dek nie (McDonough-Dolmaya, 2011:30).

Nietemin is daar min verweer teen die konvensie van die etiese kode in die tradisionele model van professie as die "essential touchstone for the public and private monitoring of conduct of members" (Combrink, 2006:26). Die ontwikkeling van 'n etiese kode vir taalpraktisyns (spesifiek teksredakteurs) in Suid-Afrika (Blaauw, 2001) kan dus gesien word as 'n belangrike mylpaal in die professionaliseringsproses van taalpraktisyns in Suid-Afrika, met dien verstande dat openbare en privaat kwaliteitskontrole wel die wesenlike van die etiese kode in die realiteit van die taalpraktyk is. Anders word dit 'n wit olifant in die pad van professionalisering. Of les bes, straks wil taalpraktisyns (of trouens enige ander professionele praktisyn) nie regtig professionaliseer deur hulle te onderwerp aan 'n sinnige etiese kode nie.

Blaauw (2001) se etiese kode vir teksredakteurs in Suid-Afrika word beskryf as "... of value in filling the vacuum in this branch of language practice where no ethical guidelines existed before"[200]. SAVI het aanvanklik die idee van 'n spesifieke kode vir teksredakteurs in beginsel aanvaar. Die kode as sodanig is egter nie deur SAVI geïmplementeer nie. Daar is geruime tyd gelede reeds begin werk aan die beginsel van 'n breër generiese, maar bondiger kode wat alle vertakkings van taalpraktyk dek, met 'n gepaardgaande stel reëls wat die verskillende vertakkings van die taalpraktyk akkommodeer.

Die rede daarvoor is enersyds die genoemde oorweging van bondigheid en andersyds dié van die makliker internalisering van 'n bondiger kode (Blaauw, 2011).[201]Tans word daar steeds aan SAVI se volle stel beleidsdokumente gewerk en is die kwessie van die kode, reëls en dissiplinêre kode weer deurlopend op SAVI se agenda. Laas-genoemde en die verpraktisering daarvan het veral aandag geniet vanweë 'n aantal dissiplinêre klagtes die afgelope jaar, met die kode self en die reëls wat tot dusver nog moes oorstaan (Blaauw, 2011).

Die etiese kode moet binne 'n gewettigde en regulerende konteks geskied wat 'n beleid van "etiese bestuur" noodsaak (Painter-Morland, 2008). Dit sluit in die motivering, formulering en integrering van 'n etiese kode as fases in 'n tipiese etiese bestuursproses (Painter-Morland, 2008:7-8, 21, 245-257). Toegepas op die professionele projek van taalpraktisyns is 'n etiese bestuursproses – 'n afdwingbare etiese kode – een van die attribute van SAVI en PEG as Suid-Afrikaanse taalberoepsliggame wat ten tye van hierdie bespreking verhaspel word.

Wat **opleiding** betref, stuur SAVI gereeld voortgesette opleidingsgeleenthede van stapel in die vorm van kortkursusse, werkwinkels en seminare (SATI, 2007), en maak daarop aanspraak om nóú saam te werk met en ondersteun te word deur alle Suid-Afrikaanse opleidingsinstansies van taalpraktisyns om hom te beywer vir die verbetering van die gehalte van opleiding vir vertalers, tolke, teksredigeerders en terminoloë (SATI, 2009). Dit is waar om hoogstens 'n triviale rede: sommige van die individue wat administratief by SAVI betrokke is, is akademici wat voltyds of deeltyds betrokke is by opleidingsinstansies. Dit is opvallend

[200]Boloka >Electronic Theses and Dissertations >ETD@PUK >http://hdl.handle.net/10394/3680
[201]SAVI se kode vir individuele lede is beskikbaar op http://translators.org.za/sati_cms/downloads/dynamic/sati_ethics_individual_afrikaans_afrikaans.pdf en PEG se etiese kode in PEG, 2010:7). Albei dien slegs 'n selfregulerende doel, met geen afdwingbare meganismes in plek nie.

dat daar oorvleueling is van lidmaatskap van SAVI-lede en bestuurslede: sommige lede en bestuurslede is self dosente, maar daar bestaan geen geformaliseerde afsprake tussen SAVI en opleidingsinstansies in Suid-Afrika nie. Dieselfde individue speel terselfdertyd administratiewe en akademiese rolle.

As beroepsliggaam speel SAVI tans geen formele rol in opleidingsaangeleenthede nie; daar is gaan aanduiding van inspraak op opleiding, kurrikulumontwikkeling, standaardisering van leerinhoude of uitkomste in enige beskikbare dokumentasie nie (vergelyk veral SAVI se webwerf[202]) of selfs op die standaardisering van die akkrediteringseksamen nie (Law, 2010:48), en daar bestaan geen formele afspraak met SAVI om programme te oudit vir kwaliteitskontrole nie.

Dié roete sou in elk geval tans moeilik aangegaan kan word omdat SAVI nie opleidingsvereistes stel as voorwaarde vir die akkrediteringseksamen nie: voornemende lede kan akkrediteer sonder kwalifikasies indien hulle die akkrediteringseksamen slaag, of hulle kan aansluit as “gewone” lede sonder kwalifikasies en sonder akkreditasie en dan steeds as “taalpraktisyns” praktiseer! En dan is die brandende (verontwaardigde) kwessie oor die afgelope vyftien jaar steeds: Waarom kry SAVI en die taalpraktisyns wie se belange die Instituut verteenwoordig, nie die professionele erkenning waarna almal strewe nie?

SAVI sal eers opleidingsvoorwaardes moet stel vir die akkrediteringseksamen, en eers wanneer daar ’n inkoop is op die waarde van ’n SAVI-akkreditasie (wat uit die akkrediteringsyfers tans nie die geval blyk te wees nie), sal dit die moeite werd wees vir opleidingsingsinstansies om ’n program van optrede van stapel te stuur wat opleidings-programme bemark met ’n SAVI-goedkeuringstempel. Deurdat studente in taalpraktyk dus hulle graad by, vir alle praktiese doeleindes, SAVI-geakkrediteerde opleidingsinstansies behaal, word taalpraktykstudente opgelei om SAVI se akkrediteringseksamen te kan aflê om ’n taalpraktisynsertifikaat te behaal wat met trots op die taalpraktisyn se studeerkamermuur vertoon kan word.

Tans speel SAVI die rol van ’n belange-organisasie: akkreditering kan plaasvind sonder beroepsgerigte kwalifikasies. Die konsessie aan Afrikataalsprekers wat histories uitgesluit is, loop op niks uit nie. SAVI sal in ag moet neem dat die Afrikataaldepartemente aan Suid-Afrikaanse universiteite ’n opdraande stryd voer om studente te trek om ’n bestaan te maak. Indien SAVI sy denkwyse verander, en hierdie departemente kan oorreed om opleiding aan te bied in die Afrikatale, kan dit tot voordeel strek vir studente om die taalpraktykberoep vanuit ’n beroepsgerigte taalagtergrond en taalteoretiese opleiding te betree. Dit behoort ook die status van opleiding in die Afrikatale te verhoog (Van Rooy, 2011).

Met so ’n formele ooreenkoms kan opleidingsinstansies ook hulle programme beter bemark. Daar strek beslis vir die opleidingsinstansies voordeel in, maar SAVI moet eers opleiding vereis vir toelating tot die akkrediteringseksamen om ’n kettingreaksie te bewerkstellig wat tot almal se voordeel kan strek. Al hierdie interafhanklikhede kan ’n gunstige uitwerking tot gevolg hê as SAVI in samewerking met taalpraktisyns en opleidingsinstansies ’n verenigde front kan vorm om gemeenskaplik hoër standaarde vir toelating tot die taalpraktykberoep te stel.

[202] Vergelyk http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1

Dan val die ander attribute as 't ware outomaties in plek.

Taalpraktyk is nie 'n gereguleerde professie in Suid-Afrika nie, en SAVI is nie 'n statutêre liggaam nie, daarom kan SAVI nie riglyne bied vir **billike professionele vergoeding** nie. Die implikasie is dat taalpraktisyns hulle eie vergoedingstariewe vasstel, tevrede is om lae tariewe te aanvaar en selfs te bevorder (vergelyk die bespreking in 4.3.6) wat die etiese norme van taalpraktisyns – en op die lang duur die geloofwaardigheid van die taalpraktyk as beroep – in die gedrang bring.

SAVI doen wel opnames in die bedryf en stel die resultate beskikbaar, waaruit tendense afgelei kan word.[203] Vertaling funksioneer volgens vryemarkbeginsels en praktisyns kan na hulle eie goeddunke vergoeding vra en betaal. Daar behoort egter 'n balans te wees tussen die koste en die diens gelewer asook 'n korrelasie met tariewe in soortgelyke beroepe. Taalpraktykdiens is 'n professionele diens en kliënte behoort te verwag om 'n taalpraktisyn dienooreenkomstig te vergoed (vergelyk die bespreking ten opsigte van gestandaardiseerde vergoeding in 4.3.6).

In vergelyking met die ander beroepsliggame voldoen SAVI as beroepsliggaam aan geen van die attribute van die professionele beroepsliggaam soos dit sigbaar word uit die literatuur- en Internetanalise in 4.6.3.3 nie:

ATTRIBUUT	STATUS
'n Organisatoriese struktuur wat die metodiek van 'n professionele beroepsliggaam reflekteer	✕
Geloofwaardige beroepsgerigte kwalifikasies as basiese toelatingsvereiste	✕
'n Tersaaklike, opleidingsverwante nasionale, of registrasie-, en/of akkreditasie-eksamen	✕ Akkrediteringseksamen sonder beroepsopleiding
Beroepsverwante indiensopleiding	✕
Beroepsverwante gemeenskapsdiens	✕
Duidelike parameters vir voortgesette beroepsopleiding	✕
'n Beroepsverwante etiese kode met die nodige meganismes om dit af te dwing	✕
Formule vir billike, maar professionele tariewe	✕
Die beskerming van die beroepstitel	✕

Tabel 4.3: SAVI as professionele beroepsliggaam

Hierdie kontrolelys gee egter nie rekenskap van SAVI-aktiwiteite soos uiteengesit in sy doelstellings nie (soos goedgekeur deur die Algemene Jaarvergadering gehou op 5 Junie 2009 en uiteengesit in Artikel 2 van hulle Grondwet; SATI, 2009):

[203] http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=208

- om die belange van die vertaal-, tolk-, teksredigeer- en terminologieberoep te bevorder;
- om navorsing op die gebied van vertaling, tolking, teksredigering en terminologie te doen en te bevorder en om die resultate van sodanige navorsing bekend te maak;
- om geskikte publisiteit in die elektroniese en drukmedia te verkry;
- om 'n eie webwerf en -blad te beheer en uit te gee;
- om die samewerking van deskundiges en belanghebbende persone van hoëronderwys-instellings en ander organisasies en van verenigings en liggame in Suider-Afrika en elders te verkry en om gemeenskaplike belange en optrede te bevorder;
- om handleidings oor taal en vertaling, tolking, teksredigering en terminologie saam te stel of te laat saamstel;
- om fondse in te samel en aan te wend ter verwesenliking van sy doelstellings;
- om 'n etiese kode vir vertalers, tolke, teksredigeerders en terminoloë in te stel en om hom daarvoor te beywer dat lede dit nakom;
- om hom te beywer vir die verbetering van die gehalte van opleiding vir vertalers, tolke, teksredigeerders en terminoloë, en
- om 'n omvattende stelsel van akkreditering te implementeer ten einde lede se bekwaam-heid op die gebied van vertaling, tolking, teksredigering en terminologie vas te stel.

Uit doelstellings hierbo is dit opvallend dat SAVI nie soos die tipiese beroepsliggaam funksioneer nie:

- Die Instituut vertoon 'n **informele karakter** wat terugslaan op die karakter van 'n **akademiese vereniging**, dit is, met groepe wat een of meer aspekte van 'n gegewe dissipline bevorder, soos byvoorbeeld De Nederlandse Taalunie[204]. Lidmaatskap tot hierdie tipe verenigings is vrywillig, en daar word gewoonlik 'n jaarlikse vergadering gehou waarop bestuurlede verkies word, werkswinkels en kongresse bevorder die belange van die dissipline, hulle publiseer portuurgroep geëvalueerde (wetenskaplike) tydskrifte of nuusbriewe, vereis betaalde lidmaatskap en vertoon 'n duidelike affiliasie met 'n gegewe dissipline. Lede van die vereniging word dikwels beloon vir akademiese of ander prestasies, en studiehulp word verleen aan studente en navorsers (vergelyk byvoorbeeld die doelstellings en aktiwiteite van, en toelatingsvoorwaardes tot Die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek – SAVN[205]).

  Daarenteen laat professionele beroepsvereniging soos die Balie, die SAGRI of die Mediese en Tandheelkundige Raad slegs registrasie toe vir toelating tot die professie nadat aan streng, ononderhandelbare **toelatingsvereistes** voldoen is. Lidmaatskap tot die beroepsliggaam van die professie geskied onvoorwaardelik via registrasie en nie via eie keuse nie en aktiwiteite fokus op die bestuur van die professionele attribute van die tersaaklike professie: outonomiteit, opleiding, voortgesette opleiding, beskerming van die publiek deur middel van 'n afdwingbare etiese kode, professionele titelbeskerming.

- Die **struktuur** van die Instituut toon ook ooreenkomste met dié van **akademiese vakverenigings**. SAVI skiet tekort wat die samestelling van die Raad betref; hulle het self nie duidelikheid oor die rol en funksie wat hulle moet speel nie. Die organisasies kom voor as 'n ledevereniging en akademiese vakvereniging deur met verkiesings van

[204] Vergelyk http://taalunieversum.org/taalunie/
[205] Vergelyk http://www.oulitnet.co.za/neerlandi/verenigings.asp#SAVN

die bestuur en die anomalie van lidmaatskap sonder akkreditasie te funksioneer. 'n Beroepsliggaam wat sy sout werd is, vereis beroepsgerigte kwalifikasies plus die beroepsrelevante registrasie- of nasionale eksamens (plus ander relevante vereistes soos in 4.6.3 uiteengesit); slegs daarna geskied toelating tot die beroep outomaties.

- Dit wil voorkom of die Instituut optree as 'n **belangevereniging** wat namens beroepslede optree en toegewings aangaan. Die Instituut hou lede op hoogte van beskikbare poste in die arbeidsmark, kongresse, opleidingsgeleenthede, werkswinkels, relevante beroepsinligting, tersaaklike gebeurtenisse en nuusbrokkies (deur middel van gereelde SAVI-flitse) en die verspreiding van vraelyste vir navorsingsdoeleindes en baie ander sake waarby lede van die taalberoepe belang mag hê.

  'n Belangevereniging speel dikwels 'n **bemiddelaarsrol**. SAVI wil as 'n professionele beroepsliggaam funksioneer, maar is waarskynlik tans in die duister omtrent hierdie rol aangesien alle professionaliseringspogings tot dusver nog nie die gewenste uitwerking gehad het nie. Omdat die Instituut nie duidelikheid het oor sy rol nie, is 'n professionaliseringsinisiatief (soos akkreditering in al elf die landstale) een van die funksies, terwyl dit die ander beroepsliggame se enigste of hoofrol is, sodat alle ander attribute outomaties in plek val.

  SAVI se bemiddelaarsrol stem ooreen met die rol wat ABASA[206], die Association for the advancement of black accountants of Southern Africa speel. Hierdie vereniging is 'n belangegroep vir swart rekenmeesters in Suid-Afrika wat voel die groeplede namens wie hulle optree se belange word nie na wense verteenwoordig nie; hetsy deur die beroep self, die gemeenskap, die regering, deur regstellende aksiewetgewing, of deur eie praktyke deur meer swart GRs te gebruik in die praktyk of regsdepartemente nie. So is SAVI se doel om die aansien en gebruik van die inheemse tale in Suid-Afrika te bevorder een van die bemiddelende doelstellings.

  Dit is tipies van 'n belangegroep om as pleitbesorger op te tree vir groepe – hier beroepsgroepe – wat in die samelewing oënskynlik nie die beroepserkenning kry wat hulle verdien nie. Indien SAVI se doelstellings vergelyk word met dié van ABASA is die enkele gemene deler die bevordering van die belange van 'n spesifieke beroepsgroep: om die volle beroepspotensiaal van so 'n groep teweeg te bring, opleiding te verbeter,

[206] Hulle doelstellings is slegs in Engels beskikbaar (ABASA, 2011):

- "To promote adult education, vocational training and technical education in the accounting profession; and to establish a special fund in the Republic of South Africa dedicated to receiving donations to be used exclusively for such educational or training purposes and to establish, control and administer educational trust funds to assist Black students and trainees in the pursuance of their studies within the accounting profession.
- To facilitate and encourage the entry of Blacks into the accounting profession to promote their academic and professional excellence.
- To assist Blacks in obtaining access to accounting education and employment opportunities that will enable them to achieve their career aspirations and realise their full potential.
- To encourage the development of committed and dedicated accounting professionals, managers, and public administrators; and enhance their capabilities and skills to serve an increasingly complex business environment.
- To recognise and respond
- To establish contact, foster and maintain cooperative and cordial relations with local, regional and international institutions/organisations engaged in the accounting profession.
- To create awareness of the accounting profession among high school students and those at tertiary institutions.
- To identify and work for the removal of the conditions which are detrimental to the professional well-being of black accountants.
- To investigate and deal with cases where members are professionally aggrieved and without further recourse in commerce and industry, public practice and the public sector.
- To create awareness of the work, objectives and ideals of the Association and the accounting profession in the black community."

om samewerking van ander belangegroepe nasionaal en internasionaal te verkry, en fondse in te samel.

- Die Instituut speel ook 'n **propagandarol,** soos blyk uit die doelstelling om geskikte publisiteit in die elektroniese en drukmedia te verkry; om die samewerking van deskundiges en belanghebbende persone van hoëronderwysinstellings en ander organisasies en van verenigings en liggame in Suider-Afrika en elders te wen om gemeenskaplike belange en optrede te bevorder; en die Instituut self deur middel van fondsinsamelingsveldtogte bekend te stel.

- Die Instituut vereenselwig hom met die **vakbonde** in Suid-Afrika. Saam met LAMP stel SAVI hom ten doel[207] om navorsing te doen oor aanbevole tariewe vir alle media- en taaldissipline, dit te koördineer en bekend te maak, en om terselfdertyd regerings- en bedryfsverteenwoordigers te bearbei om deur vakbonde en ander onderhandelings-meganismes minimum tariewe in die media- en taalbedryf te standaardiseer (vergelyk die bespreking oor die gebrek aan professionele vergoeding vir taalpraktisyns in 4.3.6). Hierdie aktwiteite is nie te onderskei van die aktiwiteite van die vakunie nie.

- Die Instituut is gemoeid met **ontwikkelingewerk** oor die taalspektrum in Suid-Afrika heen, bied finansiële ondersteuning aan studente in die Afrikatale; en stel in 2000 die SAVI-prys vir voortreflike vertaling en woordeboeke[208] in, wat alle tale in Suid-Afrika as teikengroep het (Beukes, 2006c:65-67). In die strewe om mettertyd praktykgerigte multitaligheid te bevorder, is SAVI ook in die proses om 'n Afrikataal-afdeling[209] te vestig (Khulu, 2010:19).

SAVI wend oor die afgelope vyftig jaar pogings aan om soos die statutêre beroepsliggaam (vergelyk Burrage *et al*., 1990:208) te funksioneer deur met tradisionele prosesse en pogings professionele erkenning vir homself en die beroepe wat dit verteenwoordig, te beding, terwyl dit nie aan die attribute van die statutêre beroepsliggaam voldoen nie. Met betrekking tot 'n huidige model vir oplossings is 'n alternatiewe plan van aksie om die funksies van die regulerende of kwalifiserende beroepsliggaam (wat staatsondersteuning geniet al dan nie (Burrage *et al*., 1990:208) te skoei op die lees van die **verteenwoordigende, statutêre beroepsliggaam** wat primêr gemoeid is met verteenwoordiging en statutêre wettiging van beroepe.

Indien die Suid-Afrikaanse regering dus tot dusver nog nie aan SAVI kan dink in terme van bestaande beroepsliggame soos die Balie of die Suid-Afrikaanse en Tandheelkundige Raad of SAIGR nie, is dit omdat hulle nie dieselfde funksies verrig wat professie verteenwoordig en bevorder as hierdie beroepsliggame nie. Indien die regering wel vir SAVI as beroepsliggaam sou erken het, het hulle per definisie nie hulle huiswerk na behore gedoen

---

[207] LAMP se doelstellings is in 'n Memorandum van Verstandhouding uiteengesit.

[208] Dit was voorheen net een prys, die Prys vir voortreflike vertaling. Dit is in 2009 verander en bied nou 'n prys in elke kategorie, te wete die SAVI-prys vir:
1. voortreflike literêre vertaling van literêre werk (romans, kortverhale, poësie en drama)
2. die voortreflike vertaling van niefiksie (outobiografieë, motiveringsboeke, godsdiensboeke en tegniese handleidings
3. die voortreflike vertaling van kinderliteratuur (kinderboeke)
4. voortreflike diensvertaling (korporatiewe publikasies, jaarverslae, wetgewing en skoolboeke)
5. voortreflike vertaalwoordeboeke (twee- of veeltalige woordeboeke in gedrukte of elektroniese formaat).

[209] Afdelings is formele strukture van die Instituut en funksioneer ooreenkomstig 'n stel reëls goedgekeur deur lede van die Instituut. Afdelings bied aan lede die geleentheid vir netwerkvorming en professionele ontwikkeling wat meer geredelik op 'n plaaslike as 'n nasionale vlak kan plaasvind.

nie, en sou die gevaar loop om ’n presedent te skep wat die deprofessionalisering van die professie kon veroorsaak.

Indien SAVI dan ’n saak by die regering wil gaan uitmaak om statutêre erkenning, sal die Instituut sy program van aksie moet verander om sóós ’n beroepsliggaam te kan funksioneer en nie ánders as ’n beroepsliggaam nie. Dit is waarskynlik juis die addisionele “funksies” wat hulle verrig en “anderse” rol wat hulle speel wat hulle aanspraak op statutêre status verwater en verwarring skep oor die ware professionele rol wat hulle veronderstel is om te speel, veral ook in die konteks van LAMP (vergelyk die bespreking in 4.6.4.1). Die implikasie is dat die Instituut (en ook PEG) as beroepsliggaam moet fokus op die deurslaggewende attribute van ’n professionele beroepsliggaam:

- ’n organisatoriese struktuur wat die metodiek van ’n professionele beroepsliggaam reflekteer;
- geloofwaardige beroepsgerigte kwalifikasies as basiese toelatingsvereiste;
- ’n tersaaklike, opleidingsverwante nasionale, of registrasie-, en/of akkreditasie-eksamen;
- beroepsverwante indiensopleiding;
- beroepsverwante gemeenskapsdiens;
- duidelike parameters vir voortgesette beroepsopleiding;
- ’n beroepsverwante etiese kode met die nodige meganismes om dit af te dwing ter beskerming van die publiek;
- riglyne vir billike, maar professionele tariewe, en
- die beskerming van die beroepstitel.

SAVI en PEG moet ’n beter verstandhouding en onderlinge ooreenkoms aangaan met betrekking tot ’n modus operandi om professionele erkenning vir die taalpraktyk in Suid-Afrika te beding: PEG kan byvoorbeel die openbare belangegroep of drukgroep word en SAVI kan as beroepsliggaam die nodige aanpassings doen wat statutêre status kan bewerkstellig.

Die ander alternatief is om SAVI te ontbind en ’n nuwe beroepsliggaam in die lewe te roep in samewerking met al die betrokke rolspelers; in die nuwe bedeling waar die taalpolitieke debat steeds ’n netelige kwessie is, het so ’n nuwe organisasie, getrou aan die aard van die beroepe wat dit verteenwoordig, moontlik ’n remediëringsrol sowel as ’n mediëringsrol te speel. Al die ander beroepsliggame wat as voorbeeld voorgehou is, het relevante en suksesvolle aanpassings gedoen om veranderende beroepskontekste te akkommodeer.

Vervolgens word die BKVTF onder die dieselfde vergrootglas geplaas as sy eweknie in Suid-Afrika om te bepaal van watter kaliber dit as beroepsliggaam gemaak is.

4.6.4.3 Die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen

Die BKVTF bemark hulleself as ’n niepolitieke, niewinsgewende taalberoepsorganisasie wat tot stand kom op 16 April 1955 – ’n datum betekenisvol naby aan SAVI se totstandkoming op 25 Augustus 1956 – met die doel om die gemeenskap en kliënte bewus te maak van die sosio-ekonomiese belang van die professionele taak van die beroep van vertaler en tolk. Die BKVTF begelei toekomstige en gevestigde vertalers en tolke in die diverse praktiese en

administratiewe aspekte van hulle vak en bied geleenthede vir professionele sosialisering. Die BKVTF stel hom veral ten doel om die kwaliteit van taaldienste te verseker, en beywer hom voortdurend vir professionalisering van die beroep en vir professionele beroepspraktyke (BKVTF, 2005[210]; BKVTF, 2008a, BKVTF, 2010:11).

Die kantoor van die BKVTF is in Montoyerstraat, Brussel en vertoon 'n organisatoriese struktuur wat grootliks die metodiek van 'n professionele beroepsliggaam reflekteer. Die Algemene Vergadering van die BKVTFbepaal die algemene beleid en is die hoogste bestuursraad van die Instituut. Die Raad van Bestuur tel sewe tot vyftien lede wat deur die Algemene Vergadering vir 'n periode van twee jaar verkies word en is belas met die daaglikse bestuur van die Kamer. Die BKVTF beskik oor twee instansies ter beslegting van geskille: die Arbitrasieraad (om enige kommersiële geskille tussen lede en kliënte te besleg) en die Toesigraad. Regionale afdelings bied plaaslike kontakpunte en organiseer gereeld vergaderings wat alle lede kan bywoon.

Die Belgische Kamer van Vertalers, Tolken en Filologen is die enigste "wetteljik erkende" Belgiese nasionale beroepsliggaam om vertalers en tolke (vryskut en andersins) te verteenwoordig (BKVTF, 2009c:14). Dit beteken dat die BKVTF 'n setel het in Sectorkommissie 15 van De Hoge Raad voor de Zelfstandigen en de Kleine en Middelgrote Ondernemingen[211] in België (BKVTF, 2009c:14), wat Feltkamp (2011) soos volg verduidelik:

> Als een beroepsvereniging daarin een zetel heeft, is hij "erkend". Dat betekent dat de vertegenwoordigde beroepen in aanmerking komen voor een mogelijke bescherming van de beroepstitel. Zij hebben dan ook inspraak in de adviezen die de Raad uitspreekt. Die adviezen kunnen er komen op verzoek van een minister, of op initiatief van de Hoge Raad zelf. Onder andere bij een aanvraag van een bescherming van de beroepstitel, zal de minister de Hoge Raad om advies vragen, en het feit dat we erin zitten, kan natuurlijk helpen om het advies te laten klinken zoals wij dat wensen.

---

[210] Artikel 2 van die statute van die BKVTFhttp://www.translators.be/index.php?option=com_content&task=view&lang=nl&id=89&Itemid=112

[211] Die funksie van die De Hoge Raad voor de Zelfstandigen en de KMO word soos volg beskryf (Hoge Raad voor de Zelfstandigen en de KMO, 2009:4): "De Hoge Raad voor de Zelfstandigen en de KMO is een federale adviesraad. Zijn wettelijke opdracht is tweevoudig: adviseren én vertegenwoordigen. Als overlegforum groepeert de Hoge Raad een 150-tal erkende nationale professionele en interprofessionele organisaties.

- **Adviseren:** De Hoge Raad treedt op als spreekbuis van zelfstandigen, vrije beroepen en KMO. De Hoge Raad richt zijn adviezen aan de betrokken Ministers alsook aan de Minister die de Middenstand tot zijn bevoegdheid heeft. Hij kan geraadpleegd worden door een Minister, maar beschikt ook over een eigen initiatiefrecht. Zo kan hij steeds in volle onafhankelijkheid zijn standpunten vertolken. Als organisme van openbaar nut beschikt de Hoge Raad daartoe over een rechtspersoonlijkheid. Hij wordt geleid en beheerd door de zelfstandigen zelf.

- **Vertegenwoordigen:** De Hoge Raad heeft ook een vertegenwoordigende bevoegdheid. Via diverse beheers- of raadgevende organen kunnen zelfstandigen en KMO aldus hun standpunten in diverse socio-economische instanties mee verdedigen."
  De erkende nationale beroepsfederaties die representatief zijn voor de bedrijfshoofden uit het ambachtswezen, de kleine en middelgrote handel en de kleine en de middelgrote nijverheid worden ingedeeld in **11 sectorcommissies** waarvan de bevoegdheid is vastgesteld als volgt (http://www.hrzkmo.fgov.be/Default.aspx?tabid=1266):

  - Sectorcommissie 1: Voeding
  - Sectorcommissie 2: Textiel en leder
  - Sectorcommissie 3: Metaal en hout
  - Sectorcommissie 4: Diverse handelsactiviteiten
  - Sectorcommissie 5: Bouw
  - Sectorcommissie 6: Land- en tuinbouwgebonden activiteiten
  - Sectorcommissie 7: Ambulante handel
  - Sectorcommissie 8: Horeca, toerisme en ontspanning
  - Sectorcommissie 9: Transport en voertuigen
  - Sectorcommissie 10: Technologie
  - Sectorcommissie 11: Personenzorg

Indirekte voordele in dié verband is inspraak in vergaderings van die Raad, en die bevordering van die beroepsprofessionalisering van die taalpraktisyn. Feltkamp (2011) is onseker of die gesogte statutêre beskerming van 'n beroepstitel wel as sodanig enige verskil gaan maak: "Maar of een bescherming van de beroepstitel in se een voordeel is, weet ik nog niet echt. Eigenlijk hebben de vertalers en tolken die in België afstuderen al een beschermde titel: niemand mag zich immers master in het vertalen noemen als hij het diploma niet heeft" (Feltkamp, 2011).

Die implikasie is dat opleidingsprogramme in België grootliks afgestuur is op beroepsgerigte kwalifikasies. In Suid-Afrika is dit nie die geval nie, aangesien opleidingsprogramme nie afgestuur is op beroepsgerigte kwalifikasies nie (vergelyk die bespreking oor beroepsgerigte opleiding in die verskillende lande in 4.7 hierna).

'n Belgiese kwalifikasies in vertaling en tolking bied dan reeds die nodige professionele erkenning aan die vertaler en tolk, wat moontlik 'n verklaring bied vir die relatiewe gebrek aan professionaliseringsinisiatiewe ten opsigte van taalpraktyk in Vlaandere onder die betrokke rolspelers. Die professionalisering van die beroepe van die vertaler en tolk is dus verder gevorder in België as wat dit in Suid-Afrika is, en die BKVTF as beroepsliggaam geniet groter erkenning.

Die erkende nasionale Belgiese beroepsliggame wat verteenwoordigend is van "de zelfstandigen die een vrij beroep of een ander zelfstandig intellectueel beroep" uitoefen, word ingedeel invier "sectorcommissies" waarvan die bevoegdheid soos volg omskryf word[212]:

- Sectorcommissie 12: Juridische en economische beroepen
- Sectorcommissie 13: Medische en paramedische beroepen
- Sectorcommissie 14: Technische beroepen
- Sectorcommissie 15: Andere vrije en intellectuele beroepen

Die Kamer verteenwoordig al vir meer as vyftig jaar hierdie "andere" beroepe, waaronder vertalers, tolke, en filoloë (taalwetenskaplikes), by die owerheid, nasionale instellings en justisie en beywer hulle in hierdie periode veral "... naar een statuut voor de beëdigd vertalers om de kwaliteit van gerechtsvertalers en -tolken te garanderen" (BKVTF, 2008a).

Die wetsvoorstel wat op 12 Oktober 2008 by die Belgiese regering ingedien word wat die wetgewing moet uitvaardig vir die regulering van die geswore vertaler, tolk en vertaler-tolk (*De Taalsector*, 2008) is, aldus Feltkamp (2011) "... als een processie van Echternach ... Elke keer dat een regering valt in België, vervallen alle wetsvoorstellen ook en dan moeten ze opnieuw ingediend worden."

Ná die verkiesing in België in 2010 het hierdie wetsvoorstel dus verval. Drie parlementslede van verskillende partye het wel opnuut 'n wetsvoorstel ingedien, maar omdat hulle nie was "... van de partij die de voorzitter levert van de commissie justitie ... betekent dat we, om dit wetsvoorstel opnieuw op de agenda te krijgen, eerst die partij, en liefst nog een paar andere, moeten overtuigen van het nut om het wetsvoorstel opnieuw op de agenda te zetten en te

[212]Vergelyk inligting op http://www.hrzkmo.fgov.be/Default.aspx?tabid=1266

ondersteunen" (Feltkamp, 2011). 'n Nuwe wetsvoorstel word gevolglik in Maart 2011 deur die BKVTF by die Voorsitter ingedien, en die Kamer wag nog in November 2011 op terugvoer. Die impak van Belgiese taalpolitiekery op die gebrek aan progressie tot die regulering van die taalberoepe spreek duidelik uit Feltkamp (2011) se illustrasie van die nodeloos stadig en oneffektiewe verloop van 'n proses: drie stappe vooruit, twee agteruit, soos 'n Echternachprosessie.

Toelating tot die BKVTF is beperk tot die houers van 'n universiteitskwalifikasie in taalkunde of die suksesvolle aflegging van 'n toelatingseksamen plus vier jaar bewese ervaring in 'n taalkundig gespesialiseerde beroep (byvoorbeeld vertaler, tolk, filoloog). Die BKVTF organiseer dus toelatingseksamens vir voornemende lede en kandidate wat nie oor die vereiste kwalifikasies beskik nie. Die BKVTF organiseer ook eksamens om die taalkennis van kandidate wat as geswore vertalers wil praktiseer, te toets. Teenwoordig word daar twee eksamensittings per jaar georganiseer. De eerste vind plaas in Maart of April, die tweede in September of Oktober (BKVTF, 2009-2010:13-14).

Sedert 2008 (BKVTF, 2009-2010:4, 17) is daar 'n geringe afname in die BKVTF se ledetal wat in 2010 357 lede tel: 350 vertalers[213], 95 tolke[214] (van wie 41 konferensietolke), 166 geswore vertalers of tolke, en tien beskermde lede (BKVTF, 2009-2010:12) in teenstelling met SAVI se geakkrediteerde ledetal van 221 in 2010-2011 (230 in 2009), en tans 'n totale ledetal van 723. In teenstelling met SAVI wat nie akademiese toelatingsvereistes het nie, noodsaak lidmaatskap by die BKVTF 'n universiteitskwalifikasie in taalkunde of 'n geslaagde toelatingseksamen en vier jaar bewese praktykervaring (BKVTF, 2009-2010:12), ook aan buitelanders. Geen akkreditering word vereis of aangebied nie, in teenstelling met SAVI wat geen kwalifikasies vereis nie en 'n akkrediteringstelsel in plek het, maar ook gewone lede toelaat sonder kwalifikasie en sonder akkreditasie.

Die BKVTF het samewerkingsooreenkomste met UNPLIB (Union Nationale des Professions Libérales et Intellectuelles) en die FVIB (Federatie voor Vrije en Intellectuele Beroepen) en is ook lid van FIT (BKVTF, 2009-2010:14). Dit is belangrik om in ag te naam dat hierdie beroepsliggaam 'n Belgiese sambreelorganisasie is, en nie uitsluitlik of spesifiek Vlaams nie. Daar is regionale afdelings in Antwerpen-Limburg-Vlaams-Brabant, Brussels-Waals-Brabant-Henegouwen, Luik-Namen-Luxemburg, Oos- en Wes-Vlaandere.

Die BKVTF kan nie gestandaardiseerde vergoeding voorskryf nie (Feltkamp, 2010a), maar gee wel 'n uiteensetting van verantwoordelike prysvasstelling (BKVTF, 2009-2010:32-35).

Die BKVTF het 'n afdwingbare "deontologische kode" (BKVTF, 2009-2010:28-29) wat die etiese aspekte van pligsbetragting ten opsigte van die doel, verpligtinge en kwaliteit van werk van die taalpraktisyn duidelik uiteensit, waaraan lede hulle moet onderwerp. Daar word deur die Huishoudelijk Reglement van de BKVTF voorsiening gemaak vir optrede teen lede wat die bepalinge van die beroeps- en etiese kode oortree of skaad.

Opleidingsgeleenthede bestaan uit colloquia en studiedae en werkwinkels vir voortgesette opleiding in vertaling en tolking. Die BKVTF werk ook nou saam met, erken slegs

[213] 'n Aantal lede behoort tot beide kategorieë.
[214] 'n Aantal lede behoort tot beide kategorieë

kwalifikasies van Belgiese opleidingsinstansies vir registrasie, en word ondersteun deur alle Belgiese opleidingsinstansies van vertalers en tolke, naamlik Artesis Hogeschool Antwerpen se Departement Vertalers en Tolken, Lessius Hogeschool se Departement Toegepaste Taalkunde, Hogeschool Gent (Associatie Universiteit Gent) se Departement Toegepaste Taalkunde, Hogeschool-Universiteit Brussel se Faculteit Taal- en Letterkunde, Erasmus Hogeschool se Departement Toegepaste Taalkunde, en die betrokke departemente van die Haute Ecole Léonard de Vinci, Institut Libre Marie Haps (ILMH), Haute Ecole de Bruxelles, Institut supérieur de Traducteurs et Interprètes (ISTI), Université de Mons-Hainaut en Haute Ecole de la Ville de Liègese.[215]

Feltkamp (2010a) beskryf die aksies en stappe van die BKVTF tot dusver as suksesvol in die sin dat lede, akademici en die algemene publiek die beroepsliggaam as invloedryk beskou in die professionaliseringsproses van die taalpraktyk. Daar is tog die nadele dat lidmaatskap by die BKVTF nie 'n voorvereiste is om as taalpraktisyn in België (Vlaandere) te praktiseer nie; dat die taalpraktyk as beroep en die beroep van die taalpraktisyn nie alombekend is nie; dat die beroepsliggaam nie gemagtig is tot akkreditering en sanksionering van opleidingsprogramme en opleidingsinstansies nie (maar wel inspraak het by opleidingsinstansies en nou met hulle saamwerk), of toegangsbeheer tot die bedryf het nie, wat tot dusver die professionele projek van die taalpraktisyn grootliks onsigbaar hou in België.

Die struktuur van die Kamer as die enigste "wetteljik erkende" Belgiese nasionale beroepsliggaam om vertalers en tolke (vryskut en andersins) te verteenwoordig, vertoon **baie meer formeel** as dié van SAVI. Die BKVTF 'n setel in Sectorkommissie 15 van De Hoge Raad voor de Zelfstandigen en de Kleine en Middelgrote Ondernemingen in België (BKVTF, 2009-10:14), wat beteken dat die Kamer regeringserkenning geniet. Die Arbitrasieraad en die Toesigraad hanteer enige kommersiële geskille en bestuur die etiese aangeleenthede van die beroep. Dit vertoon dus nie grootliks as 'n akademiese vereniging of 'n belangegroep nie, veral omdat 'n beroepsgerigte kwalifikasie aan 'n goedgekeurde opleidingsinstansie die hoofvoorwaarde vir toelating is, en kandidate wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, 'n kwalifiserende eksamen moet slaag plus vier jaar bewese taalpraktykervaring moet hê.

Uit die bespreking hierbo na die werksaamhede van die BKVTF as professionele beroepsliggaam blyk dit dat die Kamer aan die volgende attribute voldoen soos geïdentifiseer uit die analise in 4.6.3:

[215]BKVTF Protective members: http://www.translators.be/index.php?option=com_content&task=view&id=161&Itemid=181&lang=en&Itemid=181

ATTRIBUUT	STATUS
1. 'n Organisatoriese struktuur wat die metodiek van 'n professionele beroepsliggaam reflekteer	Gedeeltelik, het inspraak in regering
2. Geloofwaardige beroepsgerigte kwalifikasies as basiese toelatingsvereiste	✓
3. 'n tersaaklike, opleidingsverwante registrasie-eksamen vir kandidate wat nie aan die vereiste hierbo voldoen nie, sowel as die eksamen vir beëdigde vertalers	✓
4. Beroepsverwante indiensopleiding	✗
5. Beroepsverwante gemeenskapsdiens	✗
6. Duidelike parameters vir voortgesette beroepsopleiding	✗
7. 'n Beroepsverwante etiese kode met die nodige meganismes om dit af te dwing	✓
8. Formule vir billike, maar professionele tariewe	✓
9. Die beskerming van die beroepstitel	Informeel, uit hoofde van kwalifikasies, nie gewettig

Tabel 4.4: Die BKVTF as professionele beroepsliggaam

Wat outonomiteit betref, skiet die BKVTF tekort omdat hy nie enige parameters stel vir beroepsverwante indiensopleiding, beroepsverwante gemeenskapsdiens, en duidelike parameters vir voortgesette beroepsopleiding nie, maar hom op hierdie stadium slegs daarvoor kan beywer.

Die kontrolelys gee in sy geheel grootliks rekenskap van al die Kamer se aktiwiteite (dit voldoen aan vier van die nege attribute en gedeeltelik aan twee attribute (struktuur en die beskerming van die beroepstitel) van die professionele beroepsliggaam (soos gemeet aan die attribute van die statutêre beroepsliggaam uit die analise in 4.6.3).

Die algemene doelstellings van die BKVTF word in Artikel 2 van hulle *Statuten* uiteengesit[216], en die eerste vier doelstellings reflekteer reeds die Kamer se (gedeeltelike) statutêre status:

[216] a) de vertalers, tolken en filologen te groeperen, om hun wederzijdse belangen te verdedigen; de beroepsaanhorigheid te onderhouden en de collegiale betrekkingen nauwer toe te halen,
b) een oplossing te geven aan de problemen die betrekking hebben op de bevordering van het beroep; te dien einde de studie aan te vatten en voort te zetten van de codificering van de beroepskenmerken, van de gebruiken en van de middelen ter bescherming van de beroepsbelangen door het gezamenlijk optreden van de leden,
c) het prestige te verhogen van de beroepen die onder de statuten vallen, en inzonderheid het nastreven van de wettelijke bescherming van die beroepen,
d) de persoonlijke kundigheden van de leden te vervolmaken door middel van studiën, vergaderingen, voordrachten, debatten en discussies; alle inlichtingen te centraliseren aangaande de vertaling, de vertolking en, meer algemeen, aangaande alle kwesties van taalkundige aard, zowel in België als in het buitenland,
e) een school op te richten voor vertalers en/of tolken,
f) een centrale bibliotheek tot stand te brengen, die toegankelijk is voor al de leden,
g) om het even welke publicatie uit te geven die de leden gezamenlijk aanbelangt, en inzonderheid, een vakinformatieblad bestemd om het contact onder de leden levendig te houden en de inlichtingen waarvan sprake in d. te verspreiden,
h) bescherming te verlenen, deel te nemen of mee te werken aan het organiseren van manifestaties, congressen, tentoonstellingen, jaarbeurzen, enz.., zowel nationaal als internationaal,
i) de beroepsbelangen van de leden te verdedigen en, te dien einde, een werkelijke vertegenwoordiging tegenover de officiële instanties te stellen,
j) zijn medewerking te verlenen aan en eventueel de inspanningen van de vereniging te voegen bij die van andere organismen of beroepsverenigingen, zowel Belgische als buitenlandse met het oog op de algemene ontwikkeling van het beroep, en de verdediging van de algemene belangen van de leden op nationaal en internationaal vlak. Artikel 2 van die statute van die BKVTF.
http://www.translators.be/index.php?option=com_content&task=view&lang=nl&id=89&Itemid=112

1. om taalpraktisyns te verenig, hulle belange te verdedig, beroepsamehorigheid te handhaaf en kollegiale betrekkinge te bevorder;
2. om die professionalisering van die taalberoepe te bevorder;
3. om die prestige van die taalberoepe te bevorder, veral ten opsigte van statutêre beskerming;
4. om opleiding te bevorder deur middel van alle relevante metodes;
5. om 'n opleidingsinstansie te stig vir vertalers en tolke (taalpraktisyns);
6. om 'n toeganklike sentrale biblioteek op die been te bring toeganklike vir alle lede;
7. om 'n vertalersvakpublikasie aan lede beskikbaar te stel, en waarin lede kan publiseer;
8. om nasionale en internasionale samewerking aan en beskerming van taalpraktykaangeleenthede te bewerkstellig;
9. om die beroepsbelange van lede te behartig en daadwerklike verteenwoordiging by regerings- en ander instansies te bewerkstellig, en
10. om met ander beroepsliggame saam te werk om die algemene belange van lede te verdedig, nasionaal sowel as internasionaal.

Die **struktuur** van die BKVTF vertoon wel die leemte dat lidmaatskap vrywillig is, en dat die kamer se **statutêre status nie sover strek as om toegang tot die beroep te kan beheer nie.** Bestuurslede word ook op 'n algemene jaarlikse vergadering verkies en nie ministerieel aangewys nie.

Nie een van die ander beroepsliggame soos bespreek in 4.6.3 stel hulle ten doel die oprigting van 'n opleidingsinstansie of 'n biblioteek nie, maar wel om tersaaklike opleidingsprogramme aan goedgekeurde opleidingsinstansies te akkrediteer en inspraak te hê op opleiding, kurrikulumontwikkeling, standaardisering van leerinhoude of uitkomste.

Die idealistiese doelstellings van enige beroepsliggaam, en hier in die besonder van die taalpraktykberoepsliggaam – die stigting van 'n opleidingsinstansie, 'n biblioteek, die samestelling van handleidings oor taal en vertaling, tolking, teksredigering en terminologie – te alle tye tot voordeel van die beroep wat dit verteenwoordig. Op die lang duur is dit, hoe bewonderenswaardig en goed bedoel ook al, van nul en gener waarde as die beroepsliggaam nie die lede van die beroep wat dit verteenwoordig kan oorreed en motiveer tot 'n professionele houding nie, óf om hulle te bemagtig tot outonomiteit in die praktyk nie. Die belangrikste funksie van die professionele beroepsliggaam is die rol wat dit speel in die handhawing van professie, en dit kan alleen geskied deur middel van sanksionering in die wydste sin van die woord: toelatingsbeheer tot die professie van beroepstersaaklik-gekwalifiseerde taalpraktisyns.

4.6.5 Die professionele beroepsliggaam: gevolgtrekking

In die literatuur van beroepsprofessionalisering word die stigting, posisionele verstewiging van 'n beroepsliggaam, konsolidering van beroepsliggame tradisioneel nagenoeg "seremonieel" as 'n deurslaggewende mylpaal in die professionele projek bevestig (onder andere Allsop *et al*., 2009:489; Barber, 1963; Barker, 1995:296; Becker *et al*., 2009; Burbules & Densmore, 1991:49; De Vries *et al*., 2009:558; Goode, 1957; Goode, 1960a:902; Greenwood, 1957; Herbulot, 1997:3-5; Hodson & Sullivan, 2002:302; Hughes, 1958; Millerson, 1964a:10; Ritzer, 1977:44; Tseng, 1992:75-81; Wilensky, 1964:138).

Indien die rol wat die beroepsliggaam in die professionele projek speel so 'n deurslaggewende uitwerking het (Tseng, 1992:75-81), as 't ware die fondasie vorm waarop die projek gebou word, spreek dit vanself dat die gesag en geloofwaardigheid van die beroepsliggaam bo verdenking moet wees.

SAVI en die BKVTF is die mees prominente taalberoepsliggame in Suid-Afrika en Vlaandere. Die twee organisasies raak oor die afgelope vyftig jaar betrokke in die professionele projek van die taalpraktyk wat, met betrekking tot 'n huidige model vir oplossings, in sy geheel die tradisionele prosesse en pogings (vergelyk Hoofstuk 2) tot statutêre erkenning behels.

Ter sprake in die bespreking was enersyds die mark- en praktisynspersepsies van SAVI en die BKVTF en dié beroepsliggame se huidige akkrediteringstelsel en registrasiestelsel, sowel as politieke prioriteite, persoonlike botsings (Suid-Afrika) en onstabiliteit (België) op politieke vlak ten opsigte van die professionele status van die beroepsliggame en die beroepe wat hulle verteenwoordig.

Wat politieke prioriteite betref, is taal 'n groter agendapunt in België as in Suid-Afrika. As die BKVTF groter druk uitoefen op die Belgiese regering (wat beroepsanksionering betref) in 'n daadwerklike professionaliseringsinisiatief vir die taalpraktyk, staan dit 'n baie groter kans op sukses wat betref regeringsanksie (mits die regering konstant bly). Politieke onstabiliteit is groter in België as in Suid-Afrika; en het oor die jare oënskynlik in 'n "communautaire" (Van Velthoven, 2011) taalkwessie ontaard.

Dit wil ook voorkom of rolspelers in die werksaamhede van SAVI oor die afgelope sowat twintig jaar – intern sowel as ekstern – die beeld van hierdie beroepsliggaam veridealiseer het, al staan die bedoelinge ten opsigte van taalontwikkeling en gelykberegtiging hoegenaamd nie onder verdenking nie. Wanneer en waar ideologiese regverdiging van die toekenning van dieselfde regte aan mense of groepe, soos taalregte in gekompliseerde multitalige politieke kontekste ter sprake kom ("Ons beywer ons vir die gebruikstatus van enige taal in enige openbare situasie, maar ons gun daarom ook dieselfde vir enige ander taal in enige openbare situasie"), raak die toepassing en uitwerking daarvan in die praktyk gekompliseerd en problematies.

Om die reg te eien om enige taal op hierdie wyse in openbare situasies te gebruik (soos byvoorbeeld om 'n voordrag in 'n swart taal by 'n kongres in Suid-Afrika te doen waar al die kongresgangers nie die taal magtig is nie, skep 'n definitiewe kommunikasiedilemma. Die oplossings is eenvoudig: die spreker moet Engels praat, of tolke moet kommunikasie

bewerkstellig. Dit is nie so eenvoudig om druk uit te oefen vir taalgelykberegtiging in een situasie nie. Indien ŉ individu die taalreg uitoefen wat voorstanders daarvan eis, skep dit kommunikasieprobleme in komplekse taalsituasies.

SAVI kon tot dusver nog nie in sy selfopgelegde professionaliseringsverantwoordelikheid slaag het nie, enersyds as gevolg van die taalpolitieke en sosiopolitieke konteks hier te lande, sy apartheidsverlede van uitsluiting en die ongebalanseerde demografiese verspreiding van tale wat die mediëringskonteks bepaal, sowel as die feit dat taalpraktyk in die inheemse tale ŉ baie jong beroep is (vroeër bespreek in 4.3.4).

Inklusiwiteit kan – ironies genoeg – ook die rede wees waarom SAVI ten spyte van hulle oënskynlike professionaliseringspogings, nie daarin kan slaag om erken te word as ŉ statutêre liggaam nie: die instituut se geakkrediteerde ledetal is nie demografies verteenwoordigend nie en SAVI word moontlik nog steeds gesien as ŉ verteenwoordiger van die apartheidsbestel. Inklusiwiteit is dié hoedanigheid waarop die voorstanders van taalregte hamer: om juis mense in te sluit in alle (beroeps)aspekte van die samelewing om diversiteit ŉ realiteit te maak.

Andersyds spreek die vergelykende evaluering aan die hand van ŉ attribuutmodel vir die professionele beroepsliggaam verkry uit ŉ analise van drie beroepsliggame wat die toets van die tyd deurstaan het, vanself: SAVI voldoen nie aan die attribute waaraan die professionele beroepsliggaam gemeet word nie.

As daar dan vingers gewys word na “tandelose honde” (Perry, 2003) in Suid-Afrika wat betref die status quo van taalpraktykaangeleenthede in Suid-Afrika, is SAVI nog een van hulle: SAVI (en sy “geaffilieerde beroepsorganisasietrawante” in Suid-Afrika) vervul hoogstens die rol van die **belange-organisasie** in die sin dat dit nog nie die tipiese take vervul van ŉ professionele beroepsliggaam wat beroepsoutonomie kan bewerkstellig nie, hetsy struktureel, vakkundig, dinamies, eties, en eksklusief nie.

Die BKVTF in België vertoon wat attribute betref, heelwat beter daaraan toe: struktureel vertoon die Kamer ŉ hegter, formeler struktuur; dit het wel erkende professionele (statutêre) status; toelatingsvereistes is beperk tot tersaaklik gekwalifiseerde kandidate, en die Kamer is baie meer betrokke in die opleidingsproses van vertalers en tolke. Tans is die BKVTF egter nog nie in staat om toegang tot die beroep te beheer nie, en alhoewel vertalers en tolke per definisie nie mag praktiseer sonder die tersaaklike kwalifikasies nie, is dit onmoontlik, soos in Suid-Afrika, om die beunhaasbrigade uit die mark te weer.

Wat ander professies in Belgie/Vlaandere betref ten opsigte van professionele beroepsliggame: die Orde van Geneesheren in Belgie is die beroepsliggaam vir die mediese beroep: “Er is één Nationale Raad die bestaat uit een Franstalige en een Nederlandstalige afdeling. Beide afdelingen kunnen samen vergaderen en beslissen. De Orde van geneesheren bestaat uit volgende organen: 10 provinciale raden, een Franstalige en een Nederlandstalige Raad van beroep en de Nationale Raad.[217]

[217] http://www.ordomedic.be/nl/orde/wie-zijn-we/

Dan is daar vir die regsberoep die Orde van Vlaamse Balies[218], die "... wettelijke beroeps-organisatie van de Vlaamse advocatuur. De Orde van Vlaamse Balies (OVB) vertegenwoordigt alle 14 Nederlandstalige balies van België, in totaal meer dan 9 000 advocaten. Elke advocaat is in België verplicht lid van een lokale balie, en dus van één van de Ordes van Advocaten[219], en die Ordre des Barreaux francophones et germanophones[220] wat die Waalse en Duitstalige balies verenig. Daar is dus één nasionale beroepsliggaam vir medici, maar twéé provinsiale beroepsliggame vir advokate.

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die federale regeringsvorm ten opsigte van die hantering van beroepsliggaam 'n potensiële struikelblok is, soos daaruit blyk dat ander professies verskillend hanteer word (Vlaams vs. Belgies), en voorts dat mens eintlik sou verwag dat wanneer dit oor taal en vertaling handel, daar heelwat sin is aan 'n nasionale Belgiese aanpak, aangesien veral vertalers in België juis met die vertaalpaar Nederlands-Frans heelwat werk op regeringsvlak mag kry, en ingelyks dat die kommersiële mark juis in hierdie twee tale lê. Enige onsekerheid oor of die professionaliseringspoging Vlaams of Belgies moet wees, is dus 'n potensiële struikelblok om statutêre erkenning te verkry, en kom dit erg vreemd voor indien dit moontlik sou wees om professionele registrasie in Vlaandere te verkry, maar nie in Wallonië nie, of andersom.

Die enigste manier waarop toelatingsbeheer bewerkstellig kan word, is om die opleidingsprogramme van taalpraktisyns beroepsgerig te maak, as 't ware aan "formaliteite onderhewig te maak" sodat **beroepsgerigte opleiding**, **kennis** en **vaardighede** die deurslaggewende attribuut word waarmee die taalpraktisyn lid kan word van sy professionele beroepsliggaam.

Dan word die beroepsliggaam die "powerful association" wat die "powerful profession" verteenwoordig (Tseng, 1992:75-81) en kan dit die funksie van **sanksionering** vervul wat tradisioneel die prerogatief van die statutêre beroepsliggaam was.

4.7 Taalpraktyk in akademiese konteks

4.7.1 Inleiding

Aspekte wat in hierdie onderafdeling ter sprake kom teen die agtergrond van 'n klimaat van sosiale, kulturele, ekonomiese en tegnologiese transformasie in 'n poging om te voldoen aan die vereistes wat die huidige veranderende samelewingsbehoeftes stel, is:

- die ontwikkeling van die taalpraktyk as akademiese dissipline;
- die hoëropleidingskonteks waarin die taalpraktyk aangebied word: hoëropleidings-kwalifikasiestrukture en -raamwerke in Suid-Afrika en Vlaandere, en
- beroepsgerigte taalpraktykopleidingskonteks: opleidingsprogramme in Suid-Afrika en Vlaandere.

[218] http://www.advocaat.be/
[219] http://www.advocaat.be/Page.aspx?genericid=59
[220] http://www.avocat.be/index.fr.html

Die attribuut van professie wat met hierdie kontekste in verband gebring kan word, is die hele kwessie van praktykgerigte opleiding en kwalifikasies vanuit 'n gestandaardiseerde, goed omskrewe teoretiese en wetenskaplik-gefundeerde kennisbasis wat ook die professionele titel van "taalpraktisyn" verantwoord. Verskeie struikelblokke kan egter geïdentifiseer word:

- die onontginde interdissiplinêre aard van die taalpraktyk;
- 'n gebrekkige model waarbinne die interdissiplinêre aard van die taalpraktyk as akademiese dissipline op vaste grondslag geplaas kan word;
- transformasie en herstrukturering in hoëronderwysverband in Suid-Afrika en Vlaandere, en
- die ad hoc-status van taalpraktykprogramme in Suid-Afrika en Vlaandere.

In die konteks van enersyds die professionele projek van die taalpraktyk, en andersyds gegewe die verwikkeldheid van die taalpraktyk as interdissiplinêre studieveld, is dit sinvol om die akademiese konteks waarin die taalpraktyk ontwikkel (het) van nader te deursien.

Vervolgens word 'n oorsig gegee van die ontwikkeling van taalpraktykstudies teen die agtergrond van vertaalstudie as gevestigde akademiese dissipline. Die fokus is ten einde laaste op taalpraktyk as akademiese dissipline en die taalpraktisyn as sosiokulturele en -linguistiese mediator in die multitalige kommunikasie-opset waar praktisyn sowel as teks ter sprake kom.

4.7.2 Die ontwikkeling van die taalpraktyk as akademiese dissipline

Hoewel die praktyk van vertaling – die oorsetting van 'n teks uit een taal in 'n ander taal – sedert die vierde eeu v.C. 'n gevestigde beroep in die praktyk is, vind die studie van vertaling in die breedste sin van die woord as 'n akademiese dissipline grootliks sy beslag oor die afgelope vyftig jaar (Munday, 2008:5, 7), met 'n duidelike en voortgesette "kloof tussen vertaalpraktyk en vertaalteorie" (Munday, 2008:4; Ulrych, 1999:51-52) en 'n oënskynlike geringskatting van ander gevestigde en minder gevestigde taalpraktyksubdissiplines soos teksredaksie, oudio-visuele vertaling en terminologie-ontwikkeling. Die gevolg is dat taalpraktyk tans nog nie as 'n homogene studieveld en beroep tot sy volle reg kom nie.

Die uitdaging is dan die ontwikkeling van 'n geïntegreerde en sinergetiese model van die taalpraktyk as beroep waar al die vertakkinge en komponente gelykagting en -erkenning geniet om die attribute van professie soos in die vooruitsig gestel, tot sy reg te laat kom.

Indien die professionele projek van taalpraktisyns op die lang duur 'n gunstige verloop en afloop in die vooruitsig stel, is dit noodsaaklik dat die subdissiplines van die taalpraktyk dieselfde status in teorie en praktyk moet geniet. Dit is dus nodig om die ontwikkeling van die taalpraktyk as dissipline kortliks onder die soeklig te plaas om die strewe na formele akademiese erkenning en ondersteuning vir die professionele projek van die taalpraktyk in die sosioprofessionele opset te verantwoord. Die model wat uit hierdie ondersoek na vore tree, behoort die weg te baan om taalpraktyk as 'n homogene beroeps- en akademiese dissipline te vestig.

Die bespreking wat volg, gee 'n oorsig van die vernaamste (ver)taal(praktyk)benaderings en teoretiese benaderings oor die afgelope sowat vyf dekades, waaruit 'n model vir die ondersoek na taalpraktykstudies uit relevante modelle aan die hand gedoen word.

4.7.2.1 Van suiwer vertaalstudie ...

Sedert die tagtigerjare is deskriptiewe vertaalstudie die dominante paradigma in vertaalstudie as 'n outonome akademiese dissipline, veral na aanleiding van James S. Holmes (1988) se "seminale" (Munday, 2008:10) en nou "klassieke" (Chesterman, 2009:13) artikel "The name and nature of translation studies" wat allerweë aanvaar word as die fundasiehipotese (Gentzler, 2001:92) van 'n nuwe, maar hoofsaaklik deskriptief-wetenskaplike vertaalteoretiese dissipline.

Die nou bekende Holmes-Toury-diagram (Toury, 1995:10)[221] is 'n sprekende voorbeeld van die klem op veral deskriptiewe ondersoeke na aanleiding van die ontwikkeling in vertaalstudie in die twintigste eeu: van teoretiese (preskriptief-, normatief- en linguistiesgeoriënteerde) teorieë en benaderings (Munday, 2008:11; vergelyk byvoorbeeld Bassnett & Lefevere, 1990; Bassnett-McGuire, 1991 [1980]; Fawcett, 1997; Hermans, 1985; Snell-Hornby, 2006;) tot die deskriptief-georiënteerde benadering en teorieë van produk, funksie en proses (Munday, 2008:11; vergelyk ook byvoorbeeld Bassnett & Trivedi, 1999; Even-Zohar, 1990; Hermans, 1999; Reiss & Vermeer, 1984; Robinson, 1997a; Snell-Hornby, 2006; Toury, 1995; 2000 [1978]).

Alhoewel kritiek en kommentaar op die Holmes-Toury-diagram soos beskryf deur Toury (1991:81) oor die afgelope twee dekades op verskillende leemtes en probleme dui (vergelyk byvoorbeeld Chesterman, 2004; Lambert 1991; Pym, 1998; Snell-Hornby, 1991; Toury, 1995), en in ag genome dat teoretiese, beskrywende en toegepaste areas van vertaalstudie mekaar wedersyds voed en beïnvloed, verteenwoordig Holmes se verdeling 'n plooibare onderskeid tussen die verskeie areas van vertaalstudie soos dit op daardie stadium daar uitsien, maar bied dan terselfdertyd die ruimte vir die ontwikkeling van 'n meer toepaslike en eietydse model. Die oorspronklike Holmes-Toury-diagram gebaseer op Holmes (1988) sien soos volg daar uit[222]:

[221] Die diagram was nie deel van die oorspronklike artikel van 1972 nie, en is ontwerp deur Toury (1995).
[222] Diagram: die Holmes-Toury diagram vir vertaalstudies (uit Toury, 1991:181; Chesterman, 2009:14)



Figuur 4.9: Die oorspronklike Holmes-Toury-diagram

4.7.2.2 ... na toegepaste vertaalstudie ...

Die reaksie terug na empiriese benaderings tree van die vroeë tagtigerjare sterk na vore in die mikrotaalkunde en bied met funksionele paradigmas (Dik, 1978, 1989; Halliday, M.A.K., 1985; Givón, 1984) en kognitiewe paradigmas (Lakoff, 1987; Lakoff & Johnson, 1980; Langacker, 1987) alternatiewe op die generatiewe taalkunde wat baie nader na outentieke tekste terugbeweeg. Hierdie alternatiewe benaderings is gemik teen oordrewe teoretiese benaderings wat losgeraak het van die objek van beskrywing, en wat so geïdealiseer geraak het dat werklike taal uit die analise verdwyn het (McEnery & Wilson, 2001:5-13).

Die beweging na deskriptiewe vertaalstudie val chronologies ook saam met reaksie teen en kritiek op Chomsky (1980, 1986, 1988)[223] se rasionalistiese linguistiese benadering wat op abstraksies en geïdealiseerde sienings van taal staatmaak, sy onderskeid tussen “linguistic competence” en “linguistic performance”, en sy klem op I-taal – die intensionele, interne en individuele taal van elke mens (in stede van E-taal – eksterne taal, die tale van die verskillende wêreldbevolkinge).

Die verskuiwing van teoretiese na beskrywende vertaalkunde is veral ’n reaksie op die geïdealiseerde studie van die eienskappe van taal na die waarde van die noukeurige studie van spesifieke voorbeelde van taal soos dit neerslag vind in deskriptiewe vertaalstudie en opper kwessies soos: Wat gaan werklik in vertaalde tekste aan? Wat is die eienskappe eiesoortig aan vertaalde tekste? Wat is die taalkundige winste uit die studie van die werklike eienskappe van goeie vertaalde tekste vir byvoorbeeld opleiding of as vertaalmodel eerder as om te spekuleer oor wat ’n “goeie vertaling” behels?

Die fokus in vertaalstudie verskuif oor die afgelope dekades vanaf die beskrywing van resultate van die observasie en verklaring van veral vertaal- en tolkprosesse na pogings om te verstaan hoe die menslike brein die proses bestuur om betekenis oor tale te kommunikeer en die verwikkeldheid van kognitiewe prosessering gedurende die vertaal- en tolkaktiwiteite te verduidelik. Die mees onlangse ontwikkelinge binne die deskriptiewe vertaalbenadering verplaas dan ook die fokus eksplisiet na die kognitiewe dimensie van vertaling (Danks *et al*., 1997; Englund Dimitrova, 2005; Shreve & Angelone, 2010; Tirkkonen-Condit & Jääskeläinen, 2000; Virtanen, 2004).

Parallel aan hierdie wending, en met ’n groter invloed in die vertaalkunde, word korpuslinguistiek sedert 1980 as verfyning van die breë deskriptiewe benadering die instrument waarmee empiriese taalkundiges data begin ontleed (McEnery & Wilson, 2001).

Hatim (2001:6-8), Ulrych en Anselmi (2008:166), Chesterman (2009) bied praktisynsgerigte navorsing as een moontlike wyse waarop die digotomie tussen vertaalteorie en -praktyk uit die weg geruim kan word, en beskryf vertaalpraktisynstudies as navorsing wat primêr en eksplisiet fokus op die agente betrokke in vertaling, byvoorbeeld hulle aktiwiteite of houdings, hulle interaksie met hulle sosiotegniese omgewing, hulle geskiedenis, of invloed in

[223]Chomsky (1980) handhaaf die uitgangspunt dat E-taal gewoon epifenomena is; ’n abstrakte en kunsmatige konstruk wat taal karakteriseer in al sy verskeie komponente; maar ook ’n gedeelde kenniskonvensie, ’n gemeenskaplike gedragspatroon of sosiale kommunikasiemiddel in ’n samelewing wat daarvan as sodanig nie ’n bruikbare onderwerp vir studie maak nie. I-taal, daarenteen, is ’n kognitiewe objek, biologies en geneties gespesifiseerd, op gelyke voet met taal self, wat daarvan ’n geskikte studie-onderwerp maak (Chomsky, 1986, 1988, 1996, 2000).

die samelewing (Chesterman, 2009:20), 'n uitgangspunt wat per implikasie ook taalpraktyk en taalpraktisyns insluit soos dit in hierdie studie ter sprake kom.

Chesterman (2009:19) bied 'n "agentmodel" vir toegepaste vertaalstudie wat aan die agent – die tradisioneel onsigbare vertaalpraktisyn – in stede van die tradisioneel sigbare produk – die vertaalde teks – prominensie verleen om die nodige balans tussen teorie en praktyk te weeg te bring. In die Holmes-Toury-diagram soos hierbo aangehaal uit Chesterman (2009:14), bestaan toegepaste vertaalstudie uit opleiding, beleid, hulpmiddele en kritiek, waarvan hoofsaaklik eersgenoemde drie deel uitmaak van die huidige beroepsomgewing van die vertaalpraktisyn.

Uit 'n analise van Holmes (1988) se teoretiese begronding van vertaalstudie identifiseer Chesterman (2009:19) voorts verskeie navorsingsleemtes in die model ten opsigte van die sosiologie van vertaling, geskiedkundige ontwikkeling, en etiek. In die huidige akademiese en praktykklimaat bestaan toegepaste vertaalstudie uit vier intrinsieke vertakkinge, te wete, 'n tekstuele, kulturele, kognitiewe en sosiologiese vertakking (vir laasgenoemde vergelyk ook Hoofstuk 3), waarvan die tekstuele vertakking vir alle praktiese doeleindes op die teks self konsentreer en nie op taalpraktisyn nie. Die kognitiewe, kulturele en sosiologiese vertakkinge bied 'n manier om die ontwikkelende praktisynsgerigte veld van die vertaaldissipline in die huidige sosiokulturele opset te konseptualiseer. In die geïntegreerde model van taalpraktyk kom tekstualiteit wel deeglik ter sprake soos uiteengesit in De Beaugrande en Dressler (1981), en De Beaugrande (1995, 2009).

Die kulturele vertakking behels en bestudeer die waardes, etiek, ideologieë, tradisies, en geskiedenis van die vertaalpraktisyn; die rol en invloed van vertalers en tolke deur die geskiedenis as agente van kulturele evolusie. Die **kognitiewe vertakking** behels en bestudeer die intellektuele prosesse en besluitnemingprosesse van die praktisyn, die impak van emosies op vertaalprosesse, praktisynshoudings ten opsigte van norme en waardes. Die **sosioprofessionele vertakking** ondersoek praktisyns se waarneembare gedrag as individue, groepe of instellings in die samelewing, hulle sosiale netwerke, werksprosesse en -omstandighede, sowel as die profiel van taalpraktisyns; en soos dit in hierdie studie onder die soeklig kom, hulle strewe na professionele erkenning, beroepstatus en die gepaardgaande professionaliseringsproses. Al drie die vertakkinge bestaan uit beide teoretiese sowel as beskrywende studies, maar ook suiwer en toegepaste studies (Chesterman, 2009:19).

Chesterman (2009:19) se agentmodel vir vertaalpraktisyns (vertalers en tolke) sien soos volg daar uit:



Figuur 4.10: Chesterman (2009) se agentmodel vir vertaalpraktisyns

Oor die afgelope dekade gaan stemme al sterker op vir die redressering van die ewewig tussen die "suiwer" en "toegepaste" vertakkinge van vertaalstudie met 'n duideliker klem op praktisyn- sowel praktykondersoek (vergelyk Hatim, 2001; Vandepitte, 2008; Ulrych & Anselmi, 2008; Laviosa, 2008; Chesterman, 2009; Scarpa *et.al*., 2009).

Scarpa *et al*., (2009:34) lewer 'n pleidooi vir 'n inherent interafhanklike benadering tot vertaalnavorsing waarin:

- deskriptiewe akademici en praktisyns nie slegs saamwerk om die gaping tussen deskriptiewe en toegepaste vertaalstudie te oorbrug nie, maar inderdaad dieselfde individue is, en
- toegepaste navorsing nie beperk is tot gevolgtrekkings van deskriptiewe vertaalstudie na aanleiding van Toury (1995:10) se interpretasie van Holmes (1988) se "voorstelling" nie. Met praktiese uitkomste as die doelwit behoort toegepaste vertaalstudie ook 'n toetsbed te wees vir deskriptiewe bevindings en vertalers en akademici moet die resultate van hulle bevindinge terugvoed in die teorie.

Twee konkrete aannames kan uit hierdie benadering gemaak word:

- Dit is bepaald praktykgerigte navorsing en die professionele aard van die breër veld van die taalpraktyk soos wat dit in hierdie studie as wetenskaplike dissipline ter sprake kom wat tans toenemend belangstelling onder taalakademici en taalpraktisyns geniet, veral dan in die konteks van die professionele projek van die taalpraktyk.
- Dit is spesifiek die nuwer, bykans ongekaarte taalpraktykdissiplines wat spruit uit veranderende en multitalige kontekste, veranderende beroepsomgewings en die sosio-kulturele wending in beroepsaangeleenthede (vergelyk Hoofstuk 3) na aanleiding van omvangryke sosio-kulturele behoeftes in die samelewing wat hier ter sprake kom: tolking in al sy verskillende vorme, teksredaksie, onderskrywing, terminologie-ontwikkeling en

oudiobeskrywing wat oor die algemeen tans nie geassosieer word met nóg ŉ gevestigde akademiese onderbou nóg erkenning as professionele dissipline of praktyk nie.

4.7.2.3 ... na taalpraktykstudies

Die inherente beginsel van interafhanklikheid tussen teoretiese, deskriptiewe en toegepaste vertaalstudie, die drie vertakkinge van die dissipline soos in die vooruitsig gestel deur Holmes (1988:78), geniet egter tans nog nie veel aandag nie, omdat die aard van die wedersydse verhouding nie in detail gespesifiseer is nie (Chesterman, 2004:97) sodat die drie vertakkinge nie oor die afgelope dekades dieselfde akademiese status verkry het nie. Die verdeling leen hom egter tot aanpassing en uitbreiding om die nuutste en relevante benaderinge, ontwikkelinge, verwikkelinge en **aanspraak tot professionele erkenning** te akkommodeer en vorm die vertrekpunt vir die ontwikkeling van ŉ model vir taalpraktisyn en taalpraktykstudies.

Munday (2008:13) ontwikkel die toegepaste vertakking van Holmes (1988) se raamwerk sodat dit soos volg daar uitsien:

- opleiding van vertalers: onderrigmetodes, assesseringsmetodes, kurrikulumontwikkeling
- hulpbronne vir vertalers: woordeboeke, handboeke, inligtingstegnologie
- kritiek op vertaalde produkte: evaluering van vertalings (nasien van studentevertalings en gepubliseerde tekste)
- sosiologie van die beroep: posisie en rol van vertalers, vertaling (as beroep) en vertaalde produkte in die samelewing.

In die konteks van steeds ontwikkelende wêreldmarkte (vergelyk Friedman, 2007) waar óf geslaagde óf mislukte kommunikasie tussen anderstaliges in verskillende kontekste deurslaggewende en verreikende implikasie kan hê, is hoogs ontwikkelde kognitiewe vaardighede in twee of meer tale noodsaaklik om die kwaliteit van vertaling en tolking (en alle ander taalpraktykdissiplines) te reflekteer wat noodsaaklik is op alle vlakke van sosio-ekonomiese, sosiokulturele en akademiese interaksie. Dit plaas die praktisyn – hetsy vertaler, tolk, oudiovisuele vertaler, teksredakteur, of terminoloog – as professionele en sigbare sosiokulturele en linguistiese mediator in die kalklig.

Taalpraktisyns as navorsers oor die wye spektrum van taalpraktyk (soos dit ter sprake kom in hierdie studie en nie net vertalers en tolke soos dit tradisioneel ter sprake kom in “suiwer” vertaalstudie nie) is ideaal gesitueer om deur middel van praktykkennis sowel as analitiese kennis en vermoëns, probleme te identifiseer, oplossings aan die hand te doen of verklarings te bied van taalpraktykverskynsels in die sosiokulturele gegewe. Sodoende word navorsing in hierdie verband “not only something done *to* or *on* practitioners, but ... *by* practitioners” (Hatim, 2001:7; klem in die oorspronklike).

Globalisering, die gepaardgaande multitalige sosiokulturele opset, veranderende beroeps-omgewings en eietydse taalpraktykberoepe met ŉ toenemende klem op mediërende kommunikasieprosesse tussen verskillende tale en kodes in verskillende kontekste skep ŉ nuwe diskoers in vertaalstudie: “vertalers” – tot dusver grotendeels onsigbare entiteite – (Venuti, 2008) word sigbaar: “mense agter tekste” (Chesterman, 2009:14) en kontekste, wat

die kommunikasieproses rig, op koers hou, beheer, beheers. Die mens agter die teks en konteks word 'n taalpraktisyn met 'n stem en teenwoordigheid wat in 'n sosiale, linguistiese, kulturele – én veral professionele – hoedanigheid optree as 'n bemiddelaar in interlinguistiese prosesse soos vertaling, tolking, teksredaksie, onderskrywing en gebaretaaltolking.

Alle verskynsels binne taalpraktykstudies kan objektief beskryf word binne 'n teoretiese raamwerk, en toegepaste taalpraktykstudies is ook gebaseer op empiriese bevindinge (soos Vandepitte, 2008:572-573 ten opsigte van vertaalstudie argumenteer) sodat konstruktiewe samewerking tussen akademici en praktisyns binne die **verskillende velde** van die dissipline (Ulrych & Anselmi, 2008:166, klem AK) die **taalpraktyk** as akademiese dissipline kan bevorder en vestig.

Uit 'n sintese van en aanpassing uit die Holmes-Toury-diagram (Toury, 1991:181), Munday (2008:13) se uitbreiding van Holmes (1988), en Chesterman (2009:19) se "agentmodel" vir toegepaste vertaalstudie manifesteer 'n taalpraktykmodel wat die taalpraktyk as professie in 'n homogene konteks kan plaas.

Soos wat die oorspronklike Holmes-Toury diagram 'n buigsame uiteensetting, verduideliking, toeligting, en 'n verdeling van werk/take tussen die verskeie vertaalvelde teweegbring (Toury, 1991:80, 1995:9), skep die taalpraktykdiagram moontlikhede vir akademiese fokus op taalpraktykstudies soos dit byvoorbeeld in die onderhawige navorsing ter sprake kom.

Die taalpraktykdiagram, soos dit hier onder uiteengesit word, toon aan hoe die verskillende vertakkinge van die taalpraktyk as ontluikende akademiese dissipline die potensiaal bied tot akademiese ondersoek, veral in die konteks van die sosioprofessionele gegewe van die taalpraktisynsberoep: die (gebrek aan) attribute van die ontluikende professie soos vervat in die prototipemodel hier ter sprake, die professionele projek van die taalpraktyk, die aansien/prestige, erkenning, rol, en profiel van taalpraktisyns, en so meer.[224]

[224] Aangepas uit die Holmes-Toury-diagram inToury (1991:181; 1995:10), sowel as uit Chesterman (2009:14) en Munday (2008:13) se diagramme.



Figuur 4.11: Taalpraktykstudies

4.7.2.4 Akademiese taalpraktyknavorsingsinisiatiewe

Akademiese navorsingsinisiatiewe in hierdie verband kan verdeel word in twee skeibare soorte navorsing: navorsing in die tradisionele sin van die woord, waar die klem tot dusver veral lê op deskriptiewe **vertaalstudie** van die vertaaldissipline as sodanig soos blyk uit die Holmes-Toury-diagram hierbo. Dit is eers gedurende die afgelope dekade dat navorsing oor die breër veld van die **taalpraktyk** soos dit in hierdie studie ter sprake kom die belangstelling van die akademiese gemeenskap wek.

Wat relevant is, is dat navorsing oor die professionalisering van die taalberoepe 'n relatief nuwe, maar hoogs gespesialiseerde terrein is wat in vertaling, tolking, oudiobeskrywing en teksredaksie meer pragmaties gerig is en baie minder teoreties. In die historiese ontwikkeling van die navorsingstradisie binne die vertaalkunde is die vroeër navorsings-onderwerpe gemoeid met ondersoeke na professionaliseringskommissies en opleidings-kwessies. Navorsing ten opsigte van die psigologiese of kognitiewe prosesse van vertaling kom as 'n heelwat later tipe onderwerp eers aan die bod. Teoretiese navorsing verleen status aan die inhoude waarmee 'n professie omgaan en gee daaraan aansien sodat die fokus nie slegs is op tegniek uit praktyk nie, maar op die interafhanklike wisselwerking tussen teorie en die praktyk. Hierdie wending kan ook die taalpraktyk as wetenskaplike ondersoekveld/dissipline valideer, aan die professionele projek van die taalpraktyk geloof-waardigheid gee en die taalpraktisyn se sosioprofessionele aansien begunstig.

Akademiese inisiatiewe in die vorm van verhandelings en proefskrifte, relevante akademiese artikels, kongresreferate en boeke ten opsigte van die **status en/of professionalisering van taalpraktisyns in Suid-Afrika** (vergelyk onder andere Kotze, 1997; Kruger, *et al*., 1998; Du Plessis & Carstens, 2000; Kotze & Verhoef, 2001; Blaauw, 2001; Combrink & Verhoef, 2002; Pienaar, 2002; Van de Poel, 2003; A. Kruger, 2006; H. Kruger, 2007; Law & Kruger, 2008; H. Kruger, 2010; Law, 2010; Carstens & Van de Poel, 2010) maak die studie van taalpraktyk as dissipline in eie reg relevant. Die ontwikkeling en pogings tot standaardisering van taalpraktykopleidingsprogramme aan tersiêre instansies soos die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit (H. Kruger, 2009) beklemtoon die strewe na, noodsaak en belang van die beroepstatus vir taalpraktisyns.

Soos aangedui in 4.3.2 kan taalpraktisyns se vermeende onsigbaarheid grootliks toegeskryf word aan hulle **gebrek aan status** as 'n professie (Chan, 2005; Chriss, 2000; Dam & Zethsen, 2008; Fraser & Gold, 2001; Gouadec, 2007; Hammond, 1994; Kotze, 1997; Robinson, 1997c). Taalpraktisyns en akademici wêreldwyd wend gevolglik oor die afgelope twee dekades daadwerklike pogings aan om die professionele belang van die taalberoepe aan die groot klok te hang (onder andere, Bell, 2000:147; Blaauw & Boets, 2000:243; Gouadec, 2007; Pöchhacker, 2004; Séguinot, 2008), en professionaliseringsprojekte vir taalpraktisyns in die verskillende taalberoepe van stapel te stuur (byvoorbeeld onder andere Bolster, 2005; Fenton, 1993; Gouadec, 2007:245; Law & Kruger, 2008; Mackenzie, 2004; Mikkelson, 1999; Pollitt, 1997; SATI, 1997:5-6; Tseng, 1992).

Hierdie **taalpraktyknavorsing gerig op die professionalisering van taalpraktisyns** werp tot 'n mindere of meerdere mate vrugte af, maar statutêre regulering en amptelike betrokkenheid in die vorm van eksaminering van taalpraktisyns, die standaardisering van

opleidings-, professionele en persoonlike beroepsvereistes, of kwaliteitskontrole van die verskillende taalberoepe blyk wêreldwyd (Bell, 2000; EC, 2009a, b; c:79; Stejskal, 2005:78-79) steeds slegs 'n akademiese ideaal te wees vir **vertalers** (Gouadec, 2007; Katan, 2009; Sela-Sheffy, 2010:132; Stejskal, 2005:78-79); **teksredakteurs** (Blaauw & Boets, 2000; Katan, 2009; Law, 2010; Law & Kruger, 2008; Van Raemdonck & Vanhoutte, 2004); **tolke** (Arjona-Tseng, 2006; Tseng, 1992); **klaskamertolke** (Fenton, 1993; Le Roux, 2007; Pienaar, 2002; Winston, 2004); **gebaretaaltolke** (Bolster, 2005; Witter-Merithew & Johnson, 2005); **hoftolke** (Morris, 2010); **gemeenskapstolke** (Mikkelson, 1999); **onderskrywers** (H.C. Kruger, 2005; Neves, 2005; Remael & Van de Veer, 2006); **oudiobeskrywing** (Braun, 2007; Orero, 2007), en **terminologie-ontwikkeling** (DAC, 2006; Bowker, 2002).

4.7.2.5 Samevatting

Die onderliggende gedagte in bespreking hierbo was om die sosiokulturele verskynsel van die taalpraktyk sowel as die professionalisering van die industrie in die sosiokulturele, sosioprofessionele en akademiese opset tot navorsingsonderwerp te maak, sodat daar prominensie en status verleen kan word aan die dissipline, wat op die lang duur die moontlikheid van professionalisering van taalpraktisyns bemiddel.

Dit wil egter voorkom of die hooflyne wat in die navorsingspogings aan die bod gekom het nog nie die gewenste uitwerking tot gevolg het nie, waarskynlik omdat dit nie as 'n doelgerigte, kollektiewe professionele projek gekoördineer, geadministreer en van stapel gestuur word nie.

Individuele navorsings- en akademiese inisiatiewe, in die vorm van verhandelings en proefskrifte, artikels en kongresreferate in akademiese tydskrifte sowel as hoofstukke in versameltekste oor die afgelope vyftien jaar as professionaliseringsinisiatief soos hierbo aangedui, doen op hierdie stadium noodsaaklike aanvoorwerk vir die vestiging van taalpraktyk as professionele en akademiese dissipline.

Die beroepsvorming van die taalpraktisyn op grondvlak, soos met enige ander beroep, is egter gewortel in voorgraadse en honneursonderrigprogramme wat by tersiêre instansies aangebied word. Taalpraktykkurrikula in hoëronderwysverband moet inhoudelik die nodige relevansie, kwaliteit, standaardisering en beroeps- en praktygerigtheid reflekteer. Vervolgens word die stand van onderrig in die konteks van die transformasie van onderrigprogramme in hoëronderwysverband kortliks bespreek. Die bespreking behoort ook lig te werp op die heersende stand van sake in die huidige tersiêre klimaat in Suid-Afrika en Vlaandere, veral dan soos dit van toepassing is op die taalpraktyk.

4.7.3 Taalpraktykkurrikula in hoëronderwysverband

Kotze (1997:151, 155; Law, 2010) identifiseer 'n toenemende noodsaaklikheid na die professionalisering van taalpraktisyns in Suid-Afrika. Kotze en Verhoef (2001) bevestig die navorsingsaktualiteit in die konteks van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid se aanbeveling wat uitstip dat die transformasie van onderrigprogramme aan tersiêre inrigtings sodanig moet wees dat programuitkomste sosiaal relevant, en selfs sosio-ekonomies verantwoordbaar moet wees (Gevers *et al*., 1999:12-13).

Hierdie aanbeveling het nie alleen vérreikende implikasies vir die ontwerp van die leerinhoude van taalpraktykkurrikula in hoëronderwysverband in Suid-Afrika nie, maar ook vir die professionele projek van die taalpraktyk in die breër en vergelykbare internasionale sosiokonteks soos dit in hierdie studie ter sprake kom.

Indien aanvaar word dat die Langtag-verslag (Langtag, 1996:191) tot die gevolgtrekking kom dat die opheffing en verskaffing van taaldienste in die onderskeie Suid-Afrikaanse tale noodsaaklik is vir die standaardisering en uitbouing van die multitalige bestel (vergelyk 4.5.3), kan van die veronderstelling uitgegaan word dat die kwaliteit van opleiding van taalpraktisyns 'n deurslaggewende rol speel in die professionele projek van die taalpraktyk. Die implikasie is dat die kwalifikasieraamwerk waarin die opleiding gesitueer is, die struktuur en riglyne moet bied vir gestandaardiseerde en/of beroepsgerigte opleiding.

Gestandaardiseerde opleiding is een van die kardinale attribute van professie. Beroepsgerigte opleiding kan die kwaliteit van dienste verbeter. Dit blyk egter dat taal(praktyk)-opleiding aan **Vlaamse universiteite** onder verdenking is (VLIR, 2010), ten spyte van 'n radikale herorganisering en implementering van onderwys en opleiding in Vlaandere na die ondertekening van die Bologna-verklaring in 1999 (Council of Europe, 2009; Edulex, 2009a). Opleidingstrukture in Suid-Afrika is ook in 'n voortdurende proses van herstrukturering (vergelyk ook die bespreking in die volgende subafdeling).

In hierdie subafdeling kom ter sprake die rol en funksie van die kwalifikasieraamwerk op nasionale vlak in Suid-Afrika en Vlaandere, naamlik die Suid-Afrikaanse opleidings- en kwalifikasiesraamwerk en die Hoëropleiding Kwalifikasieraamwerk in Vlaandere in die konteks van die standaardisering van beroepsgerigte onderrigprogramme vir die taalpraktyk.

4.7.3.1 Die Suid-Afrikaanse opleidings- en kwalifikasiesraamwerk

Wêreldwyd plaas die noodsaak van optimale wyses van onderwys en opleiding in 'n immerveranderende politieke, geografiese en tegnologiese sosiale bestel die organisering van onderrigstelsels onder druk in die poging om hierdie veranderinge te assimileer en diensgerigte, effektiewe en aanpasbare beroepslui die arbeidsmark in te stuur.

Baie lande reg oor die wêreld streef in die globaliserende en postmoderne opset na beter onderwys- en opleidingstelsels om te voldoen aan eise van sosiale, kulturele, ekonomiese behoeftes en tegnologiese veranderinge. Die organisering van hierdie stelsels om aan die spits te bly in 'n toenemend kompeterende ekonomiese omgewing wêreldwyd, blyk nie so 'n maklik uitvoerbare taak te wees in Suid-Afrika en Vlaandere nie (vergelyk ook die bespreking hierna ten opsigte van die Vlaamse Kwalifikasie-owerheid).

Beroepsukses, en hoogstens beroepsoorlewing, in so 'n wêreld vereis dat 'n nasionale onderwys-en-opleidingstelsel in plek is wat kwaliteitleer bied, ontvanklik is vir die immerveranderende invloede van die eksterne omgewing, en lewenslange leer bevorder[225]; faktore wat op die lang duur kwaliteitdienste, wat een van die attribute van professie is, in alle beroepsektore verseker.

[225] Beskrywing van SAKO se missie beskikbaar op http://www.saqa.org.za/show.asp?include=about/mission.htm

Binne die groter raamwerk van taalbeleidsontwikkeling in postapartheid-Suid-Afrika bied die Departement van Onderwys, die Council of Higher Education (CHE[226]), en die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) in 'n proses van die transformasie van onderrig- en opleidingsprogramme aan tersiêre inrigtings van uitgediende, akademiese kwalifikasies na beroepsgeoriënteerde, sosiaal relevante, en sosio-ekonomies verantwoordbare program-uitkomste[227] (DoE, 2002:99, vergelyk ook Gevers, 1999:12-13) die nodige riglyne vir gestandaardiseerde, beroepsgerigte opleiding van taalpraktisyns.

Met die aanvang van 'n demokratiese bestel in 1994 betree Suid-Afrika die internasionale arena op alle vlakke en aanvaar die uitdagings wat met hierdie status gepaard gaan, waarvan onderwys en opleiding ook hoog op die agenda staan. **Die herstrukturering van kwalifikasies** deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) se nasionale raamwerk vir leeruitkomste gee bepaalde riglyne vir professionele en beroepsgerigte opleiding.

Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) is oorspronklik in die lewe geroep deur parlementêre wetgewing wat die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995), op 5 Oktober 1995 op die wetboek geplaas is. Dit word in 2008 vervang met die núwe Hoëropleiding Kwalifikasieraamwerk (HEQF)[228] omdat die implementering van die oorspronklike liggaam tussen 1998 en 2003 "... barely past its teething stage" kon kom (DoE/DoL, 2003:1).

Die proses veroorsaak van meet af aan grootskaalse en wydverspreide skeptisisme, verwarring, onsekerheid, in hoëronderwysgeledere sowel as onder die algemene publiek (Jansen & Sayed, 2001); en grootskaalse spanning en onenigheid tussen openbare liggame en rolspelers sowel as in die Departement van Opleiding en die Departement van Mannekrag (DoE/DoL, 2003:1; DoE/DoL, 2002:131).

Die núwe Hoëropleiding Kwalifikasieraamwerk (HEQF) word uiteindelik op **5 Oktober 2007** gepubliseer deur die destydse Minister van Opleiding, Naledi Pandor.[229] Hierdie premis beloof weereens om gestandaardiseerde, beroepsgerigte opleiding in Suid-Afrika te waarborg, wat 'n positiewe uitwerking veronderstel op die professionalisering van beroepe wat aspireer na professionele status.

---

[226] Die South African Council on Higher Education (CHE) is 'n onafhanklike statutêre liggaam in die lewe geroep deur die Higher Education Act, No. 101 of 1997. Die liggaam adviseer die minister van opleiding ten opsigte van alle sake rakende hoëropleiding in Suid-Afrika, en is verantwoordelik die kwaliteitkontrole, -versekering en -bevordering deur middel van die Higher Education Quality Committee (HEQC). Vergelyk South African Council on Higher Education (CHE) http://www.che.ac.za/about/overview/

[227] Die Departement van Onderwys het die Council on Higher Education (CHE) teen die einde van 1999 versoek om 'n núwe akademiese beleid te ontwikkel vir hoëropleiding in Suid-Afrika, wat uitloop op die *New Academic Policy for Programmes and Qualifications in Higher Education*, wat in 2008 deur wetgewing bekragtig word.

[228] Die inligting word soos volg op die weblad weergegee: "Following the NQF Review process in 2008, the SAQA Act was replaced by the National Qualifications Framework (NQF) Act while the General and Further Education and Training Quality Assurance Act, Higher Education Act, and Skills Development Act have been amended" (http://www.saqa.org.za/show.asp?include=docs/legislation/main.htm). Die wette is verkrygbaar op die webblad:

- Skills Development Levies Act
- Further Education and Training Colleges Act
- Higher Education Act
- National Qualifications Framework Act
- Skills Development Act
- Adult Basic Education and Training Act

[229] Department of Education. The Higher Education Qualifications Framework
Higher Education Act, 1997 (Act No. 101 of 1997) Staatskoerant, 5 Oktober 2007, Volume 508, nr. 30353. Beskikbaar op http://www.che.ac.za/documents/d000148/Higher_Education_Qualifications_Framework_Oct2007.pdf

Hierdie beleid kry gestalte in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) deur middel van Wet 67 van 2008) met die verantwoordelikheid om[230]:

- 'n geïntegreerde nasionale raamwerk vir leeruitkomste te skep;
- toegang tot en mobiliteit en progressie binne onderwys, opleiding en beroepsloopbane te fasiliteer;
- die kwaliteit van onderwys en opleiding te verhoog;
- die agterstand van onbillike diskriminasie in onderwys, opleiding en beroepsgeleenthede uit te wis, en
- by te dra tot die volle en persoonlike ontwikkeling van elke leerder en die sosiale en die ekonomiese ontwikkeling van alle Suid-Afrikaners.

In die konteks van die professionalisering van die taalpraktyk veronderstel hierdie doelwitte die standaardisering van onderrigprogramme, 'n attribuut van professie wat uit die ondersoek na die stand van opleiding in Suid-Afrika vanuit die staanspoor uit die navorsing as 'n leemte presenteer, bes moontlik as gevolg van die veranderende sosiopolitieke konteks sedert 1994.

Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR Wet 67 van 2008) maak voorsiening vir 'n tienvlakraamwerk, en SAKO is tans in die proses om kwalifikasies vanaf die agt-vlak NKR na die tien-vlak NKR te verskuif[231]. Die proses word bestuur deur die Directorate for Standards Setting (DSSD) en ondersteun deur die National Learners' Records Database (NLRD).

Die Hoër Kwalifikasieraamwerk kan skematies soos volg voorgestel word (na 'n persoonlike uiteensetting van Castrillón, 2011a)[232]:

---

[230] Beskrywing van SAKO se doelwitte beskikbaar op http://www.saqa.org.za/show.asp?include=about/nqfobjectives.htm

[231] Die proses behels sewe fases:

- Fase 1 behels die verandering van alle PhD-grade van vlak 8 na vlak 10.
- Fase 2, wat in 2009 voltooi is, fokus op die verandering van alle Meestersvlakkwalifikasies van Vlak 8 na Vlak 9.
- In Fase 3 sal alle kwalifikasies met die titel "Honneurs" dieselfde bly, en van vlak 7 na vlak 8 verskuif word, op die voorwaarde dat dit uit ten minste 120 krediete bestaan en nie eenheidsgebaseerd is nie. Kwalifikasies getiteld "Baccalareus" wat tans op vlak 7 is, verskuif na vlak 8 op die voorwaarde dat hulle 480 krediete of meer het, nie gebaseer is op eenheidstandaarde nie, nie getiteld BEd of BTech nie, beroepsgeoriënteerd is, en die woord "Baccalareus" in hulle benaming het
- Fase 5 en 6 sluit in die migrasie van Nasionale diplomas en Nasionale Sertifikate in die konteks van 'n gevestigde en operasionele Quality Council for Trades and Occupations (QCTO) en in konsultasie met die Higher Education Quality Council (HEQC).
- Fase 7 bring vlak 1-4 in ooreenstemming met vlakbeskrywings soos onderneem deur die Minister van Opvoeding en aangekondig in die staatskoerant (Modisane, 2009).

Hierdie proses en vordering word uiteengesit op die SAKO-webblad onder "News 2009", 6 Oktober 2009, geskryf deur Tumelo Modisane, en is beskikbaar op http://www.saqa.org.za/show.asp?id=2410

[232] Hierdie dokument word gebruik met die vriendelike vergunning van Gloria Castrillón, (Director: Quality Assurance and Regulatory Affairs, Millpark Business School) wat saamgestel is "...as a summary, in response to the many queries I was getting from staff and students about the HEQF and its importance ... based on the legislation that is out there" (Castrillón, 2011b). Die dokument is in Engels beskikbaar op http://www.milpark.ac.za/uploads/web/public/New_NQF_Levels.pdf

NAAM VAN KWALIFIKASIE	UITTREEVLAK	MINIMUM TOTALE KREDIETE	KREDIETE OP UITTREEVLAK	MINIMUM TOELATINGSVEREISTES
Hoër Sertifikaat (HS)	5	120	Minimum op vlak 5: 120	• Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)
Gevorderde Sertifikaat (GS)	6	120	Minimum op vlak 6: 120	• Hoër Sertifikaat (HS) in toepaslike veld
Diploma	6	360	Minimum op vlak 7: 60 Maksimum op vlak 5: 120	• NSS, maar met 'n vaardigheidsgradering van 3 of beter in vier erkende vakke of • HS of GS in verwante veld
Gevorderde Diploma	**7**	**120**	**Minimum op vlak 7: 120**	• **Toepaslike Diploma of BA-graad**
BA-graad (nie-professioneel)	**7**	**360**	**Minimum op vlak 7: 120 Maksimum op vlak 5: 96**	• **NSS, maar met 'n vaardigheidsgradering van 4 in vier erkende vakke**
BA Honneurs	**8**	**120**	**Minimum op vlak 8: 120 Moet 'n 30-krediet begeleide en verslaggewende navorsingsprojek onder toesig insluit**	• **Toepaslike BA-graad**
Nagraadse Diploma	**8**	**120**	**Minimum op vlak 8: 120 Projek kan 'n 30-krediet begeleide en verslaggewende navorsingsprojek onder toesig insluit**	• **Toepaslike BA-graad**
MA-graad	9	180	Minimum op vlak 9: 120	• Relevante BA Hons-graad, of • Professionele BA-graad met 'n minimum van 96 krediete op vlak 8, of • Nagraadse Diploma
PhD/Doktoraat	10	360	Minimum op vlak 10: 360	• Toepaslike Meestersgraad

Tabel 4.5: Die Hoër Kwalifikasieraamwerk (Suid-Afrika)

Die NKR tien-vlakraamwerk is gestruktuur en goedgekeur om te verseker dat nagraadse kwalifikasies op afsonderlike vlakke, vlak nege en tien respektiewelik, geplaas kon word, sowel as om te voldoen aan die behoefte om internasionaal vergelykbaar te wees.

Tans heers daar steeds grootskaalse verwarring oor die presiese stand van sake ten opsigte van die NKR-tienvlakraamwerk (Castrillón, 2011a); watter kwalifikasies op die raamwerk

geregistreer is, en die noodsaaklikheid al dan nie van registrasie.[233] Die nuutste ster op die horison van 'n geïntegreerde raamwerk vir kwaliteitseker kwalifikasies – ten spyte van die algemene houding van skeptisisme veral in hoëronderwysgeledere – is die QCTO, die Quality Council for Trades and Occupations (Castrillón, 2011a):

> There is no question that the implementation of the HEQC and of the overall changes to the legislative environment resulting from the changes to the NQF Act are causing confusion in the sector. We look forward to more clarity regarding the QCTO, the role of the professional bodies, as well as the role of the CHE in standard setting for higher education (a function which it is taking over from SAQA).

Die Quality Council for Trades and Occupations (QCTO) word in 2008 in die lewe geroep[234] deur die Skills Development Act om die volgende funksies te verrig soos uiteengesit in Hoofstuk 6C – Afdeling 26H, 26F en 26J van die SDA (Wet 97 van 1998) (SAQA, 2011a):

- ontwerp en onwikkel beroepstandaarde en kwalifikasies vir voorlegging aan die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid vir registrasie op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk;
- vestig en handhaaf beroepstandaarde en -kwalifikasies;
- verseker die kwaliteit van beroepstandaarde en kwalifikasies en leer in en vir die werkplek;
- bevorder die doelwitte van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk;
- skakel met die National Skills Authority oor die geskiktheid en toereikendheid van beroepstandaarde en kwalifikasies en oor die gehalte van leer in en om die werkplek, en
- skakel met die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, ander kwaliteitsrade en professionele liggame wat verantwoordelik is vir die vestiging van die kwaliteit en standaarde van kwalifikasies, en standaarde en kwalifikasies.

In die destydse verslag van die studiespan oor die implementering van die Nasionale Kwalifikasie-raamwerk (DoE/DoL, 2002) is die argitektuur van die NKO, sy omvattende en verstrengelde beleid, regulasies, prosedures, strukture, en taal ervaar as "... as unduly complex, confusing, time consuming and unsustainable ... the implementation of the NQF ... unnecessarily slow ..." (DoE/DoL, 2002:i).

Die gevaar bestaan dat die nuutste verwikkelinge weereens in die "NKR-slaggat" kan val van: "... a skills development system focusing on the framework to the extent of becoming a constraint"[235]. Of die insette van nuwe rolspelers tot meer stabiliteit in die opleidingsektor sal lei, is, soos die verbetering van die NKR oor die afgelope sewentien jaar self, 'n ope kwessie. Daar kan met veiligheid aanvaar word dat onderrig en opleiding in Suid-Afrika binne hoëronderwysverband tans in 'n onsekere en verwarrende toestand van voortdurende

---

[233] Geen universitêre BA- of honneurskwalifikasie in taalpraktyk kon tot dusver op die ou of nuwe NKR opgespoor word nie. Hierdie kwalifikasies is almal by die CHE geregistreer.Die stand van kwalifikasies wat by SAKO geregistreer is, en wat betrekking het op die taalpraktyk, is tans soos volg (Eva, 2010):

- die Nagraadse Nasionale Sertifikaat Teksredaksie en Dokumentontwerp (SAKO ID 49316, 145 krediete) is op die nuwe 10-vlak raamwerk op vlak 7 geherregistreer;
- die Nasionale diploma: Vertaling (SAKO ID 48784; 240 krediete) is op die nuwe 10-vlak raamwerk op vlak 5 geherregistreer;
- die (twee jaar) Nasionale Diploma: Vertaal- en Tolkpraktyk (SAKO ID 50202; 240 krediete; vlak 5 op die ou 8-vlakraamwerk) het die registrasie-einddatum oorskry, die nuwe vlak is hangende, en die plasing van die kwalifikasie op die nuwe 10-vlak raamwerk is tans onbeslis, en
- die (drie jaar) Nasionale Diploma: Vertaal- en Tolkpraktyk (SAKO ID 66931; 360 krediete) is op die nuwe 10-vlak raamwerk op vlak 6 geherregistreer.

[234] Background – NQF Review (http://www.fieta.org.za/downloads/QCTO_Legislative_Overview.pdf):

[235] SabinetLaw. 2011. Department of Higher Education and Training. Quality Council for Trades Occupations Has Yet to Submit Business Plan to Treasury. http://www.sabinetlaw.co.za/education/articles/quality-council-trades-occupations-has-yet-submit-business-plan-treasury

oënskynlik onoplosbare transformasie en verwikkelinge verkeer, wat dit bykans onmoontlik maak om tot enige rasionele slotsom te kom ten opsigte van SAKO se aandeel in 'n geïntegreerde raamwerk vir kwaliteitseker, beroepsgeoriënteerde, sosiaal relevante, en sosio-ekonomies verantwoordbare programuitkomste.

Vir die doeleindes van hierdie studie in die konteks van professie word slegs opleidingsprogramme op 'n NKR vlak 7 en 8 en die ooreenstemmende vlakomskrywings in die ondersoek na gemene delers in opleiding (vergelyk 4.7) in aanmerking geneem. Die generiese vlakomskrywings is vervat in die Draft Level Descriptors for the South African National Qualifications Framework (SAQA, 2010)[236] en bepaal die uittreevlak van die module-uitkomste waarop kurrikula gebaseer moet word. Hierdie twee vlakomskrywings bied ook die raamwerk waarbinne 'n opleidingsmodel saamgestel is uit 'n inhoudsanalise van al die verskillende kurrikula van taalpraktykopleidingsinstansies in Suid-Afrika en Vlaandere (vergelyk 4.7.4) waar universiteitskurrikula onderling met mekaar vergelyk word in 'n ondersoek na gemene delers in taalpraktykopleiding aan Vlaamse en Suid-Afrikaanse universiteite).

4.7.3.2 Die Hoëropleiding Kwalifikasieraamwerk in Vlaandere

België is 'n federale staat wat bestaan uit drie gemeenskappe en drie geweste: die Vlaamse, Franse en Duitssprekende gemeenskap, en die Vlaamse, Waalse en die Brussel-hoofstadgeweste. Hieruit volg vier taalgebiede, naamlik die Nederlandse, Franse, Duitse en tweetalige (Brussel-) taalgebied, wat soos volg voorgestel word (aangepas uit NVAO, 2008:5):

[236]Beskikbaar op http://www.che.ac.za/heqf/documents/Draft_Level_Descripts_for_comments_November2010.pdf; vergelyk ook http://www.saqa.org.za/show.asp?include=focus/ld.htm Hierdie dokument was beskikbaar vir openbare repliek tot einde Januarie 2011.



Figuur 4.12: België, 'n federale staat van gemeenskappe en geweste

Sedert 1989 het die Vlaams-, Frans- en Duits-sprekende gemeenskap volle gesag en bevoegdheid vir onderwys en opleiding in die onderskeie taalgemeenskappe. Die Vlaamse Gemeenskap is verantwoordelik vir onderwys in die Vlaamse Geweste en is ook verantwoordelik vir die Vlaamse instansies binne die grondgebied van die Brussel-hoofstad-streek.

Die hoëronderwysstelsel (Eerste, Tweede en Derde Siklus) van die Vlaamse Gemeenskap van België (Vlaandere) ondergaan ná die ondertekening van die Bologna-verklaring in 1999 veranderinge wat 'n radikale herorganisering en implementering van onderwys en opleiding in Vlaandere tot gevolg het. Hierdie verwikkelinge word vasgelê deur wetgewing[237]:

[237]Higher education qualifications framework in Flanders/Belgium, 2008:7-8.

- “Structuurdecreet van 4 April 2003 (Law on Higher Education Reform)
- “Participatiedecreet van 19 March 2004 (Law on Participation)
- “Flexibiliseringsdecreet van 30 April 2004 (Law on Flexible Learning Paths).”

In die Vlaamse Gemeenskap is die Dublin-beskrywers en ECTS-indekse (internasionaal aanvaarde beskrywers en indekse[238] wat gesamentlik ontwikkel is deur alle rolspelers in Europa) vir alle BA- en MA-grade, sowel as die leeruitkomste vir die PhD-tesis in wetgewing vasgelê in die “Decreet betreffende de herstructurering van het hoger onderwijs in Vlaanderen” (Edulex, 2009a).

Implementering geskied tans op institusionele vlak deur middel van ’n leeruitkomsgebaseerde kurrikulumhervorming. Hierdie implementering is nie beperk tot ’n generiese kwalifikasieraamwerk nie, maar word ook van toepassing gemaak in die konteks van konkrete dissiplines (Council of Europe, 2009:16).

In die konteks van toekomstige aanbevelings van die Europese Kwalifikasieraamwerk vir Voortgesette Leer stel die Vlaamse Gemeenskap hom ten doel ’n Vlaamse Kwalifikasieraamwerk wat alle vlakke en sektore van onderwys en opleiding insluit, en waarin die bestaande Vlaamse Kwalifikasieraamwerk vir Hoër Opleiding geïntegreer sal word. Die Vlaamse Kwalifikasieraamwerk vir Voortgesette Leer is beskryf in ’n konsep-dokument saamgestel deur ’n werksgroep van verskillende rolspelers na konsultasie met tersaaklike amptelike raadgewende liggame en rolspelers. Hierdie wetgewing, die “Decreet betreffende het secundair na secundair onderwijs en het hoger beroepsonderwijs” tree in werking op 1 September 2009[239] (Edulex, 2009b). Rolspelers in hierdie proses (NVAO, 2008:5-7) is:

- die Vlaamse Ministerie van Onderwys en Opleiding, wat verantwoordelik is virdie beleids-ontwikkeling en -evaluering van hoëronderwys;
- NARIC-Flanders, die erkennings- en inligtingsentrum in Vlaandere binne die raamwerk van die Europese Kommissie, die Europese Raad en UNESCO wat in beheer is van die akademiese erkenning van buitelandse hoëronderwyskwalifikasies en die professionele erkenning van onderwysers gebaseer is op die toepaslike Europese riglyne;
- die Vlaamse Hogescholenraad (VLHORA) vir advies aan die Vlaamse regering ten opsigte van alle sake rakende universiteitskollegebeleid en -onderwys, navorsing, maatskaplike dienste, kunste; organiseer en stimuleer gesprekvoering tussen organisasies, en organiseer en koördineer eksterne kwaliteitskontrole deur middel van eksterne evaluering van opleidingsprogramme;

---

[238] Bij de start van het bachelor-masterstelsel in 2002 is het ECTS-studiepuntensysteem ingevoerd (European Credit Transfer System). In dit systeem kent een (http://www.nvao.net/faq#p141):

- studiejaar 60 EC (studiepunten) = 1680 studie-uren;
- voltijdse vierjarige hbo-bachelor: 240 EC;
- driejarige wo-bacheloropleiding: 180 EC;
- tweejarig Associate-degreeprogramma (Ad-programma): 120 EC;
- masteropleiding: 60 EC;
- internationale joint degree-opleiding: 90 EC

[239] Met uitsondering van titel i, hoofdstuk ii, wat reeds in werking getree het op 1 Mei 2009. goedkeuringsdatum: 30 April 2009 Publicatiedatum: B.S.20/07/2009.Het Vlaams Parlement heeft aangenomen en Wij, Regering, bekrachtigen hetgeen volgt: decreet betreffende het secundair na secundair onderwijs en het hoger beroepsonderwijs.

- die Vlaamse Interuniversitaire Raad (VLIR), 'n outonome openbare liggaam met eie institusionele status wat omsien om na universitêre belange, adviseer die Vlaamse Regering ten opsigte van universitêre aangeleenthede en koördineer gesprekvoering tussen universiteite, en organiseer en koördineer eksterne kwaliteitskontrole deur middel van eksterne evaluering van opleidingsprogramme;
- die Vereniging van Vlaamse Studenten (VVS)[240] vir die koördinering van al die verskillende studente-organisasies ten opsigte van die bevordering van studentebelange by die verskillende hoëronderwysinstellings;
- die Sociaal-Economische Raad van Vlaanderen (SERV[241]), die raadplegende en raadgewende liggaam van die Vlaamse sosiale vennote en bestaan uit tien werkgewerverteenwoordigers (van BB[242], Unizo[243], Verso[244] en Voka[245]) en tien werknemerverteenwoordigers van die Vlaamse vakunies (ABVV[246], ACLVB[247], en ACV[248]);
- die Vlaamse Onderwijsraad (VLOR), die onafhanklike strategiese raadgewende liggaam vir onderwys- en opleidingsbeleid in Vlaandere, en
- die Nederlands-Vlaamse Accreditatieorganisatie (NVAO), die onafhanklike kwaliteitskontroleur en akkrediteringsliggaam van opleidingsprogramme in Nederland en Vlaandere wat omsien na die kwaliteit van hoër onderwys in hierdie twee lande.

Alle hoëronderwysprogramme is omskep in die baccalaureus-meesterstruktuur met drie siklusse binne die Kwalifikasieraamwerk in Vlaandere met die volgende doelwit (NVAO, 2008:7-8):

- Professionele BA-programme het ten doel om studente tot 'n vlak van algemene en spesifieke kennis en vaardighede te bring wat nodig is om 'n spesifieke beroep of groep beroepe onafhanklik te beoefen. 'n Professionele baccalaureusgraad behoort dus direk te lei tot 'n plek in die arbeidsmark.
- Die hoofdoelwit van die akademiese BA-programme is dat dit studente sal toerus vir 'n Meestersprogram. Die programme word dus gerig op die opleiding van die student tot 'n sekere vlak van wetenskaplike of artistieke kennis en vaardighede wat nodig is vir wetenskaplike of artistieke werk in die algemeen, en na 'n spesifieke veld van die wetenskap of kuns in die besonder. Voorbereiding van studente vir die arbeidsmark is slegs 'n sekondêre doelwit. Sommige baccalaureusprogramme vorm die grondslag vir 'n ander (professionele) baccalaureusprogram. Die opvolgprogram is gerig op die verbreding van, of spesialisering in vaardighede wat tydens die aanvanklike BA-program verwerf is.
- Meestersprogramme het ten doel om studente toe te rus vir 'n gevorderde vlak van wetenskaplike of artistieke kennis en vaardighede wat noodsaaklik is vir wetenskaplike of artistieke werksaktiwiteite in die algemeen, en na 'n spesifieke domein van wetenskap en kuns in die besonder, wat noodsaaklik is vir outonome wetenskaplike of artistieke werksaktiwiteite of om hierdie wetenskaplike of artistieke kennis selfstandig in 'n spesifieke beroep of 'n groep beroepe toe te pas.

[240] Studentedeelname in hoër onderwys is gereguleerd deur die Wet van 19 March 2004, wat ook die wetlike status van studente reguleer.
[241] Soos beskryf op die SERV-webblad: http://www.serv.be/samenstelling-serv
[242] Boerenbond
[243] Unie van Zelfstandige Ondernemers; die organisasie vir die onafhanklike/selfgeëmplojeerde beroepe in Vlaandere
[244] Vereniging voor Social Profit Verenigingen
[245] Vlaams Netwerk van Ondernemingen, Vlaandere se Kamer van Koophandel en Industrie
[246] Algemeen Belgisch Vakverbond
[247] Algenene Centrale der Liberale Vakbonden van België
[248] Algemeen Christelijk Vakverbond

- Sommige meestersprogramme word beskou as gevorderd, of gevorderde studies. Die doktorale kwalifikasie word toegeken deur 'n paneel navorsers na 'n openbare voorlegging van die tesis waarin die skrywer/navorser/student bewys gelewer het van nuwe wetenskaplike kennis gebaseer op onafhanklike navorsing. Die tesis moet die potensiaal inhou om te lei tot publikasies in wetenskaplike tydskrifte.

Die Vlaamse Kwalifikasieraamwerk word skematies soos volg voorgestel[249]:



Figuur 4.12: Die Vlaamse kwalifikasieraamwerk

Die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk vir Hoër Opleiding in Vlaandere* word in Maart 2009 gepubliseer en is in ooreenstemming met die oorkoepelende *Framework for Qualifications of the European Higher Education Area* soos gekonstateer deur die NVAO na die goedkeuring van 'n onafhanklike en internasionale verifiëringskomitee. Ná die implementasie van die Raamwerk op 1 September 2009 werk Vlaamse opleidingsinstansies "er allemaal al mee" (Van Bueren, 2011).

[249] Diagram *National Qualifications Framework Flanders*oorgeneem van die webblad http://nvao.com/nqf-vl

Vakkundige praktyke impliseer 'n komplekse wisselwerking tussen kennis en vaardighede wat toegepas kan word in 'n verskeidenheid werksomgewings. Beroepsgerigte opleiding as een van die vernaamste attribute van professie word die sleutelelement in hierdie vergelyking.

Die onderskeid en skakeling tussen die opleiding tussen die hogeschole en universiteite in Vlaandere (wat lewenslange leer bevorder) word skematies soos volg voorgestel:



Figuur 4.13: Die onderskeid en skakeling tussen universitêre en hogeschoolopleiding in Vlaandere[250]

Die stand van opleiding aan opleidingsinstansies in Suid-Afrika en Vlaandere word vervolgens ondersoek in 'n verkenning na gemene delers op uittreevlak.

4.7.4 Taalpraktykopleiding: kriteria en 'n model

4.7.4.1 Professie en gestandaardiseerde opleiding

Die konsep van 'n professionele beroep – professie – word tradisioneel in verband gebring met 'n deurslaggewende histories-teoretiese komponent – **beroepsgerigte**, **gestandaardiseerde** opleiding wat die nodige kennis en vaardighede waarborg – wat saamhang met vakkundige, beroepsgerigte praktyke. Hierdie attribuut is waarskynlik een van die min ononderhandelbare komponente – indien nie die enigste nie – van professie in die veranderende beroepsomgewing van die hedendaagse postmoderne en beroepstegnologies, figuurlik gesproke "platter, gekonnekteerde" wêreld.

[250] Diagram beskikigaar op http://www.kdg.be/opleidingen/levenslang-leren

Die kwaliteit van taalopleiding weerspieël in die beroepsbeeld van enige bedryf – en meer so die taalbedryf – waar die sukses van die mediëringsproses afhanklik is van die kwaliteit van die taalgebruik en -beheersing van die taalpraktisyns: “Wie handig met taal omspringt, heeft dus een streepje voor in een maatschappij die bulkt van de hippe communicatiemiddelen, maar kreunt onder een schrijnend gebrek aan competente taalspecialisten” (Verhaert, 2011), in ’n multikulturele wêreld waarin mense met praktykgerigte kennis van taalpraktyke en kulture onontbeerlik is.

Die kommerwekkende afname in die standaard van taalvaardighede (Muylle, 2003:2-3), laer bevoegdhede (Verhaert, 2011) en al hoe hoër inter-, intra- en multitalige en interdissiplinêre nietradisionele vertaalpraktykeise, soos multitalige dokumentering, lokalisering, tegniese redaksionele versorging en multimediavertalings (Gouadec, 2007:109-120; Kingscott, 1996; Mossop, 2000), het tot gevolg ’n toenemende behoefte aan gekwalifiseerde en beroepsbevoegde taalpraktisyns – vertalers, teksredakteurs, oudiovisuele vertalers, tolke, en terminoloë – met gespesialiseerde vaardighede en geskikte, gestandaardiseerde kwalifikasies (Hale, 2007; Muylle, 2003:1; Pöchhacker, 2007).

Die implikasie is dat doeltreffende en produktiewe mediërings- en remediëringsprosesse, die professionele beroepspraktyke van die taalpraktisyn – ’n wetenskaplik-teoretiese agtergrond van gestandaardiseerde taalpraktykopleiding noodsaak. Die professionele status van taalpraktyk hou in woord en daad verband met die aard van die kennis en vaardighede van lede wat in daardie beroepe werksaam is. Die taalpraktisyn tree op as ’n bemiddelaar tussen mense en kommunikasieprosesse waar gemeenskaplike taalinhoude ontbreek. Die taalpraktisyn is per definisie die brugbouer tussen verskillende kulture.

Professioneel opgeleide taalbemiddelaars omskep nie bloot woorde in ander woorde nie, maar bemiddel interkulturele kommunikasie wat verder strek as die gesproke of geskrewe woord. Dit spreek vanself dat hierdie hoogs komplekse taal-, kommunikasie- en konseptuele vaardigheid slegs verwerf kan word deur wetenskaplik-gefundeerde, gestandaardiseerde, praktykgerigte, nagraadse opleidingsprogramme by hoëronderwysinstellings en universiteite (Muylle, 2008:10; Schäffner & Adab, 2000:x; Ulrych, 2005) om te voldoen aan die uitdagings wat voornemende taalpraktisyns toenemend in die gesig staar in ’n immer veranderende tegnologiese en globaliserende beroepswêreld.

Opleidingsinstansies soos universiteite (en die gepaardgaande beroepsgerigte opleiding) word algemeen aanvaar as een van die vernaamste rolspelers in die aanleer van professionele taalpraktykvaardighede vir taalpraktisyns (vergelyk byvoorbeeld Burrage *et al*. 1990a:215-218; Dollerup, 1994; Schäffner & Adab, 2000:x). Die waarde van die universiteit (of ander tersiêre opleidingsinstansie) as die vernaamste bron van opleiding is gesetel in die kwaliteit van beroepsgerigte opleiding en kennis waarop die professies staat maak, en die prestige wat beroepskwalifikasies kan bied in die proses van professionele erkenning. Gestandaardiseerde, en ten minste beroepsgerigte opleiding, bevorder beroepsgerigte praktyke.

Die onderwerp wat in hierdie onderafdeling ter sprake kom, is:

- die stand van opleidingsprogramme en module-uitkomste in Vlaandere en Suid-Afrika;
- moontlike redes vir die ad hoc-basis waarop opleiding in taalpraktyk aangebied word;
- of daar tog enige gemene delers in die module-uitkomste van die verskillende kurrikula te vinde is wat dui op gerigte opleiding;
- die mate waarin hierdie gegewe die professionaliseringsproses en -projek bevoordeel of benadeel, en
- die impak wat die stand van sake op die beroepsomgewing van die taalpraktisyn het, indien wel.

Met die oog op 'n model vir die professionalisering van taalpraktisyns is dit van belang om bestaande praktyke, gedeelde tekortkominge en gemene delers in opleiding te identifiseer ten einde te bepaal of opleidingsprogramme minimaal beroepsgerig en van goeie, uitkoms- en praktykgerigte kwaliteit is, veral in die konteks van taalpraktyk as 'n ontwikkelende akademiese ondersoekveld en taal(sub)dissipline in eie reg.

4.7.4.2 Taalpraktyk as professie: gestandaardiseerde of (praktyk)gerigte opleiding?

Dit is 'n wanopvatting dat elkeen wat tale bestudeer, hetsy as 'n volledige kurrikulum of as deel of komponent van byvoorbeeld 'n graad in die Geesteswetenskappe, as 'n professionele praktisyn in die taalpraktykmark kan funksioneer as taalpraktisyn (Atwell, 2005; Du Plessis & Carstens, 2000:1; Muylle, 2008), alhoewel dit dikwels ál kwalifikasie is wat werkgewers verwag, soos dit uit die volgende beroepsadvertensies duidelik afgelei kan word:

Advertensie 1 (SAVI Flits 46-2011)

> A client of ours needs an in-house editor *cum* researcher in a full-time position in Pretoria's CBD. It is a government institution that offers a competitive salary and pleasant working conditions.
>
> A degree in languages and at least five years' experience as an editor are required.
>
> If you are interested, please send your CV, listing important editing projects you've worked on and clients you've worked for, to linda@blc.co.za. I'll need three references as well.
>
> Thanks and regards
> Linda Botha
> Bangula Language Centre

Advertensie 2

Solidariteit
Solidarity

Tel: 0861-25-24-23 Hoofkantoor/Head Office
Faks/Fax: 012 664 6493 DF Malan Drive/Rylaan
diens@solidariteit.co.za KLOOFSIG
nuwes@solidariteit.co.za Posbus/PO Box 11760
www.solidariteit.co.za CENTURION
(2191)

VAKATURE: TAALPRAKTISYN: SOLIDARITEIT

Titel:
Taalpraktisyn

Minimum vereistes:
BA-graad of gelykstaande toepaslike kwalifikasie.

Aanbeveling:

- Uitstekende taalvaardighede in Afrikaans en Engels sowel as kennis van vertaling en arbeidsterminologie.
- Die geskikte kandidaat moet oor uitstekende vaardighede en ervaring in die vertaling, taalversorging en proeflees van 'n verskeidenheid dokumente beskik.
- Rekenaarvaardig in veral woordverwerking.
- Die kandidaat moet die vermoë hê om onder druk te kan werk en by spertye te hou.
- Moet beskik oor goeie organisasievermoë en oor die vermoë om selfstandig en as deel van 'n span te werk.

Posbeskrywing:
Die pos behels onder meer die volgende dienste wat vir die Solidariteit Beweging gelewer word:

- Taalversorging;
- vertaling;
- verlening van algemene taaladvies; en
- handhawing van taal- en stylstandaarde.

Salaris: Op aanvraag beskikbaar.
Sluitingsdatum: Vrydag, 24 Desember 2010

Vir meer inligting kontak Ilze Nieuwoudt (adjunk afdelingshoof: Kommunikasie-afdeling) – 012 644 4430/ ilze@solidariteit.co.za of Dirk Herman (adjunk uitvoerende hoof: Solidariteit) – 012 644 4300.

Advertensie 3

49782057TMO/ 329-306275 - Officer: Language Services

Position: Officer: Language Services
Position/Task Grade: T12
Area of specialisation: To provide a comprehensive language services function to Eskom, which includes editing, translation and the supervision of external service providers.
Department: Media and Messaging
Business Unit: Media and Messaging
Location: Megawatt Park, Gauteng
Reference Number: 49782057TMO/ 329-306275
Closing Date: 14 January 2011

Minimum Requirements

- Qualification(s) :
  - Relevant Baccalaureus degree
- Experience:
  - 5 years related experience

Skills and Competencies

- English editing skills
- Linguistic knowledge skills
- Ability to work under pressure
- Ability to translate between English and one or more other official languages
- Accuracy and attention to detail
- Communication skills
- Interpersonal skills
- Computer literacy

Key Responsibilities

- Language editing, proofreading and correcting documents
- Providing a translation service
- Coordinating and supervising external language services
- Compiling Eskom-specific language reference works

If you have not been contacted within 28 days of the closing date of this advertisement, please accept that your application was unsuccessful.

Note that the appointment of the candidate is at Eskom's sole discretion, taking into account factors that Eskom considers relevant including but not limited to Eskom's employment equity policy. Eskom supports a smoke-free environment

Please register or login in order to apply for this position.
Candidates must apply online by going to: www.eskom.co.za

- point mouse at **Careers at Eskom**
- point mouse at **Non-executive positions**
- click on **Non-executive positions**
- Go to **Officer: Language Services** and open the advertisement and respond as indicated.

Advertensie 4

Language Services (Editor/Translator) PricewaterhouseCoopers, Johannesburg
Job description
Purpose of the role

- To develop content for all channels in support of PwC's business objectives and those that are part of and contribute to M&C's strategy and plans
- Conceptualisation, writing, editing, proofing and sub editing of copy and script for publications, speeches, online media, posters, multi-media and press releases (as and when required)
- Develop sub messaging in support of positioning statements and messaging defined by Senior Communications and Marketing managers, as well as the Internal Communications manager and Brand Manager.
- To ensure that all internal messages are conveyed in the most effective manner across all geographies
- To customise messaging per channel
- **Key responsibilities**
  Interpretation of briefs of the Senior Communications Manager and Senior Marketing Manager, as well as the Internal Communications and Brand Manager for conceptualisation and development of materials
- Monitor content and style of internal communications and make recommendations
- To edit and proof (English and Afrikaans) all editorial and promotional copy, which includes:
- Correcting factual and language errors
- Checking style and tone
- Ensuring that all copy is as 'reader-friendly' as possible — i.e., easy to understand and a pleasure to read
- Inputting requested changes accurately
- Localising copy where necessary
- Picking up inconsistencies, contradictions and repetitions
- Translating between English and Afrikaans
- Helping to maintain the editorial standard of excellence.
- To ensure all materials have the necessary elements, which includes:
- Checking layouts for consistency of slugs, fonts and general design style
- Trimming copy to fit layouts;
- Writing captions;
- Checking that all necessary by lines, names, titles, credits and tail lines appear correctly
- Inserting page numbers
- Write the contents pages
- To compile internal and external magazines
- Source material and visuals
- Compile production schedules
- Ensure that deadlines are adhered to
- Conduct interviews
- Manage editorial committees and submissions
- Do pagination and content planning
- Brief design studio
- Obtain approval
- Prepare proofs for final approval by Senior Manager Communications
- To do research in support of statements or to ad substance to material.
- Develop and maintain effective and mutually beneficial relationships

Attributes

- Be a good team worker who can handle deadlines and work effectively under pressure
- Think clearly and creatively;
- Have an excellent knowledge of — and a love for — the English and Afrikaans languages;
- Be a perfectionist and a stickler for detail;
- Have a good general knowledge, to be able to handle copy on a wide variety of topics
- Be comfortable with taking and following briefs from the Senior Managers for Marketing and Communications, as well as the Brand Manager and Internal Communications Manager

Skills required for the role

- A degree or Diploma in Journalism, Linguistics or Public Relations
- At least three years experience in copy editing, proofing and compilation

Advertensie 5

3S Media, one of southern Africa's largest B2B publishing houses, has a permanent vacancy available for a chief sub-editor.

The successful candidate will be required to:

- Perform sub-editing and proofreading on the publications and other products in our stable
- Manage the workflow through the sub-editing department to ensure that deadlines are strictly adhered to, including allocating sub-editing and proofreading tasks to other members of the sub-editing department
- Liaise with the production manager in terms of schedules for the sub-editing department.

Requirements:

- Five to 10 years' experience in magazine publishing or a similar field
- BA (English) or equivalent
- A meticulous eye for detail
- Excellent knowledge of English grammar as well as a feel for language
- Exceptional communication skills
- Proven managerial skills
- Deadline driven.

Advantageous

- Good knowledge of InDesign
- Experience in B2B publishing or technical editing.

Please send your CV, as well as a one-page motivational letter, to Elizabeth Shorten at elizabeth@3smedia.co.za. Candidates who meet the required criteria will be required to complete a short test to examine proficiency.

Closing date for applications: Friday 11 March 2011. Please note that only short-listed candidates will be contacted.

Advertensie 6

PO Box 12119, N1 City,
Cape Town, 7463
or Vasco Boulevard, N1 City,
Goodwood, Cape Town, 7460

+27 21 596 2300 *telephone*
+27 21 596 1234 *fax*

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
Southern Africa

VACANCY

Managing Editor – Schools Publishing
Contract Post

11 July 2011

Oxford University Press Southern Africa requires the services of a contract Managing Editor in the Schools department, to form part of the team based in Cape Town.

The position involves mainly project management and some editing of titles from manuscript to publication. This includes taking responsibility for the appropriateness of the material, its alignment with curriculum requirements, the quality of the edit, managing the process and liaising with designers, typesetters, and freelancers, and working within deadlines and budget according to editorial and production processes.

You will have strong project management skills, conceptual, organisational, and language skills. You are organised, efficient, and meticulous, able to communicate well with people at all levels, and possess initiative, enthusiasm, creative flair, and the ability to cope with deadlines and pressure.

You have a tertiary level qualification, and are familiar with the schools education system in South Africa. You are extremely accurate in your use of spelling, grammar, punctuation, style, and language level, and able to develop and improve a text for coherence, consistency and design.

A commitment to producing materials of the highest quality, on time, is essential. A thorough knowledge of the editorial and production processes of book publishing, and proven project management experience is required.

Salary will be commensurate with experience. This position is based in Cape Town.

Please apply in writing, with a covering letter and two-page CV stating current salary to Dierdre Reeve, email dierdre.reeve@oup.com. The closing date for applications is 20 July 2011.

Only short-listed candidates will be contacted. Oxford reserves the right not to fill the vacancy at this time.

Advertensie 7

DEPARTMENT: OFFICE OF THE EXECUTIVE MAYOR & CITY MANAGER
Division: Tshwane Communications and Information Systems
Section: Language Services

Re-Advertisement

EMCM052/2010 **LANGUAGE PRACTITIONER (ENGLISH)**

Scale:	R 155 388 – 252 780 per annum
Estimated remuneration package:	R 197 935.31 - 321 994.53 per annum
Appointment requirements:	National Diploma or BA degree majoring in English Relevant practical experience as an editor in English; Computer literacy is essential (MS Word and Outlook).
Personal attributes and/or competencies:	Excellent communication skills Must be able to work under pressure Must be able to meet deadlines Good organization skills Must be able to cope with stress Good writing skills; Project Management skills Analytical skills
Primary function:	To edit and check all municipal documents in English
SAP:	S60004811
Enquiries:	Ms Y Leketi (012 358 4709)

Selection questions with YES/NO answers (these questions will be placed with the advertisement and will be used to do the pre-selection) A maximum of 10 questions can be placed

1. Are you in possession of a National Diploma or BA degree majoring in English?
2. Do you have relevant practical experience as an editor in English?
3. Are you computer literate?
4. Do you have specialized training and/or extensive exposure to translation and editing techniques?
5. Are you able to work under pressure to meet deadlines?
6. Do you have excellent communication skills?
7. Do you have any knowledge of Terminology Development processes?

Administration	IT	Managerial	Political	Professional	Safety Sec & EMS
Secretarial		Semi-skilled labour	Support services	Technical	Unskilled labour

Die opleiding van taalpraktisyns word dan in die nuwe millennium inderdaad 'n "challenging pedagogical prospect" (Ulrych, 2005:5).

Opleiding vir die taalberoepe verg spesifieke linguistiese, sosiale, analitiese en praktykvaardighede, algemene en wetenskaplike taalkennis, lewenswysheid, houdings en benaderings, en intellektuele nuuskierigheid. Dit behels egter ook die bemeestering van gestandaardiseerde, beroepsgerigte en praktykgerigte taalpraktykvakkennis en ooreenstemmende taalpraktykvaardighede, om deur middel van die toepaslike "taalinstrument" in die veeltalige en multikulturele mediëringsopset bó die woord per se te kan uitstyg deur inhoud in inhoud te omskep, betekenis in betekenis, boodskap in boodskap (Carstens & Van de Poel, 2010:Hoofstuk 3; Gouadec, 2007:327-359; H. Kruger, 2007, 2009; Vercauteren, 2007).

Die taalmark is dinamies, maar kompleks: soos wat die mens se taal- en kommunikasiebehoeftes in 'n multikulturele, globaliserende wêreld toeneem, ontwikkel nuwe taalberoepe en taaldienste. Die uiteenlopende, maar spesifieke aard van die verskillende taaldienste – vertaling, proeflees, teksredaksie, tolking in al sy verskillende vorme, teksredaksie, onderbetiteling, terminologie-ontwikkeling, en selfs verwante velde soos tipografie, transkripsie, Braille, "lip speaking", palantype ("speech to text")[251], "voiceover", oorklanking, taalonderrig (Carsten, 2008) en oudiobeskrywing (Vercauteren, 2007) – verg daarom gespesialiseerde, beroeps- en praktykgerigte opleiding.

Dié uiteenlopende taalmarkbehoeftes is sprekend van die omvangryke aard van taalpraktyk wat sprake van 'n eenheidsberoep ondermyn, gestandaardiseerde opleidingsprogramme bemoeilik, en professionalisering van die taalpraktyk moontlik nog verder kompliseer. Die daadwerklike uitdaging wat opleidingsinstansies tans in dié verband in die gesig staar, is om gestandaardiseerde, maar ten minste beroeps- en praktykgerigte opleidingsprogramme te ontwikkel, bes moontlik vanuit 'n multidissiplinêre benadering, met spesialiseringsprogramme in die onderskeie beroepsvelde.

Gestandaardiseerde taalpraktykopleidings- en -spesialiseringsprogramme voorsien in die geïdentifiseerde sosioprofessionele linguistiese behoeftes en ooreenstemmende dienste wat hoëvlak-linguistiese kennis en tegnologiese vaardighede verg: 'n goed omskrewe professionele en akademiese profiel wat weerspieël word in die uitkomste van die opleidingsprogram ter sprake, uitgedruk ten opsigte van vaardighede (vergelyk onder andere Angelelli, 2007; Angelelli & Jacobson, 2009; Gouadec, 2007:327-359; H. Kruger, 2007, 2009; Vercauteren, 2007).

Vaardighede verteenwoordig 'n dinamiese kombinasie van opleiding, kennis, begrip, bekwaamheid, vermoëns en ervarings. Die stel vaardighede van 'n gegewe opleidingsprogram moet gepaard gaan met toepaslike benaderings tot onderrig, leer en assessering (Mackiewicz, 2008:9).

[251] Palantypeis 'nmasjiensnelskrifmetode wat gebruik word om 'n woord-vir-woord-transkripsievan verbale tekste te voorsien.''nPalantype-operateuromskep 'n verbale teks met behulp van 'n spesiale Palantype-sleutelbord wat dan onmiddellik op'ntelevisie-monitor of, virgrootvergaderingsofkonferensies, op 'n groot skerm verskyn. Klankkodes eerder as spelling vorm die basis van die metode. Dierekenaar veranderhierdiegekodeerdewoordklanke terug inEngelsendit iswatop dieskerm verskyn virdiedoweofhardhorende persoonom te lees.

4.7.4.3 Bestaande opleidingsinstansies en opleidingsprogramme

Eksplisiet verbind met die "konsep" professie, is gestandaardiseerde hoëropleiding waarvan akademiese hoëropleidingsinstansies onbetwisbaar die hoofbron is van die ontwikkeling van draers van formele kennis in alle ontwikkelde lande (Freidson, 1986:59; Parsons, 1969:15-18; Schäffner & Adab, 2000:x; Shills, 1969:38-39; vergelyk ook Hoofstuk 2). Anders gestel: In tersiêre, akademiese opleidingsinstansies word "gestandaardiseerde kennis en opleiding gedifferensieer in gespesialiseerde beroepe" (Freidson, 1986:20).

Daar is toenemende belangstelling in die veld van die taalpraktyk en die studie van vertaling en verwante velde vind plaas in die konteks van 'n toename in taalpraktyk reg oor die wêreld (Bassnet, 2002:1). In ag genome die wêreldwye toenemende vraag na professionele taalbemiddelaars tree die kwessie van innoverende en gestandaardiseerde, praktykgerigte opleiding al hoe meer op die voorgrond (Nida, 2005:xiii; Tennant, 2005b).

Vervolgens word die bestaande taalpraktykkurrikula aan Suid-Afrikaanse en Vlaamse universiteite belig ten opsigte van die kurrikula wat aangebied word vanuit die verskillende fakulteite, en departemente of skole.

4.7.4.3.1 Opleidingsinstansies en opleidingsprogramme in Suid-Afrika[252]

Daar is oënskynlik geen gebrek aan opleiding vir taalpraktisyns in Suid-Afrika nie. Daarvan getuig die feit dat sowel die akademiese universiteite en tegniese universiteite tans taalpraktykprogramme aanbied, elkeen met sy eie, kenmerkende kurrikulum, soos aangetoon deur die tabel hieronder.

Taalpraktykopleidingsprogramme in **Suid-Afrika** is tans nie gestandaardiseer nie, en berus grootliks op 'n ad-hoc-basis (Carstens, 2010; Carstens & Van de Poel, 2010:Hoofstuk 3; Law, 2010:12-48;). Dit word ook vanuit verskillende benaderings, op verskillende vlakke, deur verskillende Skole en Departemente aangebied met wisselende toelatingsvereistes (H. Kruger, 2009; Law, 2010; Law & Kruger, 2008; Muylle, 2008:30-32; Naudé, 2008:62).

Trouens, Gouadec (2007:343) beskryf die opleiding van vertalers in Suid-Afrika (tesame met dié van lande soos China, Kambodja, Tunisië, die Ivoorkus, Portugal, Brasilië, Pole, Turkye, Slowenië, Slowakye, Hongarye, Mosambiek om maar 'n paar te noem) as uiters gebrekkig. Behoorlik opgeleide, gespesialiseerde, professionele taalpraktisyns is dun gesaai in lande soos Suid-Afrika, ten spyte van die feit dat vertalersopleiding in hierdie lande ten volle verantwoordbaar is, ekonomies sowel as sosioprofessioneel, maar veral om te voldoen aan die behoeftes van steeds groeiende multikulturele gemeenskappe.

[252] Inligting aanvanklik verkry van http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1574 Verdere inligting verkry op die onderskeie webwerwe van die verskillende opleidingsinstansies, ná herhaaldelike e-posnavrae aan betrokke departementshoofde, akademici, en betrokke dosente. Alhoewel die meeste van hierdie opleidingsinstansies meesters- en doktorsgrade aanbied, is die fokus op voorgraadse en Honneursopleiding as basiese, teoretiese beroepsgerigte sosialiseringskennis. Die instansies is verteenwoordigend van die opleiding wat oor die algemeen in taal- en taalpraktyk in Suid-Afrika aangebied word.

Vervolgens word die opleidingsprogramme/kurrikula aan die verskillende universiteite in Suid-Afrika getabuleer na aanleiding van inligting wat (meestal) elektronies uit jaarboeke van die verskillende universiteite ontrek is.[253] Dié universiteite is:

INSTANSIE	Afgekort	INSTANSIE	Afgekort
1. Stellenbosch Universiteit [254]	SUN	8. Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit[255]	NMMU
2. Noordwes-Universiteit Vaaldriehoekkampus[256]	NWUVdk	9. Universiteit Witwatersrand[257]	WITS
3. Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus[258]	NWUPk	10. Universiteit van Suid-Afrika[259]	UNISA
4. Universiteit van die Vrystaat[260]	UFS	11. Sentrale Universiteit van Tegnologie, Vrystaat[261]	SUT
5. Universiteit van Johannesburg[262]	UJ	12. Tshwane Universiteit van Tegnologie[263]	TUT
6. Universiteit van Limpopo[264]	UL	13. Durban Universiteit van Tegnologie[265]	DUT
7. Universiteit van Pretoria[266]	UP		

Tabel 4.6: Suid-Afrikaanse opleidingsinstansies

Die opleidingsinstansies bied almal verskillende kurrikula, inhoude en module-uitkomste aan met verskillende toelatingsvereistes vanuit verskillende fakulteite, departemente, en skole. Die inligting word in die onderstaande tabel weergegee. Die analise word gedoen met die klem op voorgraadse opleiding (Nasionale Kwalifikasieraamwerk-uittreevlak 7) maar 'n aanduiding word gegee van die honneursopleiding (Nasionale Kwalifikasieraamwerk-uittreevlak 8) wat aangebied word. Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk-uittreevlak (NKR-uittreevlak) vir 'n BA-graad- en Honneurskwalifikasie (7 en 8 onderskeidelik) dui die relevansie vir hierdie studie aan.

[253] Herhaaldelik e-posse is gestuur waarop geen reaksie ontvang is nie. Telefoniese navrae het ook nie die nodige reaksie opgelewer nie. Die interpretasie van leeruitkomste is so wyd moontlik gemaak.
[254] SUN: http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Arts/Departemente1/afr-ndl/programme/afr-ndl_vertaling
[255] NMMUSN:http://www.nmmu.ac.za/default.asp?id=3037&bhcp=1
[256] NWUV: http://www.nwu.ac.za/v-fh/qual.html
[257] WITS: http://www.wits.ac.za/slls/translation/7737/translatorsinterpreters.html;http://www.wits.ac.za/academic/humanities/slls/disciplines/translatorsinterpreters/7738/undergraduate.html; http://www.wits.ac.za/academic/humanities/slls/disciplines/translatorsinterpreters/7739/postgraduate.html
[258] NWUP: Geen webblad beskikbaar nie. Jaarboek 2011 FakulteitLettere en WysbegeerteVoorgraads, Potchefstroomkampus
[259] UNISA:http://www.unisa.ac.za/Default.asp?Cmd=ViewContent&ContentID=11918
[260] UFS: http://humanities.ufs.ac.za/content.aspx?DCode=151&language=afr
[261] SUT: http://www.cut.ac.za/web/academics/faculties/eng/dcs/homepage; RE: Qualification/training in LANGUAGE PRACTICE nic@cut.ac.za 2011/06/03; http://www.cut.ac.za/download/prospectus_2012
[262] UJ: http://www.uj.ac.za/EN/Faculties/humanities/departments/linguistics/coursesandprogrammes/Pages/default.aspx
[263] TUT: http://www.tut.ac.za/Students/facultiesdepartments/humanities/departments/Documents/applied_lang.pdf
[264] UL: http://www.ul.ac.za/index.php?Entity=School%20Main%20Menu&school_id=3http://www.ul.ac.za/application/downloads/ACADEMIC%20PROGRAMME_2012.pdf
[265] DUT: http://www.dut.ac.za/pages/22499#Language
[266] UP: http://web.up.ac.za/default.asp?ipkCategoryID=499&sub=1&parentid=482&subid=498&ipklookid=9

INSTANSIE	KURRIKULUM	NKR-uittreevlak	FAKULTEIT, DEPARTEMENT of SKOOL
1. SUN	• Nagraadse Diploma in Vertaling en Tolking	• 8	Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe Departement Afrikaans en Nederlands
2. NWUVDK	• **BA Taalpraktyk** • Honneurs Taalpraktyk	• 7 • 8	Fakulteit Geesteswetenskappe Skool vir Tale Vakgroep Taalpraktyk
3. NWUPK	• Vertaal- en Tolkstudie as modules of hoofvakopsie in BA Taal- en Literatuurstudie • Afrikaanse teksredaksie in Honneurs Afrikaans en Nederlands/Taalstudie	• 7 • 8	Fakulteit Lettere en Wysbegeerte Skool vir Tale Departement Afrikaans en Nederlands
4. UFS	• **BA Taalpraktyk** • Honneurs Taalpraktyk	• 7 • 8	Fakulteit Geesteswetenskappe Departement Taalbestuur en Taalpraktyk/Departement Afro-Asiatiese Studies, Gebaretaal en Taalpraktyk
5. UJ	• **BA Taalpraktyk** • Honneurs Taalpraktyk	• 7 • 8	Fakulteit Geesteswetenskappe Departement Linguistiek en Literatuurwetenskap
6. UL	• BA Translation Studies & Linguistics • Hons Translation Studies & Linguistics	• 7 • 8	Faculty of Humanities School of Languages And Communication Studies Department of Translation Studies and Linguistics
7. UP	• Modules in vertaalteorie en -praktyk tot op derdejaarsvlak • BA Honneurs Vertaal- en Tolkkunde • BA Honneurs Vertaling en Professionele Skryfwerk	• 7 • 8 • 8	Fakulteit Geesteswetenskappe Departement Afrikatale Departement Moderne Europese Tale
8. NMMU	• BA Honours Applied Languages	• 8	Faculty of Arts School for Languages, Media and Culture Department Applied Linguistics
9. WITS	• Translation Methods and Practice (one module at third year level) • University Diploma in Interpreting and Translation (Legal Option) • University Diploma in Interpreting and Translation (Sign Language Interpreting Option) • **Postgraduate Diploma in Translation and Interpreting** • **Honours in Translation**	? ? ? ? ?	Faculty of Humanities School of Language and Literature Studies Department Translation and Interpreting Studies
10. UNISA	• Semestermodules in vertaling en teksredaksie, een addisionele taal • BA Honours with specialisation in Translation Studies • BA Honours with specialisation in Applied Linguistics	• 7 • 8	College of Human Sciences **School of Arts** **Department of Linguistics**
11. CUT	• National Diploma: Language Practice • **BTech: Language Practice**	• 6 • 7	Faculty of Humanities School of Communication Sciences
12. TUT	• National Diploma: Language Practice • **BTech: Language Practice**	• 5 • 7	Faculty of Humanities Department of Applied Languages
13. DUT	• National Diploma Language Practice • **BTech: Language Practice** • ND: Translation and Interpreting Practices	• 6 • 7 • 6	Faculty of Arts and Design Department of Media, Language and Communication

Tabel 4.7: Opleidingsinstansies en taalpraktykopleiding in Suid-Afrika

Die gegewens hierbo spreek oënskynlik van 'n uiteenlopende aard en 'n ad hoc-basis waarop taalpraktykopleidingsprogramme aan Suid-Afrikaanse opleidingsinstansies aangebied word. Law (2010:15-18) wys daarop dat die verskille tussen die kurrikula vir die BA-graad in Taalpraktyk aan, byvoorbeeld, die Universiteit van Johannesburg en die Universiteit van die Vrystaat daarop dui dat die opleiding van teksredakteurs aan hierdie twee Suid-Afrikaanse universiteite nie gestandaardiseer is nie (vergelyk ook die kurrikulum-inhoudsanalise in Tabel 4.11 hieronder).

Die implikasie is dat opleiding vir taalpraktisyns van opleidingsinstansie tot opleidings-instansie verskil, met die gevolg dat taalpraktisyns die beroepsmark betree met eenders betitelde grade, maar moontlik met 'n grotendeels uiteenlopende stel vaardighede.

Dit mag ook wees dat die verskille tussen kurrikula in taalpraktyk verband hou met die relatiewe nuwigheid van taalpraktykgrade (Law, 2010:18), maar ook met politieke verwikkelinge en onderwys- en onderrigskommelinge die afgelope sestien jaar ná die afskaffing van die apartheidsregering (vergelyk 4.5.4).

Volgens 'n opname deur Law en Kruger (2008:483) hou die meeste praktiserende teksredakteurs algemene grade in tale of linguistiek eerder as in taalpraktyk. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat taalpraktyk 'n relatief nuwe studieveld is, en tersaaklike opleiding nie in die verlede beskikbaar was nie (Law & Kruger, 2008:485).

4.7.4.3.2 Opleidingsinstansies en opleidingsprogramme in Vlaandere

Sedert 2008 het hogescholen[267] en universiteite in Vlaandere volle seggenskap oor die kurrikula van hulle opleidingsprogramme. 'n Kurrikulum bestaan uit 'n koherente stel komponente. Die inhoud van die kurrikula stem ooreen met die beskrywers van die kwalifikasie in die Nasionale Raamwerk van Kwalifikasies van Vlaandere. Die inhoud van hierdie kurrikula moet voldoen aan die vereistes van sekere funksies of professies, soos bepaal deur nasionale en internasionale wetgewing, byvoorbeeld die Europese Direktief 2005/36EC[268] (NVAO, 2008:12).

VLIR (2010) bevind egter dat taal(praktyk)opleiding aan **Vlaamse universiteite** nie kwaliteitsgerig of beroepspraktykgerig is nie (*De Taalsector*, 2011:1)[269]:

> De professionele gerichtheid van de Vlaamse universitaire opleidingen taal- en letterkunde is een zwak punt. De programma's bieden weinig aansluiting bij de actuele beroepspraktijk. De inbreng vanuit het beroepenveld blijft in de meeste opleidingen miniem. ... Het aantal stagemogelijkheden is dun gezaaid. ... de opleidingen op vlak van professionele gerichtheid en aansluiting bij de actuele beroepspraktijk (moeten) "een mentale omslag" maken ...

[267] Hogeschool (= University of Professional Education = University College) en stem ooreen met die Universiteite van Tegnologie in Suid-Afrika.
[268] Directive 2005/36/Ec of the European Parliament and of the Council of 7 September 2005 on the recognition of professional qualifications http://eurlex.europa.eu/LexUriServ/LexUriServ.do?uri=OJ:L:2005:255:0022:0142:en:PDF
[269] Vlaamse Interuniversitaire Raad (VLIR), 2010. De onderwijsvisitatie Taal- en Letterkunde" **Een onderzoek naar en evaluatie van de kwaliteit van de opleidingen in het domein Taal- en Letterkunde aan de Vlaamse universiteiten.** Die 625-bladsyverslag van 'n eksterne ondersoek (doorlichting) waaraan die Vlaamse universitere opleiding in die veld van die taal- en letterkunde van Oktober 2009 tot April 2010 onderwerp is, is in sy geheel elektronies beskikbaar op: http://www.vlir.be/media/docs/Visitatierapporten/2009/VLIR-visitatierapportTaal-enLetterkunde.PDF

Taalpraktykopleidingsprogramme aan **universiteite** in Vlaandere is eweneens nie gestandaardiseer nie: “Elke opleidingscommissie heeft zijn eigen curriculum. Elke opleiding kan zelf accenten leggen. Die worden om de 5 jaar geëvalueerd door een internationale visitatiecommissie. Die toetsen doelstellingen aan uitkomsten en betrekken daarbij een helebaal stakeholders/betrokkenen” (Van de Poel, 2010; vergelyk ook Niska, 2005:38-41 wat wys op die verskillende benaderings, doelwitte en organisatoriese modelle tot opleiding).

Tans word die meeste akademiese taalopleiding aan universiteite gedoen, terwyl die hogescholen ’n aantal eie akademiese baccalaureus- en meestersopleiding en baie van die professionele BA-opleiding in taalpraktyk hanteer. Die Vlaamse regering is in die proses om hoër opleiding in Vlaandere te integreer sodat die akademiese Bachelor en Master-opleidings wat tans nog deur die hogescholen versorg word, vanaf die akademiese jaar 2013-2014 na die universiteite verskuif sal word, in sommige gevalle as outonome departemente, en sal twee jaar duur.[270] Die aard en omvang van die opleiding word egter nie hierdeur verander nie.[271] Oorbruggingsprogramme lei van die professionele Bachelor na die Master wat altyd ’n akademiese inslag het (vergelyk die skematiese voorstelling in Figuur 4.13, sowel as die bespreking in 4.7.3.2 van die onderskeid wat gemaak word tussen akademiese opleidingsprogramme en professionele opleidingsprogramme).

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word in ag geneem dat die opleiding aan die relevante hogescholen in Vlaandere meer beroeps- en praktykgerig is, terwyl die opleiding aan die relevante universiteite meer akademies is, maar (nog) nie taalpraktykgerig is nie. Die hogescholen en die universiteite bied dus wel verskillende tipes opleiding aan, maar ter wille van die geheelbeeld word dit in een skema uiteengesit, sodat die mate van standaardisering beter kan blyk. Vir die doel van die uiteensetting en die uiteindelike gevolgtrekkings in hierdie studie is die ooreenkomste belangriker as die verskille.[272]

In Vlaandere word beroepsgerigte, gestandaardiseerde taalpraktykopleiding aangebied deur Artesis Hogeschool Antwerpen, Erasmus-hogeschool Brussel en Hogeschool Gent na “overleg tussen de departemente toegepaste taalkunde”, terwyl die ander hogescholen wat behandel word, ‘n program vir die Professionele Bachelor in de office management (Bedrijfsvertaler-Tolk) aanbied. Vlaamse universiteite bied grootliks akademiese taal-opleiding aan. Die Vlaamse akademiese baccalaureus-opleiding in toegepaste taalkunde is spesifiek gerig op voorbereiding tot verwante meestersgraadopleiding en is polivalent saam-gestel om te dien as ’n breë en omvattende basisopleiding[273].

Die Katholieke Universiteit Leuven kontrakteer taalpraktykopleiding uit aan Campus Lessius Hogeschool in Antwerpen en HUBrussel in Brussel: “Zij verzorgen de opleiding Toegepaste taalkunde, vertaler, tolk” (Meylaerts, 2010).

---

[270] Die in die vooruitsig gestelde tweejarige meestersopleiding in die geesteswetenskappe, en dus ook in die toegepaste taalkunde en die taal- en letterkunde gaan egter voorlopig nie deur nie. Die Vlaamse regering het op voorstel van die huidige onderwysminister, Pascal Smet, besluit om alle aansoeke vir tweejarige meestersopleiding nie goed te keur nie. Dit beteken dat die tweejarige meesteropleiding (o.a. in die vertaalkunde, tolking, veeltalige (besigheids-) kommunikasie, joernalistiek, taalkunde), wat aanvanklik vir 2014-2015 en toe vir 2015-2016 aangekondig is, weer op die lange baan geskuif is. Die minister wil eers ’n raamwerk uitwerk sodat alle ingediende en nog in te diene versoeke op eenvormige wyse beoordeel kan word. Die aansoekers reageer teleurgesteld en ontstemd. Volgens die minister moet daar eers oorweeg word hoe die instellings saam ’n komplementêre aanbod kan bied wat op maatskaplike behoeftes ingestel is. Ook moet die moontlike differensiasie tussen meestersopleiding met ’n ondersoeksfinaliteit en opleiding met ’n opvoedkundige of beroepsgerigte finaliteit van nader ondersoek word. Verder is die sosiale en die finansiële impak van die studieduurverlenging ’n belangrike punt wat nog uitgeklaar moet word. (*De Taalsector*, 2012:1-4).

[271] Universiteit Gent. Hoger onderwijs volop in beweging. http://veto.hogent.be/studeren/info/documents/hervormingen.PDF

[272] Universiteit Gent. Hoger onderwijs volop in beweging. http://veto.hogent.be/studeren/info/documents/hervormingen.PDF

[273] http://www.artesis.be/vertalertolk/upload/docs/opleidingsprogrammas/Bijlage-1_2-MaT-DSRVAHs.pdf

Die betrokke opleidingsinstansies wat ter sprake kom, is[274]:

INSTANSIE	Afgekort[275]	INSTANSIE	Afgekort
1. Artesis Hogeschool Antwerpen[276]	AHA	16. Katholieke Hogeschool Kempen[277]	KHK
2. Hogeschool Gent[278]	HG	9. Katholieke Hogeschool Brugge-Ostend[279]	KHBO
3. Hogeschool-Universiteit Brussel[280]	HUB	10. Katholieke Hogeschool Leuven[281]	KHL
4. Erasmus-Hogeschool Brussel[282]	EHB	11. Universiteit Antwerpen[283]	UA
5. Lessius Hogeschool Antwerpen[284]	LHA	12. Universiteit Ghent[285]	UG
6. Katholieke Hogeschool Limburg[286]	KHLim	13. Vrije Universiteit Brussel[287]	VUB
7. Provinciale Hogeschool Limburg[288]	PHLim	17. Katholieke Universiteit Leuven[289]	KU Leuven
8. XIOS Hogeschool Limburg[290]	XIOS	14. Institut Libre Marie Haps Brussel[291]/ Haute Ecole Léonard de Vinci Brussels[292]	ILMH
		15. Haute Ecole de Bruxelles Brussel[293]	ISTI

Tabel 4.8: Vlaamse opleidingsinstansies

Vervolgens word die opleidingsprogramme/kurrikula aan die verskillende opleidings-instansies in Vlaandere getabuleer[294].

[274] Vir die doeleindes van hierdie analise en bespreking word daar nie gedifferensieer tussen opleiding aan universiteite en die aan hogechole in Vlaandere nie. Die programinhoude, -uitkomste en beroepsvaardighede is in oorweging geneem. Die gekose opleidingsinstansies is verteenwoordigend van die opleiding wat vir taal- en taalpraktykopleiding wat oor die algemeen in Vlaandere aangebied word.

[275] Die nie-gestandaardiseerde afkortings word gebruik ter wille van uitleg en spasie

[276] AH: http://www.artesis.be/vertalertolk/; http://www.artesis.be/vertalertolk/upload/docs/opleidingsprogrammas/schema_MAV_2010_2011.pdf ; http://www.artesis.be/vertalertolk/upload/docs/opleidingsprogrammas/oplprg_master_tolken_2010-2011.pdf Programme in EMT-NEtwerk: http://www.artesis.be/vertalertolk/upload/docs/emci/VT1112-4_ARTE_master_tolk_2011-2012.pdf

[277] KHK: http://www.khk.be/khk04/opleidingen/ba%5FofficeManagement%5Fgeel/doel/documents/baOfficeManagement.pdf

[278] HG: Programme in EMT-netwerk: http://www.hogent.be/studeren/opleidingen/departement/veto.cfmhttp://www.artesis.be/vertalertolk/upload/docs/emci/VT1112_4_ARTE_master_tolk_2011-2012.pdf

[279] KHB-O: http://www.khbo.be/off

[280] HUB: http://www.hubrussel.be/eCache/9368/TOEGEPASTE_TAALKUNDE_HUB.html

[281] KHL: http://www.khlim.be/eCache/18388/Toekomstige_studenten-Resultaten.html?nav=thm&itm=1750

[282] EHB: http://www.erasmushogeschool.be/content/basisopleidingen-professionele-en-academische-bachelors-en-masters-0

[283] UA: http://www.ua.ac.be/main.aspx?c=.STUDKIEZ&n=65580&ct=62770#lw

[284] LHA: http://www.lessius.eu/stk/opleidingen.aspx; Programme in EMT-netwerk: http://ec.europa.eu/dgs/translation/programmes/emt/universities/index_en.htm

[285] UG http://www.opleidingen.ugent.be/studiekiezer/nl/fac/lw.php

[286] KHL: http://www.khleuven.be/Studeren-aan-de-KHLeuven/Professionele-bachelors/Bachelor-in-office-management/Afstudeerrichting-bedrijfsvertaler-tolk

[287] VUB: http://www.vub.ac.be/TALK/?q=node/70 ; http://aiv.vub.ac.be/opaweb/index?page=modeltraject&doelgroep=TS&omaNummer=2032 http://www.vub.ac.be/infoover/onderwijs/bama/of-germ.html ; http://www.vub.ac.be/infoover/onderwijs/bama/of-germ.html#programma http://www.vub.ac.be/TALK/ ; http://www.vub.ac.be/LW/

[288] PHL: http://www.phl.be/eCache/DEF/3/710.html

[289] KU Leuven http://onderwijsaanbod.kuleuven.be/opleidingen/n/SC_51016753.htm

[290] XIOSHL/D: http://www.xios.be/portal/alias__Rainbow/lang__nl-BE/tabID__3665/DesktopDefault.aspx

[291] ILMH: http://www.mariehaps.be/; 'n vennootuniversiteit van LaHauteEcoleLeonard deVinci, Brussels http://www.euroacademic.org/en/index.php?act=show&code=guncel&resume=0&id=46&id_page=0

[292] ILMH: http://www.mastertraduction.eu/index.php?lang=en;

[293] ISTI: http://www.mastertraduction.eu/index.php?lang=en

[294] Na aanleiding van inligting wat (meestal) elektronies uit jaarboeke van die verskillende universiteite ontrek is verkry op die webwerf van elke opleidingsinstansie. Vergelyk ook http://www.lexicool.com/courses_belgium.asp vir 'n lys van opleidingsinstansiese en kursusse.

OPLEIDINGSINSTANSIE	KURRIKULA	FAKULTEIT, DEPARTEMENT, SKOOL
1. Artesis Hogeschool Antwerpen	• Bachelor Toegepaste taalkunde • Master Vertalen & Master Tolken • European Master in Conference Interpreting • Master Européen en Traduction Spécialisée[295] • Audiovisuele vertalen • Computerondersteund vertalen	Faculteit Letteren en Wijsbegeerte Departement Vertalers en Tolken

2. Hogeschool Gent	• Bachelor Toegepaste taalkunde
	• Master Vertalen & Master Tolken
	• Master in multitalige communicatie
	• Postgraduaten
	  • Complementaire internationale studies
	  • Conferentietolken
	  • Dutch & Translation
		Faculteit Toegepaste Taalkunde Departement Vertaalkunde

3. Hogeschool-Universiteit Brussel	• Bachelor Toegepaste taalkunde • Master Vertalen & Master Tolken • Master in multitalige communicatie	Faculteit Taal en Letteren
4. Erasmus-Hogeschool Brussel	• Bachelor Toegepaste taalkunde • Master Vertalen & Master Tolken	Departement ToegepasteTaalkunde

5. Lessius Hogeschool Antwerpen	• Bachelor Toegepaste taalkunde
	• Master in het Vertalen & Tolken
	• Lessius talent
	• Master in de multitalige communicatie
	• Postgraduaat conferentietolken
	• Permanente vorming
	  • taalcursussen en studiedagen
	  • gerechtsvertalen en -tolken
	  • TILP certificaat in lokalisatie
		Part of the Integrated Arts Faculty of the University of Leuven Departement ToegepasteTaalkunde

6. Katholieke Hogeschool Limburg	• Professionele Bachelor in de office management Bedrijfsvertaler-Tolk	Departement Economisch Hoger Onderwijs
7. Provinciale Hogeschool Limburg	• Professionele Bachelor in de office management Bedrijfsvertaler-Tolk	Departement Handelswetenschappen en Bedrijfskunde
8. XIOS Hogeschool Limburg	• Professionele Bachelor in de office management Bedrijfsvertaler-Tolk	Departement Handelswetenschappen en Bedrijfskunde
16. Katholieke Hogeschool Kempen	• Professionele bachelor in de office management Bedrijfsvertaler-tolk	Departement Handelswetenschappen en Bedrijfskunde
9. Katholieke Hogeschool Brugge-Ostend	• Bachelor in de office management: Bedrijfsvertaler-tolk	Departement Handelswetenschappen en Bedrijfskunde
10. Katholieke Hogeschool Leuven	• Bachelor in de office management: Bedrijfsvertaler-tolk	Departement Handelswetenschappen en Bedrijfskunde
11. Universiteit Antwerpen	• Bachelor/Master Taal- en letterkunde • Master in de Meertalige Professionele communicatie	Faculteit Letteren en Wijsbegeerte Departement Taalkunde
12. Universiteit Ghent	• Bachelor/Master Taal- en letterkunde • Master in de multitalige communicatie	Faculteit Letteren en Wijsbegeerte Departement Taalkunde
13. Vrije Universiteit Brussel	• Bachelor/Master Taal- en letterkunde	Faculteit Letteren en Wijsbegeerte Vakgroep Taal- en Letterkunde
14. Katholieke Universiteit Leuven	• Bachelor/Master Taal- en letterkunde • Master in de Meertalige Professionele communicatie	Faculteit Letteren en Wijsbegeerte Departement Taalkunde
15. ILMH	• Bachelier en traduction et interprétation • Le master en interprétation/ traduction[296] • Master Européen en Traduction Spécialisée	De département traduction et interprétation
16. ISTI	• Master Européen en Traduction Spécialisée	De département traduction et interprétation

Tabel 4.9: Opleidingsinstansies en taalpraktykopleiding in Vlaandere

[295] METS: A consortium of 7 European universities and institutions of higher education: ISTI - Haute Ecole de Bruxelles (Brussels, Belgium), ILMH - Haute Ecole Léonard de Vinci (Brussels, Belgium), ISIT - InstitutCatholique de Paris (France), LessiusHogeschool (Antwerp, Belgium), IPLV – Université Catholique de l'Ouest (Angers, France), Universität Leipzig (Germany), Universitat Pompeu Fabra (Barcelona, Spain) http://www.mastertraduction.eu/

[296] EMT-netwerk: http://ec.europa.eu/dgs/translation/programmes/emt/universities/index_en.htm; in samewerking met La Haute Ecole Leonard de Vinci.

Uit die verskillende getabuleerde kurrikula van die opleidingsinstansies en die gepaardgaande module-uitkomste is ŉ stel kriteria gesintetiseer waarmee ŉ inhoudsanalise gedoen is van al die kurrikula-module-uitkomste ten einde vas te stel of enige, en watter, gemene delers in taalpraktykopleiding wel kan dui op gerigte (beroeps)opleiding (vergelyk Tabel 4.10).

Die analiserubrieke vir die ondersoek na gemene delers in taalpraktykopleiding val uiteen in die volgende gerigte algemene, taal-, vak- en praktykkennis en -vaardighede, wat genuanseerd volgens die sleutelterme in die rubrieke in die inhoudsanalise ondersoek is en soos dit uiteengesit is in Tabel 4.10 hieronder:

- Algemene kennis en vaardighede (AKV)
- Taalkennis en taalvaardighede (TKV)
- Taalprakykkennis en -vaardighede (TPKV)
- Praktykleer en -vaardighede (PLV)
- Subdissplines (SD)

Die module-uitkomste van Artesis Hogeschool in Antwerpen se Bachelor in Toegepaste Taalkunde [297] het as algemene riglyn gedien vir die saamstel van ŉ stel kriteria. Alhoewel die meeste opleidingsinstansies wat ter sprake kom (in Suid-Afrika sowel as in Vlaandere) ook nagraadse opleiding bied, is die fokus hoofsaaklik op die BA- en Honneursprogramme in Suid-Afrika en die Bachelor-Master-programme in Vlaandere.

Voorgraadse akademiese baccalaureusopleiding in toegepaste taalkunde en taalpraktyk (wat by gebrek aan gestandaardiseerde terminologie en opleiding vir die doeleindes van hierdie studie as vergelykbaar beskou word) behoort as die basisopleiding te dien vir verdere opleiding in taalpraktyk; in Vlaandere die akademiese meesteropleiding en in Suid-Afrika die honneursopleiding.

ŉ Baccalaureus inTaalpraktyk bied ŉ grondige aktiewe en passiewe kennis van die sterkste taal en van twee vreemde of addisionele (tweede en derde sterkste taal) in die konteks van die taalpraktyk soos dit hier ter sprake kom.

Daarbenewens stel dit die student in staat tot die skriftelik en mondelinge mediëring van die kommunikasieproses tussen verskillende tale en kodes met gebruikmaking van genoegsame en beredeneerde analisemetodes en die heuristiek van die taalpraktisyn, ook ten opsigte van elektroniese instrumentasie.

Dit stel ook die student in staat om taalpraktykteoretiese insigte op nuwe taalmateriaal toe te pas en krities om te gaan met taalpraktykverskynsels. BA-opleiding bied daarnaas ŉ deeglike algemene kennis, in die besonder ten opsigte van landeskundige aangeleenthede in die konteks van die unieke geassosieerde kultuur of kulture.

Die fokus op Baccalaureusopleiding (taalpraktyk en toegepaste taalkunde) wat grootliks ŉ akademiese studie van taal met taalpraktyk kombineer, bied ruim speelruimte vir en vryheid van opleiding om die nodige grondslag te lê vir gespesialiseerde taalpraktykopleiding: honneursopleiding en -kwalifikasies (Suid-Afrikaanse opleidingsinstansies) en meesters-

[297] http://www.artesis.be/vertalertolk/upload/docs/opleidingsprogrammas/Doelstellingen_BaTT_sept2010.pdf

opleiding en -kwalifikasies (Vlaamseopleidingsinstansies). Die bestudering van tale is in Vlaandere “echt een kwestie van talen perfect leren beheersen, begrijpen, lezen, spreken, schrijven. Toegepaste taalkunde is niet zomaar een naam, het staat voor een **praktijkgerichte aanpak met serieuze academische onderbouwing**” wat ná ’n baccalareusgraad lei tot ’n meestersgraad in tolk-, vertaal-, of multitalige kommunikasie[298].

Tabel 4.10 toon die analiserubrieke vir die ondersoek na gemene delers in taalpraktykopleiding. Tabel 4.11 toon die inhoudsanalise wat gedoen is van al die kurrikula-module-uitkomste van die verskillende opleidingsinstansies in Suid-Afrika en Vlaandere.

[298] http://www.hogent.be/studeren/opleidingen/infoteksten/toeg_taal.cfm

<table>
<tr><td>ALGEMENE KENNIS EN VAARDIGHEDE (AKV)</td><td colspan="2">AKV1: 'n Oorsigtelike kulturele en maatskaplike wêreldkennis, kennis van die vernaamste wysgerige, historiese, taal-, letterkunde-, en vertaalteorieë, en kultuurfilosofiese verwikkelinge in die wêreld van moderniteit tot op hede
AKV2: 'n Uitgebreide landeskundige kennis van die ekonomiese, taalpolitieke en maatskaplike gegewe en verwante sleutelterme en terminologie van die eie kultuur
AKV3: 'n Geïntegreerde kulturele, geskiedkundige, maatskaplike, politieke en institusionele verwysingsraamwerk van die lande waar die bestudeerde taal/tale gepraat word en die vermoë om hierdie verwysingsraamwerk krities te gebruik met inligtingsverwerwing en -verwerking (versameling, analise, sintetisering, evaluering)</td></tr>
<tr><td>TAALKENNIS EN TAALVAARDIGHEDE (TKV)</td><td colspan="2">TKV1: Skriftelike, ouditiewe en mondelingekommunikasievaardighede: kontekstuele terminologiese vaardighedein drie keusetale (eerste, tweede, derde sterkste taal)
TKV2: Inhoudelike en stilistiese analisevaardighede: herken op grond van teks- en kommunikasiewetenskapsteorieë algemene en gespesialiseerde tekste in twee of meer tale van keuse
TKV3: Instrumentele gebruiksvaardighede: gebruik met gemak klassieke hulpmiddele (woordeboeke, naslaanwerke) sowel as elektroniese hulpmiddele (databanke, elektroniese woordeboeke en soekenjins)
TKV4: Gevorderde eerstetaalbeheersing: Beroepsgerigte lees-, luister-, praat-, gespreks- en skryfvaardighede in diverse, komplekse, kommunikatiewe en professionele kontekste en tekste in sterkste taal
TKV5: Grondige tweede- en/of derdetaalbeheersing: Beroepsgerigte lees-, luister-, praat-, gespreks- en skryfvaardighede in twee addisionele tale in diverse, komplekse, kommunikatiewe en professionele kontekste en tekste</td></tr>
<tr><td>TAALPRAKYKKENNIS EN -VAARDIGHEDE (TPKV)</td><td>TPKV1: Gevorderde taalpraktyk-, kommunikasie-, mediëringsvaardighede
Vertaalkunde: algemene en/of gespesialiseerde tekste tussen twee of meer tale
Tolkkunde: algemene en/of gespesialiseerde tekste tussen twee of meer tale
Teksredaksie: algemene en gespesialiseerde tekste in een of meer sterkste tale
Oudiovisuele vertaalkunde: algemene en/of gespesialiseerde tekste in of tussen een of meer tale
Gebaretaal: algemene en/of gespesialiseerde tekste in die sterkste taal
TPKV2: Linguistiese vaardighede
Pas grammatikale, leksikale en tekstuele kennis toe in die mediëringsproses.
Pas pragmatiese en sosiolinguistiese kennis toe in die mediëringsproses
Hanteer terminologiese en fraseologiese probleme.
TPKV3: Instrumentele vaardighede
Gebruik met vertroue relevant klassieke hulpmiddele soos vertaalwoordeboeke, woordeboeke, tesourusse en naslaanwerke in die mediëringsproses.
Gebruik met vertroue elektroniese hulpmiddele soos databanke, elektroniese woordeboeke, tesourusse en soekenjins in die mediëringsproses
Gebruik tolktoerusting met vertroue
Is bewus van die beperkinge van hierdie hulpmiddele
Gebruik teks- en woordverwerkingsagteware, spel- en grammatikale kontroles en vertaalgeheues korrek en doelmatig in die mediëringsproses</td><td>TPKV4: Taalpraktykwetenskaplike vaardighede
Is vertroud met die verskillende stappe van die mediëringsproses
Onderskei tussen vertaling en teksredaksie, vertaling en tolking, vertaling en oudiovisuele vertaling in die mediëringskonteks
TPKV5: Strategiese vaardighede
Aktiveer alle vaardighede om die mediëringproses so doeltreffend as moontlik uit te voer
Ondersoek en evalueer die mediëringsproses krities
Identifiseer spesifieke taalpraktykprobleme in spesifieke subdissiplines en pas relevant beginsels en prosedures toe om probleme op te los
Neem volle verantwoordelikheid vir en gee rekenskap van keuses, en tot mindere mate vir die van ander
Besin krities oor die rol van die taalpraktisyn in die sosioprofessionele, sosiokulturele konteks – etiek.
TPKV6: Interlinguistiese vaardigheid
Gebruik ensiklopediese, tematiese en kulturele kennis in die mediëringsproses</td></tr>
<tr><td>PRAKTYKLEER EN -VAARDIGHEDE (PLV)</td><td colspan="2">PLV1: Praktiese toepassing van vaardighede in die bedryf en oriëntasie in die bedryfsomgewing, gemeenskapsdiens
PLV2: Indiensopleiding: handels- en juridiese aspekte, soos ondernemingsbestuur, finansiële administrasie, bemarking, prysbepaling, dataprosessering
PLV3: Samewerking in spanverband; vertaal en tolk in spanverband; redigeer, korrigeer en bespreek spanlede se tekste, vertalings en tolksessies, projekwerk, voordragte, dossierverdediging, vergaderings, buitelandse uitruilprojekte</td></tr>
<tr><td>SUBDISSPLINES (SD)</td><td colspan="2">SD1: Vertaalkunde SD2: Tolkkunde SD3: Teksredaksie SD4: Oudiovisuele vertaalkunde SD5: Gebaretaal SD6: Terminologie-ontwikkeling SD7: Rekenaargesteunde vertaling/masjienvertaling</td></tr>
</table>

Tabel 4.10: Kriteria vir gemene delers in taalpraktykopleiding (met die fokus op BA Taalpraktyk)

INSTANSIE Suid-Afrika	AKV1	AKV2	AKV3	TKV1	TKV2	TKV3	TKV4	TKV5	TPKV 1	TPKV 2	TPKV 3	TPKV 4	TPKV 5	TPKV 6	PLV1	PLV2	PLV3	SD1 Vert	SD2 Tolk	SD3 TRed	SD4O 0V	SD5 GT	SD6 TO
1. SUN[299]	×	×	×	✓2	×	×	×	×	✓	✓	?	?	?	?	✓	?	?	✓	✓	✓	×	×	✓
2. NWUV	✓	✓	✓	✓2	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×
3. NWUP	×	×	×	✓2	×	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	✓	✓	✓	✓	×	✓	×
3. UFS	✓	✓	✓	✓3	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
3. UJ	✓	×	×	✓2	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×	✓	✓	✓	✓	×	×	×
4. UL	✓	×	×	✓2	✓	×	×	×	✓	✓	×	×	×	×	×	×	×	✓	?	×	×	×	✓
5. UP	✓	✓	×	✓2	×	✓	×	×	✓	✓	✓	×	×	×	×	×	×	✓	×	×	×	×	×
6. NMMU	✓	✓	✓	✓2	✓	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	✓	×	×	×	×	✓
7. WITS[300]	?	?	?	✓2	✓	?	?	?	?	✓	?	?	?	✓	?	?	?	✓	✓	×	×	✓	×
8. UNISA	✓	×	×	✓2	✓	×	×	×	×	×	×	×	×	✓	×	×	×	✓	×	✓	×	×	✓
9. CUT	✓	×	✓	✓3	✓	?	✓	✓	✓	✓	✓	×	✓	×	✓	✓	×	✓	✓	✓	✓	✓	✓
10.TUT	✓	×	✓	✓3	✓	?	✓	✓	✓	✓	✓	×	✓	×	✓	✓	×	✓	✓	✓	✓	✓	✓
11. DUT	✓	×	✓	✓3	✓	?	✓	✓	✓	✓	✓	×	✓	×	✓	✓	×	✓	✓	✓	✓	✓	✓
INSTANSIE Vlaandere	AKV1	AKV2	AKV3	TKV1	TKV2	TKV3	TKV4	TKV5	TPKV 1	TPKV 2	TPKV 3	TPKV 4	TPKV 5	TPKV 6	PLV1	PLV2	PLV3	SD1 Vert	SD2 Tolk	SD3 TRed	SD4O OV	SD5 GT	SD6 TO
1. AH	✓	✓	✓	✓3	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×	✓	✓	✓	×	✓	×	×
2. HG	✓	✓	✓	✓3	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×	✓	✓	✓	×	×	×	×
3. HUB	✓	✓	✓	✓3	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	✓	×	×
4. EHB	✓	✓	✓	✓3	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×	✓	✓	✓	×	×	×	×
5. LHA	✓	✓	✓	✓3	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
6. KHLim	×	×	?	✓4	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×	×
7. PHLim	×	×	?	✓4	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×	×
8. XIOS	×	×	?	✓4	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×	×	×
9. KHK	×	×	?	✓4	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×	×
10. KHB-O	×	×	?	✓4	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×	×	×
11. KHL	✓	✓	✓	✓3	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	×	×	✓	✓	✓	×	✓	×	×
12. UA	✓	✓	✓	✓2	✓	✓	✓	✓	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×
13. UG	✓	✓	✓	✓2	✓	✓	✓	✓	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×
14. VUB	✓	✓	✓	✓3	✓	✓	✓	✓	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×
15. KULeuven	✓	✓	✓	✓2	✓	✓	✓	✓	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×	×
16. ISTI	✓	✓	✓	✓3	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
17. ILMH	✓	✓	✓	✓3	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓

Tabel 4.11: Inhoudsanalise: kurrikula- en module-uitkomste van taalpraktykopleiding, Suid-Afrikaanse en Vlaamse opleidingsinstansies

[299]Nagraadse kwalifikasies in tolking en vertaling.
[300] Nie duidelik afleibaar uit die inligting wat verskaf is of op die Internet beskikbaar nie. Geen terugvoer ten spyte van verskeie navrae nie.

4.7.4.4 Gevolgtrekking: stand van opleiding

Uit die inhoudsanalise van kurrikula en module-uitkomste aan Suid-Afrikaanse en Vlaamse universiteite vertoon die stand van opleiding in Vlaandere, hoofsaaklik aan die Hogescholen, beter gestruktureerd as die stand van opleiding in Suid-Afrika. Daar is 'n groter opvang van beroepsgerigte opleiding en baie duidelike ooreenkomste. Die Bachelor Toegepaste taalkunde, Master Vertalen en Master Tolken, Professionele Bachelor in de office management Bedrijfsvertaler-Tolk, Master in multitalige communicatie, en die onderskeie ondersteunende beroeps- en praktykgerigte opleidingsprogramme – soos Audiovisuele vertalen, Computerondersteund vertalen, Complementaire internationale studies, Conferentie-tolken, Dutch & Translation, en Permanente vorming – vertoon, soos dit uit die inhoudsanalise van programme blyk, 'n groot mate van standaardisering en beroepsgerigtheid.

In Suid-Afrika is dit Noordwes-Universiteit Vaaldriehoekkampus, die Universiteit van Johannesburg en die Universiteit van die Vrystaat wat beroepsgerigte taalpraktykopleiding op graadvlak sowel as honneursvlak aanbied, weliswaar vanuit verskillende departemente en met wisselende mate van klem op verskillende module-uitkomste.

Die BTech Taalpraktykprogramme wat aan die Sentrale Universiteit van Tegnologie, Vrystaat, Tshwane Universiteit van Tegnologie en Durban Universiteit van Tegnologie aangebied word, is, soos die kurrikula wat by die Hogescholen in Vlaandere aangebied word, beroepsgerig en volgens die module-uitkomste gestandaardiseer, sluit meestal praktykleerkomponente in, en die kern van die meeste modules wat aangebied word, bestaan uit teoretiese en praktiese komponente.

By die Stellenbosch Universiteit, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Universiteit Witwatersrand, Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus, Universiteit van Suid-Afrika, Universiteit van Pretoria, en die Universiteit van Limpopo bestaan taalpraktykopleiding uit:

- BA Taal- en Literatuurstudie (Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus);
- modules in vertaal- en tolkstudie of hoofvakopsie as deel van 'n BA Taal- en Literatuur-studie (Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus);
- enkele ekstra modules in vertaalteorie en-praktyk (Universiteit van Pretoria, Universiteit Witwatersrand);
- 'n verskeidenheid enkelmodules wat in 'n basiese bygevoeg word in opleidings-programme by al die universiteite;
- semesterkursusse wat in 'n basiese BA Taal- en Literatuurstudie bygevoeg word (UNISA);
- vertaling as vak tot op derdejaarsvlak in 'n BA-graad (Universiteit van Limpopo), en
- onafhanklike nie-ondersteunende nagraadse spesialisering in vertaling en/tolking op grond van 'n goedgekeurde graad (Universiteit Witwatersrand, Nelson Mandela Metro-politaanse Universiteit, Stellenbosch Universiteit).

Die toevoeging van vakke en/of modules tot 'n BA-graad skep die geleentheid vir studente om as 't ware met "randkwalifikasies" 'n taalpraktisyn te kan word. Die "add-on"-verskynsel aan universiteite se opleidingsprogramme (veral in 'n basiese BA Taal- en Literatuurstudie), bied 'n beroepsartikulasiemoontlikheid vir bemarkingsdoeleindes om studente te werf. Dit is

nie 'n deurdagte kurrikulum afgestuur op gerigte taalpraktykopleiding nie, maar 'n algemene BA-graad of taalopleiding met 'n katspoegie praktiese taalpraktykopleiding. Met hierdie kwalifikasie kan die afgestudeerde student dan die arbeidsmark as 'n taalpraktisyn betree.

In die samestelling en vlak van gerigtheid, die noodsaaklike voorkennis vir uitkomste, en motivering vir elke ander module of vak van opleiding van ouditeurs, dokters en advokate, byvoorbeeld, vorm al die vakke ondersteunend tot mekaar die basis van die opleiding. Dit bestaan nie uit algemene opleiding wat ondersteun word deur enkele modules, vakke, 'n hoofvakopsie, kursus of selfs 'n losstaande honneurskwalifikasie nie (vergelyk die bespreking van kwalifikasies en opleiding in die loopbaan van hierdie professies hierna en ook soos dit in 4.6.3 ter sprake gekom het).

Sou dit enige gesag dra in en aanvaarbaar wees vir die samelewing as mense met 'n BSc-graad en 'n module of twee-drie praktiese opleiding in anatomie en fisiologie, en/of diagnostiek, eerstehulp en teaterpraktyk wannéér hulle gereed voel en indién hulle dit sou verkiés by die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad gaan aanklop vir die een of ander vorm van vinnige akkreditasie as 'n dokter? Of les bes, hulle toelaat om sonder enige formele professionele kwalifikasies en volle registrasie te praktiseer? Is dit hoegenaamd eties dat 'n argitektegnoloog of -tekenaar homself bemark as 'n professionele argitek?

In Suid-Afrika kan argitektuur as beroep in een van vier kategorieë beoefen word, maar professionele beroepstatus is **afhanklik van die kwalifikasies** van die individu: professionele argitek (Pr. Arch.), professionele senior argitektegnoloog (Pr. S. Arch. T.), professionele tegnoloog (Pr. Arch. T.), of professionele tekenaar (Pr. Arch. Draught.).[301]

Opleidingsvereistes aan 'n geakkrediteerde universiteit om as 'n **professionele argitek** te kwalifiseer en te praktiseer verloop soos volg:

- 'n driejarige BA Argitektuur of BSc (Argitektuur);
- 'n addisionele tweejarige nagraadse, professionele graad;
- twee jaar indiensopleiding as 'n "kandidaat";
- 'n daaropvolgende professionele praktiese eksamen, wat lei tot
- verpligte registrasie by die South African Institute of Architects, en
- verpligte gestruktureerde voortgesette opleiding (vergelyk die bespreking in 4.7.4.5.4).

Dit word al hoe duideliker dat opleiding vir professie beroepsgerig is, aan bepaalde teoretiese sowel as praktiese vereistes voldoen, by goedgekeurde opleidingsinstansies moet geskied, registrasie by 'n professionele beroepsliggaam vereis, binne 'n etiese raamwerk funksioneer, en gestruktureerde en geakkrediteerde voortgesette opleiding noodsaak (vergelyk ook die professies waarvan opleidingsvereistes reeds in 4.6.3 bespreek is, en die bespreking hierna in 4.7.4.5).

Indien opleiding (in al sy fasette) die attribuut is wat taalpraktyk op die professionele kaart kan plaas, is 'n plan van aksie om die situasie te beredder, nie gekompliseerd nie:

[301] The South African Institute of Architects. http://www.saia.org.za/education_careers.php

- Oorreed – vereis van? – die beroepsliggaam om opleidingsinstansies wat wel beroepsgerigte opleiding aanbied – soos die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoekkampus – se kurrikula as basisopleiding te akkrediteer en te implementeer sodat dit die grondslag bied vir enige registrasie, akkreditasie of sertifikasie as taalpraktisyn.
- Indien ander opleidingsinstansies opleiding in Taalpraktyk wil aanbied, moet die kurrikula dienooreenkomstig aangepas en geakkrediteer word, of andersins gestaak word.
- Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) moet van universiteite vereis om beroepsgerigte BA-taalpraktykkwalifikasies met leeruitkomste op ’n vlak 8 (vergelyk SAQA, 2010:7-8) aan te bied wat op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) geregistreer is en nie net by die Council of Higher Education (CHE) nie (vergelyk die bespreking in 4.7.3), wat tegelykertyd standaardisering van opleidingsprogramme sal bewerkstellig.

As dit die dringende strewe onder verantwoordelike taalpraktykrolspelers is om taalpraktyk te professionaliseer, moet beleidmakers aan Suid-Afrikaanse universiteite die gebreke en leemtes in opleidingsprogramme identifiseer en daadwerklik die nodige stappe doen of prosesse van stapel stuur sodat die probleem nie bly vassteek in ’n terminologiese debat nie. Taalpraktykopleiding aan die meeste Suid-Afrikaanse universiteite voldoen nog nie aan die vereistes wat behoort te geld vir professie nie. Inklusiwiteit impliseer dat voornemende taalpraktisyns met die maksimum opleiding professioneel toegerus die arbeidsmark betree, nie om dese en gene met die minimum of geen opleiding toelaat om in die taalpraktyk te peuter nie; dit is die prerogatief van beunhase. Dokters, advokate en ouditeurs durf nie in hulle beroepsloopbaan rondpeuter totdat hulle sukses behaal a la inligtingstegnoloë, haarkappers of motorwerktuigkundiges nie. SAVI belyn hulle tans meer met die “peuterende” beroepe en minder met die professionele beroepe.

Uit die ondersoek na en analise van die gemene delers in die opleidingvantaalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere en die gepaardgaande bespreking in hierdie subafdeling word dit pertinent duidelik dat die attribuut van beroepsgerigte en gestandaardiseerde taalpraktykopleiding nog nie ’n realiteit is aan Suid-Afrikaanse universiteite nie. Taalpraktykopleidingsprogramme aan die meeste universiteite in Suid-Afrika tans is nog nie gestandaardiseer nie en is afgestem op ’n spesifieke situasie of doel afhangende van die fokus van die bepaalde opleidingsinstansie wat dan die inhoud van die program bepaal.

Vervolgens word die moontlike redes en/of praktyke vir die gebrek aan gestandaardiseerde taalpraktykopleiding in Suid-Afrika en Vlaandere bespreek. Hierdie redes setel moontlik in die rol van akademiese kurrikulumskeppers, verwarrende konsepte van sertifisering, akkreditering en lisensiëring, gebrek aan verpligte internskap, gebrek en behoefte aan gestruktureerde, verpligte, en erkende voortgesette opleiding

4.7.4.5 Moontlike redes vir die leemtes in beroepsgerigte taalpraktykopleiding

4.7.4.5.1 Die rol van kurrikulumskeppers

Alhoewel die rol en noodsaak van die universiteit in die opleiding van taalpraktisyns algemeen aanvaar word, bestaan die moontlikheid dat die sosiale en akademiese en doelwitte van akademiese beleid- en kurrikulumskeppers in die verskillende opleidings-

instansies nie noodwendig ooreenstem nie (Burrage *et al*., 1990:212), 'n moontlike rede kan wees vir die lukrake en uiteenlopende aard van die opleidingsprogramme, maar ook 'n vertraging skep in die proses van standaardisering van beroepsgerigte opleidingsprogramme in Suid-Afrika. Die agtergrond en onderskeie loopbane van akademiese rolspelers, hulle verskillende rolle en verwagtinge ten opsigte van die ontwikkeling van die kennisveld van die taalpraktyk (die teorie versus die praktyk, taalpolitieke kwessies), en hulle sosiopolitieke verwagtinge (vergelyk 4.2), onder andere, kan alles as potensiële bronne van en redes dien vir die oënskynlike leemtes in beroepsgerigte en gestandaardiseerde opleidingsprogramme in Suid-Afrika en Vlaandere.

Indien beroepsgroepe wil aanspraak maak op 'n korpus gespesialiseerde kennis wat hulle die reg gee om spesifieke areas van sosiale beleid in die samelewing te beheer (Freidson, 1986:ix), sou akademiese leiers en kurrikulumskeppers moet aanvaar:

- dat opleiding vir professie 'n gestandaardiseerde teoretiese en praktiese grondslag moet vertoon;
- dat opleiding nie op 'n ad hoc-basis kan geskied nie, en
- dat opleiding bepaald beroeps- en praktykgeoriënteerd moet wees, veral binne die konteks van professionele praktyke in die veranderde beroepsomgewing van die veranderende sosiopolitieke konteks.

Hef-aan lê nog voor: Kurrikulumskeppers moet aanvaar dat die opleiding van taalpraktisyns 'n ernstige pedagogiese uitdaging inhou ten opsigte van belyning met praktyknoodsaaklikhede. Eers wanneer taalpraktykopleidingsprogramme voldoen aan die uitdagings van praktykkriteria, kan daar sprake wees van standaardisering en beroepsgerigte opleiding as attribuut vir professie.

In hierdie verband kan Baker (1996:42) se vermaning ten opsigte van die vertaalpraktyk ook van toepassing gemaak word op die taalpraktyk as wetenskaplike dissipline:

> What many of us think of as a "profession" is unlikely to achieve genuine professional status without some interaction with a discipline that provides it with a coherent framework, a sense of continuity and some insight into where it is going. We do not expect lawyers, for instance, to shun academia and theory and follow their innate sense of what is right and wrong. We accept law as a profession ... because it requires **solid training in theoretical and practical matters,** and because it is indisputedly linked to a **healthy and stable academic** discipline.

Die kern van die saak is: Die studie van taalpraktyk en die akademiese instansies waar die taalpraktyk onderrig word, funksioneer en vind nie in 'n intellektuele ivoortoring plaas nie, inteendeel: "They serve social needs" (Neubert, 1989:5). Taalpraktykakademici in Suid-Afrika moet bedag wees op die uitdagings wat die spesifieke taal- en sosiale behoeftes van 'n veranderende sosiopolitieke multitalige samelewing bied en taalpraktisyns met die nodige teoretiese en praktiese opleiding toerus, die taalpolitieke bagasie ten spyt (vergelyk 4.2, 4.7).

4.7.4.5.2 Verwarrende konsepte van sertifisering, akkreditering en lisensiëring

Daar heers groot verwarring in die privaat sektor – en dikwels ook onder beroepspraktisyns – ten opsigte van die verskillende reguleringsaspekte van beroepe en/of professies, te wete sertifisering, akkreditering en lisensiëring (Stejskal, 2005:3; vergelyk ook die bespreking in 4.6), wat moontlik die hele kwessie van opleiding verder kompliseer.

Een van die mees algemene tipes erkenning van beroepsbevoegdheid in die samelewing is **sertifisering**, 'n proses van attestering wat 'n individu bekwaam verklaar om 'n beroep te beoefen, of 'n spesifieke werk of taak te verrig. Sertifisering geskied gewoonlik ná die suksesvolle aflegging van 'n eksamen volgens vasgestelde standaarde, wat resulteer in 'n formele kwalifikasie, en is afhanklik van gestandaardiseerde, beroepsgerigte opleidings-spesialiseringsprogramme.Sertifisering hou dus nie verband met die status van statutêr erkende beroepspraktyke nie, hierdie proses geskied deur lisensiëring (Shaw, 2004:10; Stejskal, 2005:3).

'n Uitstekende voorbeeld van die konkrete en komplekse samehang tussen sertifisering en opleiding in die gevestigde professies, is duidelik uit die beroepsloopbaan van die publieke ouditeur (PO) ooreenkomstig die terme van die Ouditprofessiewet vir registrasie by IRBA (wat dien as professionele erkenning) wat betref die vereiste kwalifikasies en eksamens. Die proses wod grafies soos volg voorgestel[302] (vergelyk ook die prosesse van sertifisering van dokters en advokate in die bespreking in 4.6.3):

[302] IRBA. Career path to becoming a Registered Auditor. http://www.irba.co.za/index.php/education-training-a-professional-development/67?task=view



A. 'n Erkende akademiese program ontwikkel kernvaardighede (kennis en vaardighede)wat die basis bied waarop professionele kundigheid gebou kan word. Die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde (of ekwivalent) wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR)geakkrediteer word, vereis die voltooiing van 'n driejarige universiteitskwalifikasie en 'n eenjarige nagraadse kwalifikasie (graad of diploma) van 'n universiteit wat deur SAIGR erken word.

B. 'n Erkende kernassesseringsprogram assesseer tegniese vaardighede ná die voltooiing van 'n erkende akademiese program: Deel 1 van SAIGR se kwalifiserende eksamen. Dit bestaan uit twee (2) eksamenvraestelle van vyf (5) uur elk en bestaan uit diverse areas van kennis en vaardighede in vakke soos rekeningkunde, ouditkunde, finansiële bestuur, belasting, besigheidsinligtingstelsels en ander verwante vakke.

D. 'n Erkende leerprogram integreer praktiese ondervinding en teoretiese kennis en vaardighede om professionele vakkundigheid te ontwikkel. Hierdie programme moet aangepak word ná voltooiing van 'n akademiese program en gedurende die periode van praktiese opleiding. Die *Specialist Course in Auditing* word tans deur SAICA geakkrediteer.

C. 'n Erkende opleidingsprogrambied die omgewing waar aspirantrekenmeesters praktiese ervaring opdoen in die kantoor van 'n Geregistreerde Rekenmeester (GR) wat goedgekeur is vir opleidingsdoeleindes. Die volgende opleidingsprogram word tans erken: opleidingskontrakte wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) geadministreer word. Om toelating tot die Publieke Praktykeksamen (PPE) te kry, moet die kandidaat, op die voorwaarde dat 'n persoon aan al die ander vereistes voldoen, ten minste agtien maande van 'n erkende praktykopleidingsprogram voltooi. In die geval van aspirantrekenmeesters in die akademiese opleidingsprogram wat gedurende hulle eerste jaar van hulle opleidingskontrak 'n erkende kernassesseringsprogram druip, word vereis dat 'n erkende opleidingsprogram gevolg word wat by die Raad geregistreer word ten minste vyftien maande voor die eerste dag van die maand waarin die eksamen plaasvind. IRBA monitor die erkende programme aktief op 'n kontinue basis.

Figuur 4.14: Die samehang tussen sertifisering en lisensiëring van die PO

Predikante wat in Suid-Afrika tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk bedieningsberoep wil toetree, ondergaan 'n proses van streng keuring, akademiese en praktiese opleiding, begeleiding en toesighouding oor 'n tydperk van ses jaar. Die toelatingsvereistes vir predikante tot die bedieningsberoep word in Artikel 5 van *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* (NGK, 2007:2) uiteengesit:

- ’n geskiktheid vir die amp;
- ’n deeglike teologiese opleiding, en
- die ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die *Formuliere van Eenheid* vervat is.

Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied. Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienaars, word deur ’n kuratorium behartig.

Ten opsigte van universiteite waar daar nie ’n teologiese fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bestaan nie, geskied die keuring, begeleiding en toesighouding oor studente wat met die eerste fase van die opleiding vir die evangeliebediening besig is, deur ’n sinodale kommissie vir begeleiding wat deur die betrokke sinode benoem word. Die kuratorium benoem ’n eksamenkommissie wat bestaan uit soveel lede as wat hy nodig ag uit bevoegde persone voorgelê aan die kuratorium deur die onderskeie sinodes en wat nie noodwendig lede van die kuratorium hoef te wees nie. Die eksamenkommissie het as opdragte:

- Die keuring en aanbeveling by die kuratorium van kandidate ná voltooiing van hulle teologiese studies.
- Die afneem van *colloquium doctum*.

Toelating tot teologiese opleiding val uiteen in twee dele, met as die eerste deel (NGK, 2007:90- 91):

- streng keuringsvereistes en voorwaardes;
- ’n sesjarige opleiding in gereformeerde teologie vir die gepaardgaande graad, wat ten minste ’n tweejarige opleiding in Grieks en Hebreeus, asook ’n praktiese gemeentejaar in die laaste jaar insluit;
- ander minimum vereistes vir toelating tot die NG Kerk (geformuleer deur die Algemene Taakspan vir Teologiese Opleiding (ATTO) vir onderhandeling deur die onderskeie eksamenkommissies met die fakulteite met die oog op die ontwerp van die akademiese programme.

Wanneer ’n kandidaat die eerste deel van sy/haar teologiese opleiding voltooi het, vereis die NG Kerk (NGK, 2007:91):

- dat persone wat toegelaat wil word tot die bediening ten minste die laaste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-erkende opleidingsentra moet voltooi, te wete Stellenbosch, Pretoria of Bloemfontein, en
- dat sy/haar aansoek vergesel wees van ’n bewys van akademiese kwalifikasies, kerklike meelewing en ’n mediese verslag.

Opleiding bestaan uit (NGK, 2007:90-91)[303]:

- inhoudelik gestandaardiseerde kursusse;
- eksaminering van kandidate se kennis van die Bybel en die belydenisskrifte
- toetsing van hulle taalvaardigheid in Afrikaans;
- praktykopleiding in die finale studiejaar waartydens studente vir die volle jaar onder toesig van 'n gemeenteleraar werk;
- proefpreke, en
- praktiese werk.

Predikante in die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort nie aan 'n vakbond of beroepsliggaam nie. Elke predikant word individueel deur 'n gemeente in diens geneem, waar daar 'n aantal liggame is wat die funksies van 'n beroepsliggaam hanteer. Die Kerkraad is namens die gemeente die werkgewer wat die gesag het om toesig te hou oor die kwaliteit van werk en dissipline handhaaf deur middel van hulle etiese kode. Al die nodige prosesse word gehandhaaf deur 'n Raad wat in der waarheid 'n burgerlike samelewingsliggaam is; dit het geen staatlike mag nie, alhoewel dit binne regsbeginsels opgerig word. Die Kerkraad het dus die gesag om die prosesse deur te voer, mits dit predikante is wat deur die kerkverband beroepbaar gestel word en deur al die kerklike sertifiseringsprosesse gegaan het. Die Kerk oefen druk uit op universiteite deur die Nasionale Sinode vir opleiding en het inspraak op opleidingsprogramme by die opleidingsinstansies wat nog steeds aan SAKO-vereistes moet voldoen.

Die professie is nie staatsgesanksioneer nie, maar die prosesse tot professionalisering soos hierbo beskryf, spreek van die passing tussen beroepsopleiding, beroepsertifisering en beroepstoelatingsbeheer wat die potensiaal bied om sowel deprofessionalisering (vergelyk 4.2.3) teë te werk as om professionele status op 'n ander wyse as staatsanksionering te bewerkstellig. Die bedieningsberoep is 'n sprekende voorbeeld van 'n professie wat nie eens 'n aantoonbare professionele beroepsliggaam het nie, maar dit tog grootliks regkry om in veranderende kontekste as professie erken te word.

Hierdie formele en gestandaardiseerde prosesse word die spieël waarteen die taalpraktyk as beroep opgehou word om die vinger op die presiese seerplekke te lê.

Lisensiëring verwys na die magtiging – of lisensie – wat toestemming verleen om 'n beroep te beoefen as professie. Lisensiëring (hier dan ten opsigte van beroepsaktiwiteite) geskied om sodanige aktiwiteite te reguleer, veral as gespesialiseerde vaardighede ter sprake kom wat lewensnoodsaaklik is vir die verbruiker, kliënt of pasiënt. Die gevaar- en vaardigheidselement van dienste noop dan regerings om spesifieke beroepsaktiwiteit te reguleer deur lisensiëring, wat 'n goed gevestigde en gerieflike metode van beroepsregulering is (Shaw, 2004:10).

[303]Ou-Testamentiese Wetenskap; Nuwe-Testamentiese Wetenskap; Historiese vakke en Kerkreg, insluitende Kerkgeskiedenis van die NG Kerk en Gereformeerde Kerkreg ; Dogmatologiese en etiese vakke/Sistematiese Teologie; Godsdiens- en Sendingwetenskap/Missiologie; Praktiese (amptelike) vakke/Praktiese Teologie; Spesialisering in 'n bepaalde studiegebied, insluitend 'n verhandeling oor 'n gespesialiseerde onderwerp; Enige ad hoc-vereistes kan by die onderskeie fakulteite gestel word.

Soms geskied lisensiëring wel deur ’n professionele (statutêr erkende) beroepsliggaam of ’n lisensiëringsraad wat saamgestel is uit ’n groep hoogs aangeskrewe beroepspraktisyns wat aansoeke beheer. Dit behels dikwels geakkrediteerde opleiding en/of eksaminering, maar wissel tot ’n groot mate vir verskillende beroepsaktiwiteite in verskillende lande, indien dit wel bestaan (vergelyk 4.4.3). **Akkreditering** is ’n proses van sertifisering waarin bevoegdheid, gesaghebbendheid en geloofwaardigheid ten opsigte van beroepsaktiwiteite ter sprake kom, en is vir taalpraktisyns tans ’n vrywillige proses.

Gewoonlik geskied lisensiëring deur regeringsentiteite vir openbare beskermingsdoeleindes en sertifisering deur ’n professionele liggaam. Daar is tog ’n mate van gedeelde belange in die sin dat beide die demonstrering van ’n gestandaardiseerde vlak van kennis en vaardighede vereis (Shaw, 2004:10).

In die professionaliseringsproses word lisensiëring, histories beskou, metterjare dié metode van keuse waardeur gildes en beroepe hulleself transformeer in professies. Beroepsluiting en beroepuitsluiting is steeds die voorkeurroete vir regulering, hetsy vir tradisionele beroepe soos medisyne, regte, die kerklike beroep, of ander beroepe wat oor die jare heen professionaliseer, soos die ouditberoep, die bankwese, wetenskapbeoefening en argitektuur (Witz, 1990:675-690).

Dit wil egter voorkom of lisensiëring in toenemende mate plek maak vir **lidmaatskap** aan die professionele beroepsliggaam met **gepaardgaande sertifisering** as ’n metode om ongekwalifiseerde individue uit te sluit (Witz, 1990:675-690) indien daardie beroepsliggaam wel aan die nodige attribute van bevoegdheid voldoen (soos geargumenteer in 4.6).

Die algemene opvatting is dat regulering deur lisensiëring dien as die maklikste en effektiefste metode van die handhawing van die hoë standaarde, hoë status en elitevoorregte van ’n beroep en mededinging beperk van ongekwalifiseerde amateurs wat ’n goedkoper, maar (na bewering) sub-standaarddiens sou lewer. Dit beteken dat slegs die mees hoogs gekwalifiseerde persone toegelaat word tot die professie en sy voorregte, om hoë vergoeding en ’n hoë status in die samelewing te geniet.

Kleiner (2006) kom egter tot die slotsom dat lisensiëring wel vergoeding verhoog en toelating tot beroepe beperk sonder enige aantoonbare verbetering van die standaard van dienste. Sertifisering, aan die ander kant, bied baie van die voordele van lisensiëring, maar maak in veranderende beroepsomgewings voorsiening vir kompetisie terwyl dit ook toelating beperk.

Law (2010:22) meen dat akkreditering waarskynlik die mees doeltreffende manier is om die praktykbevoegdhede van die taalpraktisyn te bepaal. Dit mag wel die geval wees, maar akkreditering sonder enige sertifisering (kwalifikasies en beroepsgerigte opleiding) plaas ’n vraagteken oor die geloofwaardigheid van die beroep en die akkrediteringsliggaam ter sprake (soos dit duidelik word uit die bespreking in 4.6).

Regulering, hetsy in die vorm van lisensiëring en/of akkreditering, is noodsaaklikvir die professionalisering van enige beroep (vergelyk onder andere Abbott, 1988; 1991; Burrage & Torstendahl, 1990*;* Carmichael & Pomerleano, 2002; Dingwall & Fenn, 1987; Freidson, 1986; Frost, 2007; Halmos, 1973; Johnson, 1972; Langenhoven & Daniels, 1980; Larson, 1977; 1979; Orzack, 1994; Rueschemeyer, 1983; Wadensjö, *et al*., 2007).

In 'n veranderende beroepsomgewing en toenemende beroepsaktiwiteite moet die kwaliteit van taalpraktyk en -dienste as 'n gegewe voorkeur geniet. Regulering van die beroep bly nog altyd 'n prioriteit, daarom is dit noodsaaklik dat 'n effektiewe manier van regulering in plek gestel word om die kwaliteit van taalpraktykdienste te waarborg (vergelyk ook 4.3.3).

4.7.4.5.3 Gebrek aan verpligte internskap

Internskappe bied ideale geleenthede om te eksperimenteer met en loopbane te volg wat ooreenstem met akademiese en persoonlike belange. Die voordele verbonde aan die voltooiing van 'n internskap sluit in die ontwikkeling van spanwerkvaardighede wat gepaard gaan met die uitoefening van individuele verantwoordelikheid, die geleentheid om te eksperimenteer met poste wat met akademiese en persoonlike belange ooreenstem, en die geleentheid om beroep- en praktykspesifieke vaardighede te ontwikkel wat praktykgerigte teoretiese opleiding komplementeer (Loretto, 2011).

Internskappe verhoog die moontlikheid van die bou van professionele netwerkkontakte en mentorverhoudinge, en bied aan studente en graduandi die geleentheid om ervare werksoekers te word. Trouens, baie werkgewers oorweeg internskapervaring in die aanstellingsproses, en dikwels word hulle eie interns as die beste moontlike kandidate vir voltydseposte oorweeg (Loretto, 2011).

Baie organisasies begin om die waarde van die ontwikkeling van internskapprogramme in te sien. Internskappe bied 'n wen-wen-situasie vir beide die organisasie en die student, terwyl die organisasiedie geleentheid gebied word om talentvolle studente met nuwe kennis en vaardighede vir die werksmag voor te berei.

Praktykopleiding vorm 'n inherente en verpligte deel van die opleiding van professies:

- **Advokate** moet 'n een jaar lange pupilskap binne 'n gegewe periode in 'n jaar ondergaan.[304]
- **Dokters** moet 'n verpligte voorgeskrewe internskap van twee jaar by 'n geakkrediteerde mediese instansie voltooi (HPCSA, 2009:9-10, 12, 16, 28).
- **Geoktrooieerde ouditeurs** moet minstens agtien maande leerlingrekenmeesterskap by 'n erkende opleidingsinstansie buite openbare praktyk voltooi, sowel as 'n driejarige opleidingskontrak by 'n goedgekeurde firma van geoktrooieerde rekenmeesters in openbare praktykof by 'n goedgekeurde maatskappy in die handel en nywerheid (SAICA, 2008).
- **Publieke ouditeurs** moet ten minste agtien maande van 'n erkende praktiese opleidingsprogram voltooi om toelating tot die Publieke Praktykeksamen (PPE) te kry.[305]
- **Predikante** doen praktykopleiding in die finale studiejaar waartydens studente vir die volle jaar onder toesig van 'n gemeenteleraar werk (NGK, 2007:91).
- **Sielkundiges** word deur wetgewing verplig om een jaar verpligte internskap te doen (SA, 2004) tot bevrediging van die Raad voordat 'n persoon geregtig is op registrasie om as 'n sielkundige by die Professionele Raad vir Sielkundiges te kan praktiseer.
- **Professionele argitekte** doen twee jaar verpligte indiensopleiding by 'n goedgekeurde argitekfirma as 'n "kandidaat."[306]

[304] The General Council of the Bar of South Africa: inligting beskikbaar op http://www.sabar.co.za/legal-career.html
[305] Recognised Education Programme. http://www.irba.co.za/index.php/education-training-a-professional-development/192?task=view

4.7.4.5.4 Gebrek aan gestruktureerde voortgesette professionele opleiding (VPO)

Voorgesette professionele ontwikkeling is 'n kontinue, selfgerigte, gestruktureerde, uitkomsgebaseerde beloop van leer en persoonlike ontwikkeling (Rouse, 2004:2069) en word toenemend 'n ononderhandelbare aspek van die attribuut van opleiding van professie in die veranderende beroepsomgewing.

Voortgesette professionele ontwikkeling of onderrig (VPO) is die enigste wyse waaropdie professionelepraktisynsy/haar kennisen vaardighede wat verband hou met 'n professionele beroepsloopbaan kan handhaaf. Per definisie impliseer VPO alle opleiding, kennis, vaardighede en 'n houding wat effektiewe en professionele aktiwiteite wat binne en buite die gewone werksopset te sprake kom.

Hoewel praktisyns self verantwoordelikheid moet aanvaar vir hulle eie professionele ontwikkeling, het die formele werkgewer ook 'n rol te speel in die ontwikkelingebehoeftes wat verband hou met werksprestasie. Die benadering van voortgesette opleiding strek tot die voordeel van beide die vryskuttaalpraktisyn sowel as die taalpraktisyn in die formele organisasie en spreek tot die ontwikkelingebehoeftes van albei (Rouse, 2004:2074).

VPO word in die veranderende beroepsomgewing ongetwyfeld as 'n intrinsieke en ononderhandelbare faset van die attribuut van beroepsgerigte opleiding vir die professionele praktisyn in die samelewing. Dit maak reeds deel uit van die beroepsbewussyn en professionele kultuur vir, onder andere, gesondheidspraktisyns, ouditeurs en siviele ingenieurs in die meeste ontwikkelde lande in die wêreld.

Alle **gesondheidspraktisyns** het 'n verantwoordelikheid om hulle professionele kennis en vaardighede tot voordeel van die pasiënt of kliënt te gebruik. Dit impliseer dat hulle op hoogte moet bly van die nuutste ontwikkelinge, behandelings en tegnologie in die onderskeie mediese velde. Daar word van elke gesondheidspraktisyn wat by die verskillende mediese rade in Suid-Afrika geregistreer is, vereis om dertig voortgesette opleidingseenhede te versamel oor 'n tydperk van twaalf maande, waarvan vyf van die eenhede moet handel oor etiek, menseregte en mediese wetgewing. Punte is geldig vir vier en twintig maande vanaf die datum waarop die aktiwiteit plaasgevind (of geëindig het, in die geval van nagraadse studies), waarna dit verval. Dit beteken dat praktisyns 'n balans van sestig VPO-punte versamel teen die einde van hulle tweede praktykjaar, en daarna die balans aanvul deur middel van addisionele VPO-punte soos wat elke vier en twintig maandelange geldigheidsperiode verstryk. Duidelike riglyne in verband met hierdie aspek van opleiding word op die Mediese Raad se webblad gegee.[307]Verpligte lukrake oudits word uitgevoer om te verseker dat praktisyns voldoen aan die vasgestelde vereistes, en die onderskeie mediese rade kan dissiplinêre stappe teen praktisyns neem wat nie aan hierdie opleidingsvereistes voldoen nie.

IRBA vereis van alle geregistreerde **publieke ouditeurs** om ten minste negentig uur verifieerbare, ouditrelevante VPO-krediete oor 'n tydperk van drie jaar te voltooi. SAIGR-lede kan vir beide gestruktureerde en ongestruktureerde VPO-aktiwiteite punte kry soos bepaal

---

[306]Vergelyk http://www.saia.org.za/education_careers.php
[307] Vergelyk http://www.hpcsa.co.za/cpd_overview.php

deur die riglyne. SAIGR vereis van sy lede om 120 uur VPO-aktiwiteitete te voltooi in ’n tydperk van drie jaar waarvan 60 uur verifieerbaar moet wees. ’n Minimum van twintig uur voortgesette opleiding moet elke jaar voltooi word.[308]

Die komplekse gestruktureerde beroepsgerigte vereistes en inhoud van voortgesette ontwikkeling vir siviele ingenieurs is ’n sprekende voorbeeld van die waarde wat aan hierdie aspek van opleiding as attribuut van professie geheg word en word in detail op die SAICE-webblad uiteengesit[309].

Sedert 2007 word herregistrasie van siviele ingenieurs by die South African Institution of Civil Engineering (SAICE) gekoppel aan voortgesette professionele opleiding om ’n kultuur van voortgesette professionele ontwikkeling in die professie te bevorder en om internasionale erkenning te verseker. Artikel 22 (1) van die nuwe Wet op die Ingenieursprofessie, 2000 (Wet 46 van 2000) vereis dat ’n geregistreerde persoon ten minste drie maande voor die voorgeskrewe vervaldatum van sy registrasie aansoek doen om hernuwing van registrasie by die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA).

Ná die aanvanklike infasering van die eerste hernuwing van registrasie, geskied VPO in siklusse van vyf jaar waartydens van elke geregistreerde persoon verwag word om 25 krediete te akkummuleer ten einde registrasie te behou. In ’n jaar sal van die geregistreerde persoon verwag word om ’n minimum van drie krediete te akkummuleer. Addisionele krediete verdien in enige een jaar, kan oorgedra word na die daaropvolgende jaar van die vyfjaarsiklus. Die tabel hieronder gee besonderhede van die aanvanklike vernuwing en die daaropvolgende hernuwings volgens elke geregistreerde persoon se oorspronklike datum van registrasie:

Jaar van eerste registrasie			1969	1970	1971
	1972	1973	1974	1975	1976
	1977	1978	1979	1980	1981
	1982	1983	1984	1985	1986
	1987	1988	1989	1990	1991
	1992	1993	1994	1995	1996
	1997	1998	1999	2000	2001
	2002	2003	2004	2005	2006
Eerste hernuwing van registrasie	2007	2008	2009	2010	2011
Aantal krediete benodig vir eerste hernuwing van registrasie	5	10	15	20	25
Tweede hernuwing van registrasie	2012	2013	2014	2015	2016

’n Lid wat dus virdie eerste keer op15 Maart 1983 geregistreer het, sal sy registrasie teen 15 Maart 2008 moet hernu. Daar sal van die persoon verwag word om tien krediete vir die eerste hernuwing van registrasie te hê. Die geregistreerde persoon se tweede hernuwing sal in 2013 geskied, waar die normale vyf en twintig krediete vereis sal word. Met die aanvang van die stelsel op 1 Januarie 2006, sal van daardie persoon verwag word om die besonderhede van sy VPO-aktiwiteite in te dien binne 30 dae na 14 Maart 2007 vir die eerste jaar tot op 14 Maart 2007.

[308] http://www.irba.co.za/index.php/education-training-a-professional-development/200?task=view
[309] South African Institution of Civil Engineering http://www.civils.org.za/CPD/tabid/77/Default.aspx

Die kategorieë met aktiwiteite waarin VPO-krediete opgedoen kan word, die gewig van die maksimum krediete wat jaarliks in elke kategorie verkry kan word, sowel as diverse aktiwiteite waarvoor krediete verdien kan word, is in detail gestruktureer. Dit maak voorsiening vir 'n wye verskeidenheid aktiwiteite oor die spektrum van die beroepsveld wat op die lang duur net tot die voordeel van 'n professionele houding en die vestiging van 'n professionele kultuur kan strek. Kurrikulumskeppers van taalpraktykopleiding sowel as SAVI kan heelwat kerse gaan opsteek by bestaande programme van voortgesette opleiding soos hier beskryf.

VPO-krediete moet verkry moet word in minstens twee van die drie kategorieë hieronder getabuleer, met ten minste een krediet per jaar uit Kategorie 1. Die maksimum krediete wat jaarliks in elke kategorie geakkummuleer word, word ook aangedui.

KATEGORIE	TIPE AKTIWITEIT	KREDIETE	URE
1	**Ontwikkelingeaktiwiteite** • Seminare • Opknappingskursusse • Colloquiums	1 krediet/ 10 uur bywoning	40
2	**Werkgebaseerde aktiwiteite** • Ingenieurswerk • Mentor van kandidaatpraktisyns	 2 /400 uur 1 /50 uur	 800 50
3	**Individuele aktiwiteite** • Lidmaatskap van 'n erkende beroepsliggaam • Ander goedgekeurde aktiwiteite[310] • Lidmaatskap van 'n erkende ECSA-vrywillige beroeps-liggaam (soos SAICE)	 1 krediet 3/10 uur Maksimum 1 /per jaar	 Geen 30 Geen

Tabel 4.12: 'n Voortgesette professionele opleidingsprogram vir siviele ingenieurs

Die gedetailleerde struktuur van die voortgesette professionele opleidingsprogram vir siviele ingenieurs dui op die erns wat 'n professionele beroep kán en móét maak met hierdie attribuut van professie. Dit is dus haalbaar om tersaaklike prosesse in plek te stel om taalpraktisyns te akkommodeer, en om 'n kultuur van voortgesette ontwikkeling te bevorder met betrekking tot professionaliserende beroepe: wat betref die aanpassing van die opleidingsprogram sowel as registrasie by 'n beroepsliggaam.

[310] Enkele voorbeelde is:
• Deeltydse lesings aan voorgraadse en nagraadse studente: 'n krediet vir elke 10 uur van dosering.
• Toesig oor studente wat nagraadse studies onderneem: 2 krediete per jaar.
• Mondelinge eksamen van finalejaar-en nagraadse studente: 1 krediet vir elke 10 uurvan 'n aktiewe betrokkenheid.
• Evaluering van M-verhandelings en PhD-tesisse deur eksterne eksaminators: 2 krediete per jaar.
• Publikasie van navorsinginportuurgroep geëvalueerde tydskrifte: 'n enkeleouteur: 2 krediete per publikasie. Meer outeurs: 1 krediet per publikasie per skrywer.
• Publikasie van tegniese artikels: 1 krediet per artikel gepubliseer.
• Referate by konferensies of kongresse/plakkaataanbiedings:1 krediet elk.
• Deelname aan die statutêre, professionele, institusionele, tegniese of nietegniese komitees of taakgroepe: 'n krediet vir elke 10 uur van aktiewe deelname.
• Evaluering van opvoedkundige programme by Universiteite en Universiteite van Tegnologie vir doeleindes van akkreditasie: 1 krediet vir elke 10 uur van 'n aktiewe betrokkenheid.

Daar bestaan tans nog geen sprake van 'n formele struktuur vir of kultuur van voortgesette professionele opleiding van taalpraktisyns in Suid-Afrika of Vlaandere nie, hoewel die gespesialiseerde opleidingsprogramme en aktiwiteite in Vlaandere wel gekoppel word aan VPO-krediete (Van de Kreeke, 2010).

'n 2009-opname onder SAVI-lede ten opsigte van opleidingsbehoeftes (SAVI, 2009), dui op 'n behoefte onder SAVI-lede vir meer voortgesette opleidingsgeleenthede, veral in praktiese, bekostigbare kursusse waarvoor hulle 'n bevoegdheidsertifikaat kan ontvang. Dit kan in die vorm van kortkursusse of selfstandige universiteitsmodules wees[311].

Die volgende opleidingsinstansies in Suid-Afrika bied wel op 'n ad hoc-basis en van tyd tot tyd kortkursusse vir die doeleindes van opknapping of spesialisering aan[312], maar dit is nie gestruktureerd of verplig nie, dra nie gewig nie, word nie in verband gebring met VPO-krediete nie en daar is geen sprake van kategorieë, toegewysde en/of geakkrediteerde, goedgekeurde instansies nie, byvoorbeeld:

DIE FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT bied kredietdraende en niekredietdraende, kort leerprogramme op verskillende NKR-vlakke aan in Afrikaanse taalvaardigheid vir derde- en vreemdetaalsprekers; *Basic grammar of Sign language*; *Introduction to Sign language*; Skryf- en Rekenaarvaardighede vir die Navorser; Aanleer van Afrikaans vir vreemdetaalsprekers;Basiese Suid-Sotho-kommunikasie; *Developing oral presentation skills*; *Developing speaking skills in English*.[313]
DIE TAALSENTRUMVAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH bied op 'n gereelde grondslag 'n groot verskeidenheid werkswinkels oor 'n breë veld aan, veral in professionele kommunikasie; IsiXhosa, Afrikaanse en Engelse taalverwering; sowel as in wetenskaplike skryfvaardighede vir nagraadse studente en dosente.[314]
NWU VAALDRIEHOEKKAMPUS bied tussen 2008 en 2011 kortkursusse aan in *Desktop Publishing*; *Technical translation*; *Essential computer skills for translators: word-processing and electronic resources*; *Advanced computer skills for translators: translation memory (Trados; Audio description; Subtitling; Film studies (for educators)*; *Copyediting* (Law, 2010).
WITS LANGUAGE SCHOOL bied kortkursusse aan in die vertaling van geskrewe dokumente; hoftolking, konferensie-tolking, openbare dienste of besigheidskontekste, verskillende taalkursusse insluitende Suid-Afirikaanse Gebaretaal.[315].
KOMMUNICO[316] bied tussen 2005 en 2010 slypskole aan vir die taalprofessies (vertaling, redigering en tolking) in samewerking met die Departement Afrikaans en Nederlands aan die US. Slypskole word in 2011 aangebied in vertaling en redigering; tolking; die skep en hantering van terminologiese databasisse en vakwoordeboeke; WordSmith Tools.[317] Semesterkursusse (afstandsonderrig) in inleidende vertaalteorie en in praktiese vertaling as volwaardige kredietdraende kursusse op dieselfde vlak as die US se Nagraadse Diploma in Vertaling, en studente verwerf dan ook bevoegdheidsertifikate.[318]
MCGILLIVRAY LINNEGAR ASSOCIATES bied (onder andere) basiese en gevorderde kortkursusse aan in teksredaksie en proeflees van 'n verskeidenheid tekste; Engelse taalkunde vir teksredakteurs, publikasieprojekbestuur, fundamentele beginsels van boekontwerp en -produksie, bemarking in publikasie (Linnegar, 2011).

311 As uitvloeisel van 'n opname onder uitsluitlik SAVI-lede, kan die data waarskynlik nie as die behoeftes van die taalpraktykberoep in sy geheel vertolk word nie, maar 'n ekstrapolering van die persentasies response tot werklike getalle dui tog aan dat daar 'n betekenisvolle mark vir opleiding in taalpraktyk kan wees. Belangstelling van byvoorbeeld 49% in 'n kursus in beëdigde vertaling kan, teoreties, as ongeveer 360 mense (gegrond op 'n SAVI-ledetal van sowat 750) vertolk word.

312 Inligting verkry van http://translators.org.za/sati_cms/index.php?frontend_action=display_text_content&content_id=1574

313 Inligting beskikbaar op http://humanities.ufs.ac.za/templates/slp.aspx

314 Inligting beskikbaar op http://www0.sun.ac.za/taalsentrum/index.php?id=4

315 http://www.witslanguageschool.com/LanguageAreas/TranslationandInterpreting.aspx

316 Dr. Amanda Lourens van US se BK (Lourens, 2011). alourens@sun.ac.za 9 Augustus 2011. Navraag slypskole E-pos aan althea.erasmus@gmail.com Kommunico was dus eintlik die organiserende agent. Dr. Lourens was voorheen deeltyds dosent in redigering in die Departement. Sedert Januarie 2011 is sy voltyds in die Departement, en deel van haar posbeskrywing is om dieselfde slypskole nou bloot onder slegs die vaandel van die US te organiseer en te help aanbied. *Kommunico* bied dus nie meer slypskole aan nie.

317 Inligting beskikbaar op http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Arts/Departemente1/afr-ndl/aktiwiteite/Slypskole%20vir%20die%20taalprofessies

318 Inligting beskikbaar op http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Arts/Departemente1/afr-ndl/programme/Afstandsonderrig

Van de Kreeke (2010) gee 'n gedetailleerde uiteensetting van gevestigde gespesialiseerde en praktykgerigte taalpraktykopleiding in Vlaandere wat aan taalpraktisyns bekostigbare, gespesialiseerde opleidingsgeleenthede, bekostigbare VPO-krediete en internasionale erkenning bied.

Die opleiding vorm nie deel van 'n gestruktureerde, vereiste of formele VPO nie. Dit sluit in webwerflokalisering, sagtewarelokalisering, oudiovisuele vertaling en die vertaling van gespesialiseerde tekste uit spesifieke areas soos regte, medisyne, en die handelswêreld. Die opleiding bied aan taalpraktisyns die geleentheid om op datum te bly met ontwikkeling in die praktyk en bevorder terselfdertyd hulle geloofwaardigheid by kliënte as spesialiste in hulle veld:

ERASMUSHOGESCHOOL BRUSSELS EHB+ Die Departement Toegepaste Linguistiek se Sentrum vir Voortgesette Opleiding bied 'n nagraadse kursus en twee praktykgerigte kursusse aan:

- Die nagraadse kursus in regs- en administratiewe vertaling in Belgiese konteks is spesifiek ontwerp vir vertalers wat binne die konteks van Belgiese wetgewing wil werk en bied dus onmiddelllike werkgeleenthede in hierdie sektor. Die bron- en doeltale is Frans en Nederlands[319].
- Die voortgesette opleidingskursus in vertaalbestuur word as twee modules in afsonderlike werkswinkels aangebied: projekbestuur en teksredaksie. Die kursus in projekbestuur, in Engels aangebied, is gerig op gegradueerdes en beroepsvertalers wat die teoretiese sowel as die praktiese aspekte van projekbestuur in die beroepswêreld wil bemeester. Die kursus in teksredaksie is gerig op proeflesers, teksredakteurs en redakteurs van Nederlandse, Franse en Engelse tekste en word in Nederlands aangebied.[320]
- Die professionele ontwikkelingekursus in vertaling en inligtingstegnologie bied opleiding in sagteware vir terminologiedatabanke (*Multiterm 2009*), vertaalgeheues (*SDL Trados Studio 2009*, *Wordfast*), masjienvertaling, die vertaling van minder gebruiklike formate soos binêre formate (*Passolo* of *Alchemy Catalyst*) en die onderskrywing van oudiovisuele produkte.

LESSIUS UNIVERSITEIT ANTWERPEN Afgesien van die nagraadse *European Programme in Specialised Translation* wat ontwerp vir studente en professionele persone wat meer insig wil verkry in lokalisering, vertaaltegnologie en gespesialiseerde vertaalkwessies, word kursusse aangebied in oudiovisuele vertaling, webwerflokalisering, sagtwarelokalisering, en vertaalwerkswinkels word georganiseer. Met voltooiing van die program volg studente 'n internskap, maar die modules kan ook apart bygewoon word. Lessius is lid van die *SDL Trados Certification University Program* en kursusgangers kan inskryf vir die *SDL Trados Certification programme*.[321]

ARTESIS UNIVERSITEIT ANTWERPEN bied 'n nuutontwerpte aandkursus aan in oudiovisuele vertaling met die nuutste tegnieke en ontwikkelinge in die veld van onderbetiteling. Die kursus bestaan uit twee modules wat in twee aparte werkswinkels aangebied word. Die eerste module fokus op onderskrywing, en die tweede op onderskrywing vir dowes en hardhorendes. Die brontale is Engels en Frans en die doeltaal is Nederlands.[322] Die kursus sluit ook in lesings in oudiobeskrywing wat Nederlands aangebied word.[323]

KATHOLIEKE UNIVERSITEIT LEUVEN bied 'n professionele ontwikkelingekursus met 'n teoretiese en praktiese komponent aan in vertaling in 'n Europese konteks wat uit drie modules bestaan: besigheidsvertaling, literêre vertaling, en teksredaksie en spookskrywing.[324]

[319] Meer inligting beskikbaar op Specialised Translation Courses in Belgium (Flanders) | Suite101.comhttp://www.suite101.com/content/specialised-translation-courses-in-belgium-flanders-a288294#ixzz1UXsTQ3mH

[320] Meer inligting beskikbaar op Specialised Translation Courses in Belgium (Flanders) | Suite101.comhttp://www.suite101.com/content/specialised-translation-courses-in-belgium-flanders-a288294#ixzz1UXunBJWV

[321] Meer inligting beskikbaar op Specialised Translation Courses in Belgium (Flanders) | Suite101.comhttp://www.suite101.com/content/specialised-translation-courses-in-belgium-flanders-a288294#ixzz1UXvkLo86

[322] Meer inligting beskikbaar op Specialised Translation Courses in Belgium (Flanders) | Suite101.comhttp://www.suite101.com/content/specialised-translation-courses-in-belgium-flanders-a288294#ixzz1UXzAcsN3

[323] Meer inligting beskikbaar op Specialised Translation Courses in Belgium (Flanders) | Suite101.comhttp://www.suite101.com/content/specialised-translation-courses-in-belgium-flanders-a288294#ixzz1UXy5cCPQ

[324] Meer inligting beskikbaar op Specialised Translation Courses in Belgium (Flanders) | Suite101.comhttp://www.suite101.com/content/specialised-translation-courses-in-belgium-flanders-a288294#ixzz1UY0POPIR

HOGESCHOOL GENT Die Internasionale Nagraadse Program Nederlands en Vertaling, 'n unieke program in die Nederlandssprekende gebied, bied aan buitelandse studente die geleentheid om Nederlands as vreemde taal te bestudeer. Terselfdertyd bied die program 'n inleidende kursus aan in vertaalstudie en die gebruik van vertaalhulpmiddele. Die Nederlandse taalmodules word in Nederlands aangebied en die kernkursusse in Engels.[325]

HOGESCHOOL UNIVERSITEIT BRUSSELS se Group Centre for Continuing Education bied 'n verskeidenheid nagraadse en professionele ontwikkelingekursusse aan wat wissel van eenjaarkursusse tot praktiese werkswinkels van wisselende sessies. Die kursusse is bekostigbaar en die tydsgleuwe (naweke en saans) gerieflik. Die Hogeschool Universiteit Brussels het 'n samewerkingsooreenkoms met die Institute of Localisation Professionals (TILP) en bied aan kandidate die geleentheid om gesertifiseerde lokaliseringspraktisyns te word. [326]

'n VPO-program vir die aspirantprofessie van taalpraktyk moet 'n gestruktureerde proses van opleiding behels, en nie bestaan uit losstaande lukrake aktiwiteite nie, hoe gespesialiseerd dit ook al mag wees. Voortgesette opleiding, ontwerp en afgestuur op die ondersteuning van die voortgesette ontwikkeling van taalpraktisyns, handhaaf en verfyn professionele en gespesialiseerde beroepsvaardighede.

'n VPO-program vir taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere moet probleemoplossingsvaardighede en kritiese denke ten doel stel en afgestuur wees op die taalpraktyk as mediëringsproses in die multitalige samelewing en die besondere uitdagings wat hierdie veranderende beroepsomgewing bied.

4.7.4.6 Samevatting

Die rol van kurrikulumskeppers, verwarrende konsepte van sertifisering, akkreditering en lisensiëring, gebrek aan verpligte internskap, en 'n gebrek aan gestruktureerde voortgesette professionele opleiding (VPO), is bydraende faktore wat die standaardisering van beroepsgerigte opleiding vir die taalpraktisyn belemmer.

Beroepsgerigte, gestandaardiseerde opleiding is tradisioneel een van die ononderhandelbare attribute van die klassieke professie, soos duidelik blyk uit die voorbeelde van die klassieke bestaande professies ten opsigte van alle fasette van opleiding: sertifisering, akkreditering, registrasie, indiensopleiding en voortgesette professionele ontwikkeling van die mediese, regs- en bedieningsberoep, en ook van siviele ingenieurs, argitekte en sielkundiges.

In die mediërende konteks waarin die taalpraktisyn sy beroep beoefen, is die attribuut van gespesialiseerde kennis en vaardighede inherent aan beroepsgerigte opleiding afgestuur op beroeps- en praktykgerigte kwalifikasies en tegnologiese vaardighede. Dit moet gepaard gaan met die nodige prosesse van sertifisering, akkreditering en registrasie, indiensopleiding en voortgesette opleiding. In vergeleke met die vlak van gerigtheid van opleiding in die professies wat in hierdie bespreking ter sprake gekom het, skiet opleiding vir professie as geheel vir taalpraktisyns tekort.

Laastens word die professionaliseringsinisiatiewe in die taalpraktyk in die Europese Unie en die Afrika-Unie kortliks ondersoek om 'n geheelbeeld te gee van vordering op die gebied van die standaardisering van opleidingsprogramme in internasionale samehang.

---

[325]Meer inligting beskikbaar op Specialised Translation Courses in Belgium (Flanders) | Suite101.comhttp://www.suite101.com/content/specialised-translation-courses-in-belgium-flanders-a288294#ixzz1UY0zyPNe

[326]Meer inligting beskikbaar op Specialised Translation Courses in Belgium (Flanders) | Suite101.comhttp://www.suite101.com/content/specialised-translation-courses-in-belgium-flanders-a288294#ixzz1UY1QkCZp

4.7.5 Standaardisering van opleiding in internasionale samehang

4.7.5.1 Inleiding

Die professionaliseringsproses van die taalpraktyk in die Europese Unie moet gesien word teen die agtergrond van 'n kultuur waar eksplisiete taalregulasies in amptelike sake vasgelê is en in die proses van rekonstituering is (Du Plessis & Teck, 2001: 3). Die taalbeleid van die EU hou ook nie verband met taalnasionalisme nie (Deprez, 2001a:3). Die implikasie hiervan is dat die professionaliseringsfokus van die taalpraktyk ter sprake op die taalberoepe self is en nie op individuele tale en groepe nie.

Die steeds groeiende taalbedryf in Europa (EC, 2009a, c) noop die EU om sy ideaal van "... die mees mededingende en dinamiese kennisgebaseerde ekonomie in die wêreld"[327] teen 2010 te vereenselwig met die professionalisering van die taalberoepe (Muylle, 2003:4).

So word die volle potensiaal van die taal(praktisyn) in die volste sin van die woord in die sosiale konteks in die vooruitsig gestel: enersyds as 'n ekonomiese bate in en tot diens van die gemeenskap en andersyds om 'n brug te slaan tussen kulture, lande en tale, nasionaal sowel as internasionaal (EC, 2009a, c; Mackiewicz, 2005; Muylle, 2003; Orban, 2008, 2009). Mediëring in die volste sin van die woord ís op stuk van sake by uitstek **die rol van die taalpraktisyn** in die sosiokulturele opset.

Die rol wat die Europese Unie en die Afrika-Unie speel om die strategiese sowel as die ekonomiese waarde van die taalbedryf in die strewe na professionalisering te bevestig, veral ten opsigte van die **regulering van die taalpraktykberoep** en die **standaardisering van opleiding** in samehang met die diversifikasie van markte, beroepe en professies word vervolgens bespreek.

Die European Master's in Translation (EMT), die opleidingsraamwerk vir 'n gevorderde meestersprogram in vertaling wat einde 2009 deur die EU van stapel gestuur is, en twee projekte in Afrika, die Afrikaprojek en die ACALAN-projek, word as voorbeelde van professionaliserings- en bemagtigingsinisiatiewe voorgehou.

4.7.5.2 Die Europese Unie en die opleiding van die taalpraktisyn

Die Europese Unie word toenemend 'n bron vir regulering vir baie professies in Europa, veral deur die definiëring van opleidings- en bevoegdheidstandaarde (Le Bianic, 2003:7). Die EU speel daarom 'n deurslaggewende rol in die bevordering van "nuwe" professies, veral tot die mate waarin EU-beleidsriglyne die verhouding tussen die staat en die professies in lande soos die VK en Duitsland verander het (Neal & Morgan, 2000:10).

Grootskaalse intervensie deur die EU het tot gevolg 'n nuwe vorm van Euro-professionalisering (Neal & Morgan, 2000) wat ook die professionele belang van taalpraktyk-vaardighede in die universele konteks van taaldienste in die kalklig plaas (EC, 2009a, b, c).

---

[327] Soos geformuleer in punt 5 van die Lissabonverklaring van 24 Maart 2000; vergelyk European Parliament.(2000): "The Union has today set itself a new strategic goal for the next decade: to become the most competitive and dynamic knowledge-based economy in the world, capable of sustainable economic growth with more and better jobs and greater social cohesion."

Ter sprake is veral die rol wat (taal)vaardighede speel in die bemarkbaarheid van taaldienste, sowel as die professionele eise wat aan praktisyns in die taalverwante, multitalige en veranderende beroepskontekste gestel word.

Professies en beroepe in multitalige kommunikasie het oor die afgelope twintig jaar 'n radikale metamorfose ondergaan, beide onder druk van tegnologiese veranderinge en as gevolge van die transformasie van markte, gekoppel aan globalisering, uitkontraktering, mededinging en buigsaamheid. Die gevolg van dié **diversifikasie van markte, beroepe en professies** soos bespreek in 4.5.2, is duidelik sigbaar in die verdeling van werk in beroepsverwante taalpraktyke en in die verhouding tussen vertaal- (en ander taalpraktykverwante) volumes, kwaliteitskontrole en prys en/of vergoeding (EC, 2009b:2; vergelyk ook Friedman, 2007).

Die beleid van 'n mededingende en dinamiese Europese taalpraktykverwante ekonomie veronderstel dan 'n hoogs opgeleide en bekwame taalpraktykkorps in Europese lande om die maksimum voordeel te trek uit tegnologiese ontwikkeling, die groeiende taalpraktyk-industrie en grootskaalse globalisering. Professionalisering van die taalpraktyk in Vlaandere (vergelyk 4.2.2.2, 4.5.5 en 4.7.4.3.2) behoort dus 'n saak van prioriteit te wees vir die regering, akademici en taalpraktisyns self.

Luidens 'n indringende studie oor die grootte van die taalindustrie in die EU onder leiding van die Europese Kommissie (EC, 2009a, c) is dié industrie in die Europese Unie minder geraak deur die wêreldwye ekonomiese krisis van 2009-2010 as ander sektore. Hierdie ondersoek[328] – die eerste van sy soort – dek die veld van vertaling, tolking, lokalisering en globalisering, onderbetiteling en oorklanking, taaltegnologie-apparaat, multitalige konferensie-organisering en taalonderrig. Verwerkte data plaas die EU-wye omset op €8.4 biljoen vir 2008. Teen 'n verwagte jaarlikse groeikoers van 10% oor die volgende paar jaar kan die taalindustrie groei tot tussen €16.5 biljoen en €20 biljoen teen 2015. Dit is een van die hoogste groeikoerse in die EU-industrie en bevestig die dinamiese en innoverende aard van die taalindustrie (EC, 2009a, c).

Dit is duidelik uit hierdie ondersoek dat die taalindustrie ekonomiese sowel as strategiese waarde het: ekonomiese waarde as gevolg van die grootte daarvan, sy bestandheid teen ekonomiese krisisse, en veral sy potensiaal; strategies as gevolg van die essensie van die behoud van identiteit van die individue om te oorleef en te funksioneer in 'n geglobaliseerde wêreld.

Dit word ook duidelik dat die taalindustrie toenemend anders daar uitsien as in die verlede. Gemarginaliseerde, onsigbare taaldienste soos teksredaksie en vertaling, en nuwe taal-beroepe soos onderbetiteling, lokalisering en oudiobeskrywing kom al hoe meer in aan-vraag. Professionalisering impliseer die aanleer van nuwe vaardighede, wat innoverende, gestandaardiseerde en voortgesette opleiding impliseer.

[328] Die allereerste studie oor die grootte van die taalindustrie in die EU is gedoen deur die Language Technology Centre op versoek van die Europese Kommissie. Die analise is gedoen op grond van vraelyste wat gestuur is aan professionele verenigings, nasionale owerhede, individue, taaldiensverskaffers, en taaldiensdepartemente. Daar was meer as 1 000 response. Die studie sluit in "country-specific fact sheets" vir elkeen van die EU-lidstate wat aan die ondersoek deelgeneem het.

Die Europese Kommissie aktiveer samewerking tussen universiteite en instansies wat taalpraktykopleiding aanbied deur die bevordering van die European Masters in Translation (EC, 2009b) in sy strewe na riglyne vir professionele, beroepsgerigte en gestandaardiseerde opleiding wat lei tot kwaliteitdiens en die bevordering van die profiel van die taalpraktisyn: "Research shows that the language industry has the highest growth rate of all European industries in Europe. In order to be able to capitalise on this asset, in an environment of increasing globalisation and growing need for multilingualism, the language industry needs to be better understood, sustained and stimulated."

Die European Master's in Translation (EMT), is 'n opleidingsraamwerk vir 'n gevorderde meestersprogram in vertaling wat einde 2009 deur die EU ingestel is in 'n poging om nagraadse opleiding te standaardiseer en kwaliteitdienste te verseker. Aangesien universiteite verskillende opleidingprogramme aanbied waarvan nie almal aan EMT-vereistes en standaarde voldoen nie, is lidmaatskap beskikbaar vir opleidingsprogramme eerder as aan instellings. Hierdie praktykgerigte opleidingsprogram berei taalpraktisyns voor om te voorsien in die toenemende behoeftes van die wêreldwye snel groeiende [329] vertalings- en multitalige kommunikasiemarkte. Die EMT behoort die standaardiserings-proses van taalpraktykopleiding in Europa te bevoordeel (EU, 2009b):

> The EMT lable is intended to become a quality benchmark for Master's-level translator training which will open up an opportunity to acquire a set of keycompetences. The network will help promote exchanges of best practice between the universities participating and, ultimately, enhance teaching standards and the professionalism of future translators, thereby contributing to creating a truly European market for skilled translators.

Die opleidingsprogram is ontwikkel deur die Aarhus School of Business (ASB), Heriot Watt University in Edinburgh, Universidad Pontificia Comillas de Madrid en Universite de Mons Hainaut in noue samewerking met kenners van die Europese vertaalpraktykindustrie. Hierdie gestandaardiseerde opleidingsprogram is ontwerp om akademies- sowel as praktykgerig te voorsien in die opleidingsbehoeftes van die hedendaagse taalpraktisyn, veral ten opsigte van beroepsgerigte vaardighede ("competences") waarvoor nie voorsien word in bestaande Europese opleidingprogramme nie (Schjoldager *et al*., 2008).

"**Vaardighede**" ("competences") word gedefineer as uitkomste van 'n "combination of aptitudes, knowledge, behaviour and knowhow necessary to carry out a given task under given conditions" (EC, 2009b:3).

Binne die konteks van die professionele projek van die taalpraktyk is standaardisering van onderrig as een van die deurslaggewende attribute van professie van kardinale belang: "As the exercise of the profession is not regulated, there is a clear need to search for andapply criteria of excellence; EC, 2009b:1).

Hierdie raamwerk is nie gerig op die spesifieke behoeftes van opleiers of navorsers nie. Die opleidingsuitkomste, uitgedruk in terme van die noodsaaklikste vaardighede wat verkry moet word, word beskou as prioriteite voordat 'n opleidingsprogram gedefinieer word waarin die

[329] "The EU's language industry is worth €8.4bn and is set to grow by 10% annually over the next few years after having recorded one of the highest growth rates of any industrial sector despite the economic crisis, according to a European Commission-backed study published in November 2009" (EurActiv .com, 2009.

inhoud ook afhanklik is van die hulpbronne (menslik, finansieel, institusioneel en tegnies) wat in 'n gegewe konteks beskikbaar is (EC, 2009b:3).

Hierdie verwysingsraamwerk moet geïnterpreteer word binne die oorhoofse konteks van tersiêre opleiding, wat verder strek as spesifieke professionele vaardighede wat in die tabel gelys is: "It sets out what is to be achieved, acquired and mastered at the end of training or for the requirements of a given activity, regardless where, when and how" (EC, 2009b:3)[330] en kan dus vir alle praktiese doeleindes ook van toepassing gemaak word op die Afrika-kontinent en taalpraktyk in Suid-Afrika in die besonder. So 'n raamwerk maak dit ook moontlik vir die taalpraktyk in Suid-Afrika om op eie stoom die professionaliseringsideaal te bewerkstellig.

Dit dien dus as die onderbou en beginsels toegespits op die spesifisering van program-inhoud en keuse van relevante opleidingsmetodes: duur en opeenvolging ("sequence", modules, programme, periodes). Dit is gerig op die uitkomste – die vaardighede – maar bevooroordeel hoegenaamd nie die middele nie (hulpbronne, programme, onderrig).

Die vaardighede in elk van die ses areas is interafhanklik (EC, 2009b:3). Byvoorbeeld: die vernuf om beredeneerde besluite te neem, is horisontaal; dit is ooreenstemmend van toe-passing op die dienslewering en op dokumentere navorsing en lei alles tot die kwalifisering van deskundige praktisyns in multitalige en multimedia-kommunikasie. Gesamentlik omsluit dit derhalwe die minimumvereiste waarby ander spesifieke vaardighede toegevoeg kan word vir spesifieke taalberoepe in die taalpraktyk: lokalisering, oudiovisuele vertaling, teks-redaksie, terminologie-ontwikkeling.

Die EMT-**bevoegdheidsprofiel** detailleer die fundamentele vaardighede wat taalpraktisyns met welslae in die hedendaagse taalpraktykmark kan toepas (EC, 2009b:4-7):

[330]Dit stem ooreen met tweedesiklusopleiding van tussen 60 en 120 kredieite "(ECTS"), wat bemeestering veronderstel van die werkstale (van ten minste vlak C1: "Competent use of language (Effective Operational Proficiency)", ooreenkomstig die Common European Framework of Reference for Languages.

TYPE OF COMPETENCE DEFINITIONS	COMPONENTS
TRANSLATION SERVICE PROVISION COMPETENCE	**INTERPERSONAL dimension** • Being aware of the social role of the translator • Knowing how to follow market requirements and job profiles (knowing how to remain aware of developments in demand) • Knowing how to organise approaches to clients/potential clients (marketing) • Knowing how to negotiate with the client (to define deadlines, tariffs/invoicing, working conditions, access to information, contract, rights, responsibilities, translation specifications, tender specifications, etc.) • Knowing how to clarify the requirements, objectives and purposes of the client, recipients of the translation and other stakeholders • Knowing how to plan and manage one's time, stress, work, budget and ongoing training (upgrading various competences) • Knowing how to specify and calculate the services offered and their added value • Knowing how to comply with instructions, deadlines, commitments, interpersonal competences, team organisation • Knowing the standards applicable to the provision of a translation service • Knowing how to comply with professional ethics • Knowing how to work under pressure and with other experts, with a project head (capabilities for making contacts, for cooperation and collaboration), including in a multilingual situation • Knowing how to work in a team, including a virtual team • Knowing how to self-evaluate (questioning one's habits; being open to innovations; being concerned with quality; being ready to adapt to new situations/conditions) and take responsibility **PRODUCTION dimension** • Knowing how to create and offer a translation appropriate to the client's request, i.e. to the aim/skopos and to the translation situation • Knowing how to define stages and strategies for the translation of a document • Knowing how to define and evaluate translation problems and find appropriate solutions • Knowing how to justify one's translation choices and decisions • Mastering the appropriate metalanguage (to talk about one's work, strategies and decisions) • Knowing how to proofread and revise a translation (mastering techniques and strategies for proofreading and revision) • Knowing how to establish and monitor quality standards
LANGUAGE COMPETENCE	• Knowing how to understand grammatical, lexical and idiomatic structures as well as the graphic and typographic conventions of language A and one's other working languages (B, C) • Knowing how to use these same structures and conventions in A and B • Developing sensitivity to changes in language and developments in languages (useful for exercising creativity)

TYPE OF COMPETENCE DEFINITIONS	COMPONENTS
INTERCULTURAL COMPETENCE (the dual perspective – sociolinguisticand textual – is in the comparison ofand contrast between discursivepractices in A, B and C)	**SOCIOLINGUISTIC dimension** • Knowing how to recognise function and meaning in language variations (social, geographical, historical, stylistic) • Knowing how to identify the rules for interaction relating to a specific community, including non-verbal elements (useful knowledge for negotiation) • Knowing how to produce a register appropriate to a given situation, for a particular document (written) or speech (oral) **TEXTUAL dimension** • Knowing how to understand and analyse the macrostructure of a document and its overall coherence (including where it consists of visual and sound elements) • Knowing how to grasp the presuppositions, the implicit, allusions, stereotypes and intertextual nature of a document • Knowing how to describe and evaluate one's problems with comprehension and define strategies for resolving those problems • Knowing how to extract and summarise the essential information in a document (ability to summarise) • Knowing how to recognise and identify elements, values and references proper to the cultures represented • Knowing how to bring together and compare cultural elements and methods of composition. • Knowing how to compose a document in accordance with the conventions of the genre and rhetorical standards • Knowing how to draft, rephrase, restructure, condense
INFORMATION MINING COMPETENCE	• Knowing how to identify one's information and documentation requirements • Developing strategies for documentary and terminological research (including approaching experts) • Knowing how to extract and process relevant information for a given task (documentary, terminological, phraseological information) • Developing criteria for evaluation vis-à-vis documents accessible on the Internet or any other medium, i.e. knowing how to evaluate the reliability of documentary sources (critical mind) • Knowing how to use tools and search engines effectively (e.g. terminology software, electronic corpora, electronic dictionaries) • Mastering the archiving of one's own documents
THEMATIC COMPETENCE	• Knowing how to search for appropriate information to gain a better grasp of the thematic aspects of a document (cf. Information mining competence) • Learning to develop one's knowledge in specialist fields and applications (mastering systems of concepts, methods of reasoning, presentation, controlled language, terminology, etc.) (learning to learn) • Developing a spirit of curiosity, analysis and summary
TECHNOLOGICAL COMPETENCE (mastery of tools)	• Knowing how to use effectively and rapidly and to integrate a range of software to assist in correction, translation, terminology, layout, documentary research (for example text processing, spell and grammar check, the Internet, translation memory, terminology database, voice recognition software) • Knowing how to create and manage a database and files • Knowing how to adapt to and familiarise oneself with new tools, particularly for the translation of multimedia and audiovisual material • Knowing how to prepare and produce a translation in different formats and for different technical media • Knowing the possibilities and limits of MT

Tabel 4.13: EMT-taalpraktisynsbevoegdheidsprofiel

Vertaling in die breedste sin van die woord – taalpraktyk – is 'n "job with a future", en 'n beroep "in constant evolution involving subtitling, localising, editing and web-editing"[331]. Dié dinamiese aard van die taalpraktyk sluit gevolglik ook vaardighede in wat nie suiwer taal- en teksgeoriënteerd is nie, soos onder andere projekbestuur, onderhandeling met kliënte, tyds- en begrotingsbestuur, fakturering, tegnologie en spesialisering, en fokus op die kwaliteit van die diens wat gelewer word, dimensies wat weerspieël word in 'n gerigte opleidingsprogram soos die EMT-program hierbo.

Vier en vyftig universiteite in Europa bied hoëkwaliteit-meestersvlakopleidingsprogramme aan ooreenkomstig die EMT-standaarde vir taalpraktykopleiding, en maak teenswoordig deel uit van die EMT-netwerk (EC, 2011a)[332], die forum vir EMT-ledebyeenkomste. Die opleidingsinstansies in Vlaandere wat tans binne die EMT-raamwerk funksioneer, is (soos uiteengesit deur EC, 2011a):

- Lessius Hogeschool, Antwerpen (Master in het vertalen);
- Institut Libre Marie Haps in samewerking met Haute Ecole Léonard de Vinci, Brussels (Master en traduction);
- Haute Ecole de Bruxelles – ISTI (Master en traduction), en
- Hogeschool Gent – Faculteit Vertaalstudies (Master in het vertalen).

Die professionaliseringspoging van die Europese Kommissie word voortgesit met die inisiëring van 'n taalindustrie-webplatform in November 2010 wat daarop gemik is om 'n interaktiewe kennisbasis te bou van taalverwante produkte en dienste in die taalindustrie oor die algemeen (EC, 2011b). Die databasis word bestuur deur DG Translation[333], die Europese Kommissie se eie vertaaldiens, maar is toeganklik vir alle taalberoeppraktisyns. Die inisiatief beoog om:

- taalpraktisyns in die Europese Unie te verenig;
- die uitwisseling van vaardighede te ondersteun, en
- die beeld van die taal(praktyk)bedryf te bevorder.

Die doel met 'n interaktiewe kennisbasis is om:

- vergelykbare relevante data en statistiek van taalpraktykwerksaamhede die EU-lande te versamel;
- taalpraktisyns op hoogte te hou van navorsing oor en deur die taal(praktyk)bedryf;
- die profiel van die taalpraktyk en die taalpraktisyn te verhoog, en
- professionele erkenning te bewerkstellig vir die taal(praktyk)beroepe.

[331] Multilingualism Commissioner Leonard Orban, soos aangehaal uit die EC-verslag: "EU launches Master's in Translation network", tydens die bekendstelling van die EMT. http://www.euractiv.com/en/culture/eu-launches-master-translation-network/article-188155
[332] 'n Lys van al die betrokke universiteite word gegee op http://ec.europa.eu/dgs/translation/programmes/emt/universities/index_en.htm
[333] http://ec.europa.eu/dgs/translation/index_en.htm

Die volgende sektore word in die databasis gedek:

- vertaaldienste
- tolkdienste
- onderskrif-en oorklankingsdienste
- sagtewarelokaliserings- en webwerfglobaliseringsdienste
- taal(praktyk)tegnologiese hulpmiddele en ontwikkeling
- internasionale konferensie-organisering
- taal(praktyk)onderrig
- taalkundige advies.

Die Europese Kommissie as uitvoerende arm van die Europese Unie is 'n belangrike en dinamiese pleitbesorger vir die professionalisering van die taal(praktyk)beroepe in Europa. In die groter konteks van toenemende samewerking tussen internasionale organisasies speel die Europese Unie ook 'n leidende rol in die daarstelling, uitbreiding en versterking van opleiding in Afrika.

In die konteks van die Lissabonverklaring in 2000 tussen EU-regerings- en staatshoofde en hernude samewerking tussen die Europese Unie en die Afrika-Unie (vergelyk EU-Africa Joint Strategy[334]), is die grootste behoefte in Afrika die versterking van "entire education systems at all levels" (Muylle, 2008:47).[335] Die rol van die Afrika-Unie in hierdie verband in samewerking met die Europese Unie word vervolgens bespreek.

4.7.5.3 Die Afrika-Unie, VN en die "Afrikaprojek"

Aan die begin van die 21ste eeu noop wêreldwye ekonomiese tendense tot groter ekonomiese mark- en staatsbetrokkenheid, nasionaal sowel as internasionaal. Gegewe die toenemende behoefte na hoogs gespesialiseerde taaldienste, bekwame en gekwalifiseerde taalpraktisyns, in hierdie multitalige ekonomiese samewerkingsopset, neem UNON[336] die inisiatiefom 'n dieptestudie van stapel te stuur ten opsigte van die identifisering van die kwaliteit van bestaande taalpraktykopleidingsprogramme aan universiteite in Afrika.

Die professionalisering van die taalpraktisyn en die taalberoepe op die Afrikakontinent word direk in die kalklig geplaas in hierdie ondersoek na die stand van die taalberoepe, veral in die konteks van globalisering en ontwikkelende en verbeterende samewerking tussen die Europese en Afrikakontinente (Muylle, 2008), en dit word in die proses van die strewe na die professionalisering van die taaldienste bekend as die "Afrikaprojek".

Die aanvanklike fase van die inisiatief is van stapel gestuur deur die VN via die Nairobikantoor, wat Noël Muylle[337] opdrag gegee het vir 'n ondersoek na fasiliteite en werklike opleidingsbehoeftes in Afrika, voordat 'n konferensie in Nairobi in Februarie 2009

---

334 Die "Joint Africa-EU Strategy" is aanvaar op die EU-Africa Lisbon Summit in Desember 2007 en bied riglyne vir 'n gedeelde visie vir die toekoms van Afrika-EU-verhoudinge in 'n geglobaliseerde wêreld. Vergelyk http://europafrica.net/jointstrategy/

335 Strategiese Vennootskap (hoofstuk oor "Millennium Goals", die vierde van die agt afsonderlike Afrika-EU tematiese vennootskappe.

336 Kantoor van die Verenigde Nasies, Nairobi

337 Emeritus Direkteur-Generaal van die Europese Kommissie en voormalige Direktoraat -Generaal van Service Commun Interprétation-Conférences (SCIC) in Brussel.

belê is. Op daardie konferensie is besluit op 'n plan van aksie en verskeie aanbevelings aanvaar in die Gigiriverklaring (Muylle, 2008).

Muylle (2008:69) identifiseer 'n toenemende behoefte aan gekwalifiseerde taalspesialiste in Afrika wat gekoppel word aan:

- noodsaaklike taaldiensgebaseerde ondersteuning aan regerings van die verskillende Afrikastate in hulle verhoudinge en onderhandelinge met internasionale gemeenskappe sowel as ander Afrikalande;
- noodsaaklike taaldiensgebaseerde ondersteuning aan internasionale organisasies en instansies, en
- die voorsiening in die taaldiensgebaseerde behoeftes van die privaat mark.

Na aanleiding van 'n grondige ondersoek na die kwaliteit en opleiding van vertalers en tolke in Afrika in die konteks van die gesamentlike AU-EU-strategie, sentreer Muylle (2008:55-57) se aanbeveling veral rondom:

- die instelling en bevordering van akkrediteringseksamens van 'n hoë standaard in samewerking met professionele individue van die Afrika-Unie, die Verenigde Nasies, die Europese Unie en ander belanghebbende internasionale organisasies, veral in die konteks van die beginsel dat slegs taalmediëring, vertaling en tolking van 'n hoë standaard kan bydra tot beter begrip, deursigtige onderhandeling en kommunikasie, sowel as die wydverspreide kommer oor kwaliteit van en die gebrek aan beskikbare professionele bronne;
- die instelling en bevordering van beroepsgerigte eenvormige/belynde/gestandaardiseerde opleidingprogramme in 'n nukleus van belangstellende universitêre deelnemers as sentra van voortreflikheid met die doel om hoogs gekwalifiseerde taalgeoriënteerde en professionele taalpraktisyns te lewer.

Die hoofdoel van die "Afrikaprojek" is dan die vestiging van nagraadse universiteitsprogramme in vertaling, konferensietolking en gemeenskapstolking in sentra van voortreflikheid op die Afrikakontinent.

Uit hierdie ondersoek vind die eerste Pan-Afrikakonferensie vir vertaling, konferensie- en openbare tolking in Nairobi van 23 tot 25 Februarie 2009 plaas. Hierdie konferensie bring alle betrokke partye onder een dak saam vir 'n ope gesprek: universiteitsdosente, konferensie-organiseerders, konferensie-afgevaardigdes en die taalpraktisyns.

Die EU en die AU het dieselfde doel voor oë: die professionalisering van die taalpraktyk, veral in die konteks van die Europese Meestersprogram in konferensietolking en vertaling soos dit in Europese universiteite van stapel gestuur word om standaardisering van opleiding te bewerkstellig en te verseker. Die onderneming van die EU-kommissaris vir multitaligheid, Leonard Orban, in hierdie verband eggo die professionaliseringsinisiatief: "We will support this initiative so that Africa is able to produce its own language specialists instead of importing them" (UNON, 2009).

Een van die belangrikste uitkomste van hierdie konferensie was die aanbod van die African Development Bank (AfDB) om finansiële steun te verleen vir 'n uitvoerbaarheidstudie en om addisionele finansiële steun vir die projek te verseker (UNON, 2010).

Tydens 'n opvolgvergadering in Tunisië in Julie 2009 kondig die AfDB aan dat 'n konsep-projekvoorstel opgestel is in 'n eerste stap om die uitvoerbaarheidstudie van stapel te stuur. Kort daarna gee die AfDB die groen lig vir 'n uitvoerbaarheidstudie in Kameroen, Kenia, Mosambiek, Senegal en Suid-Afrika. Die verslag van hierdie afvaardiging sal die proses verder bepaal (UNON, 2010).

Die Afrikaprojek (Muylle, 2008) wat deur UNON geïnisieer is ten opsigte van die opleiding van tolke en vertalers in Afrika ("waar daar op daardie stadium baie min respektabele opleidingskursusse bestaan het"[338]; vergelyk ook die bespreking in 4.7.5), stel in die vooruitsig beroeps- en praktykgerigte opleidingsprogramme vir die taalberoepe in Afrika in geïdentifiseerde "centres of excellence" (Muylle, 2008:23). Hierdie inisiatief beloof om die verskynsel van ongestandaardiseerde opleiding in Afrika oor die algemeen ten goede te beïnvloed indien dit wel op dreef sou kom.

Die doel van die Afrika-opleidingsprojek is (Muylle, 2008:16-17):

- die daarstelling van 'n raamwerk vir en 'n netwerk tussen hoëronderwysinstellings in Afrika wat opleidingsprogramme wil vestig of opgradeer;
- die verbetering van interne konferensiedienskapasiteit in Afrika tot voordeel van die VN, AU en die EU, veral in die konteks van die gebruik van 'n verskeidenheid tale;
- voorsiening in die verskeidenheid van multitalige behoeftes van interregionale en internasionale organisasies;
- die voorsiening van opleiding van internasionale standaard aan aspirerende taalpersoneel wat hulle op gelyke voet met kollegas in ander wêrelddele sal plaas, en
- om wedersydse begrip, samewerking en verandering te stimuleer.

Die meeste universiteite in Suid-Afrika – die Stellenbosch Universiteit, die Universiteit van KwaZulu-Natal, die Universiteit van die Witwatersrand, die Universiteit van Johannesburg, die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, en die Universiteit van die Vrystaat – is aanvanklik betrokke by die projek (Muylle, 2008:31-33, 53), alhoewel al hierdie universiteite tans verskillende en uiteenlopende opleidingsprogramme op verskillende vlakke in verskillende taalkurrikula aanbied[339]:

> At all the universities which were contacted, all chancellors, deans or professors pleaded for **cooperation** with their partners in Africa and abroad. ... European universities offering MA training programmes within the EMCI[340] and EMT[341]consortium were keen to cooperate by offering their expertise, pedagogical material and, where appropriate, training-for-trainers seminars, Masters' classes and assistance in virtual and distant learning.

---

[338] Noël Muylle tree op as konsultant vir UNON om opleidingsbehoeftes in Afrika te identifiseer "where very few respectable training courses in translation and interpreting existed" (UNITED NATIONS SYSTEM International Annual Meeting on Language Arrangements ,Documentation and Publications. IAMLADP, 2010. Report to IAMLADP 2010. Universities contact group of the working group on training. www.iamladp.org/word_docs/.../R.13_UCG_Final_Report_2010.doc*) p. 21).*

[339] Muylle (2008:30-32) gee ook 'n uiteensetting van die omvang van die taalpraktykopleidingsaktiwiteite van die verskillende universiteite in Suid-Afrika. Die feit van die saak is dat die opleidingsprogramme nie gestandaardiseer is nie.

[340] *European Masters in Conference Interpreting*

[341] *European Masters in Translation*

Ander gevestigde vennote (regeringsliggame, organisasies en instellings) in hierdie onderneming is onder andere die EU (die Europese Kommissie, die Europese Parlement, en die Raad van Ministers) die AU, UNON, SAVI, FIT, die universiteite van Kaapstad, Pretoria, Rhodes, UNISA, en die Universiteit van Antwerpen (Muylle, 2008:64-68).[342]

Die bekendstelling van die Afrikaprojek vind plaas op 9 November 2010 by die Universiteit van Nairobi (Nairobi) waar die heel eerste MA-opleidingsprogram in Afrika in vertaling en tolking van die begin van 2011 aangebied word. Hierdie verwikkeling word gesien as 'n "major step ... to fill gaps in the area of professional translators and interpreters" in Afrika[343].

NMMU is sedert 2008 betrokke by die Afrikaprojek, waar dit egter nog in die kinderskoene staan. Die plan is om die projek geleidelik oor die volgende vyf jaar te implementeer en neem 'n aanvang met 'n BA (Honneurs) in 2010 vanuit die bestaande prospektus in die hoop om studente te begelei na 'n meestersgraad, met die klem op vertaling. 'n Tekort aan fondse en befondsing, 'n praktykgerigte opleidingsprogram en toegewyde, opgeleide personeel kortwiek vordering, alhoewel die behoefte aan opleiding, veral in die Afrikatale in gemeenskapskontekste, oorweldigend is (Israel, 2011):

> The project at NMMU is just starting – we are trying to establish a dedicated venue, attract more students to the Honours Program and we are also looking at and working on developing and offering certificates/short courses in translation and interpreting in due course. All this takes time, commitment and funding. We will need trained and qualified practitioners, as well as lecturers to carry the project forward.

By die Stellenbosch Universiteit en Universiteit Johannesburg is daar geen sprake van aktiewe betrokkenheid by hierdie Afrika-Unie-inisiatief nie. Die US sou betrokke wees in 'n MPhil-program waar studente veral in tolking opgelei sou word. Die program is egter as te akademies gesien omdat dit taamlik teoreties gebaseer is en studente vir 'n Meestersgraad 'n verhandeling moes skryf in stede van 'n graad wat hoofsaaklik prakties is. Daar is nog geen student ingeskryf binne die program nie (Feinauer, 2011). 'n Gebrek aan finansiële steun van die organiseerders van die projek verhoed die Universiteit van Johannesburg om aktief betrokke te raak ten spyte daarvan dat die projek beslis meriete het (Beukes, 2011b).

Die voordeel van so 'n opleidingsprojek is voor die hand liggend, veral in die konteks van die standaardisering van opleiding en die professionalisering van taalpraktisyns in (Suid-)Afrika, maar die logistiek van die saak verhoed optimale vordering: om akademiese bestuursinstansies te oortuig van die meriete van die saak, opgeleide en bevoegde personeel aan te stel, begrotings te laat klop, samewerking tussen universiteite en opleidingsinstellings te vestig, finansiële en pedagogiese ondersteuning van die EU en die VN in die keuring van kandidate, eksaminering te verkry, en so meer, maak vir 'n verwikkelde proses, tot die mate dat dit moeilik is om die projek werklik stukrag te gee (Muylle, 2011).

Daar is tans geen beroepsgerigte of gestandaardiseerde taalpraktykopleiding op gevorderde vlak in die meeste Afrikalande nie (Muylle, 2011) (met die moontlike uitsondering van vordering op hierdie gebied in Suid-Afrika), wat die professionele projek van die taalpraktyk in sy geheel ondermyn:

---

[342] Vir 'n volledige lys van gevestigde kontakte en belangstellende universiteite, vergelyk Muyelle, 2008:64-68). Vir die hooftrekke van die beoogde kurrikulum, vergelyk Muyelle, 2008:69-81.

[343] Full story as published on the Kenyan Daily Nation Newspaper on November 8 2010; UNIC Nairobi2010 www.unicnairobi.org/UNAfricanProject.asp

> ... in many cases confusion between interpreter and translation training, two complete different disciplines, a confusion between 'language learning' in general and the professional training in interpreting and translation done most often by professionals that are in the job ... confusion on the length of those studies, the content and split between theory and practice, the confusion between A (mother languages) and B and C languages (acquired languages), the modes ... consecutive and simultanious techniques ... the confusion between 'the tourist guide' and the conference interpreter and translator ...

Hierdie gebrek aan stabiliteit spreek van die noodsaak vir standaarde in basiese taalpraktykopleidingsprogramme soos gemotiveer deur Muylle (2008:7) se verslag: die dringendheid van universiteitsopleiding tree pertinent op die voorgrond gedurende en na die Neurenberg-verhoor waar die "professie" van die tolk en vertaler sy moderne beslag gekry het, en dit duidelik geword het dat baie bekende professionele tolke en vertalers geen ander spesifieke opleiding gehad het as die vermoë om verskillende tale te praat en die natuurlike talent om te kommunikeer nie: " ... As indicated in my report, the need for university training grew after Nuremberg with the upcome of different IOs and the EU... where the self declared interpreters and translators were not up to the quality standards we looked for nor did they had the right language combination" (Muylle, 2011).

Om die professionele erkenning van die taalpraktyk te vrywaar teen die spreekwoordelike baaierd en die karakter van die taalpraktyk as professie te verseker in die huidige ongereguleerde klimaat, is kwaliteitdiens nodig wat kwaliteitopleiding impliseer en dit is absoluut noodsaaklik dat alle rolspelers saamwerk. Muylle (2011) stel dit saaklik: "... we'd better all pull the same string ..."

Op sy allerminste is die **kwaliteit** van taaldienste op die spel; op die allerbeste kan dit die toekoms van die taalberoepe as 'n professie bevorder.

4.7.5.4 Die African academy of languages (ACALAN)

ACALAN kom in 2006 tot stand na die sesde Afrika-Unie-byeenkoms van die AU-staats- en regeringshoofde (Khartoum, Soedan, 16-24 Januarie 2006) met as affiliërende instansie die Department for Social Affairs of the African Union Commission. Die hoofkwartier is in Bamako, Mali. ACALAN se visie is oënskynlik eerder een van die bevordering van Afrika-integrasie en kulturele ontwikkeling deur die bevordering van die gebruik van al die Afrikatale op alle vlakke van die samelewing as grondvlak-taalpraktykopleiding, soos blyk uit die organisasie se kernwaardes en doelstellings. Respek vir die kulturele waardes van Afrika, en dan veral die Afrikatale, integrasie en interne ontwikkeling van die Afrikakontinent, en taalkulturele diversiteit binne hierdie integreringsproses – waar funksionele multitaligheid wel deeglik ter sprake kom – en die bevordering van solidariteit en wedersydse begrip en respek vir vreedsame saambestaan onder Afrikane, lê aan die kern van hierdie bemagtigingsinisiatief.

ACALAN (2011a, b) se akademiese projekte word hieronder opgesom (vergelyk ook N. Alexander, 2009:12-14):

Die **Stories Across Africa Programme** (StAAf), gekoördineer vanuit PRAESA[344] is 'n pan-Afrika-projek met die doel om 'n reeks kinderverhale te bundel en as 'n sentrale kinderliteratuurbron in 'n verskeidenheid Afrikatale, Engels, Frans en Portugees regoor die kontinent te versprei. Die doel hiervan is die bevordering van 'n lees- en skryfkultuur in die Afrikatale wat terselfdertyd multitaligheid en moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys sal bevorder en uitgewers sal ondersteun en stimuleer om 'n leesmark in die Afrikatale te vestig. Binne die projek word werkswinkels aangebied vir skrywers en illustreerders, en leiding in die gebruik van boeke vir kinders. Verskeie boeke en ander materiaal is reeds geproduseer, soos die reeks *Little books for little hands* wat beskikbaar is in die vyf amptelike tale van die AU sowel as in twintig ander Afrikatale. Grondvlakprojekte, plaaslike uitgewers en donateurs werk saam aan die vertaling en publisering van die reeks in plaaslike Afrikatale onder leiding van die koördineringspan in Kaapstad. Die projek is besig om 'n "selfperpetuerende dinamika" (N. Alexander, 2009:13) te ontwikkel.

Die **Pan-Afrika Meesters- en PhD-program in Toegepaste Linguistiek** (Joint Masters' and Doctoral Programme) het as doel die "intellektualisering" van die Afrikatale; die geleidelike gebruik van hierdie tale in sekondêre en tersiêre opleiding sowel as in ander hoërstatusfunksies. Dit bied ook finansiële ondersteuning aan studente om die taalpraktisynskorps op die kontinent te verstewig. Sonder opgeleide taalpraktisyns en professionele persone is dit nie moontlik om die ACALAN-doelstellings te bewerkstellig nie. Koördinering van die projek word gedoen van die Universiteit van Yaoundé in Kameroen. Die tweejaarloodsprogram is in Februarie/Maart 2008 aan die Universiteit van Yaoundé 1 en Addis Abeba (Etiopië) van stapel gestuur en in 2009 in Kaapstad (N. Alexander, 2009:13).

Die **Translation Programme** wat vanuit ACALAN in Bamako gekoördineer word, is nog nie formeel van stapel gestuur nie (N. Alexander, 2009:13). Die ideaal van 'n Pan-Afrikasentrum vir tolking en vertaling wat saamwerk in die herwaarderingspoging van die Afrikatale as instrumente in die Afrikakontinent volhoubare ontwikkelingeprogram en die opleiding van soveel moontlik professionele vertalers en tolke, kon tot dusver nog nie sy loop neem nie.

Die **Terminology Development Programme** en **Lexicography Project** het enersyds as hooftaak die opleiding van woordeboeksamestellers, maar ook om navorsing, ondersteuning en berading beskikbaar te stel, en taaldienste te lewer in hierdie opsig. Dit word vanuit die Instituut van Kiswahili-navorsing in Dar es Salaam en Babito (Universiteit van Botswana in Gaborone) gekoördineer. Neville Alexander (2009:13) meen dat die terminologieprogram nog nie op dreef gekom het nie.

Die **Cyberspace Project**, 'n Afrikataal- en kuberruimteprojek is gerig op die daarstelling van inligtingstegnologie in die Afrikatale en word uitgevoer in samewerking met relevante opleidingsinstellings (N. Alexander, 2009:13).

Die **Linguistic Atlas Project for Africa** word gekoördineer deur Mtenje (Centre for Language Studies of the University of Malawi) en stel ten doel om Afrika te voorsien van nuttige en bruikbare atlasse op nasionale, regionale en kontinentale vlakke, saamgestel deur spesialiste op hierdie gebied (N. Alexander, 2009:14).

---

[344] Die Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) is 'n onafhanklike navorsings- en ontwikkelingeeenheid verbonde aan die Fakulteit Geesteswetenskappe van die Universiteit van Kaapstad.

Neville Alexander (2009:14) is oortuig van die uiteindelike sukses van die ACALAN-inisiatief, en voorsien op grond hiervan 'n Afrikatale Renaissance wat opvoedkundige, ekonomiese, ekologiese en kulturele bemagtiging in die vooruitsig stel. Die ACALAN-projek is hiervolgens waarskynlik een van die mees ambisieuse taalbeplanningsprojekte tot dusver in Afrika met 'n visie wat tot die hele taalkwessie spreek: taalregte, politieke demokrasie, ekonomiese ontwikkeling, suksesvolle opleidingsisteme, nasionale en kontinentale eenheid.

Twee ou vyande moet egter uitoorlê word om die sukses van die projek te waarborg:

- die verlammende ideologiese oortuiging uit die geledere van die sprekers van die Afrikatale dat die inheemse tale nie bemagtigend is nie, en
- die spook van politieke en kulturele onwilligheid.

4.7.5.5 Samevatting

Gekonfronteer met die skaarste van gekwalifiseerde professionele taalpraktisyns op die Afrikakontinent en 'n dalende taalpraktisynkorps in Westerse lande word die Afrikaprojek deur UNON in samewerking met die Universiteit van Nairobi van stapel gestuur in 'n poging om opleiding te standaardiseer.

Die Universiteit van Nairobi, wat 'n leidende rol in hierdie aangeleentheid speel, verkry volle goedkeuring vir die aanbieding van die nagraadse kursusse in vertaling en tolking, wat in Januarie 2011 'n aanvang geneem het. Die ander universiteite het nog nie dieselfde vlak van gereedheid bereik nie, maar is in die proses om kursusse te registreer (UNON, 2010).

Die ACALAN-inisiatief beloof om, vanuit 'n taalontwikkelingeoogpunt, van die een en twintigste eeu die "Afrika-eeu" (N. Alexander, 2009:16) te maak met dien verstande dat holruggeryde taalpolitieke kwessies nie steeds in die weg staan van sosiokulturele en sosioprofessionele bemagtiging nie. Die sukses van die ACALAN-projekte sal noodwendig ten goede meewerk tot die professionalisering van taalpraktisyns in Suid-Afrika en sy buurlande.

Uit die verwikkeling in Europa en Afrika ten opsigte van taalpraktykopleiding ontstaan die verwagting dat beide die EMT en die AMT wêreldwyd navorsing in die taalpraktykveld sal stimuleer en oriënteer, om sodoende die kwaliteit van taalpraktykopleiding op 'n vlak waardig vir "'n professie met 'n toekoms" te verseker en die professionele horison van die taalpraktisyn as professie te verbreed.

Uit die vergelykende analise van opleidingsprogramme aan universiteite in Suid-Afrika en Vlaandere (vergelyk 4.7.4) wil dit voorkom of die standaardiseringsinisiatief in die Europese konteks suksesvoller is en die proses verder gevorder is as in die Afrikakonteks.

4.7.6 Taalpraktyk in die akademiese konteks: gevolgtrekking

In die bespreking in 4.7 hierbo kom ter sprake akademiese navorsingstrukture, kwalifikasie-strukture, opleidingstrukture, kurrikula en beroepsgeoriënteerde vaardigheidsuitkomste binne die akademiese en opleidingskonteks in ag genome die veranderende nasionale en

internasionale kwalifikasiestrukture en toenemende sosiokulturele, multitalige behoeftes. Die interdissiplinêre aard van die taalpraktyk as beroep en aspirerende professie maak daarvan 'n opwindende studieveld. Die taalpraktyk as beroep vind immers sy beslag in die akademie. Individuele bydraes op akademiese gebied maak die teorie en die praktyk van die taalberoepe sigbaar.

In 'n suiwer akademiese konteks bestaan die moontlikheid dat die gebrek aan 'n doelgerigte en gestruktureerde navorsingstruktuur waarin al die verskillende subdissiplines, veral dan teksredaksie, terminologie-ontwikkeling en oudiovisuele vertaling, van die taalpraktyk tot dusver nie gelyke status geniet nie, bydra tot die marginale status van die taalpraktyk as professie. 'n Taalpraktykmodel is ontwikkel wat 'n raamwerk bied om hierdie anomalie te probeer regstel.

Die hoëropleidingskonteks in beide Suid-Afrika en Vlaandere is vasgevang in 'n tipies eietydse postmodernistiese toestand van veranderlikheid wat gekompliseer word deur ingrypende veranderinge in opleiding- en kwalifikasiestrukture om wêreldwye sosiokulturele en multitalige opleidingsbehoefte te akkommodeer. Hierdie toestand van verandering het noodwendig 'n impak op die verloop van die professionele projek ter sprake wat tog op die lang duur die projek gunstig moet beïnvloed, in ag genome die behoefte aan en fokus op beroepsgerigte navorsing en opleidingsprogramme. Die oneffektiewe Suid-Afrikaanse kwalifikasiestruktuur in 'n staat van kontinue hersiening dra oor die algemeen by tot die ongereguleerde stand van opleiding in Suid-Afrika.

Die idee van 'n professionele beroep – professie – word konvensioneel in verband gebring met 'n kritieke histories-teoretiese attribuut – **beroepsgerigte** en **gestandaardiseerde opleiding** wat die nodige **kennis** en **vaardighede** en **houding** waarborg – wat saamhang met **vakkundige**, **beroepsgerigte praktyke**. Hierdie attribuut is waarskynlik een van die min ononderhandelbare komponente – indien nie die enigste nie – van professie.

Die verknorsing waarin opleiding verkeer – meer in Suid-Afrika (Afrika) as in Vlaandere (Europa) – is 'n netelige kwessie wat dringende aandag verdien van kurrikulumskeppers aan universiteite; in die besonder ten opsigte van beroepsgerigte en gestandaardiseerde opleidingsprogramme wat voorsiening maak vir indiensopleiding en gestruktureerde voortgesette opleiding sodat dit aan die attribuut van opleiding vir professie kan voldoen.

Die realisering van gerigte opleidingsprogramme is egter grootliks afhanklik van die ontwikkeling van standaarde van opleiding vir die verskillende taalpraktykvelde (vergelyk ook Law, 2010). Slegs wanneer daar vir die onderskeie taalpraktykvelde 'n stelriglyne vir beroepsopleiding en praktyk ontwikkel is, sal dit moontlik wees vir die professionele projek om op volle dreef te kom.

4.8 Hoofstuksamevatting

In hierdie hoofstuk het die stand van die professionele projek van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere in detail onder die soeklig gekom. Die doel van die diepte-ondersoek was om die huidige stand van die taalpraktyk as professie te bepaal aan die hand van die prototipe-attribuutmodel wat in Hoofstuk 2 ontwikkel is.

Die veronderstelling was dat daar spesifieke aspekte is wat as struikelblokke, soos dit uit die literatuur van die professionele verskynsel te voorskyn tree – gewaan al dan nie – die gang van die professionele proses vertraag.

Die bespreking het geskied binne die raamwerk van die **institusionele klimaat, die sosio-ekonomiese klimaat, die persepsie van waarde, die statutêre konteks, die professionele beroepsliggaam, en die akademiese konteks** as die groter samehang waarin die professionele projek plaasvind. Daar is in die loop van die bespreking probeer om te onderskei tussen **konkrete struikelblokke wat as obstruksies** die verloop van die professionele proses belemmer en wesenlike tot nadeel strek, en **gewaande hindernisse** wat in der waarheid as kataliste die impetus bied vir die professionele projek.

In die loop van die bespreking is aangetoon hoe die taalpraktyk progressiewe kongruensie kan bewerkstellig om aan die ontbrekende attribute van die model te voldoen deur ook aan te toon watter elemente in der waarheid struikelblokke is en watter as kataliste die professionele projek kan bevoordeel.

Die moontlikheid bestaan dat hierdie faktore wel as struikelblokke gewaan word in die klassieke konsep van professie, maar hulle kan in veranderende beroepsomgewings – en in die besonder in die ondersteunende tegnologiese beroepsomgewing van die taalpraktisyn – eerder die impetus word wat die beroepsomgewing van die taalpraktisyn positief vorm, met die voorbehoud dat taalpraktisyns hulle sigbaarheid verhoog.

Die attribute van professie waaraan die taalpraktyk moet voldoen (soos gespesifiseer in die prototipemodel in Hoofstuk 2), word gemotiveer:

1. **Sanksionering** – veral vanuit die staat – waarborg tradisioneel **outonomie**: sigbare, voltydse, hoogsgeskoolde, gesaghebbende, diensgeoriënteerde beroepsaktiwiteite en -dienste met funksionele beheer oor eie taalberoepsaktiwiteite en 'n persoonlike professionele verantwoordelikheid wat min ruimte laat vir foutering, hetsy in die mediasie van die kommunikasieproses as vertaling, redigering, tolking, gebaretaaltolking, oudiovisuele vertaling (onderskrywing en oudiobeskrywing), en terminologie-ontwikkeling. Outonomiteit bevestig die identiteit van die taalpraktisyn as professionele persoon.

2. **Monopolie** bevestig alleenagentskap in die taalpraktykmark vir sigbare, gespesialiseerde, intellektuele, en gerigte taaldienste toegespits op die toenemend komplekse linguistiese behoeftes van multitalige, multikulturele gemeenskappe en is afhanklik van toelatingsbeheer.

3. **Opleiding** onderlê die professionele konsep en vereis intellektuele, gespesialiseerde, intensiewe, kontinue (voortgesette), vak-, beroeps- en praktykgerigte opleiding afgestuur op beroepsgerigte kwalifikasies vanuit 'n gestandaardiseerde, goed-omskrewe, teoretiese en wetenskaplik-gefundeerde kennisbasis wat ook die titel van "taalpraktisyn" verantwoord en die sigbaarheid van taalpraktisyns bevorder. Opleiding sluit in, is gerig op en vorm as geheel die kennisbasis, vaardighede en houdings van die professionele praktisyn. Hierdie attribuut is vir alle praktiese doeleindes die enigste ononderhandelbare attribuut vir professie.

4. 'n **Professionele, statutêre beroepsliggaam** beheer toetrede tot en lidmaatskap van die beroep; stipuleer deur middel van 'n etiese kode morele die beginsels van die beroep; het prosesse in plek om die etiese kode af te dwing; handhaaf dissipline en stel standaarde vir beroepsbevoegdheid; administreer eksaminering, akkreditering, sertifisering en/of diplomering, sowel as beroepstitels, en sanksioneer ook die monopolie van die beroep in die taalpraktykmark.

5. **Dienste** is altruïsties, kommunikatief, en bemiddelend, sowel as begeleidend en ondersteunend tot die kommunikasieproses tussen verskillende tale en kodes. Die taalpraktisyn tree op as 'n professionele en kulturele interlinguistiese bemiddelaar in hierdie interlinguistiese prosesse.

6. **Vergoeding** vir professionele taaldienste is afhanklik van, en direk eweredig met, die aard en omvang van die taalpraktykdiens, sowel as openbare erkenning van taalberoepsvaardighede, persoonlike en werksplek-etiek wat neerslag vind in die diensideaal van gespesialiseerde, maar altruïstiese diens, wat 'n bestaanswyse verseker.

Daar moes dus bepaal word: Hoe sien die werksomgewing van die taalpraktisyn in Suid-Afrika en Vlaandere tans daar uit? Is die taalpraktyk en sy taalpraktisyns onderweg na die beeld van die prototipe van professie soos geïdentifiseer in Hoofstuk 2? Toon die taalpraktyk as geheel of individuele beroepe enige van die attribute van professie? Watter attribute van professie inherent aan die prototipemodel het wel gerealiseer en watter is nog nie sigbaar nie? Daar moes ook bepaal word in watter mate dit noodsaaklik is dat die taalpraktyk wel aan hierdie model moet voldoen.

Uit die voorafgaande bespreking word dit duidelik dat die realiteit van die beroepsomgewing van die taalpraktisyn in Suid-Afrika – die multitalige geleenthede, die potensiaal van hoëspoedkommunikasiegeleenthede, die virtuele werksopset, en inligtingstegnologiese dimensies ten spyt – 'n ongereguleerde mark sonder sanksionering, toelatingsbeheer, 'n professionele beroepsorganisasie, gestandaardiseerde opleiding of professionele vergoeding weerspieël. Selfs die nuttige aspekte uit die attribute van die prototipemodel van die idealetipe professie, soos altruïstiese, remediërende en mediërende diens – per definisie inherent aan die taalpraktyk as beroep – en etiese werkspraktyke, hoëkwaliteitwerk, en vergoeding ooreenkomstig die diens gelewer, staan onder verdenking as gevolg van die gebrekkige opleiding, kennis, vaardighede, en houdings van taalpraktisyns, gebrekkige toelatingsvereistes tot die beroep as gevolg van die nieprofessionele aard van beroepsliggame, veral in Suid-Afrika.

Aan die hand van die prototipemodel in ’n neutrale konteks gestroop van die institusionele karakter, vertoon die taalpraktyk nog nie ’n sinvolle geheel wat die vernaamste attribute van professie weerspieël nie.

Die taalpraktyk voldoen tot dusver nog nie aan die meeste van die geïdentifiseerde attribute van professie nie. Die uitsondering is die altruïstiese diensattribuut, per definisie kenmerkend van die mediërende en remediërende aard van die taalpraktyk as taaldiens. In Suid-Afrika vertoon taalpraktyk nog grootliks ongeprofessionaliseer, met die attribute van sanksionering, outonomie, monopolie, beroepsgerigte en gestandaardiseerde opleiding, ’n professionele beroepsliggaam en professionele vergoeding wat ontbreek. In Vlaandere is die proses van professionalisering ietwat verder gevorder: opleiding is grootliks gestandaardiseer aan die hogescholen, maar nie aan universiteite nie, en die BKVTF bied as beroepsliggaam professionele registrasie aan tersaaklik gekwalifiseerde taalpraktisyns en ook ’n bepaalde markverwante riglyn waarvolgens vergoeding vir dienste vasgestel kan word.

Uit die bespreking in hierdie hoofstuk word dit duidelik dat die meeste van die probleme ten opsigte van die tekortkominge van die opleidingsattribuut oplosbaar is. Baie van hierdie oplossings lê binne die beheer van die verskillende rolspelers in die taalpraktykberoep.

Oplossings vir die meeste van die professionele attribute wat tekortskiet, lê binne die beheer van die taalpraktisyn self. ’n Weldeurdagte bewusmakingsveldtog van die noodsaaklike belang van die rol, taak en funksie van taalpraktisyns is dringend noodsaaklik. Dit is vir die hedendaagse taalpraktisyn in die moderne elektroniese omgewing relatief maklik om Internetbemarking te doen om sy/haar dienste en spesialiteitsrigtings sigbaar te maak sonder om die beroep van die vertaler of tolk of teksredakteur skade aan te doen al la die oudste professie in die wêreld. Die gevestigde professies bemark hulleself in die naam van altruïstiese diens, maar hulle maak staat op hulle professionele attribute in die proses en nie op beroepsprostitusie nie.

Praktisyns moet hulle houding verander: die praktisyn van professie lewer bewys van sy kennis, vaardighede, kundigheid deur beroepsgerigte opleiding, verpligte akkreditering/eksaminering vir registrasie aan ’n beroepsliggaam, sowel as relevante verpligte, gestruktureerde voortgesette opleiding. Taalpraktisyns kan nie aanspraak maak op die voorregte van professionele erkenning en vergoeding indien hulle nie bereid is om die gepaardgaande verantwoordelikhede, etiese pligte en aktiwiteite in die vorm van sertifisering, akkreditering en/of eksaminering vir registrasie te aanvaar wat hierdie status vereis nie. Die professionele ideaal is ’n bewonderenswaardige doel, maar dit is ’n proses wat toewyding en inspanning vereis. Daar bestaan geen kitsoplossings of snelherstel nie, en stoplappraktyke gaan nie die gewenste uitwerking hê nie.

As dít die beeld is wat die taalpraktykberoep tans met hulle houding aan die wêreld voorhou, lê die probleem nie by regerings nie, en ook nie by taalbeleid nie, dit lê in die geledere van die taalpraktyk self: die houding en gebrek aan ’n professionele bewussyn onder die taalpraktisyns, die taalpraktykakademici, en in die geval van Suid-Afrika, by SAVI. In die laaste instansie is die beroepsliggaam net ’n uitbousel van die mense wat dit verteenwoordig, en in hierdie instansie in elk geval slegs die kollektiewe verteenwoordiging van ’n klein groepe van hierdie mense.

Dit is die struikelblok waarmee die taalpraktykgemeenskap eers moet klaarspeel vóórdat die verwagting van ’n professionele openbare beeld verwesenlik kan word.

’n Beroepsliggaam wat sy sout werd is, kan baie van hierdie probleme ondervang. ’n Deurslaggewende ontwikkeling sou wees om die hele kwessie van akkreditasie sonder beroepsgerigte sertifikasie by SAVI te hersien om ’n meer geloofwaardige beeld van die professionele beroepsliggaam voort te bring. Die akkrediteringsproses soos wat dit tans daar uitsien, spreek van ’n algehele wanbegrip van die aard van professie.

Sanksionering bly ’n deurslaggewende attribuut van professie, maar sanksionering kan ’n funksie word van veranderende kontekste en beroepsomgewings. Die opsie wat hom tans voordoen, is dat ’n beroepsliggaam wat self die attribute van professie vertoon, of daaraan werk (al is dit nog nie ’n statutêre liggaam nie), genoegsame sanksionering kan bewerkstellig dat wetgewing nie onmiddellik noodsaaklik of deurslaggewend is nie. SAVI, en ook die BKVTF, kan hierdie rol vervul mits dit ’n professionele gedaanteverwisseling ondergaan om soos ’n beroepsliggaam te kan funksioneer.

Die gewaande struikelblokke in die professionaliseringstrajek van die taalpraktyk word vervolgens hier onder getabuleer na aanleiding van die bespreking in Hoofstuk 4. Terselfdertyd word die kataliste geïdentifiseer wat aan die proses ’n positiewe dimensie bied in stede daarvan om op moedverloor se vlakte te gaan sit. Die tabel bied dan terugskouend en opsommend:

- die samehang van die verskillende kontekste as die kontekstuele gegewe waarbinne die professionele projek van die taalpraktyk verloop;
- die mate waartoe die gegewe as struikelblokke of kataliste die verloop van die professionaliseringsproses benadeel of bevoordeel;
- die redes agter die struikelblokke;
- die attribute ter sprake;
- die attribuut verwesenlik (nee = x; ja = ✓; soms/gedeeltelik = ✓), en
- die oplossings en motivering vir die oplossings wat reeds uit die analise realiseer.

KONTEKS	FASETTE VAN KONTEKS		BETOOG/OORSAAK/REDE	ATTRIBUUT	Verwesenlik			AANBEVELING OF OPLOSSING VIR TAALPRAKTYK PROFESSIONELE PROJEK	MOTIVERING VIR AANBEVELING
	STRUIKELBLOK	KATALIS			✕	✓	✓		
Institusionele klimaat • Sosiopolitieke opset		Sosiopolitieke opset	Politieke onstabiliteit, meer in België as in Suid-Afrika Taalpolitieke bagasie in albei lande Multitalige kompleksiteit, voortslepende taalpolitieke konflik	Sanksionering Outonomie Monopolie	✕ ✕ ✕			Sien sosiopolitieke opset as geleentheid om ander professionaliseringsprosesse in plek te stel as om staat te maak op regeringsanksionering Vind ander relevante prosesse om sanksionering en outonomiteit te bewerkstellig. Maak die professionele projek 'n prioriteit met 'n kritieke massa taalpraktisyns as verantwoordelike rolspeler in eie beroepsopheffing	Gegewe wat nie in die afsienbare toekoms gaan verander nie
• Burokratiese opset		Burokratiese opset	Kenmerkend van die mark en beroepsomgewing van die meeste professies en beroepe	Outonomie Altruïsme	✕	✓		Maak werkgewers bondgenote Maak werkgewers bewus van die professionele aard van taalpraktisynsdienste	Gegewe wat nie in die afsienbare toekoms gaan verander nie
• Vryskutopset		Vryskutopset	Kenmerkend van postmoderne beroepsomgewing Bevoordeel outonomiteit	Sanksionering Outonomie Monopolie Sigbaarheid	✕ ✕ ✕ ✕			Kapitaliseer op die potensiaal van hoëspoedkommunikasiegeleenthede, die virtuele werksopset, en inligtingstegnologiese dimensies Bewerkstellig sigbaarheid van dienste deur advertensieveldtog in die mark in samewerking met beroepsliggaam	Gegewe wat die beroepsomgewing domineer in huidige ekonomiese toestande en globaliseringstendense
Sosio-ekonomiese klimaat • Markwanorde = 'n veranderende beroepswêreld		Markwanorde	Negatiewe waarde-oordeel van markwanorde	Sanksionering Outonomie Monopolie Opleiding Sigbaarheid	✕ ✕ ✕ ✕ ✕			Sien markwanorde en die veranderende beroepswêreld as geleentheid om multitalige behoeftes deur middel van taalpraktyk en gepaardgaande dienste in die multitalige konteks te bevorder	Veranderende beroepswêreld
• Gebrekkige professionele ideologie onder taalpraktisyns	Gebrekkige professionele ideologie onder taalpraktisyns		'n Professionele houding is inherent deel van opleiding, kennis en vaardighede en 'n deurslaggewende aspek van die attribuut van opleiding	Outonomie Monopolie Opleiding Sigbaarheid Altruïsme	✕ ✕ ✕ ✕ ?			Maak die professionele projek 'n prioriteit met 'n kritieke massa taalpraktisyns as verantwoordelike rolspeler in eie beroepsopheffing. Taalpraktisyns moet hulpbronne tot hulle beskikking benut: opleiding, kennis, vaardighede, houding, beroepsliggaam, etiese beroepsbeginsels, tegnologie	Taalpraktisyns is verantwoordelik vir eie professionele opheffing: gerigte opleiding, indiensopleiding sertifisering, verpligte registrasie, verpligte akkreditasie, voortgesette opleiding

• Negatiewe persepsies uit die samelewing		Negatiewe persepsies uit die samelewing	Gebrek aan toelatingsvereistes tot die beroep, verpligte sertifisering en registrasie by professionele beroepsliggaam Onafdwingbare etiese kode	Outonomie Monopolie Professionele vergoeding	✕ ✕ ✕			Bevorder geloofwaardigheid van beroep deur opleiding, sertifisering, registrasie by geloofwaardige beroepsliggaam wat standaarde kan stel en beheer deur middel van afdwingbare etiese kode	Inherente aard van professie om eie behoud te verseker en standaarde te behou, kwaliteit van diens te verseker
• Gebrek aan professionele vergoeding	Gebrek aan professionele vergoeding		Beroepsprofessionele voordeel per definisie inherent aan die bemiddelende aard van die kommunisasieproses wat die altruïstiese diens van taalpraktisyn onderlê	Outonomie Monopolie Professionele vergoeding Altruïsme	✕ ✕ ✕ ?			Beheer vergoeding in die vryemarkopset deur beroep se toelatingsvereistes, geloofwaardigheid van praktisyn, en kwaliteit van diens Konsolideer 'n professionele beroepsliggaam Afdwingbare etiese kode	Bevorder mededingende vergoeding Bevorder vergoeding ooreenkomstig die kwantiteit en aard van die diens Bevorder kwaliteitvergoeding vir professionele en kwaliteitdiens
Persepsie van waarde • Taalpraktyk: multidissiplinêr, multifasettig • Teoretiese en terminologiese onderbou • Die rol van kliënte		inherente aard van die taalpraktyk as dissipline = multidissiplinêr, multifasettig	Gebrek aan gestandaardiseerde opleidingsprogramme Gebrek aan samewerking tussen opleidingsinstansies Beroepsliggaam nie gerig op professionele praktyke nie	Sanksionering (beroepstitel) Outonomie Monopolie Opleiding	✕ ✕ ✕ ✕			Konsolideer beroepsgerigte en gestandaardiseerde opleidingsprogramme Konsolideer 'n professionele beroepsliggaam wat die gesag het om insette te lewer in alle fasette van opleiding en toelatingsbeheer Maak die term "taalpraktisyn"/"language practitioner" kenbaar in die sosioprofessionele opset, ook in universele konteks	Bevestig taalpraktyk as akademies en multidissiplinêre dissipline in eie reg Bevorder standaardiseerding van beroepsgerigte taalpraktykopleiding Bevorder sigbaarheid van taalpraktisyn in samelewing
	Gebrek aan teoretiese en terminologiese onderbou Geen beroepstitel nie (hang saam met gerigte opleiding)		Toenemende vraag na multitalige dienste in multitalige sosiokulturele opset	Sanksionering Outonomie Monopolie Gerigte opleiding (en teorie)	✕ ✕ ✕ ✕				
		Kliënte is 'n noodsaaklike hulpbron van potensiële inkomste	Taalpraktisyn lewer mediërende, remediërende diens	Altruïsme Vergoeding	✕	✓		Voed kliënte op Maak van kliënte bondgenote in die strewe na kwaliteittaaldienste	In meertalige samelewing is daar toenemend meertalige behoeftes Maak van kliënte bondgenote om kwaliteitdienste te verseker en wat professionele vergoeding regverdig

Statutêre konteks • Taalpraktyk in internasionale konteks	'n Gefragmenteerde, onsigbare bedryf		Toenemende vraag na multitalige dienste in multitalige sosiokulturele opset noodsaak konsolidasie as wetenskaplike dissipline	Sanksionering Outonomie Monopolie Altruïstiese diens Opleiding	✗ ✗	✓	✓ ✓	Konsolideer verskillende velde in taalpraktyk as wetenskaplike dissipline	Reeds vordering deur wetgewing ten opsigte van beëdigde tolke, vertalers staatserkende vertalers in Swede, Spanje, Slowakye, Roemenië, Pole, Ysland, Hongarye, Duitsland
• Taalpraktyk in multitalige konteks		Multitalige konteks = meer behoeftes in samelewing	Toenemende vraag na multitalige dienste in multitalige sosiokulturele opset noodsaak sigbaarheid, kwaliteitdienste	Sanksionering Outonomie Monopolie Altruïstiese diens Opleiding	✗ ✗	✓	✓ ✓	Standaardiseer opleidingsprogramme, toelatingsvereistes, toegangsbeheer	Taaldienste = ekonomiese en sosiale kapitaal Ondersoek na suksesse in res van die wêreld EMT as voorbeeld vir opleiding
• Taalpraktyk in nasionale konteks: Suid-Afrika	SA-regering sondebok van algemene persepsie van politieke onwilligheid		Klem op taalregte as vae regskonsep; onstabiele, prikkelbare, sosio- en taalpolitieke opset; sloerende taalbeleid; territoriale politieke onderonsies; taal as sosiopolitiese geskilpunt; politieke apartheidsrelikwieë	Sanksionering Outonomie Monopolie Altruïstiese diens Beroepsliggaam Opleiding	✗ ✗ ✗ ✗ ✗		✓	Bewerkstellig sanksionering deur beroepsliggaam Standaardiseer opleidingsprogramme Kry duidelikheid oor konsep van taalregte Beroepsliggaam moet van die regering 'n vennoot maak in proses	Verandering onwaarskynlik Suid-Afrika sit steeds vasgevang in denkraamwerk van konflikterende meesterverhale Relatiewe politieke stabiliteit
• Taalpraktyk in nasionale konteks Vlaandere	Taalpolitieke bagasie Onopgeloste Nederlands-Franse taalstryd binne die huidige multilinguale taalbeleid Ekonomiese oorwegings		Taal = identiteit Ekonomiese magswanbalans tussen Vlaandere en Wallonië Voortslepende bestaansgeskille ontaard in politieke en maatskaplike vyandiggesindheid Statutêre gegewe in gekompliseer deur die groter sosiopolitieke opset in België	Sanksionering Outonomie Monopolie Altruïstiese diens Beroepsliggaam Opleiding	✗ ✗ ✗	✓ ✓ ✓		Bewerkstellig volle sanksionering vir outonomie deur beroepsliggaam Beroepsliggaam moet van die regering 'n vennoot maak in proses	Verandering onwaarskynlik Wesenlike taalkonflik dra by tot politieke konflik Ekonomiese problematiek Politieke wisselvalligheid

Professionele beroepsliggaam • Suid-Afrika	Proliferasie van taalberoepsliggame; Beroepsliggaam voldoen nie aan attribute van professie nie; opleiding nie voorwaarde vir akkreditasie nie, toelatingsvereistes onder verdenking; Geen verpligte registrasie as toelating tot beroepe nie; SAVI se apartheids-bagasie		Gesag en geloofwaardigheid van SAVI onder verdenking	Sanksionering Outonomie Monopolie Beroepsliggaam Opleiding	✕ ✕ ✕ ✕ ✕			Professionaliseer beroepsliggaam Bewerkstellig sanksionering deur beroepsliggaam om opleiding te standaardiseer, beroepsgerigte opleiding te vestig, toelatingsbeheer, verpligte registrasie, akkreditasie, sertifikasie, etiese praktyke, professionele vergoeding te bewerkstellig Beroepsliggaam en regering word bondgenote in proses	Alle pogings tot erkenning van eie status sowel as die van die beroepe wat dit verteenwoordig is tot dusver onsuksesvol
• Vlaandere (België)		BKVTF = oor-koepelende beroepsliggaam in België	BKVTF setel in Hoge Raad	Sanksionering Outonomie Monopolie Beroepsliggaam Opleiding	✕ ✕ ✕	 ✓ ✓		Versterk gesagsposisie van beroepsliggaam	Vestig volle gesag om professionalisering van die taalpraktyk te bewerkstellig
Opleiding • Suid-Afrika	Opleiding grootliks nie beroepsgerig nie Opleiding nie ge-standaardiseerd nie Nasionale kwalifikasie-raamwerk onstabiel		Taalpraktyk jong dissipline Geleenthede word nog nie na waarde geskat en benut nie Gebrekkige professionele houding en ideologie onder taalpraktisyns	Sanksionering Toelatingsbeheer Outonomie Monopolie Beroepsliggaam Opleiding	✕ ✕ ✕ ✕ ✕ ✕ ✕			Bewerkstellig standaardisering en beroepsgerigte opleiding deur middel van samewerking tussen opleidingsinstansies en beroepsliggaam vir toelatingsbeheer	Gestandaardiseerde, beroepgerigte opleiding is 'n onvoorwaardelike attribuut van professie. Daarsonder is professionele erkenning nie moontlik nie.
• Vlaandere		Opleiding grootliks op standaard Nasionale kwalifikasie-raamwerk stabiel	Groot mate van standaardisering en beroepsgerigte opleiding na aanleiding van EMT	Sanksionering Toelatingsbeheer Outonomie Monopolie Beroepsliggaam Opleiding	✕ ✕ ✕ ✕		 ✓ ✓	Universiteite moet, soos die Hogescholen, en na die voorbeeld van die EMT, opleiding beroepsgerig standaardiseer	Gestandaardiseerde, beroepsgerigte opleiding is 'n onvoorwaardelike attribuut van professie. Daarsonder is professionele erkenning nie moontlik nie.

Tabel 4.14: Struikelblokke versus kataliste

Die meeste gewaande struikelblokke kan in der waarheid as kataliste die professionele projek bevoordeel mits alle betrokke agente in hierdie kontekste hulle onder een banier skaar. Die scenario in die tabel spreek vir sigself: die sosiopolitieke opset, die burokratiese opset, die vryskutopset, markwanorde, negatiewe persepsies uit die samelewing en oningeligte kliënte, die inherente aard van die taalpraktyk as multidissiplinêre, multifasettige dissipline, en die multitalige konteks skep potensieel geleentheid tot kreatiewe oplossings.
Die struikelblokke is onomwonde geleë in:

- ’n ondoeltreffende kwalifikasiestruktuur in ’n staat van kontinue hersiening (in Suid-Afrika);
- ’n gebrek aan gestandaardiseerde, beroepsgerigte opleiding (hoofsaaklik in Suid-Afrika);
- behoorlike vergoeding;
- ’n uitgediende beroepsliggaam in Suid-Afrika wat te kampe het met ’n apartheidserfenis, en wat probeer om met verdagte bona fides en ’n onafdwingbare etiese kode ’n beroep na ’n professie te lei.

Hierdie beleid word ’n trefseker resep vir ’n onsuksesvolle professionele projek wat alreeds grotendeels mank gaan aan ’n gebrekkige professionele ideologie onder sy vernaamste rolspeler, die taalpraktisyn self.

Hoofstuk 5, wat vervolgens aan die bod kom, bied ’n oorsig van die studie, en stel die aanbevelings in konteks aan die hand van die gevolgtrekkings uit die analise hierbo.

The focus on the professions should not be on them as going through a linear and progressive process of ‘professionalization’. Such processes need to be seen in both a narrower and a wider sense at the same time: narrower in the sense that to understand the social role and political standing of a particular group we must investigate the skills and knowledge of the group as well as how its members talk and write about it (that is, the group’s discourse); wider in the sense that we must also look at the context in which the work is conducted and the particular professional discourse operates. We should ask what the conditions are in which the group fights for access, work privileges, social status or other scarce resources.

~ I.Á. Jóhannesson ~

The society which scorns excellence in plumbing because plumbing is a humble activity, and tolerates shoddiness in philosophy because philosophy is an exalted activity, will have neither good plumbing nor good philosophy. Neither its pipes nor its theories will hold water.

~ John W. Gardner ~

HOOFSTUK 5

Taalpraktyk as professie: beginsels vir struktuur en dissipline

A confounding aspect in attempts to professionalize an occupation, or to have a conversation about it, is early adoption and casual use of the term “professional” without the structure and discipline required for wide-spread social recognition.

~Valerie Rice & Jerry Duncan ~

5.1 Inleiding

Die aanbevelings om die professionele projek van die taalpraktyk op dreef te kry, word ten einde laaste in die slothoofstuk van hierdie studie voorgelê as ’n interaktiewe en toegewyde plan van aksie wat al die betrokke agente in hierdie proses betrek.

In die loop van hierdie studie moes die klassieke benaderings tot professie as die idealetipeberoep noodwendig uit die sloot gesleep word om reg te laat geskied aan die verwikkelde rol en funksie van die idealetipeberoep in die postmoderne beroepsomgewing.

Dié voorstelling van die idealetipeberoep – en sy appèl – kom ter sprake in die ewe verwikkelde fasette van oorsprong, funksie, verpligting, status en standaard, en teenkanting in die verskaffing en uitvoering van altruïstiese, mediërende en remediërende dienste in die veranderende beroepsomgewing van die postmoderne samelewing. Die doel was om te bepaal hoe die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere as professie daar uitsien.

Die hoofstukke skakel skematies soos volg in mekaar:



Figuur 5.1: 'n Skematiese voorstelling van die verloop van die studie

Die **sentrale teoretiese stelling** in **Hoofstuk 1** – die vraag na die gebrekkige verloop en organisatoriese gang van die professionaliseringsproses van die taalpraktyk in Suid-Afrika en Vlaandere – hou verband met die appèl van professie in die sosioprofessionele omgewing. Veral ter sprake is die mate waarin arbitrêre aanvaarding en informele, willekeurige gebruik van die terme 'n algemene verskynsel word ten spyte van die gebrek aan struktuur en dissipline wat nodig is vir wydverspreide sosiale erkenning van die professionele status van 'n beroep.

Kenmerkend vertoon "professie" verskeie attribute om die gesogte status en titel gestand te doen (**Hoofstuk 2**). Helderheid omtrent die wese van "professie" bied die sleutel tot die integriteit van die wetenskaplike studie na die aspirasies van taalpraktisyns in Suid-Afrika en Vlaandere na professionele erkenning. Die proses waarin beroepe attribute verkry of toevoeg, staan bekend as die professionele projek. Die attribute van professie soos van toepassing op die taalpraktyk lê opgesluit in 'n prototipemodel gebaseer op die beginsels van die kognitiewe linguistiek.

Opgesom in trefwoorde moet die taalpraktyk aan die volgende wesenlike attribute voldoen voordat enige professionele aanspraak ter sprake kan kom:

- sanksionering;
- monopolie;
- hooggeskooldheid;
- beroepsliggaam
- altruïsme, en
- rendabiliteit.

In **Hoofstuk 3** val die ondersoek op die oorsprong en verloop van die idee van professie in die konteks van die verkryging van attribute. Die bespreking vind plaas vanuit die verskillende sosiologiese benaderings tot die professies met die klem op die moderne benaderings – die funksionele benadering, interaksionele benadering, en die konflikbenadering – soos verwoord in die teorie van Émile Durkheim, Max Weber, en Karl Marx, asook die hedendaagse postmoderne benadering en poststrukturalistiese kritiek.

Baie myle lê egter tussen sê en doen: Die verwikkelde proses wat enige aspirerende professie deurloop na professionele erkenning – die professionele projek – word in **Hoofstuk 4** bespreek teen die agtergrond van aantoonbare sowel as gewaande struikelblokke.

Die in-die-oog-lopende analise in Tabel 4. van die professionele stand van die taalpraktyk onder bespreking, is sprekend van die noodsaaklikheid van ’n paradigmaskuif ten opsigte van die gewaande struikelblokke van die professionaliseringsproses soos dit uit die literatuur afgelei word, wat uitloop op die aanbevelings in **Hoofstuk 5.** Krities beskou, verteenwoordig gevestigde konsepte van “struikelblokke” in der waarheid die struikelblokke self: indien hierdie gegewes beskou word as katalisators, word dit die impetus vir ’n lewensvatbare, sistematiese en uitvoerbare professionele taalpraktykprojek.

Aan die hand van die attribute van professie is onderskei tussen twee stelle “struikelblokke” – konkreet en misgissing – sodat die soeke na oplossings vir die huidige stand van sake die hoofdoel agter die betoog word. Terselfdertyd werp die redes agter die wanopvattings lig op ’n daadwerklike plan van aksie vir die professionele projek van die taalpraktyk aangesien slegs een attribuut – altruïsme – tans deel uitmaak van die taalpraktyk as professie in Suid-Afrika. In Vlaandere is die professionalisering van die taalpraktyk verder op koers, waar die attribuut van die altruïstiese diensideaal (met die uitsondering van gestruktureerde voortgesette opleiding) grootliks belyn is met beroepsgerigte opleiding. Die Belgiese beroepsliggaam, die BKVTF, vertoon ook meer eienskappe van die tradisionele professionele beroepsliggaam, maar ook potensieel een wat in ’n veranderende beroepsomgewing toelatingsbeheer tot en sanksionering vir die taalpraktykberoep, sowel as ’n monopolie in die taalpraktykmark tot stand kan bring.

Die wesenlike struikelblokke, veral in Suid-Afrika, tree pertinent uit die analise in Hoofstuk 4 na vore: gebrekkige en lukraakopleiding, ’n louwarm, nieprofessionele houding aan die kant van taalpraktisyns, ook ten opsigte van standaarde van vergoeding; ’n aantoonbaar nie-professionele en ineffektiewe beroepsliggaam, en ’n gebrek aan taalpraktisyn- en taalpraktyk-sigbaarheid ten spyte van die altruïstiese diensingesteldheid.

Dit beteken nie dat die professionele projek van die taalpraktyk tot mislukking gedoem is nie: in veranderende kontekste en beroepsomgewings is dit moontlik om van die professionele ideaal van die taalpraktyk 'n haalbare projek te maak met 'n allesbepalende houdingsverandering aan die kant van al die agente ter sprake.

Die oplossing vir die probleme lê binne die bereik van die vernaamste agente in die projek – die taalpraktisyns self, die beroepsliggaam, die regering – en die mate waartoe hierdie rolspelers interaktief, stelselmatig en kollektief die wa deur die drif sleep. Die aanbevelings om die professionele projek van die taalpraktyk op dreef te kry, word in die volgende afdeling voorgestel as 'n interaktiewe en toegewyde plan van aksie wat al die agente betrek.

5.2 Aanbevelings

Gegewe die **struikelblokke** is die oplossing vir die huidige impasse in die professionele projek van die taalpraktyk geleë in die oortuiging en daadwerklike optrede van die agensie; hetsy die taalpraktisyns individueel en as beroepgroep, die beroepsliggaam, die opleidingsinstansies in samewerking met die beroepsliggaam as aktiewe betrokkenes in die proses. Doelwitbestuur is noodsaaklik; die implikasie is dat alle agente daad by die woord (moet) voeg in 'n hernude poging om eens en vir altyd van die ongestruktureerde en ongedissiplineerde "verveelde huisvroumentaliteit" van die taalpraktyk ontslae te raak sodat die beroep as professie sy plek in die samelewing kan volstaan.

5.2.1 Die taalpraktisyns

Die basiese beginsels vir die verbetering van 'n professionaliseringsproses vir die taalpraktyk lê binne die bereik van al die agente betrokke in die bestaande proses. Professionalisering en professionele status is lank nie meer 'n kwessie van "reg of weg" of "absolute kategoriese status" nie, maar 'n voortdurende proses in die strewe na professionalisering in veranderende kontekste en beroepsomgewings. Die professionaliseringproses kan beskou word as 'n glyskaal waarop attribute geplaas kan word soos wat elkeen tot sy reg kom (Moore & Rosenblum, 1970). Dit is veral in Suid-Afrika waar die attribute van beroepsgerigte, gestandaardiseerde opleiding en die professionele beroepsliggaam die duidelikste gebreke vertoon, en die klem op 'n dwingend noodsaaklike plan van aksie in die bespreking val veral op die Suid-Afrikaanse konteks.

Die vergelyking tussen die twee lande – Vlaandere en Suid-Afrika – bied die agtergrond waarteen historiese sowel as eietydse diskoerse met mekaar in verband gebring word om 'n universele behoefte aan die kwaliteit van kulturele mediëring te ondersoek. Die bevindinge beklemtoon die uitdaging wat die professionele projek van die taalpraktyk in Suid-Afrika in die gesig staar.

In Vlaandere is die professionele projek van die taalpraktyk al verder op koers, veral wat beroepsgerigte opleiding en die rol en funksie van die beroepsliggaam betref, en dit het minder oorblywende uitdagings.

Dit is slegs die agente betrokke in die proses wat reg kan laat geskied aan die taalpraktyk se professionele ideaal. Die taalpraktisyns as die vernaamste agent se verantwoordelikheid teenoor die professionele opheffing van die beroep, hou verband met die aard van die diens wat hulle moet lewer. Professionalisme word weerspieël in die aktiewe demonstrasie van die attribute van professie, individueel sowel as kollektief.

Die individuele professionele aanspreeklikheid van elke taalpraktisyn in die proses van beroepsopheffing noodsaak daadwerklike optrede van die agente in die professionele projek van taalpraktisyns:

- **Professionele verantwoordelikheid** beteken aanspreeklikheid vir taalpraktykdiens wat die etos van die altruïstiese diensideaal weerspieël. Die implikasie is dat taalpraktisyns wat swak diens lewer, hulle blootstel aan die tug en dissipline van 'n etiese kode. Die BKVTF se etiese kode, in teenstelling met dié van SAVI, en die beroepsliggaam se meer konkrete rol in opleidingsaangeleenthede, skep reeds in 'n groter mate 'n beroeps-professionele raamwerk waarbinne taalpraktisyns in Vlaandere die altruïstiese beroepsideaal van die taalpraktyk ten volle kan uitleef.
- **Kwaliteitdiens** kan slegs gelewer word indien praktisyns hulle bemagtig met die nodige beroepsgerigte en voortgesette opleiding – 'n attribuut wat reeds in Vlaandere heelwat meer van 'n professionele presensie en prominensie vertoon – sowel as 'n professionele houding teenoor die beroep wat spreek van toewyding en verantwoordelikheid.
- **Professionele herkenning** is afhanklik van 'n professionele houding wat professionele erkenning bevoordeel. Dit beteken taalpraktisyns moet ten volle inkoop op verpligte beroepsgerigte opleiding, verpligte registrasie en akkreditasie, sowel as voortgesette opleiding. Die louwarm houding teenoor die professionele ideaal waarvoor die taal-praktisyn tans berug is, dwing nie professionele respek af nie.
- **Bemarking** is een van die aanvaarbaarste strategieë in die huidige beroepsomgewing om sigbaarheid te verhoog. Indien taalpraktisyns kollektief die potensiaal van die mediërende en remediërende aard van die taalpraktyk ondersteun en uitspreek, grondves dit die behoefte aan kwaliteittaalpraktykdienste, en verander terselfdertyd ook kliënte se houding teenoor die waarde van taal en taalgebruik self. Dit is tog deur die eeue waarin die waarde en funksie van die taalpraktisyn geleë is: "Trained language mediators do not transpose words into other words but rather perform an act of intercultural mediation reaching far beyond words" (Muylle, 2008:10).

5.2.2 Interaksie tussen die beroepsliggaam, die regering en opleidingsinstansies

Kollektiewe uitlewing van die professionele ideaal kan die beste geskied via die professionele beroepsliggaam. Die beroepsliggaam, veral in Suid-Afrika, is die aangewese agent wat druk kan uitoefen op die opleidingsinstansies om die allerbelangrike, onvoorwaardelike en deurslaggewende attribuut van professie, **beroepsgerigte, gestandaardiseerde opleiding**, in plek te stel. Die altruïstiese diensideaal van professie inherent aan die taalpraktyk bied 'n deurslaggewende aanknopingspunt in die bedingingsproses.

Die enkele groter suksesse van die BKVTF in Vlaandere – hulle meer daadwerklike greep op die attribute van professionele opleiding, rendabiliteit en groepsaanspreeklikheid – dien as wegwysers vir SAVI. Die aantoonbaar georganiseerder en gestandaardiseerder vlak van (die attribuut van) beroepsgerigte opleiding aan Vlaamse hogescholen spreek van die uitvoer-baarheid van 'n professionele opleidingsideaal; dit is tog die voorvereiste vir kwaliteitdiens.

Kwaliteitopleiding en kwaliteitdiens behoort ook een van die grootste doelwitte in enige samelewing te wees, nie net in 'n postapartheid-Suid-Afrika nie.

- Dan kan, om mee te begin, reeds in 'n oorgangsperiode 'n sterker samewerkings-ooreenkoms tussen die beroepsliggaam en die opleidingsinstansies beding word. So word dit haalbaar om oor tyd die vereiste van **verpligte registrasie** en **akkreditasie** te grondves. Die BKVTF stel die voorbeeld van **tersaaklike opleiding** en **sertifikasie** as voorwaarde vir registrasie as aanvangsprosedure in die professionaliseringsproses, al kan dit nog nie monopolie daardeur bekragtig nie.

- Die beroepsliggaam, in hierdie geval SAVI, moet onderneem om sy bestaande **akkrediteringseksamen** in ooreenstemming te bring met beroepsgerigte opleiding as vereiste. Beroepsgerigte opleiding impliseer dat alle aspekte van opleiding in die kurrikulum ondervang word: die teoretiese kennisbasis, universeel erkende individuele beroepstitels, 'n kollektiewe professionele titel, internskap by goedgekeurde, betrokke en goedgesinde instansies, voortgesette professionele opleiding en ontwikkeling, geakkrediteerde instansies en persone waar die VPO gedoen kan word, en 'n wel-deurdagte VPO-struktuur. Akademici behoort 'n sigbare rol in die hierdie proses te speel. Die BKVTF kan sy betrokkenheid konsolideer om 'n groter mate van alleenagentskap vir taalpraktisyns in die mark te teweeg te bring. Georganiseerde voortgesette opleiding is 'n aspek van die professionele opleidingsideaal wat daadwerklike aandag verg.

- In Suid-Afrika is die antisipatoriese stap om 'n **akkrediteringsproses** te ontwikkel wat enersyds belyn is met die voorgestelde opleidingsprogram en wat andersyds 'n realistiese eksaminering veronderstel. Dit behoort korte mette te maak met die buitengewoon lae slaagsyfer van die huidige akkrediteringseksamen. Selfs nie eens die slaagsyfer van die ouditeksamens in Suid-Afrika – wat berug is vir lae slaagsyfers – is in verhouding nie so laag soos dié van SAVI nie.

- Daarby sal SAVI die kategorie van ongeakkrediteerde lede moet uitskakel om **geloofwaardigheid** as beroepsliggaam te vestig om die huidige beeld van 'n vereniging, vakbond of enkel drukgroep te wysig. Studente word lede wat nog nie geakkrediteer is nie slegs vir sosialiseringsdoeleindes terwyl hulle met formele beroepsgerigte opleiding besig is. Wanneer die sertifiseringsproses ten einde loop, lê voornemende lede die akkrediteringseksamen af totdat hulle dit slaag om by die beroepsliggaam te registreer as 'n taalpraktisyn.

- 'n **Verpligte internskap** vir taalpraktisyns in Vlaandere sowel as in Suid-Afrika as vasgestelde oorgangsperiode tussen opleiding, akkreditering en formele praktisering is noodsaaklik vir sosialisering. Geakkrediteerde individuele vryskuttaalpraktisyns bied die ideale geleentheid vir sosialisering in die vryskutberoepswêreld. Die burokratiese werksopset van uitgewersmaatskappye en taalkantore bied weer die ideale geleentheid om werkgewers as vennote in die professionaliseringsproses te betrek. 'n Langer internskap van, byvoorbeeld, ses maande onder leiding van 'n geakkrediteerde, geregistreerde taalpraktisyn, hetsy vryskut of korporatief, waar sekere praktykdoelwitte aan die voornemende taalpraktisyn gestel word, behoort die kanse op sukses in die akkrediteringseksamen te verhoog.

Dit is ook noodsaaklik om, soos wat 'n beroepsliggaam soos SAVI progressief hulle eie huis in orde kry, in 'n parallelle proses van meet af aan die regering as vennoot te mobiliseer in die professionaliseringsproses. Die doelwit van **beroepsgerigte** opleiding as onvoorwaardelike attribuut van die professionele kompleks met sy altruïstiese diensideaal, word die sleutel tot 'n samewerkingsooreenkoms. In postapartheid-Suid-Afrika is opleiding 'n reg en nie meer 'n voorreg nie, en opleidingsgeleenthede en finansiële ondersteuning is legio vir elke individu om ten volle te benut.

Die opsie om sanksionering te bewerkstellig via 'n beroepsliggaam wat nog nie statutêre status het nie, vorm die skering en inslag van die proses mits SAVI bereid is tot 'n beleidsverandering. Dit impliseer 'n langtermynplan van aksie in Suid-Afrika wat die beroepsliggaam, taalpraktisyns, die regering en die universiteite as die uitvoerende agente formeel en daadwerklik in die taalpraktyk se professionaliseringsproses betrek.

Die altruïstiese diensideaal as inherent voorhande attribuut word die sleutel waarmee SAVI in samewerking met sy vennote die onvoorwaardelike attribuut van **opleiding** kan ontsluit om aan die professionaliseringsproses momentum te gee. Die noodsaaklike oorblywende attribute van sanksionering, outonomie en rendabiliteit sal mettertyd juis daardeur realiseer.

Hoewel SAVI oorspronklik eensydig en parogiaal is sy oprigting was, staan die Instituut as beroepsliggaam se toewyding aan en ondersteuning van 'n multilinguale taalpraktykopset nie onder verdenking nie (SATI, 2010c):

> As a non-governmental organisation representing translators and interpreters, the Translators' Institute has since 1994 with great enthusiasm supported the spirit and letter of the language clause in the Constitution and tried to promote the use of all the official languages in its sphere of influence. ... The Institute is prepared, in cooperation with other organisations active in the field of language, to give government its full support. A multilingual language policy that is applied in a consistent manner is and will remain an essential instrument through which all South Africans can attain their full potential and contribute in a meaningful manner to the development and expansion of a prosperous democratic dispensation.

SAVI se potensiaal en bereidwilligheid word die sleutel om, veral in die lig waarin die regering in die betoog in 4.5.4 geskets word, die Instituut in der waarheid as "professie" in statutêre kringe aan te bied. Dit beteken dit moet ook die attribute van 'n professionele beroepsliggaam soos uiteengesit in 4.6.3 en 4.6.4 sy eie maak, om daarmee die regering te oortuig van sy bona fides. Die implikasie is dat die Instituut ontslae moet raak van sy apartheidsbagasie, en alle lede en voornemende lede oor dieselfde professionele kam skeer ten opsigte van **opleiding**, **akkreditasie** en **registrasie**, selfs al sou dit beteken dat 'n nuwe beroepsliggaam gestig word om 'n beter appèl tot die regering te maak. Sulke prosesse is inherent deel van transformasie.

Die huidige Suid-Afrikaanse regering gee tog wel erkenning aan SAVI as **beroepsliggaam** se rol in die huidige professionaliseringsproses van die taalpraktyk, soos duidelik is in die konsepwetgewing vir die taalberoepe (vergelyk die bespreking in 4.5.4.9). In die samestelling van 'n Raad wat in der waarheid die tipiese oorsigliggaam van die professionaliseringsproses is, word spesifiek daarvoor voorsiening gemaak dat SAVI direkte verteenwoordiging op daardie Raad moet hê. Die implikasie is 'n prioriteitstelling aan die kant van die Suid-Afrikaanse Regering dat hulle SAVI sien as 'n vennoot in die proses. Politieke onderonsies mag wel metterjare die proses versuur het, maar dan kan SAVI in 'n "politieke les" hulle

strategie gaan herbedink. Die attribuut van altruïstiese diensingesteldheid en mediërings-funksie inherent aan die taalpraktyk bied die ideale aangewese aanknopingspunt in die herdinkte bedingingsproses.

Die rasionaal agter die herdinkte bedingingsproses moet fokus op die "intydsheid" van professie. Ander bestaande professies ervaar ook druk in veranderende (taal)politieke, tegnologiese en ekonomiese kontekste, en loop ook deur onder openbare kritiek as gevolg van die tradisioneel ontoeganklike, verhewe of ongeloofwaardige aard daarvan: "Over the last thirty years professions have been subject to searching critiques; nothing about them is taken for granted any more" (Boone *et al*., 2005:473).

Tegnologiese vooruitgang het 'n definitiewe impak op die professies: "We're seeing effectively the deskilling of the professions, so their power is ... ebbing away. ... Wherever there are professions ... they' re under pressure. The technology and de-skilling is undermining them all" (Lilley, 2008).

Die sleutel tot sukses is **professionele transformasie** om tred te hou met die eise wat veranderde en voortdurend veranderende kontekste stel, veral ten opsigte van die behoeftes van die postmoderne samelewing wat noodwendig gepaard gaan met politieke, ekonomiese en tegnologiese omwentelinge en globalisering.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kry dit goed reg om sigself in die hedendaagse samelewing en beroepsomgewing relevant te hou, ten spyte van die persepsie dat die kerk – een van die klassieke professies – as geheel gedeprofessionaliseer is (vergelyk die bespreking in 4.2.3). Die Nederduitse Gereformeerde Kerk doen sy bes om in voeling te bly met samelewingsbehoeftes midde-in die oorheersende New Age-paradigma van die postmodernisme. In vergeleke met vyftig jaar gelede is die Kerk nie meer so rigied des kerks en des predikants nie: die fokus is op die doel van die amp om in die ware sin van die woord te "profess" a la die etimologie van die woord "professus" in sy Latynse vorm.

Ten spyte van sy grootliks outonome status slaag die regsprofessie nie altyd daarin om, by wyse van spreke, reg te laat geskied nie. Dié professie staan in die veranderende konteks van die postmodernisme direk in die spervuur met kritiek van ontoeganklikheid en ondeursigtigheid: "The legal profession, as one of the trinity of original professions, has been mired in controversy as critics have deconstructed its values and objectives" (Boone *et al*., 2005:473).

Ten spyte van die "mees demokratiese" taalbeleid in Afrika (Brock-Utne, 2002:12; Englund, 2004:197) en gelykheid voor die Reg, kan baie Suid-Afrikaners dit gewoon nie bekostig om hulle persoonlike menseregte af te dwing nie as gevolg van die finansieel onhaalbare regskostes. Daarby is die professie berug daarvoor dat sy wiel maar stadig – en gewis nie altyd seker nie – draai.

Die ouditprofessie en hulle beroepsliggame ondergaan oor die afgelope twintig jaar radikale aanpassinge. Komplekse en interaktiewe eietydse faktore, soos die groeiende volume besigheidstransaksies, inligtingstegnologie, globalisering, die konstante toename in die kompleksiteit en kwantiteit van wetgewing, regulasies en standaarde wat entiteite en hulle ouditeurs beheer, het 'n drastiese impak gehad op die veranderende rol van die ouditprofessie. Wêreldwye korporatiewe ineenstortings en die ouditskandale van die laat 1990's en vroeë 2000's het tot 'n krisis in die geloofwaardigheid van die ouditprofessie gelei (ASA, 2009).

Knechel *et al.* (2007:xiii) beskryf die periode tussen 2000 en 2006 as 'n turbulente tyd van talle skandale met 'n vernietigende nasleep (soos Enron, WorldCom, Parmalat). Publieke aandrang op verandering in die praktyke van die ouditprofessie en regulerende ingrype in bestuursaangeleenthede red die professie van totale verderf. Die gevolg is dat die professie se diepgewortelde houdings en onbetroubare praktyke 'n drastiese metamorfose ondergaan (Knechel *et al*., 2007:xiii) om geloofwaardigheid te behou:

> Issues of auditor independence, the role of corporate governance, the responsibilities of management, the appropriateness of consulting services, and the overall professional obligations of auditors have all been discussed and debated by a broad array of interested groups and individuals. ... As a result, this period has probably resulted in more substantive changes to the auditing profession than any other period in modern day business history.

Soortgelyke aanpassings staar die taalpraktykberoep in die gesig. As 'n gevestigde professie sy beeld, praktyke en beroepsliggaam kan transformeer om geloofwaardigheid te behou, kan 'n aspirerende professie daarna strewe om sy geloofwaardigheid van meet af aan te vestig.

Die ouditprofessie bevind sigself dan beter daaraan toe in die veranderende beroeps-omgewing, juis omdat sy agensie gehoor gegee het aan veranderende behoeftes wat 'n veranderde beroepsomgewing stel, sowel as die felle druk ten opsigte van risikobestuur, regulering en interne beheer en etiese beginsels van maatskappye. Die ouditprofessie se hoofdoel is om die betroubaarheid van inligting te verifieer; om die kongruensie van maatskappybeleid en -regulasies te verseker; om maatskappybates te beskerm; om die benutting van maatskappyhulpbronne te verseker, en operasionele doelwitte vir hulle kliënte te stel. Ouditeurs moet in die hedendaagse finansiële markte in staat wees om waarde toe te voeg tot (die behoefte en werksaamhede van) hulle kliënte, in belang van Europese en globale belegging, en die handhawing van internasionale finansiële ouditstandaarde.

Die mediese professie kom deur die eeue heen al onder die spervuur (vergelyk 4.3.5.3), maar ervaar tans steeds strawwe kompetisie van die sogenaamde New Age komplementêre en alternatiewe gesondheidsbewegings, Goldacre (2009) se protes teen "bad science" ten spyt. Daar is nie wetgewing wat die samelewing verplig om van die dienste van 'n gekwalifiseerde, geregistreerde medikus gebruik te maak wanneer dit nodig (of noodsaaklik) is nie, terwyl regs- en ouditdienste deur wetgewing beskerm word. 'n Individu mag hom- of haarself wel in die Hooggeregshof verteenwoordig indien hy of sy dit sou verkies. Vir strafsake is die individu geregtig op finansiële regshulp sou hy of sy nie regskoste kon dra nie, maar nie vir siviele sake nie. Baie mense kan nie regshulp bekostig nie en verteenwoordig hulleself, meestal tot hulle eie nadeel (Hunt, 2008).

Die punt is: Dit is nie nodig om die baba met die badwater uit te gooi nie. Die bestaande professies het met moeite en oor eeue hulle status en erkenning bereik, en ervaar soveel kontinue druk dat hulle hulleself en hulle beroepsliggame van tyd tot tyd moet transformeer om tred te hou met veranderde kontekste en toenemende behoeftes uit die samelewing. Die taalpraktyk kan nog nie op professionele status aanspraak maak nie, hoofsaaklik omdat dit nog nie aan al die attribute van professie voldoen nie.

Die professionele projek is 'n moeilike proses van kultuurbotsings, magspeletjies, politieke geskille, ekonomiese skommelinge en gebroke ego's. Dit sou wys wees om die professionaliseringsproses in diepte te deurgrond en al die agente te betrek (Jóhannesson, 2006:21-22):

> Such processes need to be seen in both a narrower and a wider sense at the same time: narrower in the sense that to understand the social role and political standing of a particular group we must investigate the skills and knowledge of the group as well as how its members talk and write about it (that is, the group's discourse); wider in the sense that we must also look at the context in which the work is conducted and the particular professional discourse operates. We should ask what the conditions are in which the group fights for access, work privileges, social status or other scarce resources.

Dit behels 'n lang en moeisame proses van houdingsveranderinge en vernuwende diskoerse omtrent die wese en aard van professie.

Indien die agente in die proses werklik die professionaliseringsideaal as 'n prioriteit beskou, kan 'n doelbewuste plan van aksie van stapel gestuur word aan die hand van die aanbevelings hierbo om die beste te probeer maak van 'n komplekse saak gewikkel in 'n komplekse proses in 'n komplekse opset.

